

# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**
**Journal of Humanities**


Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 60 | Volume 60 | DESEMBER 2020
Nommer 4-2 | Number 4-2 | DECEMBER 2020

# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**
**Journal of Humanities**

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751
Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

LW Hiemstra Trust

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur ’n ruim subsidie van die L.W. Hiemstra Trust – Opgerig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra
The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

**4-2**

Uitgewer/Publisher
**Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns**
**The South African Academy for Science and Arts**
Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574
Privaat sak/Private bag X11
Sunnyside 0132
Suid-Afrika/South Africa
Desember/December 2020

# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

**HOOFREDAKTEUR / EDITOR-IN-CHIEF:**

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

**REDAKSIEKOMITEE / EDITORIAL COMMITTEE**

DP (Danie) Goosen – Godsdienswetenskap/Religious Studies (Akademia, Pretoria)
EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomie/Economics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics (Nelson Mandela Universiteit, Port Elizabeth)/(Nelson Mandela University, Port Elizabeth)
G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

**REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL**

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)
AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)
WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)
ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)
JJ (Koos) Malan, Publiekreg/Public Law (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)
JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyn/Language practitioner (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
Susan Meyer – Afrikaans, Opvoedingswetenskappe/Afrikaans, Education Sciences (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/ Philosophy of Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)
JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)
DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)
JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)
JP (Cillers) van den Berg, Duits; Algemene Literatuurwetenskap/German; Theory of Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)
J (Jacques) van der Elst – Nederlandse Letterkunde/Dutch Literature (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

**REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL** (*vervolg*)

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/ Theory of Literature (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese Burgerskapsonderwys/Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic Citizenship Education (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

**REDAKSIE – INTERNASIONAAL / EDITORIAL BOARD – INTERNATIONAL**

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)/(Leiden University, The Netherlands)

E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)/ (Free University and University of Amsterdam, The Netherlands)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdiensfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)/(Free University, Amsterdam, The Netherlands)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)/(Radboud University, Nijmegen, The Netherlands)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit Leuven, België)/(University of Maastricht and Catholic University of Leuven, Belgium)

Ex officio: A (Anne-Marie) Beukes – Hoof- Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.
*Journal of Humanities* by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

**Intekengeld vir 2020 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):**
**Subscription fees for 2020 in South Africa (VAT and postage included):**
*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*: R350,00 per jaargang/volume
*S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*: R300,00 per jaargang/volume
Nuusbrief /Newsletter: R110,00 per jaargang/volume.

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.
Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.
Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.
Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

**Rig korrespondensie aan/Correspondence to**:
Die Publikasiebeampte/The Publications Officer
Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
Privaat sak/Private bag X11, Sunnyside 0132, Suid-Afrika/South Africa
E-pos: publikasies@akademie.co.za
Webwerf: http://www.tgwsak.co.za
Tel: 0861 333 786 X4; Faks/Fax: 012 329 0293

Gedruk deur V&R Drukkery (Edms) Bpk, Pretoria. Tel.: (012) 333-2462

# TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE
**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**
**Journal of Humanities**

*Jaargang 60 Nommer 4-2, Desember 2020 / Volume 60 Number 4-2, December 2020*


## Inhoudsopgawe

### Navorsings- en Oorsigartikels / Research and Review Articles (2)


**Bert Olivier**
Die Covid-19-pandemie: 'n Geleentheid tot besinning oor die mens se plek in verhouding met die natuur? / *The Covid-19 pandemic: An opportunity for reflection on the place of humanity in relation to nature?* ........ 1103

**Philip Spies en Chris Jones**
Eksplorasies in 'n postnormale landskap: Suid-Afrika duskant en anderkant Covid-19 / *Explorations in a post-normal landscape: South Africa this side of and beyond Covid-19* ........ 1132

**Susan Meyer**
Omgewingsidentiteit in die Era van die Mens: Nuwe perspektiewe op *Toorbos*. Deel 2 / *Environmental identity in the Age of Man: New perspectives on* Toorbos. *Part 2* ........ 1150

**Cilliers van den Berg**
(Die) Utopie(se) en (ander)wording in Neill Blomkamp se wetenskapsfiksie-trilogie *District 9* (2009), *Elysium* (2013) en *Chappie* (2015) / (The) Utopia(n) and becoming (other) in Neill Blomkamp's science fiction trilogy *District 9* (2009), *Elysium* (2013) and *Chappie* (2015) ...... 1164

**Jan Grobbelaar en Chris Jones**
Die kwesbaarheid van kinders in die konteks van Suid-Afrikaanse huishoudings en families / *The vulnerability of children in the context of South African households and families* ........ 1187

**JL (Hannes) van der Walt**
Burgerskapsonderwys vir 'n suksesvolle lewe in 2050 en daarna / *Citizenship education for living successfully in 2050 and beyond* ........ 1204

**PJ Strauss**
Die NG Kerk en die Rebellie van 1914–1915: Was die Raad van Kerke kerklik versoenend? / *The Dutch Reformed Church and the Rebellion of 1914–1915: Was the Council of Churches ecclesiastically reconciliatory?* ........ 1226

**André Wessels**
Die *Bailie's Party*-trilogie: Karel Schoeman (en MD Nash) en die 1820- Britse Setlaars / *The* Bailie's Party *trilogy: Karel Schoeman (and MD Nash) and the 1820 British Settlers* ........ 1243

**Willem J Botha**
Afrikaansontmagtiging / *Disempowerment of Afrikaans* ........ 1258

**Christo Bisschoff**
'n Algemene model om handelsmerklojaliteit te meet / *A generalised model to measure brand loyalty* .................... 1280

**HPP (Hennie) Lötter**
Putnam se gebrekkige modellering van sy brein-in-'n-houer-denkeksperiment / *Putnam's flawed modelling in his brain-in-a-vat thought experiment* .................... 1295

**Ewert Kleynhans**
Die waarde van akademiese arbeid/ *The value of academic labour* .................... 1317

## Navorsings- en Oorsigartikels / Research and Review Articles (3)

**Ina Wolfaardt-Gräbe**
Redakteursnota .................... 1335

**Franci Greyling, Suna Verhoef en Gustaf Tempelhoff**
Die Byderhand-Pionierprojek: 'n Gevallestudie van die deelnemende dinamika in die skep en toeganklikmaking van lokatiewe literatuur vir persone met siggestremdheid / *The Byderhand Pioneer Project: A case study of the participatory dynamics in creating and accessibilising locative literature for persons with visual impairment* .................... 1336

**Bernard Odendaal**
Manifestasies van sintuiglikheid in enkele gedigte ingesluit by twee digitale Byderhand-installasies te Worcester / *Manifestations of sensory perception in some poems included in two digital Byderhand installations at Worcester, South Africa* .................... 1363

**Franci Greyling**
"Wie is dan blind?" Beliggaamde ruimte in lokatiewe narratiewe deur persone met siggestremdheid / *"So, who is blind?" Embodied space in locative narratives by people with visual impairment* .................... 1386

**Erratum** .................... 1410

**Keurders 2020** .................... 1411

*Navorsings- en oorsigartikels / Research and review articles (2)*

# Die Covid-19-pandemie: 'n Geleentheid tot besinning oor die mens se plek in verhouding met die natuur?

***The Covid-19 pandemic: An opportunity for reflection on the place of humanity in relation to nature?***

**Bert Olivier**
Departement Filosofie
Universiteit van die Vrystaat
Suid-Afrika
E-pos: OlivierG1@ufs.ac.za



Bert Olivier

**Bert Olivier** is Buitengewone Professor in Filosofie aan die Universiteit van die Vrystaat, Suid-Afrika. Sy werk is interdissiplinêr en hy het artikels en boeke oor 'n breë verskeidenheid van dissiplines soos filosofie, letterkunde, psigoanalise, sosiale teorie, argitektuur, kommunikasiestudies en filmteorie gepubliseer. In 2004 is die Stalsprys vir Filosofie deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan Bert toegeken, terwyl die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit in 2012 'n Uitsonderlike Professorskap aan hom toegeken het. Hy is 'n B-gegradeerde navorser van die NNS en skryf ook gereeld op die *Mail and Guardian Thoughtleader* webwerf.

**Bert Olivier's** principal position is that of Extraordinary Professor of Philosophy at the University of the Free State, South Africa. He has published academic articles and books across a wide variety of disciplines, including philosophy, art theory, architecture, literature, psychoanalytic theory, cinema, communication studies and social theory. Bert received the South African Stals Prize for Philosophy in 2004, and a Distinguished Professorship from Nelson Mandela Metropolitan University in 2012. He is also an NRF B-rated researcher, and writes regularly on the *Mail and Guardian*'s Thought leader-website.

**Datums:**
Ontvang: 2020-08-05 Goedgekeur: 2020-10-18 Gepubliseer: Desember 2020


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a1

**ABSTRACT**

***The Covid-19 pandemic: An opportunity for reflection on the place of humanity in relation to nature?***

*The present article poses the question, whether the novel coronavirus-pandemic is a blessing in disguise, in so far as it offers humanity the opportunity to reflect on its place in relation to nature, as well as on its future. This question is answered affirmatively, in light of scientific evidence that human economic practices are responsible for the emergence of the coronavirus. Specifically, the destruction of natural habitats by humans, who destroy rain forests to make way for soya and palm tree plantations, as well as for cattle farming, places tremendous stress on animals like bats, that tend to shed the viruses they carry when they get into contact with humans in spaces such as so-called "wet markets". This constitutes what Jean Baudrillard calls "blowback", that is, the manner in which nature exacts a kind of revenge for human technical interference in natural processes, and which one may anticipate in the wake of the medical-technological development of a vaccine against the virus, in so far as it is likely to generate the evolution of other, possibly more lethal viruses. An interpretive analysis of a science fiction film (*The Day the Earth Stood Still*; Derrickson 2008), demonstrates the effects of short-sighted human economic behaviour as far as species-extinction is concerned, which, in the film, is thematised fictionally as something that could adumbrate the extinction of humanity itself. It is argued that this film, which is a timely reminder of humans' responsibility towards nature, can be related to the present pandemic as far as the destruction of natural habitats is concerned, which demonstrably leads to the shedding of viruses. The novel coronavirus is further placed in the context of what Castells calls the "network society", by showing that, similar to computer viruses, its rapid spread has been facilitated by the global network character of contemporary society. Decisive in this regard has been the global web of air travel routes that spans the globe, along which the virus was transported from China to other countries in the world. The economic aspect of the pandemic is explored in relation to the social stratification of the network society according to Castells, who depicts the world's elites as constructing their own exclusive spaces by means of various functions of networking. It appears that the pandemic has exacerbated the exclusionary drive, as well as the further self-enrichment on the part of the elites, and a parallel is drawn between this state of affairs and Michel Houellebecq's novel, The Possibility of an Island, which traces the incremental exclusion of ordinary human beings from the exclusive spaces occupied by the wealthy. This leads to a discussion of Naomi Klein's fears, that the current pandemic has given the world's technocrats an ideal opportunity to inveigle public authorities into investing taxpayers' funds in communications technology that would putatively safeguard people from infection by the coronavirus while, at the same time, allowing economic and educational activities (among others) to continue. She exposes the hidden truth, that this would be available to the rich, but at the cost of the safety of thousands of workers behind the scenes providing much of the safeguarding services to the wealthy, as well as the fact that technocrats like Eric Schmidt want these private projects to be funded by the public. Klein also points to alternative ways to adapt education safely without sacrificing the advantages of face-to-face teaching, even if she grants that communications technology has an important role to play. The philosophical implications of the pandemic are pursued along the lines of the question, whether the "network society", which has undoubtedly facilitated its speedy unfolding, is really as new as it seems, leading to a discussion of both the affirmative and the negative answers to this question. While it is indeed new in terms of the actions (such as quasi-instantaneous global investments) made possible by communications technology based on the internet, there is a sense in which the*


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a1

*structure of the network society is as old as the proverbial hills. This is clarified with recourse to Gilles Deleuze and Félix Guattari's ontology of becoming, multiplicity, rhizomatic connections and assemblages, which contrasts with traditional thinking in terms of hierarchical, arboreal structures. In Deleuzo-Guattarian terms, it is pointed out, reality has always been one of interconnectedness-in-becoming, so that, startlingly, society has always been a "pandemic society" in a virtual sense, and as actualised from time to time. The argument further focuses on the potential for what Slavoj Žižek terms "barbarism with a human face", which is reminiscent of Achille Mbembe's "necropolitics" and "necropower" ("death power"), itself a response to Michel Foucault's notions of "biopolitical power" and "biopower". While the latter were employed by Foucault to characterise and analyse the modern state's mode of governance in so far as it exercised power in relation to the modalities pertaining to human bodies that are born, become economically active, get ill and die, Mbembe argues that this conceptualisation is no longer adequate in an age where the state (for example in contemporary Palestine) has, by and large, reduced bodies to the "living dead", and constructed "death worlds" where military technology is employed to control and, if necessary, terminate, human beings. Žižek highlights the ideological potential of the state's actions and expectations under pandemic conditions in so far as people are induced into so-called "personal responsibility", while the state's complicity with regard to the inception of the pandemic is occluded. As Žižek points out, nothing less than a fundamental change regarding society's mode of life is required, namely a replacement of the extractive, destructive economic system of neoliberal capitalism by an economic system that factors nature into the economic equation. In conclusion, this is developed further by foregrounding the irony of "socialism for the rich" in the context of the pandemic, which is compared, via David Harvey's work, with the massive transfer of wealth from public funds to the wealthy in the wake of the 2008 financial crisis. It is argued that, in light of the unavoidable destruction of nature by the current, hegemonic economic system, which is bound to give rise to further health hazards in the shape of viruses passed from stressed animals to humans, nothing less than a rejection of capitalism is needed, in the place of which a system has to be adopted which considers human beings to be part of an encompassing nature. In this regard reference is made to the work of critical economist, Charles Eisenstein.*

**KEYWORDS:** capitalism, coronavirus, nature, network society, pandemic, necropolitics

**TREFWOORDE:** kapitalisme, koronavirus, natuur, netwerksamelewing, pandemie, nekropolitiek

**OPSOMMING**

Die huidige artikel het betrekking op die koronavirus-pandemie wat tans (Augustus 2020) onversteurd dwarsoor die wêreld woed. Die vraag word gestel of die pandemie nie moontlik aan die mensdom 'n gulde geleentheid bied om te (her-)besin oor sy plek in die natuur nie, en terselfdertyd oor wat die pandemie ten opsigte van mense se toekoms op aarde impliseer – waar eersgenoemde vraag bevestigend beantwoord word en daar uitgebrei word op die implikasies van die tweede. Daar word aandag gegee aan wetenskaplike getuienis dat die mens self verantwoordelik is vir die verskyning van die nuwe koronavirus, en dat dit kousaal verbind is aan die toenemende druk wat mense op natuurlike habitats plaas deur hul steeds binnedringende, natuurvernietigende ekonomiese praktyke. Laasgenoemde gee aanleiding tot wat Jean Baudrillard die "weerwraak" ("blowback") van die natuur noem. 'n Uiters relevante

rolprent (*The Day the Earth Stood Still*; Derrickson 2008) word onder die loep geneem om die ekologiese dilemma waarin die mensdom sigself tans bevind in die brandpunt te plaas, voordat die moontlikheid van 'n pandemie met die netwerkstruktuur van die globale samelewing verbind word. Ander sake wat aandag kry, is die implikasies van die pandemie vir sosiale stratifikasie in die netwerksamelewing, asook vir die moontlikheid van 'n tegnologiese distopie, wat deur Naomi Klein uitgesonder word met verwysing na die opportunistiese wyse waarop tegnokrate die pandemie probeer gebruik om met openbare fondse vir hul private projek te betaal, om kwansuis deur middel van kommunikasietegnologie menselewens te beskerm. Žižek se waarskuwing oor "barbarisme met 'n menslike gesig" word bespreek en met Foucault se begrip van "bio-politiese mag" asook met dié van "nekropolitiek" by Mbembe verbind. Die filosofiese implikasies van die Covid-19-pandemie word ook aan die hand van Deleuze en Guattari se begrippe van risoom en wording geartikuleer voordat gepoog word om die vraag, wat 'n mens onder die huidige omstandighede te doen staan, te beantwoord, wat aan die hand van Žižek en Harvey se gedagtes oor 'n alternatief vir neoliberale kapitalisme geformuleer word.

## INLEIDING: 'N GELEENTHEID TOT BESINNING

Indien daar ooit 'n geleentheid was om ernstig te besin oor die plek wat die menslike spesie in verhouding tot die res van die natuur beklee, dan is dit sekerlik nou (Augustus 2020) – te midde van die nuwe koronavirus-pandemie wat binne 'n kwessie van maande die aardbol omsirkel het en die samelewing in feitlik elke land op aarde ontwrig en tot ekonomiese verlamming gereduseer het. Gelyklopend hiermee het die andersins besoedelde lugruim, selfs bo groot, industriële stede, binne weke skoon en helder vertoon, en was Venesië se kanale tot die verrukking van die stad se inwoners vir die eerste keer in jare skoon en deursigtig – hiervan het die vele foto's en video's wat oral gesirkuleer het, ondubbelsinnig getuig. Somtyds het dit gepaardgegaan met galgehumor, soos byvoorbeeld die "foto" van 'n groep katte waarvan een op sy agterpote staan, met die byskrif: "They were called 'people' and they walked like this!" Met ander woorde, die mensdom het teen wil en dank 'n onteenseglike aanduiding gekry van hoe die planeet sonder menslike ingryping sou (kon) voortbestaan.

Slegs uiters bevooroordeelde mense sou ontken dat die kontras tussen 'n ooglopend besoedelde omgewing en een waar water en lug opvallend skoner is, teen die agtergrond van dekades – indien nie eeue nie – se hoofsaaklik kapitalisties gedrewe industriële aktiwiteit gesien moet word (Foster *et al*. 2010; Kovel 2007; Klein 2007, 2014; Olivier 2018). Anders gestel: die mensdom se kortsigtigheid, gierigheid en relatief onverskillige houding teenoor die natuur het die punt bereik waar die uitwerking daarvan op ons natuurlike omgewing vir almal sigbaar is; indien nie vóór die koms van die nuwe koronavirus nie, dan beslis ná die uitbreek van die pandemie. En dit is nie toevallig nie: met die toenemende uitwerking wat menslike nedersettings en landbouaktiwiteite op natuurlike omgewings soos woude gehad het en nog steeds het (Nuki 2020), is meer en meer van die natuurlike habitat van diere vir ekonomiese doeleindes vernietig – byvoorbeeld in Brasilië, waar reënwoude steeds moet plek maak vir sojalanderye en weivelde vir beeste (Brasilië is die grootste internasionale uitvoerder van beesvleis).

Wetenskaplikes meen dat dit juis menslike binnedringing van voorheen ongerepte natuurlike areas is wat kousaal daartoe aanleiding gegee het dat die nuwe koronavirus (Sars-CoV-2) – wat die siekte bekend as Covid-19 veroorsaak – van 'n dier, waarskynlik 'n vlermuis, via 'n tussenganger (soos 'n ietermago) na mense oorgedra is. In ooreenstemming hiermee rapporteer Phoebe Weston (2020; sien ook Nuki 2020 en Žižek 2020) as volg:


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a1

> The vast illegal wildlife trade and humanity's excessive intrusion into nature is to blame for the coronavirus pandemic, according to a leading US scientist who says "this is not nature's revenge, we did it to ourselves".
>
> Scientists are discovering two to four new viruses are created every year as a result of human infringement on the natural world, and any one of those could turn into a pandemic, according to Thomas Lovejoy, who coined the term "biological diversity" in 1980 and is often referred to as the godfather of biodiversity.
>
> "This pandemic is the consequence of our persistent and excessive intrusion in nature and the vast illegal wildlife trade, and in particular, the wildlife markets, the wet markets, of south Asia and bush meat markets of Africa… It's pretty obvious, it was just a matter of time before something like this was going to happen," said Lovejoy, a senior fellow at the United Nations Foundation and professor of environment science at George Mason University.

Ter bevestiging van Lovejoy se verwagting, dat 'n sodanige pandemie die een of ander tyd op grond van menslike inmenging met die natuur sou gebeur, het die bekende gesaghebbende op die gebied van Marx-navorsing, David Harvey, reeds tien jaar gelede op die beperkinge gewys wat die natuur op kapitalistiese uitbreiding afdwing. By nabetragting van die finansiële krisis van 2008 merk hy op (2010:77):

> ...there is a wide-ranging field of concern, of political anxiety and endeavour, that focuses on the idea of a crisis in the relation to nature, as a sustainable source of raw materials, as mere land for further capitalist (urban and agricultural) development, as well as a sink for an increasing stream of toxic waste.

Op skerpsinnige wyse brei Harvey (2010:75-76) uit op die waarskynlikheid dat die natuur die een of ander tyd weer met iets nuuts vorendag sal kom. Die natuur is immers nie 'n passiewe entiteit nie, en hy haal die prosesfilosoof, Alfred North Whitehead, aan waar laasgenoemde die natuur beskryf as "a system in perpetual search of novelty". Presies hoe omvangryk hierdie verskynsel in die natuur is, blyk duidelik waar Harvey 'n mens herinner aan die tektoniese bewegings onder die aarde se oppervlak, wat onstabiele toestande genereer wat onder andere tot aardbewings, vulkaniese uitbarstings en tsunami's aanleiding gee. Andersyds toon hy aan dat onstabiliteit in atmosferiese en oseaansirkulasies tot orkane, tornado's, sneeustorms, droogtes en hittegolwe lei, wat almal uiteenlopende gevolge vir mense het, ofskoon hierdie konsekwensies geografies en sosiaal oneweredig versprei is. Harvey herinner 'n mens ook daaraan dat die kapitalistiese gebruik om gereeld opportunistiese winsvoordeel te trek uit menslik-sosiale rampe wat verband hou met sodanige natuurverskynsels, nie ligtelik opgevat behoort te word nie – 'n verskynsel wat uitvoerig deur Naomi Klein (2007) onder die loep geplaas is, en wat sy "disaster capitalism" noem. Hy vestig ook die aandag op menslike kundigheid en vernuf wat natuurlike bedreiginge vir menslike welvaart suksesvol die hoof gebied het (Harvey 2010:75): "While human action has successfully eliminated the bubonic plague and smallpox, it now has to confront entirely new pathogens and diseases such as HIV /AIDS, SARS, the West Nile virus, Ebola and avian flu, to say nothing of the potential for a new mutated influenza pandemic of the sort that killed millions back in 1918." Dit is merkwaardig dat Harvey inderdaad in bostaande aanhaling 'n nuwe pandemie antisipeer – tien jaar voor die nuwe koronavirus-pandemie. Geen wonder dat hy dus vooruitwys na wat hy toe reeds as 'n moontlike krisis in die mensdom se verhouding met die natuur tipeer nie:

> There may be an imminent crisis in our relation to nature that will require widespread adaptations (cultural and social as well as technical) if this barrier is to be successfully circumvented, at least for a time, within the framework of endless capital accumulation. The fact that capitalism has, in the past, successfully navigated around natural barriers, and that it has often done so profitably since environmental technologies have long been big business and can certainly become much bigger... does not mean that the nature question can never constitute some ultimate limit. (Harvey 2010:78)

In die lig hiervan kan ’n mens tereg vra of die huidige pandemie nie moontlik ’n onteenseglike teken daarvan is dat die mensdom sigself tans voor ’n sodanige limiet of beperking bevind nie. Immers: ofskoon farmaseutiese maatskappye of universiteite se virologiese en epidemiologiese navorsingspanne waarskynlik met ’n entstof teen die nuwe koronavirus vorendag sal kom, behoort dit teen hierdie tyd glashelder te wees dat nuwe virusse periodiek hul verskyning maak namate die mensdom dieper in die natuur binnedring. Bowendien is dit betekenisvol dat die nuwe koronavirus, in weerwil van die ooreenkomste wat dit met vorige koronavirusse vertoon (soos die SARS- en die MERS-virusse, onderskeidelik, van vroeër in die 21ste eeu), dermate struktureel en patogenies van hulle verskil dat dit die poging om ’n entstof te ontwikkel aansienlik bemoeilik. Die implikasie hiervan is voor die hand liggend: net soos ander lewende entiteite, evolueer virusse voortdurend – in onlangse studies (Child 2020; Hayes 2020) is bevind dat Sars-CoV-2 waarskynlik die resultaat is van die evolusionêre samesmelting van verskeie koronavirusse (en nie via genetiese manipulasie in ’n laboratorium geskep kon word nie). Dus sou dit tevergeefs wees om te glo dat ’n middel geformuleer sou kon word wat virusse (of insgelyks bakterieë) eens en vir altyd kan hokslaan: sodra die een suksesvol met ’n entstof onder beheer gebring word, verskyn ’n ander een, wat bes moontlik meer halsstarrig as die vorige een pogings om ’n effektiewe entstof te ontwikkel weerstaan. Die rede hiervoor het te make met wat Jean Baudrillard en Gil Germain as “blowback” bestempel (wat moontlik as “terugkap” of “weerwraak” vertaal kan word), met ander woorde die onbedoelde negatiewe gevolge van sekere (medies-)tegnologiese handelinge.

Ten einde te begryp wat hier op die spel is, kan na die onverwagte “probleme” verwys word wat met die implementering van mediese tegnologie opduik, soos onder andere die paradoks van oor-doeltreffende medikasie, waar oënskynlike mediese sukses soms tot komplikasies soos immuniteittekort lei (Baudrillard 1993:62). Volgens Germain (2017:72) verteenwoordig dit ’n geval van “weerwraak” deur die natuur (“blowback”), met ander woorde onverwagte, onthutsende reaksies op die implementering van medies-tegnologiese “oplossings” vir gesondheidsprobleme. Dit behels enersyds ’n eienaardige ongerymdheid tussen die ontologie onderliggend aan tegnologie (die opvatting dat die werklikheid volkome tegnies manipuleerbaar is), en wat Baudrillard (2005:186) andersyds as die “reëls van die spel” (of die reële) bestempel. In die lig van die voorafgaande bevindings (Child 2020; Hayes 2020), naamlik dat die nuwe koronavirus die gevolg is van ’n evolusionêre virusontwikkeling, kan ’n mens met reg beweer dat verdere “weerwraak” deur die natuur, in die vorm van ander “nuwe” virusse, geantisipeer kan word indien ’n medies-tegnologiese teenmiddel vir Covid-19 in die vorm van ’n doeltreffende entstof geformuleer kan word. In plaas van ’n sodanige ad hoc medies-tegniese probleemoplossing, wat maar slegs een in ’n reeks sou wees, sou dit oneindig beter wees vir die menseras, sowel as vir die res van die natuur, indien hierdie “geleentheid” wat die koronavirus verteenwoordig, aangegryp kon word om ’n fundamentele heroriëntasie in ons lewenswyse aan te bring – ’n heroriëntasie wat die mensdom se onafskeibaarheid van die res van die natuur ernstig opneem. Indien dit nie gebeur nie – en ek moet erken dat ek nie optimisties is oor die vooruitsigte hiervan nie – stuur die mensdom kollektief


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a1

op ’n situasie af wat in fiksionele terme voorgestel kan word soos in die rolprent wat vervolgens bespreek word.

## ’N FIKTIEWE TEMATISERING VAN DIE GEVOLGE VAN MENSLIKE KORTSIGTIGHEID

Soos enige liefhebber van wetenskapsfiksie weet, is dit ’n genre waarin daar dikwels ernstig, ofskoon in fiktiewe terme, omgegaan word met toestande in die hede wat moontlik die grondslag kan uitmaak vir toekomstige probleme, indien nie katastrofes nie. *The Day the Earth Stood Still* (Derrickson 2008) is ’n rolprent wat geen uitsondering op hierdie reël is nie. Dit is losweg op EH North (1951) se film met die gelyknamige titel gebaseer, waarin die bedreiging van ’n atoomoorlog uitgebeeld word; dit is op sy beurt ’n verdere verwerking van die wetenskapsfiksiekortverhaal, “Farewell to the master” (1940) deur Harry Bates. Teen die agtergrond van die betoog in die voorafgaande afdeling van hierdie artikel kan dus beweer word dat die rolprent *The Day the Earth Stood Still* (2008) eksemplaries is van wetenskapsfiksie wat die probleme van die tyd – in hierdie geval die klimaatkrisis en die moontlikheid van menslike uitsterwing – tematiseer, en dat dit maklik met die huidige, verwante koronavirus-krisis verbind kan word via die tema van die moontlike uitsterwing van (ander) spesies as gevolg van menslike aktiwiteite. Om hierdie rede het die koronavirus-pandemie die tydigheid van hierdie rolprent opnuut na vore gebring; trouens, dit is stellig tans tydiger as ooit.

Terwyl die verhaal van die oorspronklike rolprent met dié titel in die konteks van ’n dreigende atoomoorlog geplaas is, speel die narratief van die 2008-weergawe in die grootste noodsituasie wat die mensdom nog ooit gekonfronteer het af – die globale ekologiese krisis. Dit word vererger deur die feit dat, as morele wesens, mense ook vir ander wesens op die planeet verantwoordelik is. Daarom is dit ironies dat – soos ook in die konteks van die koronavirus-pandemie beweer kan word – ander lewende wesens op aarde (flora sowel as fauna), sonder mense goed oor die weg sou kom, ofskoon die omgekeerde nie die geval is nie. Hierdie insig maak die agtergrond uit van die handeling in *The Day the Earth Stood Still* (Derrickson 2008), wat dus op die veronderstelling berus dat een spesie op aarde, naamlik Gyna en Homo sapiens, in tegnies-rasionele (en uiteindelik morele) terme oor die lot van ander wesens beskik, en dat hierdie sogenaamd “denkende wesens” hul plig teenoor hul dierlike en plantaardige “broers en susters” (soos die Heilige Franciskus hulle genoem het) gruwelik verwaarloos het. Want dit is niks minder nie as wat ander lewende wesens is: ons “bloedverwante”, wat in die loop van biljoene jare se natuurlike ewolusie tot hul huidige vorm uit dieselfde oorspronklike genetiese materiaal ontwikkel het as wat ook die oerbron van die menslike spesie uitmaak. Hierdie waarheid omtrent die ineengestrengeldheid van alle lewensvorme word onverbeterlik deur Joel Kovel geformuleer (2007:97-98):

> Nature as such vastly exceeds the phenomena of life; yet life may be justly regarded as being at the same time both a special case of nature, and, in a way we only dimly surmise, as a potential of nature – something that nature generates under specific circumstances. Life is unitary, in the sense that the basic molecular architectures of humans, redwoods and slime molds all indicate a common ancestor. Yet life is also inconceivably – to our dim awareness – multiform, in a profusion that has arisen over 3.5 billion years through ceaseless interactions between living creatures, and with their non-living surroundings. It follows that all ecosystems that contain living beings also relate to the rest of nature, whether this be other creatures, the immediate surroundings of the earth’s macrophysical environment, i.e. the “environment,” or the molecular, atomic, or subatomic realms, or


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a1

> the extension of nature into the cosmos. A slender, filamentous connection throughout the great reaches of nature, to be sure, and scarcely likely to ever be fully comprehended by our science, but existent so long as we take the relatedness of elements within nature with full seriousness. From this standpoint we think of nature as the integral of all ecosystems, extending in every direction and beyond the limits of the planet. Talking of integrals means talking in terms of organisms, and of Wholes – in other words, the systematic introduction of an ecological vision commits us to positing reality as an interconnected web whose numberless nodes are integrated into holistic beings of ever-exfoliating wonder – or would be so, until capital got hold of them.

Kovel se laaste kwalifiserende opmerking oor "kapitaal" sluit aan by wat vroeër beweer is in verband met die vernietiging van wilde diere se natuurlike habitat – dit is onder druk van onder andere die kapitalistiese behoefte aan ruimtelike uitbreiding vir die produksie van sojabone, palmolie en beesvleis dat reënwoude, en daarmee saam die onmisbare habitat van velerlei spesies, vernietig word (wat boonop globale verwarming vererger vanweë die vermindering van suurstofproduserende bome).

Hierdie verwerking van die vervlegtheid van lewensvorme, en by implikasie die konsekwensies van kapitalistiese inmenging by, en verbreking van sodanige verstrengeldheid, is van onmiddellike belang vir die rolprent onder bespreking. Die verloop van gebeure soos voorgestel in die filmweergawe stel dit onomwonde dat die menslike strewe na beheersing en oorheersing van die natuur en die samelewing – waarvan die nuutste digitale tegnologie die mees onlangse beliggaming is (Olivier 2020) – grootliks hiervoor verantwoordelik is. Die filmnarratief gaan kortliks oor die versoek van 'n Amerikaanse regeringsagentskap dat 'n astrobioloog, Dr Helen Benson (Jennifer Connelly), dringend na New York moet reis om die Amerikaanse regering saam met 'n groep ander uitgelese wetenskaplikes te adviseer oor 'n ongekende verskynsel wat die aarde bedreig. Die trajek van 'n ongeïdentifiseerde voorwerp, wat teen die asembenemende snelheid van 30 000 kilometer per sekonde beweeg, dui daarop dat dit binnekort die aarde sal tref, met noodlottige gevolge vir alle lewensvorme op die planeet. Onverwags verminder die voorwerp ('n reusagtige, glansende sfeer) snelheid en land in New York se Central Park, waar die groep wetenskaplikes dit saam met swaar gewapende polisie en militêre personeel omring.

'n Antropomorfiese figuur in 'n bio-tegnologies ontwerpte ruimtepak, gevolg deur wat soos 'n kolossale robot vookom, verskyn uit die sfeervormige ruimtetuig. Soos verwag kan word, handel een van die soldate volgens die alte menslike beginsel van "onbekend, onbemind", en wond die mensvormige figuur (wat volgens vroeëre tonele uit die DNA van 'n bergklimmer ontwikkel is, nadat dit in 1928 deur buite-aardse wesens van hom geneem is) met sy geweer. Die buite-aardse wese, genaamd Klaatu (Keanu Reeves), ontvang mediese behandeling en daar word gepoog om die sogenaamde "waarheid" uit hom te dwing, dat hy die voorhoede sou wees van 'n dreigende buite-aardse inval. Terselfdertyd word sy versoek geïgnoreer, om dringend – in sy hoedanigheid as verteenwoordiger van 'n konstellasie van galaktiese samelewings – die leiers van alle aardse nasies toe te spreek. Met Helen se hulp ontsnap hy en op sy versoek neem sy (saam met haar jong stiefseun, Jacob), hom per motor na verskeie plekke, waar hy by die eerste plek waar hulle aandoen 'n ander buite-aardse wese met die voorkoms van 'n bejaarde Oosterse man, Mnr Wu, ontmoet. Laasgenoemde, wat reeds vir sewentig jaar tussen mense woon, bevestig die inligting waaroor Klaatu beskik, dat die mensdom vernietigend optree wat die aarde betref, en bowendien onwillig is om hul lewenswyse te verander – desondanks het hy geleer om lief te wees vir mense. Vervolgens neem Helen vir Klaatu na 'n

beboste gebied waar sy nog ’n sfeer, kleiner as die ruimtetuig waaruit Klaatu gekom het, uit ’n rivier sien oprys terwyl diere, voëls en insekte daarheen stroom.

Dit blyk dat soortgelyke kleiner sfere hul verskyning dwarsoor die aarde maak om – volgens wat Helen en Jacob kan aflei – as kleiner weergawes van ’n “ark” te funksioneer deur verteenwoordigers van alle oorblywende spesies op aarde na die groot “ark” in Central Park te vervoer. Klaatu het klaarblyklik sy vroeëre opmerking, dat hy daar was om “die aarde te red” letterlik bedoel: hy is nie daar om die menseras te red nie, maar wel alle ander spesies wat nog nie onder menslike planeetheerskappy uitgesterf het nie, en waarskynlik sou uitsterf indien hulle op ’n planeet waar die natuur verwoes is agtergelaat word. Wanneer hierdie besef tot Helen deurdring, pleit sy by Klaatu om die mensdom nog ’n kans te gun, en neem hom na ’n fisikus wat die Nobel-prys gewen het in ’n poging om hom van plan te laat verander. In die loop van ’n intensiewe gesprek met Professor Barnhardt (John Cleese) oor fisika, waartydens hy ook na Bach se Goldberg-variasies luister, kom Klaatu tot die besef dat daar ook ’n ander, meer empatiese kant, is aan die menslike natuur.

Intussen het die militêre owerhede die groot robot (“Gort”) na die ondergrondse fasiliteit by Mount Weather geneem om dit met behulp van gesofistikeerde boorapparaat “oop te maak” – ’n prosedure waartydens dit duisende self-vermenigvuldigende “nanobots” met die voorkoms van metaalagtige insekte vrylaat. Hierdie swerm alles-verorberende mikromasjiene verteer die fasiliteit saam met almal daarin, voordat dit van daar af soos ’n orkaan oor die landskap versprei en alles mensliks wat voorkom, vernietig. Vanwaar hulle onder ’n voetbrug in Central Park die aankomende wolk van uitwissing aanskou, smeek Helen Klaatu om sy besluit dat die menseras, insluitende alle tekens van menslike kultuur, uitgewis moet word, te heroorweeg. Sommige van die “nanobots” het reeds Jacob se liggaam binnegedring, dog Klaatu – wat intussen toegegee het dat mense ook oor goeie eienskappe beskik – verwyder hulle asof met ’n magneet, voordat hy na die reusagtige sfeer loop en dit binnegaan terwyl die “bots” sy liggaam verorber. Saam met Jacob kyk Helen toe wanneer die ruimte-sfeer soos ’n verblindende ligbal opstyg en verdwyn – Klaatu, as afgevaardigde van ’n planetêre federasie van samelewings, is klaarblyklik deur Helen en Prof. Barnhardt, asook Jacob (wie se aanvanklik vyandige houding teenoor Klaatu mettertyd versag het) oortuig dat die mensdom die potensiaal het om af te sien van hul lewenswyse om die natuur te verwoes. Terselfdertyd sien ’n mens hoe die moordswerm “nanobots” ontbind.

Hierdie rolprent het in 2008 verskyn, toe getuienis van globale verwarming en ander maniere om die natuur te verwoes reeds welbekend was (Foster *et al*. 2010; Kovel 2007; Olivier 2018). Vanuit die huidige perspektief, 12 jaar later, kan ’n mens ten opsigte van die rolprentverhaal tereg vra: was Klaatu reg dat die mensdom ’n tweede kans verdien het, met die veronderstelling dat mense hul natuurvernietigende lewenswyse grondig kan verander? *The Day the Earth Stood Still* mag “slegs” ’n fiktiewe film wees, maar dit rig ’n lewe-of-dood-appèl tot die mens (soos die huidige groei van die filosofiese genre bekend as “uitsterwingsliteratuur” simptomaties aandui; sien Colebrook 2014). Een aanduiding dat die menslike spesie waarskynlik nie nog ’n kans verdien om te bewys dat hulle hul “wil-tot-mag” – ’n belangrike Nietzschiaanse begrip (Nietzsche 1968; Olivier 2019) – te bowe gekom het nie, is geleë in die kritiese reaksie op die film tydens die verskyning daarvan in 2008 (sien byvoorbeeld Ebert 2008). Kritiek op *The Day the Earth Stood Still* het hoofsaaklik gekonsentreer op die “storielyn”, wat as “onsamehangend” afgemaak is, en vergelykenderwys ook op die bewering dat dit ’n swak verwerking sou wees van die oorspronklike rolprent. Geeneen van die resensies daarvan wat ek geraadpleeg het, het hoegenaamd die belangrikheid van die tydige ekologies-kritiese implikasies daarvan uitgesonder nie. Keanu Reeves, wat die rol van Klaatu in die rolprent


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a1

vertolk, kan gekomplimenteer word, omdat hy die tydgenootlike ekologiese relevansie van die narratiewe hersiening daarvan ingesien het – iets wat hom na bewering oortuig het om die rol te aanvaar.

Wat sou die mensdom moes doen om die reg op oorlewing volgens die kosmiese perspektief van hierdie belangrike rolprent te verdien? Ek het vroeër na Nietzsche (1968) se "wil-tot-mag" verwys, wat hy as fundamenteel vir alle bestaansvorme beskou het. Wat hierdie begrip behels, is dat elke bestaande wese, hoe gering ook al, sowel as alle ontwikkelings op elke onderskeibare vlak in die kosmos, 'n uitdrukking van die rustelose "wil-tot-mag" is vir sover dit steeds daarna streef om 'n vroeëre stadium van ontwikkeling onderweg na 'n hoër bestaanswyse te oorkom. Nodeloos om te beklemtoon, is die wil-tot-mag versoenbaar met Darwin se ewolusieteorie, waarvolgens elke individu van elke spesie die biologiese opgawe het om in verhouding met die natuurlike of sosiale omgewing waarin dit bestaan, te oorleef – met ander woorde, om die "wil-tot-mag" daarvan te bevestig. Dit is egter maklik om uit die oog te verloor dat 'n mens Nietzsche se meesterwerk – *Thus Spake Zarathustra* (Nietzsche 2013; Olivier 2007) – in etiese terme as die bevordering van die leerstelling kan lees dat die grootste mag paradoksaal daarin bestaan om self die wil-tot-mag te oorkom. Nietzsche artikuleer hierdie insig as die oorwinning van die "gees van wraak", dit wil sê van die neiging om die verganklikheid van tyd (of die dood) te bemeester ('n neiging wat duidelik in kontemporêre bio-tegnologie na vore kom). Anders gestel: met hierdie insig maan Nietzsche die mensdom tot nederigheid – iets wat vir die tegnies-georiënteerde mens van vandag feitlik betekenisloos is (Germain 2017). In hierdie verband is dit myns insiens geen toeval dat Derrickson mense in *The Day the Earth Stood Still* as oormatig aggressief voorstel nie – aggressiwiteit is hul normale reaksie op enigiets vreemds. Vandaar dat daar op die buite-aardse wese geskiet word wanneer hy verskyn, en dat die reusagtige sfeer (die ruimtetuig) met vegvliegtuie aangeval word. Dit verduidelik ook Jacob se aanvanklike mening dat hy en Helen Klaatu moet beveg, asook die verskuilde Amerikaanse president se verwerping van sy buitelandse minister ('n vrou) se raad, om met die buite-aardse wesens te onderhandel en in die plek daarvan 'n militêre aanval op die ruimtetuig gelas.

Kortweg: mense is wesens wat "van nature" op konfrontasie ingestel is, wat dikwels daartoe aanleiding gee dat hulle vyandig optree teenoor iets wat hulle as "anders" of "vreemd" ervaar, en dit selfs vernietig, in plaas daarvan om die moontlikheid van vreedsame naasbestaan te ondersoek. Hierdie houding het sigself ook reeds ten opsigte van die nuwe koronavirus geopenbaar: te oordeel aan video's en boodskappe wat via die internet in omloop is, word dit gewoonlik as 'n vyand van die mensdom beskou, en moet dit dus uitgewis, of minstens aan die hand van 'n entstof geneutraliseer word. In teenstelling met hierdie meerderheidshouding is daar egter ook 'n minderheidsgroep wat mens daaraan herinner dat die koronavirus eweseer deel van die natuur uitmaak as die mensdom self. In stede daarvan om dit te demoniseer, moet 'n mens hiervolgens dus kennis neem van wat die pandemie aan die lig gebring het, naamlik dat mense op die mees onverantwoordelike en onvergeeflike wyse die natuurlike habitat van diere, voëls en visse uitgewis of onleefbaar besoedel het. Daar is trouens aanduidings dat die koronavirus as barometer funksioneer om die akute toksisiteit van die besoedelde omgewing in sekere hoogs geïndustrialiseerde areas na vore te bring (Bush 2020; Olivier 2020a). Met ander woorde, mense het nog nie naasteby tot die besef gekom dat die grootste mag daarin geleë is om hul eie wil-tot-mag te bowe te kom nie; inteendeel, alles dui daarop dat hul (tegnologiese) magstrewe steeds vererger (Baudrillard 1993, 2005; Germain 2017). Indien hulle nie vinnig die waarheid hiervan insien nie, sal hulle nie buite-aardse wesens nodig hê om hul voortbestaan as 'n spesie te bedreig nie. Hulle is volkome daartoe in staat om hulself, asook vele ander spesies in die proses, te vernietig. Dit het onder andere met die strukturele netwerkaard van die huidige globale samelewing te make.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a1

## DIE KORONAVIRUS EN DIE "RUIMTE VAN VLOEI"

Manuel Castells se bekende tipering van die huidige samelewing as die "netwerksamelewing" in sy boek, *The Rise of the Network Society* (2010), gaan gepaard met 'n karakterisering van die dominante modus van ruimte as "die ruimte van vloei", waarvan die internet 'n voorbeeld is, aangesien dit die basis uitmaak van prosesse wat "vloei". Hieronder tel nasionale en internasionale geldelike transaksies (waar geldverskuiwings of -beleggings feitlik oombliklik uitgevoer kan word met toestelle wat jou toegang tot die internet verleen), nasionale en internasionale lugverkeer, e-pos, asook WhatsApp-kommunikasie, sowel as sosiale netwerke soos Facebook en Twitter. Die snelle verspreiding van die koronavirus rondom die aardbol na haas alle nasies verteenwoordig 'n verdere "vloei" in globale netwerkruimtes – veral lugroetes, wat die verspreiding daarvan merkbaar verhaas het – en vertoon as sodanig 'n familie-ooreenkoms met sy digitale teenhanger(s) vir sover dit eweneens iets kan "besmet". Waar 'n rekenaarvirus egter die sagteware programme op 'n mens se rekenaar noodlottig op digitale vlak kan affekteer, besit die koronavirus vergelykbare vernietigende potensiaal vir sover dit (hoofsaaklik) die respiratoriese sisteem van mense betref. Slavoj Žižek (2020a) skryf in hierdie verband:

> ...at the level of virtual reality and internet, we should remind ourselves that, in the last decades, the terms "virus" and "viral" were mostly used to designate digital viruses which were infecting our web-space and of which we were not aware, at least not until their destructive power (say, of destroying our data or our hard-drive) was unleashed. What we see now is a massive return to the original literal meaning of the term: viral infections work hand-in-hand in both dimensions, real and virtual.

Vergelyk byvoorbeeld die rekenaarvirus wat ongeveer 20 jaar gelede via die internet versprei het en miljarde dollars se skade veroorsaak het, te wete die "Love-letter-for-you"- virus (Griffiths 2020), met die nuwe koronavirus, en die ooreenkoms tussen die twee, in weerwil van hul fundamentele ontologiese verskil, is treffend. Eersgenoemde is 'n digitale program en as sodanig 'n integrale (weliswaar ongewenste) deel van die huidige "aanlyn samelewing", terwyl laasgenoemde tot 'n klas van sub-mikroskopiese entiteite behoort waarvan die genetiese substansie RNA (ribonukleïse suur) is (sien RNA-virus), en langs die weg van internasionale vervoernetwerke dwarsdeur die globale samelewing versprei het. Bowendien kan digitale virusse wat aanlyn sirkuleer as "boodskappers" beskou word wat op slinkse wyse dodelike boodskappe onder die dekmantel van inligting na hul teikens (byvoorbeeld bankrekenings of private rekenaarargiewe) oordra, en speel die virale, sub-mikroskopiese genetiese fragmente eweneens die rol van boodskappers wat instruksies vir die beheer van proteïne-sintese bevat en sodoende die normale funksionering van menslike gasheerliggame potensieel noodlottig ondermyn. SARS-CoV-2 behoort tot laasgenoemde klas van RNA-virusse wat, soortgelyk aan digitale internetvirusse, allerhande sluwe vermommings benut om die RNA wat deur menslike DNA geproduseer word na te boots. Sodoende word dit in staat gestel om die proteïne-sintetiserende meganisme van menslike liggame onopgemerk binne te dring (Valich 2020).

Soos hier bo geïmpliseer, is die snelle konvergensie van hierdie ontologies-uiteenlopende twee soorte virusse – die digitale en die biologies-genetiese – dus moontlik gemaak deur die dominansie van die "ruimte van vloei", meer in die besonder die uitgebreide netwerke van lugroetes wat 'n onlosmaakbare deel van genoemde ruimtes uitmaak. Immers: elke keer wanneer jy 'n lughawegebou betree, of 'n plekbespreking vir 'n lugreis via die internet doen, gaan 'n mens die "ruimte van vloei" binne. Die tempo waarteen die globale pandemie ontvou het (en wat deur die nuwe koronavirus meegebring is), sou haas ondenkbaar gewees het sonder


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a1

die spesifieke konfigurasie van ruimte(s) in die era van die netwerksamelewing, en omgekeerd is hierdie koronavirus nou onafskeidbaar verweef met genoemde ruimte(s), soos blyk uit die alomteenwoordige nuusberigte van vrese dat ’n “nuwe vlaag” van virusbesmettings meegebring kan word deur besoekers wat per vliegtuig ’n land binnekom.

Soos verwag kan word, het hierdie verwikkelinge reeds ’n merkbare uitwerking op menslike lewenswyses dwarsoor die aanlyn wêreld gehad. Dit het byvoorbeeld tot ’n intensivering van aanlyn aktiwiteite gelei vanweë die ooglopende risiko van fisiese nabyheid: onder andere het besighede, universiteite en skole langs verskillende aanlyn weë – soos byvoorbeeld Zoom, Skype, WhatsApp en e-pos – hul toevlug tot die relatiewe veiligheid van internet-interaktiwiteit geneem, met aanduidings in die media dat produktiwiteit in menige gevalle toegeneem het. Ofskoon die huidige toename in aanlyn aktiwiteite dus aan die risikofaktor van die pandemie toegeskryf kan word, is dit waarskynlik so dat die gepaardgaande uitbreiding van aanlyn werkpraktyke tot ’n noemenswaardige mate blywend sal wees, selfs indien (of wanneer) die erns daarvan sou afneem, byvoorbeeld in die geval van die ontwikkeling van ’n effektief-vookomende entstof, en mense na hul werkpersele kan terugkeer. Klaarbyklik voel sommige mense ambivalent hieroor, en betreur sekere joernaliste byvoorbeeld die verlies van kameraderie in die tipiese “nuuskamer” (“newsroom”), soos blyk uit die reaksie op die verkoop van nuuskamerruimtes deur die groot mediafirma, Tribune Publishing, vanweë geldelike verlies gedurende die pandemie (Stelter 2020).

Ook die wyse waarop mense reis, is wêreldwyd fundamenteel deur die pandemie geraak – veral lug- en bootreise. Luukse bootmaatskappye ly tans groot finansiële skade vanweë die feit dat die virus maklik op bote versprei; etlike van die luukse vaartuie is vir weke onder kwarantyn geplaas, met die gevolg dat passasiers hulle gedurende dié tyd nie kon verlaat nie. Sommige lugrederye is insolvent verklaar terwyl ander tot dusver alleenlik met finansiële hulp van die staat kon oorleef, of deur duisende werkers af te dank. Hoe dit ook al sy, internasionale reispraktyke sal waarskynlik nooit weer dieselfde as vantevore wees nie (Leggett 2020). ’n Belangrike newe-effek van die pandemie se impak op globale reispraktyke was tot dusver die akkumulasie van olie en petroleum in opgaartenks en olietenkskepe dwarsoor die wêreld, asook die aanvanklike ineenstorting van die olieprys, wat gedurende Julie 2020 weer begin herstel het, namate lande se ekonomieë weer aan die gang kon kom. Nietemin sien ’n mens oral berigte dat die olienywerheid waarskynlik nooit weer tot op die vlakke wat die pandemie voorafgegaan het, sal herstel nie, wat goeie nuus is sover dit die herstel van natuurlike ekologiese sisteme betref (Olivier 2018), maar myns insiens nie noodwendig die geval sal wees nie. Desnietemin beteken die afname in die gebruik van petroleum dat daar ’n ooreenstemmende toename en konsentrasie van menslike aanlyn aktiwiteite plaasgevind het, wat moontlik (selfs waarskynlik) die totstandkoming van blywende nuwe werkspraktyke mag meebring. Om slegs een verskynsel van hierdie aard te noem: internasionale konferensiebywoning het reeds plek gemaak vir ’n groot mate van aanlyn deelname aan sodanige byeenkomste met behulp van internetgebaseerde sagteware programmatuur, soos Skype en Zoom. Met ander woorde: die menigvuldige wyses waarop die nuwe koronavirus die konfigurasie van die “ruimte van vloei” (wat die huidige era kenmerk) fundamenteel beïnvloed (het), is opvallend en onontkenbaar.

## DIE PANDEMIE EN SOSIALE STRATIFIKASIE IN DIE NETWERKSAMELEWING

In *The Rise of the Network Society* bespreek Castells (2010:445-448) die globale “ruimtelike logika” wat eie is aan die dominante sosiale klas in die era van die “netwerksamelewing”, welke klas hy die “sosiale elites” of “bestuurdersklas” noem. Genoemde “ruimtelike logika”

is buitengewoon, aangesien dit die normale strukturele eienskappe van hierdie samelewing oorskry – soos waarneembaar in die asimmetriese verspreiding daarvan volgens die belange van hierdie dominante klas. Dit is geensins verbasend nie. Immers: hierdie ruimtelike logika word deur die sosiale elites self bedink, begripmatig geformuleer en geïmplementeer. Hiervolgens skep die bestuurdersklas 'n kultureel-kenmerkende lewenstyl wat daarop gemik is om die simboliese ruimtelike omgewing van die elites globaal te standaardiseer en te verenig, soos wat byvoorbeeld in die ontwerp van kamers en die dekor van internasionale hotelle (soos The Westin) waargeneem kan word. Daarbenewens bring hulle hul "eie samelewing" tot stand in die vorm van eksklusiewe woonbuurte en afgesonderde gemeenskappe (selfs op private eilande) – 'n toedrag van sake wat deur voortdurende versterking en uitbreiding van 'n netwerk van magsrelasies onderhou word, wat saamhang met praktyke soos besluitneming-interaksies wat op gholfbane, in eksklusiewe restaurante en ook in lughawesitkamers plaasvind.

'n Mens kan tereg wonder hoe hierdie globale elite-klas se lewenstyl deur die huidige pandemie geaffekteer (sal) word, indien 'n mens in ag neem dat laasgenoemde as 'n wekroep beskou kan word wat die waarskynlikheid van toekomstige pandemies op 'n vergelykbare skaal betref. Michel Houellebecq se wetenskapsfiksieroman, *The Possibility of an Island* (2007) kan moontlik as 'n barometer hiervoor benut word. Die narratief wissel tussen menslike perspektiewe op 'n kwynende kultuur in die huidige tyd, enersyds, en terugskouende "neo-menslike" refleksies uit 'n post-apokaliptiese tydvak, duisende jare in die toekoms, andersyds. In laasgenoemde era leef die "neo-mense" (gekloonde afstammelinge van Homo sapiens sapiens) idilliese lewens in afsondering van die nakomelinge van die laaste mense, wat onder barbaarse omstandighede 'n sukkelbestaan voer. Dit is betekenisvol vir die huidige betoog dat die "neo-mense" deur ryk kapitaliste gekloon is met die doel dat hulle die klimaatkatastrofes wat deur die kortsigtige industrieel-kapitalistiese samelewing meegebring is, kan weerstaan. Net soos die elite van die huidige netwerksamelewing, wat ruimtelike eksklusiwiteit geniet, bevind die gekloonde neo-mense van Houellebecq se verhaal hulself in afgesonderde, onaantasbare argitektoniese komplekse. Die kwalitatiewe verskil tussen hierdie selfgenoegsame wesens en die oorblywende mense, wat sedert 'n reeks klimaatrampe in 'n barbaarse lewenswyse verval het, blyk uit die neo-mense se volledige gebrek aan simpatie of empatie: telkens wanneer barbare hul ondeurdringbare komplekse (om verstaanbare redes) probeer binnedring, word die ongelukkige wesens sonder meer deur hulle vernietig – met dieselfde onverskilligheid waarmee hulle vlieë sou doodslaan.

Wat Houellebecq se wetenskapsfiksie ons kan leer omtrent die verdere ontwikkeling van doelbewuste hedendaagse sosiale stratifikasiepraktyke is dat laasgenoemde, te midde van die bedreiging van die nuwe koronavirus (en enige ander soortgelyke bedreiginge in die toekoms), met behulp van die haas ongekende rykdom van die sogenaamde "1%" waarskynlik uitgebrei sal (kan) word ten einde hul eie oorlewing te probeer waarborg. By wyse van ekstrapolering op die basis van beide Castells en Houellebecq se werk, is die kanse goed dat die globale elite die reeds bestaande ruimtelike logika van elite-apartheid op perverse wyse sal uitbrei en versterk, deur hulself verder in afgesonderde gemeenskappe op private eilande of in ondergrondse bergskuilings te verskans, waartoe die res van die mensdom – die gewone, kwansuis virus-besmette sterflinge – geen toegang sou verkry nie. Nodeloos om te beklemtoon, sou sodanige ontwikkelinge – wat onteenseglik onafskeibaar met die huidige pandemie verband hou – die reeds verreikende konsekwensies van bestaande wêreldwye sosio-ekonomiese ongelykheid vererger (Klein 2007:194-217; Carter 2020), wat bowendien ook deur die paradoksale verskynsel van "sosialisme vir die rykes", oftewel die massiewe oordrag van publieke fondse na die regerende elites (Žižek 2020; RT News 2020) aangevuur word. Wat


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a1

'n mens tans gedurende die pandemie waarneem, is 'n herhaling van wat rondom die 2008-finansiële krisis gebeur het, wat Harvey as volg beskryf (2010:30-31):

> The term 'national bail-out' is inaccurate. Taxpayers are simply bailing out the banks, the capitalist class, forgiving them their debts, their transgressions, and only theirs. The money goes to the banks but so far in the US not to the homeowners who have been foreclosed upon or to the population at large. And the banks are using the money, not to lend to anybody but to reduce their leveraging and to buy other banks. They are busy consolidating their power. This unequal treatment has prompted a surge of populist political anger from those living in the basement against the financial institutions, even as the right wing and many in the media castigate irresponsible and feckless homeowners who bit off more than they could chew. Tepid measures to help the people, far too late, are then proposed to fend off what could be a serious legitimation crisis for the future of capitalist-class ruling power.

Die geskiedenis is dus getuie daarvan dat die regerende elites oor die middele beskik om eerste vir hulself te sorg, al is dit dan boonop met belastingbetalersfondse. Op hierdie wyse word die sosiale stratifikasie van die netwerksamelewing weereens bekragtig, en sal die huidige pandemie waarskynlik opnuut as katalisator daarvoor funksioneer.

## NAOMI KLEIN OOR DIE "PANDEMIE SKOKDOGMA" EN 'N TEGNOLOGIESE DISTOPIE

Wat die vermaarde Kanadese skryfster-joernalis, Naomi Klein, oor die vooruitsigte van die globale elite se magskonsolidering via inligtingstegnologie gedurende en na die huidige pandemie berig, sluit nou aan by die gedagte van sosio-ekonomiese ongelykheid. In die konteks van die katastrofiese sterftetoename in Amerika as gevolg van Covid-19 skryf sy (Klein 2020):

> It has taken some time to gel, but something resembling a coherent Pandemic Shock Doctrine is beginning to emerge. Call it the "Screen New Deal." Far more high-tech than anything we have seen during previous disasters, the future that is being rushed into being as the bodies still pile up treats our past weeks of physical isolation not as a painful necessity to save lives, but as a living laboratory for a permanent – and highly profitable – no-touch future.

Waaroor dit hier gaan, is die opportunistiese aangryping van die gulde geleentheid wat die koronavirus-pandemie aan kommunikasietegnologie-entrepreneurs bied om – veral in die lig van die imperatief om fisiese aanraking en selfs nabyheid so ver moontlik te verminder, indien nie volkome te vermy nie – die reeds bestaande internetgebaseerde kommunikasiegeleenthede in die naam van menslike gesondheid ter wille van geldelike wins drasties uit te brei en te nuanseer. Wat op die spel is, is niks minder nie as 'n toekoms met die belofte van blywende integrasie van hierdie gevorderde tegnologie in elke aspek van die sosiale, opvoedkundige en professionele lewe, en belangrike vergaderings vind reeds tussen politici en tegnokrate plaas om die fondamente hiervoor te bou. Op die oog af is daar niks hiermee verkeerd nie; trouens, aanvanklik tref dit 'n mens as 'n lofwaardige inisiatief om, met behulp van die kommunikasiegeleenthede wat die internet bied, voort te gaan met die lewe – om ekonomies- en opvoedkundig-noodsaaklike aktiwiteite nuwe lewe in te blaas sonder vrees vir wedersydse besmetting met die hoogs aansteeklike virus in ruimtes waar mense tradisioneel lyflik bymekaar aanwesig was, soos skole, universteite, oopplankantoorruimtes, gimnasiums en teaters. Maar


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a1

alles is nie pluis nie, soos Klein 'n mens ondubbelsinnig herinner (2020; sien ook Duffy *et al*. 2020, en BBC Business News 2020):

> This is a future in which, for the privileged, almost everything is home delivered, either virtually via streaming and cloud technology, or physically via driverless vehicle or drone, then screen "shared" on a mediated platform. It's a future that employs far fewer teachers, doctors, and drivers. It accepts no cash or credit cards (under guise of virus control) and has skeletal mass transit and far less live art. It's a future that claims to be run on "artificial intelligence" but is actually held together by tens of millions of anonymous workers tucked away in warehouses, data centers, content moderation mills, electronic sweatshops, lithium mines, industrial farms, meat-processing plants, and prisons, where they are left unprotected from disease and hyperexploitation. It's a future in which our every move, our every word, our every relationship is trackable, traceable, and data-mineable by unprecedented collaborations between government and tech giants.

Met ander woorde, die rooskleurige prentjie wat deur die voorstanders van 'n liggaamlik-aanrakingslose toekoms geskilder word, voorveronderstel 'n hoogs ongelyke samelewing, waar slegs die rykes en bevoorregtes tot sodanige siekte-voorkomingstegnologie sou toegang hê, terwyl die werkers wat agter die skerms al hierdie luuksheid moontlik maak, steeds blootgestel sou wees aan al die besmettings waarteen hierdie tegnologiese wondermiddele veronderstel is om mense te beskerm. Voor die uitbreek van die koronavirus-pandemie – so herinner Klein (2020) haar lesers – is die visie van 'n feitlik volledige aanlyn, elektronies-gedrewe toekoms aan verbruikers "verkoop" ter wille van gerief, personalisering en die afwesigheid van wrywing, maar tans word dit bevorder in die naam van dringendheid in die aangesig van die ongekende bedreiging van die koronavirus en teen die agtergrond van massa-sterftes wat daarmee verband hou. Die besware wat baie mense voorheen teen die geprojekteerde toekoms van "tele-gesondheid", "aanlyn klaskamers", elektroniese bewaking, "slim stede" ("smart cities") met hul elektroniese sensor-wetsuitoefening, en bowenal teen die ondermyning van demokrasie deur die konsentrasie van mag in die hande van 'n handjievol tegno-maatskappye (soos Google en Facebook) gehad het, verdwerg oënskynlik in vergelyking met die oorweldigende lewensgevaar wat die virus onteenseglik vir die mensdom in sy geheel inhou. Klaarblyklik is die apologete vir 'n tegnologiese, virusbestande toekoms terdeë hiervan bewus; vandaar hul voorbedagte poging om die pandemie te benut ten einde hul ambisieuse projek te loods. In Klein se woorde (2020; sien ook Duffy *et al*. 2020, en BBC Business News 2020):

> Now, in the midst of the carnage of this ongoing pandemic, and the fear and uncertainty about the future it has brought, these companies clearly see their moment to sweep out all that democratic engagement. To have the same kind of power as their Chinese competitors, who have the luxury of functioning without being hampered by intrusions of either labor or civil rights.

Klein gee geredelik toe dat tegnologie noodsaaklik is vir die beskerming van publieke gesondheid in die toekoms, maar beklemtoon die belangrike vraag, naamlik of die beplande tegnologie enersyds aan demokratiese, openbare toesig onderworpe sal wees, en of dit andersyds kritiekloos ontwikkel en onder koorsagtige noodtoestand-omstandighede geïmplementeer sal word, wat sou beteken dat dit sodoende mense se lewenswyse vir dekades sou bepaal. Sou dit wys wees vir mense om hul data aan tegnokorporasies soos Amazon, Apple en Google toe te vertrou, in plaas daarvan om self beheer daaroor uit te oefen, veral indien die projek grootliks


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a1

(volgens huidige voorstelle) deur die publiek befonds sal word? Vir Klein (2020) is dit ooglopend dat die internet tans ’n feitlik onmisbare rol op baie vlakke van ons lewens speel, dog dring sy daarop aan dat dit juis daarom as ’n niewinsgewende openbare nutsmaatskappy behandel moet word.

Verder argumenteer sy dat, ofskoon die telekonferensiefasiliteit gedurende die grendeltyd van die pandemie inderdaad ’n uitredding was/is, dit geen uitgemaakte saak is dat interpersoonlike kommunikasie uitsluitlik so moet bly nie. So byvoorbeeld gee sy toe dat oorvol skoolklaskamers ’n gesondheidsrisiko verteenwoordig, ten minste totdat ’n betroubare entstof teen Covid-19 beskikbaar is. Sodanige risiko sou egter ook noemenswaardig afneem indien meer onderwysers aangestel, die aantal leerlinge in elke klas gehalveer, en by elke skool ’n verpleegster aangestel word. Bowendien sou hierdie optrede broodnodige werkgeleenthede in die konteks van die pandemiewerkloosheidskrisis skep, meen Klein. En indien klaskamers nog steeds stampvol is, kon die skooldag in skofte verdeel word, en waar moontlik van buitelugklasse gebruik gemaak word – waar laasgenoemde in natuuromgewings kan plaasvind, is dit ook nog (soos navorsing volgens Klein aangedui het) bevorderlik vir leerlinge se leervermoë.

Klein (2020) stem saam dat dit nie maklik sou wees om hierdie veranderinge in skoolonderrig aan te bring nie, maar meen desnietemin dat dit geensins so riskant sou wees as om van die beproefde didaktiek wat met aangesig-tot-aangesig-onderrig van leerlinge gepaard gaan (waar hulle tegelykertyd leer om met mekaar te sosialiseer) afstand te doen ten gunste van ’n stelsel wat sigself nog geensins bewys het nie. Dit blyk dat Klein nie die enigste een is wat bedenkinge het oor die drastiese tegnofiliese voorstelle van tegnokrate soos Eric Schmidt (een van Google se grondleggers) en Bill Gates (grondlegger van Microsoft) nie. Sy skryf (2020):

> Upon learning of New York state’s new partnership with the [Bill and Melinda] Gates Foundation, Andy Pallotta, president of New York State United Teachers, was quick to react: “If we want to reimagine education, let’s start with addressing the need for social workers, mental health counselors, school nurses, enriching arts courses, advanced courses and smaller class sizes in school districts across the state,” he said. A coalition of parents’ groups also pointed out that if they had indeed been living an “experiment in remote learning” (as Schmidt put it), then the results were deeply worrying: “Since the schools were shut down in mid-March, our understanding of the profound deficiencies of screen-based instruction has only grown.”

Afgesien van die relatiewe onbekendheid en onvoorspelbaarheid van ’n volskaalse omskakeling van onder andere skoolopvoeding na aanlyn onderrig, is daar die ewe belangrike kwessie van ekonomiese ongelykheid waarna reeds verwys is. Selfs in ’n ekonomies ontwikkelde land soos die Verenigde State is daar sprake hiervan, en alles dui daarop dat – selfs voor die uitbreek van die koronavirus-pandemie – hierdie ongelykheid steeds toeneem (Harvey 2010:30-31, 167, 224, 230-231). Die aktualisering van ’n sosio-ekonomiese omvattende vertegnifisering van die samelewing, met die oog op die volskaalse tegniese isolasie van individue – hetsy vir werk-, hetsy vir opvoeding- of gesondheidsdoeleindes – sou, na Klein se mening, op ’n tegnologies ekonomiese distopie uitloop. Daarom moet die moontlikheid van ’n tegniese “Blitzkrieg” deur die tegnokrate, gepaardgaande met ’n siniese benutting van publieke fondse om hul private onderneming te finansier, teengestaan word.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a1

## FILOSOFIESE IMPLIKASIES VAN DIE PANDEMIE IN DIE NETWERKSAMELEWING

Vanuit ’n filosofiese hoek gesien, moet ’n mens met Klein saamstem wat bostaande betref. Trouens, daar kan bygevoeg word dat daar reeds voor die pandemie oorgenoeg getuienis was dat kommunikasie-tegnologie, hoe nuttig ook al, nie die plek kan inneem van kritiese denke en kreatiewe lewe nie. Die persoon wat (tot sy onlangse dood) by uitstek tot hierdie tegnologiekritiek bygedra het, is Bernard Stiegler, wat geensins tegnofobies is nie; inteendeel. Stiegler (1998) verklaar onomwonde dat mense deur-en-deur tegnologiese wesens is, maar dring daarop aan dat veral die kommunikasiekapasiteit van moderne tegniese apparate soos slimfone en skootrekenaars maar alte maklik deur kapitalisme gekaap word om bemarkingsbelange te bevorder. In kontras hiermee toon Stiegler (2015:lokus 5494) aan dat wat hy mnemotegniese apparate noem vir kritiese en kreatiewe doeleindes aangewend kan (en behoort te) word. Dit is egter hoogs betwyfelbaar of sodanige “kritiese intensivering” tot sy reg sal kan kom in ’n aanlyn onderrigbestel waar die geleentheid vir volgehoue, dialogiese kritiese diskussie drasties geminimaliseer sal word. Hiervoor is juis die ruimtelike omstandighede van “aan-mekaar-teenwoordig-wees” nodig. Al is dit miskien so dat ’n vaardige dosent of onderwyser die aanlyn didaktiese opset sou kon benut vir die bevordering van “Sokratiese dialoog”, is dit onwaarskynlik dat dit sou floreer wanneer rekenaarskerms tussen gespreksgenote moet bemiddel. Om hierdie rede is dit myns insiens in die belang van volkome menswees dat Klein se mening ten opsigte van die optimale behoud van tradisionele onderrigruimtes – met die nodige veiligheidstoegewings – ondersteun behoort te word, al is dit so dat dit aangevul sal moet word met die gebruik van elektroniese kommunikasiemiddele. Laasgenoemde is veral geskik vir vakgebiede waar daar ’n minimum van kritiese bespreking plaasvind, soos die natuurwetenskappe – waar sodanige kritiese insette eers werklik op gang kom wanneer dit by gevorderde teoretisering kom; en selfs hier word daar, volgens Stiegler (2011:30), al minder aandag gegee aan teoretisering (in die plek waarvan na die tegniese funksionalisering van teoretiese formules oorgeskakel word).

’n Verdere filosofiese vraag is natuurlik of Castells se “netwerksamelewing”, in weerwil van die skynbare nuutheid daarvan, werklik so nuut is soos wat die meeste kommentators meen (waaronder Castells ook tel). In een opsig oënskynlik wel; uiterlik, in elk geval, naamlik wat die opvallende rol van vele netwerke van uiteenlopende aard betref, wat meesal – indien nie uitsluitlik nie – die grondliggende funksie van die internet voorveronderstel. Dit is wat Martin Heidegger die “korrekte” beskouing van die netwerksamelewing sou noem. Dit is “uiterlik” die geval, omdat die netwerksamelewing die tydgenootlike manifestasie is van wat Heidegger (1977:4, 12, 14-17) reeds ongeveer in die middel van die 20ste eeu as die wese van tegnologie bestempel het, te wete Gestell (“Raamwerk”), oftewel die fundamentele begrip van die bestaande werklikheid as blote rou materiaal (Bestand) vir die opkommandering of uitdaging (Herausforderung) daarvan. Hiervolgens is selfs die mens blote materiaal vir tegniese aanwending (soos gereflekteer in die hedendaagse naam vir die departement (by firmas en universiteite, byvoorbeeld), wat voorheen as “personeelafdeling” (“personnel department”) bekendgestaan het, naamlik “menslike hulpbronne” (“human resources”). Die netwerksamelewing verteenwoordig tot dusver die optimale ontwikkeling van (digitale) middele wat die doel van ’n rasionele tegniese beheer van die werklikheid, insluitende mense, moontlik maak. Die huidige koorsige wedren teen die koronavirus, om ’n doeltreffende entstof te vervaardig (in Augustus), moet in hierdie lig gesien word. Tot dusver het die virus, tot die frustrasie van die mensdom, al hierdie pogings weerstaan, wat nietemin deur die tydgenootlike


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a1

mens, vanweë sy of haar ontologiese verbintenis tot die tegniese beheerbaarheid van die werklikheid, as ’n bloot tydelike terugslag beskou word. In beginsel word die koronavirus, soos alle ander sodanige sub-mikroskopiese entiteite, as tegnies kontroleerbaar beskou.

Dog is daar ’n ander sin waarin die netwerksamelewing niks nuuts is nie, maar waarvoor die meeste mense blind is vanweë die geneigdheid om in hiërargiese terme te dink – wat Gilles Deleuze en Fèlix Guattari “arboreale” (“boom-verwante”) denke noem, en wat daarop neerkom dat onderlinge verhoudinge tussen dinge, asook in die kosmos as geheel, ontologies aan die hand van die beeld van ’n boom en die vertakkinge daarvan begryp word (Stagoll 2004:14-15). Bo aan hierdie dendrologiese struktuur is daar gewoonlik die een of ander entiteit waaraan al die ander entiteite of begrippe laer af in ontologiese of epistemologiese terme ondergeskik is. So byvoorbeeld verteenwoordig Plato se argetipiese vorms (idees) van die Goeie, die Skone en die Ware die heel boonste punt van die “boom van syn”, terwyl alle ander vorms, begrippe en tydruimtelike dinge hiërargies daaraan ondergeskik is en met die boom se stam, takke of wortels geassosieer word. Dit is ook niks buitengewoons om die struktuur van die staat volgens die “arboreale” model te verstaan nie, waar die wetgewende gesag deur die “kroon” van die boom verteenwoordig word en beide die uitvoerende “tak” asook die juridiese vertakking hiërargies gesproke daaronder val.

Volgens Deleuze en Guattari is sodanige “arboreale” denke blind vir die eintlike karakter van die werklikheid, wat “menigvuldig” of “risomaties” is, met ander woorde die steeds wordende en veranderende struktuur van ’n komplekse netwerk van aaneengeskakelde komponente vertoon, waarvan ’n groot aantal (of selfs die meerderheid) – soos in die geval van gras, met ’n ondergrondse wortelstelsel – onsigbaar is. Die radikaliteit van Deleuze (later saam met Guattari) se ontologiese visie is moeilik begrypbaar in ’n kultuur wat histories verknog was (en grootliks nog steeds is) aan die dualistiese visie van “eenheid teenoor veelheid” (“the One versus the Many”) wat tot voor Plato by Heraklitus en Parmenides terugdateer. Menigvuldigheid is vir Deleuze en Guattari in *A Thousand Plateaus* (1987:7-21; 88) seker die mees deurslaggewende begrip, waarsonder die aanverwante “risoom” (“rhizome”) en “dinamiese samestellings/netwerke” (“assemblages”) nie bedink kan word nie. ’n Mens kan nie eens beweer dat menigvuldigheid die mees fundamentele begrip in hul denke is nie, omdat “fundamenteel” weereens ’n “arboreale” (en dus hiërargiese) manier van dink is. Volgens hierdie manier van dink is die werklikheid – wat deur die twee Franse denkers in die “virtuele” en die “aktuele” verdeel word, volledig gekenmerk deur menigvuldigheid – vanaf ’n individu se denke, of subjektiwiteit (Olivier 2014; 2017) tot sy of haar fisiologiese prosesse, en vanaf die anorganiese samestelling van die aardbol tot die biologiese strukture en prosesse van alle ekologiese sisteme, is daar slegs menigvuldigheid met risomatiese, heterogene, gedurig veranderende strukture sonder enige vaste grense.

So gesien, sal verstaan word waarom daar vroeër beweer is dat die netwerksamelewing (of netwerke in die algemeen) in die lig van Deleuze en Guattari se radikale wording georiënteerde ontologie niks nuuts is nie; die werklikheid is – met ander woorde was nog altyd – ’n menigvuldigheid van risomatiese, wordende samestellings of netwerke van prosesmatige gebeure wat weliswaar die voorkoms van “entiteite” of dinge mag vertoon, maar inderdaad suiwer proses is. Met die begrip van die “netwerksamelewing” – wat eintlik baie aan Deleuze en Guattari verskuldig is – artikuleer Castells dus wat nog altyd die geval was, al het die tradisionele boom-georiënteerde of “arboreale” denke ’n mens verhoed om dit raak te sien. Dink maar aan die netwerk van paaie wat in die Hellenistiese tydperk die uitgebreide Romeinse Ryk deurspek het, en tot sigbaarheid gebring het wat reeds op minder opvallende vlak bestaan het. Ooreenkomstig hierdie denkpatroon behoort dit duidelik te wees dat die sub-mikroskopiese


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a1

verskynsel van virusse nog altyd reeds deel van die omvattende risomatiese natuur uitgemaak het, en dat die nuwe koronavirus op risomatiese wyse hierdie "dinamiese netwerk" ("assemblage") uitgebrei het, net soos wat nuwe virusse sal doen. Sodanige insigte, wat deur Deleuze en Guattari se denke moontlik gemaak word, lei tot die radikale besef dat die samelewing in beginsel, oftewel virtueel, nog altyd 'n pandemiese samelewing was – met ander woorde, altyd reeds, vanweë die dinamiese, steeds herskikkende risomatiese konfigurasie van die (omvattende) natuurlike en sosiale sfere, die moontlikheid van 'n aktuele, deurdringende "besmetting" daarvan met 'n patogeniese agent bevat het. Wat dus deur die spesifieke, globale aard van die netwerksamelewing bespoedig is – die snelle verspreiding van die nuwe koronavirus – was (en is steeds) in Deleuzo-Guattariaanse terme die aktualisering van 'n virtuele realiteit.

## DIE PANDEMIE, MAG EN DIE GEVAAR VAN 'N NUWE BARBARISME

Soos aangetoon is in die voorafgaande afdeling oor Naomi Klein se blootlegging van die distopiese tegnokratiese potensiaal van die pandemie, kan niemand die politieke konsekwensies van die pandemie ignoreer of onderskat nie, ongeag die dringendheid van die mediese en ekologiese implikasies daarvan. Dit is voor die hand liggend dat 'n pandemie wat die staat noop om langs verskeie weë medies administratief in te gryp ten einde burgers (na bewering) te beveilig en die snelle verspreiding van die koronavirus te keer, terwyl gesondheidsdienste op parate grondslag geplaas word, eweneens die geleentheid skep vir die staat om sigself tot oënskynlik regverdigbare, totalitêre praktyke te wend. Op hierdie wyse kan die "biopolitiese" taak wat die staat sigself toenemend sedert die 17de eeu toegeëien het – as "die administrasie van die lewe" (Foucault 1978:139) – 'n nuwe, totalitêre wending neem (wat moontlik reeds begin het, soos verder hier onder bespreek sal word). In die moderne era het die "mag oor die lewe" volgens Foucault twee vorms aangeneem, waarvan die eerste (die "anatomo-politiek van die menslike liggaam"; Foucault 1978:139) aan die hand van 'n reeks verwante dissiplinêre tegnieke tegelykertyd die liggaam se ekonomiese produktiwiteit en politieke onderdanigheid geproduseer, vermeerder en geïntensiveer het. Hy skryf verder (1978:139-140):

> The second, formed somewhat later, focused on the species body, the body imbued with the mechanics of life and serving as the basis of the biological processes: propagation, births and mortality, the level of health, life expectancy and longevity, with all the conditions that can cause these to vary. Their supervision was effected through an entire series of interventions and regulatory controls: a biopolitics of the population. The disciplines of the body and the regulations of the population constituted the two poles around which the organization of power over life was deployed. The setting up, in the course of the classical age, of this great bipolar technology – anatomic and biological, individualizing and specifying, directed toward the performances of the body, with attention to the processes of life – characterized a power whose highest function was perhaps no longer to kill, but to invest life through and through.
>
> The old power of death that symbolized sovereign power was now carefully supplanted by the administration of bodies and the calculated management of life.

Indien hierdie karakterisering van die moderne staat se mag in algemene terme die geval was (ofskoon 'n mens kan argumenteer dat die uitoefening daarvan mettertyd na die tegnies ekonomiese sfeer oorgeskuif het; Zuboff 2019; Olivier 2020) – waar al die lewensprosesse (soos geboorte, sterfte, siekte, ensovoorts) die voorwerp van "biopolitiese mag" (of "bio-mag")


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a1

uitgemaak het, kom die keerkant hiervan tans na vore in die gewaad van wat moontlik, as ’n variasie op wat Achille Mbembe (2003) daarmee bedoel, “nekropolitiek” en “nekromag” (“doodsmag”) genoem kan word. Mbembe bied sy “necropolitics” as aanvulling sowel as korreksie van Foucault se begrip van “bio-politiek” aan (Mbembe 2003:14):

> My concern is those figures of sovereignty whose central project is…the generalized instrumentalization of human existence and the material destruction of human bodies and populations.

Hierdie stelling, wat neerkom op ’n karakterisering van die “administrasie van (die) dood” (Braidotti 2013:122; sien ook 123-130) moet saamgelees word met sy argument dat:

> …contemporary forms of subjugation of life to the power of death (necropolitics) profoundly reconfigure the relations among resistance, sacrifice, and terror. I have demonstrated that the notion of biopower is insufficient to account for contemporary forms of subjugation of life to the power of death. Moreover I have put forward the notion of necropolitics and necropower to account for the various ways in which, in our contemporary world, weapons are deployed in the interest of maximum destruction of persons and the creation of death-worlds, new and unique forms of social existence in which vast populations are subjected to conditions of life conferring upon them the status of living dead. (Mbembe 2003:39-40)

Met ander woorde, volgens Mbembe is die Foucaultiaanse begrip van “bio-mag”, of “bio-politiese mag” ontoereikend om die huidige fase van moderniteit te begryp, indien al die militêre en ander tegnieke waarvolgens menselewens in die tydgenootlike wêreld vernietig word, in ag geneem word; trouens, indien ’n mens sy insigte ernstig opneem, is “nekro-politiese mag” nie alleen die keerkant van “bio-politiese mag” nie, maar is laasgenoemde inderdaad onderworpe aan “nekro-mag”: “…to kill or to allow to live constitute the limits of sovereignty, its fundamental attributes. To exercise sovereignty is to exercise control over mortality…” (Mbembe 2003:11-12). Waar sy fokus egter op die verstaan van die hedendaagse benutting van gevorderde tegnologiese oorlogwapentuig is wat die intimidasie en vernietiging van gemeenskappe of bevolkings betref – byvoorbeeld in Palestina, wat hy as die “most accomplished [contemporary] form of necropower” beskou (Mbembe 2003:27) – moet sy begrippe van “living dead” en “death-worlds” aangepas word by die spesifieke aard van staatsmag onder pandemietoestande. In hierdie verband is Rosi Braidotti in die kol met haar opmerking:

> Bodily politics has shifted, with the simultaneous emergence of cyborgs on the one hand and renewed forms of vulnerability on the other. Thus, next to the proliferation of pandemics like SARS, Ebola, HIV, birdflu and others, more familiar epidemics have also returned, notably malaria and tuberculosis, so much so that health has become a public policy issue as well as a human rights concern. (Braidotti 2013:112)

Soos sy verder argumenteer, was die uitwerking hiervan onder andere die herinstelling en erkenning van die onderskeid tussen kultuur en natuur, en paradoksaal genoeg – in ’n era van toenemende bio-tegnologiese bemiddeling – die hernaturalisering van die omgewing. Die verdere paradoks waartoe dit aanleiding gee is dat – naas die fantasie van tegnologiese onsterflikheid, gekoester deur digitale tegnologie-aficionado’s, wat berus op die ontkenning van die liggaam – daar tegelykertyd tekens is van ’n wydverspreide vrees vir onbeheerbare, natuurlike bedreigings in die vorm van onder andere antibiotika-weerstandige virusse en

bakterieë. Soos sy dit stel (Braidotti 2013:113): "The inhuman forces of technology have moved into the body, intensifying the spectral reminders of the corpse-to-come. Our social imaginary has taken a forensic turn". Dit is hierdie begrip van die "corpse-to-come" ("toekomstige lyk") wat by Mbembe se begrippe van "living dead" en "death-worlds" aansluit. 'n Mens kan dus beweer dat die koronavirus-pandemie aanleiding gegee het tot staatspraktyke – soos onderskeibaar van staats- of openbare beleid, aangesien daar weinig sprake is van demokratiese besluitneming in hierdie verband – wat bevolkings tot "lewende dooies" reduseer, en hulle tot "doodswêrelde" beperk onder toestande van sosiale kwarantyn of "grendeltyd" ("lockdown"). Anders gestel: waar bewegingsvryheid drasties ingeperk, en daarmee saam die vermoë om ekonomies aktief te bly (behalwe vir "noodsaaklike dienste") geneutraliseer word, is dit nie meer 'n geval van bio-politiese staatsmag nie, maar veel eerder van nekro-politiese magsuitoefening, in die sin van die benutting van staatsmag om te bepaal hoe mense leef en/of sterf.

In Suid-Afrika het sodanige nekropolitiese magsuitoefening die uiterlike vorm aangeneem van die opskorting en vervanging van konstitusioneel geregverdigde demokratiese, parlementêre besluitneming met die samestelling van 'n "National Coronavirus Command Council" (NCCC), wat belas is met besluitneming wat betrekking het op die regulering van (toelaatbare) ekonomiese aktiwiteite – insluitend die aankoop van drank (Mkhize 2020) en sigarette – asook menslike beweging tussen stede en provinsies, en selfs die reg en toelaatbare tye om fisiese oefening te doen. Die grendel-reëls verander van tyd tot tyd (Feketha 2020), soos bepaal deur die NCCC, in weerwil daarvan dat verskeie organisasies die konstitusionele reg daarvan om eensydig hierdie reëls te bepaal, in die hof uitgedaag het. Die duidelikste aanduiding dat die ANC-regering op diktatoriale wyse die reg van totalitêre, nekropolitiese magsuitoefening toegeëien het, blyk uit die feit dat, sover vasgestel kan word, dit 'n hofuitspraak deur die Noord-Gauteng Hooggeregshof op 2 Junie – dat dit onkonstitusioneel opgetree het met die instelling van die NCCC en die uitvaardiging van reëls om burgerlike handelinge te reguleer (Rumney 2020; Githahu 2020; Khoele 2020; sien ook News 24 oor tekens van 'n totalitêre wending) – bloot geïgnoreer het asof dit glad nie gebeur het nie. Regter Norman Davis, wat die uitspraak gelewer het, het gewys op die konstitusionele ongeldigheid en onversoenbaarheid van sommige grendelreëls, asook hul "irrasionaliteit" en "absurditeit" (Deochand *et al*. 2020), in weerwil waarvan die regering tot dusver (sover vasgestel kon word) geen reaksie getoon het nie en bloot voortgaan met die uitvaardiging en die arbitrêre toepassing van regulasies (Donen 2020).

Manifestasies van nekropolitiese praktyke is nie beperk tot Suid-Afrika nie. In die veronderstelde bastion van demokrasie, die Verenigde State, neem die Trump-administrasie tans toenemend hul toevlug tot optredes wat, op die keper beskou, nekropolities van aard is, soos byvoorbeeld die benutting van federale agente (sonder enige kentekens op hul uniforms) om mense tydens protesbyeenkomste hardhandig te behandel en selfs in voertuie te "ontvoer" (Lutz 2020; Baker *et al*. 2020). Slavoj Žižek bring in hierdie verband 'n ander aspek van die huidige pandemiesituasie na vore, wat feitlik sinoniem is met nekropolitiek – hy praat van "barbarisme met 'n menslike gesig", met ander woorde, barbarisme wat deur die staat teweeggebring en bevorder word onder die voorwendsel dat dit (volgens wetenskaplike adviseurs) deur huidige toestande vereis word. Volgens Žižek is dit gevaarliker as 'n "regressie na oorlewingsgeweld". Hy skryf as volg (2020; sien ook Žižek 2020a):

> The impossible has happened and the world we knew has stopped turning around. But what world order will emerge after the coronavirus pandemic is over – socialism for the rich, disaster capitalism or something completely new?

> These days I sometimes catch myself wishing to get the virus – in this way, at least the debilitating uncertainty would be over. A clear sign of how my anxiety is growing is how I relate to sleep. Until around a week ago I was eagerly awaiting the evening: finally, I can escape into sleep and forget about the fears of my daily life. Now it's almost the opposite: I am afraid to fall asleep since nightmares haunt me in my dreams and make me awaken in panic – nightmares about the reality that awaits me.
>
> What reality? Alenka Zupancic formulated it perfectly, and let me resume her line of thought. These days we often hear that radical social changes are needed if we really want to cope with the consequences of the ongoing epidemic (I myself am among those spreading this mantra). But radical changes are already taking place…
>
> I don't think the biggest threat is a regression to open barbarism, to brutal survivalist violence with public disorders, panic lynching, etc. (although, with the possible collapse of health and some other public services, this is also quite possible.) More than open barbarism I fear barbarism with a human face – ruthless survivalist measures enforced with regret and even sympathy, but legitimized by expert opinions.

Die genadelose oorlewingsmaatreëls waarna Žižek hier verwys, is juis waarop nekropolitiek as die mag oor lewe en dood neerkom – waar die alomteenwoordigheid van die dood aan bevolkings die "zombie"-karakter van "lewende dooies" besorg. Dit kom duidelik na vore waar hy verder skryf (Žižek 2020):

> A careful observer easily noticed the change in tone in how those in power address us: they are not just trying to project calm and confidence, they also regularly utter dire predictions – the pandemic is likely to take about two years to run its course and the virus will eventually infect 60-70 percent of the global population, with millions dead.
>
> In short, their true message is that we'll have to curtail the basic premise of our social ethics: the care for the old and weak. In Italy, for instance, it's already been proposed that if the virus crisis gets worse, patients over 80 or those with other heavy diseases will be simply left to die.

Žižek se somber insigte is deur die Direkteur-Generaal van die Wêreld-Gesondheidorganisasie (WHO), Dr Tedros Ghebreyesus, bevestig (Conservative Headline News 2020) toe hy onlangs die waarskuwing uitgereik het dat die wêreld nooit weer na normaliteit sal kan terugkeer ná die huidige koronavirus-pandemie nie (nieteenstaande die feit dat gewone griep, wat ook deur 'n koronavirus veroorsaak word, jaarliks 'n vergelykbare aantal mense om die lewe bring). Met ander woorde, van die hoogste gesag oor "gesondheid" moet ons verneem dat die amptelike beleid van hierdie organisasie (WHO) nou "nekropolities" is.

## SLOT: WAT 'N MENS TE DOEN STAAN

Om klaarblyklike redes sal die voorafgaande argument, saam met die gepaardgaande inligting, waarskynlik tot angs of neerslagtigheid aanleiding gee, soos wat Žižek dit ervaar. Die vraag is dus: kan 'n mens iets daaromtrent doen, veral wanneer dit duidelik is dat individue feitlik magteloos staan teen staatsapparaat wat benut word om nekropolitiese mag uit te oefen? Aanvanklik is die vraag gevra of die huidige pandemie aan die mensdom 'n geleentheid tot besinning bied. Dit vereis dat 'n mens nie op die staat se reaksie op die pandemie, of selfs op die pandemie self, fokus nie, aangesien albei simptome is van 'n dieperliggende oorsaak. En die oorsaak, wat reeds hier bo te berde gebring is, is wat 'n mens se aandag verg. Ook Žižek (2020) vestig die aandag daarop dat 'n mens maklik om die bos gelei word wanneer die


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a1

"outoriteite" jou aan jou "persoonlike verantwoordelikheid" ten aansien van die gevaar van infeksie met die koronavirus herinner – jy moet onthou om 'n masker te dra, om "sosiale distansiëring" te beoefen, om jou hande gereeld met ontsmetmiddel te was, ensovoorts. Dog om oormatig hierop te konsentreer, sonder om dit in die groter raamwerk van die oorsake van die virus se verskyning – waarop vroeër uitgebrei is – te plaas, sal geen hond haaraf maak nie. Daarom skryf Žižek (2020):

> Such a focus on individual responsibility, necessary as it is, functions as ideology the moment it serves to obfuscate the big question of how to change our entire economic and social system. The struggle against coronavirus can only be fought together with the struggle against ideological mystifications, plus as part of a general ecological struggle.

Aansluitend by Žižek en by die eerste afdeling van hierdie artikel, wat die vraag probeer beantwoord het, of die koronavirus-pandemie as 'n gulde geleentheid vir besinning (oor die plek van die mens in die natuur, en daarby implisiet ook oor die mensdom se toekoms) aangegryp behoort te word – en wat 'n mens myns insiens bevestigend moet beantwoord – wil ek afsluitend dus kortliks aandui wat die mensdom te doen staan om 'n lewensvatbare toekoms vir hulself en hul kinders te probeer genereer. Ek het vroeër opgemerk dat daar myns insiens nie rede is vir optimisme nie. Per slot van sake, wat is die kanse dat mense tot hul sinne sal kom en die grondoorsaak vir die huidige dilemma – die rampspoedige kapitalistiese ekonomiese sisteem (Kovel 2007; Klein 2007; 2014; Olivier 2018) – sal vervang met 'n meer volhoubare stelsel (met ander woorde, met 'n ekonomiese sisteem wat mense se onteenseglike verhouding met die oorkoepelende natuurlike ekosisteem daarby sal integreer)? Mense is net te verknog aan ingewortelde gewoontes en gebruike om hulle maklik te laat vaar, selfs in die aangesig van oorweldigende getuienis dat dit in hul eie belang is. Soos daagliks in die media blyk, kan regerings en besighede in al die nasies wat swaar deur die pandemie getref is nie wag om hul ekonomieë weer aan die gang te kry nie – "Back to business as usual!" – al is daar aanduidings dat dit met sekere gepaardgaande veranderinge sal wees, soos byvoorbeeld wat sitplekverspreiding op vliegtuie betref.

In 2010 was Harvey ook nie optimisties oor die vooruitsig van fundamentele verandering in sosio-ekonomiese leefwyse nie, veral omdat hy dit betwyfel het of universiteite ware kritiese denke met kursusse wat aangebied word sou integreer. Daarvoor was universiteite eenvoudig volgens hom net te vasgevang in die ideologies diskursiewe greep van die hegemoniese ekonomiese sisteem, naamlik neoliberalisme, wat boonop lankal die politieke sisteem gekaap het. Hy meen dus dat, "...[it is] only when these critical ideas [are] carried over into the fields of institutional arrangements, organisational forms, production systems, social relations, technologies and relations to nature that the world would truly change" (Harvey 2010:237-238). Verder, sover dit universiteite aangaan (ibid.:238):

> The repression of critical and radical currents of thought – or to be more exact the corralling of radicalism within the bounds of multiculturalism and cultural choice – creates a lamentable situation within the academy and beyond, no different in principle to having to ask the bankers who made the mess [in 2008] to clean it up with exactly the same tools as they used to get into it.

Indien dit voorkom asof hierdie gedagtes niks met die koronavirus-pandemie te make het nie, moet weereens beklemtoon word dat – soos reeds hier bo uitgewys is, en deur vele denkers bekragtig word – neoliberale kapitalisme onlosmaakbaar is van die destruktiewe indringing van die natuur, en die gevolglike "vrylating" van verskeie virusse deur diere wat onder druk


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a1

verkeer. Harvey huiwer nie om die skuld vir die huidige toedrag van sake voor die deur van universiteite te lê nie:

> But the current crop of academicians, intellectuals and experts in the social sciences and humanities are by and large ill equipped to undertake such a collective task... Universities continue to promote the same useless courses on neoclassical economic or rational choice political theory as if nothing has happened and the vaunted business schools simply add a course or two on business ethics or how to make money out of other people's bankruptcies. After all, the crisis arose out of human greed and there is nothing that can be done about that!
>
> The current knowledge structure is clearly dysfunctional and equally clearly illegitimate. The only hope is that a new generation of perceptive students (in the broad sense of all those who seek to know the world) will clearly see that it is so and insist upon changing it. This happened in the 1960s. At various other critical points in history student-inspired movements, recognising the disjunction between what is happening in the world and what they are being taught and fed by the media, were prepared to do something about it. There are signs, from Tehran to Athens and on to many European university campuses of such a movement. (Harvey (2010:239)

Harvey is nie die enigste toonaangewende denker wat hierdie mening toegedaan is nie. Die (na my mening, tot sy onlangse, ontydige dood op 6 Augustus 2020) belangrikste filosoof ter wêreld, Bernard Stiegler, het eweneens nie geskroom om neoliberale kapitalisme uit te sonder as die bron van die huidige ineenstorting van waardes wêreldwyd nie (wat ooglopend ook op die waarde van die natuur betrekking het). Hy (Stiegler 2011:60-66) praat in hierdie verband van die verskyning van "mafia-kapitalisme", waartydens die middelklasse as sodanig verdwyn vanweë hul verbruiker-verwante "proletarianisering" en "simboliese ellende" (Olivier 2017a). Stiegler berispe ook (soos Harvey ten opsigte van universiteite) tydgenootlike filosowe vir hul onwilligheid om – soos Karl Marx voor hulle – die politieke ekonomie ernstig op te neem as dringende voorwerp van kritiek (Stiegler 2011:18):

> …the philosophy of our time has abandoned the project of a critique of political economy, and this constitutes a disastrous turn of events. Because if it is true that economism has led to horrific outcomes, nevertheless the absence of a critique of today's economy prepares other horrors – and at the same time leaves the coming generation tragically unprepared.

Die punt is dat, in die afwesigheid van 'n grondige, universiteitsgebaseerde kritiek op die huidige hegemoniese ekonomiese sisteem – wat sodanige kritiese praktyk vir studente sou toeganklik maak (byvoorbeeld die belangrike werk van die kritiese ekonoom, Charles Eisenstein 2011) – kan 'n mens nie realisties hoop op 'n omvattende verandering in denke, en gevolglik in sosiale en ekonomiese praktyke nie (sien in hierdie verband Olivier 2018a). Daarsonder is dit onafwendbaar dat die natuur-vyandige praktyke wat in die lig van bestaande getuienis aanleiding gegee het tot die oordrag van die nuwe koronavirus na mense – en sedertdien tot die globale, gesondheids- en ekonomies-rampspoedige pandemie – sal voortgaan, en dat nuwe bedreigings vir menselewens deur die natuur gegenereer sal word. Immers: indien die "mensdom" volhou om die "dom mens" te wees, sou 'n mens kon argumenteer dat dit slegs die natuur, oftewel Gaia, is wat verandering kan en sal teweegbring.

Soos 'n welmenende kommentator my herinner het, is dit egter noodsaaklik om 'n sin van "balans" te handhaaf, gegewe die lewensoriënterende tekortkominge van universiteite. Daarom moet Harvey se hoopvolle opmerkings rondom tekens dat skerpsinnige studente aan

tydgenootlike universiteite moontlik ’n verskil sou kon maak wat relevante samelewingskritiek vanuit universiteitsoord betref, ten slotte aangevul word met die opmerking dat daar ook buite universiteite sprake is van meer opbeurende verwikkelinge. Sonder om in te veel besonderhede daarop in te gaan, wil ek daarop wys dat daar oral aanduidings is van ’n doelbewuste verwerping van ’n verbruikersmentaliteit, en in die plek daarvan ’n terugkeer na ’n eenvoudiger, meer “ekologies-bewuste” lewenswyse. Om maar net een uiters betekenisvolle, simptomatiese verskynsel in hierdie verband te noem: waarna Paul Hawken (2007) as ’n “blessed unrest” verwys, oftewel ’n reusagtige globale “beweging”, onder uiteenlopende groepe mense, wat daarop gemik is om ’n “ander lewenswyse” in die plek van wat gesien word as ’n globale sosiale krisis daar te stel. Weliswaar wys Hawken daarop dat hierdie “beweging” besig is om “onder die radar” vorm aan te neem, maar dit maak die verskyning daarvan geensins minder betekenisvol nie. Trouens, dit is rede vir hoop.

**POST SCRIPTUM**

In die lig van nuwe getuienis oor die Covid-19-“pandemie” wat pas, in Oktober 2020, aan die lig gekom het, is ek genoop om hierdie naskrif by die huidige artikel te voeg. In ’n verfilmde toespraak (Mercola 2020) het Dr. Reiner Fuellmich – ’n verbruiker-beskerming regspraktisyn in Duitsland en Kalifornië (VSA) – die opsienbarende aankondiging gedoen dat hy saam met drie ander regspraktisyne ’n grootskaalse klasaksie-regsgeding loods, om die grootste bedrog wat na bewering nog ooit in die geskiedenis teen die mensdom gepleeg is, aan die kaak te stel. Hier is ’n opsoming van die lang toespraak se hoofpunte (Mercola 2020):

- The German Corona Extra-Parliamentary Inquiry Committee (Außerparlamentarischer Corona Untersuchungsausschuss), launched July 10, 2020, was founded by four trial attorneys to investigate and prosecute those responsible for implementing the economically devastating lockdowns around the world, as well as using fraudulent testing to engineer the appearance of a dangerous pandemic
- The Corona Extra-Parliamentary Inquiry Committee will be working with an international network of lawyers to argue the most massive tort case ever – a case described as “probably the greatest crime against humanity ever committed”
- They argue that pandemic measures were intended to sow panic so that the pharmaceutical and tech industries can generate huge profits from the sale of PCR tests, antigen and antibody tests and vaccines, and the harvesting of our genetic fingerprints
- Lockdowns were unnecessary, and any claim to the contrary is wrong, the Inquiry Committee insists. The virus was already in retreat and infection rates were starting to decline when lockdowns were imposed; scientific evidence shows a majority of people already have built-in protection against the virus due to cross-reactive T cell immunity, and the PCR test cannot be used to identify an active infection with SARS-CoV-2 or any other virus
- While mortality statistics during the pandemic have been within the norms of any given year, meaning the pandemic has not resulted in an excess number of deaths or a death toll higher than normal, the collateral damage from pandemic response measures is nearly incalculable.

Om die erns van die saak te beklemtoon, sê Dr. Fuellmich onder andere (Mercola 2020):

> All the…cases of corruption and fraud committed by the German corporations pale in comparison in view of the extent of the damage that the corona crisis has caused and


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a1

> continues to cause. This corona crisis, according to all we know today, must be renamed a corona scandal; and those responsible for it must be criminally prosecuted and sued for civil damages.

Nodeloos om te beklemtoon, behels die bostaande bewerings, wat klaarblyklik deur ’n magdom van getuienis gestaaf word, die moontlikheid (indien nie die waarskynlikheid nie) dat ’n noemenswaardige gedeelte van wat ’n mens tot dusver as betroubare inligting oor die Covid-19-pandemie aanvaar het, daardeur ondermyn mag word. Hierdie is geensins ’n “samesweringsteorie” soos dié wat beweer dat die virus deur die Sjinese in ’n laboratorium in Wuhan vervaardig is nie; dit is, sover ek persoonlik kan oordeel, ’n weldeurdagte, getuienis-ondersteunde regshandeling wat op hierdie stadium redelik oortuigend klink, veral ook omdat bekende mediese figure instemmend en bevestigend daarby betrokke is.

Wat is die implikasies hiervan vir die huidige artikel (trouens, vir alles wat tot dusver oor die koronavirus-pandemie geskryf is op grond van die aanname dat die inligting wat deur die media daaroor versprei is, en steeds word, en te goeder trou deur die meeste mense aanvaar is, inderdaad korrek is) van hierdie verreikende aansprake deur Dr. Fuellmich en sy kollegas? Kortweg, dat alles in die huidige artikel wat hierdie naskrif voorafgaan, in ’n bepaalde sin “hipoteties” is en as sodanig gelees moet word. Met ander woorde, dit is gebaseer op die veronderstelling dat die inligting waarop dit gebaseer is – gedeeltes waarvan deur hierdie nuwe inligting van Dr. Fuellmich en sy kollegas getorpedeer sou kon word indien dit weldra as akkuraat bewys word – betroubaar is/was, en as sodanig gelees moet word.

Dit is ’n bekende wetenskaplike beginsel dat alle menslike kennis voorlopig is, dit wil sê, dat dit deur nuwe ontdekkings en/of teoretiese perspektiewe verkeerd bewys sou kon word. Dit is ook hier die geval. Nietemin meen ek dat sommige gedeeltes van die huidige artikel (wat die naskrif voorafgaan) tog hul geldigheid sou behou, selfs al sou die opsienbarende ontwikkelinge wat pas aan die lig gekom het mettertyd gesubstansieer word, byvoorbeeld die gedeelte oor die filosofiese implikasies van die “pandemie”. Dit geld ook vir die deurlopende argument dat die nuwe koronavirus (wat dit steeds is, ook in die lig van die nuwe getuienis), wat waarskynlik van diere na mense oorgedra is, ondubbelsinnig daarop wys dat mense hul verhouding met die natuur moet hersien, en radikaal moet wysig in die lig van die skade wat menslike ekonomiese aktiwiteite aan die natuur aangerig het, en dit nog steeds doen. Nietemin – met hierdie “post scriptum” wil ek te kenne gee dat die hele globale Covid-19-episode nog geensins afgehandel is nie, en wil ek alle lesers aanmoedig om aandagtig na die videotoespraak van Dr. Fuellmich (Mercola 2020) te luister en dan self te besluit waar hulle ten opsigte van hierdie netelige kwessie staan.

## BIBLIOGRAFIE


Baker, M., Fuller, T. & Olmos, S. 2020. Federal agents push into Portland Streets, stretching limits of their authority. New York Times, 31 Julie: https://www.nytimes.com/2020/07/25/us/portland-federal-legal-jurisdiction-courts.html (Toegang op 8 Augustus).

Baudrillard, Jean. 1993. *The Transparency of Evil. Essays on Extreme Phenomena*, vert. Benedict, J. London: Verso.

Baudrillard, Jean. 2005. *The Intelligence of Evil or The Lucidity Pact*, vert. Turner, C. Oxford: Berg Publishers.

Braidotti, R. 2013. *The Posthuman*. Cambridge: Polity Press.

BBC Business News. 2020. Amazon, Facebook and Apple thriving in lockdown. 30 July: https://www.bbc.com/news/business-53602596 (Toegang op 31 Julie).

Bush, Z. 2020. Doctor who predicted Covid 19 answers all. Del Bigtree, The Highwire, 14 Mei: https://www.youtube.com/watch?v=BxbA2naz-MA (Toegang op 7 Julie).

Carter, Z. 2020. The rich are having themselves a fine coronavirus. Yahoo News/Huffpost, 15 April: https://uk.news.yahoo.com/rich-coronavirus-bailout-stimulus-banks-210951331.html (Toegang op 23 April).

Castells, M. 2010. *The Rise of the Network Society*. Tweede uitgawe. Oxford: Wiley-Blackwell.

Child, D. 2020. Covid-19 virus '1000 times more effective at infecting humans than closest relative' because of evolutionary history, study finds. Yahoo science/Evening Standard: 11 July: https://uk.yahoo.com/news/covid-19-virus-1-000-092848140.html (Toegang op 11 Julie).

Colebrook, C. 2014. *Death of the PostHuman: Essays on Extinction, Vol. 1*. Open Humanities Press.

Conservative Headline News. 2020. When will Covid tyranny end? W.H.O. Director: 'never!' Unless… https://conservativeheadlinenews.com/when-will-covid-tyranny-end-w-h-o-director-never-unless/ (Toegang op 31 Julie).

Deleuze, G. & Guattari, F. 1987. *A Thousand Plateaus: Capitalism and Schizophrenia Vol. 2*. Vert. Massumi, B. Minneapolis: University of Minnesota Press.

Deochand, E., Mafuma, T. & Baduza, M. 2020. Covid-19: Constitutional conundrums as lockdown court challenges mount. Spotlight, 11 Junie: https://www.spotlightnsp.co.za/2020/06/11/covid-19-constitutional-conundrums-as-lockdown-court-challenges-mount/ (Toegang op 7 Augustus).

Derrickson, S. (Reg.) 2008. *The Day the Earth Stood Still*. VSA: 20th Century Fox.

Donen, M. 2020. Rule of law in South Africa should not be arbitrary. IOL News, 29 Junie: https://www.iol.co.za/capetimes/opinion/rule-of-law-in-south-africa-should-not-be-arbitrary-50096442 (Toegang op 7 Augustus).

Duffy, C., Yurieff, K., Fung, B. & Iyengar, R. 2020. The coronavirus has only made Big Tech more dominant. CNN Business, 31 July: https://edition.cnn.com/2020/07/30/tech/big-tech-earnings-antitrust-coronavirus/index.html (Toegang op 31 Julie).

Ebert, R. 2008. A woman, a child, and Klaatu, with the human race in peril. Roger Ebert.com, 10 Desember: https://www.rogerebert.com/reviews/the-day-the-earth-stood-still-2008 (Toegang op 10 Augustus).

Eisenstein, C. 2011. *Sacred Economics: Money, Gift and Society in the Age of Transition*. California: North Atlantic Books. https://charleseisenstein.org/books/sacred-economics/ (Toegang op 11 Augustus).

Feketha, S. 2020. Covid-19 in SA: Revised lockdown rules on the way. IOL News, 6 August: https://www.iol.co.za/news/politics/covid-19-in-sa-revised-lockdown-rules-on-the-way-4f05fe44-9b88-4c61-94ef-667ea9aa9ccc (Toegang op 7 Augustus).

Foster, J.B., Clark, B. & York, R. 2010. *The Ecological Rift – Capitalism's War on the Earth*. New York: Monthly Review Press.

Foucault, M. 1978. *The History of Sexuality, Volume 1: An Introduction*. Vert. Hurley, R. New York: Pantheon Books.

Germain, G. 2017. *Thinking about Technology. How the Technological Mind Misreads Reality*. New York: Lexington Books.

Githahu, M. 2020. Appeal against unconstitutional lockdown ruling will 'end up an academic exercise'. IOL News, 19 June: https://www.iol.co.za/capeargus/news/appeal-against-unconstitutional-lockdown-ruling-will-end-up-an-academic-exercise-49605954 (Toegang op 7 Augustus).

Griffiths, J. 2020. 'I love you': How a badly-coded computer virus caused billions in damage and exposed vulnerabilities which remain 20 years on. CNN Business, 4 May: https://edition.cnn.com/2020/05/01/tech/iloveyou-virus-computer-security-intl-hnk/index.html (Toegang op 7 Julie).

Harvey, D. 2010. *The Enigma of Capital and the Crises of Capitalism*. Oxford: Oxford University Press.

Hawken, P. 2007. *Blessed Unrest. How the Largest Movement in the World Came into Being and Why No One Saw It Coming*. New York: Viking.

Hayes, P. 2020. Here's how scientists know the coronavirus came from bats and wasn't made in a lab. Yahoo Science/The Conversation, 13 July: https://uk.yahoo.com/news/m/d56ce983-6f2a-30f0-b859-ac937d258716/here-s-how-scientists-know.html (Toegang 21 Julie).

Heidegger, M. 1977. The Question Concerning Technology. In *The Question Concerning Technology and Other Essays*. Vert. Lovitt, W. New York: Garland, pp. 3-35.

Houellebecq, M. 2007. *The Possibility of an Island*. Vert. Bowd, G. New York: Vintage.



doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a1

Khoele, M. 2020. The lockdown is unconstitutional. LexisNexis 26 Junie: https://www.lexisnexis.co.za/news-and-insights/covid-19-resource-centre/practice-areas/public-law/the-lockdown-is-unconstitutional (Toegang op 7 Augustus).

Klein, N. 2007. *The Shock Doctrine. The Rise of Disaster Capitalism*. London: Penguin Books.

Klein, N. 2014. *This Changes Everything – Capitalism vs the Climate*. Toronto: Alfred Knopf.

Klein, N. 2020. Screen new deal: Under cover of mass death, Andrew Cuomo calls in the billionaires to build a high-tech dystopia. The Intercept, 8 May: https://theintercept.com/2020/05/08/andrew-cuomo-eric-schmidt-coronavirus-tech-shock-doctrine/ (Toegang 19 Mei).

Kovel, J. 2007. *The Enemy of Nature. The End of Capitalism or the End of the World?* Tweede, hersiene uitgawe. London: Zed Books.

Leggett, T. 2020. Coronavirus: How will airlines get flying again? BBC Business News, 30 April: https://www.bbc.com/news/business-52441652 (Toegang op 4 Julie).

Lutz, E. 2020. The Trump administration is deploying "secret police" against protesters in Portland. Vanity Fair, 17 Julie: https://www.vanityfair.com/news/2020/07/trump-administration-deploying-secret-police-against-protesters-in-portland (Toegang op 8 Augustus).

Mbembe, A. 2003. Necropolitics. Vert. Meintjes, *L. Public Culture* 15(1):11-40.

Mercola, J. 2020: Coronavirus fraud scandal – the biggest fight has just begun. Mercola, 17 October: https://articles.mercola.com/sites/articles/archive/2020/10/17/coronavirus-fraud-biggest-crime-against-humanity.aspx (Toegang op 19 Oktober).

Mkhize, V. 2020. Coronavirus and South Africa's toxic relationship with alcohol. BBC World News, Africa, 11 August: https://www.bbc.com/news/world-africa-53699712 (Toegang op 11 Augustus).

News 24. 2020. The Covid-19 Chronicles, Episode 6, 14 May: https://www.youtube.com/watch?v=qFzm67PLioo (Toegang op 8 Augustus).

Nietzsche, F. 1968. *The Will to Power*. Vert. Kaufmann, W. & Hollingdale, R.J. New York: Vintage Books.

Nietzsche, F. 2013. *Thus Spake Zarathustra*. Vert. Common, T. Electronic Classics Series. Hazleton: Pennsylvania State University.

Nuki, P. 2020. Spillover: the origins of Covid-19 and why the next pandemic may already have started. Yahoo Health/The Telegraph, 18 July: https://uk.yahoo.com/news/spillover-origins-covid-19-why-095418439.html (Toegang op 7 Augustus).

Olivier, B. 2007. Nietzsche, immortality, singularity and eternal recurrence. *South African Journal of Philosophy*, 26(1):70-84. Herdruk in Olivier, B. 2012. *Intersecting Philosophical Planes: Philosophical Essays*. Oxford: Peter Lang, pp. 25-46.

Olivier, B. 2014. The subject: Deleuze/Guattari or Lacan? *Phronimon, Journal of the South African Society for Greek Philosophy and the Humanities*, Vol. 15(1):46-66.

Olivier, B. 2017. The ethical (and political) status of theorising the subject: Deleuze and Guattari. *Psychotherapy and Politics International* 15(2):1-10: http://onlinelibrary.wiley.com/wol1/doi/10.1002/ppi.1408/full.

Olivier, B. 2017a. Stiegler en die Hedendaagse kultuur: Te vlak vir Woorde? *De Uil van Minerva* (Belgiese Filosofietydskrif), 30(2):111-129.

Olivier, B. 2018. Die ekologiese krisis, kapitalistiese ekonomie en tegno-optimisme. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 58(3):464-482.

Olivier, B. 2018a. The poverty of (critical) theory. *Acta Academica* 50(2):1-39. DOI: http://dx.doi.org/10.18820/24150479/ aa50i3.00.

Olivier, B. 2019. "Passiewe nihilism" in die huidige era. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 59(4):471-492.

Olivier, B. 2020. The psychopolitics of (and psychotherapy required by) neoliberalism. *Psychotherapy and Politics International* 18(1):1-19. DOI: https://onlinelibrary.wiley.com/doi/abs/10.1002/ppi.1519.

Olivier, B. 2020a. 'A doctor who thinks holistically about Covid-19'. Posted on the Mail & Guardian's Thought Leader site, 18 May: https://thoughtleader.co.za/bertolivier/2020/05/18/a-doctor-who-thinks-holistically-about-covid-19/.

RT News. 2020. Covid-19 pandemic will 'bring socialism to US' and transform the world – Nassim Taleb to RT. RT News, 8 August: https://www.rt.com/news/497465-nassim-taleb-pandemic-socialism/ (Toegang op 9 Augustus).

RNA virus. Wikipedia: https://en.wikipedia.org/wiki/RNA_virus (Toegang op 7 Julie).

Rumney, E. 2020. Court rules some South African lockdown restrictions invalid. Reuters, 2 Junie: https://www.reuters.com/article/us-health-coronavirus-safrica-court/south-african-high-court-says-some-lockdown-restrictions-invalid-government-says-idUSKBN2392BV (Toegang op 7 Augustus).

Stagoll, C. 2010. Arborescent schema. In: Parr, A. (ed.). *The Deleuze Dictionary* (Revised Edition). Edinburgh: Edinburgh University Press, pp. 14-15.

Stelter, B. 2020. Journalists mourn the loss of newsrooms as publishers give up office space to save money. CNN Business, 13 August: https://edition.cnn.com/2020/08/12/media/newsrooms-office-space-sale/index.html (Toegang op 13 Augustus).

Stiegler, B. 1998. *Technics and Time, Vol. 1, The Fault of Epimetheus*. Vert. Beardsworth, R. & Collins, G., Stanford: Stanford University Press.

Stiegler, B. 2011. *For a New Critique of Political Economy*. Vert. Ross, D. Cambridge: Polity.

Stiegler, B. 2015. *States of Shock: Stupidity and Knowledge in the 21st Century*. Vert. Ross, D. Cambridge: Polity Press (Kindle uitgawe).

Valich, L. 2020. Covid-19: What's RNA research got to do with it? University of Rochester Newscenter (Science and Technology), 28 April: https://www.rochester.edu/newscenter/covid-19-rna-coronavirus-research-428952/ (Toegang op 7 Julie).

Weston, P. 2020. "We did it to ourselves": Scientist says intrusion into nature led to pandemic. *The Guardian*, 25 April: https://uk.news.yahoo.com/did-ourselves-scientist-says-intrusion-050036773.html (Toegang op 27 April).

Žižek, S. 2020. Biggest threat Covid-19 epidemic poses is not our regression to survivalist violence, but BARBARISM with human face. RT News Op-ed, 19 Maart: https://www.rt.com/op-ed/483528-coronavirus-world-capitalism-barbarism/ (Toegang op 26 Julie).

Žižek, S. 2020a. Coronavirus is 'Kill Bill'-esque blow to capitalism and could lead to reinvention of communism. RT News Op-ed, 27 Februarie: https://www.rt.com/op-ed/481831-coronavirus-kill-bill-capitalism-communism/ (Toegang op 26 Julie).

Zuboff, S. 2019. *The Age of Surveillance Capitalism: The Fight for a Human Future at the New Frontier of Power*. New York: Public Affairs.

# Eksplorasies in ’n postnormale landskap: Suid-Afrika duskant en anderkant Covid-19

***Explorations in a post-normal landscape: South Africa this side of and beyond Covid-19***

**Philip Spies**
Emeritus professor in Toekomsstudies
Universiteit Stellenbosch
Stellenbosch
Suid-Afrika
E-pos: phspies@iafrica.com

**Chris Jones**
Eenheid vir Morele Leierskap
Universiteit Stellenbosch
Stellenbosch
Suid-Afrika
E-pos: chrisjones@sun.ac.za



Philip Spies



Chris Jones

| | |
|---|---|
| **Philip Spies** is emeritus professor in Toekomsstudies en was stigtingsdirekteur van die Universiteit Stellenbosch se Instituut vir Toekomsnavorsing. Hy is ’n lid van die “World Futures Studies Federation” (WFSF). | **Philip Spies** is emeritus professor in Futures Studies and was founding director of the Institute for Futures Research at the University of Stellenbosch. He is a member of the “World Futures Studies Federation” (WFSF). |
| **Chris Jones** was vir byna 20 jaar ’n gemeentepredikant in Ceres voordat hy en sy gesin aan die begin van 2008 Stellenbosch toe verhuis het om die Eenheid vir Morele Leierskap aan die Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch, op die been te bring. Hy staan tans aan die hoof van hierdie Eenheid en is ook ’n navorsingsgenoot binne die Dissiplinegroep Sistematiese Teologie en Ekklesiologie. Hy is die skrywer van ’n verskeidenheid boeke, hoofstukke in boeke en artikels. Hy is betrokke by verskeie gemeenskapsontwikkelingsprojekte. | **Chris Jones** was a church minister in Ceres for close to 20 years before moving to Stellenbosch with his family at the beginning of 2008 to establish the Unit for Moral Leadership at the Faculty of Theology, Stellenbosch University. He currently heads this Unit and is also a research fellow within the discipline group Systematic Theology and Ecclesiology. He is the author of a variety of books, chapters in books and articles. He is involved in various community development projects. |

**Datums:**
Ontvang: 2020-09-10 Goedgekeur: 2020-10-31 Gepubliseer: Desember 2020


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a2

**ABSTRACT**

***Explorations in a post-normal landscape: South Africa this side of and beyond Covid-19***

*The initial impact of the Covid-19 pandemic was felt through its life-threatening flu-like infections that caused the death of tens of thousands of people around the world, but an even more serious and enduring effect evolved from the lock-down strategies of governments to contain the infections. It caused mass disruptions in the social and economic life of nations and communities: people were isolated from friends, family and their recreation facilities, businesses went bankrupt, supply chains crumbled, and unemployment increased. The ultimate economic and social consequences of this policy-driven destruction of global systems are unfathomable. They confuse people, causing a feeling of hopelessness and incompetence in their search for solutions to the policy-initiated spillover problems they have to face. They are faced with an uncontrollable wave of change, the nature of which they can only try to understand, and which, it is hoped, will lead to a more desirable future outcome. When they reflected on the emergence of the pandemic, people suddenly became aware of a number of warnings issued since the 1990s about the likelihood of a Covid-19-type flu-like pandemic that would ravage the world. Why were these warnings ignored? Moreover, why did this pandemic become so utterly disruptive that people now struggle to find solutions to it? Three futurists at the international Centre for Post-normal Policy and Futures Studies describe the Covid-19 pandemic as a "perfect post-normal storm" in "post-normal times". This paper uses aspects of their research to explain the disruptive effect of the Covid-19 pandemic, applying them to the South African situation. The wave of disruptions that were caused by pandemic control is in essence complex systemic. It is very difficult to understand complex systemic change if traditional thinking and established systems of specialised knowledge (the so-called "cognitive homeland") are used. What is required is, first, to acknowledge a state of "invincible ignorance" in established thinking: an acknowledgement that established thinking must be replaced with new thinking. This requires an exploration of the "manufactured normalcy field", which refers to the thought systems that reaffirm normalcy despite major shifts in circumstances. Such an exploration covers, among other things, inquiries into the underpinnings of the "manufactured normalcy field", contrasting worldviews, paradigms, values, metaphors, and perspectives. The possible impact of "strange attractors" to guide a process of self-organisation in complex systemic change is also important to consider. Such "strange attractors" can emerge from information management, values management, heuristic learning designs which may usher in shifts in collective insights, paradigm shifts and new worldviews. South Africans are often reminded that Covid-19 created a new normal which requires them to adapt their outlook on life and their lifestyles. In fact, this country's pre-Covid-19 world was far from normal – since the 1990's South Africans have been living an unsettled life in an unsettled country. In other words, for thirty years they have been trapped in a state of limbo of post-normal times, the nature of which is described by the Centre for Post-normal Policy and Futures Studies as "an in-between period where the old ways are dying and new ways have yet to be discovered".*

**KEYWORDS:** complexity, systems thinking, post-normal times, post-normal crawl, uncertainty, ignorance, cognitive homeland, black elephant, black swan, black jellyfish

**TREFWOORDE:** kompleksiteit, sisteemdenke, postnormale tye, postnormale kruiping, onsekerheid, onkunde, kognitiewe tuisland, swart olifant, swart swaan, swart jellievis.

**OPSOMMING**

Die Covid-19-pandemie is aanvanklik gekenmerk deur lewensbedreigende griepagtige infeksies, maar later het grootskaalse beheergedrewe ontwrigting die toon begin aangee. Die inperkingsmaatreëls vir infeksiebeheer het mense van hul werkplek, hul vriende, hul familie en hul ontspanningsgeriewe afgesny. Voorsieningskettings het verbrokkel, sakeondernemings het ineengeval en werkloosheid het toegeneem. Die uiteindelike maatskaplike en ekonomiese gevolge hiervan is vandag onpeilbaar en dit bring groot verwarring mee: dit is ’n golf van verandering wat nie beheer kan word nie; dit kan hoogstens verstaan en gestuur word. Deur terugskouing en nadenke het mense skielik begin besef dat daar reeds dekades gelede waarskuwings gepubliseer is oor die moontlikheid van ontwrigtende globale griepagtige pandemies. Waarom is tóé nie daarop ag geslaan nie? ’n Tweede vraag is waarom het hierdie pandemie die bestaande wêreldorde sodanig ontwrig dat mense sukkel om oplossings daarvoor te vind. Drie toekomsnavorsers by die internasionale Centre for Post-normal Policy and Futures Studies beskryf die Covid-19-pandemie as ’n “perfekte postnormale storm” en voeg daarby dat ons vandag in “postnormale tye” leef. Hierdie artikel gebruik enkele aspekte van hulle navorsing om die Covid-19-ontwrigting te verklaar en ook van toepassing te maak op die Suid-Afrikaanse situasie. Die voortstuwende ontwrigting wat Covid-19-beheermaatreëls veroorsaak het, is in wese kompleks sistemies. Dit is ’n groot uitdaging om kompleks sistemiese verandering te verstaan vanuit gevestigde gespesialiseerde kennis (“kognitiewe tuisland”). Dit vereis eers die erkenning van “onoorwinlike onkunde” in die gevestigde denkpatrone en dat ou denke daarom vervang moet word deur nuwe denke: ’n eksplorasie in die denklandskappe van wêreldbeskouings, paradigmas, waardes, mites, metafore en perspektiewe. Die rol van geleide selforganisasie deur die bestuur van sogenaamde “vreemde aanlokkers” (strange attractors) word bespreek. In ’n maatskaplik-ekonomiese omvorming kan onder meer inligtingsbestuur, waardebestuur en leerprosesse aanleiding gee tot nuwe kollektiewe insigte, paradigmaskuiwe en nuwe wêreldbeskouings, wat as “vreemde aanlokkers” vir geleide selforganisasie kan dien.

## 1. INLEIDING

Die Chinese regering het aanvanklik stilgebly oor voorvalle van koronagriep wat in November 2019 by hulle voorgekom het, maar het uiteindelik op 31 Desember 2019 die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) ingelig oor die uitbraak van SARS-CoV-2-griep in Wuhan, ’n stad met ongeveer 11 miljoen inwoners en die kulturele en ekonomiese knooppunt van Sentraal-China. Teen 5 Januarie 2020 was daar 59 gevalle, tien dae later 282 gevalle en daarna het die infeksies soos ’n veldbrand wêreldwyd versprei.

Die Covid-19-pandemie is nie net gekenmerk deur dodelike griepagtige infeksies namate dit gevorder het nie, maar veral ook deur grootskaalse beheergedrewe ontwrigting. Die inperkingsmaatreëls vir infeksiebeheer het mense van hul werkplek, hul vriende, hul familie en hul ontspanningsgeriewe afgesny. Voorsieningskettings het verbrokkel, sakeondernemings het ondergegaan en werkloosheid het toegeneem. Maatskaplike en politieke onrus, wat gepaardgaan met groeiende armoede en hongersnood, het veral in arm lande verdere ontwrigting veroorsaak. Teen middel 2020 het die ontwrigtende beheermaatreëls van regerings ’n chaotiese wêreld geskep. Volke het inwaarts gerig geraak en daardeur internasionale politieke en ekonomiese verhoudinge deurmekaargekrap. Hierdie (selfgeskepte) ontwrigting stu vandag steeds voort en raak al hoe meer onomkeerbaar hoe langer dit voortduur. Die uur het nou ook aangebreek vir die 26-jarige “Nuwe Suid-Afrika” en groot veranderings lê vir die land en sy mense voor die deur.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a2

Was die pandemie werklik so onverwags? Deur terugskouing en nadenke het mense skielik begin besef dat daar reeds dekades gelede waarskuwings was oor die moontlikheid van ontwrigtende globale grieppandemies (Sheehan & Fox 2020:264-270; Henig 2020). Waarom is tóé nie daarop ag geslaan nie? Dit is een vraag wat in hierdie artikel behandel word. Daar is egter ’n ander vraag wat eers beantwoord moet word: Waarom het hierdie pandemie die bestaande wêreldorde sodanig ontwrig dat mense sukkel om oplossings daarvoor te vind?

Voorkoming is beter as genesing: Toekomsbewustheid (’n “geheue van die toekoms” (De Geus 1991)) kon beter beplanning en ’n meer ingeligte bestuur van die Covid-19-pandemie tot gevolg gehad het. Goeie beplanning 30 jaar gelede sou vandag minder verwarring, ontwrigting en ekonomiese skade veroorsaak het. Nabetragting sal egter nie help nie, want gedane sake het geen keer nie. Ongelukkig gaan die maatskaplike en ekonomiese gevolge van hierdie pandemie nou baie meer, en langer, ons lewe verontrief as die griepinfeksies op sigself. Vorige pandemies, soos die Groot Griep van 1918, word, agterna beskou, oorwegend onthou ten opsigte van die aantal mense wat siek geword en gesterf het. Hierdie een gaan anders onthou word omdat dit tot die verbrokkeling van bestaande wêreldsisteme aanleiding gegee het.

Die uiteindelike maatskaplike en ekonomiese gevolge hiervan is vandag onpeilbaar en dit bring groot verwarring mee: Dit is ’n golf wat nie beheer kan word nie, hoogstens gery moet word. Drie toekomsnavorsers by die internasionale Centre for Post-normal Policy and Futures Studies,[1] Del Pino, Jones en Mayo[2] (2020), beskryf die Covid-19-pandemie as ’n “perfekte postnormale storm”. Hierdie artikel bespreek enkele aspekte van hulle sienings[3] en maak dit van toepassing op die Suid-Afrikaanse situasie.

## 2. DIE WÊRELD IS VANDAG EEN INTERAFHANKLIKE GLOBALE SISTEEM

Die snel tegnologiese en nywerheidsontwikkeling – veral die revolusie in inligtings-, kommunikasie- en vervoertegnologie – het tot gevolg gehad dat die wêreld oor die afgelope 60 jaar verander het in ’n interafhanklike bestaansisteem tussen lande, tussen mense en tussen mense en die natuur. Sedert 1972 het verskeie sisteemdenkers met gereelde tussenposes die wêreldgemeenskap gewaarsku oor die ernstige gevolge van ongebreidelde groei en “vooruitgang” binne ’n beperkte, en geslote wêreldsisteem. Oorspanning het in die loop van 50 jaar binne hierdie sisteem opgebou, en die eerste simptoom daarvan is dat die gehalte van die atmosfeer, die aarde se beperkte natuurbronne en die sensitiewe ekologie aan onnodige risiko’s onderwerp is. Die natuur het al hoe harder begin terugpraat teen uitbuiting en mense het kwesbaar geword vir die onbedoelde gevolge van hulle ondeurdagte optredes. Metafories gesproke is ons vandag “ruimtereisigers” op “Ruimteskip Aarde” (Boulding 1966:3-14), waarbinne die gevolge van ons optrede binne een onderling afhanklike konteks verloop.

Die ontwrigting van die Covid-19-inperking het in 2020 die wêreldgemeenskap tot by ’n kantelpunt gebring: iets wat Meadows *et al.* (1972) reeds 48 jaar gelede voorsien het. Hulle

[1] https://www.cppfs.org/#[object%20Object].

[2] Sien The Covid Chronicles (2020) by: https://postnormaltim.es/.

[3] Gedeeltes hiervan het in ’n artikel van Chris Jones – wat handel oor Del Pino *et al.* se artikels – op Netwerk24 verskyn: https://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/covid-19-is-die-perfekte-postnormale-storm-20200521/.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a2

het in 1972 'n beroep gedoen dat mense die interaksies in die "groot geheel" wat hulle bestaan en welvaart ondersteun, moet raaksien en respekteer. Maar selfs hulle het destyds nie die broosheid van globale mensgemaakte sisteme voorsien nie. Die komplekse dinamika van menssisteme het eers sedert die 1980's 'n onderwerp van gefokusde ondersoek geword by navorsers wat in "sagte" sisteme gespesialiseer het.[4]

Staatsoptredes teen die Covid-19-pandemie lê tans ook die broosheid van mensgemaakte sisteme bloot – net soos aardverwarming en die kwynende osoonlaag regerings oor die afgelope vier dekades meer bewus gemaak het van die broosheid van natuursisteme. Hoe goed 'n mens ook al die vloed infeksies kan inhibeer, dit is onmoontlik om deur eensydige optrede die kettingreaksies van maatskaplike en ekonomiese ontwrigting in toom te hou. Ongelukkig is daar hiervoor geen panasee in gespesialiseerde kennislandskappe[5] te vinde nie, omdat goeie spesialiste meestal nie goeie sisteemdenkers is nie. Ook weet ons nie wat aan die ander kant van die kantelpunt lê nie, en dit maak doelwitstellings wesenlik onmoontlik.

## 3. DIE AARD VAN DIE KRISIS

In hul eerste artikel, getiteld "The Postnormal Perfect Storm", beskryf Del Pino en sy genote (2020) die ontwrigting wat die Covid-19-pandemie veroorsaak, as 'n "postnormale tydsverskynsel" (PNT). Hulle omskryf PNT as 'n "tusseninperiode" waartydens ou sienings aan die uitsterf is, nuwe sienings nog moet ontwikkel, en baie min dinge vir mense sin maak. Die Italiaanse joernalis Ezio Mauro beskryf PNT as "ons hang tussen nie-meer-nie en nog-nie" (vrye vertaling) (Baumann & Mauro 2016:20). Dit is 'n oorgangsperiode waarin mense begin besef dat hulle nie kan terugkeer na die vorige bedeling nie, maar ook nie weet watter toekomsroete haalbaar, volhoubaar en wenslik is nie.

Die warboel wat deur PNT teweeggebring is, is waarskynlik ook aangehelp deur die vinnige tempo van tegnologiese en maatskaplike veranderings wat stelselmatig sedert die 1960's opgebou het. Die inligtings-, kennis- en vervoerrevolusie het sedert die 1980's miljarde mense en miljoene instellings van oor die hele wêreld in een globale "tuimeltrein" saamgesnoer. Alvin Toffler het in 1970 in sy boek *Future Shock* geskryf dat die spoed van verandering besig is om sodanig te versnel dat mense sukkel om daarby aan te pas. Hy het die affektiewe en kognitiewe implikasies daarvan "toekomsskok" genoem.

Die aard van innovasie het oor die afgelope 40 jaar ook verander. Inligtings- en kennistegnologie (IKT) het 'n nuwe dimensie na vore gebring wat gekenmerk word deur die omvang, spoed en uiteenlopendheid van innovasie. Anders gestel, innovasies by IKT was nie net vinnig en telkens verbeterend van aard nie, maar het ook 'n uitbouende kettingreaksie van innovasiemetamorfoses geproduseer vir, en in, nuwe toepassingsomgewings. Dit het die innovasieproses toenemend kompleks gemaak, terwyl mense se vakkundige vermoëns moeilik tred gehou het met die sistemiese implikasies daarvan.

Moderne vakkundiges is meestal uitnemende spesialiste op hulle besondere vakgebiede, maar skiet dikwels te kort wat die algemene toepassing van hulle kennis betref. Kundige maar eng gefokusde mense kan met goeie bedoelings onbedoeld skadelike gevolge veroorsaak omdat hulle nie weet wat hulle nie geweet het nie.[6] As elke persoon eng gefokus sy/haar heel beste in

[4] Kyk byvoorbeeld na die bespreking in Flood & Carson (1988:126-124).

[5] Die term "kennislandskappe" verwys deurgaans in hierdie artikel na 'n sisteem van kennisvelde.

[6] Dit is een van die opvallende kenmerke van komplekse sisteme dat interaksies met "bure" of, in hierdie geval, met kollegas in 'n vakgebied, plaasvind. Kyk ook Cilliers (1998:4-7).


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a2

sy/haar veronderstelde wêreld doen, sal die integriteit van die werklike wêreld stelselmatig afgetakel word, omdat een of twee elemente van ’n interafhanklike geheel uit pas met die geheel verander word. Hierdie aftakeling is in wese ’n entropieproses[7] wat spanning tot by ’n kantelpunt kan laat opbou. ’n “Perfekte storm” is dus by wyse van spreke aan die opbou, terwyl die “stuurmanne” van die samelewing sukkel om die breë “weerpatrone” te lees.

Dit is nou baie duidelik dat die Covid-19-pandemie verander het in ’n baie meer omvattende verskynsel met twee interaktiewe dimensies: ’n pandemiedimensie in wisselwerking met ’n breë maatskaplik-politieke dimensie. Die verwarring wat dit veroorsaak, spruit voort uit besluitnemers se swak insig in en begrip van die oorspoelgevolge van inperking: Die pandemie word beter as ’n siekte verstaan (hoe swak ook al) as die sistemiese gevolge van die bestuur daarvan.

Meer nog, oppervlakkige en eensydige nuusberigte (insluitende fopnuus), ontoepaslike inligtingstelsels (gemanifesteer in verkeerde en/of teenstrydige inligting), ’n gebrek aan toepaslike navorsingsresultate oor albei dimensies en algemene onkunde oor al die fasette van die nuwe verskynsel het mense verder verwar: veral ook omdat hierdie verskynsel immer wordend van aard is. Mense se aksies, reaksies en interaksies om die probleem te takel – plaaslik en wêreldwyd – vind gedurig plaas en hou gevolge in vir feitlik elke vlak en elke faset van die globale samelewing. Dit vloei voort om nóg nuwe, en vooraf onpeilbare, veranderinge aan te bring – en om dan weer nuwe ontwrigtende verskynsels voort te bring. Del Pino en sy genote (2020) noem hierdie voortstuwende warboel “postnormale verandering”.

Postnormale verandering betrek almal en alles baie vinnig en ook gelyktydig: dit is ’n tuimeltrein. Dit vloei af vanaf die geheel tot op die persoonlike vlak. Dit ontwrig die groot toneel van wêreldorde en ekonomieë en ook die klein toneel van mense se leefwyse, bestaan, denke en psige – om dan weer in ’n sirkelloop vanuit die klein toneel na die groot toneel te beweeg. Postnormale verandering produseer nie duidelike uitkomste nie, omdat elke uitkoms weer aanleiding gee tot verdere veranderings totdat die proses uiteindelik vanself verloop.[8] Terwyl dit aan die gang is, sal klaarblyklike uitkomste (of logiese opklarings) verdring word deur teenstrydighede wat mense verder verwar omdat hulle geen sin daarvan kan maak nie.

Dit is algemeen bekend dat ’n sisteem veel meer is as die somtotaal van sy verskillende dele – en ook dat die uitkomste van sistemiese aktiwiteit “verskynsels” vanuit interaksies is en nie oorsaak-gevolg-uitkomste nie. Die Covid-19-pandemie het kompleks sistemiese probleme geproduseer wat nie met gewone logika voorsien, verklaar of verstaan kan word nie. Kompleksiteit is ’n eienskap van sisteme met omvangryke komponente en elemente wat op vele maniere met mekaar in wisselwerking tree en die vermoë tot selforganisasie en selfskepping het.[9] Die verwarring wat uit Covid-19 ontstaan, is die gevolg hiervan. As postnormale verskynsel kan dit nie ontleed word nie, maar slegs in sy geheel benader word deur die ondersteunende omstandighede wat dit voortbring, te probeer verstaan.

---

7 Entropie word normaalweg omskryf as die hoeveelheid energie in ’n entiteit wat nie meer beskikbaar is om iets mee te doen nie. Hier word die klem egter geplaas op die ontbinding van, en spanningsopbou binne, ’n sisteem wat ’n toestand van toenemende wanorde skep.

8 Prigogine se navorsing het aangetoon dat orde spontaan uit ’n warboel kan ontstaan deur ’n natuurlike proses genaamd “selforganisering” – kyk Prigogine & Stengers (1984).

9 Kyk die bespreking in die voorwoord van Cilliers (1998).

## 4. DIE COVID-19-PANDEMIE – 'N POSTNORMALE VERSKYNSEL

Omdat postnormale verskynsels selforganiseer en "teenstrydighede"[10] voortbring, kan dit ook nie beheer of bestuur word nie. Daar kan slegs daardeur "genavigeer" word deur die verskynsels in al hulle teenstrydighede te probeer verstaan en dan keuses te maak en die beste roetes te vind na moontlike (en wenslike) alternatiewe uitkomste. 'n Ander uitweg is natuurlik om nie te reageer op postnormale gebeure nie, maar eers te koes en te wag dat die storm vanself uitwoed. Maar dan kan jy uitspoel in 'n vreemde wêreld. Omdat daar geen leerervaring was nie, kan die nuwe omstandighede ewe onverstaanbaar wees en moeilik om onder die knie te kry.

Hoe kan verskynsels "gelees" word? Ten aanvang is dit nodig om die blindekolle en leemtes in bestaande kennis te identifiseer, asook die redes vir daardie blindekolle en leemtes. Sake soos mense se onderliggende aannames, paradigmas, idees, waardes en wêreldbeskouings wat hulle waarneming, denke en gedrag beïnvloed, word betrek. As gevolg van onvanpaste wêreldbeskouings en leemtes in hulle bestaande kennis kan besluitnemers se blinde optredes onbedoelde gevolge hê. Byvoorbeeld: die ou orde is gebou op globale integrasie, terwyl die strategie om die Covid-19-pandemie in te perk veroorsaak dat globale integrasie afgebreek word. Pogings deur politici om die krisis te vermy, te vertraag of stil te bly daaroor om paniek te vermy, het die impak daarvan uiteindelik vererger. Om blywende oplossings vir die pandemie te vestig, vereis die aftakeling van ideologiese verskille, samewerking en sterk, vernuwende, leierskap, maar daar is wêreldwyd tekens van ideologies gedrewe sentralisme en selfgesentreerde populisme in die bestuur van die situasie. In Suid-Afrika het dit tot 'n versterking van rasgebaseerde regeringsteun en selfs tot groter korrupsie en nuwe misdadige netwerke gelei (Prinesha 2020).

Gevestigde strewes, waardes en ideologieë blokkeer ook soms oplossings. Die strewe na volhoubare welvaart vir almal deur werkgeleenthede te skep is byvoorbeeld teenstrydig met sekere vorme van rasgebaseerde bevoordeling en vakbondaktivisme, wat werkers bevoordeel en nie noodwendig ag slaan op werkloosheid nie. Dit kan 'n hindernis in die ontwikkeling van bedrywe en ondernemings word (met die verbandhoudende groter werkloosheid), maar kan ook lei tot smokkelhandel en ander misdadige aktiwiteite wat maatskaplike en politieke onstabiliteit verhoog. Voortgesette langtermynsteun vir hulpbehoewendes kan 'n afhanklikheidsindroom, swak mensehulpbronbenutting en swak ekonomiese groei veroorsaak, hoe langer sulke steun sou voortduur – en met voortgesette hoë bevolkingsgroei sal die getal hulpbehoewendes stelselmatig toeneem, omdat die Suid-Afrikaanse ekonomie nie genoeg werk skep nie.

Oor die algemeen moet die aantal sterftes as gevolg van die Covid-19-pandemie opgeweeg word teen die dodelike langtermyngevolge van inperking – soos endemiese werkloosheid, hongersnood en die moontlikheid van maatskaplike en politieke onrus. Ook sal hierdie krisis, soos geen ander nie, die teenstrydighede tussen mensgesentreerde oogmerke, veral ekonomiese oogmerke, en die ekologiese volhoubaarheid van lewe op die aarde belig. Voorlopige syfers dui reeds op 'n verbetering in die gehalte van lug, water en atmosfeer as gevolg van die ekonomiese verlangsaming. Dit lyk asof Covid-19 Moeder Aarde weer laat asemhaal het.

Die pynlikste teenstrydigheid is die morele dilemma van 'n besluitnemer wat moet kies tussen lewens red of werk red – wat uiteindelik ook oor oorlewing gaan. Of nog erger: mense

[10] "Teenstrydighede" omdat mense normaalweg nie sistemies na dinge kyk nie en dus nie kan insien hoe sekere uitkomste vanuit interaksies en kringlope na vore kan kom nie.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a2

doodmaak of aanrand wat nie inperking respekteer nie (’n maatreël wat oorspronklik bedoel is om mense veilig te hou), soos in die geval van president Duterte van die Filippyne, wat beveel het dat oortreders geskiet moet word (*The Telegraph* 2020).

Pandemiebestuur sal altyd met hierdie soort teenstrydighede en onbedoelde gevolge te doen kry, en hoe langer ’n pandemie duur, hoe groter is die moontlikheid dat meer van hierdie soort dilemmas sal verskyn. Dit bring noodwendig al hoe groter onsekerheid in besluitneming teweeg. Dit beteken (metafories gesproke) dat goeie navigasiestelsels nodig is in stormagtige tye: Die verkenners moet op die regte plek geplaas word en ook goeie skanderingstelsels hê wat die rotse en klippe op die pad vorentoe kan raaksien. Die vraag is egter hoe dit in die praktyk gedoen kan word. Om dít te beantwoord, moet daar eers vasgestel word hoeveel ons nié weet van ’n vreemde situasie soos die Covid-19-pandemie nie, en ook die gevolge[11] daarvan – en dan, afhangende van die antwoord hierop, hoe ons daarmee behoort om te gaan.

## 5. HERKENNING EN ERKENNING VAN ONSEKERHEID EN ONKUNDE

### 5.1 Postnormale kruiping

Del Pino *et al*. (2020) begin met ’n bekende stelselsvertrekpunt dat hoe meer kompleks ’n verskynsel is, hoe groter word die invlegting van prosesse en die aantal interaksies wat daarmee gepaardgaan. Dit beteken dat die omvang van die verandering hier slegs een van die indikatore is. Komplekse veranderings bring onsekerheid oor eindpunte, omdat die proses gekenmerk word deur vertakking uit prosesse, ontwikkeling vanuit prosesse, oorvleueling met ander prosesse en verandering in aard. Dit skep ’n warboel van onsekerheid, wat stelselmatig na ’n faseverandering[12] beweeg – ’n proses wat Nicolis en Prigogine (1977) tipeer as “selforganisasie”: ’n verskynsel wat in die onmiddellike omgewing van `n element ontwikkel vanuit die plaaslike interaksies tussen die elemente van ’n komplekse stelsel.

Daar is ook ’n moontlikheid van geleide selforganisasie deur die bestuur van sogenaamde “vreemde aanlokkers” (“strange attractors”). In maatskaplik-ekonomiese omvorming kan onder meer inligtingsbestuur, waardebestuur en leerprosesse aanleiding gee tot nuwe kollektiewe insigte, paradigmaskuiwe en nuwe wêreldbeskouings wat as “vreemde aanlokkers” vir geleide selforganisasie kan dien. ’n Latere bespreking oor ’n kognitiewe tuisland en kognitiewe dissonansie hou hiermee verband.

Del Pino *et al*. (2020) het die ontwikkeling van onsekerheid gedurende postnormale verandering “postnormale kruiping” genoem. Hulle beskou hierdie “kruipbeweging” as tiperend van enige postnormale veranderingsproses. Dit betrek stelselmatig meer veranderlikes terwyl dit ontwikkel, en verandering raak dus met verloop van tyd meer kompleks. Hoe meer hierdie kruiping dus vorder, hoe groter en dieper word die onsekerheid, totdat dit deur selforganisasie

---

11 Vir meer inligting oor die gevolge, lees Charlie Warzel se opinie-artikel in *The New York Times*: When Will Life Be Normal Again? We Just Don’t Know. 13 April 2020: https://www.nytimes.com/2020/04/13/opinion/coronavirus-what-we-know.html?searchResultPosition=1/.

12 Faseverandering verwys normaalweg na ’n lineêre proses van oorgang soos ys wat by ’n sekere temperatuur smelt en water word, en water wat by ’n sekere temperatuur verdamp tot stoom. Hierdie proses is voorspelbaar. Daarenteen beweeg faseverandering by komplekse sisteme na ’n oorgang vanaf die bekende na die onbekende. Die eenvoudigste voorbeeld hiervan is ’n baie groot kaleidoskoop met honderde spieëls en miljoene partikels wat stadig gedraai word totdat ordening van die partikels op ’n sekere punt skielik herskik tot nuwe vorme en kleure wat vooraf onvoorspelbaar is.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a2

vanself ’n kantelpunt bereik en ’n faseverandering kan ondergaan. Hierdie postnormale onsekerheid word nie gekenmerk slegs deur die aantal vrae waarvoor daar nie antwoorde te vinde is nie, maar ook deur drie soorte onsekerheid wat voortspruit uit drie soorte onkunde.

### 5.2 Onsekerheid

Mense raak onseker as hulle nie die vermoë het om vas te stel wat aan die gang is nie. Daar word na groter duidelikheid gesoek, maar die postnormale kruiping verskuif die doelpale gedurig, en onsekerheid groei en verdiep dienooreenkomstig. In die begin het mense byvoorbeeld min geweet van SARS-CoV-2; baie het aanvaar dat dit soos enige ander koronavirus is, en was gevolglik nie te veel bekommerd daaroor nie. Hulle het ’n sogenaamde “oppervlakkige onsekerheid” openbaar, omdat hulle nog geglo het dat daar êrens reeds genoeg kennis beskikbaar was om die probleem te hanteer, maar onseker gevoel oor hoe en waar daardie kennis gevind kan word.

Te midde van hulle “oppervlakkige onsekerheid” het kundiges nog geglo dat die maatskaplike situasie wat uit Covid-19 gaan ontstaan, nie werklik soveel anders as die voriges gaan wees nie en dat dit veral voldoende sal wees om slegs die infeksies te bekamp. Daar was tydens die eerste fase veral groot onkunde oor die ernstige ontwrigting wat uit die bekamping van Covid-19 sou voortspruit. Dit het ook tyd gekos om die verborgenhede en onduidelikhede van die SARS-CoV-2 te verstaan. Toe daar met skok agtergekom is dat die nuwe koronavirus baie aggressiewer en dodeliker is as die voriges, is op inperking met al sy onberekenbare gevolge as noodaksie besluit. Toe die gevolge van inperking te voorskyn kom, het mense begin insien dat hulle huidige kennis oor pandemies nie antwoorde kan bied op die kettingreaksies wat beleidsoptrede aan die gang gesit het nie. Hulle het toe sogenaamde “ondervlakkige onsekerheid” ervaar: ’n onsekerheid wat hulle dwing om onder die “oppervlakte” van die huidige kennislandskap in te beweeg, ander vrae te vra, en nuwe oplossings te soek.

Die uiteindelike gewaarwording dat al die “oplossings” wat vir Covid-19-bekamping in plek gestel is, besig was om die fondamente van die bestaande wêreldorde te skud, het ’n derde vlak van sogenaamde “diep onsekerheid” by mense teweeggebring. Mense het skielik besef dat hulle lewe anderkant die Covid-19-pandemie nou ook bedreig word: dat die volhoubaarheid van die wêreldgemeenskap se welvaart, en selfs mense se voortbestaan, deur die bestuur van die pandemie in gevaar gestel is.

Dit is nodig om hierdie drie soorte onsekerhede te verstaan, maar dit is nie voldoende nie. Onsekerheid moet bestuur word en dit is slegs moontlik wanneer die soort onkunde wat onsekerheid onderlê, verstaan word. Die PNT-teorie postuleer dat elke vlak van onsekerheid verband hou met ’n spesifieke soort onkunde.

### 5.3 Onkunde

Wanneer mense deur die krisis van ’n virale pandemie gekonfronteer word, is dit die eerste (en mees natuurlike) benadering om terug te val op vakkundige kennis wat by vroeëre “soortgelyke” pandemies opgedoen is. As dit egter ’n nuwe soort (sogenaamde “novel”) virus, soos SARS-CoV-2, is wat nuwe infeksiepatrone presenteer, kan daar aanvanklik verkeerdelik gepostuleer word dat ’n mens hier slegs met “gewone onkunde” te doen het. “Gewone onkunde” veronderstel dat dit slegs nodig is om bestaande kennis met groter toewyding byeen te bring. Dit is ’n kognitiewe proses waarmee kundiges gemaklik sal voel omdat dit baie goed bekend is: dit sluit in prosedures soos gevallestudies, gevestigde teorieë, deduktiewe navorsing,

oorsaak-gevolg-denke, reg-of-verkeerd-denke, en die byeenbring van alle gespesialiseerde kennis. Hierdie benadering bied gemoedsrus vir "oppervlakkige onsekerheid" soos met aanvanklike pogings om die Covid-19-pandemie te bestuur toe dit nog aan die ontwikkel was.

Toe daar mettertyd agtergekom is dat SARS-CoV-2 iets heeltemal anders is en dat gevestigde praktyke nie veel kon vermag nie, het mense begin besef dat hulle dieper sal moet delf vir oplossings. Baie Westerse stede het byvoorbeeld geen gebeurlikheidsplanne vir 'n pandemie soos Covid-19 gehad nie, bloot omdat hulle dit nog nooit voorheen ervaar het nie. Die burgemeester van New Orleans het miskien geweet hoe om op 'n orkaanbedreiging te reageer, maar nie op die Covid-19-pandemie nie. Die aanvanklike mislukkings in pandemiebestuur het "ondervlakkige onsekerheid" veroorsaak toe die besef deurgedring het dat hier skeppende denke, sterker pogings in nuwe rigtings en harde werk nodig is om die regte oplossings vir die probleem te kry. Daar is veronderstel dat die Covid-19-pandemie 'n probleem van "oorwinlike onkunde" presenteer.

"Oorwinlike onkunde" beteken dat daar uitdruklik aandag gegee moet word aan dit waaroor mense onkundig is, met ander woorde deur te soek na nuwe kennislandskappe en tegnieke. Hier word niks as vanselfsprekend aanvaar nie, terwyl persepsies van kundigheid en onkundigheid oor die onderwerp deur middel van dialoog teen mekaar opgeweeg word. So het die veronderstelling dat Covid-19 net soos 'n ligte griep is, duisende lewens gekos. Mense is toe gedwing om nie slegs hulle bestaande onkunde te erken nie, maar ook om hulle kennis oor die verskynsel te versterk deur alle toeganklike en beskikbare kennis in openbare diskoerse teenoor mekaar op te stel en nuwe navorsingsprojekte vir entstof te begin. Daaruit is vasgestel dat nie net nuwe entstof en medisyne nodig is nie, maar ook beter kennis van onder meer gesondheidstelselbestuur, logistiek, sielkunde, netwerkbestuur en ingenieurswese.

'n Belangrike gevolg van hierdie aanvanklike pogings is dat mense begin agterkom het dat daar werklik baie groot leemtes in die bestaande kennislandskap is. Hulle het skielik besef dat die Covid-19-pandemie veelkantig en kompleks sistemies van aard is, en dat dit wêreldwyd allerhande soort probleme skep wat mense selfs dwing om hulle denke en lewenstyl te verander. Mense voel "diep onseker" omdat bestaande kennis hulle geen goeie oplossings kan bied nie: hulle het 'n gevoel van "onoorwinlike onkunde". Hulle raak dus moedeloos weens 'n onvermoë om die Covid-19-pandemie met al sy implikasies doelmatig en doeltreffend te bestuur.

'n Gevoel van "onoorwinlike onkunde" ontstaan vanuit denke binne die gevestigde kennislandskap, en die oplossing daarvoor lê dus buite en bokant daardie kennislandskap. Die soektog na oplossings kan deur vier vlakke beweeg: Eerstens, 'n bestekopname ("scoping") van die kennislandskap van kundiges en besluitnemers is aanvanklik nodig om vas te stel hoe dit hulle vermoë belemmer om die Covid-19-pandemie reg te interpreteer. Tweedens, deur mense te help om hulle gevoel van "onoorwinlike onkunde" te erken en te openbaar, word die deur geopen vir 'n ondersoek na houdings, wêreldbeskouings en paradigmas. Dit help om opklaring te kry waarom mense 'n probleem op 'n sekere manier benader en formuleer. Derdens, aangesien die Covid-19-pandemie vinnig oor die wêreld versprei het, maak dit net sin om die dinamika onderliggend daaraan na te vors. Vierdens, 'n ondersoek na kultuur en instellings: as huidige kulturele praktyke en maatskaplike en ekonomiese instellings misluk het, moet die redes vir die mislukking ondersoek en nuwe praktyke en instellings ontwikkel word.

Dit is egter onvoldoende om net nuwe kundighede te ontwikkel. Dit is ook nodig om vas te stel wat afgeleer en anders gedoen moet word. As markgerigte kapitalisme besluitnemers noop om keuses te maak tussen mense red of ekonomie red, is dit nodig om na te dink of aspekte daarvan nie 'n gevaar inhou vir die volhoubaarheid van die samelewing nie. Namate die onvolmaakthede van die ou bestel blootgelê word, moet tekortkominge in aanvaarde


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a2

praktyke verder ondersoek word en dan opgeweeg word teen nuwe haalbare en wenslike alternatiewe.[13]

Goeie veranderingsbestuur vereis dat mense vernuwend en vooruit moet kan dink. Ten einde hierdie vermoë op te skerp, moet daar bepaal word wat "normaal" is in mense se wêreldbeskouings. Mense se verknegting aan 'n "normaal" beperk hulle vermoë om aan te pas en nuwe alternatiewe te oorweeg. 'n Slagspreuk tydens die onluste van Oktober 2019 in Santiago, Chili, vat dit raak: "Ons sal nie na normaal terugkeer nie, omdat normaal die probleem is" (vrye vertaling) (Del Pino *et al*. 2020).

## 6. ONS KOGNITIEWE "TUISLAND": 'N "GESKEPTE NORMALITEITS-LANDSKAP"

Del Pino en genote (2020) beskryf die probleem van vernuwende denke soos volg (vrye vertaling): "Mense se brein het die voortreflike vermoë om enigiets wat gebeur, te normaliseer. Normalisering is voordelig as mense vinnig moet aanpas by 'n situasie, maar belemmerend wanneer nuwe moontlikhede oorweeg moet word." Hulle verwys ook na Rao[14] se idee van 'n "landskap van geskepte normaliteit"[15] ("manufactured normalcy field") om die traagheid van vaste werklikheidbeskouings te beklemtoon. Hierdie "landskap van geskepte normaliteit" (LGN) is 'n kognitiewe "tuisland" waarheen mense telkens wil terugvlug as hulle gekonfronteer word met veranderende werklikhede: terug na hulle gebruiklike manier van lewe, dink en dinge doen. Op sigself is dit nie nadelig vir die hantering van gewone probleme nie, maar die LGN veroorsaak dat konvensionele denkwyses en optredes oorheers wanneer ontwrigtende veranderings vernuwende denke en optredes vereis.

Die bestuursprobleme van die Covid-19-pandemie het groot onsekerheid by "kognitiewe-tuisland-mense" veroorsaak toe hulle ontdek dat dit nie slegs 'n probleem van "gewone onkunde" is nie en dat hulle die "tuisland" so gou as moontlik moet verlaat. Hierdie gewaarwording ontstaan nadat daar eers gepoog is om die pandemie op die gebruiklike manier te hanteer. Del Pino en genote (2020) beskryf die sloering wat met hierdie poging gepaardgegaan het as 'n "postnormale sloering". Postnormale sloering is 'n volhardingsgedrag in nuwe situasies ten spyte van toenemende bewyse dat gewaande "oplossings" neig om nuwe probleme te produseer. Dit is byvoorbeeld postnormale sloering wanneer regerings en organisasies volhard met koolstofpraktyke, ten spyte daarvan dat daar klinkklare bewyse van klimaats-verandering en aardverwarming is as gevolg van die koolstofekonomie. Wanneer regerings op grond van hulle vorige ervarings (en in alle eerlikheid) volhard om dieselfde dinge te doen en dan verklaar dat hul gesondheidstelsel volkome gereed is vir die Covid-19-pandemie, terwyl die teendeel in werklikheid waar is, dan is dit ook 'n postnormale sloering.

'n Postnormale gesloer is ook 'n aanduiding van swak, en selfs mislukte, transformerende leierskap. Swak leierskap kom dikwels voor in gevalle waar 'n lang tydperk van gelykmatige verandering skielik onderbreek word deur 'n ontwrigtende verskynsel. Leiers is ook maar mense wat gewoond is aan en rustig saamleef met die normale gang van sake. Hulle neiging is om die bekende roete te volg, selfs wanneer tendense skielik van koers verander. Hulle

---

13 Die sisteemdenker RL Ackoff verduidelik hierdie proses in sy metode van geïdealiseerde herontwerp (Ackoff 2001).

14 Lees meer hieroor by https://www.ribbonfarm.com/2012/05/09/welcome-to-the-future-nauseous/.

15 Hierdie verskynsel word ook vanuit 'n ander perspektief bespreek in De Bono (1979). De Bono propageer oefeninge in laterale denke om vernuwing te bestuur.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a2

volharding daarmee kan dan maklik uitloop op twee onderling ondersteunende organisasie-patologieë, naamlik verdedigende vermyding[16] en groepdenke (Janis & Mann 1977), as hulle nie gou besef en erken dat die nuwe situasie die gewone manier van dinge doen verkeerd gemaak het nie.

Die proses om die LGN te omvorm word "kantelbestuur" genoem – wat ook onderliggend is aan die ontwikkeling van "vreemde aanlokkers", soos voorheen bespreek. Dit is wanneer nuwe insigte en gewaarwordings stelselmatig by besluitnemers aangewakker word deur 'n verskeidenheid van bestuurspraktyke soos ongerigte omgewingsverkenning, heuristiese leerprosesse, dialoog en kousale gelaagde ontleding (*Causal layered analysis*) (Inayatullah 1998:815-882; Spies 2019:308-319).

Soos soveel ander dinge in die lewe, neig postnormale kruiping na 'n eindpunt. In die PNT-teorie staan hierdie oomblik bekend as 'n "postnormale barsting."[17] Dit dui nie net op die einde van die kruipbeweging nie, maar dwing ook die LGN om te verskuif na 'n nuwe werklikheidsbeskouing. Aanpassing by 'n nuwe werklikheidsbeskouing kan, soos reeds gemeld, stelselmatig bestuur word, en Del Pino en sy genote (2020) stel drie metafore voor wat mense kan help om die redes vir aanpassingsprobleme te diagnoseer, te wete die Swart Olifant, Swart Swaan en Swart Jellievis.

## 7. KOGNITIEWE DISSONANSIE: SWART OLIFANTE,[18] SWART SWANE,[19] EN SWART JELLIEVISSE[20]

In die inleiding tot hierdie artikel is die opmerking gemaak dat daar reeds dekades gelede waarskuwings was oor die moontlikheid van ontwrigtende grieppandemies. Die vraag is gevra: Waarom is daar nie tóé daarop ag geslaan nie?

Een verklaring daarvoor is 'n kognitiewe dissonansie by leiers, kundiges en oor die algemeen binne 'n samelewing (Spies 2019:308-319). Kognitiewe dissonansie is 'n staat van verwarring in denke, in wat mense glo, en in mense se houding teenoor 'n nuwe situasie wanneer dit nodig is om skeppende besluite te neem en hulle benaderings teenoor die situasie te verander. 'n Eerste, en oorkoepelende. verklaring vir die voorkoms van kognitiewe dissonansie is saamgevat in die probleem om te ontsnap vanuit 'n LGN, soos hier bo bespreek. Vervolgens word drie simptome van kognitiewe dissonansie en die onderliggende redes daarvoor kortliks behandel.

### 7.1 Swart Olifant

Die metafoor "Swart Olifant" is gebaseer op die algemeen bekende metafoor "Olifant in die kamer", wat verwys na iets waarvan almal weet, maar waaroor niemand wil praat nie. Dit is deur Vinay Gupta (2009) as 'n "Swart Olifant" van toepassing gemaak op 'n gebeurtenis (iets) wat kundiges voorheen voorsien het, en ook as hoog waarskynlik geag het, maar gerieflik-

16 Kyk byvoorbeeld in hierdie verband na Lehman & Young (2016). INSEAD: https://knowledge.insead.edu/blog/insead-blog/how-avoidance-destroys-strategic-initiatives-4699.

17 Kyk ook na Prigogine en Stengers se soortgelyke bespreking van sogenaamde "bifurcation" as die eindpunt van 'n entropie-proses in Prigogine & Stengers (1984).

18 Sien: https://postnormaltim.es/black-elephant/.

19 https://postnormaltim.es/black-swan/.

20 https://postnormaltim.es/black-jellyfish/.

heidshalwe uit hulle gedagtes weggeskuif het. As daardie "iets" dan uiteindelik gebeur, onderspeel hulle dit as 'n Swart Swaan (sien later).

'n Swart Olifant is een voorbeeld van verdedigende vermyding van optrede, omdat bestaande magsverhoudinge daardeur ontwrig kan word, of aanleiding kan gee tot 'n gevoel dat optrede gewoon te ongerieflik of te duur is om daaraan aandag te gee. As die bom uiteindelik bars en mense geforseer word om aandag daaraan te gee, word die gevolge met verbasing en ongeloof begroet as iets onvoorsiens. Gewoonlik is dit dan te laat om ernstige skade te voorkom.

Swart Olifante word ook gerugsteun deur eng (niesistemiese) denke en groepsdenke binne (en die onverskilligheid van) die breë samelewing wat neig om Gods water oor Gods akker te laat loop, sodat hulle kan aangaan met hulle lewe. Hulle uitgangspunt is om nie iets reg te maak wat nog nie stukkend is nie – al is die prognose van 'n opbouende katastrofe vir almal duidelik. Byvoorbeeld, in Suid-Afrika voorspel 'n star ekonomie, swak rasseverhoudinge, baie groot ongelykhede in welvaart, verdelende politiek, stygende werkloosheid en stygende armoede 'n hoë waarskynlikheid van nasionale ineenstorting in die nabye toekoms – dit wil sê, tensy iets drasties en met almal se samewerking daaraan gedoen word. Kundige waarnemers besef dit en ingeligte persone kan dit aanvoel, maar die ontwikkelende katastrofe word verban vanuit Suid-Afrikaners se "LGN-kognitiewe tuisland".

Kognitiewe dissonansie kan ook in verband gebring word met 'n breuk tussen die kognitiewe (begrip), affektiewe (emosionele) en konatiewe (wilskrag-gedrewe) dimensies van mense se denke. Hierdie klassifikasie het sy oorsprong by navorsing in Duitsland in die 19de eeu, maar word volgens Hilgard (1980:107-117) vandag steeds gebruik deur sielkundiges wat die verband tussen mense se denke, emosies en aksies ondersoek. Dit is elders aangedui dat dit moontlik is om hierdie skakeling te versterk deur goeie leierskap en goed geordende kantelbestuur (Spies 2019:308-319). Die Swart Olifant-verskynsel is daarom ook 'n simptoom van swak transformerende en etiese leierskap, insluitende swak beplanningsprosesse. 'n Ineengestrengelde magspolitieke spel (die "magstelsel") speel dikwels 'n groot rol indien politici verloopte denke en verloopte gedrag by samelewings of organisasies in stand hou om hulle politieke oogmerke te bevorder.

Samevattend: vir effektiewe optrede is goeie prognoses noodsaaklik, maar nie voldoende nie, en daarom ontstaan Swart Olifante.

## 7.2 Swart Swaan

Die Swart Swaan-metafoor is deur Taleb (2007) geskep met verwysing na gebeurtenisse wat uit die bloute van buite 'n waarnemingslandskap verskyn. Die onderliggende boodskap van die Swart Swaan-metafoor is dat wat jy nie weet nie, dikwels baie meer ter sake is as wat jy weet.

Taleb se waarskuwings hou verband met "onoorwinlike onkunde": dat jy nie weet wat jy nie weet nie of moet weet nie. Hy verduidelik hierdie situasie aan die hand van die ontdekking van swart swane in Australië toe daar nog in Europa vas geglo is dat alle swane wit is. 'n Swart Swaan word deur Taleb omskryf as 'n hoogs ontwrigtende gebeurtenis wat sodanig buite mense se kennis, begripslandskap en verwagtinge lê dat hulle dit nie kan begryp nie, of ten minste vas glo dat dit 'n algehele onmoontlikheid is, as iemand skielik na so iets sou verwys. Taleb voeg ook by dat as dit gebeur, mense geneig is om goeie verduidelikings te gee waarom


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a2

dit vir hulle by nabetragting, "verklaarbaar" is, en "voorspelbaar" was. Dit wil sê, hulle word skielik "slim" vanuit hulle terugskouing.

As mense by nabetragting glo dat 'n Swart Swaan voorheen verklaarbaar en voorspelbaar was, waarom dan nie ook in vooruitbetragting nie? Die ooglopende antwoord is dat jy nie vooraf geweet het wat jy nie geweet het nie. Ons kundigheid is slegs 'n klein aspek van ons veel groter onkundigheid: soos 1 Korinthiërs 13:9 dit stel, ons ken ten dele en ons profeteer ten dele. Eers as 'n Swart Swaan verskyn, kan jy deur middel van navorsing en "terugskatting",[21] begin ontdek hoe en waarom gebeur het wat gebeur het – en die omvang en aard van jou vorige onkunde begin besef. Ervaring kan 'n goeie leermeester wees vir diegene wat wil leer.

Goeie vooruitbetragting is egter vandag moontlik deur goeie navorsing oor die toekoms. Toekomsnavorsing se doel is om mense se (reeds gemelde) "geheue van die toekoms", en dus prognostiese vermoë, te verbeter: iets wat nie moontlik is deur net te poog om die toekoms te "voorspel" nie.[22] Oor die afgelope 50 jaar het toekomsnavorsers 'n knapsak vol metodes ontwikkel wat kan help om die moontlikheid van Swart Swane hok te slaan: metodes soos ongerigte toekomsverkenning, kousaal gelaagde toekomsverkenning, tendens-impak-ontleding, kruisimpakontleding, scenariobeplanning, sisteemontleding en heuristiese bevraagtekening.[23] Samevattend: die moontlikheid van Swart Swane neem toe namate 'n onderneming of 'n land se toekomsnavorsing agteruitgaan.

### 8.3 Swart Jellievis

"Swart Jellievis" is 'n metafoor wat deur Del Pino en sy genote (2020) geskep is om normale verskynsels met 'n "postnormale potensiaal" te identifiseer. Die belangrikste eienskap van Swart Jellievisse is dat ons hier te doen kry met doodnormale verskynsels, wat deur sistemiese interaksies met ander doodnormale verskynsels skielik kan verander in aard, en ook in die omvang van hulle impak.

Die rede hiervoor is tweevoudig. Eerstens kan veranderings in een of twee elemente van 'n bestel (as 'n sisteem) 'n kettingreaksie aan die gang sit wat met 'n kringloopeffek groot ontwrigting veroorsaak. Tweedens kan entropie (soos voorheen bespreek) 'n rol speel, indien verskillende elemente binne die bestel eensydig (uit harmonie) reageer teenoor veranderings. Die ontnugtering en groot ontwrigting wat die Covid-19-pandemie wêreldwyd veroorsaak, is in 'n aansienlike mate toe te skryf aan Swart Jellievis-verskynsels wat vanuit teenmaatreëls verskyn het. Dit is dan ook 'n goeie voorbeeld van hoe eensydige en kortsigtige besluitneming deur 'n bestuur of owerhede tydens groot krisisse, lei tot onbedoelde nadelige gevolge. Swart Jellievis is daarom 'n metafoor vir 'n uitkoms van swak besluitneming wat uiteindelik erger gevolge kan inhou as óf 'n Swart Olifant óf 'n Swart Swaan. Die nagevolge van reaksionêre besluitneming in die bekamping van die Covid-19-pandemie is 'n klinkklare bewys hiervan. Samevattend: Gebrekkige sisteemdenke in die beheer en bestuur van pandemies of ander soortgelyke krisisse kan erger gevolge produseer as wat die krisis op sigself kan presenteer.

---

21 "Terugskatting" is 'n vrye vertaling van die begrip "backcasting", wat algemeen in scenario-gebaseerde beplanning gebruik word. Die vraag wat gestel word, is: Wat is, of was, nodig om 'n sekere uitkoms te produseer. Dit is gebaseer op sisteemontleding, d.w.s., nie op lineêr-kousale ontleding nie. Vir 'n kort verduideliking kyk na: https://www.naturalstep.ca/backcasting.

22 Kyk byvoorbeeld na die besonder insiggewende uiteensetting hieroor in De Jouvenel (1967).

23 Vir 'n oorsig van praktiese toepassings, kyk Tools for Futures Thinking and Foresight Across UK Government: https://assets.publishing.service.gov.uk/government/uploads/system/uploads/attachment_data/file/674209/futures-toolkit-edition-1.pdf.

## 9. TER AFSLUITING: PADKAART NA ’N ANDER KOGNITIEWE TUISLAND VIR SUID-AFRIKANERS

Die Covid-19-pandemie se mensgemaakte gevolge is ’n produk van 60 jaar se ongelyke “vooruitgang” in die wêreld wat gekenmerk is deur:

1. Die sistemiese integrasie van volke deur middel van sake-, ekonomiese, maatskaplike, politieke en bronbenuttingsnetwerke waardeur welvaartgroei hoofsaaklik tot voordeel van die welvarendes geproduseer is;
2. Ongebreidelde bevolkings- en nywerheidsgroei wat sistemiese oorspanning in ’n geslote wêreldsisteem (natuurlik en maatskaplik) laat opbou het;
3. ’n Oneweredige ontploffing in tegnologiese innovasie wat ryk lande aansienlik meer bevoordeel het as arm lande.
4. Gevolglik: ongebalanseerde nywerheids- en welvaartgroei in ’n geslote wêreldsisteem waarin tien persent van die wêreldbevolking tagtig persent van die wêreld se rykdom by hulle vergaar terwyl hulle die eksterne newe-effekte, soos atmosfeer- en seebesoedeling, van hulle oordadige praktyke op almal se skouers plaas;
5. Tagtig persent van die wêreldbevolking is vasgevang in ’n laevlakarmoedestrik as gevolg van ’n (endemiese) tegnologiese agterstand, kwynende natuurbronne en hoë bevolkingsgroei – terwyl die ryk lande met lae bevolkingsgroei, ’n verouderende bevolking en nuwe tegnologie te doen het;
6. Natuurbronbenutting word deur beide gulsigheid en oorlewingsnood ooreis: ryk lande deur ’n hoëvlak-verbruikersekonomie, welvaartversugting en nywerheidspraktyke wat veral die atmosfeer en oseane besoedel, en arm lande hoofsaaklik deur ’n oorlewingsekonomie wat die volhoubaarheid van hulle skaars natuurbronne bedreig;
7. As gevolg van hierdie maatskaplike en ekonomiese wanbalanse was die “ou globale normaal” waarskynlik nie volhoubaar nie en ryp vir ’n skok, soos die Covid-19-pandemie, om ’n globale herskikking aan die gang te sit waarvan die eindresultaat nog vir almal ’n raaisel is;
8. Ons leef nou in “postnormale tye”: ’n “tusseninperiode” waar ou sienings aan die uitsterf is, nuwe sienings nog moet ontwikkel, en baie min dinge vir mense sin maak.

As die wêreldsituasie aan die begin van 2020 onvolhoubaar was, dan nog des te meer die situasie in Suid-Afrika. Dit is nie nodig om breedvoerig hieroor uit te wei nie, want die neerdrukkende maatskaplike en ekonomiese situasie in hierdie land is welbekend, en ’n bron van groot kommer vir elke denkende Suid-Afrikaner. Suid-Afrika was alreeds in Maart 2020 toe die Covid-19-bom ook hier gebars het, polities, maatskaplik en ekonomies diep in die knyp. Die bronne van ekonomiese vooruitgang wat Suid-Afrika vanaf die land se ekonomiese ontwaking in 1880 so goed gedra het – landbou en mynbou – het vanaf veral die 1980’s momentum begin verloor. Nywerheidsontwikkeling kon na die 1990’s nie meer die soort stukrag aan Suid-Afrika se ekonomiese ontwikkeling voorsien as wat dit sedert die Tweede Wêreldoorlog tot die 1980’s gedoen het nie. Tewens, die bydrae van vervaardiging tot Suid-Afrika se bruto binnelandse produk het vanaf 21 persent tot 6 persent gedaal sedert 1990, en dit behoort vir elke Suid-Afrikaner ’n bron van groot kommer te wees. Vervaardiging en konstruksie is die natuurlike ekonomiese bestemming vir Suid-Afrika se groot maar swak opgeleide arbeidsmag as landbou en mynwese nie meer die mas kan opkom nie.

’n Saambondeling van ineengeweefde krisisse staar Suid-Afrika in die gesig, byvoorbeeld lae tot negatiewe ekonomiese groei, ’n groot en groeiende skuldlas, ’n oorbelaste (en skynbaar


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a2

polities ingeweefde) "staatsdiens", hoë en steeds stygende werkloosheid, 'n fiskale afgrond met 'n kwynende belastingbasis, toenemende eise vir maatskaplike steun, terwyl die vermoë van die werkloses om uiteindelik vir hulleself te sorg deur swak opleiding en 'n disfunksionele opvoedkundige stelsel gekortwiek word, en nog meer. Suid-Afrika se kraaines van krisisse vra om skeppende, vernuwende denke terwyl die land nog steeds voortploeter om vanuit die ou kognitiewe tuisland van 'n natuurbronekonomie, groepkonflik en vorme van rasgebaseerde politiek na oplossings te soek: terwyl die werklike rykdom van 'n land in die karakter en vaardighede van sy mense en sterk maatskaplike kapitaal[24] geleë is.

Die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) (2012) is nou ongeveer agt jaar oud: dit is 'n uitstekende diagnose, omvattend in ontleding en duidelik in probleemidentifikasie, maar in soverre dit implementering aangaan, is die fokus onvoldoende en gaan dit – soos voorgelê – uiters moeilik implementeerbaar wees.[25] Die huidige regering se bewese onvermoë om planne deur te voer is 'n probleem, maar dit is te betwyfel of enige ander regering (as sentrale regering) dit suksesvol sal kan deurvoer. Die NOP sal waarskynlik makliker van onder na bo implementeer kan word as van bo na onder.

Die huidige benadering van die Suid-Afrikaanse regering is in wese grootliks ideologies-sentralisties. Daarbenewens is daar ook 'n geneigdheid om per geleentheid hase uit die hoed te pluk, soos byvoorbeeld president Ramaphosa se visie om die Wêreld-Ekonomiese Forum se "Vierde Nywerheid Rewolusie" in Suid-Afrika van stapel te stuur, terwyl dit die land beter sou pas om eerder na 'n ontwikkelingstrategie vir die vervaardiging- en konstruksiesektore te kyk. Ander haas-uit-die-hoed-optrede is radikale ekonomiese transformasie met sy veronderstelling dat Suid-Afrika se rykdom in geld en goed lê, terwyl dit in die gehalte van sy maatskaplike kapitaal setel.

'n Ander rede waarom 'n sentralistiese benadering tot ontwikkeling in Suid-Afrika moeilik gaan werk, is omdat ware demokrasie oor die afgelope 26 jaar, soos ook elders in die wêreld, onder groot druk gekom het hier ter plaatse. Verteenwoordigende politiek is vervang deur wat Koos Malan (2011) 'n "politokrasie" noem, waarin politieke partye burokratiese instellings geword het waardeur partydienstigheid kieserdienstigheid vervang het. Suid-Afrikaanse politiek het daardeur waarskynlik verander in 'n vyand van die land se toekoms.

Dit is nie die doel om hier die Suid-Afrikaanse problematiek volledig te behandel nie, maar slegs om daarop te wys dat Suid-Afrikaners dit nog nie reggekry het om uit hulle kognitiewe tuisland van voor 1994 te ontsnap nie. Die land leef dus nou al vir 26 jaar in postnormale tye (PNT), wat in 2020 met die Covid-19-pandemie 'n nuwe, selfs meer verwarrende, betekenis gekry het. Suid-Afrikaners ervaar 'n diep onsekerheid oor die pad vorentoe – en momenteel ook 'n gevoel van diepe magteloosheid en "onoorwinlike onkunde" oor waar die oplossings lê. Intussen weet ingeligte persone wat die uiteinde vir Suid-Afrika sal wees indien daar nie onverwyld doelmatig en dringend opgetree word om oplossings buite (en bo) bestaande Suid-Afrikaanse wêreldbeskouings, paradigmas, houdings en ideologieë te

24 Maatskaplike kapitaal berus op mensevermoëns, maar sy stukrag lê in goeie organisasie en sosiale netwerke. Die "beleggingsbank" van maatskaplike kapitaal lê in gehalte-gemeenskapsinstellings, in goeie maatskaplike en ekonomiese netwerke, in aktiewe burgerlike organisasies, in die ontwikkelingskultuur van ŉ gemeenskap, in ŉ interne lokus van beheer (ŉ sin vir selfverantwoordelikheid), in ŉ gevoel van betekenis binne ŉ gemeenskap, in ŉ sterk gedeelde waardestelsel en etos, in ŉ sin vir billikheid en respek vir menswaardigheid.

25 National Planning Commission, Republic of South Africa. 2012. *National Development Plan*. https://www.gov.za/sites/default/files/Executive%20Summary-NDP%202030%20-%20Our%20future%20-%20make%20it%20work.pdf.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a2

vind nie. Met ander woorde, daar staan ’n Swart Olifant in Suid-Afrikaanse raadsale wat trompop benader moet word, anders kan sake vorentoe baie skeef loop. Daar is nie meer die luukse van ’n tydspeling nie: die voorheen bespreekte postnormale kruiping (wat die swart jellievisse in spel bring) en die postnormale sloer wat tekenend is van die volhardingsgedrag om na die ou kognitiewe tuisland terug te keer (dit wil sê, ou denke en houdings te koester). Dit is nou tyd om bo verdelende denke, verdelende houdings en verdelende politiek uit te styg, om goedontwerpte kantelbestuurprosesse deur te voer en dan met nuwe houdings en denke nuwe, skerp gefokusde planne te beraam.

Die huidige probleme van korrupsie en misdadigheid is simptome van ’n verdeeldheid, vervreemding, polarisasie, ongelykheid, armoede en oorlewingsvrees tussen groepe mense (ons teenoor hulle). Eiegroeppersepsies wat “ander mense” (in hulle kollektiewe psige) ontmens, dui op ’n afwesigheid van die meelewing wat so noodsaaklik is om ’n sterk samelewing te bou. Ontmensing is ’n ernstige maatskaplike patologie wat dwars in die pad staan van samelewingsbou en die ontwikkeling van maatskaplike kapitaal.

Dit is nodig dat misdadigheid en korrupsie aangespreek moet word, maar dit alleen is hoegenaamd nie voldoende om die land op ’n ontwikkelingsbaan te plaas nie. Mense moet leer om te sien en te verstaan wat werklik in Suid-Afrika aan die gang is, anders oorheers ou denke en waardes. Mense se denke en waardes kan daardie (voorheen bespreekte) “vreemde aanlokkers” word wat kan help om verwikkelinge in hierdie land in ’n positiewe rigting te stuur. Suid-Afrikaners se Groot Trek is vandag na ’n nuwe kognitiewe tuisland waarin ’n nuwe bewustheid, nuwe wêreldbeskouings en sterk waardes stukrag gee aan samelewingsbou. Hulle moet saam nuwe ideale ontdek en saam werk om daardie ideale te verwesenlik. Nuwe simbole van eenheid is nodig om as blywende ligbakens te dien op die pad vorentoe. Samelewingsbou vereis dat die individu en sy gemeenskap die belangrikste rolspelers in ’n vernuwingsproses is, en nie die staat of ’n politieke party nie. Daarom behoort enige vernuwingsproses vanaf onder te begin: vanaf persoonlike inisiatiewe en vanuit plaaslike gemeenskappe, wat dan opwaarts versprei en uitgroei soos ’n andersoortige “virusinfeksie”, wat die Suid-Afrikaanse landskap oorspoel met skeppende, meelewende vernuwingsaksies.

## BIBLIOGRAFIE


Ackoff, R.L. 2001. *A brief guide to interactive planning and idealised design:* https://eaasos.info/Content/Downloads/AckoffGuidetoIdealizedRedesign.pdf [31 Mei 2001].

Baumann, Z. & Mauro, E. 2016. *Babel.* New York: Wiley.

Bibri, S.E. 2018. Backcasting in futures studies: a synthesized scholarly and planning approach to strategic smart sustainable city development. https://link.springer.com/article/10.1186/s40309-018-0142-z [27 Julie 2018].

Black Elephant. Postnormal Times: https://postnormaltim.es/black-elephant/ [15 Mei 2020].

Black Jellyfish. Postnormal Times: https://postnormaltim.es/black-jellyfish/ [15 Mei 2020].

Black Swan. Postnormal Times: https://postnormaltim.es/black-swan/ [15 Mei 2020].

Boulding, K.E. 1966. The economics of Spaceship Earth. In Jarret, H. 1966. *Environmental Quality in a Growing Economy*. Baltimore: MD. Resources for the Future/Johns Hopkins University Press, pp. 3-14.

Centre for Postnormal Policy and Futures Studies: https://www.cppfs.org/#[object%20Object/ [16 Mei 2020].

Cilliers, P. 1998. *Complexity and postmodernism*. London: Routledge, pp. 4-7.

The Covid Chronicles. 2020: https://postnormaltim.es/. [16 Mei 2020].

De Jouvenel, B. 1967. *The art of conjecture.* New York: Basic Books.

Del Pino, J.S., Jones, C. & Mayo, L. April 2020. The Covid Chronicles. The Postnormal Perfect Storm Part 1: https://postnormaltim.es/insights/postnormal-perfect-storm-part-1 [16 Mei 2020].

Del Pino, J.S., Jones, C. & Mayo, L. April 2020. The Covid Chronicles. The Postnormal Perfect Storm Part 2: https://postnormaltim.es/insights/postnormal-perfect-storm-part-2 [16 Mei 2020].

Del Pino, J.S., Jones, C. & Mayo, L. Mei 2020, The Covid Chronicles. The Postnormal Perfect Storm Part 3: https://postnormaltim.es/insights/postnormal-perfect-storm-part-3 [21 Mei 2020].

De Geus, A. 1991. Scenario-based planning: managing by foresight. *The Systems Thinker*. Vol 7, No 1: https://thesystemsthinker.com/wp-content/uploads/pdfs/010701E.pdf [1 Januarie 1990].

Duterte vows to 'shoot dead' lockdown violators as unrest grows in Philippines. *The Telegraph*. 2 April 2020: https://www.amnesty.org/en/latest/news/2020/04/philippines-president-duterte-shoot-to-kill-order-pandemic/ [16 Mei 2020].

Flood, R.L. & Carson, E.R. 1988. *Dealing with complexity*. New York: Plenum Press, pp. 126-124.

GUPTA, V. 2009. *On Black Elephants:* http://vinay.howtolivewiki.com/blog/flu/on-black-elephants-1450 [17 Mei 2020].

Henig, R.M. 2020. *Experts warned of a pandemic decades ago: Why weren't we ready?* National Geographic: https://www.nationalgeographic.com/science/2020/04/experts-warned-pandemic-decades-ago-why-not-ready-for-coronavirus/ [16 Junie 2020].

Hilgard, E. R. 1980. "The Trilogy of Mind: Cognition, Affection and Conation". *The Journal of the History of Behavioural Sciences* 16:107-17.

Inayatullah, S. 1998. Causal layered analysis: Poststructuralism as method. *Futures* Volume 30(8), October 1998, pp. 815-82.

Janis, I. L., & Mann, L. 1977. *Decision making: A psychological analysis of conflict, choice, and commitment.* New York: Simon & Schuster Free Press.

Jones, C. 2020. Covid-19 is die perfekte postnormale storm: https://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/covid-19-is-die-perfekte-postnormale-storm-20200521/ [22 Mei 2020].

Lehman, R. & Young, J. 2016. *How Avoidance Destroys Strategic Initiatives.* INSEAD: https://knowledge.insead.edu/blog/insead-blog/how-avoidance-destroys-strategic-initiatives-4699 [20 Mei 2016].

Malan, K. 2011. *Politokrasie: 'n peiling van die dwanglogika van die territoriale staat en gedagtes vir 'n antwoord daarop*. Pretoria: PULP.

Meadows, Donella H; Meadows, Dennis L; Randers, Jørgen; Behrens III, William W. 1972. *The Limits to Growth; A Report for the Club of Rome's Project on the Predicament of Mankind*. New York: Universe Books.

Nicolis, G. & Prigogine, I.1977. *Self-Organization in Nonequilibrium Systems. From Dissipative Structures to Order through Fluctuations*. New York: J. Wiley & Sons.

National Planning Commission. Republic of South Africa. 2012. *National Development Plan:* https://www.gov.za/sites/default/files/Executive%20Summary-NDP%202030%20-%20Our%20future%20-%20make%20it%20work.pdf [15 Augustus 2012].

Prinesha, N. 2020. South Africa booze, tobacco ban created new criminal networks.

Criminal operators are now embedded in the supply chain and it will take years to reverse that, tax official says. *Biz News:* https://www.biznews.com/briefs/2020/09/08/tobacco-ban-2 [7September 2020].

Prigogine l. & Stengers I. 1984. *Order out of chaos: Man's new dialogue with nature.* New York: Bantom Books.

Rao, V. 2012. Welcome to the Future Nauseous. Ribbonfarm constructions in magical thinking: https://www.ribbonfarm.com/2012/05/09/welcome-to-the-future-nauseous/ [9 Mei 2012].

Sheehan, M.C. & Fox, M.A. 2020. Early Warnings: The Lessons of Covid-19 for Public Health Climate Preparedness. *International Journal of Health Services*. 2020 Jul; 50(3):264-270: https://www.ncbi.nlm.nih.gov/pmc/articles/PMC7288851/ [9 Junie 2020].

Spies, P.H. 2019. Process-Based Evaluation of the Potential Affectiveness of Futures Studies as a Profession. *World Futures Review,* July 26, 2019, pp. 308-319.

Taleb, N.N. 2007. *The black swan: the impact of the highly improbable.* London: Penguin Books.

The Natural Step: Backcasting: https://www.naturalstep.ca/backcasting [7 Maart 2016].

Toffler, A. 1970. *Future Shock.* New York: Random House.

Tools for Futures Thinking and Foresight Across UK Government: https://assets.publishing.service.gov.uk/government/uploads/system/uploads/attachment_data/file/674209/futures-toolkit-edition-1.pdf [8Julie 2014].

Warzel, C. The New York Times: When Will Life Be Normal Again? We Just Don't Know. 13 April 2020: https://www.nytimes.com/2020/04/13/opinion/coronavirus-what-we-know.html?searchResultPosition=1/ [24 April 2020].

# Omgewingsidentiteit in die Era van die Mens: Nuwe perspektiewe op *Toorbos*. Deel 2

***Environmental identity in the Age of Man: New perspectives on* Toorbos. *Part 2***

**Susan Meyer**
Skool vir Taalonderwys
Fakulteit Opvoedkunde
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: meyer.susan@nwu.ac.za



Susan Meyer

**Susan Meyer** is medeprofessor in Afrikaans aan die Skool vir Taalonderwys van die Fakulteit Opvoedkunde, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom. Sy is deel van die Navorsingseenheid *Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse konteks* aan die NWU. Sy het haar kwalifikasies aan die Universiteit van die Vrystaat (voorgraads), die Universiteit van Pretoria (MA in Afrikaanse Letterkunde) en UNISA (DLitt et Phil) verwerf. Haar navorsing behels 'n ekokritiese benadering tot eietydse Afrikaanse letterkunde. Dit fokus op die ontwikkeling van die ekokritiese diskoers in Suid-Afrika en op die toepassing van hedendaagse internasionale teorieë in die veld van ekokritiek by die ontleding van Afrikaanse literêre tekste. Aan die hand van die teoretiese raamwerke wat die ekokritiek bied, ondersoek sy die spektrum van mens-natuur-verhoudingsaspekte wat in eietydse romans uitgebeeld word, die rol van die natuurlike omgewing in identeitskonstruksie en -aanpassing, die genesende en rigtinggewende invloed van natuurruimtes en -belewing asook die verskillende kontekste en vlakke van hierdie beïnvloeding. Sy is geïnteresseerd in die krag van letterkunde as kulturele ekologie, in die verskynsel van groen postkolonialisme en in die wyses waarop daar op omgewingsprobleme in die Afrikaanse letterkunde gereageer word. Haar navorsing oor hierdie vraagstukke lei tot bestendige bydraes tot akademiese tydskrifte, boeke en konferensies, nasionaal en internasionaal.

**Susan Meyer** is associate professor of Afrikaans at the School of Language Education of the Faculty of Education, North-West University, Potchefstroom. She is part of the Research Entity *Language and Literature in the South African context* at the NWU. She obtained her qualifications at the University of the Free State (undergraduate), the University of Pretoria (MA in Afrikaans Literature) and UNISA (DLitt et Phil). Her research contains an ecocritical approach to contemporary Afrikaans literature. It focuses on the development of the ecocritical discourse in South Africa and on applying recent international theories in the field of ecocriticism when analysing Afrikaans literary texts. Using the theoretical frameworks of ecocriticism, she explores the variety of human-nature relationship aspects portrayed in contemporary novels, the role of the natural environment in identity construction and adaptation, the healing and directive influence of nature and nature experiences, as well as the different contexts and levels of these influences. She is interested in the power of literature as cultural ecology, in the phenomenon of green postcolonialism and in the ways in which environmental problems are reacted to in Afrikaans literature. Her research on these issues has led to steady contributions to academic journals, books and conferences, nationally and internationally.

**Datums:**
Ontvang: 2020-03-15 Goedgekeur: 2020-05-18 Gepubliseer: Desember 2020


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a3

**ABSTRACT**

***Environmental identity in the Age of Man: New perspectives on* Toorbos*, Part 2***

*The film version of Dalene Matthee's novel* Toorbos *(2003; translated by the author as* Dreamforest, *2004) was released in 2019. Media interest in the film has drawn new attention to the novel. Rereading* Toorbos *in our era of growing dismay about the environmental crises all around us knocks the wind out of one and affirms the current relevance of the novel. The* Age of Man, *or the* Anthropocene, *refers to a geological epoch in which the earth is believed to reach critical tipping points due to increasing human influence. This could lead to rapid and irreversible change and could make life on earth impossible (Kotzé 2014).*

*In Part 1 of this study, published in the September 2020 issue of this journal, I introduced Susan Clayton and Susan Opotow's ideas about identity and the environment. Clayton emphasises that identity is both a product and a force, an assortment of beliefs about the self that serve as a motivator of particular ways of interacting with the world. A strong environmental identity, as a motivating force, can have significant effect on personal, social and political behaviour (Clayton 2003:46). Furthermore, environmental conflicts can be neither understood nor constructively resolved unless we recognise the ways in which they reflect individual and group identities (Clayton & Opotow 2003:19).*

Environmental identity *is described as a sense of connection to some part of the nonhuman natural environment (based on history, emotional attachment or similarity) that affects the ways in which we perceive the world and respond to our surroundings; a belief that the environment is important to us and an important part of who we are (Clayton 2003:45-46). According to Clayton and Opotow (2003:10), environmental identity occurs on a continuum with minimal levels of social influence on the one end, and strong levels on the other. This scale for assessing individual differences in environmental identity is based on the reality that environmental identities inevitably contain a social component, but the degree of social influence varies for different individuals or groups (Clayton & Opotow 2003:10).*

*The first aim of the study was to engage theoretically with the concept of environmental identity, and to underscore the importance of this principle for environmentally oriented thinking, in the context of global concern about the existential crisis humankind faces when the planet's ability to provide is depleted. Now, in Part 2, Clayton and Opotow's ideas about environmental identity serve as a theoretical framework for an ecocritical rereading of* Toorbos. *The aim of this part of the study is to put Clayton and Opotow's theoretical instrument to the test. Their model of environmental identity is illustrated and its value is tested by means of an analysis of the two main characters in* Toorbos.

*Since Karoliena Kapp and Johannes Stander grew up in the same forest environment, they share a socio-economic and cultural background, but they do not seem to agree on the role of the forest in understanding themselves or their plans for the future. In fact, when scrutinised in terms of Clayton and Opotow's model, Karoliena and Johannes appear to be differently positioned on the continuum regarding environmental identity types.*

*Karoliena finds herself on that side of the scale where a personal sense of connection to the natural surroundings – here the Knysna environment of the 1930s – strongly comes to the fore. Karolina lives the life of an individualist, with little interest in social ways or conventions; her direct and deliberate contact with the forest defines her life. While interaction with nature comes natural for her, social communication requires extra effort; the trees are cherished as giants of wisdom in whom she confides and where she finds knowledge about life and herself. Karoliena is intently attuned to the voices of the forest. She is dismayed at the silencing of*



doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a3

*these voices as large areas and mountainsides are stripped of their natural vegetation in preparation for plantations.*

*Johannes' attunement to social factors and influences positions him quite a distance from her on Clayton and Opotow's scale. On his side of the scale social activities and commitment largely influence environmental identity; individual-mindedness and contact with the natural environment move to the periphery of attention.*

*Johannes finds confirmation of his success as a businessman and leader of the Knysna community in the highest social circles. The preferences and opinions prevalent in these circles provide the basis for his relationship with Karoliena. He values her beauty and intelligence, qualities that contribute to his social status, more than her individuality and her affection for the trees, frogs and birds of the forest. The political realities of the time and the economic progress of the town are priorities; he fully favours plans for the removal of the trees in Knysna's streets to make place for lamp poles and tarred roads. He finds it impossible to understand or accommodate Karoliena's consternation about decisions such as these. Her disregard for all social expectations in direct contrast to voicing strong opinions about the intrinsic value nature has and the important role that interaction with the natural surroundings plays in her life, altogether puzzles Johannes.*

*While this increasingly frustrates him, Karoliena considers his social-mindedness as restrictive and unaccommodating, not allowing her to be the person she is. Commitment to Johannes means denial of herself, a person whose individuality is so deeply rooted in her environmental identity. The greatest frustration in their relationship can be attributed to their respective efforts to maintain their different environmental identities. Due to the different levels of social influence on Karoliena and Johannes, she eventually has to leave him.*

Toorbos *illustrates the effect of differences in environmental identity even among people who have the same background. It sheds light on the irreconcilability of people who are influenced in different ways by society. The conclusion regarding the powerful effect environmental identity issues may have on environmental behaviour and beliefs can be transferred from* Toorbos *to the broader present-day situation. The snippet of the South African reality depicted in* Toorbos *may create an awareness of environmental identity, and of the important implications it has for full comprehension and constructive ways of handling environmental conflicts in the Age of Man.*

**KEYWORDS:** Anthropocene, environmental identity, *Toorbos (Dreamforest),* Dalene Matthee, environmental attitude and behaviour, Susan Clayton, Susan Opotow

**TREFWOORDE**: Antroposeen, omgewingsidentiteit, *Toorbos*, Dalene Matthee, omgewingshoudings en -gedrag, Susan Clayton, Susan Opotow

## OPSOMMING

Die rolprentweergawe van Dalene Matthee se roman, *Toorbos*, is in 2019 vrygestel. Die mediabelangstelling in die rolprent het nuwe aandag op die roman gevestig. Die romangegewe asook die filmbeelde van die uitroei van die eeu-oue Knysnawoud en gepaardgaande ekosisteme het ons ook opnuut attent gemaak op die onthutsende kwessie van mensgemaakte bedreigings vir lewe op aarde. In die Era van die Mens word toenemende druk op die planeet se lewens-onderhoudende sisteme geplaas en groei die kommer daaroor wêreldwyd. Die teoretiese raamwerk wat benut word in die ekokritiese herlees van *Toorbos* is Susan Clayton en Susan Opotow se omgewingsidentiteitsteorie en -model. In Deel 1 van my studie, in die September

2020-uitgawe van hierdie tydskrif, is die belang van omgewingsidenteit vanuit 'n teoretiese hoek gemotiveer. Nou, in Deel 2, word dit prakties geïllustreer deur die toepassing van Clayton en Opotow se omgewingsidentiteitsmodel op 'n analise van die hooffigure in *Toorbos*. Die bevinding is dat Karoliena en Johannes, ongeag verskeie gedeelde agtergrondfaktore, uiteenlopende rigtings inslaan wat omgewingshouding- en gedrag betref – spesifiek weens omgewingsidentiteitsverskille. Hierdie kwessie gee tot spanning en onherstelbare verhoudingskade aanleiding. *Toorbos* illustreer hoe kragtig omgewingsidentiteitskwessies op menseverhoudings sowel as op omgewingsgedrag en -oortuigings kan inspeel. Deur omgewingsidentiteit as betekenisvolle gegewe in die werklike lewensituasie te ag, mag die kontoere van omgewingsdebatte op praktiese en vrugbare wyse verlê word. Die klein snit uit die Suid-Afrikaanse werklikheid wat *Toorbos* bied, mag bewustheid skep vir die belangrike implikasies van voldoende insig omtrent omgewingsidentiteit in die Era van die Mens, ten einde verskillende beskouings en hanterings van omgewingsprobleme volledig te begryp en konstruktief te hanteer.

## 1. INLEIDEND

Toorbos (2003) is die laaste in Dalene Matthee se vierluik bosromans. Die rolprentweergawe van Toorbos is in 2019 vrygestel. Dit is vereer met 'n besonder gesogte plasing by kykNET se Silwerskermfees – die heel laaste film wat vertoon is – en met uitstekende resensies.[1] Die sukses van die film het nuwe mediabelangstelling in die roman tot gevolg gehad. Filmbeelde van die uitroei van die eeu-oue Knysnawoud en gepaardgaande ekosisteme op die grootskerm het ons ook opnuut attent gemaak op die era van die Antroposeen en van mensgemaakte bedreigings vir lewe op aarde. Die tydperk van die Antroposeen, oftewel die Era van die Mens, word deur kenners beskryf as 'n nuwe geologiese epog waartydens, as gevolg van toenemende menslike invloed, die aarde besig is om kritieke kantelpunte te bereik, wat tot snelle en onomkeerbare verandering kan lei en lewe op aarde onmoontlik kan maak (Kotzé 2014).

Deur die jare is daar op verskeie teoretiese en lewensbeskoulike beginsels gefokus om individuele asook openbare standpunte ten opsigte van omgewingsbeskerming te probeer verstaan en voorspel. Die aandag het egter toenemend begin verskuif in die rigting van identiteitskwessies en van begrippe soos *omgewingsidentiteit* en *ekologiese identiteit* waar die vraagstuk van omgewingskrisisse ter sprake is (Clayton & Opotow 2003:6; Walton & Jones 2017:658).

Terwyl omgewingsbeskouings en -gedrag klaarblyklik nie maklik in 'n positiewe rigting gestuur kan word nie, en ons met al die bewyse daarvan in die ineenstorting van ekosisteme en die opbouende klimaatskrisis sit, stel Susan Clayton en Susan Opotow (2003:5) voor dat ons met nuwe aandag na die skakel tussen identiteit en omgewingsgedrag moet kyk.

Motivering vir hulle standpunt word gebied met verwysing na hulle uitgebreide navorsing oor verskillende beskouings van geregtigheid met betrekking tot omgewingskwessies (Clayton & Opotow 1994; Clayton 2000; Clayton & Opotow) Hierdie studies het hulle tot die insig gebring dat oortuigings oor wat billik en regverdig is, in wese vervleg is met wie ons is, hoe ons in verhouding staan tot of aansluiting vind by ander, en wat dit beteken in terme van regte en verpligtinge. Verskeie ander navorsers beaam die oortuiging van Clayton en Opotow wanneer

[1] Jaco Barnard-Naudé (2019) beskryf die film as "meesleurend en oorrompelend"; André Scholtz, aangehaal deur A Stone (2020) noem hierdie film "'n wenner"; hy meen dat 'n film van hierdie gehalte goed geposisioneer is om by te dra tot die bewaring van 'n stuk Suid-Afrikaanse geskiedenis asook die Afrikaanse taal, aangesien daar "'n nuwe generasie [is] wat nog nooit van Matthee se werke ervaar het nie" (Scholtz 2020).


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a3

hulle beklemtoon dat identiteitsgebaseerde faktore die belangrikste motiveerders van enige gedrag is (Freed 2015:2,7; Stets & Biga 2003:398). Sulke uitsprake verleen gewig aan Clayton en Opotow (2003:19) se oortuiging dat omgewingskonflikte nie ten volle verstaan of op konstruktiewe wyse hanteer kan word sonder om die maniere waarop dit die identiteit van die individu of die groep reflekteer, te erken nie.

Die konteks vir hierdie studie is dus die nuwe aandag vir identiteitskwessies onder navorsingsgeledere waar die aandag op benaderings tot omgewingskonflik en -krisisse toegespits is. In die vorige deel van my studie, gepubliseer as Deel 1 in die September 2020-uitgawe van hierdie tydskrif, is *identiteit* binne die konteks van die eietydse Afrikaanse prosa geplaas, spesifiek ook van Matthee se oeuvre en van ekokritiese studies in Suid-Afrika, en binne die groter teoretiese raamwerk van die posthumanisme en die materiële ekokritiek. In daardie deel van die studie is die begrip *omgewingsidentiteit* teoreties verken en verantwoord. Dit was deel van my poging om ook die belang van hierdie beginsel vir omgewingsgeoriënteerde denke uit te klaar en te onderstreep, in aansluiting by die wêreldwye besorgdheid oor die bestaanskrisis wat die mens in die oë staar wanneer die planeet se vermoë om te voorsien tot niet mag gaan.

Die doel van hierdie tweede deel van my ondersoek is die benutting van die teoretiese gereedskap wat Clayton en Opotow se benadering bied in die ontleding van *Toorbos*, ten einde botsende omgewingshoudings en -standpunte in die roman te probeer begryp in die lig van die teorie oor omgewingsidentiteit. Terselfdertyd sal gepoog word om verbande tussen *Toorbos* en die breër, praktiese situasie van ons tyd, spesifiek die realiteit van globale omgewingskonflik en -onversoenbaarhede, te probeer lê.

## 2. *TOORBOS* EN DIE BEGRIP *OMGEWINGSIDENTITEIT* IN BREË TREKKE

Die buitelyne van die verhaal kan in breë kwashale geskets word. Johannes Stander, seun van ’n Knysnaboswerker, kon hom uit die bosarmoede losmaak deur ’n suksesvolle sakeryk op die dorp te bou. Hy bied vir Karoliena Kapp “uitkoms” uit daardie selfde omgewing aan toe hy haar vra om te trou. Karoliena weet egter reeds die dag ná die troue dat sy verkeerd gekies het en gaan trek by “ou Bothatjie” van Jim Reid-se-draai bokant Diepwalle in. Die roman her-belig die historiese gegewe van die toe-eiening van die Knysnabos as staatsgebied in die 1930’s, toe ’n woud die knie moes buig voor die aanvraag na timmerhout en dwarslêers vir nuwe spoorlyne. Eers word boswerkers deur wetgewing ’n ál kleiner porsie van die omgewing waaruit hulle ’n bestaan moet maak, gegun; die uiteindelike en totale onteiening van grond loop uit op die hervestiging van die houtkappers in die gehuggie van Karatara. Ook Karoliena word uiteindelik uit die bos gedwing omdat sy haar heenkome by Bothatjie kwytraak. Sy huis word afgebreek aangesien dit in die pad van die nuwe plantasies staan.

In die middelpunt van Karoliena se persoonlike verhaal staan die ontdekking dat sy en Johannes mekaar nie werklik kan vind nie. Vir die aard van haar geestesband met die natuuromgewing toon Johannes min begrip. Dit bring verwydering op geestesvlak wat selfs hulle huwelik nie kan oorleef nie.

’n Betekenisvolle ooreenkoms is dat Karolina en Johannes beïnvloed en gevorm is deur dieselfde bosomgewing waarin hulle ouers geleef, gewerk en swaargekry het. Hulle deel ’n sosio-ekonomiese en kulturele agtergrond in die volledigste sin. Tog kan hulle geen gemene grond vind wat die rol van die bos in hulle self- en toekomsbeskouing betref nie. Die een se pad loop uit die bos, die ander een draai telkens om terug bos toe.

Karoliena en Johannes demonstreer die waarheid dat, hoewel sosiale en kulturele agtergrondfaktore kragtige bepalers van ingesteldheid ten opsigte van omgewingsake mag


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a3

wees, hierdie faktore nie volledige verklaring kan bied vir individue of groepe se houding teenoor natuursake en bewaringskwessies nie.

*Toorbos* konfronteer ons met vrae wat dringend relevant is vir ons tyd: *Wat* motiveer dan die waarde wat aan die natuurlike omgewing toegeken word of wat aan natuurgawes geheg word? Waarop sou voorspellings ten opsigte van ingesteldhede in hierdie verband gebaseer kan word, en wat is dit wat mense sou kon saamsnoer in voorkomings- en aanpassingstrategieë wanneer omgewingsuitdagings aangepak word?

Susan Clayton en Susan Opotow meen dat die idee van *omgewingsidentiteit* ’n antwoord op bogenoemde vrae kan bied. Hulle teoretiese uitgangspunte en model, wat aanstons getoets gaan word by wyse van die ontleding van die belangrikste *Toorbos*-karakters, word weer in enkele paragrawe verhelder.

Clayton (2003:45) beskou *omgewingsidentiteit* as een van vele faktore wat tot selfbegrip kan bydra. Sy omskryf dit as ’n gevoel van skakeling met ’n aspek van ons niemenslike natuurlike omgewing, gebaseer op persoonlike geskiedenis, emosionele verbintenis of op beleefde ooreenkomste. Hierdie belewing van verbintenis het, volgens Clayton (2003:45-6), ’n invloed ten opsigte van ons waarneming van en gedrag teenoor die wêreld; dit manifesteer in die oortuiging dat die natuuromgewing belangrik vir ons is, asook ’n belangrike deel vorm van wie ons is.

Vir Clayton en Opotow (2003:5) is identiteit beskryfbaar volgens die mate waarin sosiale kragte ’n invloed op individue of groepe uitoefen. Aangesien natuurbelewing diep wortels in sosiale en kulturele agtergrondfaktore het, koppel Clayton en Opotow die beginsel van omgewingsidentiteit aan ’n kontinuum tussen pole, gebaseer op die mate waarin sosiale invloed ’n rol speel: van minimaal tot sterk.

Clayton en Opotow se omgewingsidentiteitsmodel berus op die uitgangspunt dat omgewingsidentiteit onvermydelik ’n sosiale komponent bevat,[2] maar dat die mate van sosiale beïnvloeding by mense verskil.

Wanneer omgewingsidentiteit minimaal deur sosiale faktore beïnvloed word, sê Clayton en Opotow (2003:10), word ervaar dat die natuur op direkte wyse beleef en verstaan word, sonder of met baie min sosiale “inmenging”. Die natuur word beleef as geskei van die sosiale lewe. Daar is geen beduidende sosiale druk of konflik ten opsigte van natuurbelewing nie. Hierteenoor: Wanneer omgewingsidentiteit in ’n groot mate deur sosiale faktore beïnvloed word, bevind individue en groepe hulle in sterk sosiale groeperings of kategorieë waar politieke realiteite, aktivisme en sosiale konflik ’n groot rol speel (Clayton & Opotow 2003:10). Tussen hierdie twee pole op die kontinue voorstellingslyn vir omgewingsidentiteitstipes is variasie uiteraard moontlik.

Die navorser se eie kritiese ingesteldheid teenoor die uitgangspunt(e) wat as vertrekpunt vir ’n studie dien, is uiteraard belangrik. Clayton en Opotow bied, myns insiens, ’n praktykgeoriënteerde soort skaal vir die vasstelling van verskille in omgewingsidentiteit. Hulle model vorm ’n konkrete vertrekpunt om die verskeidenheid van benaderings tot die natuurlike omgewing, en verskillende morele opvattings daaromtrent, te begryp en om hierdie insigte te herlei tot praktiese maniere om omgewingsgedrag en -konflik te voorspel.

2 Hierdie model gee erkenning daaraan dat hoe ons onsself in verhouding tot die natuur verstaan, afhanklik is van gedeelde, kultureel gekleurde opvattings oor wat die natuur is, asook oor watter aspekte van die natuur ons respek verdien, en wat negeer of benut kan word (Clayton & Opotow 2003:10). Clayton en Opotow herinner ons daaraan dat sosiale veranderlikes ’n invloed het op hoeverre ons in staat is en verkies om op die natuurlike omgewing te fokus en te reageer, ook op hoe ons dit wat ons sien, interpreteer (2003:10).


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a3

Aangesien die begrip *omgewingsidentiteit* van 'n deeglike kontekstuele en teoretiese basis voorsien is (Deel 1 van my studie), kan met vertroue beweeg word na 'n waardebepaling en -motivering van Clayton en Opotow se omgewingsidentiteitsmodel, in die praktiese benutting daarvan.

## 3. OMGEWINGSIDENTITEIT IN *TOORBOS*

In Clayton en Opotow (2003:10) se bespreking van hulle omgewingsidentiteitsmodel gebruik hulle die beeld van voor- en agtergrondbesonderhede in 'n visuele beeld om te beklemtoon dat die sosiale konteks altyd in die "prentjie" van omgewingsidentiteit teenwoordig is, óf sentraal en op die voorgrond, óf vaag en slegs van periferale of agtergrondbelang.

Aan die een kant van die kontinue voorstellingslyn met behulp waarvan Clayton en Opotow variasie in omgewingsidentiteitstipe aandui, daardie kant van die skaal waar omgewingsidentiteit in 'n mindere mate deur sosiale faktore beïnvloed word, is 'n bepaalde tipe belewing die norm. Die natuurlike omgewing is op die voorgrond. Individuele ervarings word belangrik geag en groter waarde word aan individuele fokus as aan 'n groepfokus geheg. Die individu posisioneer hom-/haarself bewustelik om in interaksie met die natuur te leef en die natuurterrein word beleef as geskei van sosiale terreine. Sosiale konflik is op die agtergrond (Clayton & Opotow 2003:10).

Aan die ander kant van die skaal, waar sosiale faktore omgewingsidentiteit oorheers, skuif die natuurlike omgewing na die agtergrond. Groepsidentiteit en -bedrywighede is op die voorgrond. Posisionering vind plaas met 'n sosiale fokus in gedagte. Politieke realiteite oefen groot invloed uit en sosiale konflik speel 'n beduidende rol (Clayton & Opotow 2003:10).

Wanneer hierdie model met die hooffigure in *Toorbos* in verband gebring word, word Karoliena op eersgenoemde kant van die kontinuum aangetref, wat ons voortaan gerieflikheidshalwe die linkerkant van die skaal kan noem. Hoewel sosiale kragte relevansie vir haar lewe het en sy dit nie kan ignoreer nie, bly dit op die agtergrond. Dit is haar persoonlike en direkte verhouding met die boswêreld van Knysna, soos dit in die romanhede van die 1930's daar uitgesien het, wat die grondslag van haar self- en lewensbeskouing vorm, en wat besondere beïnvloedingsmag uitoefen.

Soms, in hierdie roman, huiwer sosiale invloede net-net agter die voorgrondbeeld, as ons die terme gebruik waarmee Clayton en Opotow (2003:11) die variërende invloed van die altyd teenwoordige sosiale konteks op omgewingsidentiteit beskryf. Karoliena vind dit onmoontlik om haar van die bosmense en hulle situasie los te maak. Die nuwe kerkverpleegster, Amelia Claassens, vind dit gerusstellend dat sy "'n ogie hou oor die mense daar bo in julle deel van die bos" (17). Karoliena is ook die enigste een wat vreesloos vrae stel oor die lot van die Knysna-houtkappers, wat haar uitspreek teen die rompslomp van die Carnegie-kommissie en kritiek lewer teen die kerk en armsorgprojekte wat nie daarin slaag om die houtkappers se haglike omstandighede daadwerklik te verander nie.

Sy is 'n individualistiese denker; sy word nie beïnvloed of geïntimideer deur sosiale strukture, die kerk en maatskaplike projekte nie. Dit plaas haar na links op die skaal waarmee Clayton en Opotow die effek van sosiale faktore op omgewingsidentiteit voorstel. Die masjinis van die houttrein waarmee sy dorp toe ry om 'n kombers by een van die bosvroue te kry, noem haar "'n goeddoener", maar Karoliena stel dit duidelik dat haar hulpverlening nie deel van enige georganiseerde sosiale projek is nie: "Ek is niemand se goeddoener nie, mister Botha. Net my eie" (24). Wanneer die kerkverpleegster inligting oor Karoliena se skeefgeloopte huwelik uit haar probeer trek, te midde van "allerhande stories" wat rondlê, wys Karoliena hoe min sy haar aan dié vrou se status en kwalifikasie, of aan die sosiale wêreld in die breë,


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a3

steur: "Doen wat jy wil. Glo wat jy wil" (109). Ook aan Johannes, wat weens sy finansiële voorspoed een van die sosiaal hoogs gerekendes in die gemeenskap geword het, se status steur sy haar min. Wanneer hy per geleentheid sy geduld met haar kwytraak en sy stem teenoor haar verhef, besef sy: "Sy is nie bang vir hom nie. Niks nie" (123).

Individuele ervaring het groot waarde vir Karoliena. Dis nog 'n kenmerk wat haar, in terme van die omgewingsidentiteitskontinuum waarmee Clayton en Opotow werk, links posisioneer. Sy klim eerder in die leë trok van die houttrein as om in die passasierswa saam met ander te ry. Sy wys waarskuwings dat 'n jong meisie nie so alleen rond behoort te beweeg nie, af; "sy's gewoond aan alleen loop" (72). Juis omdat sy verkies om "alleen (te) loop", is haar skooljare in Wittedrif se kerkkoshuis, waar die predikant se invloed en haar eie skranderheid vir haar 'n plek besorg, maar waar sy tussen ander moet slaap, baie moeilik (45).

Karoliena se menseverhoudings lewer sterk bewyse van haar individuele fokus en haar pogings om aan groepe en sosiale invloed te ontkom. Sy vind aanklank by 'n ander individualis in die roman, "ou Bothatjie", oor wie sy vermoed dat hy "op 'n dag uit 'n boomsaad op die bosvloer begin groei" het (38). Bothatjie is, soos sy, 'n alleenloper – sonder sosiale aansien, met sy "hare wild, baard wild, klere toiings" (102). Dis hy wat aan Karoliena verblyf gee nadat sy van Johannes af weggeloop het (39). Die enigste ander persoon by wie se siel hare aanklank vind, is "mister Fourcade" wat van tyd tot tyd uit die Plettenbergbaai-omgewing kom om plantopnames in die bos te doen. Vir Karoliena is hy "(die) slimste man van die bos" (17); sy plantkennis en -liefde is die inisiërende faktor in die band wat sy met hom smee. Sy dink aan hom as pa-figuur of as "skaduwee oor haar kop" (61), nadat haar pa "soos 'n groot boom afgekap is en die gat in die bosdak nie weer wil toegroei nie" (12).

In hierdie natuurbeeld, waarmee Karoliena iets van die intimiteit van 'n pa-dogter-band probeer vasvang, lê bevestiging dat die natuurruimte 'n wesentlike effek op haar menswees het. Interaksie met die natuur verloop veel gemakliker as met mense; sy maak op direkte en bewuste wyse kontak met die bome. "'Goeiemôre, goeiemôre', groet sy soos sy loop: ysterhout, kershout, ysterhout, ysterhout, geelhout, ysterhout, witels, vlier […]. *Goeiemôre, goeiemôre*, groet die bome terug" (115). Sy voel deel van die gesprek op die bosvloer, waar die paddas "klik-praat met mekaar. En met jou. Jou vra waar jy was, jou sê dat tier laas nag sagvoet kom kos vang het" (36). Sy maak kontak met die bosloerie: "Sy toot. Wag, luister, hoop. Toot weer. Presies agt keer, bosloerie kan tel. Toe begin hy nader kom…" (118). Die fisieke ellende waarmee Karoliena op die skoonkap van die bergveld en die voorbereiding vir die plantasies reageer, onderstreep die aard van haar omgewingsidentiteit: "Twee bergadders se koppe word verbrysel met die platkant van 'n pik. Skerpioene met angels omhoog probeer wegskarrel voor die pikke. […] Sy is naar" (141).

Die nood van die bosmense dwing Karoliena om 'n verdienste te genereer uit die motte wat sy in die bos vind en waarvoor "mister Ferndale van die apteek" 'n oorsese mark het. Sy dra swaar aan die gewetenstryd wat dit skep; "sy sê in haar hart ekskuus vir die motte", maar dis hierdie verdienste wat haar in staat stel om die heel nodigste vir die bosvroue te koop, selfs breiwol en penne waarmee hulle self 'n inkomste kan genereer (16, 229). Sy beskerm die inligting oor waar sy hierdie motte kry (17) en weier botweg om meer as slegs die afgesproke hoeveelheid motte aan Ferndale te verkoop: "Sy sê nee, sy't 'n ooreenkoms met die bome waar sy hulle vang: nie te veel op 'n slag nie" (16). Uit erkentlikheid en uit eerbied teenoor die bos wat sy gawes deel, gaan lê sy 'n handvol bosdruiwe by die ou keurboom se "voete" neer, vir "dankiesê" en "sodat dit minder soos steel kan voel" (229).

Karoliena put op 'n diep persoonlike vlak perspektief uit haar interaksie met die bome, die bosreuse wie se wysheid sy vertrou. Kwelvrae oor "sleg-arm" en "goed-arm" ontstaan uit


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a3

haar waarneming van die verval onder sommige bosmense, terwyl ander met trots en verbetenheid probeer om hulle eie omstandighede te verbeter (27,107), en dié vrae bring sy na die kalander by Diepwalle. Hier erken sy: "Boom, ek verstaan nie […] van goed en sleg nie. […] Ek wonder of albei saam binne-in 'n mens bly en jy dit maar moet uitmekaar rafel?" (132). Wanneer Johannes haar in die bos kom soek, word die konflik in haar twee "stemme" wat vir mekaar "skree" en uiteindelik moet sy teen 'n boom se "boslyf" fluister: "Ek is die deurmekaarste deurmekaar. Asseblief, help my" (203).

Die belewing dat natuur- en sosiale ervarings geskei is – "Tussen boomland en mensland is 'n brug waar jy soms sukkel om oor te kom" (7) – bevestig Karoliena se posisie aan daardie kant van die omgewingsidentiteitskaal waar minimale invloed aan sosiale faktore toegeskryf word. Mensland is 'n "deurmekaar plek", een waar Karoliena "lankal nie meer woon nie" (16), want: "In mensland woon bekommernisse. In boomland woon vredigheid […] en bosbokke en voëls…" (132). Ondanks haar pogings om na enkele van die mees vereensaamde bosvroue uit te reik, bly sy nie eers om 'n gebreekte patat te ontvang nie, "sy wil wegkom van mensland se agterstoep af" (25).

Bothatjie verwys na plantasies as synde deel van menslike aktiwiteit, oftewel "mensland": "Plantasie is anders as bos. Die een is mens, die ander God. […] Die een is rye, die ander 'n plek waar elkeen sy eie staan het" (134).

Karoliena soek haar selfkennis letterlik en figuurlik in boomland. "Hoe dink oom is dit om 'n boom te wees?" vra sy vir Bothatjie. Dan neem sy 'n besluit:

> Een tou bind sy om haar kop. Een tou onder haar arms langs om haar lyf. […] Buite skeur sy takkies van die stinkhout af en steek dit oral in die toue in totdat sy 'n blarelyf het en binne-in 'n boom staan. […] Met oë wat van diep af deur die blare kan sien. 'n Boom wat voetjie-vir-voetjie […] loop. Menswees toegevou in skuilte waar niks haar kan bykom nie. […] vredigheid (wat) stadig begin opwel hoe dieper sy boomland binneloop. (167-168)

Karoliena wil die instinkte van olifante ook haar eie maak, omdat sy glo dat die psige van dié koersvaste dier haar sal help om 'n pad te kies. Sy kry 'n paar skoene van olifantvel gemaak by Abel Slinger, trek dit aan, draai die rieme om haar voete en vra die bos om van haar 'n olifant te maak:

> Dit voel of die aarde deur die olifantskoene in haar voete in begin opstyg. Elke klippie, stokkie, droë blaar. […]
> Stadig begin die vreemdste ding met haar gebeur. Al die bange van haar lewe begin bo by haar kop uitstyg. […] Soos om van binne af skoongewas te word.
> […] Tussen die bome deur, teen 'n opdraandetjie uit, en elke tree kry 'n ander reuk: iewers het witelsheuning uit 'n bynes gedrup. Iewers het 'n rooikat geslaap. 'n Wildevark, 'n bosbok.
> […] Pietjiekanarie vra luidkeels: Wie's-jy, wie's-jy? Sy antwoord: Karoliena Kapp. Olifantkoei. Wat nooit weer bang gaan wees nie. Vir niks. (263-264)

Clayton (2003:50) beklemtoon dat waar belewings van verbintenis met die natuur 'n bepalende invloed ten opsigte van omgewingsidentiteit uitoefen, en sosiale beïnvloeding laag is, die natuurlike omgewing dikwels bydra tot 'n sterk en positiewe selfbelewing. Ervarings van selfstandigheid en bevoegdheid is aanduidend van hierdie gesonde eiewaarde (Clayton 2003:50), en sulke ervarings spruit direk uit die insidente waar Karoliena haar in die "vel" van 'n boom of olifant bevind. Sy ervaar nie in hierdie situasies dat sy minder mens is nie; sy voel juis op vredige en vreeslose wyse volledig mens deur haar verbinding met die natuur. Sy

beleef "menswees toegevou in skuilte" (167) in die "blarelyf" van 'n stinkhout: "Mensboom is deel van die bos, binne-in die bos. Mensboom-stinkhoutboom" (168). Terwyl sy met die olifantskoene aan deur die onderbos loop, is daar 'n ewe sterk ervaring van "vry te word, mens te word" (264).

In albei gevalle is die ervaring van vreesloosheid prominent, om "te voel hoe veilig leef kan wees" (264). Terwyl Karoliena agtervolg word deur vrees oor die aanvang van die "bespotlikste ding" (101), naamlik om Johannes en 'n gerieflike lewe op die dorp agter te laat, is dit gefokusde natuurbelewings wat haar die geestesvrede, -krag en selfvertroue gee om aan haarself getrou te wees. Sodat sy kan verklaar dat sy "Karoliena Kapp (is), […] wat nooit weer bang gaan wees nie" (265).

Johannes word meer op regs van Clayton en Opotow se skaal aangetref, waar sosiale invloede 'n groot rol speel, individuele ervaring deur 'n groepfokus en -identiteit oorskadu word en waar die natuurlike omgewing op die buiterand van persoonlike belewing geskuif is. Sy sakebedryf floreer en hy probeer homself doelgerig in sosiale kringe posisioneer om sy aansien in die dorp te versterk. Karoliena word by sy sosiale gewildheid betrek, sy word vir tee genooi "asof dit dorpsmode geword het om Johannes Stander se fiancée te onthaal" (84). Johannes se sosiale posisionering skep duidelik die konteks vir sy verhouding met haar. Hy het meer waardering vir haar skoonheid en intelligensie, wat sy posisie in die sosiale sfeer versterk, as vir haar individualiteit. Hy gee opdrag dat daar 'n kas vol "uitrustings" vir haar gemaak word (71) en verklaar dat sy vir hom "pragtig (is) […] in daardie fraaie tabberd" (75). Die losieshuis waar sy in die weke voor hulle troue tuisgaan, is met 'n doel gekies: "Miss Ann se plek is soos 'n afrondingskool wat ek jou gee sodat jy gemaklik in jou nuwe omgewing sal aanpas as my vrou" (71).

Johannes se optrede word gerig deur sy rol as Raadslid en gemeenskapsleier. Die politieke werklikhede van die tyd beïnvloed sy oordeel; Karoliena leer dat die ekonomiese vooruitgang van die dorp en streek vir hom prioriteit is. Sy reageer ontsteld op die gehawende toestand van die bome langs die hoofstraat (73), maar Johannes wys haar saaklik op die Raadsbesluit omtrent hierdie bome. Hulle moet plek maak vir nuwe straatlampe asook vir die herbouing en teer van die strate, dis "die prys van vooruitgang" (74).

Die groepfokus wat vir hom belangrik is, bring mee dat hy nie Karoliena se individualistiese aard en die feit dat sy feitlik onbeïnvloed deur sosiale strukture leef, begryp of kan akkommodeer nie. Die waarde wat sy aan die natuuromgewing heg, en hoe interaksie daarmee deel van haar leefwyse vorm, is vir hom onverstaanbaar en skep frustrasie. "Jy moet nog baie leer, Karoliena", berispe hy (74). Op haar beurt beleef Karoliena die uitgangspunte waarvolgens Johannes leef as onsimpatiek en as beperkend vir haar eie sienswyse en menswees (74-75). Die grootste knelpunt en frustrasie in hulle persoonlike verhouding is dus gegrond op die ewe vasberade handhawing van die verskille in hulle omgewingsidenteit.

Die nuutheid van Karoliena se situasie as Johannes se verloofde, en al sy gul betonings van bewondering, neem vir 'n wyle al haar aandag in beslag: "Leef het soos 'n kis vol geskenke geword." (71) Hoewel hy besonder goed vir haar is – "Niks is te veel (moeite) vir jou nie, Karoliena" (75) – is sy bewus van 'n "holheid in hom", en sy vergelyk hom met die slappop wat sy as kind gehad het. Net: "Hy was nie slap nie, meer 'n dooipop. Slim dooipop" (96). Wat sy hier aanvoel, is moontlik sy onvermoë om haar identiteitsgeankerdheid in "boomland" te begryp, hoe intelligent hy ook al is. Sy staan verslae oor Johannes se sosiaal georiënteerde oordeel oor waar die mens se "plek" is wanneer hy beklemtoon: "Jy moet wegkom uit die bos uit […] Jy hoort nie hier nie!" (63) en: "Jy's klaar met die bos…" (85).

'n Gesprek tussen dominee Odendaal, Maria Rothmann en Karoliena werp lig op die mate waartoe omgewingsidentiteit verklaring vir denkpatrone en persoonlike oordeel bied. In hierdie gesprek stel Karoliena dit duidelik dat sy nie in 'n werkaanbod in Port Elizabeth belang stel nie, en die predikant beskuldig haar: "Jy kan nie deur die lewe gaan deur een ná die ander geleentheid te verwerp soos jy Johannes Stander verwerp het nie!" Op Maria se kalmer vraag, "Waar, volgens jou, hoort jy?", antwoord Karoliena met oortuiging: "In die bos." Sy verwys na haar aanvoeling vir die welsyn van die afgetakelde bos wanneer sy probeer motiveer: "Ek's die spook wat sien wat julle nie sien nie" (192). Ook teenoor Johannes probeer Karoliena haar andersoortige beredenering van sake, voortspruitend uit haar omgewingsidentiteitsposisie, verklaar. Wanneer hy sê: "By my het jy die kans om waardig te leef", antwoord sy: "In Streepbos staan 'n stinkhoutboom wat duisend jaar oud is. Dís waardig" (201).

Alhoewel Karoliena aanvanklik "bly aanstrompel (het) na Johannes toe om […] uit haar armblanke-vel te klim" (87), en hoewel sy "vir alles ja gesê (het) toe sy nee moes gesê het" (88), besef sy uiteindelik haar verbintenis met hom is die miskenning van haar menswees wat so sterk in haar omgewingsidentiteit gegrond is – dit is 'n "leuen" (89). "In die bos is ek wáár," verduidelik sy vir Johannes. "By jou is ek 'n lieg" (201).

Eerlikheid omtrent hoe onmoontlik dit is om haar lewens- en toekomsverwagting met dié van Johannes te integreer, is allermins vir Karoliena maklik. "Om van Johannes af weg te loop, […] is soos wegloop van jou redding af", erken sy (95). Nadat sy hierdie ingrypende besluit geneem het, folter sy haarself: "Wat het haar besiel? Sy wou vir Johannes 'n goeie vrou gewees het… " (95); haar siel kleef steeds aan hom vas: "Iewers in haar was 'n spikkeltjie lief vir Johannes wat nie wou dood nie" (96). Sy weet egter met groot sekerheid dat daar onoorkombare verwydering tussen hulle is, en dat dit in die botsings ten opsigte van hulle omgewingsidentiteitsituasie gegrond is: "Die afgrond tussen haar en Johannes – tussen die dorp en die bos – is dieper as wat sy gedink het" (197).

Die kontinuum wat Clayton en Opotow gebruik om verskillende omgewingsidentiteitstipes voor te stel, mag uiteraard problematies wees. Enige skaal, kontinuum of spektrum behoort met omsigtigheid benader te word. Met die gebruik van 'n kontinuum kan maklik verval word in oorvereenvoudiging van ingewikkelde kontekste deur dit té eng aan te bied. Gegewe die ekokritiek se algemene skepsis jeens die konvensionele idees oor ons digotomiese bestaan, moet die ekokritiese denker juis versigtig wees en potensiële slaggate in die gebruik van 'n begrip wat op 'n kontinuum steun, in ag neem.

Wanneer die hoofkarakters se botsende omgewingsidentiteitsposisies met behulp van Clayton en Opotow se kontinue voorstellingslyn uitgebeeld word, is die bedoeling nie om 'n soort digotomie te illustreer nie. Tussen die twee pole op hierdie voorstellingslyn vir omgewingsidentiteitstipes is eindelose variasie moontlik, en deur die benutting van hierdie skaal kon die nuanses in terme van unieke omgewingsidentiteitsituasies – wat in ander *Toorbos*-karakters minder prominent as by Karoliena en Johannes is, en dus nie in die romanontleding betrek is nie – effektief beskryf word. Bothatjie bevind hom in terme van omgewingsidentiteit naby aan Karoliena op Clayton en Opotow se skaal; hy word egter nie veelkantig uitgebeeld nie, en toon met geen ander karakter die mate van interaksie wat sy omgewingsidentiteitstipe so duidelik ontbloot as wat die geval met Karoliena is nie. In my bespreking van die interaksie tussen haar en Johannes het dit deurgaans oor die uitbeelding van *verskille* in omgewingsidentiteit gegaan, en oor hoe die handhawing van hierdie verskille tot die onvermoë lei om mekaar op 'n gedeelde lewenspad tegemoet te kom – nie oor die skep van 'n binêre teenstelling tussen hulle op die patroon van manlik/vroulik, rede/emosie, kultuur/natuur nie.

Daarom word die frases wat gebruik word om die aard van die hooffigure se omgewingsidentiteit te beskryf, omsigtig hanteer. Formulerings soos dat Karoliena "na links" geplaas kan word op die skaal, en dat Johannes hom in terme van omgewingsidentiteit "meer na regs" bevind, is sorgvuldig gekies om na *verskille* of *andersdenkendheid* te verwys; nie na *teenoorstelling* nie. Uitdrukkings soos dat hierdie karakters "aan teenoorgestelde punte of pole" van die skaal aangetref word, word doelbewus vermy om assosiasies met 'n digotomiese beskouing te voorkom.

Die einde van die roman lewer onvoorsiene gebeure op. Ná die oorlog keer Johannes as 'n gebroke man terug en vra vir Karoliena: "Neem my bos toe" (310), omdat hy hoop om daar sy emosionele ewewig en vrede met sy omstandighede te herwin. Hierdie "bekering" van Johannes is destyds deur verskeie resensente as ongeloofwaardig, onoortuigend en ongemotiveerd verwerp (Cilliers 2003:6; Olivier 2003:9; Van Biljon 2003:72). In die kritiek op die roman word dus herhaaldelik geprotesteer teen die romantiese, gelukkige einde daarvan; hierdie slot word as 't ware nie as in sinvolle samehang met die voorafgaande romangebeure beskou nie. Die reaksie van kritici op die slot van *Toorbos* is betekenisvol, aangesien hierdie slot tot die vraag mag lei in hoeverre die roman dan erns maak met die tematisering van omgewingsidentiteit, as dit die implikasies daarvan teen die einde ondergrawe en versaak?

Twee kwessies is myns insiens hier belangrik, waarvan die eerste die interessante feit is dat die roman omgewingsidentiteit *avant la lattre* tematiseer. *Toorbos* voer die "argument" van omgewingsidenteit weliswaar nie tot aan die einde oortuigend deur nie. Wat egter *tog* merkwaardig is, is Matthee se aanvoeling vir en haar tematiese gestaltegewing aan die idee dat omgewingsidentiteitsverskille 'n drastiese effek op menseverhoudings sowel as op omgewingsoortuigings kan uitoefen – soos dit in die grootste gedeelte van die roman uitgebeeld word – én terwyl die begrip *omgewingsidenteit* nog in ontwerpfase was met die publikasie van die roman. Tweedens is daar die ewe interessante kwessie van die afwysende kommentaar oor die ongeloofwaardige slot van die roman. Hierin kan sterk teenkanting gelees word teen die gedagte dat identiteit met relatiewe gemak aangepas sou kon word, soos wat deur Johannes se oënskynlike manteldraaiery aan die einde van die roman gesuggereer mag word. Die kommentaar op die romanslot het dus betekenisvolle implikasies vir die konseptualisering van *omgewingsidentiteit* in die literêre diskoers.

My bevindings ten opsigte van Johannes se sterk sosiaal georiënteerde omgewingsidentiteit, en die gevolglike onverenigbaarheid van die hooffigure se natuurbeskouings, strook met die fel reaksie van literêre kritici op Johannes se optrede aan die romaneinde. Hy oortuig glad nie wanneer hy ná sy terugkoms van die oorlog die bos opsoek, en wanneer daar "tjoef-tjaf" – soos Van Biljoen (2003:72) dit stel – uit hierdie oënskynlik nuwe natuuringesteldheid genesing van sy geestesletsels en sy verhouding met Karoliena kom nie. Dwarsdeur die roman het dit duidelik geword dat, vanweë diepliggende verskille in hulle identiteitsbasis, dit nie vir Johannes en Karoliena moontlik is om dieselfde op die omgewing te reageer, dit op dieselfde manier te ervaar of dieselfde standpunt daarteenoor in te neem nie. Ondanks faktore wat hulle behoort te kon saamsnoer, het die verskille ten opsigte van hulle sosiale "programmering" hulle in verskillende omgewingsidentiteitskategorieë ingedwing, en het hulle by mekaar verbygedryf.

Soortgelyke situasies ontvou rondom ons in eietydse situasies in die Era van die Mens. Die bestaanskrisis wat die mens in die oë staar wanneer die planeet se vermoë om te voorsien tot niet mag gaan, word allerweë op die publiek se hart gedruk, maar daar is politici, maghebbers en ekonome wie se agendas steeds 'n ander verhaal vertel. Dalk is dit tyd om ag te slaan op Clayton en Opotow (2003:19) se waarskuwing dat omgewingskonflikte nie ten volle verstaan kan word, of op konstruktiewe wyse hanteer kan word, sonder spesifieke aandag aan die wyses

waarop hierdie konflikte die omgewingsidentiteit van individue of groepe reflekteer nie. Daar mag nuwe moontlikhede uit ’n beter ingeligte benadering tot die onversoenbaarhede op omgewingsgebied vloei, sou ons die oortuiging ter harte neem wat Clayton en Opotow (2003:19) so uniek formuleer:

> Each aspect of environmental identity – at minimal, moderate, and strong levels of social influence – can be understood as a different lens for looking at the human-nature relationship. [...] We can use these different lenses to understand and predict the probability of pro- or anti-environmental action, they provide a secure foundation for target driven discourse and negotiations on environmental affairs.

## 4. TEN SLOTTE

*Toorbos* illustreer die effek van omgewingsidentiteitsverskille selfs tussen mense wie se agtergrondsituasies verskeie gemene delers oplewer. Dit werp lig op die onversoenbaarheid en verwydering tussen mense wat op verskillende vlakke beïnvloed word deur die samelewing en die natuurlike ruimte om hulle.

Die roman het potensiaal as bewusmaker van die kwessie van omgewingsidentiteit en as demonstrasie van die kragtige wyse waarop dit op menseverhoudings, sowel as op omgewingsgedrag en -oortuigings, kan inspeel.

Daar is reeds verwys na die krediet wat Jooste en Senekal (2016:770) Matthee se bosromans gee vir die sonderlinge invloed daarvan op die werklikheid, met verwysing na die leesbegeestering en die ongewone entoesiasme vir die Knysna-omgewing wat die romans gewek het. Die beïnvloedingsproses ten opsigte van die lewenswerklike situasie mag voortgaan. *Toorbos* mag, herlees vanuit ’n ekokritiese benaderingshoek, nuwe perspektiewe bied ten opsigte van die praktiese implikasies en potensiaal van ’n benadering tot omgewingsensitiwiteite met inagneming van die realiteite rondom omgewingsidentiteit. Deur omgewingsidentiteit as betekenisvolle gegewe in die werklike lewensituasie te ag, mag die kontoere van omgewingsdebatte op praktiese en vrugbare wyse verlê word.

Hierdie bevinding beaam Glotfelty (1996:xix) se oortuiging dat letterkunde nie bokant die materiële wêreld sweef in ’n soort estetiese hemelruim nie; dit het ’n rol te speel in ’n ontsaglik komplekse globale sisteem.

Die herlees van *Toorbos* het die verkenning en teoretiese kontekstualisering van die beginsel van *omgewingsidentiteit* behels, maar ook ’n waardebeoordeling deur die toepassing van ’n spesifieke model van omgewingsidentiteit. Die doel hiermee was om die praktiese relevansie van die omgewingsidentiteitsbeginsel vir die breë konteks van omgewingsgeoriënteerde denke uit te klaar en te onderstreep. Dit is gedoen in aansluiting by die fokus op globale omgewingsdilemmas en die wêreldwye besorgdheid daaroor in die Era van die Mens.

Om as ekokritikus met Matthee se roman besig te wees, het hernude bewustheid gebring van die uitdagende werk van eksperimentering met en toepassing van ekokritiese beginsels in ’n veld waar hierdie praktyk betreklik nuut is. Die bestudering van tekste vanuit ekokritiese oogpunt is ’n belangrike manier om begrippe en idees uit die sfeer van hierdie subdissipline – spesifiek van die begrip *omgewingsidentiteit* in hierdie geval – te gebruik, te toets en te verfyn. Dus lê die betekenis van hierdie studie nie slegs in die benutting van ’n sekere teoretiese idee om *Toorbos* beter te verstaan nie, maar in die wins om tot ’n beter begrip van daardie teoretiese idee te kon kom.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a3

**BIBLIOGRAFIE**

Barnard-Naudé, J. 2019. KykNET Silwerskermfees 2019: Wat's in die spieël? Dagboek van 'n filmfees. *LitNet Leefstyl*. https://www.litnet.co.za/kyknet-silwerskermfees-2019-wats-in-die-spieel-dagboek-van-n-filmfees/ [22 Mei 2020].

Cilliers, C. 2003. *Toorbos* kort 'n towerstaf. *Volksblad*, 6 Oktober, p. 6.

Clayton, S.D. 2003. Environmental identity: A conceptual and an operational definition. In Clayton, S.D. & Opotow, S.V. (eds). *Identity and the Natural Environment. The Psychological Significance of Nature.* Cambridge: The MIT Press, pp. 45-65.

Clayton, S.D. & Opotow, S.V. 2003. Introduction: Identity and the Natural Environment. In Clayton, S.D, & Opotow, S.V. (eds). *Identity and the Narural Environment. The Psychological Significance of Nature.* Cambridge: The MIT Press, pp. 1-24.

Freed, A. 2015. *Exploring the link between environmental identity, behaviors and decision making*. East Lansing: Michigan State University.

Kotzé, L. 2014. Oorgrens-biodiversiteitsregulering in die Antroposeen. *LitNet Akademies,* 11(2):126-148. http://www.litnet.co.za/oorgrens-biodiversiteitsregulering-in-die-antroposeen [17 September 2019].

Matthee, D. 2003. *Toorbos*. Kaapstad: Tafelberg.

Olivier, F. 2003. Matthee se verhaal het onder haar uitgegly. *Beeld*, 8 September, p. 9.

Stets, J.E. & Biga, C.F. 2003. Bringing identity theory into environmental sociology. *Sociological Theory,* 21(4):398-423.

Stone, A. Derde Dalene Matthee film. *MatieMedia*. https://www.matiemedia.org/derde-dalene-matthee-film-toor-binnekort-in-knysnabos/ [22 Mei 2020].

Van Biljon, M. 2003. Blitsverkoper: woord en wederwoord. *Insig,* 31 Oktober, p. 72.

Walton, T.N & Jones, R.E. 2017. Ecological identity: The Development and Assessment of a Measurement Scale. *Environment and Behavior,* 50(6):657-681.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a3

# (Die) utopie(se) en (ander)wording in Neill Blomkamp se wetenskapsfiksie-trilogie: *District 9* (2009), *Elysium* (2013) en *Chappie* (2015)

***(The) Utopia(n) and becoming (other) in Neill Blomkamp's science-fiction trilogy:* District 9 *(2009),* Elysium *(2013) and* Chappie *(2015)***

**Cilliers van den Berg**
Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans
Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein, Suid-Afrika
E-pos: vdbergjp@ufs.ac.za



Cilliers van den Berg

**Cilliers van den Berg** is medeprofessor in Duitse letterkunde aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy het 'n PhD in Duits (2003) en Afrikaans en Nederlands (2009). Sy navorsingsfokus is hoofsaaklik vergelykend van aard en fokus op die interaksie tussen letterkunde en die sosiopolitieke konteks, asook die kulturele omgaan met "moeilike verledes". Uitgebreide navorsingsbesoeke is gebring aan die Universiteit van Augsburg (Duitsland), Leiden Universiteit (Nederland) en Cornell Universiteit (VSA).

**Cilliers van den Berg** is associate professor in German literature at the University of the Free State. He has a PhD in German (2003) as well as in Afrikaans and Dutch (2009). His research is mainly comparative in nature and has the interaction between literature and its socio-political context and the cultural coming to terms with "difficult pasts" as its focus. Extended research visits include research at the University of Augsburg (Germany), Leyden University (the Netherlands) and Cornell University (USA).

## ABSTRACT

***(The) Utopia(n) and becoming (other) in Neill Blomkamp's science-fiction trilogy:* District 9 *(2009),* Elysium *(2013) and* Chappie *(2015)***

*This article examines ways in which the concept of utopia or the utopian can be related to the Deleuzian concept of becoming or becoming-other. With reference to precursors such as Thomas More and Ernst Bloch, Jameson (2007) distinguishes between* utopia *understood as a static and systemic program and* the utopian *as a dynamic process inherently linked to the ontology of being human. Whereas the former often is related to political projects and, as a consequence, with totalising and totalitarian notions of the idyllic, the latter is resistant to any attempt to fixate or map it onto political or other projects, even with the best of intentions.*

**Datums:**
Ontvang: 2020-04-15 Goedgekeur: 2020-09-11 Gepubliseer: Desember 2020


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a4

*Deleuze, on the other hand, (often in collaboration with Guattari) theorises "becoming" as one of the seminal aspects of his ontology. Although not systematically explicated in his oeuvre, "becoming" is preferred by him to any essentialised conceptualisation of being and identity. Becoming is being, according to him, and consequently it has the continuous potential to deterritorialise any manifestation of subjective and socio-political stasis. He therefore also relates becoming to the utopian, as it opens the doors to the dynamic flows of the ontology he subscribes to.*

*Since science fiction often is deemed to be the literary or filmic genre best suited to explore notions of utopia and its distopian and anti-utopian variables, it seems obvious that this genre can also be used to explore the relation between utopia and becoming. Ex-South African director Neill Blomkamp has become famous for his trilogy of science fiction films consisting of* District 9*,* Elysium *and* Chappie. *Each of the respective films includes both a "becoming" or "becoming-other" as part of its narrative trajectory,* and *a notion of utopia or the utopian – whether the latter is explicitly stated as such or resides in the background of the respective narratives. The relation between utopia or the utopian and becoming can therefore be considered to represent one of the common thematic threads exhibited by the respective films.*

District 9 *follows protagonist Wikus van de Merwe who transforms into an alien due to his exposure to alien-DNA, during the undertaking to relocate aliens, who have been stranded in Johannesburg for the past twenty years. The transformation or becoming-other of Wikus never is seen as something that includes any form of utopian potential in the Deleuzian sense of the word: the only aspiration of his that can be seen from this perspective, is his longing for a return to what he regards as a perfect past shared with his wife, i.e. an "utopian" restoration of the past. The film expounds the discrepancy between Wikus' becoming-other and this fixity of his notion of the utopian*. Elysium *follows the story of Max Da Costa, who is victim of a radiation accident at work and who therefore needs to travel to the utopian space habitat called Elysium, to heal himself. Outfitted with a technologically advanced exoskeleton to enhance his physical powers, he manages to open the doors of Elysium by sacrificing himself, and thereby makes its ostensibly utopian set-up a reality for all. It seems, however, that Max' becoming is nothing more than a narrative vehicle and that the utopia represented by the habitat is nothing more than an inflexible state form, which already carries the seeds of dystopia in its core. It is only* Chappie *that manages to find the link between utopia, or the utopian, and Deleuze's concept of becoming. This film explores the notion of "mind-uploading" through the characters of Chappie, Deon and Yolandi and therefore approaches the idea of the post-human as a radical new potential for being human in the future. In accordance with Deleuze's understanding of both becoming and the utopian, the utopian considerations of* Chappie *cannot be reduced to any systemic programme to be executed, but rather is related to a dynamic ontology of change, that bodes a full range of future possibilities.*

**KEYWORDS:** utopia, utopic, becoming, becoming-other, Deleuze, Jameson, Blomkamp, science fiction, *District 9*, *Elysium*, *Chappie*

**TREFWOORDE:** utopie, utopiese, wording, ander(s)wording, Deleuze, Jameson, Blomkamp, wetenskapsfiksie, *District 9*, *Elysium*, *Chappie*

**OPSOMMING**

Hierdie artikel stel ondersoek in na die wyses waarop die konsep van utopie en/of die utopiese met 'n Deleuziaanse konsep van wording en/of anderswording in verband gebring kan word. Aangesien 'n tematisering van utopie, of alternatiewelik 'n problematisering van hierdie begrip,

dikwels in die wetenskapsfiksie-genre vergestalt word, word vir die doeleindes van dié ondersoek die wetenskapsfiksie-trilogie van regisseur Neill Blomkamp bespreek. Op verhaalvlak is daar in *District 9*, *Elysium* en *Chappie* telkens voorbeelde van wording of anderswording, wat elk in terme van ’n utopiese horison geïnterpreteer kan word. Hoewel die protagonis van *District 9* anders word, is die utopie waarop Wikus wag ’n terugskouende en statiese restourasie van die verlede. En hoewel Max in *Elysium* betreklik min verander, realiseer hy deur middel van sy lewensoffer ’n oënskynlike utopie vir almal, wat by nabetragting egter insgelyks ’n statiese opvatting van utopie verraai – ’n wêreld wat die distopiese saad reeds in sy kern dra. *Chappie* skyn die enigste film van die trilogie te wees om Deleuze se idee van wording met utopie as die dinamiese utopiese in verband te bring.

## 1. INLEIDING

Min wetenskapsfiksie-aanhangers, vertroud met die neo-noir vistas van *Blade Runner* se Los Angeles of die gestileerde vegkunstonele van *The Matrix*-trilogie, was voorbereid op Neill Blomkamp se “dirty sci-fi”-benadering in *District 9* (2009),[1] wat hy as agtergrond gebruik het om die stranding van insekagtige ruimtewesens in Johannesburg te verbeeld. Veral die unieke *mise-en-scène* en kritici se neoliberale interpretasies van die film se allegoriese aspekte (sien hier onder), het gelei tot *District 9* se ongekende kritiese en kommersiële sukses, met die film se gewildheid wat Blomkamp voorts toegelaat het om groter produksies soos *Elysium* (2013) en *Chappie* (2015) aan te durf. Laasgenoemde twee films vertoon op verskeie vlakke ooreenkomste met *District 9* (bv. die distopiese konteks as agtergrond, die problematisering van die militêr-industriële kompleks, eksploitering op grond van gesimplifiseerde sosio-ekonomiese magsrelasies as tema, die protagonis as buitestander, ’n *fabula* gebaseer op die narratiewe struktuur van die aksiefilm-genre, ens.). Daar is egter twee kernaspekte, wat myns insiens in al drie films met mekaar in gesprek tree, ofte wel mekaar tematies aktiveer en daardeur ’n duidelike fokuspunt vir die tipering van die films as trilogie bied. Dit is die eksplisiete of implisiete motief van *utopie* of *die utopiese* en die narratiewe motief van *wording*, spesifiek *ander(s)wording* as katalisator vir die onderskeie storielyne. Hierdie bydrae het ten doel om die dikwels problematiese resonering van (die) utopie(se) met (anders)wording in die drie films te ondersoek, ten einde die tematiese en dus koherente fokus wat dít bied as spilpunt vir Blomkamp se trilogie te identifiseer.

[1] Die begrip “dirty sci-fi” is veral deur kinematograaf Bradford Young en regisseur Denis Villeneuve gebruik om die visuele benadering van hulle wetenskapsfiksiefilm *Arrival* (2016) te beskryf: “Once we said this film was about flesh and bone, it’s about the human beings in the foreground and our perspective on the aliens is her perspective and our journey is determined by her – our journey as an audience, our journey as a filmmaker is determined by her – that sort of anchored everything and it really helped us make what Denis would call’ ‘dirty sci-fi’ or just a film that feels like a regular Tuesday morning when aliens show up. Those things you can’t make up; there’s no way to show that feeling or create that feeling in the film unless you’re anchored in humanity and part of that is reminding us that human beings have agency and their own likeness” (Chitwood 2016). Die fokus is dus duidelik nie op die visuele skouspel van ’n “space opera” nie, maar eerder op die alledaagsheid van karakters se leefwêrelde wat op oortuigende wyse met die verwysingswêreld van die kyker sou resoneer. Sedertdien word die begrip meer algemeen gebruik en in die geval van *District 9* is dit veral die dokumentêre filmstyl van baie tonele, asook (vir Suid-Afrikaners) die herkenbare *mise-en-scène* wat tot die “dirty sci-fi”-ervaring bydra (kyk ook Atkinson 2007).


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a4

Enersyds maak *Elysium* se ooglopende verwysing na die Elysiese velde (soos onder woorde gebring in die Griekse antieke tydperk) die assosiasie met 'n utopiese verbeelding van die werklikheid eksplisiet. Tog kan die utopiese egter ook duidelik as tematiese motief in *District 9* en *Chappie* nagespoor word. Andersyds ondergaan die protagoniste en/of belangrike karakters in al drie films 'n metamorfose of wordingsproses, wat telkens as draer van die onderskeie narratiewe ontwikkelinge geld. Wikus van de Merwe [sic] ondergaan 'n proses van abjekte, fisiologiese metamorfose om uiteindelik sélf die liggaamlikheid van 'n ruimtewese aan te neem (*District 9*); Max Da Costa ondergaan twee metamorfoses, wat omgekeerd eweredig aan mekaar verloop, naamlik biologiese verval (weens blootstelling aan radiasie) en fisiologiese versterking (weens die chirurgiese hegting van 'n eksoskelet aan sy liggaam) (*Elysium*); en *Chappie* ondersoek die wetenskapsfiksie-konvensie van "mind uploading", ofte wel die oordrag of transmissie van subjektiewe bewussyn van een liggaam na 'n ander. Chappie, Deon Wilson en Yolandi se gekodeerde bewussyn word vanaf een masjien na 'n ander verplaas, of in die geval van laasgenoemde twee, vanaf biologiese liggaam na informasietegnologiese masjien. Die verbandlegging tussen utopie/die utopiese en (anders)wording as gemeenskaplike noemer maak dit moontlik om die films se verskillende benaderings ten opsigte van wetenskapsfiksie as utopiese of distopiese genre te ondersoek.

Veral die omstandighede rondom die Covid-19-pandemie laat opnuut vrae ontstaan oor die gewildheid van distopiese narratiewe: menings wat strek vanaf polulêr ingeklede kwessies soos "Why do we find comfort in terrifying stories?" (Chandran 2020), tot Bruno Latour (2020) se waarskuwings oor die aard van die toekomstige wêreld na afloop van die pandemie,[2] dui op 'n bemoeienis met die utopie/distopie-problematiek, wat veral ook vanuit 'n ekokritiese perspektief van besondere belang is (kyk ook Gomel 2018). Blomkamp se trilogie, hoewel gefilter deur die genre-konvensies van hoofstroomfilms, gee in nabetragting ten minste 'n Suid-Afrikaanse kleur aan sommige van hierdie baie relevante vraagstukke.

In die eerste gedeelte van hierdie bydrae sal die motief van die utopiese kortliks bespreek word, vernaam met verwysing na die grondliggende rol wat dit in wetenskapfiksie as genre speel. Daarna word 'n selektiewe blik op die filosofiese beginsel van wording gewerp – selektief, aangesien die fokus uitsluitlik by 'n Deleuziaanse beredenering van die konsep berus.[3] Laastens sal deur 'n vlugtige analise van die drie films se *fabula* gepoog word om die onderskeie en onderskeidende verbandleggings tussen utopie en wording aan te toon, waardeur die tematiese betekenis van die films ondervang kan word. Hoewel waarskynlik nie so bedoel nie, tematiseer die trilogie 'n verskeidenheid van benaderings tot utopie en die utopiese, wat binne die konteks van laat-kapitalisme ernstige vrae laat ontstaan rakende die inherente potensiaal vir dissidensie en agentskap met betrekking tot die impetus vir daadwerklike sosiopolitieke verandering.

2 "In actuality, the health crisis is not embedded in a crisis (because they are always transitory), but in an ongoing, irreversible ecological mutation. If we are lucky enough to 'come out of' the first, there is no chance we will 'come out of' the second. The two situations are not on the same scale, but it is very enlightening to articulate with the one with the other [sic]. In any case, it would be a pity not to use the health crisis to discover other means of entering the ecological mutation without a blindfold on" (Latour 2020).

3 Dit is vanselfsprekend dat nóg die teoretisiering van *utopie*/*die utopiese* nóg die ontologie van (anders)wording binne die bestek van hierdie bydrae uitvoerig bespreek kan word. Daar moet benadruk word dat die bespreking wat volg *bewustelik selektief* (en moontlik eklekties) gebruik maak van hierdie begrippe, ten einde die beoogde analise van die films moontlik te maak.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a4

## 2. UTOPIE / DIE UTOPIESE

Met Ernst Bloch se magnum opus *Das Prinzip Hoffnung* as agtergrond (drie volumes gepubliseer in 1954, 1955 en 1959) en met verwysing na Thomas More se funderende teks *Utopia* (1516) dui Jameson (2007:3) op die generiese onderskeid tussen *utopie as vorm* en *utopie as wens*, wat in die verlengdes van beide outeurs se werke gepostuleer kan word:[4]

> We would therefore do better to posit two distinct lines of descendancy from More's inaugural text: the one intent on the realization of the Utopian program, the other an obscure yet omnipresent Utopian impulse finding its way to the surface in a variety of covert expressions and practices. The first of these lines will be systemic, and will include revolutionary political practice, when it aims at founding a whole new society, alongside written exercises in the literary genre. Systemic will also be those self-conscious Utopian secessions from the social order which are the so-called intentional communities; but also the attempts to project new spatial totalities, in the aesthetic of the city itself.
>
> The other line of descent is more obscure and more various, as befits a protean investment in a host of suspicious and equivocal matters: liberal reforms and commercial pipedreams, the deceptive yet tempting swindles of the here and now, where Utopia serves as the mere lure and bait for ideology (hope being after all also the principle of the cruelest confidence games and of hucksterism as a fine art. (Kyk ook Jameson 2007:1, 10, 84; Suvin 1979:39; Freedman 2000:63-67; Milner 2009:104)

Jameson se genuanseerde argument gaan vervolgens omsigtig met hierdie tweeledige tipologie om, maar vir die doeleindes van hierdie betoog word die fyner nuanses tersyde gelaat en word volstaan met die oorhoofse konseptualisering van utopie as 'n verbale konstruksie (Suvin 1979:40) op 'n spektrum wat strek tussen utopie as geponeerde hipotese en/of programmatiese ontwerp enersyds, en utopie as ontologiese gegewe andersyds. Dit maak sin om utopie op 'n "spektrum" te plaas, eerder as om dit in terme van 'n "tweeledige tipologie" gebaseer op binariteit te verstaan, aangesien "wens" as ontologiese gegewe en "vorm" as "programmatiese ontwerp" nie altyd met presiesheid van mekaar onderskeidbaar is nie en juis soms oorvleuel of 'n kousale verbintenis verraai.

Maar hetsy gedefinieer as vorm of as wens, veronderstel die *vergestalting* van enige utopie noodwendig 'n dialektiese beweging tussen identiteit en andersheid, ofte wel 'n dialektiek tussen die bekende (wat ironies genoeg ook as parameters vir die konseptualisering van die onbekende dien) en radikale andersheid, wat dikwels as reaksionêre kritiek op die *status quo* vorm aanneem.[5] Radikale andersheid laat egter juis vanweë die radikale aard daarvan vrae ontstaan in hoeverre dit werklik in die verlengde van die bekende beskryf en omskryf *kan*

---

4 Kyk byvoorbeeld *The Utopia Reader* (Claeys & Sargent, reds. 1999) vir 'n voëlvug oor utopiese skrywes, vanaf die werke van Hesiodus tot die wetenskapfiksie van Le Guin. Kyk ook die omvangryke studie van Schölderle (2011), Spiegel (2017) en die benadering van Levitas (2013) om daadwerklik utopiese aspekte as sosiologiese invalshoeke te gebruik. Die stigting van die *Society for Utopian Studies* vind in 1975 plaas en het ook 'n amptelike interdissiplinêre joernaal, *Utopian Studies*, waarin teoretiese konseptualiserings van utopie en die utopiese aangebied word (https://utopian-studies.org/).

5 Kyk bv. Suvin (1979:40-41), Suvin (1988:35-37), Suvin (2010:29-30, 383), Freedman (2000:55) en Jameson (2007:xii).


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a4

word.[6] Nog 'n vraag is in hoeverre enige beskrywing van andersheid of selfs empatiese inlewing bloot 'n antropomorfiserende projeksie is (dikwels as gevolg van 'n bewuswording van andersheid in die eie ek).[7] Utopie as radikale andersheid impliseer verder 'n verlies van die bekende en bes moontlik ook van identiteit (kyk Jameson 2007:97, 191). In 'n poging om hierdie problematiek aan te spreek kan die beskrywing van utopie as 'n dialektiese *proses* benadruk word (dus nie utopie as bestemming nie, maar *die utopiese as proses*). Dit volg uit die feit dat enige beskrywing van radikale andersheid, kom wat wil, alleenlik vanuit 'n histories-vertroude verwysingsraamwerk kan plaasvind, ofte wel deur 'n ontvanklike historiese konteks gefasiliteer word (kyk Jameson 2007:13-15; Suvin 1979:80). Die verbeelding van utopie vind sigself hiervolgens as dialektiese beweging tussen die engtes van 'n programmatiese bloudruk[8] van 'n "beter wêreld" (dus statiese vorm) en numineuse andersheid as vergestalting van 'n radikale breuk meegebring deur die gebeurtenis ("event") as katalisator. In die lig hiervan kan hierdie dialektiese beweging nie gelykgestel word nie, maar wel in verband gebring word met utopie as ontologiese gegewe, met utopie as wens, ofte wel met utopie as die *utopiese* (Jameson 2007:12, 231-232, 293-294; kyk ook Milner 2009:105).

Die uitdagings rondom die representeerbaarheid van utopie as radikale andersheid kan tot 'n verdere onderverdeelde taksonomie van hierdie begrip lei: hieronder geld distopieë, anti-utopieë en anti-anti-utopieë. Distopieë word deur Moylan (2000:xi-xiii) beskryf as die kognitiewe kartering van 'n wêreld slegter daaraan toe as die ontstaanskonteks waarbinne hierdie (fiktiewe en/of visioenêre) wêreld geskep word. Dikwels verteenwoordig 'n distopie die logiese, dog kontra-intuïtiewe uitvloeisel van utopiese intensies, wanneer die verwesenliking van laasgenoemde manifesteer in die totaliserende en totalitêre afdwing van beginsels wat oorspronklik as idillies vir almal beskou is (kyk ook 147, 156,181; Suvin 2010:385).[9] Anti-utopieë sou daarenteen gekant wees teen enige vorm van utopiese denke as sodanig, juis omdat laasgenoemde die gevaar van totaliserende patroonmatigheid inhou. Hiervolgens is die *status quo*, hoe feilbaar dit ook al mag wees, deur die pluralistiese idees wat dit bied steeds bo enige

6 Die bekende en die onbekende kan natuurlik as die keersye van 'n munt betrag word – kyk byvoorbeeld Giesen se *Zwischenlagen: Das Außerordentliche als Grund der sozialen Wirklichkeit* (2010) vir die interafhanklikheid van beide binne sosiale strukture (kyk ook Van den Berg 2019). Denis Villeneuve se *Arrival* (2016) tematiseer onder meer die radikale andersheid van ruimtewesens, wat ernstige uitdagings tot enige linguistiese konvensies van menslike taalgebruik rig.

7 Kyk Jameson (2007:103, 117, 123-124, 140, 170-172, 256), Suvin (1979:5), Suvin (1988:33) en Freedman (2000:70). Ook op kollektiewe, politieke vlak impliseer hierdie 'n paradoks: "In order for an emergent people to develop a taste for the healthy maxims of politics and to follow the fundamental rules of reason as it applies to the State, it would be necessary for the effect to become the cause, for the collective spirit meant to be the result of the institution to have presided over the institution itself, and for men already, before the giving of the laws, to be what the laws were supposed to make them" (Rousseau soos aangehaal in Jameson 2007:87).

8 Jameson (2007:217) merk met reg op dat programmatiese sosiopolitieke bloudrukke problematies is deurdat dit geen ruimte laat vir alternatiewe nie: "[…] pluralisms are the answer to repressive unities and identities of all kinds" (kyk ook Moylan 2000:151-152 oor pluralisme, met betrekking tot die narratiewe om verskillende sosio-politieke opsies te verwoord).

9 Die feit dat fiktiewe utopieë dikwels van die buitewêreld afgesluit is, sluit hierby aan. Dit is 'n geslote sisteem wat opgestel is téén enige vorm van diversiteit, aangesien diversiteit die utopiese normatiwiteit sou kon uitdaag (kyk bv. Jameson 2007:4-5, 202-206). Moylan (2000:106, 147) verwys na kritiese distopieë as distopieë wat wél ook die deur ooplaat vir utopiese idees – dus die teenoorgestelde van anti-utopieë.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a4

vorm van utopie te verkies.[10] Anti-utopieë lei egter in praktiese terme tot 'n bestendiging of selfs kondonering van die *status quo*, deurdat enige voorstelle tot (utopiese) verbeterings as gevaarlike lugkastele afgemaak kan word. Jameson kom met die ironiese voorstel van 'n anti-anti-utopie, synde 'n begrip van die utopiese wat beide die noodsaak van utopiese ideale én die gevare van die verwesenliking daarvan verreken. Dit is dus teen beide distopieë en anti-utopieë opgestel, maar onderskryf steeds die utopiese, selfs dan in negatiewe terme. Getrou aan sy Hegeliaanse wortels (en met inagneming van die paradoks wat representasie van radikale andersheid inhou) gaan dit dus hier oor die negering van negering. Daarom verklaar hy:

> […] indeed, for those only too wary of the motives of its critics, yet no less conscious of Utopia's structural ambiguities, those mindful of the very real political function of the idea and the program of Utopia in our time, the slogan of anti-anti-Utopianism might well offer the best working strategy. (2007:xvi; kyk ook xiii, 290; Moylan 2000:142; Milner 2009:102-103; Wiggins 2007)

'n Gemeenskaplike noemer vir alle utopieë en alle uitlopers daarvan, is egter dat dit altyd 'n politieke betekenis dra. Dit veronderstel 'n kollektiewe gemeensaamheid met politieke implikasies, hetsy in positiewe of in negatiewe terme (Jameson 2007:xi, 193; Wiggins 2007). Die groot vraag is net of die konseptualisering van utopieë in die konteks van neoliberale laat-kapitalisme nog enigsins as idees konkreet lewensvatbaar kan wees? Is 'n alternatief vir kapitalisme enigsins nog denkbaar in die konkrete sin van die woord, as 'n utopiese enklave vanwaar alternatiewe bedink kan word? (Jameson 2007:xii, 15-16, 307-308). Dit is veral hier waar die genre van wetenskapsfiksie volgens Jameson (2007:99) so 'n belangrike rol inneem – dit verteenwoordig *juis* 'n verwoording van utopie:

> […] the unique value of the Utopian text also lies in its function as a memory trace, but as a message from the future, something foreshadowed in distorted form by all the great scriptures, which give themselves as messages of otherness, but transmitted in the past. These incomprehensible written messages have their archaeological analogies, particularly in the potsherds and cultural fragments of the museum as such, which becomes a kind of vast message written in an unknown language of objects.

Daarom dra sy seminale teks oor wetenskapsfiksie ook die titel: *Archeologies of the Future: The Desire Called Utopia and Other Science Fictions*.

## 3. WETENSKAPSFIKSIE

Talle literatuurteoretici het reeds gepoog om utopie as genre te tipeer (kyk o.a. Suvin 1979:37-62), maar verskeie van die baanbrekers op hierdie gebied dui op 'n natuurlike resonansie wat bestaan tussen wetenskapsfiksie en die skep van utopieë / die utopiese of, alternatiewelik, op wetenskapsfiksie as 'n geskikte genre waarbinne die konseptualisering en vergestalting van utopieë geproblematiseer kan word.[11] Dít sou selfs daartoe lei dat Suvin (1979:61) beweer: "utopia is not a genre but the *sociopolitical subgenre of science fiction* (kyk ook Suvin 1988:38;

---

10 Kyk Jameson (2007:142, 198-199), Moylan (2000:72, 75, 127, 129, 131, 135, 140) en Milner (2009:109).

11 Kyk o.a. Suvin (1988:34-35, 41-42) en Jameson (2007:101, 289, 345, 380). Dit raak egter problematies wanneer die generiese beskrywings voorskriftelik raak (kyk bv. Suvin 1979:23; Freedman 2000:22).


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a4

Jameson 2007:57). Jameson (2007:270) gaan egter nog verder, deur juis die potensiële rol van wetenskapsfiksie te kontrasteer met die betreklike sosiopolitieke irrelevansie van sogenaamde hoër literêre vorme binne die konteks van laat-kapitalisme: "The historical opportunities of SF as a literary form are intimately related to this paralysis of so-called high literature" (kyk ook Moylan 2000:26-27). Indien utopie en/of die utopiese as (idilliese) verbeelding (of problematisering) van radikale andersheid binne 'n gegewe sosiopolitieke konteks geld, is wetenskapsfiksie om ooglopende redes as genre geskik om die einste utopie of utopiese (ook in die distopiese, anti-utopiese en anti-anti-utopiese weergawes daarvan) te vergestalt. Die vraag wat volg, is waarom dit die geval sou wees?

Die antwoord hierop is voor die hand liggend: wetenskapsfiksie-narratiewe is ooglopend tuis in die spanning wat bestaan tussen die bekende en die onbekende, tussen outomatisering en ostranenie, tussen kognisie en vervreemding,[12] tussen die novum van radikale andersheid en die integere identiteit van die vertroude werklikheid, tussen wetenskap en fiksie.[13] Suvin (1979:4) tipeer wetenskapsfiksie dus as "the literature of cognitive estrangement".[14] Wetenskapsfiksie-wêrelde gooi noodwendig 'n verhelderende skaduwee oor die ondermaanse, met die leser of kyker wat met behulp van hierdie argeologiese fragmente van die toekoms 'n afstandelike blik op die eie konteks kan werp. Die verbeelde utopieë, (kritiese) distopieë, anti-utopieë en anti-anti-utopieë van hierdie genre wek nadenke oor kontinuïteite en verskille te midde van die transponering van die hedendaagse in die toekoms.[15] Juis deur middel van kognitiewe vervreemding van die teenswoordige kan 'n kognitiewe kartering van toekomstige sosiopolitieke opsies (in reaksie op 'n gegewe heersende politieke bestel) onder woorde gebring word (Suvin 1979:12) – hetsy in positiewe of in negatiewe terme (kyk bv. Moylan 2000:56-60, 95).[16]

So geskik as wat wetenskapsfiksie sou wees om die utopiese te vergestalt, bly die vraag egter steeds, soos hier bo vermeld, of die kognitiewe kartering daarvan binne die hedendaagse tydsgees *kan* plaasvind. Dit is 'n vraag wat die literêre tradisie van wetenskapsfiksie binne 'n groter geheel plaas: "It is evident that this new situation poses tremendous and crippling problems for a work of art" (Jameson 1990). Myns insiens kan die beklemtoning van die utopiese as proses of wens ("an obscure yet omnipresent Utopian impulse") ten koste van utopie as program of vorm ("realization of the Utopian program") 'n tersaaklike poging wees om ook, of *veral* in die wetenskapsfiksiegenre utopie as dissensie en alternatief tot 'n heersende normatiwiteit daar te stel. Utopie as proses veronderstel 'n inherente veranderlikheid en vloeibaarheid – iets wat onder meer met 'n proses van wording in verband gebring kan word

12 Freedman (2000:18-19) gee oortuigende argumente waarom hy in hierdie konteks die term "kognisie-effek" bo "kognisie" verkies.

13 Die novum funksioneer onder meer as die radikale andersheid binne die wetenskapsfiksie-narratief (hoewel die vraag steeds bly in hoeverre radikale andersheid werklik gerepresenteer kan word) (kyk Suvin 1979:65-84; Suvin 1988:37-38; Freedman 2000:69). Suvin (1988:14) waarsku egter ook teen pseudo-novums, wat lei tot oppervlakkige vervreemding en dus nie die gewone alledaagse *radikaal* bevraagteken nie. Reinhart Koselleck wys verder op die sg. "Verzeitlichung der Utopie", waarvolgens die gekonseptualiseerde, teleologiese ontwikkeling na utopiese eindbestemmings gekarteer word op die immanente potensiaal soos beliggaam in die tegnologiese ontwikkelinge van die industriële revolusie. Wetenskapsfiksie as genre wat sigself bemoei met tegnologie, sou dienooreenkomstig uitermate geskik wees om hierdie konvergering van utopie en tegnologie te ondersoek (Spiegel 2017).

14 Kyk ook Suvin (1979:6-8, 13, 15, 20, 65, 67), Jameson (2007:255) en Freedman (2000:73).

15 Kyk Jameson (2007:288), Freedman (2000:55) en Moylan (2000:26).

16 Kyk Jameson (1990) oor kognitiewe kartering, ook buite die konteks van wetenskapsfiksie.

("a *protean* investment in a host of suspicious and equivocal matters"; Jameson 2005:3, my kursivering).

## 4. (ANDERS)WORDING

Hoewel Deleuze en Guattari se begrip *wording* ("becoming" / "devenir") nie gesistematiseerd in hul onderskeie individuele en gesamentlike werke gestalte vind nie (Bankston 2017:loc 100), moet dit desnieteenstaande as grondliggend tot die ontologie en epistemologie van hulle filosofiese benadering(s) beskou word. Met dít in ag genome kan die volle betekenis en gevolglike reikwydte van dié begrip binne hulle onderskeie filosofiese oeuvres onmoontlik hier teregkom en dus word volstaan met enkele kursoriese opmerkings. Wording is grootliks te verstaan as pendant tot Deleuze se afkeur jeens rasionalistiese en geëssensialiseerde denke wat nie net identiteit ten koste van verskille sentraal stel nie, maar ook berus op 'n siening van representasie as die getroue en waaragtige weergee van statiese essensies.[17] As teenhanger staan wording wars van representasie as greep op 'n geëssensialiseerde werklikheid, wat kenbaar is op grond van ooreenkomste: "A becoming is not a correspondence between relations. But neither is it a resemblance, an imitation, or, at the limit, an identification" (Deleuze & Guattari 2013:277).[18] Kortom: wording is vloeibaar en dus moeilik vas te pen in terme van vaste begrippe en definisies. Dit verreken die werklikheid as ontologiese gegewe anderkant die star fokus op essensiële identiteit soos algemeen beredeneer binne die Westerse filosofiese kanon en vier die immanensie van verandering, pluralisme, voorlopigheid en 'n openheid vir 'n toekoms om latente potensiaal onder meer via subjektiewe of kollektiewe agentskap teweeg te bring. Tog is 'n meer formele (en dus uiters on-Deleuziaanse) definisie binne die konteks van hierdie betoog as heuristiese hulpmiddel nuttig, aangesien hier vervolgens op veral twee aspekte van wording gefokus gaan word:

> […] Deleuze uses the term "becoming" (*devenir*) to describe the continual production (or "return") of difference immanent within the constitution of events, whether physical or otherwise. Becoming is the pure movement evident in changes between particular events. This is not to say that becoming represents a phase between two states, or a range of terms or states through which something might pass on its journey to another state. Rather than a product, final or interim, becoming is the very dynamism of change, situated between heterogeneous terms and tending towards no particular goal or end-state. (Stagoll 2010:26)

Die eerste aspek van belang vir die onderhawige argument is die beskrywing van wording as sou dit noodwendig (en dus ontologies immanent) deterritorialisering in die hand werk. Deterritorialisasie moet as die teenwig van (her)territorialisasie verstaan word, waarvolgens

---

17 Kyk o.a. DeLanda (s.d.), Powell (2005:83) en Bankston (2017:loc 130).

18 Kyk ook Deleuze & Guattari (2013:272, 278, 318, 355) en Bankston (2017:loc 122, loc 130, loc 213, loc 230, loc 455). In soverre word wording met die vlak van die virtuele geassossieer, in kontras met die aktuele, wat oënskynlik gemakliker in terme van verskille en ooreenkomste bedink kan word (kyk bv. Bogue 2010:21, 25, 27-28). Verder moet wording ook in terme van Deleuze (en Guattari) se begrip van tyd en van geskiedenis gelees word: die invloed van Bergson en Nietzsche om tyd in terme van "Aion" en "Chronos" te teoretiseer is hier van fundamentele belang: kyk Deleuze (1995:170-171), Deleuze & Guattari (1991:96, 110, 112-113, 157-159), Deleuze & Guattari (2013:305-307, 340-342, 345), Bankston (2017:loc 106, loc 631-loc 1044), Lundy (2012:3, 7, 14) en Bogue (2010:11, 27-28, 32, 230-231).


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a4

konseptuele en empiriese bakens, die homogenisering en standaardisering van normatiwiteit en die ankering, vaslegging en stabilisering van alle vorme van hegemoniese funksionaliteit ondergrawe en gedestabiliseer word (kyk Van den Berg 2018a:963).[19] Dit is nié dieselfde as blote *verandering* nie, aangesien verandering steeds in terme van statiese en geëssensialiseerde verwysings gedink word, terwyl wording sulke denkpatrone juis verwerp (kyk Bankston 2017:loc 349, loc 439). Wording beteken om *anders* te word en nie te verander nie, want die (geëssensialiseerde) self is "only a threshold, a door, a becoming between multiplicities" (Deleuze & Guattari 2013:291; kyk ook 304; Bogue 2010:8-9, 20). Deleuze en Guattari (2013:271-360) beskryf die progressie van verskillende tipes van wording, wat egter telkens weer op die vloeibaarheid daarvan neerkom, soos volg:

> Becoming-animal is only one becoming among others. A kind of order or apparent progression can be established for the segments of becoming in which we find ourselves; becoming-woman, becoming-child; becoming-animal, -vegetable, or -mineral; becomings-molecular of all kinds, becomings-particles. Fibers lead us from one to the other, transform one into the other as they pass through doors and across thresholds. Singing or composing, painting, writing have no other aim: to unleash these becomings. (Deleuze & Guattari 2013:317)[20]

Vrou-wording ("becoming-woman") word die eerste (deterritorialiserende) stap tot wording, aangesien dit die hegemonie van heteronormatiewe, patriargale strukture ontglip en uitdaag (kyk Deleuze & Guattari 2013:321-323, 339). Onmerkbaar-wording ("becoming-imperceptible") sou 'n laaste fase van wording verteenwoordig – 'n abstrake vorm van wees/syn, wat helaas egter ook 'n hele wêreld verteenwoordig (Deleuze & Guattari 2013:325-326). Duidelik is die implikasies of veronderstellings van wording ver verwyderd van kosmetiese verandering, deurdat dit onder meer subjek-objek-binariteite negeer en as 'n uitreik na 'n ander en 'n toekoms *beide* ander én toekoms radikaal laat anders word. Dit is 'n dinamika wat ook resoneer met die interafhanklikheid van deterritorialisasie en herterritorialisasie.[21] Soos egter ook hier bo vermeld ten opsigte van utopieë/die utopiese, is die vraag wat wording as deterritorialisasie binne 'n laat-kapitalistiese, neoliberale konteks in werklikheid nog kan vermag.[22]

'n Belangriker vraag, wat ook die tweede aspek verteenwoordig waarop hier gefokus word, is wat die verhouding van die Deleuziaanse siening van wording met betrekking tot utopie/die utopiese is. In *What is Philosophy?* (1991:99-100) verskyn 'n lang besinning oor utopie, wat ter wille van die belangrike byeenbring van konsepte soos deterritorialisasie, immanensie, die politiese, revolusie, ewige beweging, geskiedenis en wording hier uitvoerig aangehaal word:

> Philosophy takes the relative deterritorialization of capital to the absolute; it makes it pass over the plane of immanence as movement of the infinite and suppresses it as internal

---

19 Kyk Van den Berg (2018a) vir 'n uiteensetting van deterritorialisasie, veral wat betref Deleuze en Guattari se gebruik daarvan in terme van hulle beredenering van groeperinge ("assemblages").

20 Die kunste skyn duidelik 'n belangrike medium vir wording te wees – veral ook die skryfkuns (kyk Deleuze 1998:1).

21 Kyk o.a. Deleuze & Guattari (1991:109), Deleuze & Guattari (2013:319-320, 340, 353, 355, 357), Powell (2005:53) en Bankston (2017:loc 146).

22 Kyk Deleuze & Guattari (1991:99-100), Michael-Matsas (2016:294) en Holland (2006). Ruweg gestel, is die eintlike vraag of deterritorialiserende wording nie juis stukrag aan kapitalisme verleen om deur veranderlik te wees en aan te pas 'n verdere kontinuering daarvan te fasiliteer nie.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a4

> limit, turns it back against itself so as to summon forth a new earth, a new people. […] Actually, utopia is what links philosophy with its own epoch, with European capitalism, but also already with the Greek city. In each case it is with utopia that philosophy becomes political and takes the criticism of its own time to its highest point. Utopia does not split off from infinite movement: etymologically it stands for absolute deterritorialization but always at the critical point at which it is connected with the present relative milieu, and especially with the forces stifled by this milieu. […]. What matters is not the supposed distinction between utopian and scientific socialism but the different types of utopia, one of them being revolution. In utopia (as in philosophy) there is always the risk of a restoration, and sometimes a proud affirmation, of transcendence, so that we need to distinguish between authoritarian utopias, or utopias of transcendence, and immanent, revolutionary, libertarian utopias.! But to say that revolution is itself utopia of immanence is not to say that it is a dream, something that is not realized or that is only realized by betraying itself. On the contrary, it is to posit revolution as plane of immanence, infinite movement and absolute survey, but to the extent that these features connect up with what is real here and now in the struggle against capitalism, relaunching new struggles whenever the earlier one is betrayed. The word utopia therefore designates that conjunction of philosophy, or of the concept, with the present milieu – political philosophy (however, in view of the mutilated meaning public opinion has given to it, perhaps utopia is not the best word) […].[23]

Hulle gaan voort:

> Utopia is not a good concept because even when opposed to History it is still subject to it and lodged within it as an ideal or motivation. But becoming is the concept itself. It is born in History, and falls back into it, but is not of it. In itself it has neither beginning nor end but only a milieu. It is thus more geographical than historical. Such are revolutions and societies of friends, societies of resistance, because to create is to resist: pure becomings, pure events on a plane of immanence. What History grasps of the event is its effectuation in states of affairs or in lived experience, but the event in its becoming, in its specific consistency, in its self-positing as concept, escapes History. (1991:110)

Gesien as breuk met territorialiserings soos meegebring deur ’n historiese bewussyn (chronos in die terminologie van Deleuze en Guattari)[24] en breuk met enige vorm van geëssensialiseerde konseptualiserings of identiteite,[25] verteenwoordig utopie volgens hulle onmiskenbaar die *utopiese* as ontologiese en immanente *wens* en nie die programmatiese *vorm* van ’n platoniese ideaal nie.[26] Kortom is hulle utopie nie staties nie, maar juis ’n *proses*, ’n *wording*.[27] Hierdie

---

23 Kyk ook Bogue (2011:80), Holland (2006), Lane (2008:88, 98), Michael-Matsas (2016:293) en Bell (2013:79-80).

24 Kyk byvoorbeeld Bogue (2011:79-80), Holland (2006), Lane (2008:98) en Bogue (2010:28-29, 128).

25 Kyk byvoorbeeld die onderskeid wat Bell (2013) maak tussen “staatsdenke” en “nomadiese denke”.

26 Kyk Michael-Matsas (2016:293-294), Bell (2013:10, 44) en Parr (2008:48-49) oor Deleuze en Guattari se utopiese as radikale immanensie.

27 Kyk ook Deleuze & Guattari (2004:33, 71), Deleuze (1998:2), Bogue (2011:81-83, 87-88), Holland (2006), Lane (2008:94), Michael-Matsas (2016:289, 293-295) en Bell (2013:9-10, 50, 78) oor Deleuze & Guattari se utopiese as wording.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a4

wording is *ook* die (politiese) eksperimentering met die werklikheid deur middel van die skep van nuwe filosofiese konsepte, waardeur nuwe wêrelde revolusionêr opgeroep kan word.[28]

Dit blyk dus dat die utopiese en wording in die denke van Deleuze en Guattari nou met mekaar verweef is, maar dan die *utopiese* as iets immanent, wat juis deur die immanensie daarvan ook deterritorialiserend van aard is en waardeur sodoende ’n radikale andersheid onderskryf kan word. Sodra die utopiese in terme van ’n program geïdealiseer word, word dit ook ’n herterritorialisering wat veranderinge kan veins, maar inherent eintlik dieselfde bly. Die utopiese is by beide denkers inherent polities te verstaan, sodat anti-utopieë en tot ’n mindere mate selfs (kritiese) distopieë in terme daarvan grootliks irrelevant word. Hierdie verbandleggings tussen utopie en wording word in die wetenskapsfiksie-trilogie van Neill Blomkamp op verskillende wyses uitgespeel.

## 5. (ANDERS)WORDING EN (DIE) UTOPIE(SE) IN NEILL BLOMKAMP SE WETENSKAPSFIKSIE-TRILOGIE

Die verskillende benaderings tot filmiese vergestaltings van utopie of die utopiese verydel ’n gestandaardiseerde tipologie op grond van generiese merkers (kyk bv. Bunn 2019). Waar Fitting (1993) poog om ’n voorlopige generiese taksonomie aan te bied,[29] wys Shelton (1993) op die losse skroewe waarop genre-konvensies staan en dui Ruppert (1996) vanuit ’n resepsie-estetiese perspektief op die tekortkominge van enige dusdanige taksonomie.[30] Enige generiese of tipologiese standaardisering sou egter die skaarste aan suiwer utopiese films moet verreken – dus films wat ’n *utopie* en nie die *utopiese* verbeeld nie.[31]

Na aanleiding van enige teoretisering rondom die visuele vergestalting van utopie of die utopiese kom egter verskeie kwessies aan bod. Binne die argument hier gevoer is een van die belangrikste hiervan die vraag in hoeverre filmiese representasies van utopie – vergeleke met geskrewe narratiewe en vernaam binne die konteks van fiksie – eiesoortig is. Die noodwendig teenwoordige tyd van die visuele beeld, in kontras met die potensiële tydspektrum wat deur retoriese narratiewe daargestel kan word (verlede, hede en toekoms), het implikasies vir die historisering van utopie en die utopiese.[32] Verder bied die gebrek aan dramatiese konflik binne

[28] As alternatief vir “utopie” (en dus eintlik ’n begrip wat ooreenkomste vertoon met die “utopiese”), word ook die begrip “fabulering” gebruik (kyk o.a. Deleuze 1995:171-174; Deleuze 1998:4; Bogue 2010:9, 14-15, 18, 223, 226, 231 en Bogue 2011:80-81).

[29] Fitting (1993) vewys na die verfilming van utopiese romans, die indirekte verbeelding van utopie deur middel van distopie, die rol van etnografiese films, die historisering van utopiese films as reaksie op die sosiopolitiek van die sestigerjare, die rol van politieke films met ’n eenduidig ideologiese aanslag, die rol van sg. “body utopias” en die utopiese demokratisering van film as medium. Hy voer egter ’n sirkelargument: daar bestaan geen aanvaarde korpus van utopiese films nie, wat generiese definisie bemoeilik. Sonder ’n generiese definisie is dit egter juis problematies om ’n korpus saam te stel.

[30] Ruppert (1996:143) beweer dat utopieë “are not so much created on the screen, as they are in the imagination of the viewers”.

[31] Spiegel (2017) wys daarop dat utopie of die utopiese glad nie geskik is vir visuele aanbieding in fiksionele film nie, alleenlik in niefiksie films. Die studie van Pavsek, *The Utopia of Film: Cinema and Its Futures in Godard, Kluge, and Tahimik* (2013) is ’n voorbeeld van die effe lukrake definisies binne die veld van utopie in film.

[32] Dit het implikasies vir die verbeelding van die utopiese as universele, tydlose gegewe teenoor ’n historiese konkretisering daarvan deur middel van talige kontekstualiserings, hetsy deur middel van “voice over” of ondertiteling (kyk bv. Atkinson 2007). ’n Voorbeeld van ’n retoriese stylfiguur wat moeilik visueel vergestalt kan word, is litotes, wat deur Blaim en Gruszewska-Blaim (2015:9-10) veral met utopiese narratiewe in verband gebring word.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a4

utopiese narratiewe min ruimte om as katalisator vir die voortstu van ’n onderhoudende storielyn te dien.[33]

Atkinson (2007) poog om die visuele taal of “estetiese beginsels” van *Minority Report* (2002) en *Gattaca* (1997) as utopies te lees, deur op die geometrisering en stilistiese simplifisering van die *mise-en-scène* in laasgenoemde en die uitbeelding van utopiese tegnologie as replisering van film as utopiese, tegnologiese apparatuur te fokus. Hoewel die argument oortuigend is, berus dit desnieteenstaande op ’n narratiewe kontekstualisering, wat ’n “utopiese” interpretasie van die visuele beeld as sodanig, dus los gesien van die gegewe narratief, nie moontlik maak nie. Narratief blyk myns insiens kardinaal te wees in die konseptualisering van utopie, wat sou beteken dat die visuele taal wel vormlike vergestalting *kan* gee aan utopiese inhoud, maar die visuele beeld as sodanig en in isolasie nie *noodwendig* as utopies kan geld nie.

Ten einde die motiewe van (anders)wording en (die) utopie(se) in *District 9*, *Elysium* en *Chappie* te ondersoek, moet *daarom* uit die staanspoor een voorbehoud duidelik gemaak word, naamlik dat hier uitsluitlik op die drie filmnarratiewe se *fabula* gefokus sal word en die films dus nié in die eeste instansie in terme van *mise-en-scène* of Deleuze se omvattende teoretiserings van filmiese “bewegingsbeelde” (soos vervat in *Cinema 1: the movement-image*, 1986) en “tydsbeelde” (soos vervat in *Cinema 2: the time image*, 1986) geanaliseer sal word nie. Só ’n analise van die onderskeie films sou wél baie produktief wees,[34] maar kan weens die omvangrykheid wat dit impliseer nie in hierdie betoog ingesluit word nie. Daar word dus volstaan by die *fabula* wat telkens gebou is rondom ’n bepaalde fiksionele novum – spesifiek met betrekking tot hoofkarakters se (anders)wording en die implikasies wat dit mag inhou vir die tematisering van utopie en die utopiese.

## 5.1 *District 9*

Met die verhaalgegewe wat oorwegend in 2002 afspeel, lei die novum van *District 9* tot ’n kontrafaktiese weergawe van die Suid-Afrikaanse geskiedenis sedert 1982:[35] in 1982 arriveer ’n reusemoederskip vanuit die buitenste ruimte en sweef drie maande oor Johannesburg, voordat dit in opdrag van die Suid-Afrikaanse regering met geweld oopgeforseer en rondom 1 miljoen verhongerde ruimtewesens ontdek word. Hierdie wesens word mettertyd in “District 9” gevestig – ’n area buite die stad, wat duidelike ooreenkomste met die haglike omstandighede van menige informele woonbuurte vertoon. In 2002 word die besluit geneem om MNU (Multinational United) te kontrakteer om die ruimtewesens na “District 10” te verskuif, ’n

33 Blaim en Gruszewska-Blaim (2015:10-11) dui op die verskille tussen utopiese en distopiese narratiewe, waarvolgens eersgenoemde dikwels volstaan by ’n konseptualisering of beskrywing van ’n utopiese stand van sake (“setting”), teenoor die storiegedrewenheid van die distopiese op grond van konflik. Dit hou verder ook implikasies vir die karakterisering van die onderskeie rolsepelers in (kyk ook Spiegel 2017). Retoriese aanbieding sou makliker die beskrywing van utopiese gegewens (ten koste van spanningslyn) fasiliteer, in kontras met filmiese aanbieding, waar komplekse konseptualiserings moeiliker te verbeeld is.

34 Produktief in terme van die wyse waarop die betrokke *mise-en-scène* die onderskeie utopiese narratiewe inhoude tot uitdrukking bring.

35 Die *mate* waartoe die pre-1982-Suid-Afrika van die film kontrafaktiese elemente insluit, blyk nie duidelik uit die filmnarratief nie: dit wil wél voorkom asof die vroeë tagtigs van die film nié die voorspel tot ’n noodtoestand op grond van rassespanning voorstel nie (mits die ruimtewesens ook nie allegories in terme van ras verstaan word nie). Kyk Van den Berg (2016:248-263) oor ’n uitvoerige bespreking van kontrafaktiese narratiewe.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a4

projek wat op grondvlak deur Wikus van de Merwe [sic] bestuur word. In die proses word hy met ruimtewese-DNA gekontamineer en ondergaan hy ’n abjekte biologiese metamorfose, wat hom uiteindelik die liggaamsvorm van hierdie wesens laat aanneem. In ’n futiele poging om na sy vorige identiteit terug te gryp, help hy die ondernemende Christopher (een van hierdie insekagtige wesens) om na die moederskip te ontsnap, sodat laasgenoemde, vergesel van sy jong seun, die skip kan neem om hulp te verkry en sy mederuimtewesens in Johannesburg te kom red. Wikus is egter (biologies gesproke) teen die einde van die film sélf ’n ruimtewese, wat bykans alles verloor het – en dit word in die verlengdes van die narratief gesuggereer dat hy leef in die hoop dat sy onwaarskynlike ruimtewese-vriend nie net tot redding van *sy* (Christopher se) “mense” sal kom nie, maar ook *sy* (Wikus se) liggaamlike metamorfose ongedaan sal maak, soos Christopher beloof het.[36]

Met verwysing na die bespreking in afdeling 2 dui enkele aspekte van die film op ’n oënskynlik distopiese agtergrond, waarteen die grootste deel van die verhaalgegewe afspeel. As *area* is “District 9” eenduidig distopies, in kontras met die relatiewe gemak van Wikus se gegoede middelklasbestaan. Hierdie kontrasterende wêrelde word geografies van mekaar geskei en teenoor mekaar opgestel op grond van die ooglopende spesieverskille van die gegewe areas se inwoners. Die skeiding en kontras kan natuurlik ook allegories verstaan word as simptomatiese “othering” van en teësin in die Ander.[37] Tog impliseer ’n allegoriese duiding van die narratief dat die leefwêreld van Wikus weliswaar ook ’n distopiese afskaduwing verraai: MNU is ’n korrupte maatskappy behorende tot die militêr-industriële kompleks wat vir alle praktiese doeleindes die funksionering van 1982-Johannesburg bepaal. En Wikus en kie. is niksseggende ratte in ’n neoliberale sisteem wat, tiperend van laat-kapitalisme, funksioneer op grond van uitbuiting, ontmondiging en objektivering van werknemers.[38] Die klimaks hiervan word bereik wanneer Wikus se metamorfose hom in staat stel om die ruimtewesens se wapentuig te gebruik, aangesien laasgenoemde slegs met die biotegnologiese enkodering van hulle DNA geaktiveer kan word. Wikus se liggaam, in proses van verandering, word vir MNU niks anders as kommersiële potensiaal nie – die menslike (?) liggaam gereduseer tot kommoditeit.[39] ’n Allegoriese interpretasie van die film skep dus interessante vrae rondom die metamorfose van Wikus: is die ruimtewesens sy en sy mede Suid-Afrikaners se (kollektiewe) Ander en sy liggaamlike verandering dus simbolies van die oorsteek van die grens tussen beide, of is sy metamorfose eerder ’n simboliese blootlegging van die essensie van sy bestaan? Is hy ’n slagoffer van ’n neoliberale wêreld wat huiwer op die drumpel van globalisering (kyk bv. Frassinelli 2015:302 en Smith 2012:156-158)?

---

36 Hoewel geen eenduidige allegoriese passing moontlik is nie (kyk Christopher 2013:40; Clover 2009:8 en Frassinelli 2015:303) is duidelike ooreenkomste tussen die Suid-Afrikaanse geskiedenis van Apartheid en meer resente insidente van xenofobie uit die narratief van die film afleesbaar (kyk bv. Smith 2012:145). Aangesien hierdie betoog egter op ’n ander aspek fokus, sal hierdie allegoriese verwysings nie verder hier bespreek word nie.

37 Dit sluit ook aan by wat in voetnoot 9 bespreek is, naamlik dat ’n voorvereiste vir die konkrete realisering van ’n utopie ook geografiese skeiding impliseer (dus afstandelikheid van dít wat nié utopies is nie).

38 Kyk bv. Akpome (2017:93, 95), Frassinelli (2015:302), Hairston (2011:333-334), Stobie (2012:128), Trinder (2019:6), Wagner (2015:57-58) en Smith (2012:153).

39 Kyk Nel (2012:563). Die film se skynbare kritiek op neoliberalisme word egter (soos in *Elysium*) op ander vlakke ondergrawe, wat hier onder bespreek sal word (kyk bv. Trinder 2019:13 en Frame 2019:379-381).

Wikus se metamorfose, of dan liggaamlike anderswording, is ingebed in die konvensies van "body horror", wat dekades reeds as 'n belangrike subgenre van die grufilm-tradisie geld.[40] "Body horror" word dikwels met die abjekte in verband gebring, soos wat verskeie interpretasies van Wikus se metamorfose ook in terme hiervan (of in terme van die verlengde hiervan, naamlik die abjekte as taboe) geïnterpreteer kan word.[41] Die redusering van Wikus se anderswording tot die manifestasie van 'n abjekte taboe kan egter ook as 'n baie eng blik op 'n duidelik gestratifiseerde proses gesien word. Die ooglopendste bewys van die kortsigtigheid van so 'n interpretasie is die pogings van MNU om die wording van Wikus se liggaam te kommodifiseer: wording word hier *juis* geapproprieer binne die kommersiële mandaat van hierdie multinasionale reus. Een van die wetenskaplikes is van mening: "What happens to him isn't important. What's important is that we harvest from him what we can right now. This body represents hundreds of millions, maybe billions of dollars' worth of biotechnology. There are people out there, governments, corporations who would kill for this chance" (kyk Trinder 2019:6-7; kyk ook Ringer 2016:61). Ander lesings dui op 'n positiewer siening van die metamorfose deur op die allegoriese potensiaal van Wikus se ontwikkeling vanaf onseker burokraat tot heldhaftige redder te fokus en sy metamorfose dus as allegoriese verbeelding van Wikus se konvensionele karakterontwikkeling te sien,[42] of deur te verwys na die moontlikhede wat sy liggaamlike hibridisering hom vervolgens sou kon bied (Jansen van Veuren 2012:577; kyk ook Jameson 2007:118).

Hierdie positiewe lesing van Wikus se metamorfose word egter deur verskeie kommentators as ideologies verdag afgemaak, naamlik as onderskrywing van die tradisionele konvensie van die "wit manlike protagonis" wat tot redding van die onbeskaafde "Ander" moet kom.[43] Die verhaal van die ruimtewesens is hiervolgens maar terloopse agtergrond vir Wikus se verhaal, wat weens sy "going native", tot reddende (anti-)held ontwikkel. Dit beteken per implikasie dat die "positief"-geïnterpreteerde anderswording van Wikus juis die film se grondliggende kondonering van dít wat oënskynlik gekritiseer word, verdoesel. Daar is dus 1) 'n positiewe lesing (met die fokus op Wikus se anderswording as positiewe karakterontwikkeling deur groei van punt A na punt B, ook allegories gelees as 'n uitreik na die Ander), 2) 'n negatiewe lesing (met fokus op Wikus se anderswording as vergestalting van die abjekte) en 3) nog 'n negatiewe lesing, wat 1) as kontra-intuïtiewe verdoeseling van die film se kondonering van neoliberaal-geïnspireerde normatiwiteit gesien kan word. In terme van wat in die afdelings hier bo bespreek is, sou 3) dus dui op Wikus se wording as 'n vals novum (dus oppervlakkig en van min indringende betekenis) of as 'n liggaamlike deterritorialisering ter wille van die herterritorialisering daarvan binne 'n groter konteks (kyk bv. Christopher 2013:40-41, 46; Trinder 2019:13).

Indien Wikus se metamorfose in terme van Deleuziaanse anderswording beoordeel word, blyk dit gou dat *sy* anderswording uitsluitlik in terme van 'n trajek vanaf punt A na punt B

40 Kyk bv. Gaydon (2013:110), Stobie (2012:136), Jansen van Veuren (2012:571-572), Cruz (2012) en Powell (2005:53-88). Kyk Van den Berg (2018b:76-77) vir verdere toeligting van "body horror".

41 Kyk bv. Nel (2012:562), Stobie (2012:139-140) en Jansen van Veuren (2012:578). Kriel (2015:29-31) bring die abjekte van *District 9* ook in verband met die film se fenomenologiese resepsie deur die kyker. Kyk Van den Berg (2018c) vir 'n bespreking van die abjekte binne die grufilmtradisie.

42 Kyk bv. Kriel (2015:20-22), Moses (2010:157), Stobie (2012:133) en Jansen van Veuren (2012:581).

43 Kyk Conway (2017:446), Gaydon (2013:103, 105), Hairston (2011:334-335, 341-342), Moses (2010:158), Graham (2010:162), Trinder (2019:14), Jansen van Veuren (2012:571, 581), Veracini (2011:357-359) en Smith (2012:146).


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a4

vergestalt word (en nie in terme van ’n durende ontologiese gegewe nie). Sy biologiese anderswording het (allegoriese) reperkussies vir sy ontwikkeling as karakter, maar sy werklike openheid vir pluralisme en ’n revolusionêre toekoms gebaseer op die destabilisering van normatiwiteit, blyk in geheel te ontbreek. Sy liggaamlike deterritorialisasie eindig by ’n herterritorialisering as abjekte ruimtewese (volgens die klassifisering gebruik vir die oprigting van “District 10”),[44] en sy anderswording het geen merkbare gevolge vir dít waarin hy verander nie, naamlik die ruimtewesens waarmee hy voortaan gelyk te stel is. Indien Deleuze en Guattari anderswording as fundamenteel utopies verstaan, maak *District 9* dit duidelik: die film verval in ’n retrospektiewe idealisering van die verlede as gewaande *utopie* en versaak dienooreenkomstig die moontlikhede van wording as die *utopiese*.

Indien Wikus teen die einde enigsins nog (melancholiese) toekomshoop sou gehad het, sou dit ironies genoeg op ’n hunkering na die verlede gebaseer wees, oftewel ’n teruggryp na ’n geïdealiseerde verlede veronderstel. Voor die voltrekking van sy metamorfose is sy wens dat Christopher sal terugkeer om sy mede-ruimtewesens na hulle planeet terug te neem, en vir homself die tyd sal terugdraai na sy bestaan as mens, na ’n identiteit wat eens was (kyk Moses 2010:160; Veracini 2011:364). Sy wording is nie ’n wekroep om die uitdagings van sy omstandighede kreatief te konfronteer nie, maar verteenwoordig eerder die groot struikelblok in sy pogings om sy verlede te herwin en te restoureer. Daarom word die potensiaal aanwesig in sy wordingsproses skadeloos gestel deur die projeksie daarvan op ’n geïdealiseerde, eksterne vonk van hoop: die terugkeer van Christopher.[45] Die *utopiese* word gereduseer tot *utopie*, die *wens* tot programmatiese *vorm* en sy (Wikus se) agentskap wat dit tot uitvoering moes bring, geheel en al prysgegee. Want óf Christopher ooit sal terugkeer, bly ’n ope vraag – utopie as geëkstrapoleerde idealisering spreek weens die statiese aard daarvan nooit die utopiese vitaliteit opgesluit in wording as immanente gegewe aan nie. Die gevolglike diskrepansie lei tot ’n melancholiese uitspeel van verlies – en ’n doodgebore utopie.

### 5.2 *Elysium*

Elysium, ’n gekonstrueerde ruimtehabitat wat as satelliet om die aarde wentel en waar die rykste fraksie van voormalige aardse bewoners onder idilliese omstandighede leef, is die novum van die gelyknamige film. Tegnologies-gevorderde mediese sorg is hier vir almal toeganklik, wat sorg dat *alle* siektetoestande wat die geregistreerde inwoners onder lede mag hê, genees kan word. Die Los Angeles van 2154 (’n stad eksemplaries vir heersende toestande op aarde) verteenwoordig die distopiese teenhanger van Elysium en word gekenmerk deur oorbevolking, dikwels haglike lewensomstandighede, armoede, werkloosheid en beperkte mediese sorg. Die groot droom van menige aardbewoner is om na die utopiese Elysium te gaan, hetsy weens mediese redes of die droom van ’n idilliese bestaan. Toegang tot Elysium is egter weens militaristiese kontrole bykans onmoontlik en talle onwettige pogings om die habitat te bereik, is onsuksesvol. Protagonis, Max Da Costa, word as geëksploiteerde fabriekswerker in Los Angeles aan radiasie blootgestel en moet Elysium binne vyf dae bereik,

44 Alternatiewelik is sy liggaam ook deur MNU as kommoditeit geherterritorialiseer.

45 Kyk Christopher (2013:44), Frame (2019:379, 382), Frassinelli (2015:304), Nel (2012:564) en Stobie (2012:141-142). Die slottoneel van die film suggereer dat ’n ten volle gemetamorfiseerde Wikus ’n metaalblom gemaak en by die deur van sy vrou gelaat het. Dit is egter ’n ambivalente gebaar: hoewel dit op die oog af hoop sou kon verteenwoordig, kan dit ook as ’n afskeid gelees word. Beide sienings impliseer egter ’n utopiese hunkering na die verlede, hetsy nog bereikbaar, al dan nie.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a4

voordat sy liggaam biologies afbreek en hy sterf – sy enigste hoop op genesing is mediese sorg op Elysium. In ruil vir ’n onwettige geleentheid na dié habitat steel hy inligting, wat na aanpassings daaraan die rekenaarsisteem van Elysium sal herprogrammeer en alle aardbewoners as inwoners sal registreer – met alle voordele daaraan verbonde. Die eksoskelet wat aan sy liggaam geheg word, maak hierdie diefstal moontlik deur sy fisiese vermoëns eksponensieel te laat toeneem en stel hom vervolgens in staat om sy reisbestemming te bereik. Aangesien die relevante inligting via ’n brein-implantasie as program in sy brein afgelaai is (*à la* Johnny Mnemonic),[46] moet hy homself aan Elysium se hoofraamstelsel koppel om die sisteem te herlaai. Die enigste probleem is dat dit noodwendig ook sy dood sal beteken. Max se tweeledige keuse is dus genesing van radiasie óf die neerlê van sy lewe vir alle inwoners op aarde. Ter wille van die genesing van sy vriendin kies hy laasgenoemde, sterf as messiaanse figuur en open die deure van Elysium vir almal.

Die utopie-distopie-binariteit word in *Elysium* nog duideliker as in *District 9* vergestalt: indien ’n konkrete utopie net uitvoerbaar is deur middel van geografiese skeiding en afsluiting, is ’n militaristies-bewaakte ruimtehabitat sekerlik geen slegte weergawe hiervan nie (kyk bv. Frame 2019:381, 387-388 en Muñoz 2018). Tog sluip anti-utopiese elemente by die narratief in, deurdat ’n interne politieke magstryd op Elysium die broosheid van die utopiese integriteit van die ruimtehabitat duidelik maak. Die oënskynlike idille bestaan by grasie van magspolitiek en geweld en Jessica Delacourt, die minister van verdediging, is oënskynlik van mening dat die utopiese lewenswyse nie kunsmatig volhoubaar is nie.[47] Haar plan is ’n staatsgreep: magsuitoefening nie op grond van utopies-demokratiese beginsels nie,[48] maar op grond van anti-utopiese wantroue in enige konkretisering van utopie *op grond van utopiese beginsels*. Haar keuse tussen utopie en die utopiese sou dus op eersgenoemde val en indien *enigsins* ’n utopie, sal dit volgens haar diktatoriaal-militaristies met geweld afgedwing moet word. Elysium bestaan egter nie net by grasie van plaaslike geweldsuitoefening agter die skerms nie, maar ook deur middel van grootskaalse uitbuiting van die aardbewoners. Die Los Angeles van 2154 is as direkte gevolg hiervan duidelik distopies: dit verteenwoordig ’n leefwêreld wat sterk aan dié van *District 9* herinner en neem bykans die aard van ’n kolonie aan – ’n area waarna arbeid gedelegeer kan word. Die film gebruik veral toegang tot mediese dienste as motief om ’n ideologie van neoliberalisme *oënskynlik* te kritiseer: die Los Angeles-distopie is die keersy van die utopiese Elysium – en die gebrek aan toegang tot mediese sorg word simptomaties van die diskrepansie tussen die twee. Tog blyk hierdie kritiek, soos in *District 9*, oëverblindery te wees: dit is nie die neoliberale (of laat-kapitalistiese) sisteem wat hier gekritiseer word nie, maar eerder die feit dat nie almal gelykmatig daartoe toegang het nie. Volgens die logika van die film verteenwoordig Elysium dus wél ’n konkreet-uitvoerbare utopie – die sistemiese strukture moet net meer plooibaar wees ten einde *almal* te kan akkommodeer (kyk bv. Frame 2019:379-381). En indien dit nie onmiddellik uitvoerbaar is nie, is utopiese hoop op die uitvoerbaarheid van ’n geïdealiseerde idille ’n betreklik maklike wyse om die kollektief te rig en te bestuur (kyk ook Muñoz 2018:122; Maurer 2019:13).

---

46 Die film *Johnny Mnemonic* (1995) het die oordrag van data na individue se breine as sentrale narratiewe motief. Aangesien Blomkamp se films betreklik konvensioneel van aard is, is daar noodwendig talle motiewe uit ander wetenskapsfiksie-films wat in sy werk voorkom, hetsy in terme van narratiewe strukture, generiese karakters of personasies, of visuele kunsgrepe. Dit val egter buite die bestek van die betoog om in besonderhede hieraan aandag te gee.

47 Delacourt is van mening: “This habitat is dying” (34:38).

48 Demokratiese beginsels as staatsvorm word met die utopiese verwysingswêreld van Elysium in verband gebring.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a4

As protagonis vervul Max ’n interessante funksie in die film: sy wording blyk binne die konteks van die filmnarratief geen anderswording te wees nie: reeds as jong weeskind word voorspel dat hy tot groot en belangrike dinge bestem is en as messiaanse figuur wat voorts toegang tot Elysium ’n werklikheid vir almal maak, voldoen hy aan hierdie “geëssensialiseerde” vaslegging van sy identiteit (kyk bv. Maurer 2019:14). Hy verander nie en sy werklike essensie word langsamerhand ontbloot deurdat die verskillende lae wat dit versteek stelselmatig via die narratief se aandoen by verskillende narratiewe stasies, afgeskil word. Sy biologiese anderswording weens radiasie is die keersy van die toevoeging van ’n eksoskelet (dus interafhanklikheid van deterritorialisasie en herterritorialiasie), wat aan hom besondere fisiese vermoëns verleen. Beide staan egter in diens van sy narratief as konvensionele, messiaanse figuur. Nóg die immanensie van wording as ontologiese gegewe, nóg ontvanklikheid vir ’n revolusionêre toekoms gebaseer op pluralisme en die destabilisering van normatiwiteit, word getematiseer. Max se offerdaad kondoneer juis die neoliberale normatiwiteit van Elysium, wat klaarblyklik die één en enigste opsie sou wees (kyk bv. Frame 2019:390). Utopie is gerieflikheidshalwe *reeds* gekodeer, hetsy as werklikheid vir sommige of bereikbare ideaal vir die res, en indien die individu dit *tog* nie kan bereik nie, sal dit noodwendig deur middel van messiaanse tussengangers verwesenlik kan word.

Ook die *utopiese* skyn geen rol te speel nie, juis aangesien die programmatiese vorm van Elysium as konkrete *utopie* teen die einde van die film ’n werklikheid vir almal blyk te word. Tog stempel hierdie “gelukkige einde” *Elysium* myns insiens as die mees pessimistiese film van Blomkamp se trilogie. Sekere vrae bly onbeantwoord: wat word van die oorbevolking, wat word van arbeid en werkloosheid, wat word van sosiopolitieke praktyke gebaseer op duidelik waarneembare klasseverskille, ensovoorts? Geen van hierdie probleme word opgelos nie en bloot die illusie geskep dat die oopmaak van grense ook die einde van alle ellende sal beteken. *Elysium* verteenwoordig die distillering van wêreldse kompleksiteit tot ’n maklike en gemaklike allegorie, wat verder as gevolg van die konvensies van die protagonis se messiaanse narratief geen daadwerklike konfrontering met die sosiopolitieke *status quo* insluit nie. As Messias is Max se rol teen die einde uitgespeel: al die kaarte is op die tafel geplaas, die deure van die kunsmatige en brose utopie is geopen, maar die vrae rondom die *volhoubaarheid* daarvan bly onbeantwoord (kyk bv. Muñoz 2018:121-122). Dit herinner aan die einde van Brecht se *Der gute Mensch von Sezuan*: “Wir stehen selbst enttäuscht und sehn betroffen/Den Vorhang zu und alle Fragen offen”. Die *utopie* van *Elysium* blyk weens die afwesigheid van enige vorm van die *utopiese*, reeds die saad van distopie te dra.

### 5.3 *Chappie*

*Chappie* herhaal heelwat van *District 9* en *Elysium* se verhaalelemente: soos eersgenoemde speel dit in ’n distopiese Johannesburg af, waar wet en orde grootliks deur ’n gekontrakteerde wapenkonglomeraat, Tetravaal, gehandhaaf word. Tetravaal is die verskaffer van gewapende robotte, wat die (grootliks afwesige) menslike polisiemagte uit die kriminele gevaarsones hou.[49] Tog is misdaadsyfers in die krotbuurte hemelhoog, wat die wetenskaplikes van Tetravaal noop om die informasietegnologie van die sogenaamde “scouts” verder te ontwikkel. Deon, één van hierdie programmeerders en ook die vader van die “scout”-program, doen navorsing om selfbewussyn by die einste robotte te skep. Hy slaag daarin, maar word nie toegelaat om

[49] Soos in *District 9* skyn staatsinstellings grootliks afwesig te wees – polisie-aanwesigheid skyn slegs via Tetravaal se mandaat moontlik te wees.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a4

sy informasietegnologie-program op afgeskryfde robot-hardeware te installeer nie. Tog doen hy dit in die geheim, deur 'n robot onregmatig van Tetravaal se perseel te verwyder en sy program as eksperiment te installeer. Die film volg dan hoe Chappie (die prototipiese selfbewuste robot) ontwikkel deur sy wêreld soos 'n kind te leer ken. Chappie word egter by beroepskriminele groot, aangesien Deon, as deel van die beplanning van 'n gewapende roof, slagoffer van 'n ontvoering word. Twee van hierdie kriminele, Ninja en Yolandi,[50] speel 'n vormende rol in Chappie se "opvoeding", met 'n spesiale band wat veral tussen Chappie en Yolandi ontwikkel. Chappie besef dat sy lewensduur weens beperkte batterylewe kortstondig is, en ontwikkel 'n program om (sy) bewussyn van een robot na 'n ander oor te dra. Weens 'n gewelddadige konflik tussen Deon en een van sy mededingers by Tetravaal, asook een van Ninja en Yolandi se mededingers, word Yolandi gedood en Deon dodelik gewond. Chappie kry dit egter reg om Deon se bewussyn elektronies te kodeer en dit vanuit *sy* biologiese liggaam na 'n robotliggaam te stuur, asook sy eie IT-gegenereerde bewussyn na die hardeware van 'n ander robot oor te dra, voordat sy batterylewe verstryk. In die slottonele van die film ontdek Ninja 'n geheuestokkie met Yolandi se bewussyn, wat vroeër deur Chappie gekodeer is. Ook haar bewussyn word voorts na 'n robot oorgedra, waardeur beide Deon en Yolandi as posthumanistiese mensmasjiene ("cyborgs") geherdefinieer kan word.

Die oorbekende konvensie van "mind uploading", ofte wel die oordrag van menslike bewussyn na 'n masjien, is duidelik die wetenskapsfiksie-novum van *Chappie*. Dit is 'n konvensie wat nie net dikwels in wetenskapsfiksie ondersoek word nie, maar ook 'n verdere ontwikkeling is van Blomkamp se tematisering van hibriede tegnologie in beide *District 9* en *Elysium*.[51] Die ooglopend distopiese aspekte van die film staan nie soos by beide bogenoemde films op die voorgrond nie, hoewel die omstandighede van die kriminele onderwêreld van Johannesburg tog op die keersy van 'n wêreld beskerm deur geïnstrumentaliseerde IT-tegnologie dui. Die distopiese simptome skyn dermate ingewortel en ingeburger te wees, dat selfs die oorsake daarvan nie meer in *Chappie* uitgespel word nie. Al wat sigbaar is, is die kontras tussen die onderskeie leefwêrelde, met tegnologie as wisselvallige buffer tussen Johannesburg se "Morlocks" en "Elois", om die antagoniste van HG Wells se klassieke wetenskapsfiksienovelle, *The Time Machine* (1895), in herinnering te roep. Die geïnstrumentaliseerde tegnologiese onwikkelinge staan egter ook in diens van kapitaal, soos in die film deur Tetravaal verteenwoordig,

*Chappie* blyk die enigste van die drie films te wees waar wording in die Deleuziaanse sin van die woord as immanent vergestalt word: selfs al is beide Deon en Yolandi konvensionele (en betreklike stereotipiese) karakters binne die filmnarratief, verteenwoordig die transponering van hul bewussyn vanaf biologiese liggaam na masjinale hardeware 'n "event", waarvan die implikasies legio is. Soos wat hulle in mensmasjiene transformeer, so transformeer Chappie in masjienmens – beide wordingsprosesse omgekeerd eweredig aan mekaar, om in beide gevalle 'n hibridiese bewussyn te laat ontvou. Maar die resultaat is dieselfde: hulle wording is 'n immanente proses anderkant die instrumentalisering van (informasie-)tegnologie in diens

50 Ninja en Yolandi word deur die gelyknamige lede van die rap-rave musiekgroep, Die Antwoord, vertolk. Die keuse hiervoor is waarskynlik terug te voer na die "zef" aanslag van die groep, wat geredelik maklik met 'n distopiese estetika in verband gebring kan word. Tog is Die Antwoord se zef benadering natuurlik ook 'n gekommersialiseerde kommoditeit, wat enige distopiese allure tot blote skyn laat vervaag.

51 In *District 9* maak Wikus nie net van wapentuig gebruik wat aan 'n eksoskelet herinner nie, maar is die ruimtewese-wapentuig ook met ruimtewese-DNA geënkodeer. In *Elysium* is dit Max se eksoskelet wat hom die fisiese vermoëns verleen om sy messiaanse rol te speel.

van kapitaal. Hierdie anderswording is nie noodwendig goed of sleg nie – dit bring ewe veel moontlikhede as wat dit probleme mag skep en vrae rondom moreel-etiese kwessies laat ontstaan. Maar hoe ook al veronderstel dit 'n pluralisme aan opsies, wat telkens weer verdere (anders)wordinge impliseer. Die einde van *Chappie* tematiseer trouens 'n deterritorialisering onderweg na 'n eerste herterritorialisering. Soos wat DeLanda (s.d.) dit stel:

> Because of their anthropocentrism, constructivist philosophies remain prisoners of what Foucault called 'the episteme of man', while Deleuze plunges ahead into a post-humanist future, in which the world has been enriched by a multiplicity of non-human agencies, of which metallic catalysts, and their acts of recognition and intervention, are only one example.

Utopie as programmatiese en geëksternaliseerde ideaal is afwesig in *Chappie*, en so ook enige pretensies tot die konkrete verwesenliking van so 'n ideaal, welke vorm dit ook al mag aanneem. Die *distopiese* werklikhede vervaag met die hibridiese vluglyne wat spontaan tot wording kom en enige *anti-utopiese* besware word irrelevant met die voorlopigheid en vloeibaarheid van alle en enige toekomstige veranderinge. *Chappie* onderskryf geen *utopie* nie, maar weliswaar die *utopiese* as wording. Yolandi, die mensmasjien, se oopmaak van haar oë in die slottoneel, is 'n blik gerig op die kyker in 'n appèl om nie met utopieë te volstaan nie, maar eerder die utopiese na te jaag.

## 6. SLOT

*District 9*, *Elysium* en *Chappie* vorm 'n filmtrilogie wat ten spyte van utopiese elemente en aspekte, die onderskeie utopieë eerder distopies impliseer, as om dit direk visueel te vergestalt. In soverre sluit die films grootliks aan by 'n baie lang tradisie van hoofstroom distopiese films, wat op hul beurt weer telkens konvensies van ander genres inkorporeer, ten einde 'n boeiende storielyn daar te stel. Die films is dus nie nuut nie, bloot uit 'n Suid-Afrikaanse konteks gesien tog verfrissend in die erkenbare kontekste waarbinne dit afspeel (in die geval van *District 9* en *Chappie*). Verder wen die trilogie aan betekenis, wanneer utopie of die utopiese met Deleuze en Guattari se konseptualisering van wording in verband gebring word en dít voorts as oriënterende riglyn gebruik word om die onderskeie films te takseer. Die trilogie stel hiervolgens 'n spektrum daar waarop die relasie van utopie-wording telkens anders gekarteer kan word.

Blomkamp se wetenskapsfiksie-trilogie kan dus met gemak as verskillende perspektiewe op die verbandlegging tussen (anders)wording en (die) utopie(se) gesien word. *District 9* is die futiele eksternalisering van 'n programmatiese *utopie* gerig op 'n restourasie van die verlede, waar die anderswordinge in die film óf geherterritorialiseer word, óf apart staan van enige begrip van utopie. *Elysium* verteenwoordig die futiele verwesenliking van 'n programmatiese *utopie* reeds verdoem tot distopie, waar die anderswordinge, sover as wat dit werklik verandering impliseer, in diens staan van 'n gekondoneerde, vasgestelde idee van die idilliese. Laastens stel *Chappie* die verbeelding van die *utopiese* daar, nou vervleg met die deterritorialiserende anderswording van die karakters. Deleuze en Guattari se konseptualisering van die utopiese as wording, skyn 'n manier te wees om aan die gevare van programmatiese en dus geëssensialiseerde utopiese idees te ontsnap. In hulle denke is wording trouens 'n ontologiese gegewe, waar enige stasis, hetsy in terme van denke, sosiale strukture of identiteit, teennatuurlik van aard is. Utopie as program is hiervolgens problematies, die utopiese as wens daarenteen nie net 'n wens nie, maar iets wat bewustelik gevier moet word. Veral in 'n tydperk van laat-kapitalisme, skyn die utopiese 'n wyse te wees om aan die eksponensieel toenemende

herterritorialiserings van die daaglikse bestaan te ontglip. Die *utopiese* is nie ’n argeologie van die toekoms nie, dit is die toekoms self.

## BIBLIOGRAFIE


Akpome, Aghogho. 2017. “Zones of indistinction” and visions of postreconciliation South Africa in *District 9*. *Safundi,* 18(1):85-97.

Atkinson, Paul. 2007. The Visualisation of Utopia in Recent Science Fiction Film. *Colloquy,* 14:5-20. [Aanlyn] https://arts.monash.edu/_data/assets/pdf_file/0009/1761588/atkinson.pdf [Toegang op 7 September 2020].

Bankston, Samantha. 2017. *Deleuze and Becoming*. London, Oxford, New York, New Delhi & Sydney: Bloomsbury.

Bell, David Martin. 2013. Towards a nomadic utopianism: Gilles Deleuze and the good place that is no place. PhD thesis. Nottingham: University of Nottingham.

Bogue, Ronald. 2010. *Deleuzian Fabulation and the Scars of History*. Edinburgh: Edinburgh University Press.

Bogue, Ronald. 2011. Deleuze and Guattari and the Future of Politics: Science Fiction, Protocols and the People to Come. *Deleuze Studies,* 5:77-97.

Bunn, S. 2019. Delineating the Missing Film Genre: Eutopia. *Open Library of Humanities,* 5(1)-46:1-30.

Chandran, Nyshka. 2020. Why do we find comfort in terrifying stories? *BBC Culture*. [Aanlyn] https://www.bbc.com/culture/article/20200508-why-depressing-dystopia-stories-are-popular-during-covid-19 [Toegang op 7 September 2020].

Chitwood, Adam. 2016. ‘Arrival’ Cinematographer Bradford Young on Making “Dirty Sci-Fi” and the Young Han Solo Movie. *Collider*. [Aanlyn] https://collider.com/bradford-young-arrival-han-solo-movie-interview/ [Toegang op 7 September 2020].

Christopher, David. 2013. The Allegory of Apartheid and the Concealment of Race Relations in *District 9*. *Online International Journal of Arts and Humanities,* 2(2):40-46.

Claeys, Gregory and Sargent, Lyman Tower (eds). 1999. *The Utopia Reader*. New York & London: New York University Press.

Clover, Joshua. 2009. Allegory Bomb. *Film Quarterly,* 63(2):8-9.

Conway, Daniel. 2017. Framing a new reality: documenting genocide in *District 9*. *International Journal of Philosophy and Theology,* 78(4-5):444-455.

Cruz, Ronald Allan Lopez. 2012. Mutations and Metamorphoses: Body Horror is Biological Horror. *Journal of Popular Film and Television*, December:160-168.

DeLanda, Manuel. s.d. //.Dialogues./. deleuze and the open-ended becoming of the world. [Aanlyn] https://www.cddc.vt.edu/host/delanda/pages/becoming.htm [Toegang op 31 Maart 2020].

Deleuze, Gilles. 1995. *Negotiations: 1972–1990*. New York: Columbia University Press.

Deleuze, Gilles. 1998. Literature and Life. In Deleuze, Gilles. 1998. *Essays Critical and Clinical*. London and New York: Verso, pp. 1-6.

Deleuze, Gilles & Guattari, Félix. 1991. *What is Philosophy?* New York: Columbia University Press.

Deleuze, Gilles & Guattari, Félix. 2004. *Anti-Oedipus*. London & New York: Continuum.

Deleuze, Gilles & Guattari, Félix. 2013. *A Thousand Plateaus*. London, New Delhi, New York & Sydney: Bloomsbury.

Fitting, Peter. 1993. What is Utopian Film? An Introductory Taxonomy. *Utopian Studies,* 4(2):1-17.

Frame, Gregory. 2019. The odds are never in your favor: the form and function of American cinema’s neoliberal dystopias. *New Review of Film and Television Studies,* 17(3):379-397.

Frassinelli, Pier Paolo. 2015. Heading south: theory, *Viva Riva!* and *District 9*. *Critical Arts,* 29(3):293-309.

Freedman, Carl. 2000. *Critical Theory and Science Fiction*. Middletown: Wesleyan University Press.

Gaydon, Kimberly Frohreich. 2013. On *District 9* – the Alien as Racial Other. *Anglo-amerikanische Studien,* 44:101-116.

Giesen, Bernhard. 2010. *Zwischenlagen: Das Außerordentliche als Grund der sozialen Wirklichkeit*. Weilerswist: Velbrück Wissenschaft.

Gomel, Elana. 2018. Recycled Dystopias: Cyberpunk and the End of History. Arts 7, 31. [Aanlyn] https://pdfs.semanticscholar.org/4bc4/adfee2191ff979768df27dfd57590df24589.pdf [Toegang op 7 September].

Graham, Lucy Valerie. 2010. Amakwerekwere and Other Aliens: *District 9* and Hospitality. In Moses, Michael Valdez; Graham, Lucy Valerie; Marx, John; Gaylard, Gerald; Goodman, Ralph; Helgesson, Stefan. *District 9*: A Roundtable, *Safundi: The Journal of South African and American Studies,* 11(1-2):155-175.

Hairston, Andrea. 2011. Different and Equal Together: SF Satire in "District 9". *Journal of the Fantastic in the Arts,* 22.3(83):326-346.

Holland, Eugene W. 2006. The Utopian Dimension of Thought in Deleuze & Guattari. *Arena Journal,* 25/26:217-242. [Aanlyn] https://www.academia.edu/26634969/The_Utopian_Dimension_of_Thought_in_Deleuze_and_Guattari [Toegang op 31 Maart].

Jameson, Fredric. 1990. Cognitive Mapping. In Nelson, C. & Grossberg, L. (eds). *Marxism and the Interpretation of Culture*. Champaign: University of Illinois Press, pp. 347-60. [Aanlyn] http://www.rainer-rilling.de/gs-villa07-Dateien/JamesonF86a_CognitiveMapping.pdf [Toegang op 31 Maart 2020].

Jameson, Fredric. 2007. *Archaeologies of the Future: The Desire Called Utopia and Other Science Fictions*. London & New York: Verso.

Jansen van Veuren, Mocke. 2012. Tooth and nail: anxious bodies in Neill Blomkamp's *District 9*. *Critical Arts,* 26(4):570-586.

Kriel, Johanet. 2015. The image as trans-form and transformation: Exploring 'the symptom' of aberrant images in *District 9* (Neill Blomkamp, 2009). *de arte,* 50(92):19-33.

Lane, David. 2008. The Worldly and the Otherworldly: On the "Utopianism" of Deleuze's Thought. *Philament Habits and Habitat,* June:86-106.

Latour, Bruno. 2020. What protective measures can you think of so we don't go back to the pre-crisis production model? [Aanlyn] http://www.bruno-latour.fr/sites/default/files/downloads/P-202-AOC-ENGLISH_1.pdf [Toegang op 7 September].

Levitas, Ruth. *Utopia as Method. The Imaginary Reconstitution of Society*. Basingstoke: Palgrave Macmillan.

Lundy, Craig. 2012. *History and Becoming: Deleuze's Philosophy of Creativity*. Edinburgh: Edinburgh University Press.

Maurer, Yael. 2019. Neill Blomkamp's *Elysium* and SF Allegories of Contemporary Society. *Science Fiction Research Association Review,* 330:12-16.

Michael-Matsas, Savvas. 2016. A Utopia of Immanence: Revolution in Deleuze and Guattari. *Deleuze Studies,* 10(3):289-300.

Milner, Andrew. 2009. *Archaeologies of the Future*: Jameson's Utopia or Orwell's Dystopia? *Historical Materialism,* 17:101-119.

Moses, Michael Valdez. 2010. The Strange Ride of Wikus van de Merwe. In Moses, Michael Valdez; Graham, Lucy Valerie; Marx, John; Gaylard, Gerald; Goodman, Ralph; Helgesson, Stefan. *District 9*: A Roundtable. *Safundi: The Journal of South African and American Studies,* 11(1-2):155-175.

Moylan, Tom. 2000. *Scraps of the Untainted Sky: Science Fiction, Utopia, Dystopia*. Boulder & Oxford: Westview Press.

Muñoz, Pablo Gómez. 2018. Dystopias Go Global: The Transnational Reorganization of Territories and Societies in *Elysium*. *Elope,* 15(1):111-125.

Nel, Adéle. 2012. The repugnant appeal of the abject: cityscape and cinematic corporality in *District 9*. *Critical Arts,* 26(4):547-569.

Parr, Adrian. 2008. *Deleuze and Memorial Culture Desire, Singular Memory and the Politics of Trauma*. Edinburgh: Edinburgh University Press.

Pavsek, Christopher. 2013. *The Utopia of Film: Cinema and Its Futures in Godard, Kluge, and Tahimik*. New York: Columbia University Press.

Powell, Anna. 2005. *Deleuze and Horror Film*. Edinburgh: Edinburgh University Press.

Ringer, Christophe D. 2016. Afrofuturism and the DNA of Biopolitics in the Black Public Sphere. *Black Theology,* 14(1):53-68.

Ruppert, Peter. 1996. Tracing Utopia: Film, Spectatorship and Desire. *Utopian Studies,* 7(2):139-152.

Schölderle, Thomas. 2011. *Utopia und Utopie: Thomas Morus, die Geschichte der Utopie und die Kontroverse um ihren Begriff*. Baden-Baden: Nomos.

Shelton, Robert. 1993. The Utopian Film Genre: Putting Shadows on the Silver Screen. *Utopian Studies,* 4(2):18-25.

Smith, Eric D. 2012. *Globalization, Utopia, and Postcolonial Science Fiction: New Maps of Hope*. Basingstoke: Palgrave Macmillan.

Society for Utopian Studies. s.d. About. [Aanlyn] https://utopian-studies.org/ [Toegang op 7 September 2020].

Spiegel, Simon. 2017. Some thoughts on the utopian film. *Science Fiction Film and Television,* 10(1):53-79. [Aanlyn] https://www.zora.uzh.ch/id/eprint/142262/1/Spiegel.S2017Some_Thoughts_on_the_Utopian_Filma.pdf [Toegang op 7 September 2020].

Stagoll, Cliff. 2010. Becoming. In Parr, Adrian (ed.). 2010. *The Deleuze Dictionary, Revised Edition*. Edinburgh: Edinburgh University Press, pp. 25-27.

Stobie, Cheryl. 2012. Dirty alien shadow-selves: Delving into the dirt in *District 9*. *Image & Text*:128-145. [Aanlyn] https://www.researchgate.net/publication/332875900_Dirty_Alien_Shadow-selves_Delving_into_the_Dirt_in_District_9 [Toegang op 31 Maart 2020].

Suvin, Darko. 1979. *Metamorphoses of Science Fiction: On the Poetics and History of a Literary Genre*. New Haven & London: Yale University Press.

Suvin, Darko. 1988. *Positions and Presuppositions in Science Fiction*. Houndmills, Basingstoke, Hampshire & London: The Macmillan Press.

Suvin, Darko. 2010. *Defined By A Hollow: Essays on Utopia, Science Fiction and Political Epistemology*. Oxford, Bern, Berlin, Bruxelles, Frankfurt am Main, New York & Wien: Peter Lang.

Trinder, Stephen. 2019. Capitalism with a Human Face: Neoliberal Ideology in Neill Blomkamp's *District 9*. *Film-Philosophy,* 23(1):1-16.

Van den Berg, Cilliers. 2016. Normalisierung der Vergangenheit? *Er ist wieder da* von Timur Vermes als kontrafaktische Geschichte. *Acta Germanica.* 44:248-263.

Van den Berg, Cilliers. 2018a. Die belyning van 'n kwartet-konfigurasie: Opmerkings oor mineur- en majeurletterkundes. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 58(4-2):955-975.

Van den Berg, Cilliers. 2018b. Die Lacaniaanse Reële en grufilms: Die kommodifisering van die Reële? Enkele opmerkings oor die "martelporno"-genre. *LitNet Akademies*, 15(1):69-99.

Van den Berg, Cilliers. 2018c. Die Lacaniaanse Reële en grufilms: Jennifer Kent se *The Babadook* (2014). *LitNet Akademies,* 15(1):30-68.

Van den Berg, Cilliers. 2019. "Störung" und "Zwischenlage": Erinnerungskultur in Elfriede Jelineks *Die Kinder der Toten* (1995). *Acta Germanica,* 47:55-69.

Veracini, Lorenzo. 2011. *District 9* and *Avatar*: Science Fiction and Settler Colonialism. *Journal of Intercultural Studies,* 32(4):355-367.

Wagner, Keith B. 2015. *District 9*, race and neoliberalism in post-apartheid Johannesburg. *Race & Class,* 57(2):43-59.

Wiggins, Kyle A. 2007. Futures of Negation: Jameson's *Archaeologies of the Future and Utopian Science Fiction*. *Postmodern Culture,* 17(3). [Aanlyn] https://muse.jhu.edu/article/230406 [Toegang op 31 Maart 2020].

# Die kwesbaarheid van kinders in die konteks van Suid-Afrikaanse huishoudings en families

***The vulnerability of children in the context of South African households and families***

**Jan Grobbelaar**
Departement Praktiese en Missionale Teologie
Fakulteit Teologie en Religie
Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein, Suid-Afrika
E-pos: jgrobbelaar@petracol.org.za

**Chris Jones**
Eenheid vir Morele Leierskap
Universiteit Stellenbosch
Stellenbosch, Suid-Afrika
E-pos: chrisjones@sun.ac.za



Jan Grobbelaar



Chris Jones

| | |
|---|---|
| **Jan Grobbelaar** was vir 13 jaar ’n gemeentepredikant in twee gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. In 1996 het hy as personeellid by die Petra Instituut vir Kinderbediening aangesluit, waar hy steeds werksaam is as Mentor vir Navorsing en Akademiese Ontwikkeling. Hy is ’n navorsingsgenoot van die Departement Praktiese en Missionale Teologie aan die Fakulteit Teologie en Religie, Universiteit van die Vrystaat. Sy navorsing fokus op die interseksie tussen Teologie en kinders, asook op intergenerasionele geloofsvorming. Hy het reeds verskeie boeke, hoofstukke in boeke, en akademiese artikels hieroor gepubliseer. | **Jan Grobbelaar** was for 13 years a church minister in two congregations of the Dutch Reformed Church. In 1996 he joined Petra Institute for Children’s Ministry where he is currently the Mentor for Research and Academic Development. He is a research fellow of the Department of Practical and Missional Theology, Faculty of Theology and Religion, University of the Free State. His research focus is on the intersection between Theology and children/childhood, as well as intergenerational faith formation. In this regard, he has published a variety of books, chapters in books and articles in academic journals. |
| **Chris Jones** was vir byna 20 jaar ’n gemeentepredikant in Ceres voordat hy en sy gesin aan die begin van 2008 Stellenbosch toe verhuis het om die Eenheid vir Morele Leierskap aan die Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch, op die been te bring. Hy staan tans aan die hoof van hierdie Eenheid en is ook ’n navorsingsgenoot binne die Dissiplinegroep Sistematiese Teologie en Ekklesiologie. Hy is die skrywer van ’n verskeidenheid boeke, hoofstukke in boeke en artikels. Hy is betrokke by verskeie gemeenskapsontwikkelingsprojekte. | **Chris Jones** was a church minister in Ceres for close to 20 years before moving to Stellenbosch with his family at the beginning of 2008 to establish the Unit for Moral Leadership at the Faculty of Theology, Stellenbosch University. He currently heads this Unit and is also a research fellow within the discipline group Systematic Theology and Ecclesiology. He is the author of a variety of books, chapters in books and articles. He is involved in various community development projects. |

**Datums:**
Ontvang: 2020-06-15 Goedgekeur: 2020-10-26 Gepubliseer: Desember 2020

**ABSTRACT**

***The vulnerability of children in the context of South African households and families***

*In this article, we discuss the vulnerability of many children living in South Africa, with the aim of promoting critical insight into the daily living conditions of so many vulnerable children in South Africa. The article begins by briefly referring to the social and political contexts that threaten the lives of children. It then focuses more specifically on households and family structures and how we should think about these complex, intertwined and at times difficult to differentiate concepts. What is clear is that South Africa's children grow up in households with diverse family structures resulting in diverse living arrangements. Following is a brief discussion of present and absent parents, which shows that South Africa is unique in the extent to which parents, especially fathers, are absent in the daily activities of their children. This is partly the effect of the fact that in Africa the child bearer is not always also the child carer. It furthermore seems that the unique history and circumstances of the South African society, hugely influenced by the system of migrant labour, played a significant role in the fragmentation of families resulting in these different living arrangements. This situation, so it seems, did not change much in the post-apartheid era. Although the political system changed, its effects over many decades will probably be with us, influencing the living arrangements for children, for many years to come. The important role that the family plays in raising children is also highlighted. In the partial or total absence of parents, relatives play a significant role in the care of children of the extended family. In this regard many grandparents take on several responsibilities to complement the parental care their children provide for their grandchildren. In some cases, grandparents do not only complement the parental care, but more and more they are actually taking over the role and duties of the parents and become the primary caregivers of their grandchildren. The living arrangements of many households are also affected by the familiar trend of adolescents migrating within South Africa to gain access to new opportunities. Quite a number of them migrate independently. Although these movements can have positive results, adolescents can in the process also be exposed to certain vulnerabilities that may affect their lives negatively. In addition to this, many parents who migrate leave their children "behind" when they relocate. The spotlight also falls on orphaned children. The situation of all orphans is not the same and the quality of care they receive varies tremendously. The term "orphan" is also used to refer to children in different contexts. Although the number of orphans in South Africa is decreasing, orphanhood, in whichever form, still affects the wellbeing of a substantial number of children, which poses major challenges to the South African society. In the South African context, we also have to deal with households that consist of children only. In these households a minor is the head of the household fulfilling the role of a primary caregiver for all the other members of the household, being responsible for decision-making and the provision of all their basic physical, social and emotional needs. This concept indicates a new form of family structure, which differs considerably from the nuclear, two-generational family of the Western world, as well as the extended, multigenerational family of the African context. While not all the children in child-only-households are double orphans, the situation of all these children are still a cause for concern. They are prone to many challenges, even risks. Furthermore, the child-heads of these households also experience the ambivalence of fulfilling the roles of adults while they are still viewed and treated by the adult world as children. Part of this problem is that some young people experience hostile surveillance from adults. This surveillance is particularly gendered, with girls positioned as "whores" and boys as "thugs". Finally, the very important issue of housing and basic services comes to the fore, and the great inequality in our country, as reflected in the access or lack of basic services, is highlighted. A factor that plays a crucial role in the*



doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a5

*living arrangements of every household, and thus in the lives of children, is their access to adequate housing and basic services. It is one of the most basic needs of all people: To have an adequate place to live. The housing situation of children in South Africa showcases the racial inequalities that persist in our society. Housing can only be adequate if it is not overcrowded. Adequate housing also includes the effective delivery of basic services such as clean drinking water on-site and basic sanitation in all homes. The data provided illustrates that we still have a long way to go in providing adequate housing for children in South Africa. Indeed, many South African children experience inhospitable households which make them vulnerable in many ways. These circumstances may create in them feelings of abandonment and of not being welcome in this world.*

**KEYWORDS:** vulnerability, children, household, family, present and absent parents, grandparents, migration, orphans, child-only-households, housing, basic services

**TREFWOORDE:** kwesbaarheid, kinders, huishouding, gesin, familie, teenwoordige en afwesige ouers, grootouers, migrasie, weeskinders, huishoudings wat slegs uit kinders bestaan, behuising, basiese dienste

**OPSOMMING**

In hierdie artikel bespreek ons die kwesbaarheid van baie kinders wat in Suid-Afrika woon, met die doel om noodsaaklike insae in die daaglikse lewensomstandighede van soveel kwesbare kinders van Suid-Afrika te bevorder. Die artikel begin deur kortliks te verwys na die sosiale en politieke kontekste wat die lewens van kinders bedreig. Dit fokus dan meer spesifiek op huishoudings en familiestrukture en hoe ons oor hierdie ingewikkelde, vervlegde en moeilik onderskeibare konsepte behoort te dink. Hierna volg 'n kort bespreking van teenwoordige en afwesige ouers, wat uitwys dat Suid-Afrika uniek is in die mate waarin ouers, veral vaders, afwesig is in die daaglikse doen en late van hul kinders. Ook kom grootouers wat in die afwesigheid van ouers na hul kleinkinders omsien, aan die beurt, en die belangrike rol wat die uitgebreide familie in die grootmaak van kinders speel, word uitgewys. Dan word stilgestaan by migrasie, veral deur adolessente, met die oog daarop om toegang tot nuwe geleenthede te kry. Uiteraard gaan daar bedreiginge hiermee saam. Hierna val die soeklig op weeskinders, asook op huishoudings wat net uit kinders bestaan en waar 'n minderjarige gevolglik as die hoof van so 'n huishouding moet funksioneer. Laastens kom die baie belangrike kwessie van behuising en basiese dienste aan die beurt, en word die groot ongelykheid in ons land soos weerspieël in die toegang of gebrek aan basiese dienste, aangetoon.

## 1. INLEIDING: DIE BEGRIP KWESBAARHEID

Die lewens van talle kinders in Suid-Afrika word op baie maniere bedreig. Hierdie situasie(s) word met verskillende begrippe verwoord. Een van die begrippe wat dikwels gebruik word, is "kwesbaarheid". Dit is 'n begrip wat nie net met betrekking tot kinders gebruik word nie, maar ook in verband met ander groepe mense (vgl. Brown 2015; Koopman 2013). Brown, Ecclestone en Emmel (2017:2) spreek selfs die mening uit dat kwesbaarheid in ons tyd 'n "buzzword" geword het. Dermate dat ons tyd beskryf kan word as "a vulnerability zeitgeist or 'spirit of the time'" (Brown *et al*. 2017; vgl. Brown 2014).

Kwesbaarheid is 'n begrip wat in verskeie akademiese dissiplines gebruik word. Hierdie wye gebruik veroorsaak dat dit nie so maklik is om te bepaal presies wat dit beteken nie. Dit is 'n komplekse begrip met vele kante. Die gevolg is dat kwesbaarheid nie 'n konstante


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a5

betekenis het nie (Herring 2018:12) en dat verskeie definisies met betrekking tot hierdie konsep bestaan (vgl. Brown 2015:48).

Breedweg gestel, bestaan daar twee teoretiese benaderings tot kwesbaarheid (vgl. Formosa 2014; Levine *et al*. 2004:46; Wallbank & Herring 2014:14). Die eerste benadering bring kwesbaarheid in verband met die Latynse woord "vulnerare", wat volgens Reynolds (2008:135; vgl. Mackenzie, Rogers & Dodds 2014:4) beteken "to injure or harm. Human beings are open to be wounded. We suffer." Die implikasie is dat kwesbaarheid 'n ontologiese begrip is wat inherent aan die menslike bestaan is en dus universeel voorkom (Butler 2004:31; Fineman 2011:161; Käll 2016; Nifosi-Sutton 2017:4). Hierdie benadering staan dan ook bekend as universele kwesbaarheid of die "vulnerability thesis" (Brown *et al*. 2017:12).

Die tweede benadering koppel kwesbaarheid aan 'n spesifieke situasie of faktore in mense se lewensomstandighede wat die welsyn van hulle lewens bedreig. Die begrip "situasiekwesbaarheid" word dikwels in dié verband gebruik. Die implikasie is dat daar 'n situasie of faktore buite jouself bestaan wat jou lewe bedreig en waarteen jy beskerming benodig.

Kinders is blootgestel aan beide bogenoemde vorme van kwesbaarheid. In hierdie artikel is die fokus meer op die tweede benadering, alhoewel dit soms vervleg is met die eerste. Die vraag is dan presies waaruit hierdie situasie van kwesbaarheid vir kinders in Suid-Afrika bestaan.

## 2. KINDERS EN KWESBAARHEID IN SUID-AFRIKA

Die sistematiese teoloog, Dirkie Smit (2016:3-4), identifiseer drie sosiale en politieke kontekste of situasies in Suid-Afrika waar kinders kwesbaarheid ervaar. In hierdie kontekste ervaar hulle dikwels dat hulle nie welkom is en verwelkom word nie. Die eerste hiervan is ongasvrye huishoudings wat die gevoel van verwaarlosing kan skep. Die tweede is riskante en selfs gevaarlike gemeenskappe, en die derde het te make met gewelddadige samelewings. Al drie hierdie kontekste kan die lewe van kinders bedreig. Wanneer kinders grootword in sulke omgewings waarbinne hulle kwesbaar is, ervaar hulle nie net swaarkry en lyding nie, maar word hulle ook beroof van een van die mees fundamentele vereistes om tot 'n volwasse, florerende mens te ontwikkel: die vermoë om te vertrou (2016:1-41).

Alhoewel al drie hierdie kontekste nie hier bespreek kan word nie, gaan ons in die ontleding wat volg, aansluit by die eerste konteks waarna Smit verwys, naamlik dié van huishoudings en familiestrukture in Suid-Afrika. Dit is soms hier waar kinders die ergste seerkry. Daarom wil hierdie artikel die komplekse aard van die huishoudings en/of familiestrukture waarbinne kinders in Suid-Afrika grootword, beskryf, om sodoende meer insig in hulle lewensrealiteite van elke dag te bevorder.

Die ontleding wat volg, is gebaseer op beskikbare statistiese data. Ongelukkig gebruik verskillende verslae verskillende ouderdomskategorieë. Verslae dek ook dikwels verskillende tydsraamwerke. Children Count en die South African Child Gauge 2019, projekte van die Kinderinstituut aan die Universiteit van Kaapstad, definieer kinders as mense tussen die ouderdom 0-17 jaar (Hall 2019a:n.p.). Statistiek Suid Afrika (vgl. Stats SA 2019:10) se data word ingedeel in verskillende ouderdomskategorieë, naamlik 0-4, 5-9, 10-14 en 15-19. Soms is data net vir tieners of adolessente beskikbaar en nie vir jonger kinders nie. Dit is dus moeilik om verskillende statistiese bronne met mekaar te vergelyk. Daarom is besluit om in hierdie artikel hoofsaaklik gebruik te maak van data gepubliseer deur die Kinderinstituut aan die Universiteit van Kaapstad. Waar nodig, word dit aangevul met data verkry uit bronne gepubliseer deur Statistiek Suid Afrika.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a5

## 3. KONSEPTE

Beide die konsepte “huishouding” en “familiestruktuur“ is ingewikkeld, verweef met mekaar en soms moeilik om van mekaar te onderskei. Hall (2017:27) is van mening dat as mens hierdie twee terme van mekaar sou probeer onderskei, “huishouding” breedweg as verwysing na reëlings met betrekking tot saamwoon beskou kan word, terwyl “familie” na sosiale groepe wat te make het met verwantskap, huwelik, aanneming of ander vorme van naaste verwantskap wat oor tyd en afstand kan bestaan, verwys. Albei begrippe is dinamies van aard en daar sal altyd ’n mate van konseptuele oorvleueling wees want beide kan grade van verwantskap, vorme van emosionele gehegtheid en verhoudings van afhanklikheid en wederkerigheid bevat (Hall 2017:27).

Daarom is dit moeilik om hierdie begrippe in die bespreking wat volg, te onderskei. Wat duidelik is, is dat die kinders van Suid-Afrika grootword in huishoudings met uiteenlopende familiestrukture wat lei tot verskillende maniere waarop hulle lewens en verhoudings tot mekaar, wat ook hulle verblyfsomstandighede insluit, gereël en georganiseer word.

## 4. VERSKILLENDE SOORTE FAMILIES[1] EN HUL UITEENLOPENDE OMSTANDIGHEDE

### 4.1 Teenwoordige en afwesige ouers

Huishoudings in Suid-Afrika is meer komplekse formasies as die tipiese huishouding wat in ontwikkelde lande voorkom (Posel 2010:131). In Suid-Afrika is die norm nie die kerngesin nie. Slegs 34,5% van alle huishoudings voldoen aan die “kernnorm” van kinders en twee ouers wat saamwoon. Baie ander kinders woon nie meer by hul ouers nie, en ongeveer ’n vyfde van huishoudings bestaan uit drie generasies of meer (vgl. Budlender & Lund 2011:926-928; vgl. Russell 2003). Dit is deels die gevolg daarvan dat die persoon wat die kind dra (baar), in Afrika nie noodwendig ook die kinderversorger is nie (vgl. Page 1989:402). In ooreenstemming met die Afrika-wêreldbeskouing van *Ubuntu* en die uitdrukking “it takes a village to raise a child”, het ander familielede veel meer gedeelde verantwoordelikhede of sogenaamde “kinwork” rakende kindersorg om te doen as in die meer Westerse omgewing wat grootliks deur die kerngesin gekenmerk word. Hierdie situasie lei tot baie verskillende verblyfsomstandighede.

Die World Family Map, wat navorsing doen oor familielewe in 49 lande wat meer as 75% van die wêreldbevolking verteenwoordig (Institute for Family Studies 2017:25 & 2019:59), meen Suid-Afrika is ’n ekstreme geval as dit kom by hoe huishoudings en die familielewe ingerig word (2019:60). Dit kan toegeskryf word aan die feit dat Suid-Afrika uniek is wat betref die mate waarin ouers afwesig is in die daaglikse doen en late van (hul) kinders (Hall 2019b:217). Die gegewens wat deur die World Family Map gebruik word, toon dat tussen 53% en 92% van kinders in alle lande, met die uitsondering van Suid-Afrika, by twee ouers woon. In Suid-Afrika woon slegs 31% van die kinderbevolking by albei hul ouers (Institute for Family Studies 2019:60; Hatch & Posel 2018:268). Wat die res van die kinders betref, woon 36% by een ouer en 33% sonder ’n ouer (*ibid.*:61). In ’n internasionale beskrywende studie oor beskikbare gegewens rakende versorging, is bevind dat van die 77 lande wat bestudeer is, Suid-Afrika, Namibië en Swaziland die drie swakste presteerders was met die laagste persentasie van

1 Sien (ook) die “White Paper on Families in South Africa” (2013) vir verskillende soorte families/huishoudings asook die huidige sosio-ekonomiese omstandighede waarin baie Suid-Afrikaanse families hul bevind (pp. 16-30).

inwonende ouers (Martin & Zulaika 2016). Richter *et al*. (2012:2) bevestig dat Suid-Afrika een van die hoogste vlakke van vader-afwesigheid in die wêreld het. In hierdie verband verwys hulle na die bevinding van die General Household Survey 2010 deur Statistiek Suid-Afrika, naamlik dat slegs ongeveer 'n derde van voorskoolse kinders in Suid-Afrika by hul vaders woon. Hierdie situasie word deur latere navorsing bevestig. Volgens Statistiek Suid-Afrika se General Household Survey 2017 (n.p.) het meer as 60% van geboortes wat gedurende 2016 in Suid-Afrika geregistreer is, geen inligting oor die vader bevat nie. Dit beteken nie noodwendig dat al hierdie pa's afwesig is in die lewe van hul kinders nie, maar dui daarop dat die meeste kinders in Suid-Afrika sonder betrokkenheid van die vader grootword. Statistiek Suid-Afrika se General Household Survey 2018 (2018a:8) wys dat 43.1% kinders in Suid-Afrika net by hul ma bly. Werk deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (2017:n.p.) en die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge oor 'n periode van 5 jaar toon aan dat 60% kinders in Suid-Afrika grootword sonder werklike betrokkenheid van die vader, terwyl 40% vroue enkelouers is. Pali Lehohla (2018:n.p.), vorige Statistikus-generaal van Suid-Afrika, het tydens 'n anti-korrupsie konferensie te Stellenbosch gesê "98% of fathers [are] alive, but only 42% [are] part of the household". Hierteenoor is "99% of mothers alive and 98% are part of their households". (Lehohla het hierdie inligting uit Stats SA se General Household Survey, 2016, geneem).

Die verskillende verblyfsomstandighede van Suid-Afrikaanse huishoudings kom ook na vore in ander statistiese ontledings. Slegs 15% kinders van die armste 20% huishoudings woon by hul ouers (Hall 2019b:217), in vergelyking met die rykste 20% huishoudings waar die aantal kinders wat by albei ouers woon, 74% beloop (2019b:217). Verder, as ons na hierdie situasie kyk deur die rassekategorieë van die ou apartheidsera, woon slegs 29% swart kinders by albei hul ouers, in vergelyking met 85% Indiër en 78% wit kinders (2019b:217). Die moeilike situasie van swart kinders word ook beklemtoon deur die feit dat bykans 'n kwart van hulle nie saam met 'n moeder of 'n vader woon nie, en die meeste van hulle, naamlik 46%, by slegs hul ma's inwoon (2019b:217). Hatch en Posel (2018:271), dui ook aan dat "less than 8% of African children were reported as having a male primary caregiver, compared with between 8% and 14% of non-African children".

Alhoewel vaderlike afwesigheid voortspruit uit 'n lae en dalende huwelikskoers onder Swart mense en 'n hoë koers van buite-egtelike swangerskappe, met die gevolg dat kinders dan eerder by hul ma as by hul pa woon (Hatch & Posel 2018:269), blyk dit dat die unieke geskiedenis en omstandighede van die Suid-Afrikaanse samelewing, wat baie beïnvloed is deur die stelsel van trekarbeid, 'n beduidende rol gespeel het in die versplintering van families wat tot hierdie uiteenlopende reëlings met betrekking tot die inrigting van hulle lewens en verblyf gelei het. Hierdie versplintering en ontwrigting van die familielewe is een van die ingrypende nalatenskappe van Suid-Afrika se koloniale en apartheidsgeskiedenis (Hall en Posel 2018:1). Hall en Posel (*ibid.*) wys daarop dat die marginalisering van Swart mense tot "tuislande", waar daar min werksgeleenthede was, Swart mense gedwing het om na "wit" stedelike gebiede te trek om werk te kry, maar 'n aantal beperkings het gesinsmigrasie of permanente vestiging in daardie stedelike gebiede verhoed. Volgens hulle (*ibid.*) het hierdie trekarbeidstelsel tot gevolg gehad dat dit hoofsaaklik mans was wat in stedelike gebiede of op die myne gewerk het, terwyl die plattelandse "tuislande" plekke vir "surplus" mense wie se arbeidsbydraes nie nodig was nie, geword het. Hall en Posel (*ibid.*) wys daarop dat kinders 'n wesenlike deel van hierdie plattelandse "surplusbevolking" uitgemaak het.

Dit lyk asof hierdie situasie in die postapartheidsera nie veel verander het nie. In hierdie verband meld Hall (2017:1) dat

> [d]espite the removal of legal restrictions on permanent urban settlement and family co-residence for Africans, patterns of internal and oscillating labour migration have endured, dual or stretched households continue to link urban and rural nodes, children have remained less urbanised than adults and many grow up without coresident parents.

Hierdie situasie is egter nie vreemd nie. Die impak van die "state-orchestrated destruction of family life" (Budlender & Lund 2011:925) op die huishoudelike patrone van swart mense sal nie so vinnig verdwyn nie. Alhoewel die politieke stelsel in Suid-Afrika verander het, sal die gevolge daarvan waarskynlik nog oor baie dekades heen, met ons wees en die verblyfs-omstandighede van kinders beïnvloed. Selfs ten spyte van die feit dat apartheid wetlik uitgesterf het, ervaar ons steeds sommige van die oorblyfsels daarvan en beïnvloed dit nog altyd die lewensomstandighede van baie gesinne, wat ook weer die lewe van kinders beduidend affekteer (vgl. Bray *et al*. 2010).

Bogenoemde syfers dui aan dat baie biologiese vaders se teenwoordigheid in die huishoudings van hul kinders baie beperk of selfs heeltemal afwesig is (Hall 2019b:217). Alhoewel beskikbare gegewens toon dat mans in baie lande geredelik minder betrokke is by kinderopvoeding as vroue, is die situasie in Suid-Afrika buitengewoon (Budlender & Lund 2011:930). Hall (2017:10) dui aan dat meer as 30% kinders wie se vaders elders woon, nooit hul vader sien nie. Hierdie situasie dui daarop dat baie vaders nie net afwesig is wat die huishouding waarin hul kinders woon betref nie, maar ook volkome afwesig is wat hul kinders se ganse lewe betref. Hatch en Posel (2018:267) skryf dat die gebruik van nasionale mikro-data wys dat vroue in verskillende huishoudelike vorme die primêre versorgers van kinders is, selfs al is hulle nie die biologiese ma nie. Hulle (2018:267) verklaar:

> Women are also more likely to provide physical care than men are to provide financial support for children's schooling. However, this gender imbalance is far larger in the case of African children, the majority of whom do not live with their father. For most African children, both their physical and financial care is provided by women who are typically the child's biological mother, but also the child's grandmother or another female relative.

Uit bogenoemde blyk dit dat nie alle vaders daarin belangstel om vaders te wees nie. Om die waarheid te sê, die meeste Suid-Afrikaanse mans is dit nie, en baie van hulle wil nie betrokke wees by die alledaagse lewe van hul kinders nie (vgl. Morrell & Richter 2006:2). Hulle is nie net fisies afwesig nie, maar het ook nie enige emosionele betrokkenheid by hulle kinders nie, is soms selfs beledigend, en ondersteun ook nie hul kinders finansieel nie (Morrell *et al*. 2016:81). Tog blyk hierdie algemeen aanvaarde beskouing eensydig te wees, en word dit deur sommige studies bevraagteken (Clark *et al*. 2015; Morrell *et al*. 2016; Morrell & Richter 2006; Swartz & Bhana 2009). Ten spyte van volgehoue openbare stereotipes wat nie-inwonende pa's as onbetrokke wat gereeld hulle verantwoordelikhede ontduik, uitbeeld, toon onlangse navorsing dat heelwat mans nie by hierdie beeld inpas nie (Clark *et al*. 2015:576). Volgens hierdie navorsing is baie mans wel betrokke by die versorging van hul kinders (vgl. Hatch & Posel 2018). Die studie wat deur Morrell *et al*. (2016:100) gedoen is, het tot die gevolgtrekking gekom dat, hoewel 'n aansienlike getal vaders nie by hul kinders betrokke is nie, of dan op baie beperkte wyse, die meerderheid tog baie ondersteunend is. In 'n studie wat die data van die Birth to Twenty Cohort Study in Johannesburg, Suid-Afrika, gebruik het, dui die resultate daarop dat "most children received full or partial support throughout their life course. Furthermore, a high proportion of children received support after a union dissolution …" (Madhavan *et al*. 2014:452). Een van die bevindings wys dat 61,5% van kinders tussen die


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a5

ouderdom 0 en 5 jaar finansiële ondersteuning van die vader ontvang het gedurende hierdie volle periode sonder enige onderbreking (2014:457).

Baie van bogenoemde studies het egter beperkings. Die meerderheid sodanige bevindings is gebaseer op kwalitatiewe navorsing of op mikro-data wat uit streekspesifieke monsters of spesifieke groepe mans en kinders geneem is (Hatch & Posel 2018:269). Daarom kan die bevindings nie sonder meer op al die vaders in Suid-Afrika toegepas word nie. Hoe dit ook al sy, die prentjie wat ons uit die bestaande studies kry, is baie donker.

Waar vaders teenwoordig is, dra hulle baie by tot die gesonde ontwikkeling van hul kinders. Wanneer hulle egter afwesig is, beïnvloed dit baie aspekte van die kind se ontwikkeling negatief. Mboya en Nesengani (1999:763; vgl. Richter *et al*. 2012:2) het in hul navorsing oor die invloed van die vader of die afwesige vader op die akademiese prestasie van Suid-Afrikaanse adolessente tot die gevolgtrekking gekom dat studente in wie se lewe pa's betrokke was, aansienlik hoër punte gekry het as dié in wie se lewe die pa's afwesig was. Hulle (*ibid*.:763) bevindings dui ook daarop dat die afwesigheid van 'n pa weens werksomstandighede nadelige gevolge vir die skolastiese prestasie van jongmense kan hê. Sommige Suid-Afrikaanse studies dui ook aan dat kinders wat by hul vaders woon, 'n beter selfbeeld het en meer geborge voel in hul verhoudings met iemand van die teenoorgestelde geslag (Richter 2012:2). Die implikasie is dat die teendeel waar is van kinders wat nie by hul vaders woon nie.

Die teenwoordigheid van die vader se ondersteuning help ook om kinders te beskerm teen die gedrag van moeders wat nie ondersteunend en teenwoordig is nie (Martin, Ryan & Brooks-Gunn 2010). Waar vaders in hierdie verband afwesig is, sal kinders hierdie nie-ondersteunende en afsydige gedrag deur moeders in al sy felheid ervaar.

### 4.2 Grootouers en hulle kleinkinders

Armoede en werkloosheid, soos ons weet, is kritieke probleme in die Suid-Afrikaanse samelewing. Dit affekteer gesinne se vermoë betreffende die versorging van kinders en dit het ook 'n negatiewe invloed op die familie-atmosfeer. Dikwels moet die enkelouer-moeder elders gaan werk omdat daar nie altyd plaaslik genoeg werksgeleenthede is nie, en dit veroorsaak dat kinders deur ander familielede versorg moet word. In hierdie opsig aanvaar talle grootouers baie verantwoordelikhede om die ouerlike sorg wat hulle kinders vir hul kleinkinders voorsien, aan te vul. In sommige gevalle vul grootouers nie net die ouerlike sorg aan nie, maar neem hulle al hoe meer die rol en pligte van die ouers oor en word die primêre versorgers van hulle kleinkinders (vgl. Ben Shlomo en Taubman – Ben-Ari 2016). Statistiek Suid-Afrika (Stats SA 2018b:1) verklaar in 'n verslag oor grootouerskap dat die historiese nalatenskap van hoë arbeidsmigrasie en buite-egtelike kinders in Suid-Afrika, vir 'n lang tyd tot gevolg gehad het dat baie grootouers die primêre versorgers van hul kleinkinders was. Alhoewel die situasie later deur die MIV-epidemie vererger is, met kindersorg wat outomaties die verantwoordeliheid van grootouers geword het, is daar tans aansienlik minder sterftes in die land vanweë reuse antiretrovirale terapie.

Dit wil voorkom asof baie grootouers gretig is om aktief betrokke te wees by die grootmaak van hul kleinkinders omdat hulle baie meer belang het in die koestering van hul kleinkinders as ander familielede (Stats SA 2018b:3). "The household headship by grandparents remain largely unchanged, at around 12 per cent across censuses 1996, 2001 and 2011" (*ibid*:11). Volgens die World Family Map 2019 (Institute for Family Studies 2019:78) woon 36% van Suid-Afrika se kinders in so 'n huishouding.

### 4.3 Migrasie en kinders

Baie huishoudings word ook beïnvloed deur die bekende neiging van adolessente wat binne Suid-Afrika migreer om toegang tot nuwe geleenthede te kry (vgl. Hall 2017:11-15). Baie ouers wat migreer laat hul kinders "agter" as hulle verhuis (Posel 2010:135). Volgens Bennett *et al*. (2014:310) bly net 14% van kinders wat deel was van die oorspronklike gesin, lede van die huishouding in hul nuwe bestemming. Baie kinders migreer onafhanklik van hulle ouers. In haar navorsing oor die beweging van tieners tussen 12 en 17 jaar in die platteland van KwaZulu-Natal, gegrond op data verkry van 'n langtermyn demografiese studie, meld Bennett (2013:n.p.) dat teen die ouderdom 18, 42% adolessente wat op hul twaalfde verjaarsdag in die studiegebied woonagtig was, ten minste een keer gemigreer het. Adolessente wat by albei ouers gebly het, was aansienlik minder geneig om te verhuis as diegene wat saam met net een ouer of geen van die twee ouers gewoon het nie. Volgens Bennett (:n.p.) het byna die helfte (45%) van almal wat verhuis het, alleen getrek, en dogters was aansienlik meer geneig om onbegeleid te migreer as seuns. Begeleide migrasie word geassosieer met adolessente wat ouer ouers het en wat in kleiner, meer onlangs gevormde huishoudings woon en onbegeleide migrasie word weer geassosieer met adolessente wat nie skoolgaan nie en in arm huishoudings woon, maar met sterk ondersteuningsnetwerke buite hul oorspronklike huishouding (*ibid*.:n.p.).

Alhoewel hierdie bewegings positiewe resultate kan hê, kan adolessente in die proses ook blootgestel word aan kwesbaarheid wat hul lewens negatief kan beïnvloed, veral as hulle hul bande met hul familie van oorsprong of hul primêre versorgers verloor (Bennett 2013:n.p.).

### 4.4 Weeskinders

As ons na kinders se verblyf kyk, moet ons ook die aantal weeskinders in Suid-Afrika in ag neem. Nie alle weeskinders kan oor dieselfde kam geskeer word nie. Die kwaliteit van die sorg wat hulle ontvang, word verskillend beoordeel. Dit kan onder andere toegeskryf word aan die feit dat die begrip "weeskind" 'n komplekse konsep is en op verskillende maniere gebruik word. Drie soorte weeskinders word internasionaal onderskei:

- Vaderlose weeskinders ("paternal") van wie die vader oorlede is, maar die moeder nog leef.
- Moederlose ("maternal") weeskinders van wie die moeder oorlede is, maar die vader nog leef.
- Dubbele of "regte" weeskinders van wie albei ouers oorlede is.

Volgens Hall (2019b:218) is dit belangrik om die totale groep weeskinders op te deel in hierdie verskillende groepe, omdat die dood van een ouer ander gevolge vir kinders kan hê as die dood van albei ouers. Dit wil ook lyk asof kinders wat wees word as gevolg van 'n ma wat sterf, meer negatief geraak word as 'n kind wat deur 'n pa wees gelaat word – veral met betrekking tot onderwys (Hall 2019b:218).

In 2006 was 20.5% van die kinders in Suid-Afrika weeskinders, ongeveer 3.7 miljoen. Hiervan was 600 000 moederlose weeskinders, 2.48 miljoen was vaderlose weeskinders, en 660 000 dubbele weeskinders (Meintjies *et al.* 2010:43). Dit was 'n toename van 760 000 weeskinders vanaf 2002 (2010:43). Sedert 2010 het die aantal weeskinders egter begin afneem en is dit nou minder as in 2002 (Hall 2019b:218). Hierdie dalende neiging kom duidelik na vore in die statistiek van 2018 wat toon dat "slegs" 14% van Suid-Afrika se kinderbevolking, ongeveer 2.7 miljoen, weeskinders was, die meerderheid (63%) daarvan vaderlose weeskinders


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a5

(2019b:218). Sedert 2006 het die aantal weeskinders in Suid-Afrika met 'n miljoen afgeneem. Volgens Hall (2019b:218) is hierdie dalende neiging hoofsaaklik vanweë verbeterde toeganklikheid tot antiretrovirale middels.

Hall (2019b:218-219) vestig ook die aandag op die volgende belangrike bevindings:

- 5% van Suid-Afrika se kinders, byna 'n miljoen, leef sonder 'n biologiese moeder en twee keer meer leef sonder 'n biologiese vader.
- die armste huishoudings versorg die meeste weeskinders. Byna die helfte (48%) van alle weeskinders woon in die armste 20% huishoudings. 17% van die kinders in die armste 20% huishoudings, is weeskinders, vergeleke met die rykste 20% waar die totale koers (van weeskinders) ongeveer 4% is.

Hall (2019c) verwys ook na ander belangrike feite wat na vore kom in The General Household Survey. Die opname toon dat 73% kinders wat deur die dood van 'n pa wees gelaat word in Suid-Afrika, by hulle ma's woon. Daarenteen, woon slegs 26% kinders wat deur die dood van hul ma wees gelaat word, by hul pa. Hall se gevolgtrekking is dat biologiese vaders die belangrikste versorgers is vir slegs 18% van moederlose weeskinders (2019c). Dit is nog 'n illustrasie van die gebrek aan betrokkenheid van biologiese vaders in die lewens van hul kinders. In hierdie gevalle neem ander familielede, waarvan 43% die grootouers is, die versorging van die kinders oor (2019c).

Alhoewel die aantal weeskinders in Suid-Afrika afneem, beïnvloed weesheid, in watter vorm ook al, steeds die welstand van 'n aansienlike aantal kinders. Dit konfronteer die Suid-Afrikaanse samelewing met groot uitdagings. Een van hierdie uitdagings is dat sommige van hierdie weeskinders deel word van huishoudings wat net uit kinders bestaan.

### 4.5 Huishoudings wat net uit kinders bestaan

'n Nuwe familiestruktuur, wat aansienlik verskil van die kern, twee-generasie gesin van die Westerse wêreld, sowel as die uitgebreide, multi-generasionele familie van die Afrika-konteks (Haley & Bradbury 2015:394), het oor 'n aantal jare in ons midde ontstaan. Hierdie vorm van huishoudings bestaan net uit mense onder 18 jaar met geen ouer of volwasse versorger nie. In sulke huishoudings is 'n minderjarige die hoof van die huishouding en moet dus die rol van primêre versorger vir die res van die huishouding vervul, wat verantwoordelikheid vir besluitneming en die voorsiening vir al hul basiese fisiese, sosiale en emosionele behoeftes insluit.

In 2015 was daar ongeveer 50 000 huishoudings wat slegs uit kinders bestaan het, wat ongeveer 90 000 kinders ingesluit het (Parliamentary Monitoring Group n.d.). Sedert 2015 was daar 'n afname in huishoudings wat slegs uit kinders bestaan tot 33 000 en die aantal kinders wat betrokke was tot 55 000, sowat 0,3% van Suid-Afrika se kinderbevolking (Hall 2019b:219). Die voorspellings van 'n groeiende aantal huishoudings wat slegs uit kinders bestaan as gevolg van Vigs, het egter nie gematerialiseer nie (vgl. Hall 2019b:219; Martin & Zulaika 2016:60; Meintjies *et al*. 2010). Verder is daar ook vasgestel dat die meeste kinders wat deel is van huishoudings wat slegs uit kinders bestaan, nie dubbele weeskinders is nie (Hall 2019b:219; Martin & Zulaika 2016:60). Volgens Meintjies *et al*. (2010:40) leef ten minste een ouer van 92,1% van die kinders wat aan huishoudings wat slegs uit kinders bestaan, behoort. Martin en Zulaika (2016:59) bevestig hierdie situasie deur daarop te wys dat beide ouers van 61% persent van hierdie kinders nog lewe en dat 80% van hulle 'n lewende moeder het. Hall (2019b:220) beklemtoon dat navorsing ook uitwys dat huishoudings wat slegs uit kinders bestaan, dikwels net 'n tydelike reëling is wat slegs vir 'n kort tyd bestaan, soos


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a5

byvoorbeeld terwyl ’n volwassene met trekarbeid weg is, of vir maklike toegang tot skool gedurende ’n kwartaal, of na die dood van ’n volwassene en voordat ander reëlings getref word om die kinders te versorg.

Hoewel nie al die kinders in huishoudings wat slegs uit kinders bestaan dubbele weeskinders is nie, is die situasie van al hierdie kinders nog steeds ’n rede tot kommer. Hulle is blootgestel aan verskeie vorme van kwesbaarheid. Pillay (2016) het die volgende uitdagings geïdentifiseer wat kinders in sulke huishoudings moet hanteer:

- Verhoogde verantwoordelikheid vir die versorging van siek familielede;
- Stigmatisering as gevolg van gesinslede wat HIV-positief is of reeds weens Vigs gesterf het;
- Gebrekkige ondersteuning tydens rou smart;
- Tekort aan hulpbronne;[2]
- Verhoogde risiko van hongersnood en wanvoeding;
- Verhoogde skoolafwesigheid;
- Swak skoolprestasies;
- Onvoldoende toegang tot mediese sorg; en
- Seksuele uitbuiting, veral van meisies. (2016:2)

Alhoewel daar al baie gedoen is om hierdie kinders te ondersteun en te versorg, het Agere en Tanga (2017:59) in hul studie in Soweto bevind dat veral die emosionele impak van die situasie op hul lewens ernstig verwaarloos is, en dat veral die kinderhoofde van hierdie huishoudings dikwels as gevolg van die emosionele en sielkundige trauma, asook die sosiale spanning wat hierdie situasies meebring, baie swaar kry. Hul studie het ook bevind dat die meeste kinders simptome van depressie getoon het, wat grotendeels vererger is deur gevoelens van verlies, minderwaardigheid en lae selfbeeld omdat hulle grootliks gevoel het dat hulle soos tweedeklas burgers leef. Deur hul lewensituasies met ander kinders te vergelyk, het hulle sterk kontraste ontdek wat hulle herinner het aan die realiteit van die ernstige situasies waarin hulle verkeer het (2017:62).

Een van die deelnemers aan hierdie studie het gesê:

> I am increasingly worried how we will get over the month when we get the child support grant. The food we buy can only last us two weeks and the other two weeks we often struggle. I always find myself in class constantly worried what I will cook for my siblings after school. (Agere & Tanga 2017:62)

Verder ervaar die kinderhoofde van hierdie huishoudings ook dat hulle vasgevang is in die ambivalensie om die rol van ’n volwassene te vervul terwyl hulle steeds deur die volwasse wêreld as kinders beskou en behandel word. Hulle bevind hulleself in ’n posisie van nie ’n volwassene nie, maar ook nie ’n kind nie. Terwyl hulle probeer om die verantwoordelikheid van die versorging van hul sibbe na te kom, ervaar hulle dat hulle geen gesag en/of regte het

---

2 Alhoewel die Kinderwet 38 van 2005 (soos gewysig deur die Kinderwysigingswet 41 van 2007) en die gepaardgaande Regulasies wat in 2010 in werking getree het, dit moontlik maak vir huishoudings wat net uit kinders bestaan dat hul hoofde ouer as 16 jaar die maandelikse maatskaplike toelae kan gaan haal, het hulle nie toegang tot genoeg maatskaplike toelaes nie want “children in child-headed households are older, on average, than in mixed generation households” met die gevolg dat “fewer children fall within the eligible age threshold for child support grants [up to 14 years]” (Underhill, Math & Gilili 2015:n.p.).


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a5

nie en dat hulle rol ook nie in die volwasse wêreld aanvaar word nie. Die strukturele verhouding van ongelyke mag tussen volwassenes en kinders maak hulle kwesbaar en, hoewel dit ondersteuning en beskerming ontlok en teweegbring, stel dit hulle terselfdertyd bloot aan verskillende vorme van uitbuiting deur volwassenes (Haley & Bradbury 2015:397).

Deel van hierdie probleem is dat sommige jongmense ervaar dat hulle met vyandigheid bejeën word deur volwassenes (Haley & Bradbury 2015). Gebaseer op ’n narratiewe benadering, het Haley en Bradbury (2015:394) die verhouding tussen volwassenes en kinders wat in huishoudings wat slegs uit kinders bestaan grootword, vanuit die kinders se perspektief ondersoek. Die dominante tema wat na vore gekom het in hulle navorsing, selfs baie meer as die tema van simpatie en ondersteuning deur volwassenes, was die belewenis onder hierdie jongmense dat hulle fyn dopgehou word deur volwassenes wat hulle beskou as ’n bedreiging vir die sosiale weefsel wat hul gemeenskap saambind (2015:394). Hulle het onder andere vermeld dat hulle ervaar dat baie volwassenes hulle met agterdog, selfs vyandigheid, dophou en dat hulle die hele tyd onder hul waaksame oë en ’n dreigende houding leef.

Boonop was hulle ervaring dat hierdie toesig veral gender-georiënteerd was, en dat meisies as “hoere” en seuns as “boewe” beskou is (Haley & Bradbury 2015:394). Seuns is beskou as gevaarlik in ’n kriminele sin, en meisies is gesien as uiters kwesbaar vir seksuele misbruik en gender-gebaseerde geweld (2015:401). Hierdie houding word geïllustreer deur die feit dat twee susters albei genoem het dat wanneer mense in die gemeenskap oor hulle skinder, hulle “hoere” genoem word (2015:402). Een van hulle, 16 jaar oud, het die volgende gesê: “Oh they talk and say these kids stay alone they do whatever they want, they are whores, they say whatever they like because they know that there is no adult” (2015:402).

Hierdie manier om kinders te hanteer, veral die kinderhoofde van huishoudings wat slegs uit kinders bestaan, is net die teenoorgestelde van hoe gemeenskappe in die gees van *Ubuntu* gewoonlik weeskinders versorg en in die gemeenskap opneem (Haley & Bradbury 2015:402). Die stigmatisering en stereotipering van die lede van huishoudings wat slegs uit kinders bestaan, is ’n duidelike teken van die disintegrasie van die lewensbeskouing van *Ubuntu*. In die proses word die ontwikkeling, welsyn en verwesenliking van die menseregte van kinders wat in hierdie tipe huishoudings grootword, negatief beïnvloed (Ngconjana, Kwizera & Umejesi 2017:8161).

## 5. BEHUISING EN BASIESE DIENSTE

’n Faktor wat ’n deurslaggewende rol speel in die lewensomstandighede van elke huishouding, en dus ook in die lewens van kinders, is hulle behuising en toegang tot voldoende basiese dienste. Dit is een van die mees basiese behoeftes van alle mense: om ’n aanvaarbare plek te hê om in te kan woon. Hierdie behoefte word aangespreek in artikel 25.1 van die Handves van Menseregte (United Nations 2015:52), wat verklaar:

> Everyone has the right to a standard of living adequate for the health and well-being of himself and of his family, including food, clothing, housing and medical care and necessary social services, and the right to security in the event of unemployment, sickness, disability, widowhood, old age or other lack of livelihood in circumstances beyond his control.

Hierdie basiese mensereg word erken in artikel 26 van die Grondwet van Suid-Afrika. Hierdie artikel verklaar dat almal, insluitende kinders, die reg het op aanvaarbare behuising, en in artikel 28 (1) (c) van die Grondwet word boonop die reg op huisvesting aan al Suid-Afrika se kinders gegee (Republic of South Africa 1996). Die belangrike vraag om te vra is wat beskou word as aanvaarbare behuising.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a5

In die Globale Strategie vir vestiging en skuiling word gesê dat "[a]dequacy of housing includes security of tenure, availability of services, materials, facilities and infrastructure, affordability, habitability, accessibility, location, and cultural adequacy" (UNHCR 2014:11). In hierdie omskrywing is ligging 'n belangrike faktor omdat jou woongebied jou toegang tot werkgeleenthede, skole en kindersorgfasiliteite, polisiestasies en gesondheidsorg, en basiese dienste bepaal (Hall 2019d:248). Die afgeleë landelike gebiede in Suid-Afrika kan byvoorbeeld nie dieselfde dienste en hulpbronne wat in stedelike gebiede beskikbaar is, verskaf nie. Dit is eintlik een van die groot uitdagings in Suid-Afrika, want in 2018 het landelike huishoudings 43% van Suid-Afrika se kinders, ongeveer 8,5 miljoen kinders, ingesluit, terwyl 57% van hulle verstedelik was (2019d:248). Hoewel die verstedeliking van kinders toeneem, is hulle steeds minder verstedelik as die volwassenes, van wie 69% reeds in stede woon (2019d:248).

Kinders woon in verskillende tipes blyplekke: formele, informele en tradisionele nedersettings. Deel van die reg op aanvaarbare behuising is dat hierdie wonings bewoonbaar moet wees. Om 'n bewoonbare huis te wees, moet die struktuur genoeg ruimte bied vir almal wat daarin woon en die inwoners se fisiese veiligheid sowel as hul beskerming teen die weer verseker (Hall 2019d:249). Onder informele behuising tel informele wonings of "shacks" in agterplase of informele nedersettings; wonings of huise/woonstelle/kamers in agterplase gebou van yster, hout of ander nie-duursame materiale; en woonwaens of tente (2019d:249). Volgens Hall (2019d:249) het ongeveer 1.7 miljoen kinders, wat 9% van die kinders in Suid-Afrika verteenwoordig, in 2018 in sulke wonings gewoon. Sy spreek haar baie sterk hieroor uit deur te verklaar dat kinders se reg op aanvaarbare behuising beteken dat hulle nie in informele wonings moet woon nie. Wat veral kommerwekkend is, is dat 42% kinders wat in informele behuising woon, in die ouderdomsgroep 0-5 jaar val (2019d:249). In hierdie konteks is dit baie moeilik om vir hulle genoegsame en effektiewe stimulasie te gee om skoolgereed te wees.

Die situasie van kinders in Suid-Afrika met betrekking tot behuising is 'n duidelike illustrasie van die ongelykhede op grond van ras wat nog steeds in die Suid-Afrikaanse samelewing voorkom. Hall (2019d:250) vestig die aandag daarop dat 99% van alle wit kinders in formele behuising woon, in vergelyking met slegs 81% van swart kinders. Verder wys Hall daarop dat die bewoning van formele behuising toeneem met toename in inkomste (2019d:250). Nagenoeg 95% van die kinders in die rykste 20% huishoudings woon in formele wonings, vergeleke met 77% kinders in die armste kwintiel.

Behuising kan slegs aanvaarbaar wees as dit nie oorvol is nie. Oorvol wonings kan maklik inbreuk maak op kinders se behoeftes en regte: dit is moeilik om huiswerk te doen, daar is geen ruimte vir privaatheid nie, oordraagbare siektes kan makliker versprei, en hulle word meer blootgestel aan die moontlikheid van seksuele mishandeling (Hall 2019d:250). Volgens Hall word 'n oorvol huis gedefinieer as 'n huis waar daar gemiddeld meer as 2 mense per kamer woon. Volgens hierdie omskrywing het 18% of 3 500 000 kinders in 2018 in sulke huise gewoon (Hall 2019d:250). Slegs 10% volwassenes het in sulke toestande geleef. Wanneer oorbevolking en die tipe behuising met mekaar in verband gebring word, is bevind dat "57% of children who stay in informal dwellings also live in overcrowded conditions, compared with 27% of children in traditional dwellings and 13% of children in formal housing" (Hall 2019d:250). As ras in aanmerking geneem word, word dit duidelik dat 19% swart, 21% bruin en minder as 1% Indiër en wit kinders in sulke situasies woon (Hall 2019d:250).

Aanvaarbare behuising sluit ook die effektiewe lewering van basiese dienste soos skoon drinkwater op die terrein en basiese sanitasie in alle huise in. Die Grondwet van Suid-Afrika voorsien in artikel 27 dat almal die reg op toegang tot voldoende water het en in artikel 24 dat elkeen die reg het op 'n omgewing wat nie skadelik vir hulle gesondheid of welstand is nie,


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a5

wat sanitasie insluit (Republic of South Africa 1996). Die statistieke beskikbaar gee egter nie ’n duidelike prentjie van wat presies die praktiese situasie is nie. Statistiek Suid-Afrika sê self beskikbare statistiek verberg baie verskille tussen provinsies, distriksrade en tussen plaaslike munisipaliteite. Huishoudings in landelike munisipaliteite, het gewoonlik tot veel minder toegang, en gewoonlik ook ondergeskikte dienste in vergelyking met diegene in welgestelde, veral meer stedelike munisipaliteite (Stats SA 2016:xiii).

Volgens Hall (2019e:252) het kinders se toegang tot water oor die afgelope 15 jaar weinig verbeter. Sy dui ook aan dat in 2018 ongeveer 6 miljoen kinders nie toegang tot skoon drinkwater op die woonerf gehad het nie (2019e:253). Die omgewing waarin kinders woon, het ’n groot invloed op hul toegang tot hierdie diens. In formele woonbuurtes het 77% kinders toegang tot water op die perseel. Dit verminder tot 55% in informele nedersettings en daal tot slegs 19% in tradisionele woongebiede (2019e:252). As ras in ag geneem word, kom die groot ongelykheid in die Suid-Afrikaanse samelewing duidelik na vore. Slegs 65% swart kinders het toegang tot water, maar meer as 95% van die res van die kinderbevolking het skoon water by hul huise beskikbaar (2019e:252). Hierdie ongelykheid kom ook sterk na vore wanneer deur die lens van inkomste na die data gekyk word. Slegs 54% kinders in die armste 20% huishoudings het toegang tot water op die woonperseel, terwyl 93% van diegene in die rykste 20% huishoudings op hierdie vlak van dienslewering woon (2019e:252).

Vir gesonde lewensomstandighede is nie net skoon water noodsaaklik nie, maar ook goeie sanitasie. ’n Basiese sanitasiefasiliteit word in die regering se Strategic Framework for Water Services (Department of Water Affairs and Forestry 2003:46) omskryf as die infrastruktuur wat nodig is om ’n sanitasie-fasiliteit te bied wat veilig, betroubaar, privaat, beskermd teen die weer en goed geventileer is, wat reuke tot die minimum beperk, maklik is om skoon te hou, die risiko van die verspreiding van siektes wat verband hou met sanitasie tot die minimum te beperk, deur toepaslike beheer van vlieë en plae wat siektes dra, en die inwerkingstelling van veilige en toepaslike behandeling en/of verwydering van menslike afval en afvalwater op ’n deeglike omgewingsvriendelike manier.

In 2018 het 79% van Suid-Afrika se kinders toegang tot aanvaarbare toilette gehad, maar meer as 4.2 miljoen kinders het dit nog nie gehad nie. Vir meer as 340 000 kinders was daar geen toilette beskikbaar nie (Hall 2019e:254). Net soos in die ander statistiese data hier bo vermeld, toon die voorsiening van basiese sanitasie duidelik die ongelykheid tussen die verskillende rasse: meer as 95% Indiër, wit en bruin kinders het in 2018 toegang tot aanvaarbare toiletgeriewe gehad, terwyl slegs 76% swart kinders toegang tot basiese sanitasie gehad het (2019e:254). Wanneer inkomste in berekening gebring word, blyk dit dat onder die rykste 20% huishoudings, 94% kinders voldoende sanitasie het, terwyl slegs 71% kinders in die armste 20% hierdie vlak van diens het (2019e:254).

Die data wat hier bo verskaf word, illustreer dat ons nog ’n lang pad het om voldoende aanvaarbare behuising en basiese dienste aan kinders in Suid-Afrika te voorsien.

## 6. SLOT

Ons het in hierdie artikel probeer aantoon hoe verskillende kontekste waarin baie Suid-Afrikaanse kinders hul bevind, hul lewe op uiteenlopende wyse beïnvloed en bedreig. Vir kinders om te floreer en te ontwikkel tot verantwoordelike, stabiele volwassenes, benodig hulle liefdevolle, koesterende, en toeganklike ouers of versorgers wat in hul doen en late belangstel, hul ondersteun en aanmoedig, en hul sover as moontlik teen swaarkry, lyding en risiko’s probeer beskerm. Normaalweg word kwaliteite wat benodig word vir positiewe,


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a5

gesonde ontwikkeling asook die welstand van kinders, gevind in ouers of ander versorgers met wie kinders ’n positiewe, betekenisvolle vertrouensband en langtermynverhouding het. Waar bogenoemde ontbreek, versplinter families maklik en kan kinders gevolglik die bande met hul familie van oorsprong of primêre versorgers verloor. Verder beleef kinders in heelwat huishoudings dat hulle nie welkom is en waardeer word nie, hulle ervaar emosionele afstomping, en gevolglik verhoog hul kwesbaarheid in vele opsigte. Die invloed van die nalatenskap van apartheid op families en huishoudings in Suid-Afrika is nog nie uitgewis nie en het steeds ’n negatiewe uitwerking op sommige families en huishoudings, en dus op die lewe van talle kinders. Armoede en die negatiewe gevolge daarvan op sekere families en huishoudings beïnvloed ook sommige kinders se kwesbaarheid nadelig. Hierdie situasie sal nog ernstiger aangespreek moet word deur die verskillende rolspelers in die Suid-Afrikaanse samelewing wat daartoe kan bydra om toeganklike en gasvrye families en huishoudings vir meer kinders in Suid-Afrika te vestig.

## BIBLIOGRAFIE


Agere, L.M. & Tanga, P.T. 2017. A critical examination of the nexus between psychosocial challenges and resilience of child headed households: A case of Zola, Soweto. *Child Abuse Research: A South African Journal*, 18(2):59-67.

Bennett, R. 2013. Teens on the move: An analysis of adolescent migration in rural South Africa. Paper delivered at the International Conference on Population Geographies, Netherlands, 25-28 July 2013. Available: https://eprints.soton.ac.uk/365843/ [2020, Februarie 25].

Bennett, R., Hosegood, V., Newell M. & McGrath, N. 2014. Understanding family migration in rural South Africa: Exploring children’s inclusion in the destination households of migrant parents. *Population, Space and Place*, 21:310-321.

Ben Shlomo, S. & Taubman – Ben-Ari O. 2016. Grandparenthood – Grand generativity. In L. Findler & O. Taubman – Ben-Ari (eds). *Grandparents of children with disabilities: Theoretical perspectives of intergenerational relationships*. New York: Springer International Publishing, pp. 1-18.

Bray, R., Gooskens, I., Kahn, L., Moses, S. & Seekings, J. 2010. *Growing up in the new South Africa: Childhood and adolescence in post-apartheid.* Cape Town: HSRC Press.

Brown, K. 2014. Questioning the vulnerability zeitgeist: Care and control practices with ‘vulnerable’ young people. *Social Policy & Society*, 13(3):371-387.

Brown, K. 2015. *Vulnerability and young people. Care and social control in policy and practice*. Bristol: Policy Press.

Brown, K., Ecclestone, K. & Emmel, N. 2017. The many faces of vulnerability. *Social Policy and Society*, 16(3):497-510.

Budlender, D. & Lund, F. 2011. South Africa: A legacy of family disruption. *Development and Change*, 42(4):925-946.

Butler, D. 2004, *Precarious life. The powers of mourning and violence*. London/New York: Verso.

Clark, S., Cotton, C. & Marteleto, L.J. 2015. Family ties and young fathers’ engagement in Cape Town, South Africa. *Journal of Family and Marriage*, 77(2):575-589.

Department of Water Affairs and Forestry. 2003. *Strategic Framework for Water Services*. Pretoria: DWAF.

Fineman, M.A. 2011. The vulnerable subject: Anchoring equality in the human condition, in M.A. Fineman (ed.). *Transcending the boundaries of law: Generations of feminism and legal theory*. New York: Routledge, pp. 161-175.

Formosa, P. 2014. The role of vulnerability in Kantian ethics, in C. Mackenzie, W. Rogers & S. Dodds (eds). *Vulnerability: New essays in ethics and feminist philosophy*. Oxford: Oxford University Press, pp. 88-109.

Haley, J.F. & Bradbury, J. 2015. Child-headed households under watchful adult eyes: Support or surveillance? *Childhood*, 22(3):394-408.

Hall, K. 2017. Fragmenting the family? The complexity of household migration strategies in post-apartheid South Africa. Draft paper for the UNU-WIDER & ARUA Development Conference on Migration and Mobility. Available: https://www.wider.unu.edu/sites/default/files/Hall_Fragmenting%20the%20 family_0.pdf [2020, Februarie 24].

Hall, K. 2019a. Demography: Children in South Africa. *Statistics on children in South Africa*. Available: http://www.childrencount.uct.ac.za./indicator.php?domain=1&indicator=1 [2020, Januarie 23].

Hall, K. 2019b. Demography of South Africa's children, in M. Shung-King, L. Lake, D. Sanders & M. Hendricks (eds). *South African Child Gauge 2019.* Cape Town: Children's Institute, University of Cape Town, pp. 216-220.

Hall, K. 2019c. Demography: Single orphans living with remaining parent. *Statistics on children in South Africa.* Available:
http://www.childrencount.uct.ac.za./indicator.php?domain=1&indicator=3 [2020, Januarie 23].

Hall, K. 2019d. Children's access to housing. In M. Shung-King, L. Lake, D. Sanders & M. Hendricks (eds). *South African Child Gauge 2019*. Cape Town: Children's Institute, University of Cape Town, pp. 248-251.

Hall, K. 2019e. Children's access to services, in M. Shung-King, L. Lake, D. Sanders & M. Hendricks (eds). *South African Child Gauge 2019.* Cape Town: Children's Institute, University of Cape Town, pp. 252-254.

Hall, K. & Posel, D. 2018. *Fragmenting the family? The complexity of household migration strategies in post-apartheid South Africa.* The United Nations University World Institute for Development Economics Research. Helsinki.

Hatch, M. & Posel, D. 2018. Who cares for children? A quantitative study of childcare in South Africa. *Development Southern Africa*, 35(2):267-282.

Herring, J. 2018. *Vulnerability, childhood and the law*. Cham: Springer.

HSRC. 17 November 2017. *It's hard to be a good father.* Pretoria: The Human Sciences Research Council. www.hsrc.ac.za/en/hsrc-in-the-news/general/hard-to-be-good-father-in-sa [2020, Oktober 27].

Institute available for Family Studies. 2017. *World family map 2017: Mapping family change and child well-being outcomes*. New York/Barcelona: Social Trends Institute.

Institute available for Family Studies. 2019. *World family map 2019: Mapping family change and child well-being outcomes.* New York/Barcelona: Social Trends Institute.

Käll, L.F. 2016. Vulnerable bodies and embodied boundaries. In L.F. Käll (ed.). *Bodies, boundaries and vulnerabilities interrogating social, cultural and political aspects of embodiment*. Cham: Springer, pp. 1-12.

Koopman, N. 2013. Hope, vulnerability and disability? A theological perspective, in J. Claassens, L. Swartz & L. Hansen (eds). *Searching for dignity: Conversations on human dignity, theology and disability*. Stellenbosch: SUN MeDIA, pp. 43-54.

Lehohla, P. 2018. *Evidence the cure for despair – the platform for development*. Ongepubliseerde toespraak tydens Afrika anti-korrupsie konferensie te Stellenbosch gelewer. 11-13 Julie 2018.

Levine, C., Faden, R., Grady, C., Hammerschmidt D., Eckenwiler, L. & Sugarman, J. 2004. The limitations of 'vulnerability' as a protection for human research participants. *The American Journal of Bioethics*, 4(3):44-49.

Mackenzie, C., Rogers, W. & Dodds, S. 2014. Introduction: What is vulnerability, and why does it matter for moral theory? In C. Mackenzie, W. Rogers & S. Dodds (eds). *Vulnerability: New essays in ethics and feminist philosophy*. Oxford: Oxford University Press, pp. 1-29.

Madhavan, S., Richter, L., Norris, S. & Hosegood, V. 2014. Fathers' financial support of children in a low income community in South Africa. *Journal of Family and Economic Issues*, 35(4):452-463.

Martin, A., Ryan, R.M. & Brooks-Gunn, J. 2010. When fathers' supportiveness matters most: Maternal and paternal parenting and children's school readiness. *Journal of Family Psychology*, 24:145-155.

Martin, F.S. & Zulaika G. 2016. Who cares for children? A descriptive study of care-related data available through global household surveys and how these could be better mined to inform policies and services to strengthen family care. *Global Social Welfare*, 3:51-74.

Mboya, M.M. & Nesengani, R.I. 1999. Migrant labour in South Africa: A comparative analysis of the academic achievement of father-present and father-absent adolescents. *Adolescence*, 34(136):763-767.

Meintjes, H., Hall, K., Marera, D. & Boulle, A. 2010. Orphans of the AIDS epidemic? The extent, nature and circumstances of child-headed households in South Africa. *AIDS Care*, 22(1):40-49.

Morrell, R. & Richter, L. 2006. Introduction, in L. Richter & R. Morrell (eds). *Baba: Men and fatherhood in South Africa.* Cape Town: HSRC Press, pp. 1-12.

Morrell, R., Dunkle, K., Ibragimov. U. & Jewkes, R. 2016. Fathers who care and those who don't: Men and childcare in South Africa. *South African Review of Sociology*, 47(4):80-105.

Nifosi-Sutton, I. 2017. *The protection of vulnerable groups under international human rights*. New York: Routledge.

Ngconjana, U., Kwizera, A.S. & Umejesi, I. 2017. Livelihoods in child headed households and state intervention: A case study of the orphans and vulnerable children (OVC) in East London, South Africa. *Gender & Behaviour,* 15(1):8160-8180.

Page, H. 1989. Child-rearing versus child bearing: Co-residence of mother and child in Sub-Saharan Africa, in R. Lesthaeghe (ed.). *Reproduction and social organization in Sub-Saharan Africa*. Berkeley: University of California, pp. 401-422.

Parliamentary Monitoring Group, n.d. Child- and youth-headed households. Available: https://pmg.org.za/page/Child-%20and%20youth-headed%20households%20%E2%80%8B [2020, Februarie 28].

Pillay, J. 2016. Problematising child-headed households: The need for children's participation in early childhood interventions. *South African Journal of Childhood Education*, 6(1):1-8.

Posel, D. 2010. Households and labour migration in post-apartheid South Africa. *Journal of Studies in Economics and Econometrics*, 34:129-141.

Republic of South Africa. 1996. *Constitution of the Republic of South Africa 1996.* Pretoria: Government Printer.

Reynolds, T.E. 2008, *Vulnerable communion: A theology of disability and hospitality*. Grand Rapids: Brazos Press.

Richter, L., Desmond, C., Hosegood, V., Madhavan, S., Makiwane, M., Makusha, T., Morrell, R. & Swartz, S. 2012. Fathers and other men in the lives of children and families. Paper presented to the Conference on Strategies to Overcome Poverty and Inequality: Towards Carnegie III. 3-7 September 2012, Cape Town, South Africa.

Russell, M. 2003. Are urban black families nuclear? A comparative study of black and white South African family norms. *Social Dynamics*, 29(2):53-76.

Stats SA. 2016. *The state of basic service delivery in South Africa: In-depth analysis of the Community Survey 2016 data*. Report No. 03-01-22. Pretoria: Statistics South Africa.

Stats SA. 2017. *Recorded live births, 2016*. Pretoria: Statistics South Africa. Available: http://www.statssa.gov.za/?p=10524 [2020, Oktober 28].

Stats SA. 2018. *Grandparenthood in the context of ageing in South Africa.* Report 03-00-12. Pretoria: Statistics South Africa.

Stats SA. 2018. *Household Composition.* Statistical Release PO318, Pretoria: Statistics South Africa. Available: http://www.statssa.gov.za/publications/P0318/P03182018.pdf [2020, Oktober 27].

Stats SA. 2019. *Mid-year population estimates 2019*. Statistical Release P0302, Pretoria: Statistics South Africa.

Swartz, S. & Bhana, A. 2009. *Teenage tata: Voices of young fathers in South Africa*. Cape Town: HSRC Press.

Underhill, G., Mathe, T. & Gilili, C. 2015. The trials of child-headed families. *Mail & Guardian*. Available: mg.co.za/article/2015-01-30-00-the-trials-of-child-headed-families [2020, Februarie 20].

UNHCR. 2014. *Global strategy for settlement and shelter. A UNHCR strategy 2014-2018*. Geneva: United Nations High Commissioner for Refugees.

United Nations. 2015. *Universal declaration of Human Rights*, the illustrated edition. Available: https://www.un.org/en/udhrbook/pdf/udhr_booklet_en_web.pdf [2020, Februarie 28].

Wallbank, J. & Herring, J. 2014, Introduction: Vulnerabilities, care and family law. In J. Wallbank & J. Herring (eds). *Vulnerabilities, care and family law*. New York: Routledge, pp. 12-53.

White Paper on Families in South Africa, 2013. Department of Social Development, Republic of South Africa. pp. 16-30. Available: https://www.westerncape.gov.za/assets/departments/social-development/white_paper_on_families_in_south_africa_2013.pdf [2020, Oktober 28].

# Burgerskapsonderwys vir 'n suksesvolle lewe in 2050 en daarna

***Citizenship Education for living successfully in 2050 and beyond***

**JL (Hannes) van der Walt**
Fakulteit Opvoedingswetenskappe
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: Hannesv290@gmail.com



Hannes van der Walt

| | |
|---|---|
| **Hannes van der Walt**, emeritus professor in die opvoedingsfilosofie en dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde aan die destydse PU vir CHO, is tans 'n spesialisnavorser aan die Noordwes-Universiteit (NWU) en ook betrokke by kapasiteitsbou-programme aan die NWU. | **Hannes van der Walt**, Emeritus Professor of Education and Dean of the Faculty of Education at the former PU for CHE, is currently a specialist researcher at the North-West University (NWU) and also involved in capacity building programmes at that university. |

**ABSTRACT**

***Citizenship Education for living successfully in 2050 and beyond***

*Children attending primary school in 2020, typically between the ages of 6 and 12, will be between 36 and 42 years old in 2050, and those in high schools will be between six and twelve years older. This means that they will be in the prime of their lives, possibly at the apex of their careers, and preparing for the next phases of their lives, namely working towards retirement and old age. Education in general, and school education in particular, now, in the year 2020, has a duty to prepare children (learners, students) for life up to 2050 and beyond, so that they will be able to traverse those life-phases successfully. Citizenship Education (henceforth abbreviated CE), in addition to the foundation provided by all the other school subjects, has the special task of preparing young people to live successfully in society, in their own communities, within their own national borders and also in the wider world.*

*The problem that confronts one in this regard is how to predict the future: What will the world be like in 2050? Future studies are known for their many pitfalls, among others historical determinism and over-simplified predictions. Many methods have in the past been employed to "predict" the future, and none of them has been proved to be infallible. What is the point then of trying to equip young people in 2020 for a successful life and existence in 2050 and*

**Datums:**
Ontvang: 2020-05-15 Goedgekeur: 2020-09-25 Gepubliseer: Desember 2020

*beyond? A twofold answer can be given to this question. The first is normative or prescriptive: to outline a desired or preferred future, one that we assume to be the best for our children as the grown-ups and the society leaders of 2050. The second is descriptive: As fallible human beings who are in principle and in practice unable to see three decades and further ahead into the future, we can only surmise what the future will hold for us and our children.*

*A descriptive approach combined with a systems-view about what could potentially be expected to unfold in 2050 and beyond was employed in this study. The approach was not normative and hence did not employ backcasting or "imagineering" techniques. After examining various methods for creating future scenario's such as prediction, scenario sketching and planning, a systems-view in terms of the 15 modal dimensions of reality was adopted. In describing the potential developments in terms of each of these 15 modal dimensions, care was taken not to be too specific because experience indicates that the future tends to take unexpected twists and turns.*

*After having tentatively sketched a possible future in terms of the 15 modalities of reality, the question arises: What should we do now, at this point in time in 2020, to help citizens cope with life three decades into the future? Figuring out what worlds we are building, and our positions in those worlds in relation to others, is the essential task of education. CE as such has a two-fold task, namely to prepare the learners for their civic duties when the time comes for them to leave school, but also for the more distant future, when they are at the top of their performance in their careers as citizens of their countries and of the world, and even for life in the final stages of their existence on earth. CE should, therefore, be future-directed, but this orientation should be realistic. A heavy responsibility rests on the shoulders of CE educators (teachers) and all other school educators to guide learners in order to prepare them sufficiently to cope with the future as it unfolds. They also have to strengthen the learners' innate moral sense of what would count as right and wrong, good and bad behaviour in their particular societal configuration, also in the more distant future. Successful CE will have taken place if and when these two sets of values coincide in the consciousness of the learners. The challenge is to achieve this in the short term, albeit with a view to a more distant future.*

*CE teachers or educators also have to guide their charges to peer ahead into the future, to 2050, and to help them come to terms with what may be expected when they are adults at the peak of their careers and of their lives as parents and members of society. New technologies might pose new challenges to teaching and learning.*

*CE teachers, furthermore, will have to guide their charges so that they are ready and prepared to face the challenges awaiting them in this rather hazy future: the different roles that they might have to play, the pitfalls of an unpredicted and unpredictable future, the challenge to be creative and to be able to think and act on their feet, the challenge to remain true to oneself, to one's own value system (one's moral structure) and one's religion and religious commitment, and many more.*

*CE teachers will have to equip their charges with an understanding of what it would mean and take to live successfully in 2050 and beyond; they have to understand that success needs not necessarily be expressed in terms of wealth or a neoliberal or neo-conservative understanding thereof. The teacher's own integrity, life-view and religious convictions are likely to play a role here as part of the hidden curriculum.*

*Innovation will have to be a key concept in CE; innovation is essential for adjusting to rapid and accelerating change. Students have to be prepared to be comfortable with working and living alongside robots, machines and other technological innovations.*

*Students have to be equipped to cope with constantly changing and fluid conditions. Already in our own time, students have become accustomed to the notion of boundaries weakening or disappearing altogether, especially those between workplaces, homes, entertainment venues and educational establishments.*

*Finally, citizenship educators will in the near, as well in a more distant future, apply renewed concentration on educating the future generations to become and remain individuals able to maintain a healthy balance in life. It is suggested that CE teachers take note of the developments expected to unfold in the next three decades, as described and discussed in this article under the headings of the 15 modalities of reality. By attending to each one of these modalities in educating the youngsters in their care, they will arguably contribute to a healthy balance in the lives of those youngsters entrusted to their care.*

*It is not humanly possible to predict or forecast the future. It is nevertheless incumbent upon the educators of 2020, parents and teachers, to prepare their charges to be ready and prepared for the future as it unfolds. The impact of all future explorations, the respective potentials for the future, can only be meaningfully assessed in our own time. The relevance of any discourse about the future lies in the present. In view of this, the argument proffered in this article comes down to the following: Although we cannot be specific about what exactly life in 2050 and beyond will be like, Citizenship Education as school subject can already now, in 2020, begin to equip, guide and direct children and young people by helping them master a set of skills that will arguably be suitable for all conditions, such as instilling a consciousness and a conscience regarding what would be to the advantage of humankind; what would lead to the well-being of self and of society, the ability to distinguish between right and wrong, good and bad; that success need not necessarily be measured in materialistic and neoliberal terms but rather in terms of leading a good, fruitful and meaningful life; that one's life-view and concomitant value system will remain the guiding light on the way to an unknown future, to be imaginative, innovative, creative, able to think on one's feet, and be resilient in the face of affliction.*

**KEYWORDS:** citizenship, Citizenship Education, future, Future Studies, preparedness for the future, education, technology

**TREFWOORDE:** burgerskap, burgerskapsonderwys, toekoms, toekomsstudies, toekomsgereedheid, opvoeding, onderwys, tegnologie

## OPSOMMING

Die skoolgaande kinders van vandag, veral dié in die hoërskool, behoort teen 2050 op die kruin van hulle loopbane te wees, en sommige mag selfs gereed maak vir die konsolidasiefase van hulle lewens. In die lig hiervan is dit belangrik dat skoolonderwys, en ook burgerskapsonderwys, die leerlinge nou reeds voorberei vir 'n suksesvolle bestaan later in hulle lewens, selfs vir drie dekades die toekoms in. Hoewel dit nie vir ons moontlik is om so ver in die toekoms in te skou nie, is dit tog moontlik om 'n tentatiewe prentjie van die toekoms te skets aan die hand van tendense wat ons nou reeds waarneem. Om 'n volledige prentjie te probeer skets, is die vyftien modaliteite van die werklikheid as ankerpunte gebruik. Die prentjie van die toekoms wat uit hierdie oefening na vore kom, dui daarop dat daar verskeie belangrike take op burgerskapsonderwysers wag om die leerlinge wat aan hulle sorg toevertrou is, toe te rus en te begelei om die toekoms binne te gaan en om selfs drie dekades van nou af hulle lewens met welslae te voer.

## 1. INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Leerders wat in 2020 in die laerskool is, tipies tussen die ouderdomme van 6 en 12, sal in 2050 tussen 36 en 42 jaar oud wees, en diegene in die hoërskool sal tussen ses en twaalf jaar ouer wees. Dit beteken dat hulle in die fleur van hul lewens sal wees, moontlik selfs op die kruin van hul loopbane, en besig om vir die volgende fases van hul lewens voor te berei, soos aftrede en selfs vir die gryse ouderdom. Onderwys in die algemeen en skoolonderwys in die besonder het nou in 2020 ’n plig om kinders (leerders, studente) voor te berei vir die lewe in 2050 en verder aan, sodat hulle in staat sal wees om daardie lewensfases suksesvol te kan behartig. Burgerskapsonderwys (hierna genoem BO) het die besondere taak, benewens die vorming wat deur al die ander skoolvakke verskaf word (soos die aanleer van tale, vaardigheid in wiskunde en wetenskap, begrip vir die omgewing en lewe, aanwending en programmering van rekenaars, doeltreffende kommunikasie, kennis van hul land se geskiedenis, en so meer), om jongmense voor te berei om suksesvol in die samelewing te bestaan en funksioneer, in hul eie gemeenskap, binne hul eie nasionale grense maar ook in die wyer wêreld, en om nie slegs die uitdagings wat op hulle wag te begryp nie, maar hulle ook met welslae die hoof te bied.

Die probleem waarmee ’n mens in hierdie verband te doen het, is hoe om die toekoms te voorspel: Hoe sal die lewe en wêreld in 2050 en daarna wees, dit wil sê, drie dekades van nou af? Toekomsstudies is bekend vir hulle vele valstrikke soos historiese determinisme (simplistiese ekstrapolasies van huidige tendense) en oorvereenvoudigde voorspellings (Höjer & Mattson 1999:26). Verskeie metodes is in die verlede ingespan om die toekoms te “voorspel”, en geeneen van hulle is as onfeilbaar bewys nie. As menslike wesens kan ons slegs in beperkte mate in die toekoms in sien. Wat is dan die sin daarvan om jongmense in 2020 te probeer toerus vir ’n suksesvolle lewe en bestaan in 2050? ’n Tweërlei antwoord kan op hierdie vraag gewaag word. Die eerste is normatief, naamlik om ’n gewenste toekoms te omlyn, een wat ons veronderstel die beste sal wees vir ons kinders as die volwassenes en gemeenskapsleiers in 2050; dit is ’n toekoms waarna ons dan aktief kan streef (Höjer & Mattson 1999:24). Hierdie antwoord kan ’n politieke dimensie hê: ’n polities-gedrewe begeerte om “beter” vorme van samelewing, ’n geïdealiseerde samelewing, tot stand te laat kom (Neill 2011:172). Die tweede antwoord is beskrywend: As feilbare mense wat in beginsel en in praktyk nie in staat is om drie dekades en verder in die toekoms in te sien nie, kan ons slegs bespiegel wat die toekoms vir ons en ons kinders sal inhou, en ons baseer ons vermoedens op tendense wat ons alreeds in ons eie leeftyd sien uitspeel. Soos hierna duidelik sal word, moet ons versigtig wees hoe ons hierdie neigings gebruik ten einde oorvereenvoudiging en historiese determinisme te vermy.[1]

[1] Vgl. Sardar (2010) vir ’n bespreking van die verskeie benamings wat vir hierdie dissipline gebruik word. Die naam “Futurologie” moet liefs vermy word omdat die agtervoegsel *-ologie* vereenselwig word met ’n dissipline wat verifieerbare resultate oplewer. ’n Studie oor die toekoms kan nie sulke resultate oplewer nie, en daarom dus die voorkeur vir die term “toekomsstudies”. ’n Studie van die toekoms het te make met heelparty teoretiese voetangels. In wese is hierdie “dissipline” dikwels spekulatief van aard; dit werk soms met modelle wat beperkte potensiaal het, en dit reflekteer ’n neiging tot tegnologiese determinisme wanneer dit bedryf word op grond van die idee van die “onvermydelikheid van tegnologiese vooruitgang”. Daarbenewens, alhoewel dit aangetoon kan word dat dit redelik akkuraat kan wees ten opsigte van die inbeelding van tegnologiese artefakte en toestelle van die toekoms, is futurologie as minder suksesvol bewys as verwag word dat dit die sosiale bedrywighede en ordenings wat hierdie tegnologieë vergesél, na vore moet bring (Neill 2011:169).


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a6

Die navorsing waaroor in hierdie artikel gerapporteer word, het gesentreer rondom die volgende vraag: Hoe sal, sover ons nou kan sien, die lewe en menslike bestaan in 2050 en daarna wees, en hoe kan ons ons kinders deur BO nou al, in 2020, toerus om met welslae in 2050 en daarna te funksioneer?

## 2. ONDERSOEKMETODE

’n Deskriptiewe (beskrywende) benadering gekombineer met ’n sisteemuitkyk (Höjer & Mattson 1999:22) oor wat moontlik verwag kan word om in 2050 te ontvou, is gevolg. Hierdie benadering is nie normatief nie en het gevolglik nie gebruik gemaak van retrospektiewe of terugskouende voorspelling (“backcasting”) (Höjer & Mattson 1999:22-24) of verbeeldende (“imagineering”) tegnieke nie (Neill 2011:168). Verder is veronderstel dat elke leser van hierdie artikel die menings daarin uitgespreek teen sy of haar eie behoort te kan opweeg ten aansien van wat hulle meen die toekoms vir hulle kinders moet, kan of behoort in te hou.

Verskeie ander metodes om die verwagte toekoms te beskryf, is ook ondersoek: eenvoudige voorspelling, die bou van beplanningscenario’s (Gaini 2018:4-5), Delphi-studies, spekulatiewe vooruitskatting, kousale ontleding, (wiskundige) modellering, (objektiewe) vooruitskatting, retrospektiewe of terugskouende voorspelling, met ander woorde, die skepping van ’n scenario oor ’n gewenste toekoms en dan die “manipulering” van sake sodat die gewenste toekoms verwesenlik kan word (Sardar 2010:180) – ’n metode soortgelyk aan selfvervullende profesie en “backcasting”, ekstrapolering van huidige tendense, spekulasie en spekulatiewe verbeelding, sosiale innovering, vooruitskatting, strategiese vooruitskatting, vooruit-kyk, strategiese beplanning, langtermynbeplanning, tegnologiese assessering, tegnologiese versiendheid, strategiese bestuur, visionêre bestuur, die skepping van toekomstopologieë, projeksies, en nog meer. Op grond van hierdie ontleding is besluit op ’n breë sistemiese beskouing oor ’n moontlike toekoms in terme van die 15 modale dimensies van werklikheid, soos onder andere deur Strauss (2009) en Verburg (2015) geïdentifiseer. Die doel daarvan was om die “alternatiewe potensiaal van die toekoms”, “die veelvuldige moontlikhede” wat mag uitkristalliseer te identifiseer (Sardar 2020:180). Op hierdie manier is ’n raamwerk daargestel in terme waarvan verwikkelinge teen 2050 beskou kon word, en wat ’n groter prentjie verder as enige onmiddellike oorwegings tot stand kon laat kom. In die proses is moeite gedoen om ’n veelvuldigheid van sake in ag te neem, onder meer “die milieu” van opvoeding en onderwys drie dekades van nou af (Neill 2011:163-4).

Sorg is gedra om nie té spesifiek te wees in die beskrywing van die potensiële ontwikkelinge in elk van hierdie 15 modale dimensies nie, omdat die ondervinding geleer het dat die toekoms verrassende wendinge kan neem.[2] Sardar (2010:178) verklaar tereg dat kennis van die toekoms in ’n enkelvoudige, monolitiese wetenskaplike sin, onverkrygbaar is. ’n Studie van die toekoms moet derhalwe bewustelik oop en pluralisties wees en ’n diversiteit van perspektiewe akkommodeer (Sardar 2010:182). Die metodes wat ingespan word om in die toekoms in te loer, verseker ons dus nie van verifieerbare kennis van die toekoms nie, maar skets slegs ’n aantal moontlikhede. Om te aanvaar dat ’n studie van die toekoms akkuraat en onfeilbaar is, sou neerkom op tegnokratiese determinisme (’n teorie gebaseer op spoed, tegnologie en die versmelting van mens en maaksel) (Sardar 2010:179).

---

[2] Tussen die skryf van hierdie artikel en die publikasie daarvan, het feitlik alle lande ter wêreld te doen gekry met die Covid-19-pandemie. Gebeurtenisse soos hierdie kan “voorspellinge” aangaande die toekoms in die wiele ry.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a6

Neill (2011:165) stel verder ook, tereg, dat dit nutteloos is om te probeer om 'n opvoed- en onderwyskundige toekoms te probeer voorspel, aangesien opvoeding en onderwys in die toekoms, soos nou reeds in ons eie tyd, 'n reeks onbedoelde gevolge en subtiele newe-effekte (kan) hê, sommige waarvan nie slegs kompleks nie, maar ook onderhewig is aan ander invloede soos die onderwyspolitiek, sosiale verhoudinge en die kontekste waarin opvoeding en onderwys plaasvind. Dit is ook moontlik, soos Höjer en Mattson (1999:27) aanvoer, dat ons veronderstellings oor hoe sulke faktore onderling verweef is en in die toekoms mag ontplooi, onjuis mag wees of dat hierdie verweefdhede onverwags mag verander. Die oorpeinsing van die toekoms trek die verlede en die toekoms as 't ware in die toekoms in (Gaini 2018:4). Plotnitsky (2006:52-53) verduidelik wat hierdie stelling beteken, naamlik dat ons gekonfronteer word met 'n heterogene, maar interaktiewe ruimte van verhoudings waar verskille, ooreenkomste en interaksies almal bestaan, maar elkeen minder of meer belangrik word op verskillende konseptuele, historiese of kulturele snypunte. Ons het dus te make met 'n dinamiese ruimte-tyd of "'n see van energie van denke, 'n ruimte op die rand van chaos". Ons denke moet hierdie potensiële chaos probeer konfronteer.

Die uitdrukkings "verrassende wendinge" en "dinamiese tyd-ruimte" wat in die voorgaande paragrawe gebruik is, maan ons om nie reglynig en deterministies te dink oor hoe sake in die toekoms (sal) ontplooi nie. Hoewel, soos hier onder geredeneer word, verwag kan word dat sekere breë of algemene tendense in die volgende drie dekades gaan ontvou, het ons uit die verlede geleer dat daar in die dinamiese tyd-ruimte van die afsienbare toekoms inderdaad verrassende wendinge gaan wees. Ons sien sulke wendinge alreeds in ons eie tyd (kyk voetnote 2 en 3).

Hoewel dit 'n breë tendens geword het dat grense soepeler en al meer deurlaatbaar word, het dit in die afgelope tyd gebeur dat lande hulle om die een of ander rede genoop gevoel het om hulle grense te sluit. Voorbeelde hiervan is die onlangse sluiting van die grens tussen die Verenigde State van Amerika (VSA) en Meksiko om die instroming van Meksikane en Venezolane na die VSA te stuit. President Trump het onlangs ook 'n maatreël ingestel ingevolge waarvan die instroming van mense uit baie ander lande vanoor die hele wereld gestuit word. Die pandemie wat deur die koronavirus in 2020 veroorsaak is, het ook lande in Europa, Asië en Afrika genoop om hulle grense tydelik te sluit, sodat die virus nie versprei nie. Suid-Afrika het selfs 'n veertig-kilometer-lange heining van Beitbrug af weswaarts opgerig om te keer dat Zimbabwiërs, wat die grens voorheen taamlik vryelik kon oorsteek, die virus die land inbring. Dergelike maatreëls is egter almal slegs tydelik van aard – maatreëls wat so gou doenlik deurlopend opgehef sal word. Sulke insidente maak nie noodwendig die algemene tendens tot deurlaatbare en soepel grense tot niet nie.

Dieselfde geld byoorbeeld die aanwending van tegnologie. Hoewel dit wyd aanvaar word dat die wêreld as 't ware kleiner geword het weens die beskikbaarheid van relatief vinnige vervoer- en kommunikasietegnologie, gebeur dit dat owerhede en maatskappye hulle die reg veroorloof om sekere van die tegnologiese hulpmiddels, veral die sosiale media, te onderdruk. Facebook en Youtube het byvoorbeeld tydens die Covid-19-krisis allerlei vorme van fopnuus oor 'n moonlike Chinese sameswering om 'n virus te ontwikkel wat die Weste sou oorwin, van hulle platforms verwyder. Facebook doen dieselfde met rassistiese video's, asook video's waarin klein kindertjies op onaanvaarbare maniere uitgebeeld word. Lande wat polities onder druk verkeer, doen dieselfde, soos 'n mens kon waarneem tydens die Arabiese lente-opstande, waardeur regerings tot 'n val gebring is, en meer onlangs, in 2020, is strenger riglyne vir vrye kommunikasie weer in Hong Kong ingestel, ten einde die angel uit opstande teen die owerheid te haal. Sodanige sporadiese insidente maak egter nie die waarneming ongedaan dat daar 'n

algemene tendens tot vinniger vervoer- en kommunikasietegnologie is waardeur globalisering aangehelp word nie.

Die volgende voorstelling van die verwagte toekoms met betrekking tot die 15 modaliteite van die werklikheid stel ons tentatief (voorlopig) in staat om ’n redelik omvattende beeld van die toekoms te skets sonder om té spesifiek oor enige dimensie van die toekomsprentjie te wees. ’n Persoon wat hierdie artikel in 2050 of daarna lees, so word vertrou, moet tot die slotsom kan kom dat die voorstelling van daardie tyd wat in hierdie artikel gemaak is, nie te ver van die kol is nie, deurdat dit ruimte gelaat het vir ontwikkelinge wat onverwags opgeduik het. Samevattend, sou ’n mens kon sê, is ’n interpretivisties-konstruktivistiese benadering in die volgende afdeling van die artikel gevolg: nie alleen is insig verkry uit die vertolking van die literatuur wat bestudeer is nie, maar die neigings wat nou reeds opgemerk kan word, is ook vertolk, gekonstrueer en omgebou tot ’n breë sistemiese voorstelling van die toekoms in terme van die 15 modale aspekte van die werklikheid. Sodoende is die lys van vier modale faktore, soos deur Petrovic en Kunz (2014:x) as die sleuteldoelwitte van BO uitgesonder, aangevul met ’n verdere 11. Met hierdie benadering is gepoog om die slaggate van historiese determinisme en oorvereenvoudiging so ver moontlik te probeer vermy.

## 3. TWEEVOUDIGE KONTEKS

Die vooruitskouing wat in die volgende afdeling aangebied word, is tweevoudig gekontekstualiseer: geografies, en met betrekking tot die stand van die huidige burgerskapsonderwysdiskoers. Wat eersgenoemde betref, sal dit algaande duidelik word dat, wanneer ’n mens oor BO en oor die toekomstige onderrig daarvan dink, daar altyd, afwisselend en onderling aanvullend, drie geografiese situasies of omgewings na vore kom: die persoonlike ruimte waarin die kind, die leerder, en die opvoeder, die onderwyser, van die toekoms hom of haar bevind; hierdie persoonlike ruimte word ook altyd omring deur wat beskryf kan word as die plaaslike (lokale) ruimte waarin die persoon hom of haar bevind – sy of haar onmiddellike gemeenskap soos die skool, kerk, bedryf en sportklub; en dit word weer konsentries omkring deur die nasiestaat, en ten laaste ook deur die globale konteks. Waar die nasiestaat veral in die 19de eeu beslag gekry het, het daar volgens Kaplan (2013:46-7) in die afgelope drie tot vier eeue ook ’n “skouspelagtige unifikasie dwarsoor die wêreld plaasgevind”. Hierdie kleinerwording van die wêreld is die gevolg van industriële, vervoer- en kommunikasierevolusies. Globalisering is in die afgelope tyd besig om die idee van grense, gebiede en kulturele onderskeidinge uit te wis, aldus Kaplan (2013:50).

Die tweede konteks waarbinne die tentatiewe skets hier onder verstaan moet word, is die heersende diskoers oor BO as kennisgebied. Daar is al lankal ’n gesprek onder burgerskapsonderwysdeskundiges aan die gang oor wat presies die doel en funksie van BO is, en dit sou ’n hele artikel of selfs verhandeling verg om op hierdie diskoers in te gaan, al die sieninge te ontleed en tot ’n gevolgtrekking te kom oor welke dan nou die “korrekte” siening is. Interpretiviste is in elk geval skepties oor die moontlikheid dat daar ’n “korrekte” siening oor enige aangeleentheid is, tensy ’n mens ’n soort laaste-loopgraaf-standpunt inneem, een wat gegrond is in sogenaamde “properly basic beliefs” (Baggini 2017:17 e.v.) Wat egter nie betwyfel kan word nie, is dat almal wat aan die diskoers oor die doel en funksie van BO deelneem, kennis behoort te neem van wat ons moontlik in die volgende drie dekades te wagte kan wees.

Aangesien dit onmoontlik is om in ’n onderafdeling van ’n artikel wat eintlik oor ’n ander onderwerp handel ’n volledige oorsig van die huidige diskoers oor BO te gee, word slegs die volgende buitelyn daarvan geskets. Banks (2008:129) konstateer net meer as ’n dekade gelede


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a6

dat daar weens grootskaalse immigrasie, globalisering en volgehoue nasionalisme ’n strydpunt rondom burgerskap en BO ontstaan het. Hy behandel dan assimilasionistiese, liberale en universele opvattinge (soos kosmopolitanisme, kosmopolitaanse universalisme en internasionalisme) as benaderinge tot BO. Hy self verkies egter ’n vorm van transformasionele BO (Banks 2008:129). Later aan (Banks 2017:371) skyn hy ook voorkeur te gee aan deelnemende burgerskap en BO. Miedema en Bertram-Troost (2015:45-46) bied steun aan sy voorkeur as hulle ook aandring op maksimale transformatiewe BO, dit wil sê BO wat elke kind en jongmens in elke skool in staat stel om sy of haar persoonlike identiteit of gewaarwording van iemand te wees, te kan ontwikkel.

Ongeveer op dieselfde tydstip waarsku Biesta (2011:142, 152 ) teen “domestikasie” en sosialisering as doelstellinge van BO, wat daarop neerkom dat BO gebruik word om die opkomende geslag in te lyf in die waardes en gebruike van die bestaande politieke orde. Dit verbind toekomstige burgers tot net een voorafbepaalde burgerlike identiteit. Veugelers (2011:473-475) lê op sy beurt ’n verband tussen burgerskap en morele ontwikkeling deur te stel dat persoonlike identiteitsontwikkeling nie bloot formeel van aard is nie, maar ten diepste ook ’n morele kant het aangesien dit te doen het met die diepste gevoelens, houdings en gedrag van die mens. Dill (2013) lê eweneens klem op die morele dimensies van BO, ook in globale konteks. Peter Schunk (2013:104) bring op ongeveer dieselfde tydstip die gedagte na vore dat BO gefundeer behoort te wees in die besef dat mense (en selfs die niemenslike) dieselfde lot deel; burgerlike bande word gevolglik versterk en uitgebrei deur die interaksies, die gedeelde ervaringe, kulturele patrone en ander gemeenskaplikhede waaruit ’n oorkoepelende nasionale identiteit opgebou is. Ben-Porath en Smith (2013:10-12) steun hierdie siening.

’n Versamelwerk oor burgerskap en BO deur Petrovic en Kuntz (2014) bring hierna ’n hele aantal moontlike benaderinge tot BO na die oppervlak, waarvan sommige, soos die neiging om neoliberale sieninge by kinders tuis te bring of om ’n neokonserwatiewe denkhouding by hulle te vestig, op ’n eng wyse slegs konsentreer op die belange van die eie nasiestaat, of om slegs op die globale konteks te konsentreer, nie juis ewewigtige benaderinge is nie. Hulle bring ook ander, meer ewewigtige, benaderings na vore, soos dat die burgers van ’n land en in die globale opset moet verstaan dat hulle een en dieselfde lot deel (vgl. die voorstel van Schunk, Ben Porath en Smith hier bo), dat hulle die ruimtes waarin hulle hulle bevind saam met andere moet kan deurgrond en daarvan sin moet kan maak, dat hulle moet leer om moreel verantwoordelik en toerekenbaar teenoor andere op te tree, en dat hulle krities ingestel behoort te wees met betrekking tot wat aan hulle gebied word of met wat rondom hulle aangaan. Twee jaar later lê John Myers (2016:3) ook klem op die eise wat globalisering aan BO stel. Belangrik vir hom is dat daar kennis geneem behoort te word van wat onder jongmense aan die gebeur is as hulle gewikkel is in die stryd om te verstaan wat hulle plek in die wêreld is en hoedat hulle vir hulself sin daarin moet maak (Myers 2016:7). In die daaropvolgende jaar kom Andrew Peterson en Brendan Bentley (2017:106 ff.) weer eens tot die gevolgtrekking dat daar nog eintlik geen konsensus bestaan oor wat presies burgerskap en dus BO behels nie; daar bestaan baie sieninge daaroor en die gevaar bestaan dat BO vir allerlei doeleindes aangewend kan word. Meer onlangs kom Amy Stornaiuolo en Phillip Nicholls (2019:2/20) met die voorstel dat sosiologiese pogings om kosmopolitanisme as ’n vorm van kosmopolitiek na vore te bring inderdaad ’n potensieel waardevolle denkrigting aan opvoeders bied, aangesien dit die aktiewe politieke arbeid beklemtoon wat geverg word om ’n gemeenskaplike wêreld, ongeag onderlinge verskille, te bedink.

Wat die gesprek in Suid-Afrika betref, sluit Waghid (2010) hom by die internasionale diskoers aan deur nadruk op die opvoedende aspekte van BO te lê; slegs so kan die goeie

burger gekweek word. BO moet gekenmerk word deur die uitvoering van moreel regverdigbare handelinge. Op hierdie manier kan ’n aanvaarbare samelewing tot stand kom. Ook Fataar (2017) lê klem op opvoedende onderwys met die oog op die ontwikkeling van die menslikheid van almal wat betrokke is by BO. Smith en Arendse (2016) gee ’n oorsig van die hervorminge rakende BO in Suid-Afrika en kom tot die gevolgtrekking dat dit verhef behoort te word tot ’n volwaardige skoolvak, en nie een wat as deel van Lewensvaardighede/Lewensoriëntering aangebied word nie. Joubert (2018) verleen groter substansie aan die kurrikulumriglyne vir BO in die *Curriculum and Assessment Policy Statement* (CAPS)(DvO 2011) deur vir Lewensoriënteringsonderwysers leerinhoud te bied en wenke te gee oor hoe om hierdie inhoude te onderrig. In die proses sluit sy ook aan by aspekte van die heersende diskoers oor BO. Sy bekyk die leerinhoude onder meer vanuit die perspektief van die moderne demokratiese staat, ook dié van burgerskap op sigself, dié van die nasiestaat en geregtigheid (en sluit daarmee aan by Banks se gedagtegang), die perspektief van Waghid se liberale en kommunitariese benadering waarna hier bo verwys is, en ook deur die bril van minderheidsgroepsidentiteit, verantwoordelikheid, identiteit en deelname.

Hierdie ekskurs met sewemyllaarse deur die onlangse diskoers oor burgerskap en BO onderstreep dat daar nog geen voor die hand liggende antwoorde is oor wat burgerskap presies behels nie, en gevolglik ook nog geen konsensus oor uitgangspunte aangaande, en selfs die doel van, BO bestaan nie. Dit bring ’n mens tot die besef dat selfs ’n terugblik oor die (ontwikkeling van) verskillende sieninge oor hierdie sake jou nie tot finale insig kan bring nie. Dit sal bepaald net so moeilik wees om tot finale antwoorde te kom ten aansien van ’n onbekende toekoms. Dit is egter wel moontlik om ’n paar tendense te identifiseer wat op die een of ander manier ’n impak op ons siening van burgerskap en BO in die toekoms mag hê.

## 4. LEWENSBESTAAN IN 2050 EN DAARNA: ’N TENTATIEWE SKETS

Soos gestel, sentreer die onderstaande skets rondom die vyftien modale aspekte van die werklikheid. Hierdie aspekte van die werklikheid sal as gevolg van hul ontisiteit van krag bly as permanente kenmerke van die werklikheid en lewe (Strauss 2009:71). Die kosmos (die geordende universum) besit en vertoon hierdie vyftien aspekte, en dit sal nie verander nie, tensy die wêreld soos ons dit tans ken en die mense wat dit tans bewoon tot niet gaan of vervang word met ’n ander wêreld met niemenslike bewoners, dus een met ander ontiese kenmerke. Die vyftien modale dimensies van die werklikheid soos hier onder beskryf, is vir doeleindes van hierdie studie beskou as die basiese onveranderlikes[3] in terme waarvan ons die toekoms soos ons meen dit kan ontvou, kan “beskryf”. Normatief gesproke, kan gepoog word om ’n gewenste en wenslike toekoms te konstrueer (Höjer & Mattson 1999:24-25) of om ’n verkieslike toekoms te “voorspel” (Sardar 2010:178) – take wat nie in hierdie bespreking aangedurf word nie.

Die verwagte toekoms rondom 2050 in terme van die modale aspekte van die wêreld en die lewe mag moontlik soos volg daar uitsien:[4]

3 Insig in die aard van aspekte van die werklikheid kan met verloop van tyd verander, maar sodanige verandering of groei in insig hef nie die konstante ontiese gegewenheid van die aspekte van die werklikheid op nie. Die onderskeiding tussen die kinematiese en die fisiese aspekte het byvoorbeeld eers later na vore getree (Strauss 2020:140, 142).

4 Dit spreek vanself dat nie alle moontlike toekomstige veranderinge en verwikkelinge in ’n artikel van beperkte omvang beskryf kan word nie. ’n Mens dink in hierdie verband aan probleme soos grootskaalse werkloosheid, verkorte werksdae en gevolglike behoefte aan meer ontspannings-


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a6

**Die kwantitatiewe aspek:** Daar word verwag dat die wêreldbevolking sal groei tot ongeveer 10 miljard teen 2050 en tot 14 miljard teen 2060, en dat die meeste mense sal verstedelik (Suid-Afrikaanse Radio (RSG), 20 Maart 2019). Tensy ’n katastrofe tussenbeide tree, kan verwag word dat groot getalle mense langs riviere sal saamtrek, en dat stede eksponensieel sal groei, dat nuwe stede sal verrys, en dat persoonlike en sosiale ruimte toenemend beperk sal word. Ons sien dit reeds gebeur in Suid-Afrika. Die bevolking het reeds bykans 59 miljoen bereik in 2019, waarvan meer as 26% in Gauteng, die kleinste provinsie, woon. In die lig van die faktore soos ekonomiese globalisering, nuwe vorme van transnasionale mobiliteit en ’n toenemend versplinterde internasionale landskap, sal mense moet leer om met mekaar saam te leef te midde van betekenisvolle verskille (Storniaiulo & Nicholls 2019:2/20); en om dit te doen in persoonlike en groepsruimtes wat toenemend krimp as gevolg van die groei van die wêreldbevolking.

**Die ruimtelike aspek:** Daar sal van mense verwag word om te lewe en hul besigheid te bedryf in al kleinerwordende persoonlike en sosiale ruimtes, met oorbenutting en oorbesetting as ’n kenmerk van die alledaagse lewe. Die oppervlakarea van die wêreld waarop mense kan bestaan en ’n lewe kan maak, bly konstant terwyl die globale bevolking steeds toeneem (Van Rensburg 2019:2). Dit is moontlik dat die mees basiese vorm van wedywering in hierdie omstandighede sal wees om ’n skaflike persoonlike en groepsruimte te vind, en om die inkruiping van ander mense op jou ruimte te weerstaan. Sodanige wedywering kan alreeds bespeur word in vervalle areas, soos byvoorbeeld agterbuurte en informele nedersettings; dit sal moontlik toeneem as gevolg van die invloei van mense vanaf plattelandse gebiede en van die groei van die bevolking as gevolg van beter mediese en sosiale sorg, met name maatskaplike toelaes en ’n nasionale mediese sorgstelsel. Verder sal die wêreld kleiner word as gevolg van die ontwikkeling van gevorderde vervoer- en kommunikasiemedia. Mense het alreeds in 2020 wêreldburgers geword en hierdie neiging sal voortduur en in intensiteit toeneem, tensy dit verhoed word deur die een of ander ramp. Die “ruimte” wat beslaan word deur onderrig-en-leerinstellings soos skole en universiteite sal ook verander van plekgeöriënteerd tot leerdermatrysgeöriënteerd, in die vorm van inligtingsplatforms, virtuele leeromgewings en rekenaargebaseerde onderrig-, leer- en assesseringstelsels (Beethams & Sharpe 2007:5).

**Die bewegingsaspek:** Die bewegingsaspek het betrekking op konstante beweging of vloei. Soos Moon (2010:1) en andere aangedui het, sal die toekoms heel moontlik gekenmerk word deur voortdurende vloei en fluktuasie. Soos dit tot nou toe was, sal die toekoms gekenmerk word deur konstante verandering (Sardar 2010:178). Bykans al die probleme waarmee ons tans te kampe het, word alreeds daardeur gekenmerk dat hulle ingebed is in snelveranderende landskappe. Konstruktiviste wys op die deurlopende fluktuerings, aanpassings en transformasies wat tegelyk op verskeie terreine plaasvind; daar is reeds ’n deurlopende spel van elemente, soms teenstrydig, soms saamvloeiend, soms parallel, waarin nuwe elemente soos trosse ineengevlegte idees, konstrukte, diskoerse en institusionele praktyke verenig en stabiliseer, net om nuwe uiteenlopende rigtings, gebeure en vérgesigte te open (Jensen 2019:4/29).

geriewe, dwelmmisbruik, vroue- en kindermishandeling, wetteloosheid – selfs tot op die vlak van anomie, religieuse en politieke ekstremisme, wanregering, korrupsie en dies meer – die lys is lank. As die inhoud van hierdie artikel burgerskapsonderwysers net gevoelig gemaak het vir wat moontlik oor drie dekades voorlê vir die kinders en jongmense wat tans in die klaskamers voor hulle sit, het dit sy doel bereik.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a6

**Die fisiese aspek:** Volgens Strauss (2009:89) het hierdie aspek van die werklikheid, van die wêreld rondom ons, te make met dinamika, versnelling en vertraging, oorsaak en gevolg, oorsaaklikheid en verandering. Hierdie aspek sal 'n belangrike rol speel in die lewe teen 2050 – wanneer ruimte toenemend beperk raak, wedywering toegeneem het, mense met moeite 'n bestaan moet maak en moet rondtrek om die beste te maak van heersende toestande, mense moet reageer op omstandighede, hulle privaatheid en rus en kalmte te midde van die gewoel rondom hulle soek, en hulle moet soek na hulpbronne en werksgeleenthede om hulleself en hul gesinne te onderhou. Dit is te verwagte dat die soort bedrywigheid wat tans waargeneem kan word in informele nedersettings en in binnestede in intensiteit sal toeneem. Die probleme waarmee mense te kampe sal hê, sal moontlik in kompleksiteit, onderlinge verbintenis en teenstellinge toeneem, en gevolglik aanleiding gee tot 'n onsekere bestaan, onderhewig aan konstante verandering (vgl. die kinematiese aspek hier bo). Pogings om een probleem op te los, mag verskeie ander skep (Sardar 2010:183).

**Die biotiese aspek:** Hierdie aspek verwys na lewe en die gehalte daarvan. Dit is alreeds uit voorgaande duidelik dat dit moeilik mag word vir groot gedeeltes van toekomstige bevolkings om huis en haard aanmekaar te hou te midde van die toenemende geroesemoes en gepaardgaande wedywering om kos en skuiling. Aan die ander kant, soos sal blyk uit die bespreking van die maatskaplike implikasies van die situasie in die toekoms, is dit moontlik dat mense, byvoorbeeld familielede, bymekaar sal bly en saamwerk ten einde 'n betekenisvolle bestaan vir die lede daarvan te verseker. Al hierdie planne sal bes moontlik (ongesonde) wedywering tussen groepe tot gevolg hê, soos wat trouens reeds waargeneem kan word onder taxiorganisasies in informele nedersettings. Vooruitgang in medisyne en mediese sorg en in biologiese tegnologie mag voorts lei tot 'n afname in die sterftesyfer en dus tot langslewendheid. Dit is 'n voorbeeld waar die oplossing van een probleem, naamlik die uitwissing van siektes soos MIV-vigs en tuberkulose, mag lei tot ander probleme, soos oorbevolking en 'n tekort aan voedsel en werk, wat op hulle beurt weer aanleiding kan gee tot verhoogde armoede en 'n toename in misdaad. Hierbenewens mag blote "normale" daaglikse lewe sowel as tegnologiese en kulturele ontwikkeling lei tot 'n toename in rommel en besoedeling, wat die lewens van alle organismes, insluitende dié van die mens, kan bedreig.

**Die sensitiewe/psigiese aspek:** Hierdie aspek van die werklikheid verwys na sensitiwiteit, gevoel en innerlike emosionele toestand. Dit is moeilik om te voorspel hoe die burgers van die lande van die wêreld die gebeure en ontwikkelings rondom hulle sal ervaar, wat hulle gemoeds- en emosionele toestand sal wees. Dit is reeds duidelik, soos blyk uit die Verenigde Nasies se Volhoubare Ontwikkelings-oplossingsraamwerk van 2018, dat baie mense oor die ganse wêreld glad nie danig gelukkig is met hul omstandighede nie. Die emosionele toestand van mense in Afrika en Asië word reeds beskryf as "vol kommer, hartseer en woede" (Nienaber 2019:5). Toestande drie dekades van nou af mag lei tot 'n verergering in hierdie negatiewe innerlike emosionele toestand van mense, veral diegene wat hulle weens verskeie redes in die noute (sal) bevind. Die teenoorgestelde mag egter ook waar wees van diegene wat hulleself aan die ander kant van die rykdom-armoede-spektrum bevind, hoewel geluk nie slegs afhanklik is van 'n hoë bruto binnelandse produk, en van 'n hoë persoonlike inkomste nie (Helliwell, Layard & Sachs 2019: hoofstuk 2, ongenommerde bladsye).

**Die analities-logiese aspek:** Ons eie tyd word reeds gekenmerk deur sowel ontologiese as epistemologiese omwenteling. Met ander woorde, ons is reeds stadig maar seker besig om

van gedagte te verander oor die aard van die werklikheid, die aarde en van onsself in verhouding daarmee (Sardar 2010:17), en hierdie neiging sal moontlik voortduur. ’n Verskuiwing van modus 1- na modus 2-kennis het reeds plaasgevind: kennis word reeds toenemend beskou as voorlopig, gekontekstualiseer, kultuurspesifiek, en gekonstrueer eerder as finaal ontdek. Dit is in skerp teenstelling met die tradisionele akademiese waardes van onpartydige, objektiewe en onafhanklike ondersoek (Beetham & Sharpe 2007:6). Verskillende denkgroeperings abstraheer reeds uiteenlopende gevolgtrekkings uit “dieselfde” datastelle en situasies (Jensen 2019:10/29).

Die probleme van die toekoms, sommige waarvan reeds tans waarneembaar is, sal waarskynlik “speels oneindig” wees in die sin dat hulle nie ’n enkele oplossing nie, maar vele moontlikhede sal verg; hulle grense sal toenemend soepel en deurlaatbaar wees, en hulle sal neig om insigte te ontleen aan ’n menigte dissiplines en diskoerse (Sardar 2010:183). Die toestande tot dusver geskets, sal van die mense wat ongeveer in 2050 of daarna leef, vereis om hul analitiese vaardighede te slyp, te leer om op hul voete te dink, om geleenthede te sien en aan te gryp, om kreatief te wees en probleemoplossers te word. Dit sal nie slegs nodig wees om denkvaardighede te ontwikkel nie, maar ook om sodanige vaardighede toe te pas wanneer nuwe situasies en geleenthede vir ’n meer betekenisvolle bestaan opduik. Nuwe inligtingstegnologieë het reeds in ons eie tyd gelei tot ’n voorkeur vir kennis wat in digitale vorm aangebied word, oombliklik gedeel kan word, gereed vir digitale gebruik. Hierdie soort ontwikkelinge mag moontlik lei tot die verwaarlosing van sekere vorme van kennis, soos die ontwikkeling van praktiese vaardighede, kennis wat ingebed is in gebruikskontekste en in bedryfsgewoontes (Beetham & Sharpe 2007:4). Leerders se kennisbemeesteringsgewoontes is alreeds aan die verander: vanaf die bemeestering van “vaste” stukke kennis tot die gebruik van die Internet, teksboodskappe, die ontwikkeling en toepassing van sagteware, byvoorbeeld om video’s te kyk of musiek te luister; die gebruik van inligtings- en kommunikasietegnologie-toerusting; ’n knip-en-plak-mentaliteit; swak spelling en grammatika; en die skep van nuwe vorme van ongelykheid tussen leerders – diegene wat die tegnologie kan bekostig, teenoor dié wat nie kan nie en gevolglik agter raak. Kortom, ’n tegnologies-bepaalde toekoms mag lei tot gevoelens van vervreemding, magteloosheid en selfs tot ’n soort postmenslike toekoms gekenmerk deur misantropie. Mense mag kontak verloor met ander en ook met al die goeie dinge wat rondom hulle gebeur (Gaini 2018:13-14).

Die nuwe maniere van doen mag moontlik nuwe druk plaas op onderrig en leer, veral wat konteks betref (Beetham & Sharpe 2007:5-6; Kaplan 2017:46). Nuwe mentaliteite met betrekking tot die omgewing en kennisverkryging sal nuwe, kreatiewe benaderings van onderwysers en ander onderriggewers verg. Van hulle mag verwag word om te fokus op die doeltreffende gebruik van die tegnologieë wat reeds deur hulle leerders gebruik word, en om die leerproses te “orkestreer” eerder as om toe te laat dat dit sy eie loop neem soos wat die tegnologieë moontlik sal maak. Onderrig en leer sal waarskynlik meer leerdergesentreerd moet wees, in die vorm van omgekeerde klaskamers (“flipped classrooms”), en soos genoem, met gebruikmaking van die tegnologie waarmee die leerders alreeds vertroud is (Phiri 2018:2).

Hierdie aspek sowel as al die ander wat tot dusver bespreek is, sluit nie ’n toename van misdaad uit nie; sommige lede van die samelewing mag hulle hoop stel op misdaad om ’n bestaan te voer. Soos hier onder aangetoon word, sal hierdie soort gedrag indruis teen die etiese en morele aspek van die werklikheid en van menslike bestaan.

**Die semiotiese aspek:** Hierdie aspek het te make met tekens, seine, taal en ander betekenisdraende instrumente en meganismes. Dit is moontlik dat die nuwe gemeenskappe wat

teen 2050 tot stand sal kom hul eie tekens, seine en simbole sal ontwikkel, dat sommige tale sal verdwyn en ander te voorskyn kom uit samesmeltings van ouer tale, en dat Engels, Spaans of 'n ander taal die wêreldwye *lingua franca* kan word. Baie gemeenskappe en nasionale bevolkings sal veeltalig geword het as gevolg van die invloei van mense uit ander gebiede en die gevolglike multikulturalisme, soos hier onder bespreek.

**Die kultuurhistoriese aspek:** Volgens Strauss (2009:95) dui hierdie aspek op vormende beheer, of gewoon mag. Die toestande tot dusver geskets skyn daarop te dui dat individue of groepe mense wat in staat is om skaars kommoditeite en geleenthede te beheer, die beste daaraan toe sal wees. Daar kan dus verwag word dat 'n worsteling om politieke, ekonomiese, sosiale en ander vorme van mag en beheer 'n kenmerk van alledaagse bestaan sal wees. Hierdie toedrag van sake mag lei tot 'n voortsetting van die huidige stratifikasie van die samelewing, met diegene wat arm en magteloos is aan die onderpunt van die samelewing en die rykes en magtiges heel bo. Die samelewings van die toekoms mag voorts gekenmerk word deur verhoogde multikulturalisme, wat toegeskryf kan word aan vervagende nasionale grense en die konstante beweging van mense in hulle soeke na 'n beter lewe of in 'n poging om te ontsnap aan die uitsiglose omstandighede tuis – iets wat reeds blyk uit die beweging van Suid-Amerikaners na die Verenigde State van Amerika, en mense vanuit die Midde-Ooste na Europa. Alhoewel 'n mens nie saamstem met Sardar (2010:183) dat die menslike toestand basies 'n kulturele toestand is nie – dit is meer as net kultureel, soos hierdie bespreking aan die hand van die 15 modaliteite van die werklikheid en van menslike bestaan toon – kan toegegee word dat diversiteit sal bly en selfs toeneem oor die volgende drie dekades.

Kulturele ontwikkeling en die ontwikkeling van nuwe tegnologie en uitvindings hoort ook tot die sfeer van hierdie modaliteit. Tegnologieë soos die Internet, inligtingstegnologie, persoonlike webbladsye, blogs, potgooie, wiki's en persoonlike mobiele en "wifi"-toestelle wat toegang verskaf tot wêreldwye inligtingsdienste – kortom, die "demokratisering van inligting" – het alreeds ons lewens verander (Beetham & Sharpe 2007:4). 'n Onlangse opname deur PWC het getoon dat persone tussen die ouderdom van 25 en 34 neig om hul slimfone vir verskeie doeleindes te gebruik – om kruideniersware en ander verbruiksitems te koop, om flieks te kyk, musiek te luister, op hoogte van die nuus te bly, advertensies te kyk (televisie-advertensies speel 'n groot rol in hierdie verband); ook om fondse elektronies oor te plaas, rekeninge te betaal, en om tegnologie te gebruik vir gesondheidsorg (die opsoek van instruksies oor fisiese oefening, monitering van lewensfunksies, dieet en gewigsbestuur) (Wood 2019:13). Dit is te voorsien dat hierdie tendense nie slegs sal voortduur nie, maar inderdaad in reëlmaat en intensiteit sal toeneem. Daar is alreeds 'n fundamentele transformasie van reëlings en verwantskappe, waarvan baie op die onderwys 'n impak sal hê (Neill 2011:166).

Volgens Van Rensburg (2019:2) is tegnologiese ontwikkeling "eksponensieel": alle tegnologiese deurbrake lei tot verderes. Dit is gevolglik waarskynlik dat tegnologie wat tot dusver as nie haalbaar beskou is nie, soos byvoorbeeld dematerialisering en telepatiese kommunikasie, teen 2050 alledaags sal geraak het. Deurbrake op die gebiede van kommunikasie en vervoer is ook te wagte. Daar is ook die moontlikheid dat die kommunikasie- en vervoer-kanale oorbenut kan raak deur 'n steeds groeiende bevolking (Horne 2019). 'n Wêreldrolspeler op die gebied van tegnologie soos Multichoice (2019:11-15) het onlangs die volgende as moontlikhede vir die toekoms geïdentifiseer: versnelde mededinging in die tegnologiemark, veranderinge in verbruikersgewoontes, oortredings op intellektuele eiendomsregte, veranderinge in handelsmerkherkenning, sagte- en hardewarestelsels wat moontlik kan faal, ontwikkelings in satelliettegnologie en die verhoogde versoeking om stelsels te kraak, en ook ander vorme van bedrog en korrupsie.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a6

Dit is duidelik dat die nuwe inligtingstegnologie probleme rakende waarheid, sekerheid en betroubaarheid kan meebring, onder meer in die vorm van vals en misleidende nuus en inligting (kyk ook die bespreking aangaande waarheid, geloof en getrouheid hier onder). Sedert die skepping van die Internet ongeveer 1960 het mense toegang gehad tot 'n medium waar hulle enigiets wat hulle wou, kon publiseer. Facebook het later soortgelyke geleenthede geskep sonder dat die items vir waarheidsgetrouheid tot betreklik onlangs enigsins gekontroleer is. Dít terwyl daar tans ongeveer 2 miljard Facebookgebruikers, 300 miljoen Twittergebruikers en meer as 'n miljard Youtube-gebruikers, en vele meer op Google en Bing is. Fopnuus en -inligting kan dus 'n ontelbare aantal paadjies volg na die harte en verstande van verbruikers. Cullis (2018:93) som die huidige situasie soos volg op: "Waar daar geen filter is om 'n veronderstelling te onderskei van 'n feit nie, sal 'n gehoor wat nie opgelei is om die waarheid te verifieer nie hom of haar gedra soos wat 'n onopgeleide bestuurder op 'n besige pad sou doen." Volgens hom sal owerhede geen alternatief hê as om maniere te oorweeg om die vloei van inligting (en [on]waarhede) te reguleer nie. Dergelike pogings tot "inligtingsbeheer" sal na verwagting teengestaan word deur besighede en die inligtingsplatforms wat hulle verskaf, omdat hulle ten alle koste regulering, strafpunte en potensiële sluiting wil vermy. 'n Belangrike pedagogiese taak vir die toekoms sal wees om die jonger geslag toe te rus om fopnuus raak te sien, en ook hoe dit aangewend kan word om te mislei en te manipuleer.

Al die voorgaande impliseer dat kinders in die volgende drie dekades toegerus moet word om meer kreatief en innoverend as ooit te wees, om gereed te wees om die resentste tegnologie te benut maar nie tot nadeel van hul eie en ander se menslikheid nie (insluitende hul maatskaplike verhoudings en interaksies, persoonlike integriteit en genieting van vrye tyd). Soos sal blyk met betrekking tot die ekonomiese aspek van die werklikheid in die toekoms, mag die nuwe tegnologie ook lei tot die uitsterwing van sekere beroepe en die ontluiking van ander. Toekomstige generasies sal hierop voorbereid moet wees.

**Die sosiale aspek:** Hierdie aspek het te make met sosiale interaksie en omgang. Daar word verwag dat sommige samelewingsverbande[5] in hulle huidige vorme sal oorleef, soos die skool en die universiteit, terwyl ander waarskynlik nie in die huidige vorm sal oorleef nie, soos die kerngesin (vader, moeder en kinders) en godsdienstige instellings (as gevolg van sekularisasie en 'n algemene afwaardering van godsdiens ten gunste van persoonlike spiritualiteit, of bloot die verdwyning van godsdienssin of -affiliasie). Nuwe maatskaplike patrone, waarvan die aard nie nou presies voorspel kan word nie, sal waarskynlik na vore kom, dikwels gevorm as funksies van die stryd om oorlewing te midde van die toenemend oorbevolkte en mededingende toestande. Nuwe tegnologiese ontwikkelings mag ook maatskaplike en kulturele veranderinge teweeg bring (Beetham & Sharpe 2007:4).

---

5 Verandering veronderstel duursaamheid (konstantheid). Konstantheid is nie dieselfde as onveranderlikheid nie. Die veranderinge wat teen 2050 verwag word, kan nie sonder die onderliggende konstanthede plaasvind nie. Strauss (2020:140) stel hierdie uitgangspunt soos volg: "...the principle of change is based on (has its foundations in) the principle of continuity". Elders (Strauss 2020:143) verwoord hy hierdie punt op die volgende manier: "...the well-known composite phrase asserting that *everything is constantly changing* appears to emphasize the element of *change* without noticing the ever-present and equally essential feature of an accompanying term oriented to *constancy*." Volgens hom beteken konstantheid kontinue vloei, 'n reglynige beweging. Samelewingsverhoudinge, wat uiteenval in maatskapsverhoudinge, gemeenskapsverhoudinge en verbandsverhoudinge, bly dus duursaam danksy die onderliggende konstantheid daarvan.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a6

**Die ekonomiese aspek:** Hierdie aspek verwys na die ekonomiese lewe in en van die samelewing, met ander woorde, hoe die waarde van dinge gemeet en bestuur word. Die woord "ekonomie" is ontleen aan die Griekse *oikia* (huis of tuiste) en *nomos* (wet). In die lig van die te verwagte lewensaspekte teen 2050, wat hier bo tentatief beskryf is, word voorsien dat die "maatskaplike huis" van die toekoms "nuwe" waardes aan sosiale omgang en interaksie sal heg; ook aan samewerking, aan die kommoditeite benodig vir oorlewing, en aan sosiale kohesie in die vorm van uitgebreide families of selfs van misdadige konsortiums. Verskeie vorme van nuwe maatskaplike patrone sal na verwagting in tandem met die maatskaplike reëlings van die 2050-epog ontwikkel. Alhoewel planne onophoudelik gemaak sal word om armoede te beveg, sal dit waarskynlik steeds 'n kenmerk wees van die wêreld, en mag dit selfs in sommige dele van die wêreld toeneem. 'n Ander ontwikkeling mag die verdwyning van sekere beroepe en die opkoms van nuwes wees. Dit is byvoorbeeld te wagte dat die beroep van reisagent, bibliotekaris en bankteller sal verdwyn en dat beroepe in die robotikamark sal ontwikkel (Malherbe 2019:23). Daar sal na verwagting 'n groter vraag wees na inligtingsgeletterdheid, inligtingsvaardighede eerder as na korpusse van kennis, ook na groter kennisbuigsaamheid en -vloeibaarheid, die konstante bywerking van vaardighede, voortdurende professionele ontwikkeling, en ook 'n fokus op die voorbereiding van leerders vir werk in die nuwe inligtingsekonomie (Beetham & Sharpe 2007:5). Volgens navorsers soos onder meer Petrovic en Kuntz (2014) en Ben-Porath en Smith (2013) sal 'n neoliberale geneigdheid, saam met sy teenoorgestelde, neo-konserwatisme, steeds in die toekoms gedy. Mclaren (1995) is selfs van mening dat dit sleutelbegrippe kan wees van 'n predatoriese kultuur gekenmerk deur die misbruik van mag, die wêreldwye uitbreiding van markkapitalisme, die reïfikasie (verdingliking) van die voorheen gekoloniseerde volke en groepe se waardes, met die gepaardgaande historiese amnesie of geheueverlies, klakkelose en gedagtelose nasionalisme, vals nuus en so meer.

**Die estetiese aspek:** Aangesien mense altyd mense sal wees, sal hul sin vir skoonheid en harmonie waarskynlik nie juis verskil van dit wat met verloop van tyd beskou is as gangbaar nie. Mense sal altyd 'n waardering hê vir die skoonheid van 'n sonsondergang of 'n boom vol bloeisels. Hul graad van waardering van skoonheid en harmonie kan egter deur die omstandighede beïnvloed word. Mense vasgevang in 'n oorlewingstryd mag dalk nie die tyd of geleentheid hê om op te kyk en iets pragtigs rondom hulle te waardeer nie.

**Die juridiese aspek:** Die kernbetekenis van hierdie aspek is die handhawing en instandhouding van wet en orde, en vergelding in geval van oortreding. Dit is moeilik om te voorspel hoe hierdie aspek van die werklikheid en van menslike bestaan oor die volgende drie dekades sal ontvou, maar dit is moontlik dat regerings en die leiers van die onderskeie samelewingsverbande (vgl. voetnoot 5) sal poog om wette, reëls, norme en regulasies te formuleer en toe te pas te midde van die groeiende sosiale, ekonomiese en politiese gewoel rondom hulle. Dit is ook moontlik dat die woelende bevolking daartoe sal neig om sulke wette en regulasies te ignoreer en uit te tart, en dat oortreders owerhede sal noop om allerhande soorte boetes en strawwe af te dwing. Daar sal waarskynlik steeds regerings wees, hetsy demokraties verkies of selfaangestel, asook polisiemagte, geregshowe, tronke en ander vorme van ordehandhawing, maar hoe hulle sal funksioneer, is moeilik om te sê. Ooreenkomstig met wat gestel is oor die kultureel-historiese aspek van die werklikheid, sal daar bes moontlik steeds diegene wees wat streef na politieke en ander vorme van mag. Dit is inderdaad moontlik dat hewige magstryde 'n kenmerk van lewe teen ongeveer 2050 mag wees.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a6

**Die moreel-etiese aspek:** Mense sal bes moontlik altyd moreel-etiese wesens bly. Soos blyk uit die bespreking van religieuse en geloofsekerheid verder aan, sal hul begrip van wat as eties (waardes van buite opgelê) en moreel (waardes van binne-uit uitgeleef) beskou word, beïnvloed word nie slegs deur hul sosiale en ander omstandighede soos hier bo beskryf nie, maar ook deur hul spesifieke godsdienstige en geloofsoriëntering, vir sover dit nog sal bestaan. Dit is moeilik om op die huidige moment te voorspel hoe individuele en groepswaardesisteme sal ontwikkel en ontvou in die volgende drie dekades. Wat wel met 'n mate van vertroue gestel kan word, is dat mense steeds in ooreenstemming met hul spesifieke waardestelsel sal ontwikkel, optree, handel en lewe. In sommige gevalle mag hul waardestelsels lei tot misdadigheid, en in ander tot pogings om te ontsnap aan die geharwar deur uit te wyk na 'n meer afgeleë plek. Soos genoem, sal menslike diversiteit waarskynlik teen 2050 toeneem. Soos nou alreeds die geval is, sal daar erkenning moet wees vir die feit dat daar verskillende maniere van menswees is. Die imperatief sal steeds wees om te verstaan dat die toekoms oop is vir alle moontlikhede en vir die ontplooiing van menslike diversiteit. Eweneens soos nou reeds, sal *Cui bono*? een van die sleutelvrae wees wat met betrekking tot toekomstige ontwikkeling gevra sal moet word: Wie sal baat vind by die ontwikkelinge wat moontlik kan ontvou? (Sardar 2010:183). Hoe mense kennis beskou, die toepassing en effektiwiteit van die toepassing daarvan sal afhang van hulle waardestelsels in die nuwe tegnologiese omgewing. Nuwe vorme van leer en kennis, nuwe omstandighede in die samelewing en tegnologiese ontwikkelinge mag konflik meebring ten opsigte van tradisionele waardes (soos ook in die handel) (Beetham & Sharpe 2007:6).

Daar is alreeds tekens dat die etiese universalisme geassosieer met liberalisme sedert Kant, naamlik die erkenning van menseregte en besorgdheid oor die mensdom as geheel, onder skoot kom en dat meer kranties-etiese benaderings soos dekolonisering, postkolonisering, verinheemsing, anti-Westerse, anti-wit oorheersing, anti-imperialistiese, anti-Eurosentriese, anti-patriargale benaderings en kosmopolitanisme-as-kosmopolitiek voorkeur geniet (Stornaiuolo & Nicholis 2019). Die missie van hierdie benaderings, volgens Stornaiuolo en Nicholls (2019:2/20) is "om die mens se geleefde geskiedenis, alledaagse werklikheid en bestaan in ag te neem by die oorweging van 'n veelheid van aansprake, veral in kontekste van gedwonge migrasie, staatsbefondsde geweld, en diaspora," sowel as, kan bygevoeg word, omstandighede wat teweeg gebring word deur groter mobiliteit, kragtiger kommunikasietegnologieë, verdwynende nasionale en ander grense, en die gepaardgaande trans- en internasionalisme en globalisering. Toestande soos die volgende maak ook 'n appél op 'n nuwe etiese benadering: armoede en voortgesette ekonomiese ongelykheid, xenofobie, terrorisme, nuwe vorme van oorlogvoering en internasionale konflik, moderne slawerny, klimaatsverandering, vlugtelingskrisisse, neoliberale hervormings, ongelyke toegang tot skoling en tot digitale tegnologieë, rassisme, wit oorheersing, om maar 'n paar te noem (Stornaiuolo & Nicholls 2019:12/20).

**Die godsdienstige en geloofsaspek:** Hierdie aspek van die werklikheid verwys na sekerheid, vertroue, getrouheid en betroubaarheid. Die vraag waarin 'n individu of groep sy sekerheid, vertroue en onderlinge verbintenisse vind, sal steeds teen 2050 gestel word. Waaraan wy hulle hul toe en waarin glo hulle? Dit is moeilik om antwoorde op hierdie vrae in 'n 2050-raamwerk te waag. Dit is egter moontlik dat twee huidige tendense verder sal ontplooi. Aan die een kant is dit moontlik dat sekularisme sal toeneem, met ander woorde 'n laatvaarding van godsdienstige instellings soos kerke, en ook van godsdiens as sodanig (moontlik ten gunste van een of ander vorm van spiritualiteit) en selfs die totale verdwyning van godsdienstige instellings. Aan die ander kant is dit moontlik dat godsdienstige ekstremisme hom verder sal laat geld in die vorm


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a6

van aanvalle op godsdienstige mense, of mense wat beskou word as "anders" (soos reeds regoor die wêreld plaasvind; 'n mens dink aan die aanvalle op 'n moskee in Christchurch, Nieu-Zeeland, op onskuldige verbygangers in Utrecht, Nederland, in Maart 2016, en op buitelanders en hulle eiendom in Suid-Afrika in Oktober 2019). Daar kan met 'n redelike mate van vertroue veronderstel word dat individuele en groepsgedrag ten opsigte van die vorige veertien modale aspekte van lewe teen 2050 en verder aan bepaal sal word deur die betrokke mense en groepe se godsdienstige en geloofsoriënteringe omdat mense teen 2050 steeds mense sal wees en dus in wese nog draers van die *semen religionis*. Hulle religieuse verbintenisse, soos nog altyd, sal teen 2050 steeds die aard van hul lewensbeskouinge en waardesisteme bepaal en dus hoe hulle hul sal gedra met betrekking tot verwikkelinge ten aansien van al vyftien modale lewensfere.

## 5. DIE ROL EN FUNKSIE VAN BURGERSKAPSONDERWYS IN 2020 OM TOEKOMSTIGE BURGERS TE HELP OM DIE UITDAGINGS VAN 2050 EN DAARNA DIE HOOF TE BIED

Dit is duidelik uit die voorgaande dat die toekoms teen 2050 erg gekompliseerd sal wees. 'n Aanduiding van die ingewikkeldheid van die situasie kan afgelei word uit die mees onlangse verslag van die Volhoubare Ontwikkelingsoplossingsnetwerk (SDSN) van die Verenigde Nasies (Helliwell *et al*. 2019), wat nie slegs daardie lande identifiseer waarvan die burgers die gelukkigste is ten opsigte van ses aanduiders (Bruto Nasionale Produk *per capita*, lewensverwagting, maatskaplike ondersteuningstelsels, vryheid om belangrike lewensbesluite te neem, vrygewigheid en persepsies oor korrupsie) nie, maar ook aantoon dat tevredenheid oor die wêreld heen afgeneem het namate die wêreldbevolking gegroei het. Die tevredenheidskoëffisiënt het veral in die afgelope aantal dekades 'n sterk afwaartse neiging getoon, en dit sal waarskynlik verder so voortgaan, veral wat Afrika en Asië betref (Nienaber 2019:5).

Die vraag is nou: Noudat ons 'n tentatiewe skets van die wêreld en lewe teen 2050 het, wat doen ons nou, in die jaar 2020, om toekomstige burgers te help om die lewe met welslae die hoof te bied oor ongeveer drie dekades? Stornaiuolo en Nicholls (2019:10/20) betoog tereg dat die uitpluis van watter wêreld ons probeer bou, en van ons posisie in daardie wêreld ten opsigte van andere, juis die taak van opvoeding en onderwys is. Opvoeding is altyd toekomsgerig en normatief (Ben-Porath & Smith 2013:3); dit behels dus die vraag wat nou gedoen behoort te word vir die kinders (leerders, studente) in 2020, sodat hulle toegerus vir die lewe in die toekoms sal wees en die beste kan doen met hul toekomstige potensiaal? BO het gevolglik 'n tweeledige taak, naamlik om die leerders voor te berei vir hul burgerlike pligte die dag as hulle die skool verlaat, maar ook vir die nog verder geleë toekoms, wanneer hulle op die kruin van hul loopbane sal wees as burgers van die land en van die wêreld, en selfs nog verder aan vir die lewe in die laaste stadiums van hulle aardse bestaan. Kortom: BO moet toekomsgerig wees. Hierdie oriëntasie moet egter ook realisties wees: leerders moet toegerus, gevorm, gelei word ten opsigte van 'n toekoms wat met redelikheid verwag kan word om te ontvou – hier en daar onderbreek deur insidente kenmerkend van 'n tans moontlik ondenkbare toekoms, byvoorbeeld dat teen 2050 alle padvervoer vervang kan wees deur lugvervoer of deur dematerialisering, en dat alle kommunikasie plaasvind deur middel van geestesbeelding en/of telepatie.

Die oriëntasie waarna pas hier bo verwys is, omvat twee aspekte. Aan die een kant rus daar 'n sware verantwoordelikheid op die skouers van BO-onderwysers om hulle leerders te

vorm en te lei sodat laasgenoemde voorbereid is om in die toekoms te leef soos wat dit ontvou. Wat hierdie verantwoordelikheid behels, hang af van hul etiese instelling, met ander woorde, hulle begrip van hoe hulle as onderwysers hulle eie lewens behoort te bestuur; dog ook hoe hulle die leerders wat aan hulle toevertrou is, behoort te lei om die verskil te begryp tussen reg en verkeerd, goed en sleg. Wat 'n onderwyser in hierdie verband besluit, sal uiteraard afhang van sy of haar eie godsdienstige toewyding en lewenskonseptuele oortuigings, maar uiteindelik, soos Thompson (2017:242) tereg opmerk, het alle persone 'n begrip van wat eties en moreel aanvaarbaar is. Aan die ander kant behels die werk van BO-onderwysers dat hulle geroepe is om die leerders se innerlike morele bewussyn van wat beskou kan word as reg of verkeerd, goeie en slegte gedrag in hul spesifieke maatskaplike opset te versterk, ook vir en in die verdere toekoms. Met ander woorde, BO-onderwysers word opgeroep om 'n stel waardes by hul leerders in te skerp wat hulle van binne sal dryf en hul bewustheid en gewete sal vorm met betrekking tot aanvaarbare gedrag in hul spesifieke maatskaplike en sosiale omgewings. Een van die grootste uitdagings teen die jaar 2050 sal wees om aan te hou om te doen wat reg en goed en tot die beswil van die samelewing is. Hierdie eis sal nooit verdwyn nie; vir mense om rustig in toenemend saamgedronge toestande te leef, sal aansienlike innerlike morele krag verg. Morele spierkrag sal noodsaaklik wees om 'n bestaan te maak in sulke toestande, met duisende mense wat wedywer vir 'n werk; dit sal morele selfbeheersing verg om nie toe te gee aan allerlei onderduimse maniere om 'n bestaan te probeer maak nie.

Samevattend: *twee dinge behoort tuisgebring te word* in die bewussyn van diegene wat aan die onderwysers toevertrou is – die leerders: die *etiese,* as 'n stel waardes van buite opgelê (soos die skool se erekode, die land se grondwet, die etiese voorbeeld gestel deur onderwysers en die ouers, die morele waardes wat heers in hul gemeenskap, hul land en die groter wêreld – soos die *Internasionale Verklaring van Menseregte van die Verenigde Nasies*); en die *morele*, daardie stel waardes wat goeie en aanvaarbare gedrag aanvuur van binne (Petrovic & Kuntz 2014:x). Suksesvolle BO sal plaasgevind het indien en wanneer hierdie twee stelle waardes saamvloei in die bewussyn van die leerders. Die uitdaging is om hierdie ideaal in die kort termyn te verwesenlik, maar dan met die oog op die verdere toekoms.

BO-onderwysers sal die leerlinge wat aan hulle toevertrou is ook moet lei om *in die toekoms in te tuur*, na 2050 toe, en hulle te help om te begryp wat van hulle verwag kan word as hulle volwassenes is op die kruin van hul loopbane, as ouers en as lede van die gemeenskap. Langs die weg van voorbereiding van leerders vir die toekoms sal opvoeders moet verstaan, soos Beetham en Sharpe (2007:4) tereg opmerk, dat nuwe tegnologiese ontwikkelings "in die pedagogiese praktyk geassimileer (behoort te) word sonder om die fundamentele waardes oor hoe mense leer, prys te gee". Nuwe tegnologieë mag 'n impak hê op die aard van kennis; hulle mag ook nuwe uitdagings stel aan onderrig en leer. Studente sal hierbenewens toegerus moet word met die vermoë om die gevare van tegnokapitalisme en die misbruik van mag tot nadeel van die armes en die swakkes raak te sien (McLaren 1995:184).

BO-onderwysers sal voorts aan die leerders wat aan hulle toevertrou is, leiding moet gee om *gereed en voorbereid te wees* vir die uitdagings wat in die afsienbare toekoms vir hul wag: die verskeie rolle wat hul moontlik sal moet speel, die raaksien van die slaggate van 'n onvoorspelbare toekoms, die uitdaging van skeppend te wees en op jou voete te kan dink en doen, die uitdaging om getrou aan jouself te bly, aan jou eie waardesisteem (jou morele inbors) en jou godsdiens en godsdienstige affiliasie, die uitdaging om die golwe van die tyd te ry terwyl hulle breek sonder om jou persoonlike integriteit op te offer, en vele meer. Die belangrikste onder al hierdie uitdagings, soos Petrovic en Kunz (2014:xi) tereg aantoon, is die vermoë om tegnologie met die oog op kritiese betrokkenheid in die openbare arena aan te

wend. Tegnologie moet ingespan word as substantiewe betrokkenheid in die kuber-openbare arena as ’n manier om kommunikasie te bevorder. Dit sluit ook die vermoë in om dit wat deesdae soms vir nuus aangesien word, te kan evalueer.

BO-onderwysers sal die leerlinge wat aan hulle toevertrou is ook met *’n begrip moet toerus van wat dit sal behels om* suksesvol *in 2050 en daarna te leef*. Hulle moet verstaan dat welslae nie noodwendig uitgedruk hoef te word in materiële rykdom of ’n neoliberale of neokonserwatiewe begrip van sukses nie. Die onderwyser se eie integriteit, lewensbeskouing en godsdienstige oortuigings sal heel waarskynlik ’n rol hier speel as deel van die verskuilde kurrikulum. Die begrippe “sukses” en “suksesvolle bestaan” kan en moet normatief gelaai bly met ’n etiese en morele betekenisinhoud: verwys sukses slegs daarna om vir jouself en jou eie te sorg, of sluit dit ook die sorg vir ander in, diegene wat op verskeie maniere anders is, en wat mededingers vir die geleenthede en al hoe skaarser wordende verbruiksitems geword het?

*Innovering* sal ’n sleutelkonsep moet wees in BO. Innovering is noodsaaklik om aan te pas by vinnige en immer versnellende verandering (Sardar 2010:178). Leerders moet voorberei word om gemaklik te wees om langs en saam met allerlei vorme van tegnologie te kan werk en te lewe (Neill 2011:170). Hulle sal in staat moet wees om om te gaan met geweldige groot rekenaarkrag, intelligente tegnologieë en omgewings. Dit sal nuwe vaardighede en vermoëns vereis (Neill 2011:171).

Leerders moet voorts toegerus word om met *konstante verandering* (kyk voetnoot 3) *en vloeibare toestande* te kan saamleef. In ons eie tyd het studente alreeds gewoond geraak aan die idee van grense wat vervaag of totaal verdwyn, veral dié tussen werksplek, tuiste, vermaaklikheidsareas en opvoedkundige instellings. Hulle moet nou reeds in BO geleer word hoe om koers te kan hou in ’n selfs meer ingewikkelde toekomslandskap, ook wat die voorsiening van onderwys betref (Neill 2011:171).

Uiteindelik sal onderwys in al sy vorme (K-12 en verder) in die nabye toekoms sowel as in ’n verder geleë toekoms daarop moet fokus om toekomstige geslagte op te voed om steeds voluit mens te wees en in staat om ’n *gesonde balans te handhaaf*. Die vraag hier is: Wat beteken “gesonde” in hierdie onvoorspelbare toekoms? Daar word voorgestel dat BO-onderwysers (en diegene wat hulle tans oplei) kennis moet neem van die ontwikkelings wat verwag word om te ontvou in die volgende drie dekades, soos beskryf en bespreek in die afdeling hier bo onder die opskrif van die 15 modaliteite van die werklikheid. ’n Diepgaande kennis en begrip van moontlike ontwikkelinge in terme van al vyftien die aspekte van menslike lewe in die volgende drie dekades sal hulle en hulle leerlinge/studente in staat stel om die verlangde ewewig in hul lewens en verhoudings te bereik en te behou.

Wat al hierdie uitdagings vir BO- en ander onderwysers in Suid-Afrika in die besonder betref, behoort kennis geneem te word daarvan dat die *Curriculum and Assessment Policy Statement* (CAPS) (DvO, 2011) tans nog nie voorsiening maak vir BO as ’n afsonderlike skoolvak nie, dog wel vir die taak om die vaardighede rakende die hantering van toekomstige ontwikkelinge by die leerders tuis te bring. Die CAPS onderstreep byvoorbeeld dat BO, as onderdeel van Lewensvaardighede/Lewensoriëntering, soos al die ander skoolvakke, behoort te streef na die verwesenliking van al die doelstellings van die skoolkurrikulum. Volgens artikel 4(b) van die CAPS moet die leerders voorberei word vir betekenisvolle deelname aan die samelewing as burgers van ’n vrye land. Belangrik, in die lig van die tema van hierdie artikel, is die bepaling in artikel 5 dat die kurrikulum vir grade 3 tot 12 daarop gerig moet wees om die leerlinge te lei tot probleemoplossing, doeltreffende werk, die vermoë om hulself te organiseer en te bestuur, tot inligtingversameling en -gebruik, doeltreffende kommunikasie, die doeltreffende benutting van wetenskap en tegnologie, en tot ’n goeie begrip van die wêreld


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a6

rondom hulle. Die leerders se toekomstige welsyn gaan onder meer daarvan afhang of hulle ingeligte, moreel-verantwoordelike en -toerekenbare besluite sal kan neem oor hulle eie gesondheid en hulle omgewing. Artikel 8 onderstreep die feit dat leerders toegerus behoort te word met die vaardighede wat hulle in staat sal stel om doeltreffend te kan handel in en met veranderende situasies, en om hulle eie vaardighede met vertroue te kan herken, ontwikkel en met ander te deel.

Dit is uit hierdie kort greep uit die CAPS duidelik dat die kurrikulumbeplanners ook die gedagte in die agterkop gehad het dat leerders tans alreeds toegerus behoort te word deur middel van die hele skoolkurrikulum, insonderheid die BO, om die uitdagings van die toekoms doeltreffend die hoof te kan bied.

## 6. SLOTSOM

Dit is nie menslik moontlik om die toekoms te voorspel nie. Pogings in die verlede om dit te doen, was nie in alle opsigte akkuraat nie, en het by geleentheid die bal selfs ver mis geslaan. Dit is nietemin noodsaaklik vir die opvoeders in 2020, ouers en (BO-) onderwysers, om diegene in hul sorg (kinders, leerders, studente) voor te berei om gereed en voorbereid te wees vir die toekoms wat nou alreeds aan die ontplooi is. Soos Sardar (2010:184) opmerk, die impak van alle toekomsverkennings, die onderskeie moontlikhede vir die toekoms, kan slegs betekenisvol beoordeel word vanuit die huidige tyd. Die beginsels rakende die toepaslikheid van enige toekomsdiskoers lê in die hede. In die lig hiervan is die kernargument wat in hierdie artikel ontvou het, die volgende: Alhoewel ons nie die besonderhede van wat die lewe teen die jaar 2050 sal behels kan bepaal nie, kan burgerskapsonderwys nou reeds, in 2020, begin om kinders en jongmense toe te rus, te vorm, te lei en rigtinggewend te wees deur hulle te help om ’n stel vaardighede te bemeester wat waarskynlik vir alle toestande geskik sal wees, soos om ’n bewustheid en ’n gewete te koester met betrekking tot dit wat tot voordeel van die hele mensdom sal wees, wat sal lei tot die welsyn van die self en van die samelewing, wat die vermoë bybring om te kan onderskei tussen reg en verkeerd, tussen goed en sleg; die insig dat welslae nie noodwendig gemeet word in materialistiese en neoliberale terme nie maar dat dit sinvoller is om ’n goeie, vrugtevolle en betekenisvolle lewe te lei; die gedagte by die leerders vestig dat ’n mens se lewensbeskouing en gepaardgaande waardestelsel jou leidster behoort te wees onderweg na ’n onbekende toekoms, en dat ’n mens in staat behoort te wees om verbeeldingryk, innoverend, kreatief te wees, op jou voete te kan dink, in staat om veerkragtig in die geval van teëspoed te wees.

## BIBLIOGRAFIE


Banks, J.A. 2008. Diversity, group identity, and Citizenship Education in a global age. *Educational Researcher,* 27(3):129-139.

Banks, J.A. 2017. Failed citizenship and Transformative Civic Education. *Educational Researcher,* 46(7):306–377.

Baggini, J. 2017. *The edge of reason.* New Haven: Yale University Press.

Beetham, H. & Sharpe, R. 2007. *Rethinking pedagogy for a digital age.* London: Routledge.

Ben-Porath, S. & Smith, R.M. 2013. (eds). *Varieties of sovereignty and citizenship.* Philadelphia: University of Pennsylvania Press.

Biesta, G. 2011. The ignorant citizen: Mouffe, Ranciére, and the subject of Democratic Education. *Studies in Philosophy of Education,* 30:141-153.

Cullis, C. 2018. Reading news is so much harder. *Country Life.* October, pp. 92-93.

Dill, J. 2013. *The longings and limits of global citizenship education: The moral pedagogy of schooling in a cosmopolitan age.* New York: Routledge.

DvBO. Kyk Departement van Basiese Onderwys.

Departement van Basiese Onderwys. 2011. *Curriculum and Assessment Policy Statement. National Curriculum Statement.* Pretoria: DvBO.

Fataar, A. 2017. Decolonising education in South Africa: An interview with Aslam Fataar. University Seminar, 23 January. www.litnet.co.za/decolonizing-education-south-africa-interview-aslam-fataar Intyds, 13 Augustus 2019.

Gaini, F. 2018. Altered Islands: Young Faroe Islanders' future landscape. *Suomi Antropologi,* 43(4):3-18.

Helliwell, J.F., Layard, R. & Sachs, J.D. 2019. *World Happiness Report 2019*. New York: Sustainable Development Solutions Network.

Höjer, M. & Mattson, L. 1999. *Determinism and forecasting in future studies.* 39th Congress of the European Regional Science Association: Regional cohesion and competitiveness in 21st century Europe. August 23-27. Dublin, Ireland. European Regional Science Association (ERSA), Louvain-la-Neuve.

Horne, W. 2019. Internettoegang: "Ou" vesel hou oplossings in. *Beeld* 15 Maart, p. 8.

Jensen, C.B. 2019. Cosmological Perplexities: Pragmatic tests for changing climates. https://www.academia.edu/38729958/Cosmopolitical_Perplexities_Speculative_and_Pragmatic_Tests_for_Changing_Climates Intyds,12 April 2019.

Joubert, I. 2018. Democratic citizenship education for participatory democracy. In Nel M. (ed.). 2018. *Life Orientation for South African teachers.* Pretoria: Van Schaik, pp. 115-133.

Kaplan, R.D. 2017. *The revenge of Geography*. New York: Random House.

Malherbe, P. 2019. Werkplek van die toekoms bekyk. *Beeld* 23 Maart, p. 23.

McLaren, P. 1997. Pedagogy in the age of predatory culture. In R. Farnen, H. Sunker, D. Timmerman & I.U. Kolbe. (eds). 1997. *The politics, sociology and economics of education. Interdisciplinary philosophical and comparative perspectives.* London: MacMillan Press, pp. 183-196.

Miedema, S. & Bertram-Troost, G. 2015. The challenges of global citizenship for worldview education: The perspective of social sustainability. *Journal of Teacher Education for Sustainability,* 17(2):44-52.

Moon, S. 2010. Multicultural and global citizenship in the transnational age: The case of South Korea. *International Journal of Multicultural Education,* 12(1):1-15.

Multichoice. 2019. *Pre-listing statement.* Johannesburg: Multichoice Group.

Myers, J. 2016. Charting a democratic course for global Citizenship Education: Research directions and current challenges. *Education Policy Analysis Archives,* 24(55):1-19.

Neill, S. 2011. *Education and Technology: Key issues and debates.* London & New York: Continuum International.

Nienaber, M. 2019. Finland se burgers weer die gelukkigste van almal op aarde. *Beeld* 22 Maart, p. 5.

Peterson, A. & Bentley, B. 2017. Education for citizenship in South Australian public schools: a pilot study of senior leader and teacher perspectives. *The Curriculum Journal,* 28(1):105-122.

Petrovic, J. E. & Kuntz, 2014. (eds). *Citizenship education around the world.* New York & London: Routledge.

Phiri, L. 2018. Investigating the impact of organized technology-driven orchestration in teaching. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Kaapstad: University of Cape Town.

Plotnitsky, A. 2006. Chaosmologies: Quantum field theory, chaos, thought in Deleuze and Guattari's *What is Philosophy? Paragraph,* 29(2):40-56.

Smith, J. & Arendse, A. 2016. South African curriculum reform: Education for active citizenship. In Popov, N., C. Wolhuter, J. Kalin, G. Hilton, J. Ogunleye & E. Niemczyk (eds). 2016. *Education provision for every one: Comparing perspectives from around the world.* BCES Conference Books 14(1). Sofia, Bulgarye: BCES, pp. 65-72.

Stornaiuolo, A. & Nicholls, T.P. 2019. Cosmopolitanism and Education. *Oxford Research Encyclopedia of Education.* Online Publication. March 2019. Oxford University Press USA. Doi: 10.1093/acrefore/9780190264093.013.252 Intyds, 9 April 2019.

Strauss, D.F.M. 2009. *Philosophy: Discipline of the disciplines.* Grand Rapids: Paideia Press.

Strauss, D.F.M. 2020. A trait of reality implicitly known to everyone: the significance of the theory of modal aspects. *Ponte: International Journal of Sciences and Research,* 76(8/1). DOI.10.21506/j.ponte.2020.8.10.

Thompson, M. 2017. *Philosophy for life.* London: John Murray Learning.

Van Rensburg, K. 2019. VKB raak 100 jaar jonk! *VKB 100 years of Love for the Land*. Supplement tot *Beeld,* 29 Maart, p. 2.

Verburg, M. 2015. *Herman Dooyeweerd: The life and work of a Christian philosopher.* Jordan Station: Paideia Press.

Veugelers, W. 2011. The moral and the political in global citizenship: appreciating differences in education. *Globalisation, Societies and Education,* 9(3-4):473-485.

Waghid, Y. 2010. *Education, democracy and citizenship revisited.* Stellenbosch: SUN Press.

Wood, E. 2019. So fliek, koop SA op foon. *Beeld* Sake. 5 April, p. 13.

# Die NG Kerk en die Rebellie van 1914–1915: Was die Raad van Kerke kerklik versoenend?

***The Dutch Reformed Church and the Rebellion of 1914–1915: Was the Council of Churches ecclesiastically reconciliatory?***

**PJ Strauss**
Navorsingsgenoot
Departement Historiese en Konstruktiewe Teologie
Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein
Suid-Afrika
E-pos: straussp@ufs.ac.za



Piet Strauss

**Pieter Johannes Strauss** word in 1988 'n dosent in Ekklesiologie of Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan sy alma mater, die Universiteit van die Vrystaat en tree op 30 Junie 2015 af. Benewens ongeveer honderd artikels in geakkrediteerde akademiese tydskrifte, het Strauss ook verskeie boeke geskryf. Hy spits hom toe op gereformeerde kerkreg en kontemporêre Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis, soos blyk uit onlangs verskene werke. In die kerkreg lewer *Kerk en Orde vandag* (2010), blyke van 'n reformatoriese deurwerk van die bekende *Solas* van die Reformasie van die sestiende eeu na vandag. *Kerkwees in die branding – die Nederduitse Gereformeerde Kerk in algemene sinodale verband 1994–2011* (2013), verteenwoordig 'n kontemporêr kerkhistoriese werk vanuit 'n reformatoriese benadering.

Strauss was vir twee termyne, van 1999–2003 en 2005–2008, die moderator van die Vrystaatse Sinode van die Ned. Geref. Kerk. Hy beklee dieselfde amp by die Algemene Sinode, van 2007–2011. Hy is ook aktief op kultuurterrein en was vir 12 jaar, van 2001–2013, die hoofleier van die Afrikaanse jeugbeweging, Die Voortrekkers.

**Pieter Johannes Strauss** was appointed as a lecturer in Church Polity and Church History at the University of the Free State in 1988 and retired on 30 June 2015. Apart from some 100 articles in accredited academic journals, Strauss also authored a number of books. He focuses mainly on the topics of Church Polity and modern South African Church History, as can be seen in recently published works. In *Church and Order today* (2010) he argues that 3 *Solas* of the Reformation of the sixteenth century should also be accepted and implemented today, while in *Being church in troubled times – the Dutch Reformed Church in the bond of its general synod 1994–2011* (2013), he uses a reformational approach in modern church history.

Strauss was moderator of the Free State Synod of the Dutch Reformed Church for the periods 1999–2003 and 2005–2007. He was also moderator of the General Synod of the same church in 2007–2011. In addition, he is actively involved in cultural events and, for 12 years (2001–2013), he served as leader of the Afrikaans youth movement, *Die Voortrekkers*.

**Datums:**
Ontvang: 2020-02-12 Goedgekeur: 2020-10-20 Gepubliseer: Desember 2020


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a7

**ABSTRACT:**

***The Dutch Reformed Church and the Rebellion of 1914–1915: Was the Council of Churches ecclesiastically reconciliatory?***

*The Rebellion which took place in South Africa in 1914 to 1915 can be described as a violent clash between Afrikaner and Afrikaner: between Afrikaners in the service of the South African army, and Afrikaners as rebels. The Rebellion was neither well planned nor properly executed and lasted for only three to four months. In the process 190 rebels and 132 soldiers were killed. As an act of resistance against the South African Government and its declared intention to take over the Government of German South West Africa (now Namibia), the Rebellion was a tragic failure. It led to an emotional division in Afrikaner circles which lasted for decades.*

*The Rebellion was an example of the conflict between Afrikaner nationalism and British imperialism in Southern Africa in the nineteenth and twentieth century. The Botha Government intended to take over German West Africa for strategic reasons on behalf of Great Britain in the First World War (1914-1918). Many Afrikaners regarded this as morally wrong – they were supporters of a defensive war only – as well as contrary to their goodwill towards Germany, which had supported the Boer Republics morally against Britain during the Anglo-Boer War (1899–1902), only 12 years previously.*

*The majority of Afrikaners belonged to the Dutch Reformed Church (DRC). This factor, together with the spiritual and physical disorder in South African society at the time, put the Rebellion on the agenda of the DRC. The broadest assembly in the DRC, consisting of 30 people – the Federal Council of Churches – called a meeting in conjunction with a conference of 92 DRC ministers in Bloemfontein, central South Africa from 27 to 29 January 1915.*

*The Federal Council saw itself as an instrument acting on behalf of "our" people to bring about unity, spiritual health and a new spiritual strength. They felt that a divided church could not fulfil its task as a church in society if "our" people were divided.*

*Well-known ministers of the DRC took the initiative for the meeting. Among them was JD Kestell, lovingly referred to by Afrikaners as "Vader (Father) Kestell". The upcoming young minister from Graaff-Reinet, and future South African Prime Minister from 1948 to 1958, dr. DF Malan, was asked to draft a list of proposals for the conference/council. As a filter for the Federal Council, the conference accepted the draft proposals – more or less the work of Malan – on 28 January 1915. Their resolutions were unanimously and, on behalf of the DRC, officially accepted by the Council on 29 January 1915.*

*The Council requested church councils not to discipline members as rebels before emotions had toned down after the war. At this stage – in January 1915 – the Council rendered it impossible for the church as an outsider to determine the causes of the Rebellion. That had to be done if discipline were to be implemented according to justice. The Council supported law and order in the state, as well as society and family, and decided that resistance against the Government could only be justified if it happened in the light of God's Word and with a conscience enlightened by the Word. However, they realised that peace and justice would not be restored in South Africa if the resistance were to be answered by violence only. The Government and people had to find out what had caused the conflict and talk about the reasons for resistance. That would allow justice to prevail and true peace and order to be restored. The DRC accepted its calling to serve the Afrikaner because it was a Christian and national church.*

*Although the Council did not choose between government and rebels, it nevertheless harboured an underlying sympathy for the latter. It accepted that a justified rebellion was possible. It also wanted talks about the causes for the clash to enable rebels to be restored with dignity and honour in society.*


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a7

*Apart from this, the Council accepted two important resolutions: resolutions which, if accepted by the authorities, would pave the way towards peace after the Rebellion. In the case of teachers who might be fired by the Government for participating in the revolt, the Council requested a proper investigation before such termination of service and the acknowledgement of circumstances, which could lead to a softer approach. The Council also asked that the death penalty not be used again after the rebel and soldier Jopie Fourie had been shot for high treason on 20 December 1914. The Council seemed to be sensitive to the emotional reaction of their church members in this regard.*

*With these talks as a proposal, the Council opened the way for reconciliation to follow and dignified peace to be accomplished. However, the Council did not initiate any other initiatives, and the emotional and economic damage of the Rebellion had to be addressed by the Afrikaner and Afrikaner institutions themselves. Such an institution was the Helpmekaar Fund, from which damages caused by the rebels were paid and a study fund established for young Afrikaners. Companies such as the well-known Santam and Sanlam also ensued from this fund.*

*The Dutch Reformed Federal Council of Churches, as an assembly in the church, did not do everything in its power as an arm of the church to achieve justice and reconciliation after the Rebellion, but nevertheless helped that peace and reconciliation be restored.*

**KEYWORDS:** Rebellion, resistance in light of the Word, respect for authorities, revolt or rebellion in the light of God's Word only, thorough investigation of divergent issues, justice and pardoning, reconciliation and justice

**TREFWOORDE:** Rebellie, opstand in lig van Woord, eerbied vir regeringsgesag, opstand of rebellie uit Gods Woord geregverdig, ondersoek van teenoorstaande standpunte saak, regverdigheid en vergifnis, versoening en regverdigheid

## OPSOMMING

Die Rebellie van 1914 tot 1915 sou vir dekades 'n spoor van verdeeldheid onder Afrikaners laat. Hierdie stryd of botsing was hoofsaaklik tussen Afrikaners as regeringsoldate aan die een en rebelle aan die ander kant. Die Rebellie sou volg op die besluit van die Suid-Afrikaanse Regering, bestaande uit oorwegend Afrikaners, op 12 September 1914, naamlik om Duits-Suidwes-Afrika (Namibië) in te val en oor neem. Die agtergrond was die Eerste Wêreldoorlog en die motief strategiese redes wat Brittanje in sy stryd teen Duitsland kon help. Die Unie van Suid-Afrika was sedert 1910 onafhanklik onder die Britse kroon.

Afrikanerrebelle kon hierdie besluit nie aanvaar nie. Die aggressie teen Duits-Suidwes was offensief van aard en die meeste Afrikaners voorstanders van slegs 'n defensiewe oorlog. Die Rebellie was van korte duur: van 27 Oktober 1914 tot aan die begin van Februarie 1915. As 'n protes was die Rebellie 'n tragedie: dit was nie goed beplan of uitgevoer nie.

Hierdie saak sou die agenda van die NG Kerk kruis. 'n Spesiale vergadering van die Federale Raad van NG Kerke (RvK) word vanaf 27 tot 29 Januarie 1915 in Bloemfontein byeengeroep om daaroor te besluit. Die vergadering van die Raad word voorafgegaan deur 'n konferensie van die RvK met 92 NG predikante "uit alle deelen der kerk".

Volgens die Raad moet die regering erken en wet en orde in staat, kerk en gesin eerbiedig word. Verset teen 'n wettige owerheid moet in die lig van Gods Woord en 'n Bybels-verligte gewete geregverdig word. Die huidige opstand kan nie net met geweld beantwoord word nie. Owerheid en volk moet die redes vir die opstand grondig ondersoek en regverdig hanteer. Teregstellings soos die doodstraf van Jopie Fourie moet gestaak word. Kerklike tug in sake met 'n politieke inhoud is verdag.

Die RvK kies nie kant nie en begenadiging en gesprek as stappe tot versoening word voorgestel.

## 1. INLEIDING

Die veelbesproke Rebellie van 1914 tot 1915 in Suid-Afrika, wat destyds as ’n unie onder die Britse Kroon gestaan het en ’n soewerein-onafhanklike staat of dominium in die Britse Statebond was (Webb 1916:37), het intense bitterheid en verskeurdheid onder Afrikaners veroorsaak: ’n verdeelheid wat dekades daarna sou voortduur (Scholtz 1941:277; Du Toit 2014:195).

Die meer as 11 000 rebelle was Afrikaners: 7 123 uit die Noord-Vrystaat; 2 998 uit die toenmalige Wes-Transvaal; en 1 251 uit die Noord-Kaap. Die meerderheid van die regeringsoldate en polisiemanne met wie die rebelle gewelddadig sou bots, was ook Afrikaners. Aan rebellekant sou 190 man sneuwel en aan regeringskant 132 (Giliomee 2012:288). Die eerste skote het op 27 Oktober 1914 by Rooiwal naby Pretoria geklap. Teen die middel van Desember was die vyandelikhede feitlik verby en die laaste rebelle het hulle aan die begin van Februarie 1915 by Upington aan regeringsmagte oorgegee. Die Rebellie was swak beplan, gebrekkig georganiseer en toegerus, terwyl die rebelle se redes vir hulle optrede uiteenlopend van aard was (Van Zyl Hattingh 2000:78; De la Rey 1998:35). Hierdie faktore het hulle gedrewenheid en effektiwiteit verlaag en bevestig die indruk dat die Rebellie op die keper beskou, ’n tragedie[1] en nie ’n weloorwoë, deurdagte inisiatief was nie (Scholtz 1942:97, 186-212; Van der Watt 1987:342; Giliomee 2012:288). Scholtz voer aan dat ’n “baie groot gedeelte van die burgers (tot die helfte) wat aan die opstand deelgeneem het” ongewapen en nie van “die nodige” voorsien was nie. Sommige het met haelgewere, windbukse en perde van ’n swak gehalte by die rebelle-kommando’s opgedaag (Scholtz 1942:206-207; Schoeman s.a.:29; Van Zyl Hattingh 2000:15, 79). Teenoor hierdie ongeorganiseerde “mag” het die SA Regering ongeveer 30 000 goedbewapende manne in die veld gestoot (Scholtz 1942:210)

Die omvangryke Eerste Wêreldoorlog waarin ook Brittanje en Duitsland teenoor mekaar te staan sou kom, het op 4 Augustus 1914 uitgebreek (Scholtz 1941:279; De la Rey 1998:55). Die afspraak van die Suid-Afrikaanse premier, generaal Louis Botha, met die Britse Regering was dat die Unie homself sou verdedig indien die land aangeval word. Hierdie defensiewe benadering stem ooreen met die tradisionele houding by Afrikaners dat ’n geregverdigde oorlog onafwendbaar moet wees en op noodweer of selfverdediging moet neerkom[2] (OVS Volksraadsnotule 27:09:1899:145-146; Wessels 1977:205; Van Schoor 1997:31, 168vv).

---

1 Giliomee (2014:289) noem die Rebellie van 1914–1915 ’n “amperse fiasko”. Grundlingh en Swart (2009:10, 11) praat van die moeilik peilbare redes vir die Rebellie en duisende manne wat “in a sort of mid-summer madness”, ’n “vague malaise”, of ’n Afrikanerkoors, eenvoudig net gerebelleer het. Om uit vind hoekom bekende figure soos JH de la Rey, CF Beyers, CR de Wet, SG Maritz en JCG Kemp normaalweg met die Rebellie geassosieer word, is in sommige gevalle moeiliker as in ander (Grundling & Swart 2009:12-14; De la Rey 1998:35, 37, 82).

2 Pres. Steyn beantwoord die proklamasie van die Britse opperbevelhebber Kitchener op 7 Augustus 1901 dat die Boere op 15 Augustus 1901 moet oorgee met die standpunt dat die twee Boererepublieke, te wete die Zuid-Afrikaansche Republiek of ZAR en die Oranje-Vrystaat of Republiek van die OVS, uit selfverdediging handel – volgens hom een van die heilige regte van die mens – ten einde hulle, let wel, *bestaansreg* te handhaaf. Volgens Steyn het die Republieke daarom die reg om met eerbied op ’n regverdige God te vertrou (Volledige antwoord van Steyn in De Wet 1959:179-185).


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a7

Daaroor was daar in die bepalende blanke politiek in Suid-Afrika op daardie stadium nie verskil van mening nie. Sake sou egter nie hierby bly nie. Op versoek van die Britse Regering keur die Suid-Afrikaanse Parlement dit op 12 September 1914 met ’n groot meerderheid goed dat Suid-Afrika Duits-Suidwes-Afrika (Namibië) offensief binneval en verower om sekere strategiese oogmerke teen Duitsland te bereik (Scholtz 1942:94; Koorts 2014:118; De la Rey 1998:77-78,82). Skrywers toon aan dat die Suid-Afrikaanse regering reeds in Augustus van plan was om Duitswes binne te val en dat die opposisie, die Nasionale Party van generaal Hertzog, dit reeds op 26 Augustus verwerp het (Grundlingh & Swart 2009:16). Só beland die spreekwoordelike vet in die vuur. Die Bittereinders uit die Anglo-Boereoorlog (ABO) – let op die plekke van herkoms van die rebelle hier bo genoem – was sterk verteenwoordig onder die rebelle van 1914-1915.[3] Wat hulle betref sou Suid-Afrika en die Afrikaners in die Regering vanweë ’n pro-Britse sentiment met ’n inval in Duitswes ’n historiese staatkundige beginsel prysgee. Daar was ook rebelle wat Brittanje se betrokkenheid by die Eerste Wêreldoorlog as ’n geleentheid beskou het om die onafhanklikheid van die Boererepublieke te herstel, of hulle verset teen opkommandering of verpligte diens in die Unieverdedigingsmag te toon. Generaal CF Beyers wat uit protes teen die 12 September-besluit op 14 September 1914 as bevelvoerder van die Unieverdedigingsmag bedank het, sê in ’n brief aan premier Botha op 23 November 1914, *"Te Velde"* dat hy besig was met ’n lydelike vlug om aan die Regeringsmagte te ontsnap, en dat die rebelle protesteer teen die fisiese verowering van Duits-Suidwes-Afrika en nie die Britse vlag nie (volledige brief in D’Assonville s.a.:115).[4]

Die Rebellie was ’n voorbeeld van die stryd tussen Britse imperialisme en Afrikaner-nasionalisme in Suid-Afrika in die negentiende en twintigste eeu. Die weglating van generaal JBM Hertzog uit Botha se kabinet na Hertzog se standpunt van "Suid-Afrika eerste!" in 1912 het nasionalisme onder Afrikaners gestimuleer. Die redes was die volgende: dié "nasionalistiese" houding het ingedruis teen generaals Louis Botha en Jan Smuts se konsiliasie- of pro-Britse Rykspolitiek vir die Unie (Beyers 1977:579); die inwyding van die Nasionale Vrouemonument op 16 Desember 1913 met ’n skare van 20 000; en die stigting van die Nasionale Party as ’n politieke arm in 1914. Daar was ’n geesdrif onder Afrikaners, wat ’n positiewe gevoel oor die redes van die Rebellie sou versterk (Van der Watt 1987:341).

Hoewel die Rebellie van 1914 tot 1915 slegs enkele weke geduur het, het die konflik en daaruit-vloeiende emosies, bitterheid en verskeurdheid diep letsels op die Afrikanergemeenskap

---

3 Wes-Transvaal was die vesting van generaal JH de la Rey, ’n bittereinder en medestander van die bittereinder en rebel uit die Vrystaat, generaal CR de Wet. Voor sy tragiese dood op 15 September 1914, praat De la Rey ook van protes en verset en pleeg hy en generaal Beyers oorleg (Scholtz 1941:283-286; SABW III:68).

4 Generaal Beyers was volgens sy eie woorde nie ten gunste van gewelddadige optrede en ’n rebellie nie (Scholtz 1942:101). Hy wou slegs teen die Unie se hulp aan Brittanje met die inval in Duitswes protesteer en nie verder gaan as lydelike verset deur die ignorering van ’n opkommanderingsbevel nie. Vir hom as Christen en Afrikaner het die verdeeldheid tot ’n emosionele stryd gelei. Hy het die vertoon van gewere tydens die protesvergaderings wat die Rebellie voorafgegaan het, afgekeur omdat dit tot provokasie by regeringsmagte kon lei en die situasie kon vererger (Scholtz 1941:350-351,364). Beyers vervat hierdie houding van lydelike verset ook in ’n proklamasie van hom en generaal De Wet op 29 Oktober 1914 (Scholtz 1941:201, 205, 358-359). Vir De Wet was die inval in Duitswes in stryd met die wil en die Woord van God (Scholtz 1942:109). Voordat daar sprake van ’n rebellie was, het die Botharegering op 12 Oktober 1914 krygswet afgekondig. Drie weke vroeër het Botha by De la Rey se begrafnis nog gepraat van vrywilligers vir die aksie in Duitswes-Afrika. Intussen wil dit voorkom asof sy regering teen hierdie tyd reeds op opkommandering besluit het (Scholtz 1942:182; Grundlingh & Swart 2009:16).


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a7

gelaat. Du Toit oordeel dat die geskiedenis van ’n hele geslag daarin saamgepers is en die effek daarvan ’n halfeeu later nog voelbaar was (Du Toit 2014:195). Die feit dat die honderdjarige herdenking van die Rebellie in 2014 tot talle publikasies gelei het, onderstreep die lewendige profiel wat hierdie gebeure onder belangstellendes in die geskiedenis van Suid-Afrika en die Afrikaner het. Die Rebellie en rebelle is ook nie vergeet deur hulle geestelike en biologiese nageslag nie.[5]

Om die emosies wat daarmee gepaardgegaan het, te verwoord, haal Giliomee vir president Steyn aan: “die kinders van die konsentrasiekampe” is deur ’n Afrikanerregering gedwing om oorlog te maak teen Duitsland wat in die ABO van 1899–1902 simpatiek teenoor die twee Boererepublieke gestaan het (Giliomee 2012:288).

Du Toit toon dat die Rebellie nie ’n komplot was om die regering van die dag omver te werp nie,[6] maar dit het tog ’n ernstige breuk onder Afrikaners veroorsaak. Vanweë die verweefdheid van die NG Kerk en die Afrikaner – die meerderheid Afrikaners was NG lidmate – het die Rebellie emosies en politieke stryd onder Afrikaner-kerk en -volk “wesentlik” geraak. Volgens Du Toit het Volksraadslede, lede van Provinsiale Rade, regslui en onderwysers, asook ryk en arm boere aan die kant van die rebelle tot die stryd toegetree. Die NG Kerk kon die kwessie nie ignoreer nie (Du Toit 2014:195).

Hoewel hyself nie aan die Rebellie deelgeneem het nie en kerklike optrede in die saak voorgestaan het, beskryf dr. DF Malan in sy herinneringe (Malan 1959:22-24) die emosie rondom die Rebellie op sy kenmerkende manier. Volgens hom is Suid-Afrika onder die Botha-Smuts-leuse van “eer en plig” (vgl. Webb 1916:38) aan Engeland se kant in die Eerste Wêreldoorlog ingetrek. Deur die kommandering van die Unieverdedigingsmag is dwang uitgeoefen op ’n geslag wat net 12 jaar tevore “na ’n langdurige en bittere stryd vir vryheid en reg” teen Brittanje hul onafhanklike republieke moes prysgee. Die wonde was nog vars (Booyens 1969:273). Die Botha-Smuts-beleid was volgens Malan “onmenskundig”, “polities verwerplik”, “onsielkundig”, “onmoontlik” en “onmenslik”. Daarom het mondelinge protes geneig na ’n gewapende protes met drie gewaardeerde Boeregeneraals, naamlik generaals De la Rey, Beyers en De Wet, aan die spits (Booyens 1969:273). Hierdie protes het die Botha-Smuts-regering genoop om self sy “troepe” te mobiliseer.[7] Saam met ander dominees probeer Malan op Saterdag 19 Desember 1914 om JC Smuts as die betrokke minister te spreek met die versoek om Jopie Fourie, ’n dienende lid van die Unieverdedigingsmag, maar ook ’n rebel wat weens hoogverraad deur ’n veldkrygshof op 18 en 19 Desember 1914, ter dood veroordeel is, te begenadig. Fourie sou na sy verhoor deur ’n krygsraad vroeg Sondagoggend 20 Desember as die eerste rebel gefusilleer word (Grobler 2014:76). Wat die predikante en ander Afrikaners diep verontrus het, was die ongewone spoed waarmee Smuts en die res van die Kabinet die

---

5 Kyk byvoorbeeld Langner en Raath (2014), Pretorius ( 2012:287-289), en Grobler (2007:142-146).

6 Generaal CF Beyers het as hoof van die Unieverdedigingsmag bloot uit protes teen die SA Regering se besluit om Duits-Suidwes in te val op 15 September 1914 bedank. Indien die Afrikaner weer ’n republiek kry, moes dit volgens hom langs konstitusionele weg geskied (Scholtz 1942:99, 101). Die dag na De la Rey se begrafnis is daar op Lichtenburg ’n groot volksvergadering gehou waar ’n kommissie bestaande uit generaals De Wet, Beyers, Kemp en Liebenberg gekies is om die inval in Duits-Wes as teen “onze eervolle kristelike volkstradisies” aan die Regering van generaal Botha oor te dra. Die Regering het hierdie vertoë minagtend geïgnoreer (Scholtz 1942:10;, Webb 1916:47).

7 Scholtz (1942:212) is daarvan oortuig dat die Botha-Smuts-alliansie nie besef het “wat alles in die harte van die Afrikaners omgegaan het” nie.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a7

saak wou afhandel. Die predikante kon Smuts egter nie sien nie omdat, volgens die indruk van Malan, hierdie oud-Sondagskoolonderwyser van hom op Riebeeck-Wes hulle doelbewus ontwyk het (Malan 1959:22-24; Giliomee 2012:288).

Hoe dit ook al sy, die NG Kerk sou die impak van die Rebellie van 1914 tot 1915 op kerk en volk nie ontwyk nie. Die gebeure soos verwoord het diep ingesny in die gemeenskap waarin hierdie kerk primêr gewerk het. Regeringsmense én rebelle was NG lidmate. Daarom word die breedste vergadering in die NG Kerk op daardie stadium, die Federale Raad van NG Kerke (Raad van Kerke of RvK), vir ’n buitengewone vergadering op 27 Januarie 1915 in Bloemfontein saamgeroep, gekombineer met ’n konferensie van predikante uit die NG Kerk (NGK 1915:1; vgl. Booyens 1969:279).

Vrae wat ontstaan, is: Wat was die kerklike optrede van die RvK in die kwessie van die bykans afgelope Rebellie teen die einde van Januarie 1915? Wat was die standpunt van die RvK in die omstandighede en is dit Bybels-eties en kerklik verantwoord? Het die NG Kerk ’n sinvolle kerklike rol gespeel?

## 2. FEDERALE RAAD VAN NG KERKE

Behalwe vir die Trans- of Overvaalse NG Kerkgemeentes wat hulle eie pad sou loop, was al die NG gemeentes in Suider-Afrika tot 1862 saamgetrek in die Kaapse Sinode of die Sinode van die NG Kerk in Suid-Afrika – soos dit sedert die Kaapse Sinode van 1842 genoem is (NGK van ZA 1842:199). In 1862 kom die Kaapse Hooggeregshof met ’n uitspraak in die Loedolffsaak wat die Kaapse sinodale verband van die NG Kerk – die NG Kerk in Suid-Afrika – tot die grense van die destydse Kaapkolonie beperk. Hierdie uitspraak het beteken dat die afgevaardigdes van die Transgariep-gemeentes, oftewel gemeentes buite die Kaapkolonie, hulle van die Sinode moes onttrek (Gerdener 1925:99-100; Van der Watt 1973:104).

Met die uitsondering van hierdie strukturele eenheid in sinodale verband, sou die NG Kerkgemeentes dwarsdeur Suider-Afrika egter hulle wesenlike eenheid behou. Hulle was steeds een in belydenis, kerkregering, kerkorde, erediens of liturgie, die inrigting van die kerk en – hoewel dit nie bepalend kan wees nie – in voertaal (’n soort Afrikaans-Nederlands). Daarom kon Transgariep-gemeentes voortgaan om predikante wat op die Stellenbosse Kweekskool klaarmaak, asook ander dominees uit die Kolonie te beroep. Lidmate is oor en weer met bewys van lidmaatskap ontvang.

Vanuit die eenheid in belydenis en kerkregering sou daar by hierdie NG Kerkgemeentes ’n sluimerende behoefte aan strukturele sinodale eenheid bly. Die latere noordelike Sinodes (die NG Kerk in die Oranje-Vrystaat sedert 1864, Natal sedert 1864, en Transvaal of die ZAR sedert 1866) het die Kaapse Kerk as hulle “moederkerk” beskou en versoek dat die Sinode van die NG Kerk in Suid-Afrika hul as samewerkende susterskerke aanvaar. Van der Watt (1980:216-218) voer aan dat die begeerte na sinodale eenheid ’n verdere stimulus gekry het in die eertydse Boererepublieke, die Kaapkolonie én in Natal deur die gemeenskaplike ervaring van die Afrikaner in die Anglo-Boereoorlog (1899–1902).

Uiteindelik het afgevaardigdes van die vier sinodes die eerste keer op 9 en 10 Augustus 1905 op Colesberg in ’n konferensie byeengekom. Hoewel die sinodale verband nie herstel is nie, is ’n federale verband gevorm met ’n raad van gefedereerde kerke as sy spreekbuis. Anders as met ’n sinode, sou die besluite van hierdie Raad nie sy samestellende sinodes of kerke kerkordelik bind nie, maar adviese wees (Kleynhans s.a.:331): adviese wat in die kerklike praktyk wel bind as dit – tipies van die aard van die kerk – innerlik oortuig, adviese wat die oortuigings van die Raad verwoord, en nie soseer ’n juridiese of kerkregtelike nie, maar ’n

geestelike of geloofsgesag dra. Die RvK was 'n losser federale verband wat die voorloper van 'n nouer sinodale verband kon wees: 'n sinodale verband wat in 1962, presies 'n honderd jaar na die Loedolffsaak, 'n algemene sinode gevorm het. Van der Watt oordeel dat die RvK in die geskiedenis van die NG Kerk "altyd 'n monumentale en unieke plek" sal beklee. Dit het "onskatbare dienste" bewys as 'n effektiewe skakel tussen sy samestellende Sinodes (Van der Watt 1973:159; Van der Watt 1980:219; NGKO 2015:11 artikel 36,37).

Die RvK sou bestaan uit 14 lede van die Kaapse, 7 lede van die Transvaalse en Vrystaatse Sinode en 2 lede van die Natalse Sinode – altesaam 30 lede. Behalwe dat die RvK die sake moes hanteer wat sy lede, die sinodes of hulle sinodale kommissies op die agenda plaas, moes dit na die "algemene belangen dezer Kerken" of die NG Kerk in sy geheel, omsien (Kleynhans sa:331). In die lig van wat reeds oor die impak van die Rebellie (1914–1915) gesê is, was dit teen Januarie 1915 emosioneel-strategies onvermydelik dat die RvK as die aangewese liggaam in die NG Kerk hierdie netelige saak hanteer. Daarom is hierdie buitengewone vergadering van die RVK byeengeroep.

## 3. DRUK OP NG KERK OM OP TE TREE

Ontwikkelings in die samelewing én in die NG Kerk sou 'n spesiale vergadering van die RvK stimuleer. Soos reeds genoem, sou 'n konferensie van die RvK met 92 NG predikante die eerste twee dae hiervan uitmaak.

Daar is reeds verwys na die dramatiese gebeure van 18-20 Desember 1914, wat uitgeloop het op die vuurpeloton van Jopie Fourie. Die bekendheid van sekere persone wat saam met DF Malan op Saterdag 19 Desember by generaal Smuts vir die begenadiging van Fourie wou uitkom, sou die belangrikheid van die betrokkenheid van die NG Kerk by die Rebellie verhoog.

Onder die manne wat Smuts wou spreek, was Malan, 'n NG dominee van Graaff-Reinet en 'n lid van die RvK, ds. HS Bosman, 'n leidende figuur in die NG Kerk van Transvaal, 'n lid van die RvK en vriend van premier Louis Botha, die latere regter Gey van Pittius, en Jan Joubert, 'n Unieparlementslid en seun van generaal Piet Joubert, in lewe kommandant-generaal van die ZAR en die Boereaanvoerder by Majuba in 1881 (Malan 1959:22: Booyens 1969:280-282). In hierdie "deputasie" was die NG Kerk én nasionale Afrikanerbelang verteenwoordig. Volgens Malan het die invloedryke Hendriena Joubert,[8] 'n bekende vrou onder Afrikaners en weduwee van generaal Piet Joubert, teen 05:00 die Sondagoggend die skote van die vuurpeloton gehoor: skote wat figuurlik in die ore en harte van duisende Afrikaners dwarsdeur Suid-Afrika weerklink en in die geskiedenis van die Afrikaner in kerk en staat weergalm het (Malan 1959:24; De Kock 1976:431); skote wat die bitterheid en tweespalt oor die Rebellie onder Afrikaners verdiep het. Koorts noem "die jong offisier Jopie Fourie" die "vernaamste martelaar van die Rebellie in 1914" (Koorts 2014:120).

Na die Regering se verklaring vroeg in Oktober 1914 dat luitenant-kolonel Manie Maritz by Upington naby die grens van Duits-Wes gerebelleer het, publiseer 11 Kaapse NG predikante 'n ope brief waarin die Rebellie in sterk taal afgewys word. Die invloed van premier Botha op die brief is egter ook sigbaar. Botha se poging om die vier NG Kerk moderators te kry om die Rebellie af te wys, was nie 'n sukses nie. JD Kestell van die Vrystaat en P Nel van Transvaal het nie gereageer nie; Steytler van die Kaap het 'n oproep om 'n biddag gedoen; terwyl HF

8 Dieselfde Hendriena Joubert lei in 1915 'n optog van duisende – sommige skat ongeveer 6 000 – Afrikanervroue na die Uniegebou om by die Regering aan te dring op die vrylating van generaal De Wet en die vryskelding en amnestie van ander rebelle wat reeds straf uitdien of nog verhoor moet word. Sy was op hierdie stadium reeds 85 jaar oud! (Scholtz 1942:296).


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a7

Schoon van Natal wel lidmate in *De Kerkbode* gevra het om hulle van die Rebellie te distansieer (Van der Watt 1987:344).

Intussen sou Vader Kestell, 'n leiersfiguur in die Vrystaatse NG Kerk (De Kock 1976:441) en ds. NJ van der Merwe, 'n reisende sekretaris van die Christen-Studentevereniging of CSV (Scholtz 1944:32), in kontak met lidmate tot die gevolgtrekking kom dat die NG Kerk kan skeur. Sommige kerkrade wou rebelle en ander regeringstroepe tugtig. In hierdie omstandighede moes die Kerk in die breë leiding gee (Malan 1959:20-21: De Kock 1976:442). Van der Watt wys op NG Kerk predikante in die Vrystaat wat vanweë hulle simpatie met die rebelle in die tronk beland, asook kerkrade waarop regerings- én rebelsgesindes sitting neem. 'n Skeuring het onafwendbaar gelyk. Die NG Kerk sou lidmate wat gerebelleer het, moes hanteer én die gebeure moes beoordeel.

Die verdeeldheid veroorsaak deur die botsing tussen die regering en die rebellie het deurgesny tot 'n kloof tussen predikante en lidmate onderling, terwyl die vraag na die toepassing van die vyfde gebod oor gehoorsaamheid aan die staatsowerheid ook die agenda van die NG Kerk gekruis het. Om as die kerk van Christus in die gereformeerde tradisie getrou aan sy opdrag te wees en om die NG Kerk uit hierdie verdeeldheid te lei, was nodig. Daarom word daar op 'n predikantekonferensie en buitengewone vergadering van die RvK op 27 Januarie 1915 "en volgende dagen" in Bloemfontein besluit (NGK 1915:1).

## 4. RAAD VAN KERKE DEK TAFEL

Op 27 Januarie 1915 wys die voorsitter van die RvK, ds. DS Botha, in sy opening van die konferensie van die RvK plus 92 NG predikante "uit alle deelen der kerk" (NGK 1915:3,20,21), opnuut op druk op die NG Kerk in die "ernstige politieke crisis" waarin Suid-Afrika verkeer. Die politieke verdeeldheid kon tot die Kerk deurdring. Ingewikkelde probleme moet kerklik-versigtig hanteer word om te verhoed dat kerkvergaderings besluite met negatiewe gevolge neem. Die doel van die byeenkoms of konferensie van die RvK en predikante, is om die kerklike situasie te oorweeg wat uit die politieke toestande spruit. Verdeeldheid moet teengegaan word, versoening teweeggebring en die kerk sterk en gesond gemaak word om in belang van "ons volk" teregwysend, helend, verenigend en versterkend op te tree. 'n Verskeurde kerk kan nie sy roeping teenoor 'n verdeelde volk vervul nie.

Die byeenkoms word in drie fases verdeel: 'n konferensie van die RvK met die predikante teenwoordig oor kerk en amp op dag een; besluite van die konferensie oor die situasie rondom die Rebellie en die roeping van die kerk op dag twee; en 'n vergadering van die RvK vir amptelike besluitneming op dag drie (NGK 1915:3-4, 14 en 22).

Wat uit Botha se opening blyk, is dat predikante soos hy die druk op die NG Kerk om as kerk rondom die Rebellie op te tree, aanvoel, maar oordeel dat die kerk nie die kant van die Regering moet kies nie. Die NG Kerk moet na binne, teenoor die staat en die Afrikaner-gemeenskap, versoenend en helend optree. Die NG Kerk moet 'n eie kerklike rol speel en 'n Bybels-etiese of Bybelsgebaseerde vertrekpunt in die saak moet die grondslag van die versoening wees. Emosies loop hoog, maar hierdie leraars wil hulle kerklike selfstandigheid behou. Natuurlik sou die voorafuitsprake van lede van die RvK soos DS Botha, DF Malan, JD Kestell en HF Schoon meebring dat daar van hulle sekere standpunte verwag word, maar hier moes die NG Kerk as 'n kerk van Christus die konsekwensies van die Woord toepas.

Na aanleiding van 'n wenk van die bekende afgetrede ds. Andrew Murray van Wellington, word 'n leidraad vir die bespreking en konsepvoorstelle vir besluitneming vooraf opgestel (NGK 1915:4; Malan 1959:27). Die onderwerpe vir die konferensie van dag 1, op 27 Januarie


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a7

1915, wat deur 'n teoloog en twee predikante ingelei word, is: 1) "Die Here van die gemeente" deur professor JI Marais; 2) "Die dienaars van die Here" deur ds. AF Louw, en 3) "Die gemeente van die Here" deur ds. JD Kestell (NGK 1915:5, 7, 11). Reeds voor middagete is daar genoeg lede teenwoordig vir 'n kworum om die RvK as "wettig" te konstitueer. Daar word ook 'n kommissie uit die vergadering benoem wat voorstelle wat reeds vir die RvK opgestel is, asook voorstelle wat uit die konferensie kom, moet oorweeg om "in behoorlijke vorm" voor die vergadering te lê: die "Commissie van Regeling" (Booyens 1969:287). Hierdie voorstelle moes teen die aand van 27 Januarie in gedrukte vorm aan almal beskikbaar gestel word. Dit moes handel oor die kerklike situasie, die optrede van die owerheid en "volksbewegingen", die roeping van die NG Kerk in die situasie *én* tug oor diegene wat aan die "opstand" deelgeneem het. Die voorstelle dien op 28 Januarie voor die konferensie. Op 29 Januarie moes die RvK besluit hoe hy gevolg gaan gee aan die "resultaten der Conferentie".

Ds. Botha sluit sy opening af met 'n gewigtige pleidooi:

> "Wij moeten't beste voor onze kerk en voor onze volk doen met de begeerte om God te behagen … (ons moet ons) door Gods Woord en Geest … laten leiden" (sodat God sy plan met ons kerk en volk kan deurvoer). (NGK 1915:4)

Om historiese redes word die name van die Kommissie vir Voorstelle hier vermeld. Hulle was manne wat teen 1915 reeds duidelike spore in die NG Kerk getrap het en in hierdie sensitiewe uur die aangewese persone was om leiding te gee: di. DS Botha,[9] PGJ Meiring,[10] DJ Pienaar,[11] DF Malan,[12] JD Kestell,[13] PS van Heerden,[14] Paul Nel,[15] AJ Louw,[16] en HF Schoon.[17] Hierdie manne moes help dat die RvK in 1915 die wa deur die drif sleep: vir die NG Kerk, die meerderheid Afrikaners en 'n Christelik-begronde vrede en versoening in Suid-Afrika.

Vanuit die RvK het die keuse vir die opstel van 'n voorafkonsep van voorstelle op die jong DF Malan geval.[18] In sy boek oor Afrikanereenheid stel Malan, 'n deeglike en metodiese denker (Thom 1980:14; Koorts 2014:134), dit teen 1959 so:

> ... daar was geen tyd om te verloor nie. Stilte, ernstige bepeinsing en vertroue op die leiding van die Opperwese, in Wie se hand die lotgevalle van ons volk gerus het, was nou nodig. Daarvoor het ek die sandduine aan die bo-ent van Die Strand gekies en ure daar deurgebring. Die konsepresolusies het ek daar opgestel. So is dit daarna aanvaar … . (Malan 1959:27)

---

9 Voorsitter van die RvK in 1913 en 1919, en moderator van die Kaapse Sinode in 1919 (Kruger 1972:72).

10 Skriba van die RvK van 1911 tot 1933, en redakteur van die *Die Kerkbode* van 1921 tot 1938 (Beyers 1977:611).

11 Moderator van die Kaapse Sinode van 1915 tot 1919 en twee maal voorsitter van die RvK (Kruger 1972:562).

12 Eerste redakteur van die *Die Burger* van 1915 tot 1923 en eerste minister van 1948 tot 1954 (Beyers 1977:579, 583-584).

13 Moderator van die Vrystaatse Sinode in 1909, 1912 en 1916 (De Kock 1976:441).

14 Scriba synodi OVS 1912 tot 1922, moderator van die Vrystaatse Sinode in 1922 en 1931 (Beyers 1977:828).

15 Moderator van die Transvaalse Sinode in 1912, 1925, 1928 en 1931 (De Kock 1976:615).

16 Vanaf 1897 tot 1916 aktuarius/kerkregman van die Transvaalse Sinode en moderator van 1916 tot 1925 (Beyers 1977:555).

17 Moderator van die Natalse Sinode in 1885 en 1914 (Beyers 1981:573).

18 Malan is op 22 Mei 1874 gebore en was pas 40 jaar oud, 'n jong ouderdom in die kerkregering (Beyers 1977:577; Booyens 1969:285-286).


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a7

## 5. RAAD VAN KERKE BESLUIT

In die konferensie van 27 en 28 Januarie 1915 wat die vergadering van die RvK op 29 Januarie voorafgaan, het professor Marais beklemtoon dat die lig van die kruis op die NG Kerk val: "Wij behooren dan ook in geenen deele pessimistish te zijn". Uit die boodskappe aan die sewe gemeentes van Klein Asië in Openbaring 2 en 3 kan die NG Kerk prinsipieel en kerklik koers kry (NGK 1915:5). In die bespreking wat volg, beklemtoon professor PJG de Vos dat die NG Kerk soos Paulus by die punt moet kom dat hy vra: "Wat wilt Gij, Heer, dat ik doen moet?" By die apostelkonvent in Jerusalem van Handelinge 15, het die Here en die apostels; dit is, die Here deur die apostels, besluit (NGK 1915:6).

Na middagete pleit ds. Louw dat die vergadering nie moet vra wat die Here aan hom sal gee nie, maar wat die Here wil hê "ik" moet doen. Hy verwys ook na Openbaring 2 en 3 (NGK 1915:8). Ds. HF Schoon voeg hierby dat die dominee nie moet baasspeel nie, maar die lig en heerskappy van Christus moes versprei (NGK 1915:10).

Tydens die aandsessie oor die gemeente van die Here sluit JD Kestell ook by Openbaring 2 en 3 aan. Volgens Kestell sorg die Here vir sy gemeentelike kern. Elkeen moet hom self afvra watter skuld hy aan die toestand waarin Suid-Afrika en die Kerk tans is, het (NGK 1915:11).

Voordat die konferensie op Vrydag 29 Januarie amptelik verdaag om plek te maak vir die RvK, dien 'n voorstel van di. AJ Louw en DJ Pienaar dat die sake van onderwysers wat omrede hul deelname aan die "opstand" uit hulle poste ontslaan kan word, voor ontslag ten opsigte van die omstandighede en redes vir hulle deelname deur die "autoriteiten" behoorlik ondersoek en versagtende omstandighede "genoegsaam" oorweeg word. Hierdie voorstel word met algemene stemme deur die konferensie aanvaar. Hierna eindig die konferensie (NGK 1915:22).

Op hierdie stadium gee ds. Louw kennis van 'n voorstel dat geen verdere rebelle deur die regering tereggestel word nie. Die mosie was reeds by die Kommissie vir Voorstelle wat dit aanvaar het.

Na die konferensie kon die RvK na die verslag van die Kommissie vir Voorstelle kyk.

Voordat die RvK na die verslag van die Kommissie vir Voorstelle kyk, word 'n voorstel van DF Malan, gesekondeer deur ds. Strasheim, goedgekeur dat die RvK die besluite van die konferensie aanvaar. Hierdie voorstel kry die eenparige steun van die Raad (NGK 1915:23). Op sy minste getuig dit daarvan dat die RvK wat betref die verslag van die Kommissie vir Voorstelle op hierdie stadium tot 'n breë konsensus gekom het – 'n konsensus wat reeds op die predikantekonferensie gevorm is, waar dit met enkele amendemente aangevul is.

## 6. KONFERENSIEBESLUITE AANVAAR DEUR RAAD

Die eerste afdeling van die besluite handel oor die politieke situasie in Suid-Afrika. Die mosies hieroor in die verslag van die Kommissie word voorgestel deur professor De Vos en gesekondeer deur ds. Louw. Hierin begin die konferensie, en 'n dag later die RvK, met sy "diepe smart" ('n geykte NG term wat 'n eeu later nog gebruik word om te oortuig!) oor die ernstige verdeeldheid in die politieke lewe en onder Afrikaners; 'n toestand wat tot wantroue en verbittering lei én die "gewapende strijd en die vergieting van bloed tusschen volksgenooten" wat deur bande van bloed en geloof aan mekaar verbind is. Die Here kan – volgens die oortuiging van die konferensie/Raad – die gebeure gebruik om verlore verhoudinge met Hom en die eenheid tussen die strydendes te herstel. Alle partye moet "vaderlandsliefde" beoefen en tot 'n Christelike gesindheid van verdraagsaamheid en selfopoffering kom, "vooral bij alle


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a7

leidslieden van ons volk". Ter wille van die eensgesindheid van die konferensie/RvK word die kritiek op alle leiers (dus ook Botha en Smuts) "van ons volk" geskrap. Hierdie deel van die besluite word afgesluit met die hoop dat die politieke verdeeldheid nie op die NG Kerk oorgedra word nie (NGK 1915:15-16; Du Toit 2014:201).

Die tweede afdeling van die voorgestelde besluite handel oor die kerklike situasie. Die voorsteller is ds. Paul Nel en die sekondant ds. PGJ Meiring. Die NG Kerk was sku vir ernstige verdeeldheid oor die Rebellie en versoek kerkrade om nie klagtes te hanteer voordat die oorlog verby is en gemoedere gekalmeer het nie. Hierdie deel word algemeen aanvaar (NGK 1915:17; Du Toit 2014:202).

Die derde deel van die voorstelle oor die standpunt van die NG Kerk het meer bespreking uitgelok. Die voorsteller van die Kommissie vir Voorstelle se mosies is ds. JD Kestell en die sekondant ds. JM Louw. Oor die staatsowerheid word verklaar dat die kerk dit as sy christelike plig beskou en leer dat wet en orde in staat, kerk en gesin eerbiedig en gehandhaaf moet word: *"*om des gewetens wil" kan jy jou alleen om gewigtige, gegronde redes teen die wettige owerheid verset. Na 'n lang bespreking skrap die voorstellers die sinsnede "om des gewetens wil". Die rede hiervoor is waarskynlik dat hierdie uitdrukking in Romeine 13:5 vir 'n positiewe onderwerping aan die gesag van die owerheid en nie 'n negatiewe verset daarteen nie, aangewend word. Die gewigtige en gegronde redes word deur Kestell en Louw vervang met "die goedgekeurd worden door Gods Woord en door Gods Woord verlicht geweten". Daarmee kies die konferensie/Raad vir die moontlikheid van 'n gegronde rebellie: 'n gegronde rebellie wat deur die vae woordkeuse van die amendement nie duideliker word nie.

Hierdie laaste sinsnede staan volgens die vergadering teen 'n amendement van di. HS Bosman en DP Ackerman, wat 'n gedeelte van die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) artikel 36 in die plek van die gewigtige en gegronde redes wou invoeg. Die interpretasie van hierdie belydenis se onderwerping aan die owerheid met eer en eerbied "in alle dingen" wat nie stry met Gods Woord nie, impliseer volgens die vergadering egter dat rebellie te alle tye verbode is. As gevolg van die situasie op daardie stadium was die konferensie en die konferensie/RvK nie daarvoor te vinde nie.

Ten opsigte van volksbewegings spreek die konferensie dit as sy "ernstige overtuiging" uit dat ware vrede en blywende eensgesindheid in die land nie herstel kan word as verset teen die owerheid slegs met geweld teengegaan word nie. Die "overheid en volk*"* moet ernstig en onpartydig navraag doen na die beweegredes vir die verset en alle faktore en griewe wat tot die huidige situasie bygedra het. Dan kan die bevoegde outoriteite regverdig én tegemoetkomend aan die volkswil handel.

Kestell en Louw se veranderde voorstel word met 49 teen 22 stemme aanvaar. Bosman en Ackerman laat aanteken dat hulle in die minderheid gestem het (NGK 1915:17-19). Hierdie skuif bevestig die vermoede dat hulle as Botha-manne die Rebellie van 1914 tot 1915 deur die aanhaling van die NGB wou afwys. Na die vergadering probeer Bosman sy vriend Louis Botha oortuig dat die besluite van die konferensie/RvK nie so "ernstig" is nie. Malan was die opsteller van die oorspronklike voorstelle en "hy is slim". Hy wat Bosman is, het egter 'n paar wysigings deurgekry (Du Toit 2014:205).

Met "algemene stemmen" word op voorstel van DF Malan en DJ Pienaar aanvaar dat die NG Kerk naas 'n algemene roeping ook 'n besondere roeping teenoor die "Hollandsch-sprekend Afrikaner volk" het. Die NG Kerk moet "nationaal" wees en waak oor "onze" nasionale belange. Die Afrikaner moet leer dat hy 'n roeping van God het, wat lei tot die geestelike, sedelike en stoflike vooruitgang en krag van die volk. Die NG Kerk se roeping ten opsigte van die bevordering van die Koninkryk van God en die voortbestaan van die Afrikaner word

gedien deur buite die partypolitiek te bly, tensy godsdienstige of sedelike beginsels en die belange van Gods Koninkryk op die spel is (NGK 1915:19).

Die vierde deel van die verslag van die Kommissie vir Voorstelle handel oor die kerklike tug en word op voorstel van ds. CD Bam gesekondeer deur ds. P du Toit met een teenstem deur die konferensie aanvaar. Die besluit: die NG Kerk kan in die situasie alleen tot die tughandeling oorgaan as hy oor inligting beskik om die juiste aard en oorsake van die opstand te bepaal. Hy moet aan die hand hiervan onpartydig – 'n reël van natuurlike geregtigheid vir kerkvergaderings wat billik wil optree (Sadler 1979:51) – kan oordeel en optree. Soos na afloop van die ABO, moes die tug – ook wat die Rebellie betref – egter gelaat word omdat laasgenoemde opstand voortvloei uit politieke oortuigings waaroor die NG Kerk nie geroepe was om te oordeel nie. Die Rebellie het nie op dieselfde vlak as "grove zonden" teen die godsdiens of sedelikheid gelê nie – die normale redes vir die kerklike tug (NGK 1915:20).

Naas hierdie voorstel aanvaar die konferensie aan die einde van die Donderdagaand – kort voor 24:00 en met "algemeene stemmen" – die mosie van ds. AJ Louw dat die RvK die owerheid versoek om die doodstraf vir rebelle te staak. Die RvK moet hom per petisie hieroor na die betrokke minister wend (NGK 1915:20). Ook hierdie voorstel word op 29 Januarie 1915 deur die RvK aanvaar.

Die RvK reël daardie oggend verskeie sake wat met die uitkoms van die konferensie en vergadering verband hou: die druk en versprei van die notule; die besluite aan *De Kerkbode* en ander nuusblaaie; 'n Engelse vertaling van die besluite deur Malan en Meiring; 'n herderlike skrywe aan die NG Kerk (gemeentes?) deur Kestell, Bosman, Schoon, AJ Louw en Malan; die opstel van die petisie oor die doodstraf deur Botha en Malan; en die oorhandiging daarvan aan die ter sake minister deur Bosman en Nel. Laasgenoemde twee dominees moet met die "bevoegde autoriteiten" in verbinding tree om Duitse predikante en sendelinge in Suid-Afrika wat sonder 'n klag teen hulle krygsgevangenes is, vry te laat. Aan die administrateurs van die provinsies moet die besluit oor die afdanking van onderwysers gestuur en 'n saak van gevange Hollandse predikante met "bevoegde autoriteiten" opgeneem word (NGK 1915:23-24).

Uit hierdie reëlings word een ding duidelik: die RvK wou sy standpunt wyd uitdra en onmiddellik werk maak daarvan. Soos die voorsitter in sy openingswoord aangedui het, wou die RvK rondom die Rebellie van 1914 tot 1915 teregwys, heel, verenig en versterk: oogmerke wat hy wou bereik met besluite wat die NG Kerk – sonder dat die onderliggende band met volksgenote en rebelle verberg word – in staat stel om as kerk van Christus sy roeping uit te leef; besluite wat die kerk buite die politiek hou sonder om werklikheidsvreemd te wees en wat 'n weg voorstel om aan owerheid en rebel die geleentheid te bied om waardig uit die stryd te tree en juis daarom te heel en te versoen. Die rebelle word nie sonder die kans op 'n regverdige ondersoek aan 'n strafproses uitgelewer nie en die owerheid word nie kil en klinies veroordeel nie. Die opdragte aan lede vir skakeling met buite-instansies hou ook sigbaar rekening met die bepaalde lid van die Raad se persoonlike vermoë. Daarom word Kestell met sy sterk pastorale inslag en mensvaardighede én verering as Vader Kestell onder Afrikaners, en Malan met sy begrip vir die taak van die NG Kerk in die samelewing, by die herderlike brief ingedeel. HS Bosman van Pretoria[19] en die gesoute Paul Nel het moontlik meer invloed by die "autoriteiten" as ander en Meiring se Engels is moontlik vloeiender en meer aanvaarbaar as dié van die legendariese Oos-Vrystaatse dominees van Bethlehem en Kestell, CP Theron en EJP Smit!

19 Bosmanstraat in Pretoria is na hom vernoem.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a7

Ten opsigte van owerheid en rebel gee die RvK die eerste tree van ’n versoeningsaksie: ’n aksie van versoening wat kon uitloop op ’n versoeningskommissie, wat moontlik is as die beoogde goeie gesindhede in kerk en staat as vertrekpunte aanvaar word. In hierdie opsig was die RvK – vanweë die feit dat getroue lidmate hulle aan beide kante van die stryd bevind en sy beklemtoning van regverdigheid en versoening – waarskynlik sy tyd ’n bietjie vooruit. As die RvK iets hiervan kon waar maak, sou hy die bitterheid en verdeeldheid van dekades kon temper: ’n bittere verdeeldheid wat ongeorganiseerd op ’n “natuurlike” manier moes uitsweer.

In sy geheel het die RvK hiermee gekies vir twee standpunte wat beide gereformeerd aanvaarbaar is: eerbied vir die owerheid én ’n rebellie of “opstand” – die woord wat deurgaans in die besluite voorkom en tog ’n sekere godsdienstige kleur daaraan verleen – wat die toets van Gods Woord kan deurstaan. Meer as ’n jaar later skryf Malan in *Die Burger* dat daar vir die NG Kerk vier moontlikhede oop was: eerstens kon die kerk die gebeure geïgnoreer het, wat onverantwoordelik sou wees; tweedens kon die NG Kerk die Rebellie summier of ongekwalifiseerd veroordeel het, wat ongereformeerd sou wees; derdens kon die kerk op die meriete van die “opstand” ingegaan het en daardeur op die terrein van die staat oortree; en vierdens – vir hom die oplossing – moes die kerk hom aan geen van die twee kante skaar nie (Du Toit 2014:205; Booyens 1969:293).

## 7. NAWERKING VAN DIE RAAD VAN KERKE

Sommige skrywers oordeel dat hierdie dokument met die besluite van die RvK in 1915 een van die belangrikstes in die geskiedenis van die NG Kerk was. Dit het ’n skeuring voorkom en die weg vir die ander twee Afrikaanse gereformeerde kerke gebaan om min of meer gelykluidende besluite te neem (Van der Watt 1987:348; Booyens 1969:293). In die Engelstalige koerante was daar egter maande lank hewige kritiek. Die vereenvoudigde betoog was dat die NG Kerk met sonde gespeel het en Romeine 13 geïgnoreer het om die rebelle vry te laat uitkom (Du Toit 2014:203).

Volgens Vader Kestell wou die besluite sê: “God is in onze geschiedenis – onze kerk is nasionaal”. Malan wys op die onderskeid tussen die kerklike beoordeling van sake en die kerklike tug. Die RvK het nie die Rebellie goedgekeur deur die versoek – sy besluite is immers adviese aan die kerk – dat geen tug toegepas moet word nie. Net so het die Vrystaatse NG Kerk nie hoogverraad goedgekeur toe besluit is om hensoppers en joiners tydens die ABO van 1899 tot 1902 nie te tugtig nie. Nie elke verkeerde daad by lidmate is – geweeg in sy konteks – amptelik kerklik tugwaardig nie. Tugwaardige sondes wat deur kerkvergaderings hanteer moet word, moet van ’n openbare, ergerlike of aanstootlike (vir die kerk in die omstandighede) aard wees. Dit gaan nie om elke misstap nie. Só ’n aanpak kan ’n kerkraad voltyds besig hou (Du Toit 2014:204; NGKO 2015:17).

Kestell se opsomming verraai ’n motief vir die ondertone van simpatie en ’n sagte benadering, ten minste by Kestell, teenoor die Rebellie in die besluite van die RvK. Kestell se rol in die konferensie en daaropvolgende vergadering van die RvK én sy kommentaar agterna, illustreer sy innerlike onvermoë om sy vriend en held uit die ABO, generaal De Wet, teen te gaan. De Wet was in die sentrum van die Rebellie. Kestell sou dit nie oor sy hart kry om De Wet vir ’n daad wat drup van Afrikanersentiment deur ’n kerkvergadering te laat veroordeel nie (Strauss 2015:94). Hy wat self nie ’n vegtende burger of veggeneraal wou wees nie (Van Schoor 1992:88), het De Wet as krygsman bewonder. Volgens sy eie bekentenis het hy president Steyn as mens liefgehad, maar generaal De Wet gevrees. De Wet het die sagter, maar besliste dominee en herder min of meer “gehipnotiseer”. Op die vraag waarin De Wet se krag lê, het Kestell geantwoord: De Wet is met niemand intiem nie, maar met almal


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a7

vriendelik. Soos alle groot leiers is hy altyd so geheimsinnig soos ’n “Sfinx” (Kestell 1902:99-100). In die voorwoord van sy “Met de Boerenkommando’s” vertel Kestell dat hy as notulehouer die notule van die Vredesberaad by Vereeniging in Mei 1902 as ’n aanhangsel in sy boek wou opneem. Op versoek van die uitgewer in Amsterdam, Wormser, het hy die werk aan sy eie boek egter gestaak om De Wet se *De strijd tuschen Boer en Brit* te redigeer en taalkundig te versorg. Daarby het hy ingestem dat genoemde notule in De Wet se boek in plaas van in syne verskyn en dat De Wet se verhaal voor syne uitgegee word. Kestell se boek word Africana, maar die wydbekende, beroemde De Wet se werk was daarbenewens ook ’n treffer in Europa en het uiteindelik in ses tale verskyn (Kestell 1902: voorwoord)! Hierdie gebeure dui daarop dat die egte pastor ook nie vir die belange van die sonderlinge generaal kon “nee” sê nie.

In April 1915 aanvaar die NG Kerk se Sinode van Natal die besluite van die RvK. Die Kaapse Sinode vergader in Oktober en November 1915. Na ’n bespreking, wat duur van 10 tot 12 November, aanvaar dié Sinode ook die besluite van die RvK. Afdeling drie oor die standpunt van die kerk word egter uitgebrei met die stelling dat hierdie afdeling nie impliseer dat die regering of rebelle se optrede goed- of afgekeur word nie. Die ondertone van simpatie vir die rebelle in die besluite van die RvK is waarskynlik vir hierdie verduideliking verantwoordelik. In Mei 1916 vergader die Sinodes van Transvaal en die Vrystaat. Albei keur die RvK se besluite goed. In sy teleurstelling oor afgekeurde amendemente skryf ds. Bosman uit Pretoria aan generaal Botha dat die jong leraars die oorhand gehad het. “Zij zijn almal aanbidders van Dr Malan.” Die Algemene Kerkvergadering van die Ned Hervormde Kerk van Afrika (NHKA, Mei 1916) en die Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (GKSA, Maart 1916) loop ten opsigte van die koers dieselfde pad as die RvK (Du Toit 2014:209-2013; Strauss 2015:94).

Met hierdie houding het die RvK, die Sinodes in die NG Kerk en GKSA asook die Algemene Kerkvergadering van die NHKA prinsipieel saamgestem: die kerk kan nie die Rebellie behoorlik beoordeel nie en daar mag ’n situasie onstaan waarin ’n opstand geregverdig kan word. Hierdie samevatting impliseer dat die prinsipiële kwessie van ’n opstand teen die owerheid en kerklike optrede in so ’n geval deeglik deurtrap is. Die drie Afrikaanse gereformeerde kerke het daarby nader aan mekaar beweeg en meer gesamentlike aksies van stapel gestuur (Du Toit 2014:213). Grundlingh en Swart beweer dat die RvK se onderliggende simpatie vir die saak van die rebelle aan hierdie beweging “enorme stukrag” verleen het om ’n “lang skaduwee” in die geskiedenis van Suid-Afrika te werp (Grundlingh & Swart 2009:21).

Uit die gekollekteerde bedrae van die Helpmekaarvereniging wat in 1916 gestig is, is die boetes en skuld in verband met skadevergoeding van die rebelle betaal. In destydse terme was hierdie bydraes van Afrikaners onder die omstandighede, 12 jaar na die verwoestende ABO, indrukwekkend. Meer as R500 000 (dit was destyds bereken op 250 000 Engelse pond) is aan rebelle in die Noord-Vrystaat uitbetaal, ongeveer R1 000 000 aan rebelle elders en R184 000 sou oorbly. Hieruit sou ’n studiefonds vir jong Afrikaners en die stigting van versekeringsmaatskappye soos Santam en Sanlam kom (Giliomee 2012:289). Die afloop van die Rebellie was ’n tragedie, maar nie sonder nuwe eenheid en inisiatiewe onder Afrikaners nie.

## 8. SLOT

Die Rebellie van 1914 tot 1915 onder Afrikaners sou emosioneel diep in hierdie gemeenskap insny.

In hierdie proses sou die besluite en handelinge van die betrokke kerkvergaderings in die NG Kerk drie sake duidelik weerspieël. Die eerste is dat kerke by die waarheid en gees van die Woord van God in hulle besluite moet bly, ook waar hulle eie lidmate betrokke is, en nie


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a7

ongefundeerde, oningeligte, werklikheidsvreemde en gevolglik ongeloofwaardige uitsprake maak nie. Daarby moet lidmate se aanvoeling van wat reg en billik in die lig van die Woord en situasie is, erken en bereken word (Torfs 2003:260). Die tweede is dat die kerk nie geregtigheid na alle kante mag miskyk nie. Die kerk kan nie onchristelike onreg of partydigheid ter wille van politieke korrektheid of ’n gehegtheid aan kulturele besit sanksioneer nie. Die derde is dat die kerk as ’n instelling van Christengelowiges moet optree. As die kerk praat of doen, moet Christus en Bybelse waardes uit sy optrede blyk.

Rondom rebellie en opstand het die RvK hierdie riglyne gevolg. Die druk van simpatie vir die saak én die persone van die Rebellie – die RvK was volgens woordvoerders Christelik én nasionaal – was egter ook aanwesig. Uiteenlopende standpunte wat mekaar wedersyds beïnvloed én besorgheid oor die kerklike roeping in die situasie het gelei tot verdedigbare besluite: besluite wat onder gereformeerde Afrikaners wye aanvaarding gevind het.

## BIBLIOGRAFIE


Beyers, C.J. (hoofredakteur). 1977. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek.* Kaapstad: Tafelberg.

Beyers, C.J. (hoofredakteur). 1981. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV.* Pretoria: Butterworth.

Booyens, B. 1969. *Die lewe van D.F. Malan.* Kaapstad: Tafelberg.

D’Assonville, V.E. s.a. *O Vaalrivier! ... Broederstroom.* Pretoria: Marnix.

De Kock, W.J. (hoofredakteur). 1976. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I.* Kaapstad: Tafelberg (2e druk).

De la Rey, H. 1998. *Die ware generaal Koos de la Rey* (saamgestel deur Lappe Laubscher). Pretoria: Protea Boekhuis.

De Wet, C.R. 1959. *Die stryd tussen Boer en Brit.* Kaapstad: Tafelberg.

Du Toit, F. 2014. Die Afrikaanse kerke en die Rebellie. In: Langner, D.J. & Raath, A.W.G. (reds). *Die Afrikanerrebellie 1914-1915.* Pretoria: Kraal, pp. 195-246.

Gerdener, G.B.A. 1925. *Sarel Cilliers. Die vader van Dingaansdag*. Pretoria: Van Schaik (2e druk).

Giliomee, H. 2012. Afrikanernasionalisme 1902-1924. In Pretorius, F. (redakteur). *Geskiedenis van Suid-Afrika. Van voortye tot vandag.* Kaapstad: Tafelberg, pp. 275-292.

Grobler, J.E. 2007. *Uitdaging en antwoord. ’n Vars perspektief op die evolusie van die Afrikaners*. Brooklyn: Grourie.

Grobler, J.E. 2014. Jopie Fourie – martelaar van die Rebellie. In Raath, A.W.G. & Langner, D.J. *Die Afrikanerrebellie 1914-1915.* Pretoria: Kraal.

Grundlingh, A. & Swart, S. 2009. *Radelose Rebellie? Dinamika van die 1914-1915 Afrikanerrebellie*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Kestell, J.D. 1902. *Met de Boeren-commandos. Mijne ervaringen als veldprediker.* Amsterdam/ Pretoria: Höveker & Wormser.

Kleynhans, E.P.J. s.a. *Die kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1795-1962*. S.l.:s.n.

Koorts, L. 2014. *D.F. Malan en die opkoms van Afrikanernasionalisme.* Kaapstad: Tafelberg.

Kruger, D.W. (hoofredakteur). 1972. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II*. Kaapstad: Tafelberg.

Malan, D.F. 1959. *Afrikaner-volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

NG Kerk (NGK). 1915. *Handelingen van eene buitengewone vergadering van den Raad der Ned Geref Kerken in Suid-Afrika.* Paarl: Paarl Drukpers.

NG Kerk (NGK) in ZA. 1858. *Handelingen van de Buitengewone (1837) en Algemeene Synode (1842)*. Kaapstad: Van de Sandt De Villiers.

NG Kerk (NGK). 2015. *Die Kerkorde.* s.l.:s.n.

Pretorius, F. (redakteur). 2012. *Geskiedenis van Suid-Afrika. Van voortye tot vandag.* Kaapstad: Tafelberg.

Republiek van de Oranje-Vrijstaat (OVS). 1899. *Volksraadsnotule.* Bloemfontein: Vrystaatse Argief.

Schoeman, J.H. s.a. *Die ander kant van die Rebellie.* Pretoria: J.H. Schoeman.

Scholtz, G.D. 1941. *Generaal Christian Frederik Beyers 1869–1914.* Johannesburg: Voortrekkerpers.



doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a7

Scholtz, G.D. 1942. *Die Rebellie 1914-1915*. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Scholtz, G.D. 1944. *Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe 1888–1940*. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Strauss, P.J. 2015. *Gereformeerdes onder die Suiderkruis 1652–2011*. Bloemfontein: Sunmedia.

Suid-Afrikaanse Rugbyraad 1964. *Rugby in Suid-Afrika.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Thom, H.B. 1980. *D.F. Malan.* Kaapstad: Tafelberg.

Torfs, R. 2005. Church and state in Belgium. In: Robbers, G. (red). *State and church in the European Union.* Trier: Nomos, pp. 9-33.

Van der Watt, P.B. 1973. *Die Loedolffsaak en die Ned Geref Kerk 1862–1962*. Kaapstad: Tafelberg.

Van der Watt, P.B. 1980. *Die Ned Geref Kerk 1824–1905.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Van der Watt, P.B. 1987. *Die Ned Geref Kerk 1905–1975.* Pretoria: NG Kerkboekhandel Tvl.

Van Schoor, M.C.E. 1992. *John Daniel Kestell 1854–1941.* Bloemfontein: Oorlogsmuseum.

Van Schoor, M.C.E. 1997. *'n Bittereinder aan die woord.* Bloemfontein: Oorlogsmuseum.

Van Zyl Hattingh, P.J. 2000. *Die Rebellie. My tog deur die woestyn na Duits-Wes*. Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke.

Webb, H.S. 1916. *Oorzaken van de Rebellie*. Pretoria: Noordelike Drukpers.

Wessels, F.J.H. 1977. Ongeloof en wêreldgebeure. In: Strauss, D.F.M. *Woord en Wetenskap.* Bloemfontein: VCHO, pp. 202-211.

# Die *Bailie's Party*-trilogie: Karel Schoeman (en MD Nash) en die 1820- Britse Setlaars

***The* Bailie's Party *trilogy: Karel Schoeman (and MD Nash) and the 1820 British Settlers***

**André Wessels**
Departement Geskiedenis
Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein, Suid-Afrika
en Besoekende Professorale Genoot
UNSW Canberra van die Australian Defence Force Academy
E-pos: wessels@ufs.ac.za



André Wessels

**André Wessels** studeer aan die Universiteit van die Vrystaat en behaal die grade BA, BA Honneurs (Geskiedenis) en MA (Geskiedenis) – almal *cum laude* – asook 'n DPhil in Geskiedenis in 1986. Hy was verbonde aan die Natalse Onderwysdepartement (1980–1983), werksaam by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (1984–1987) en is sedert 1988 dosent in Geskiedenis aan die Universiteit van die Vrystaat, waar hy tans senior professor is en departementshoof was vanaf 2006 tot 2018. Hy is ook 'n Besoekende Professorale Genoot by die University of New South Wales UNSW, Canberra aan die Australian Defence Force Academy. Sy navorsing fokus op Suid-Afrikaanse militêre geskiedenis, met besondere verwysing na die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog van 1899 tot 1902, en die geskiedenis van die land se gewapende magte sedert 1912. Hy is die outeur, mede-outeur of redakteur van tien boeke, outeur of mede-outeur van ongeveer 120 geakkrediteerde akademiese tydskrifartikels, asook hoofstukke in boeke, meer as 130 boekresensies en talle ander publikasies.

**André Wessels** studied at the University of the Free State and obtained the degrees BA, BA Honours (History) and MA (History) – all of them *cum laude* – as well as a DPhil in History in 1986. He was employed by the Natal Department of Education (1980–1983), worked for the Human Sciences Research Council (1984–1987), and since 1988 he has taught History at the University of the Free State, where he is now a senior professor, and was head of the department from 2006 to 2018. He is also a Visiting Professorial Fellow at the University of New South Wales UNSW, Canberra, at the Australian Defence Force Academy. His research focuses on South African military history, with special reference to the history of the Anglo-Boer War of 1899 to 1902, and the history of the country's armed forces since 1912. He is the author, co-author or editor of ten books, author or co-author of some 120 articles in accredited academic journals, as well as chapters in books, more than 130 book reviews, and several other publications.

**Datums:**
Ontvang: 2020-09-15 Goedgekeur: 2020-10-25 Gepubliseer: Desember 2020


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a8

**ABSTRACT**

***The* Bailie's Party *trilogy: Karel Schoeman (and MD Nash) and the 1820 British Settlers***

*A year before the 1820 British Settlers bicentenary, three books dealing with the history of these pioneers were published. The* Bailie's Party *trilogy was completed by the renowned, prolific and award-winning Afrikaans author (of both fiction and non-fiction) Karel Schoeman (1939–2017) and published posthumously by Protea Book House in 2019. Schoeman consulted a large number of sources in writing these three comprehensive books, but the core of the books is based on the research that was previously done by Mrs MD Nash (1928–2010).*

*Karel Schoeman is a famous Afrikaans author of novels such as* By fakkellig *(1964),* Na die geliefde land *(1972) and* Verliesfontein *(1998). Many of his novels are of an historical nature, with events taking place against the background of, for example, the Anglo-Boer War. Parallel to his works of fiction, Schoeman in due course also produced several history books, including* Bloemfontein: Die ontstaan van 'n stad 1846–1946 *(1980), and the "Vrijstatia" series of source publications, as well as a series of eight books on the Cape, during the era of the Dutch East India Company. It was while working as head of the Special Collections at the then South African Library (now the National Library of South Africa) in Cape Town, that Schoeman met MD Nash.*

*Marjorie Diane ("Dee") Nash was, for many years, head of the Cultural History Division at the Albany Museum in Grahamstown (now Makhanda), and later worked as an editor for a publishing company in Cape Town. In her capacity as a descendant of the 1820 Settler John Bailie, she researched his history, together with that of the 1820 Settlers in general. This led to the publication of* Bailie's Party of 1820 Settlers: A collective experience in emigration *(1982), which Jeff Peires described as having "revolutionised 1820 settler historiography". More publications followed. When Nash retired, she donated all her research material, documents and unpublished manuscripts on John Bailie and the 1820 Settlers to Karel Schoeman, in the hope that one day he would be able to use it in some way. Schoeman's* Bailie's Party *trilogy is the end result, with Schoeman indicated as the author on both the covers, as well as on the title pages of the books, but with the additional inscription, "based on the original research of MD Nash".*

*Proceeding from the assumption that it is not possible to understand the development of what is since 1910, a unified South Africa, without taking into account the role played by the 1820 British Settlers, it is the purpose of this article critically to evaluate Karel Schoeman's* Bailie's Party *trilogy, inter alia, by regarding it in the broader context of both Schoeman's other historical works, and the existing 1820 Settlers' historiography. Thus, brief reviews of the work produced by both Schoeman and Nash are provided, as well as a review of the 1820 British Settler emigration scheme and the concomitant Settler historiography.*

*The books in the* Bailie's Party *trilogy are then reviewed and where necessary, compared with other sources on the 1820 Settlers. In the first book in the trilogy,* The old world 1757–1819*, Schoeman/Nash provide a socio-cultural background with regard to the settlers who emigrated to South Africa. The Bailie family history is traced and the emigration scheme and the people who were involved are discussed. Throughout, the European background of both the Bailie family and the members of the other Settler groups is traced, in an effort to understand the cultural heritage they brought with them to what is today South Africa. The second volume,* The new land 1820–1834*, focuses on the Bailie Party's trip to the Cape Colony, the Eastern Cape frontier area where they settled, the challenges they encountered and how they dealt with them.*

*In the third book of the trilogy,* The frontiers 1834–1852*, the role of the Bailie family in the Albany district of the Eastern Cape is further expanded, including the Sixth Frontier War*



doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a8

*(1834–1835), the death of Lieutenant Charles Bailie (the eldest son of John), the Bailies and Algoa Bay, and their life in the Transgariep (the present day Free State Province) and in Natal (KwaZulu-Natal).*

*From this "warts and all" account of Bailie's Party and other 1820 Settlers, it emerges that the emigrants were intrepid people, but they were also fallible. However, they learnt the hard way, and thanks to their tenacity, indomitable spirit, courage and determination, they were in due course, to a lesser or greater extent, successful. Their work led to the establishment of towns and cities; the expansion and development of agriculture, educational facilities; and of language and culture in general. Small wonder, then, that a liberal political tradition in due course developed in South Africa; that Xhosas for many years dominate(d) African politics in South Africa; and that English today, exactly 200 years after the arrival of the 1820 Settlers, (still) remains the dominant language of government and business.*

*Thanks to Schoeman, Nash's research has been given another lease of life. The* Bailie's Party *trilogy can be linked to work already done on Bailie's group of Settlers, as well as the other Settler groups, and is an invaluable addition to the 1820 Settler historiography in general. To Schoeman, the past has always been "another country", asking to be discovered, studied and understood in all its complexities.*

*The* Bailie's Party *trilogy bears witness to the immense amount of thorough research that Dee Nash undertook in the course of many years, and Karel Schoeman's ability to shape that research – together with all his additional research – into a comprehensive and readable set of books that will indeed contribute towards a better understanding of South Africa's colonial past. The trilogy in no way glorifies colonialism, but makes it clear how complex a phenomenon colonialism is, and that its roots and impact should be studied in an unbiased way, should one wish to understand the history of South Africa (where all inhabitants share a common colonial past), as well as the history of all other former British and other colonies.*

**KEYWORDS:** 18th and 19th century England, 1820 British Settlers, Bailie's Party, John Bailie, Cape Colony, frontier region, Sixth Frontier War, historiography, Karel Schoeman, MD Nash

**TREFWOORDE:** 18de- en 19de-eeuse Engeland, Britse Setlaars, *Bailie's Party*, John Bailie, Kaapkolonie, grensgebied, Sesde Grensoorlog, historiografie, Karel Schoeman, MD Nash

## OPSOMMING

Kort voordat die aankoms van die 1820- Britse Setlaars 200 jaar gelede herdenk behoort te word, het drie boeke, wat die vooraanstaande Afrikaanse skrywer Karel Schoeman (1939–2017) kort voor sy dood voltooi het, genaamd die *Bailie's Party*-trilogie, die lig gesien. Schoeman het 'n groot aantal bronne geraadpleeg met die oog op die skryf van die boeke, maar die kern van die publikasies is gebaseer op die navorsing en onvoltooide manuskripte wat deur mev. MD ("Dee") Nash (1928–2010) nagelaat is. Die uitgangspunt van hierdie artikel is dat dit nie moontlik is om die ontwikkeling van Suid-Afrika (soos ons dit vandag ken) na behore te begryp sonder om nie ook die rol van die 1820- Britse Setlaars te ondersoek nie. Die doel van hierdie studie is om Schoeman se *Bailie's Party*-trilogie krities te evalueer deur dit onder meer binne die breër raamwerk van sy ander historiese werke te plaas en die historiografiese betekenis van die trilogie te bepaal deur dit met sommige ander werke oor die 1820- Britse Setlaars te vergelyk.

## 1. INLEIDING

Karel Schoeman (1939–2017) was een van die mees produktiewe en vooraanstaande skrywers wat die Afrikaanse (en Suid-Afrikaanse) skrywersgemeenskap tot nog toe opgelewer het. (Sien Onderafdeling 2, *infra*, vir méér in dié verband.) Kort ná sy ontydige dood het nog van sy voltooide manuskripte in boekvorm verskyn en twee jaar ná sy dood het die onderhawige omvangryke boeke, wat oor die 1820- Britse Setlaars handel, die lig gesien:

- *Bailie's Party: The old world 1757–1819*. Pretoria: Protea Boekhuis, 2019.
- *Bailie's Party: The new land 1820–1834*. Pretoria: Protea Boekhuis, 2019.
- *Bailie's Party: The frontiers 1834–1852*. Pretoria: Protea Boekhuis, 2019.

Dié drie boeke van Schoeman is gebaseer op die oorspronklike navorsing wat deur MD Nash gedoen is. (Sien Onderafdeling 5, *infra*, vir meer besonderhede in verband met Nash se navorsing en hoe Schoeman daarmee omgegaan het.)

Uitgaande van die standpunt dat dit nie moontlik is om die ontwikkeling van Suid-Afrika (soos ons dit vandag ken) te begryp sonder om nie ook die rol van die 1820- Britse Setlaars in ag te neem nie, is dit die doel van hierdie studie om Schoeman se *Bailie's Party*-trilogie krities te evalueer deur dit onder meer binne die breër raamwerk van sy ander historiese werke te plaas. Die historiografiese betekenis van die trilogie word bepaal deur dit met sommige ander werke oor die 1820- Britse Setlaars te vergelyk.

Ten eerste gaan die lewe van Schoeman – en sy publikasies – kortliks bespreek word, waarna die geskiedenis van die 1820- Britse Setlaars, insluitende die historiografie van dié setlaarsbeweging, in breë trekke geskets sal word. MD Nash se loopbaan en werk kom daarna kortliks aan die orde. In die daaropvolgende afdeling sal die *Bailie's Party*-trilogie ontleed en geëvalueer word, waarna bepaalde gevolgtrekkings gemaak en slotperspektiewe verskaf sal word.

## 2. KAREL SCHOEMAN EN SY PUBLIKASIES[1]

Tromp ("Karel") Schoeman is op 26 Oktober 1939 te Trompsburg in die Suid-Vrystaat gebore. Toe hy twee jaar oud was, vestig die Schoeman-gesin hulle in Bloemfontein. 'n Jaar later is sy ouers geskei en verhuis hy saam met sy ma na die Paarl. Daar voltooi hy sy skoolopleiding in 1956 aan die Hoër Jongenskool. Hy studeer aan die Universiteit van die (destyds nog Oranje-)Vrystaat (UOVS) en voltooi in 1959 aldaar sy BA-graadstudie (met hoofvakke Engels, Afrikaans en Nederlands), waarna hy verder aan die Katolieke Seminarium St. John Vianney in Pretoria studeer. Vanaf 1961 tot 1964 woon hy in Ierland, waar hy aan die Franciskanerorde se kloosters in Killarney en Galway die novisiaat deurloop. In 1964 keer hy terug na Bloemfontein en verwerf hy 'n Hoër Diploma in Biblioteekkunde aan die UOVS.

Schoeman woon 'n ruk lank in Johannesburg (1966–1968) en dan in Nederland (Amsterdam, 1968–1973, as bibliotekaris), Engeland (Cavendish, 1973) en Skotland (Glasgow, 1973–1976, as verpleër). Hy ervaar die Nederlandse, maar ook die Engelstalige, wêreld dus eerstehands. Terug in Suid-Afrika werk hy in Pretoria as vertaler (1976–1977), in Bloemfontein as bibliotekaris (1977–1982) en in Kaapstad by die Suid-Afrikaanse Biblioteek – nou die

1 Die kort biografiese besonderhede wat hier verskaf word, is onder meer ontleen aan talle koerantberigte wat ná Schoeman se dood verskyn het, byvoorbeeld in *Volksblad*, 3 Mei (2017:1, 7); 4 Mei (2017:1, 8, 9) en 5 Mei (2017:3, 6); *Bloemfontein Courant*, 4 Mei (2017:1) en 12 Mei (2017:7). Kyk verder ook byvoorbeeld Schoeman (2002), asook Van der Veer (2017).


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a8

National Library of South Africa (1982–1998). Ná sy aftrede vestig hy hom in Trompsburg, voordat hy in 2008 na Bloemfontein terugkeer. Vanaf 2010 was Schoeman 'n navorsingsgenoot in die Departement Geskiedenis en Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy sterf op 1 Mei 2017.

* * *

Schoeman was een van Suid-Afrika se produktiefste skrywers en 'n reus in die Afrikaanse letterkunde. Met verloop van tyd het hy ook 'n besondere bydrae op die gebied van die Geskiedenis gelewer. Onder sy groot aantal romans tel onder meer *By fakkellig* (1964), *'n Lug vol helder wolke* (1967), *Spiraal* (1968), *Na die geliefde land* (1972), *'n Ander land* (1984), *Die uur van die Engel* (1995) en *Verliesfontein* (1998). Talle van sy romans is al vertaal, byvoorbeeld in Nederlands, Engels, Frans, Duits en Russies. Naas vele ander toekennings en eerbewyse het Schoeman die Hertzogprys by drie geleenthede ontvang (1970, 1986 en 1995) en die Recht Malan-prys ook by drie geleenthede (1983, 1998 en 2003). Hy het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se Stalsprys vir Kultuurgeskiedenis (1997) en die L.W. Hiemstra-prys vir nie-fiksie (2002), asook eredoktorsgrade van die Universiteit van Kaapstad (2000) en die Universiteit van die Vrystaat (2004 – in dié universiteit se eeufeesjaar) ontvang.

Gegewe sy wortels en die feit dat hy vir baie jare in Bloemfontein gebly en gewerk het, is dit te verstane dat talle van Schoeman se aanvanklike historiese werke Vrystaatse temas ontgin. Kyk in hierdie verband byvoorbeeld *Bloemfontein: Die ontstaan van 'n stad 1846–1946* (1980 – die boek wat as die hoeksteen van sy historiese werk beskou kan word), en die vyftien boeke in die "Vrijstatia"-reeks bronnepublikasies (1985-2005) wat hy geredigeer het.

Met verloop van tyd het die fokus van Schoeman se historiese navorsing al meer na die Kaapkolonie verskuif.[2] Sy "Kaapse geskiedenis" bereik 'n hoogtepunt met die publikasie van 'n indrukwekkende reeks van agt boeke wat verskillende aspekte van die Kaaps-Nederlandse tydperk belig (Schoeman 2008, 2009, 2010, 2011, 2013a, 2013b, 2014, 2016).

In hierdie omvangryke reeks publikasies, het Schoeman die historiese agtergrond, konteks, leefwêreld van diegene wat hulle aan die Kaap kom vestig het, en hul bydrae, beskryf – iets wat hy later ook met die *Bailie's Party*-trilogie ten opsigte van Engelse inkomelinge gedoen het. Nadat Schoeman sy meerdelige studie oor die VOC-tydperk in die Kaapse geskiedenis afgesluit het, het hy na 'n volgende tema geskuif, naamlik die Britse Setlaars. Waar die Kaap vanaf 1652 onder Nederlandse beheer en invloed was, het die eerste Britse besetting van die Kaap in 1795 (kyk byvoorbeeld Nel (1977) en Potgieter (1997)) 'n nuwe era van Britse invloed ingelui, iets wat met die tweede Britse besetting in 1806 (kyk byvoorbeeld Krynauw (1999)) bevestig is.

In sy boek *Skepelinge: Aanloop tot 'n roman*, skryf Schoeman in die koda soos volg (Schoeman 2017:535):

> Die boek is saamgestel uit histories en wetenskaplik verantwoorde tekste, wat egter op suiwer subjektiewe en onwetenskaplike wyse gebruik is om 'n bepaalde siening van die verlede oor te dra, verweef met insidentele persoonlike betragtings oor geskiedenis, navorsing en skrywerskap.

2 Kyk in hierdie verband, naas 'n groot aantal resensies in akademiese tydskrifte en in koerante, veral ook die uitstekende artikels van De Klerk en Haarhoff (2007:125-149), en Schutte (2012:119-130).

Hierdie enkele sin vat Schoeman se benadering tot die geskiedenis, navorsing en sy eie geskiedskrywing uitstekend saam, en kan in ’n mindere of meerdere mate op sy *Bailie’s Party*-trilogie van toepassing gemaak word. Alvorens gelet sal word op die wyse waarop Schoeman die Setlaartema (en meer spesifiek *Bailie’s Party*) hanteer het, gaan eers kortliks na die historiografie van die 1820- Britse Setlaars gekyk word.

## 3. DIE 1820- BRITSE SETLAARS

In 1820 het ’n groot groep Britse immigrante hulle in die destydse Britse Kaapkolonie gevestig – met verloop van tyd bekend as die 1820- (Britse) Setlaars. Hulle koms na wat vandag Suid-Afrika is, was die gevolg van die Britse regering se projek (beginnende in Julie 1819) om emigrasie na die Kaapkolonie te bevorder. Meer as 4 000 Britse Setlaars (sowat 1 000 mans en 3 000 vrouens en kinders) – vir ’n volledige lys name, kyk Nash (1987:18-34) – het hulle aan die Kaap kom vestig, hoofsaaklik in die Albany-distrik in die Oos-Kaapse grensgebied. Die Britse owerhede wou naamlik dié omstrede grensgebied digter met blanke boere bevolk ten einde Xhosas te ontmoedig om die gebied binne te dring of, indien dit wel sou gebeur, die gebied beter teen Xhosa-aanvalle te beskerm. Verder wou die owerhede ook die Engelssprekende bevolking van die Kaapkolonie uitbrei as teenwig vir die Nederlandse taal en kultuur wat steeds oorheersend was. Emigrasie moes ook werkloosheid in Brittanje in die jare na afloop van die Napoleontiese oorloë verlig (Nash 1987:11; Nash 1986:94-95; Rivett-Carnac 1974:21-23; Butler 1974:9-20; Hockly 1957:20-32).

Die belangstelling in die emigrasieskema was oorweldigend. Diegene wat vir vestiging aan die Kaap gekeur is, is in groepe (Engels: parties) ingedeel, elk met ’n hoof/leier (Nash 1987:11-14; Rivett-Carnac 1974:23-24). John Bailie (5 Julie 1788–29 Julie 1852) was lid van ’n Anglo-Ierse grondbesittersfamilie, maar teen 1819 ’n staatsamptenaar en sekretaris van die British War Claims Commission. Sy aansoek om te emigreer was een van die eerste om goedgekeur te word. Sy groep (Bailie’s Party) het ’n groot aantal opgeleide ambagsmanne, winkeliers en professionele mense ingesluit, wat in die Albany-distrik nuwe dorpe tot stand moes bring. Ongeveer 600 persone (gesinshoofde) het aansoek gedoen om onder leiding van Bailie na die Kaap te verhuis, waaruit Bailie 100 gekies het. Uiteindelik het slegs ongeveer ’n derde van hulle (en hul gesinne, indien hulle getroud was) vir Bailie na die Kaap vergesel. Ander gesinne is egter ook by Bailie’s Party ingedeel, sodat daar uiteindelik 244 persone (mans, vrouens en kinders) in sy groep was. Ses kinders is dood ter see, terwyl ses babas gebore is. Van hierdie groep het almal behalwe 19 as één groep aan boord die skip *Chapman* na die Kaap gevaar, terwyl die ander met ander skepe gevaar het (Nash 1987:39-43). Bailie is deur sy vrou, Amelia Crause (1792–1864; ’n Engelse dame van Kent) en hul vier seuns vergesel (Metrovich 1968:34; Nash 1987:40, 144). Die *Chapman* was die eerste van die ten minste 17 skepe[3] wat die 1820-Setlaars na die Kaap gebring het. Die skip het op 3 Desember 1819 vanaf Gravesend in Engeland vertrek, by Tafelbaai aangedoen en het op 10 April 1820 in Algoabaai anker gegooi (Nash 1987:40; Schoeman 2019b:13-33; Bryer & Hunt 1987:22-26; Nash 1986:95).

Gegewe die groot impak wat die 1820- Britse Setlaars op die ontwikkeling van Suid-Afrika gehad het, is dit te verstane dat daar reeds ’n groot aantal publikasies oor die setlaars

[3] Volgens Nash (1986:95) was daar 21 skepe, maar Nash (1987:35) lys die name van 17 skepe. Schoeman (2019b:13) aanvaar dat ten minste 17 skepe gebruik is om die setlaars na die Kaap te neem, maar verwys ook na bronne wat tot soveel as 27 skepe vermeld. Hockly (1957:35-38) identifiseer 19 skepe.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a8

die lig gesien het. Slegs enkeles word hier genoem: Isobel E Edwards, *The 1820 Settlers in South Africa; a study in British colonial policy* (1934), Harold E Hockly, *The story of the British Settlers of 1820 in South Africa* (1957) en Dorothy Rivett-Carnac, *Thus came the English in 1820* (eerste uitgawe in 1961, vierde in 1974) tel onder die ouer boekpublikasies. Om en by die 150ste herdenking van die aankoms van die setlaars het onder meer die volgende verskyn: Sir Arthur Snelling, *The contribution of the British Settlers to South Africa* (gepubliseerde lesing; 1970), E Morse Jones, *Roll of the British Settlers in South Africa* (twee dele; 1971) en Guy Butler (red.), *The 1820 Settlers. An illustrated commentary* (1974). Latere publikasies sluit in Lynne Bryer en Keith S. Hunt, *The 1820 Settlers* (eerste uitgawe in 1984, tweede in 1987), asook twee belangwekkende boeke deur MD Nash – meer oor hierdie twee publikasies in die volgende onderafdeling. Ten einde die aankoms van die 1820-Setlaars 200 jaar gelede te herdenk, het die Suid-Afrikaanse Genealogiese Vereniging in 2020 die boek van John Wilmot (red.), *1820 Settlers and other early British settlers to the Cape Colony* bekendgestel.

## 4. MD NASH

Marjorie Diane ("Dee") Nash (gebore Murray; 10 Mei 1928–1 Oktober 2010) is in Grahamstad (nou Makhanda) gebore. Sy was 'n direkte afstammeling van die Britse Setlaar, John Bailie, en het met verloop van tyd 'n kenner van die geskiedenis van die 1820- Britse Setlaars geword. Sy is op 5 Januarie 1949 met James Stow Nash getroud en hulle het drie kinders gehad. Dee het 'n BA-graad aan die Rhodes Universiteit in Grahamstad en 'n BA-honneursgraad aan die Universiteit van Port Elizabeth (nou die Nelson Mandela Universiteit) verwerf, asook 'n MA-graad in Geskiedenis, *cum laude*, aan Rhodes Universiteit (1981). Vir baie jare was sy die hoof van die Kultuurgeskiedenisafdeling by die Albany-museum in Grahamstad/Makhanda. Later het sy haar in Kaapstad gaan vestig, waar sy as redakteur by 'n uitgewersmaatskappy gewerk het. Na haar aftrede het sy na Grahamstad teruggekeer, waar sy later oorlede is (Tanner-Tremaine 2020:1; Nash 1985:144 en agterste klapperteks).

Nash se navorsing in verband met haar voorgeslagte en die 1820- Britse Setlaars het in twee boeke neerslag gevind, naamlik *Bailie's Party of 1820 Settlers: A collective experience in emigration* (1982) – gebaseer op haar MA-verhandeling, "Bailie's Party of 1820 Settlers" – en *The Settler handbook: A new list of 1820 Settlers* (1987). Eersgenoemde boek is deur Jeff Peires (soos na verwys deur Schoeman 2019b:5) beskou as 'n werk wat 'n omwenteling in 1820-Setlaarhistoriografie tot gevolg gehad het, terwyl Guy Butler dit as 'n modelpublikasie beskou het. Van *The Settler handbook* het Guy Butler in die voorwoord tot dié boek gesê (Nash 1987:8):

> A most useful, scholarly and enjoyable book, particularly for those researchers and settler descendants whose interest goes beyond the heroic myth, and who want to know more about the real settlers who came to South Africa in 1820.

Nash was ook die outeur van verskeie artikels wat in historiese joernale verskyn het en was skryfster van die hoofstuk oor die Britse Setlaars in die *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld* (Nash 1986:94-99).[4] Sy was die historiese raadgewer vir, en stem in, die SABC

[4] Die oorspronklike Engelse weergawe van dié boek was *An illustrated history of South Africa* (Cameron (general ed.) 1986a) met Nash se hoofstukbydrae op pp. 94-99.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a8

TV se 14-delige reeks, *The Volunteers* (1984), wat oor die Britse Setlaars gehandel het (Nash 1987: agterste klapperteks).

Karel Schoeman het Dee Nash die eerste keer in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad ontmoet toe hy die hoof van dié biblioteek se Spesiale Versamelings was en sy met haar navorsing oor die 1820- Britse Setlaars voortgegaan het. Ná haar aftrede, het Nash haar lêers oor John Bailie en al haar ander navorsingsinligting aan Schoeman geskenk in die hoop dat hy (Schoeman) iets daarmee sou kon doen (Schoeman 2019a:5). Die *Bailie's Party*-trilogie is die uitvloeisel daarvan.

Nash se navorsingsmateriaal, insluitende ongepubliseerde stukke wat sy geskryf het, asook korrespondensie, word tans deur die 1820 Settlers Museum in Grahamstad/Makhanda in veilige bewaring gehou (Schoeman 2019a:399).

## 5. DIE *BAILIE'S PARTY*-TRILOGIE

Elkeen van Schoeman se *Bailie's Party*-boeke is op sigself omvangryke werke. Die eerste deel, *The old world 1757–1819*, beslaan 360 bladsye teks, plus 21 bladsye endnote ('n totaal van 933 endnote), 27 bladsye bronne, en 'n register wat ses bladsye beslaan. Saam met die voorwoord, inhoudsopgawe, ensovoorts beslaan die boek in totaal 431 bladsye. Die tweede deel, *The new land 1820–1834*, bevat 534 bladsye teks, 64 bladsye endnote (2 791 endnote), 37 bladsye bronne (wat in 'n groot mate met die eerste deel se bronnelys oorvleuel) en 13 bladsye register. In geheel beslaan die tweede deel 651 bladsye. Die laaste boek in die trilogie, *The frontiers 1834–1852*, bevat 476 bladsye teks, 56 bladsye endnote (2 530 endnote), 27 bladsye bronne (wat weereens in 'n groot mate met die vorige twee boeke se bronnelyste oorvleuel) en 'n register van 13 bladsye; in die geheel 'n boek van 585 bladsye.

Die boeke in die trilogie se onderskeie totale omvang van 431, 651 en 585 bladsye, is vergelykbaar met die meeste van Schoeman se ander omvangryke werke, byvoorbeeld *Armosyn van die Kaap: Die wêreld van 'n slavin, 1652–1733* (855 bladsye), *Skepelinge: Aanloop tot 'n roman* (573 bladsye), *Cape lives of the eighteenth century* (676 bladsye), *Dogter van Sion: Machtelt Smit en die 18de-eeuse samelewing aan die Kaap, 1749–1799* (440 bladsye) en *Early slavery at the Cape of Good Hope, 1652–1717* (507 bladsye). Altesaam beslaan die *Bailie's Party*-trilogie 1 667 bladsye (totale omvang), met 1 370 bladsye teks, 'n totaal van 6 254 endnote (141 bladsye) en 'n bronnelys van ongeveer 28 bladsye (dus met in agneming van die feit dat die drie onderskeie bronnelyste in 'n groot mate oorvleuel).

Schoeman het 'n groot aantal bronne geraadpleeg; dit is afgesien van die inligting wat mev. MD Nash versamel het en wat, soos reeds gemeld, tans in die 1820 Settlers Museum in Makhanda bewaar word. Die ander bronne wat Schoeman geraadpleeg het, sluit in algemene naslaanwerke; boeke (insluitende staatspublikasies en ander bronne) oor die Britse Ryk, sendinggeskiedenis en emigrasie; boeke (ensovoorts) oor die geskiedenis van Brittanje as sodanig; algemene werke oor wat vandag Suid-Afrika is; primêre bronne (byvoorbeeld argiefstukke) in verband met die Suid-Afrikaanse binneland, die Mfecane en die Transgariep, asook sekondêre bronne in dié verband; en soortgelyke primêre en sekondêre bronne rakende die geskiedenis van Natal (vandag KwaZulu-Natal). Schoeman het, op die spoor van Nash, uitstekende navorsing gedoen. Die minstens 6 254 endnote (waarna reeds verwys is) getuig ook daarvan dat Schoeman sy bronne goed ontgin het.

Soos al Schoeman se vorige manuskripte, wat deur Protea Boekhuis uitgegee is, is die drie *Bailie's Party*-boeke ook keurig versorg en in hardebandformaat gepubliseer. Afgesien van 'n illustrasie op elk van die stofomslae (wat in kleur gedruk is), is daar ook illustrasie-

afdelings in elk van die boeke, met altesaam 102 afdrukke van toepaslike skilderye en ander illustrasies.

* * *

Nieteenstaande al Dee Nash se indringende navorsing oor haar voorsaat, John Bailie, is daar nie genoeg stof oor hom beskikbaar om ’n biografie oor hom te skryf nie; trouens, sy rol is nie belangrik of sy lewe interessant genoeg om ’n biografie te regverdig nie. Gevolglik het Schoeman besluit om Bailie se rol en die geskiedenis van sy familie as vertrekpunt te neem vir ’n ondersoek na die 1820- Britse Setlaars se wêreld – sowel in Europa as in wat vandag Suid-Afrika is (Schoeman 2019a:5). Trouens, die Bailies maak meesal net hier en daar hulle verskyning in die teks, totdat hulle in Deel 3 se laaste hoofstukke weer sterk op die voorgrond tree.

Ten einde te probeer vasstel watter soort mens John Bailie was, en hom en sy gesin beter te verstaan, het Schoeman voortgebou op die navorsing wat Nash reeds in dié verband gedoen het. Hy het egter ook die geskiedenis van die lede van die Bailie-groep nagevors. Al hierdie navorsing vind neerslag in die eerste deel van die driedelige werk. *The old world* eindig dus met die setlaars se vertrek uit Engeland in die winter van 1819–1820. Hier vind ons dus, wat betref Schoeman se werkswyse en aanbieding, ’n ooreenkoms met sy boeke rakende die Nederlandse (VOC-)kolonie aan die Kaap (waarna reeds in Onderafdeling 2 hierbo verwys is), waar hy byvoorbeeld in *Patrisiërs en prinse* die Nederlandse sosiokulturele agtergrond skets en in *Handelsryk in die Ooste* die wêreld van die VOC bespreek; en dan in die daaropvolgende boeke, byvoorbeeld in *Burgers en amptenare*, *Here en Boere* en *Hoogty*, die lewe aan die Kaap as sodanig aan die orde stel.

Gegewe die groot invloed wat die 1820- Britse Setlaars op die ontwikkeling van die Kaapkolonie (en by implikasie ook die res van Suid-Afrika) gehad het, dui Schoeman in Deel 1 aan wat hierdie setlaars na die Kaap gebring het – om met verloop van tyd in die Kaap by plaaslike omstandighede aangepas te word of oorboord gegooi te word. Schoeman konsentreer op die setlaars wat van Engeland afkomstig was (dus nie op diegene wat van Wallis, Skotland en Ierland afkomstig was nie), en nog meer spesifiek op Londen, waar ’n groot aantal oorspronklike setlaars gewoon het (Schoeman 2019a:6).

Dié dele in *The old world* wat oor Thomas Bailie (die vader van John Bailie en ’n offisier in diens van die Britse Oos-Indiese Kompanjie), die vroeë lewe van John Bailie, die geskiedenis van die Bailie-familie en die Britse emigrasieskema van 1819–1824 handel, is grootliks op Nash se navorsing gebaseer, terwyl Schoeman self die sosiokulturele agtergrond nagevors het. Hy dui ook in die Voorwoord aan dat hy van tyd tot tyd uit van Nash se konsepdokumente (ongepubliseerde manuskripte), notas en boeke aanhaal, sonder om deur middel van bronverwysings erkenning aan haar te gee (Schoeman 2019a:6). Vanuit ’n akademiese oogpunt is dit ’n ongelukkige besluit. Schoeman verontskuldig homself deur aan te dui dat sy uitgangspunt was dat die boeke die produk van gedeelde outeurskap is (Schoeman 2019a:6). Op elk van die boeke se titelblaaie word die outeur egter in groot letters as Karel Schoeman aangedui, met “based on the original research of MD Nash” in ’n kleiner lettertipe. Die kritiese leser sou graag presies wou weet watter Schoeman se woorde is en watter aan dié van sy sogenaamde “mede-outeur” toegeskryf kan word.

Die eerste deel van die trilogie bestaan uit dertien hoofstukke wat in drie dele verdeel word. Die Europese agtergrond (veral vanaf 1757) van diegene wat hulle in 1820 aan die Kaap kom vestig het word ontleed, ten einde die kulturele erfenis van die “ou wêreld” (*The old world* in die titel van dié boek) wat hulle na die Kaap (en by implikasie na die Suid-Afrika


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a8

van vandag) gebring het, beter te kan begryp. Soos in van sy ander werke (vergelyk weereens, byvoorbeeld, sy reeks boeke oor die Nederlandse kolonie aan die Kaap) wil Schoeman dus hier aantoon uit watter verlede Suid-Afrika ontstaan het. In Deel 1 van die eerste volume, bespreek hy dus eers die Bailies van Inishargy in wat vandag Noord-Ierland is, in besonder Thomas Bailie. Verder bespreek hy die Ierse Rebellie van 1798 ('n rebellie wat as agtergrond vir Schoeman se bekroonde roman, *By fakkellig,* dien), en die gevolglike ballingskap van die Bailies. In Deel 2 volg 'n bespreking van John Bailie en ander familielede se nuwe begin in Londen. Daarna skets hy die Engelse wêreld tydens die bewind van koning George III (1738–1820; regeer 1760–1820) en waarom dit so vreemd vir die Bailies was. Landelike lewe en die oorgangsjare in Engeland se geskiedenis kom ook aan die orde. Deel 3 van die eerste boek dien as oorgang na die volgende boek: emigrasie en die mense wat daarby betrokke was word bespreek aan die hand van die projek (om te emigreer). Soos in onder meer sy boeke oor die VOC-bewindstyd aan die Kaap, plaas Schoeman dus ook die 1820- Britse Setlaars se aankoms en lewe aan die Kaap teen die breër agtergrond van hulle leefwêreld in Brittanje en van wêreldgebeure in die algemeen.

Die tweede deel van die trilogie, *The new land 1820–1834*, fokus veral op die wyse waarop die setlaars by hulle nuwe omgewing en omstandighede aangepas het. Ook hierdie boek bestaan uit dertien hoofstukke, maar hulle word nie in dele gegroepeer nie. Die setlaars se vaart na die Kaap word bespreek, asook die grensgebied waar hulle hul gaan vestig het en die probleme wat hulle ondervind het. Verder beskryf Schoeman ook die Kaapkolonie in die algemeen, die Xhosas in die besonder en die Albany-distrik en sy inwoners. Ten slotte wy hy 'n hoofstuk aan John Bailie se rol in pogings om 'n hawe by die monding van óf die Kowie-rivier óf die Groot Visrivier tot stand te bring.

In die laaste volume van die trilogie, *The frontiers 1834–1852*, word die bydrae wat die 1820-Setlaars tot die ontwikkeling van koloniale Suid-Afrika gemaak het onder die loep geneem. In die konteks van die huidige vlaag van verset teen kolonialisme – hoe geregverdig dit ook al in sommige opsigte mag wees – is dit belangrik om nie by wyse van spreke die baba met die badwater uit te gooi nie. Dit sal onregverdig wees om dít, wat die 1820- Britse Setlaars tot die ontwikkeling van Suid-Afrika bygedra het, te verkleineer, te minag of te vergeet. Schoeman herinner ons dus tydig daaraan dat ons aan almal hulle regmatige plek in ons geskiedenis moet gee en nie individue of groepe se bydraes mag vergeet nie; trouens, soos Burger (2014:7) tereg al uitgewys het, kan Schoeman se hele oeuvre as "sy bolwerk teen vergetelheid" beskou word. Dit is ook waar van sy *Baillie's Party*-trilogie.

Die derde boek bestaan uit elf hoofstukke en word ook nie in dele gegroepeer nie. Die eerste hoofstuk fokus spesifiek op die Bailie-gesin, waarna hoofstukke aan die Sesde Grensoorlog (1834–1835), die dood van John Bailie se oudste seun, luitenant Charles Theodore Bailie, die gebeure na afloop van die oorlog, die Bailies en Algoabaai/Port Elizabeth, en hulle rol in die Transgariep (die huidige Vrystaat-provinsie) en in Natal (KwaZulu-Natal) afgestaan word.

Die oorlog het John Bailie se ondergang beteken en hy en sy gesin het na die Transgariep getrek waar hy as 'n handelaar gewerk het. Op 7 Julie 1845 het John Bailie en sy derde seun, Thomas, in 'n argument met kommandant Jacobus du Plooy betrokke geraak en laasgenoemde is doodgeskiet. Die Bailies, wat volgehou het dat hulle in selfverdediging opgetree het, is na die Kaapkolonie teruggestuur waar hulle aan moord skuldig bevind en ter dood veroordeel is (April 1846). Nadat talle vooraanstaande Oos-Kapenaars vertoë gerig het, is hulle straf tot lewenslange gevangenisstraf versag, maar nadat Du Plooy se weduwee bewyse dat hulle inderdaad in selfverdediging opgetree het voorgelê het, is hulle in Desember 1847 vrygelaat.

John Bailie het vervolgens na Natal gegaan waar hy 'n handelspos in Port Natal (Durban) opgerig het. Op eie onkoste het hy die kus opgemeet en kushandel tussen Port Natal en Port Elizabeth uitgebou. Hy het verdrink toe die skip *Hector* vergaan het (Metrovich 1968:35; Schoeman 2019c:341-485; Rivett-Carnac 1974:126-127). Bailie se jongste seun, John Amelius Bailie (1816–1883), het 'n bekende Weslyaanse sendeling geword, wat onder meer te Leliefontein gewerk het (Heese 1981:13-14).

Soos De Klerk en Haarhoff vroeër aangedui het (2007:127), is Schoeman se historiese studies eerder verhalend as analities van aard. Dit is ook waar van sy *Bailie's Party*-trilogie. Hy streef ook hier – soos hy vantevore self gesê het (Schoeman 2002:529) – om die verlede te probeer beskryf soos wat dit werklik was. Net soos in sy ander werke, het hy ook hier hoogs leesbare tekste op die tafel geplaas. Schoeman verromantiseer nie die mense oor wie hy skryf, of die verlede in die algemeen nie. In die 19de eeu (en daarna) was dit redelik algemeen om allerlei mites rondom pionierpersoonlikhede te skep, soos ook met die Bailies, maar Schoeman – soos Nash (Schoeman 2019c:486-488) – ontbloot dit en poog om 'n meer waarheidsgetroue en gebalanseerde beeld saam te stel. In ooreenstemming met van sy ander historiese werke, is ook in die boeke hier onder bespreking soms 'n opstapeling van feite wat aan die publikasies 'n ensiklopediese karakter verleen. Vir sommige sal dit 'n pluspunt wees, terwyl dit vir ander weer die boeke te swaarwigtig sal maak. Miskien is daar tog soms net te veel detail en te veel aanhalings; iets wat tot gevolg kan hê dat Schoeman sommige van sy lesers langs die pad kan verloor.

Die *Bailie's*-trilogie is nie Schoeman se eerste projek wat met die Britse invloed in Suid-Afrika handel nie, maar sluit in 'n mindere of meerdere mate aan by van sy ander werke in dié verband, byvoorbeeld *The British presence in the Transorange 1845–1854* (met Schoeman as samesteller en redakteur; 1992, in die "Vrijstatia"-reeks) en *Early white travellers in the Transgariep 1819–1845* (met Schoeman weereens as samesteller en redakteur, 2003, ook in die "Vrijstatia"-reeks).

## 6. SLOTPERSPEKTIEWE

Karel Schoeman se *Bailie's Party*-trilogie is 'n magistrale werk, net soos talle van sy ander studies en literêre werke. Vir Schoeman (soos vir enigiemand anders wat op 'n verantwoordelike wyse met die verlede omgaan) is dit vanselfsprekend dat ten einde die eietydse, multikulturele Suid-Afrika in al sy/haar gekompliseerdheid te verstaan, 'n mens onder meer die vroeë Suid-Afrikaanse (koloniale en ander) geskiedenis moet ken en begryp. Hierdie Afrikaanse skrywer van formaat dui (in Engels) aan dat naas dit wat Nederlanders en andere na Suider-Afrika gebring het, ook Engelssprekendes 'n onmisbare rol in die ontwikkeling van die gebied gespeel het. Hy skets en ontleed die wêreld van waar die 1820- Britse Setlaars na Suid-Afrika gekom het, en dui aan wat hulle na hul nuwe land gebring en uiteindelik daar nagelaat het. Hulle het na die onbekende gereis om daar – soms onder moeilike omstandighede – 'n nuwe tuiste vir hulself en hul nageslag te skep. Schoeman verheerlik nie kolonialisme nie, maar beskryf dit, insluitende die gevolge wat dit vir sowel die koloniseerders as gekolonialiseerdes ingehou het. Die wortels van die ontwikkeling van wat vandag Suid-Afrika is, moet nagespeur word. Een van die belangrike leitmotiewe in Schoeman se werk is die vraag na identiteit; en verder ook die soeke na sin en betekenis. Deur op *Bailie's Party* se groep 1820- Britse Setlaars te fokus, word lig op van bogenoemde en verwante kwessies gewerp. Hoewel *Bailie's Party* die hooffokus van Schoeman se trilogie is, verskaf hy inderdaad perspektiewe op die 1820-Setlaars in die algemeen. Met in agneming van die kort oorsig wat in Onderafdeling 3, *supra*, van die

Setlaar-historiografie verskaf is, het Schoeman sonder enige twyfel ’n besondere bydrae tot hierdie historiografie gelewer; uiteraard ook danksy, en voortbouend op, die werk wat MD Nash gelewer het.

Vir Schoeman (soos vir mense in die algemeen) was/is die verlede ’n ander land (Schoeman 1995:58, 107, 382, 383; Viljoen in Burger en Van Vuuren (reds.):214-227); ’n vreemde land, ’n land wat moeilik begrypbaar was en is. In feitlik sy hele omvangryke oeuvre het hy egter deurlopend gepoog om daardie “ander land” te belig, te ontsluit en die leser op sy/haar ontdekkingstog na en deur die verlede te begelei. Deur middel van sy historiese romans het Schoeman mense, wat andersins nie oor geskiedenis sou lees nie, aan aspekte van Suid-Afrika (en ander lande, byvoorbeeld Ierland – kyk weer sy *By fakkellig*) se geskiedenis bekendgestel. Deur middel van sy meer tradisionele (hoewel nie altyd konvensionele) geskiedeniswerke, het hy sinvolle bydraes tot historiese debatte gelewer. Dit is jammer dat hy nie meer ongepubliseerde argiefstukke geraadpleeg het nie, maar – soos dit ’n goeie historikus betaam – het hy die groot aantal bronne wat hy wel geraadpleeg het krities ontleed en het hy male sonder tal nuwe sinteses geskep. Deur middel van omvangryke bronnelyste en ’n groot aantal bronverwysings (voetnote of endnote) gee hy rekenskap van die navorsing wat hy gedoen het. Dit is ook waar van sy *Bailie’s Party*-trilogie. In hierdie trilogie lewer hy werk van waardevolle sosiokulturele aard en bestryk sy werk ’n ongelooflike wye spektrum.

Volgens Schutte (2012:137) het Schoeman altyd oor mense vir mense geskryf. Dit is ook waar van die boeke wat hier onder bespreking is. Schoeman slaag op meesterlike wyse daarin om die gees en die atmosfeer van die tydsgewrig waarin die 1820-Setlaars hulle aan die Kaap kom vestig het, vas te vang. De Klerk en Haarhoff (2007:146) het daarop gewys dat hy dít ook in sy boeke oor die VOC se tydperk aan die Kaap vermag het. Dit sluit aan by wat Schoeman self by geleentheid (Schoeman 2002:529) gesê het omtrent ’n belangrike oogmerk van sy historiese werke, naamlik om te poog om die “tekstuur van die verlede” weer te gee. In die voorwoord van die tweede deel van die trilogie (Schoeman 2019b:7), spreek Schoeman die hoop uit dat hierdie boeke van hom oor die 1820-Setlaars:

> ...will contribute towards a better understanding of the colonial past of South Africa and the elements that went towards its making, but also draw the attention of serious researchers to the wealth of material available on it.

Hierin het Schoeman uitstekend geslaag. Hopelik sal sy *Bailie’s Party*-trilogie inderdaad wyd gelees word en tot ’n volwasse, oop gesprek en ingeligte debatte aanleiding gee; en verder ook tot nog méér navorsing oor die Britse en ander setlaars lei.

Die *Bailie’s Party*-trilogie sluit dus by ’n ander sentrale tema van baie van Schoeman se ander werke aan in dié sin dat dit lig werp op die Westerse kolonisasie van wat vandag Suid-Afrika is. Soos De Klerk en Haarhoff al vroeër tereg uitgewys het (2007:147), verheerlik Schoeman geensins dié kolonisasieproses nie, maar probeer hy die proses begryp en die invloed daarvan op alle betrokkenes beskryf. Wat Rossouw (2015:7) van Schoeman se oeuvre in die algemeen gesê het, naamlik dat hy (Schoeman) besondere aandag aan die vergete stemme van die verlede gee, is ook waar van sy *Bailie’s Party*-trilogie. Hoewel die *Bailie’s Party*-boeke oor blankes handel, het Schoeman in die loop van sy navorsing oor baie jare ook stem aan die gemarginaliseerdes gegee – wit, bruin en swart. Die *Bailie’s Party*-trilogie bou voort op die groot aantal boeke wat Schoeman vroeër reeds oor die geskiedenis van die Kaapkolonie geskryf het en gaan voort om (nou ook wat betref die Britse Setlaars) ’n besondere bydrae tot die geskiedenis van dié kolonie te lewer.

* * *


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a8

Soos in die meeste van sy historiese (en ander) werke, is Schoeman se *Bailie's Party* gemoeid met die Suid-Afrikaanse omstandighede. Schoeman probeer om so 'n volledige en realisties moontlike weergawe van die verlede (hier die 1820-Setlaars se agtergrond, leefwêreld, ervaringe, en dies meer) te gee, maar vra by implikasie ook wat dit alles vir ons vandag (kan) beteken.

Die huidige tydsgewrig word onder meer deur sterk antikoloniale sentimente gekenmerk. Daar kan selfs van 'n kultuuroorlog teen alle vorme van die Westerse nalatenskap in Suid-Afrika gepraat word (Warwick 2020:7). Dat die koloniale verlede bevraagteken en krities geëvalueer word, is vanselfsprekend op sigself nie problematies nie. Die geskiedenis van kolonialisme, insluitende die wedloop om kolonies, oftewel die sogenaamde "scramble for Africa" deur Europese moondhede en die gevolge daarvan, getuig immers onder meer van die allerverskriklikste magsvergrype en wreedhede. Wanneer die gebeure van die verlede egter na behore begryp wil word, is dit noodsaaklik dat dié gebeure so onbevooroordeeld as menslik moontlik benader en in historiese konteks beoordeel moet word. Stem moet ook aan *alle* rolspelers gegee word en die gesprek moet voortgaan (en nie om ideologiese of watter ander redes ook al gekaap of gemanipuleer word nie).

Die geskiedenis van die 1820- Britse Setlaars is deel van alle Suid-Afrikaners se gedeelde koloniale verlede. Dit kan en mag nie geïgnoreer word nie; trouens, 200 jaar ná hulle aankoms behoort hierdie gebeure tereg herdenk te word. Schoeman se *Bailie's Party*-trilogie help ons om opnuut, of vir die eerste keer, bestek op te neem van die gebeure en vir onsself rekenskap van hierdie aspek van ons almal se gedeelde geskiedenis te gee.

Die 1820-Setlaars kan immers as die voorpunt of voorhoede van Britse imperialisme en kolonialisme in die (Oos-)Kaap beskou word. Dáár het hierdie onverskrokke pioniers 'n nuwe lewe vir hulself uitgekerf, soms onder moeilike omstandighede. Hulle teenwoordigheid het egter langtermyngevolge vir die plaaslike Xhosa- en "Afrikaner"-gemeenskappe ingehou. Hulle invloed was egter nie tot die Oos-Kaap beperk nie, maar het ook na die destydse Natal en dié Britse kolonie se hoofsaaklik Zulu-bevolking oorgespoel. Die setlaars se teenwoordigheid in wat vandag Suid-Afrika is, het die Britse invloed op die gebied van taal, kultuur en lewenswyse, die politiek, landbou, en noem maar op versterk en uitgebrei. Sommige plaaslike kulturele groepe se taal, kultuur en lewenswyse – selfs hul lewens – is in 'n mindere of meerdere mate bedreig. As dit egter nie vir die invloed van die Britse Setlaars op die Xhosas was nie, sou die Xhosas nie vir so lank 'n dominerende rol in plaaslike swart politiek, opvoeding en letterkunde gespeel het nie. Uiteindelik het die 1820- Britse Setlaars se invloed (ten goede of ten kwade) so ver gestrek as die hele gebied wat in 1910 die Unie en in 1961 die Republiek van Suid-Afrika geword het. Trouens, hulle invloed op die sosiale, politieke, opvoedkundige en intellektuele geskiedenis van die land is steeds onomstootlik sigbaar. Die setlaars het 'n deurslaggewende rol in die vestiging van 'n liberale tradisie in Suid-Afrika gespeel. As dit nie vir hulle was nie, sou Engels nie vandag die dominerende rol in die staatsadministrasie, in die sakewêreld, alle vlakke van onderwys, en in sowel die gedrukte as elektroniese media gespeel het nie. Hulle het inderdaad 'n deurslaggewend belangrike rol in die (veral vroeë) transformasie van die Suid-Afrikaanse samelewing gespeel. Schoeman gee stem aan hierdie mense en daar moet (via en danksy Schoeman; en Nash) na daardie stemme geluister word – of 'n mens van hulle hou of met hulle saamstem, of nie.

Karel Schoeman was 'n merkwaardige skrywer, historikus, en veel méér. Hy was 'n meestervakman, 'n woordkunstenaar, 'n Renaissance-mens. Hopelik sal elke nuwe geslag Suid-Afrikaners danksy Schoeman se pennevrugte hulle eie én mede-Suid-Afrikaners se historiese en kulturele wortels ontdek of herontdek, en daarvan rekenskap gee, bestek opneem

en hopelik met meer begrip en waardering met ander omgaan en saam lééf in hierdie Suiderland. Presies twee eeue nadat die 1820- Britse Setlaars in die Kaap aan land gegaan het, herinner Schoeman se *Bailie's Party*-trilogie ons dus opnuut aan 'n besonder belangrike gebeurtenis in die geskiedenis van wat vandag Suid-Afrika is. Tegelyk is dié drie boeke sáám 'n waardige toevoeging tot die 1820-Setlaarhistoriografie. Soos in talle van sy ander tekste, ontruk Schoeman ook hier gebeurtenisse aan die vergetelheid en probeer hy – suksesvol – aantoon waar die wortels van die Suid-Afrikaanse samelewing onder meer te vinde is. 'n Verdere pluspunt van die trilogie is dat – soos met die meeste van Schoeman se ander historiese werke – dit enersyds met groot vrug deur ernstige navorsers, insluitende voor- en nagraadse studente, geraadpleeg kan (en selfs moet) word, maar tegelykertyd ook vir die algemene belangstellende leser van waarde sal wees en sal boei.

## BIBLIOGRAFIE


*Bloemfontein Courant*, 4 Mei 2017.

Bryer, L. & Hunt, K.S. 1987. *The 1820 Settlers* (2de uitgawe). Cape Town: Don Nelson.

Burger, W. 2014. Oeuvre as sy bolwerk teen vergetelheid. *Volksblad*, 28 Oktober:7.

Burger, W. & Van Vuuren, H. 2002. *Sluiswagter by die dam van stemme. Beskouings oor die werk van Karel Schoeman*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Butler, G. (ed.). 1974. *The 1820 Settlers*. *An illustrated commentary*. Cape Town: Human & Rosseau.

Butler, G. 1986. Die verspreiding en invloed van die 1820-setlaars. In T. Cameron (hoofred.). *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*. Kaapstad: Human & Rousseau, pp. 100-101.

Cameron, T. (general ed.). 1986a. *An illustrated history of South Africa*. Johannesburg: Southern Book Publishers.

Cameron, T. (hoofred.). 1986b. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*. Kaapstad: Human & Rousseau.

De Klerk, P. & Haarhoff, J. 2007. Die bydrae van Karel Schoeman tot geskiedskrywing oor die Kaapkolonie. *Historia* 52(2):125-149.

Heese, J.A. 1981. Bailie, John Amelius. In C.J. Beyers (ed.-in-chief). *Dictionary of South African biography* 4. Durban: Butterworth & Co (SA) (Pty) Ltd, pp. 13-14.

Hockly, H.E. 1957. *The story of the British Settlers of 1820 in South Africa*. Cape Town: Juta & Co, Limited.

Krynauw, D.W. 1999. *Beslissing by Blouberg: Triomf en tragedie van die stryd om die Kaap*. Kaapstad: Tafelberg.

Metrovich, F.C. 1968. Bailie, John. In W.J. de Kock (ed.-in-chief). *Dictionary of South African biography* 1. Cape Town: Nasionale Boekhandel Bpk., pp. 34-35.

Nash, M.D. 1979. John Bailie at the Buffalo River Mouth. *Africana Notes & News* 23:338-342.

Nash, M.D. 1981. "Bailie's Party of 1820 Settlers". MA thesis, Rhodes University.

Nash, M.D. 1986. Die Setlaars. In T. Cameron (hoofred.). *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*. Kaapstad: Human & Rousseau, pp. 94-99.

Nel, H.F. 1977. Die Britse verowering van die Kaap in 1795. In *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 35(2). Pretoria: Staatsdrukker.

Potgieter, T.D. 1997. *The first British occupation of the Cape*. *S.l.*: Castle Military Museum.

Rivette-Carmac, D.E. 1974. *Thus came the English in 1820* (4th edition). Cape Town: Howard Timmins.

Rossouw, J. 2015. 'n Skrywer op soek na verlore tyd. *Volksblad*, 12 Junie:7.

Schoeman, K. 1964: *By fakkellig*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Schoeman, K. 1965. *Veldslag*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Schoeman, K. 1980. *Bloemfontein: Die ontstaan van 'n stad 1846–1946*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Schoeman, K. 1982. *Die dood van 'n Engelsman: Die Cox-moorde van 1856 en die vroeër jare van die Oranje-Vrystaat*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Schoeman, K. 1992. *The British presence in the Transorange 1845–1854*. Cape Town: Human & Rousseau.



doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a8

Schoeman, K. 1995. *Die uur van die engel*. Kaapstad: Human & Rosseau.
Schoeman, K. 1998a. *Merksteen: 'n Dubbelbiografie*. Kaapstad: Human & Rousseau.
Schoeman, K. 1998b. *Verliesfontein*. Kaapstad: Human & Rousseau.
Schoeman, K. 2001. *Armosyn van die Kaap: Die wêreld van 'n slavin, 1652–1733*. Kaapstad: Human & Rousseau.
Schoeman, K. 2002. *Die laaste Afrikaanse boek. Outobiografiese aantekeninge.* Kaapstad: Human & Rousseau.
Schoeman, K (ed.). 2003. *Early white travellers in the Transgariep 1819–1940*. Pretoria: Protea Book House.
Schoeman, K. 2008. *Patrisiërs en prinse: Die Europese samelewing en die stigting van 'n kolonie aan die Kaap, 1619–1715*. Pretoria: Protea Boekhuis.
Schoeman, K. 2009. *Handelsryk in die Ooste: Die wêreld van die VOC, 1619–1688*. Pretoria: Protea Boekhuis.
Schoeman, K. 2010. *Kolonie aan die Kaap: Jan van Riebeeck en die vestiging van die eerste blankes, 1652–1662*. Pretoria: Protea Boekhuis.
Schoeman, K. 2011. *Burgers en amptenare: Die vroeë ontwikkeling van die kolonie aan die Kaap, 1662–1779*. Pretoria: Protea Boekhuis.
Schoeman, K. 2013a. *Here en boere: Die kolonie aan die Kaap onder die Van der Stels, 1669–1712*. Pretoria: Protea Boekhuis.
Schoeman, K. 2013b. *Twee Kaapse lewens: Henricus & Aletta Beck en die samelewing van hul tyd, 1702–1755*. Pretoria: Protea Boekhuis.
Schoeman, K. 2014. *Hoogty: Die opbloei van 'n koloniale kultuur aan die Kaap, 1751–1779*. Pretoria: Protea Boekhuis.
Schoeman, K. 2016. *Swanesang: Die einde van die Kompanjiestyd aan die Kaap, 1771–1795*. Pretoria: Protea Boekhuis.
Schoeman, K. 2017. *Skepelinge: Aanloop tot 'n roman*. Kaapstad: Human & Rousseau.
Schoeman, K. 2019a. *Bailie's Party: The old world 1757–1819*. Pretoria: Protea Boekhuis.
Schoeman, K. 2019b. *Bailie's Party: The new land 1820–1834*. Pretoria: Protea Boekhuis.
Schoeman, K. 2019c. *Bailie's Party: The frontiers 1834–1852*. Pretoria: Protea Boekhuis.
Schutte, G.J. 2012. Karel Schoeman's Cape Colony. *African Historical Review* 44(2):119-139.
Tanner-Tremaine, P. 2020. E-pos aan A. Wessels. 20 Augustus.
Van der Veer, R. 2017. Bij het overlijden van Karel Schoeman. *Maandblad Zuid-Afrika*, 94(6):134. *Die Volksblad*, 2-12 Mei 2017.
Warwick, R. 2020. Die afwesigheid van 'n spesifieke Suid-Afrikaanse Engelse identiteit het hom nog altyd geïnteresseer. *Rapport*, netwerk24.com/Stemme/Aktueel/sonde-en-sorg-van-'n-setlaar – 20200719 [25 Augustus 2020].

# Afrikaansontmagtiging[1]

***Disempowerment of Afrikaans***

**Willem J Botha**
Departement Afrikaans
Universiteit van Johannesburg
Suid-Afrika
E-pos: wjb03@telkomsa.net



Willem Botha

| | |
|---|---|
| **Willem Botha** is emeritus professor aan die departement Afrikaans aan die Universiteit van Johannesburg (UJ). Hy was vir nege jaar voorsitter van hierdie departement aan die destydse Randse Afrikaanse Universiteit (RAU), en vir ses jaar redakteur van die meningsblad "Aambeeld" aan die RAU; en gedurende 2001 was hy gasprofessor aan die Universiteit Leiden, Nederland. Sy fokusgebiede binne die taalkunde is semantiek en sintaksis. Sy semantieknavorsing bedryf hy veral vanuit die raamwerk van die kognitiewe linguistiek. Hy was sedert die stigting van die International Cognitive Linguistics Association (ICLA) 'n lid daarvan, het baie jare lank aktief aan die bedrywighede van die vereniging deelgeneem en het by talle kongresse referate gelewer. Van sy navorsing is ook onder die vaandel van die betrokke vereniging internasionaal gepubliseer. | **Willem Botha** is professor emeritus in the department Afrikaans at the University of Johannesburg (UJ). Formerly, he was chair of the department at the then Rand Afrikaans University (RAU) for nine years, and editor of the opinion journal, "Aambeeld", for six years; in addition, in 2001 he was guest professor at the University of Leiden in the Netherlands. He focusses, in his linguistic activities on semantics and syntax. His research in semantics is done mainly within the framework of cognitive linguistics. He has been a member of the International Cognitive Linguistics Association (ICLA) since its establishment, has for many years actively taken part in its activities and has read papers at numerous conferences. Many of his articles have been published internationally under the auspices of this association. |

**ABSTRACT**

***Disempowerment of Afrikaans***

*Afrikaans, like any other language, is not merely a medium of communication. Should one hold such an opinion, one tends to consider only the symbolic nature of the specific language. That is exactly the view taken by those who wish to reduce the formal and official status of Afrikaans. It enables them to use metaphorical mappings to link Afrikaans with the stigmatised concept* APARTHEID.

[1] Van die gedagtes in hierdie artikel uitgespreek, is ook vervat in die volgende artikel: Botha, Willem J. 2020. Die daad onthul (im)moraliteit. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 60(2):366-379.

**Datums:**
Ontvang: 2020-04-20 Goedgekeur: 2020-08-24 Gepubliseer: Desember 2020


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a9

*The conceptual metaphor* Afrikaans is apartheid *is scrutinised in order to exemplify language metaphors such as "Afrikaans is the language of apartheid", "Afrikaans is a language of exclusion" and other pejorative labels.*

*To come to a conclusion with regard to the nature of the different language metaphors that are used to the disadvantage of Afrikaans, different meanings of the word* Afrikaans *are looked into. The view is taken that the central meaning of the word* Afrikaans *is disregarded in favour of a symbolic meaning to enable various emotive experiences of apartheid to be linked to the concept* Afrikaans*. Such a metaphorical strategy contributes to the disempowerment of Afrikaans.*

*When one considers the morality of such actions to disempower Afrikaans, it is obvious that the question of truth comes to the fore. Different dimensions of truth are outlined in order to establish a background knowledge against which morality should be considered if one wishes to understand the actions targeting the formal and official status of Afrikaans.*

*Morality is a very complex concept. To analyse its role in the disempowerment of Afrikaans, we have to view the phenomenon of morality within a specific theoretical framework. It is done against the background of the three broad discoveries made within cognitive linguistics. Lakoff and Johnson (1999:3) formulate these as follows: "The mind is inherently embodied. Thought is mostly unconscious. Abstract concepts are largely metaphorical."*

*According to this view, morality is to be understood as the manifestation of the* moral accounting *conceptual metaphor. Considering this metaphor, one has to realise that the general metaphor of* moral accounting *consists of a small number of basic moral schemes, namely "reciprocation", "retribution", "revenge", "restitution", "altruism", "turning the other cheek", "karma" and "fairness"'.*

*The most relevant moral scheme that applies regarding the disempowerment of Afrikaans, is the fairness scheme. But this scheme as such also has its own complexities, entailing amongst others the following models: equality of distribution, equality of opportunity, procedural distribution, rights-based fairness, need-based fairness, scalar distribution, contractual distribution, equal distribution of responsibility, scalar distribution of responsibility and equal distribution of power. Lakoff and Johnson (1999:296/297) rightly remark: "Many of our moral disagreements arise from conflicts between two or more of these conceptions of fairness" … and "there is typically no overarching neutral conception of fairness that can resolve the conflict of values".*

*The remainder ot this article investigates the way in which the demise of Afrikaans in the formal and official contexts can be attributed to the fact that fairness is mostly determined by interpretations of the concept* transformation*.*

**KEYWORDS:** Afrikaans, symbol, concept, metaphor, emotion, morality, disempowerment, transformation, truth, fairness

**TREFWOORDE:** Afrikaans, simbool, konsep, metafoor, emosie, moraliteit, ontmagtiging, transformasie, waarheid, billikheid

## OPSOMMING

Afrikaans, soos enige ander taal, is nie slegs 'n kommunikasiemedium nie. Indien dit die vertrekpunt sou wees, vereenvoudig dit diegene se pogings om die waarde van Afrikaans tot blote kommunikasiemiddel te reduseer. Die simboolgeaardheid van taal word gevolglik in die kollig geplaas om 'n strategie aan te dui wat ideologiese manipulasie in die hand werk.

Op grond van die feit dat pejoratiewe taaluitdrukkings in die verlede (en steeds) Afrikaans gemetaforiseer het as 'n lewende entiteit, kon die begripsmetafoor Afrikaans is apartheid as

uitvloeisel van die betekenisse van genoemde metafore vir bepaalde konseptualiseerders dien. Dit het meegebring dat ’n bepaalde negatiewe affektiewe betekenisdimensie aan die taal Afrikaans toegevoeg is.

Afrikaans is gevolglik bejeën teen die agtergrond van ’n moraliteitskragveld op grond waarvan Afrikaans se status om bepaalde ideologiese redes afgeskaal is in teenstelling met die status wat dit voorheen gehad het. Afrikaans word gesien as apartheidstaal, ’n taal wat transformasie blokkeer en ’n taal wat mense binne formele en amptelike omgewings uitsluit.

Verder word in die hierdie artikel die konseptuele metafoor Afrikaans is apartheid ontleed, en word daar aangedui hoedat ’n oneweredige konseptuele invoer uit bepaalde denkruimtes Afrikaans noodwendig in ’n ongunstige posisie plaas. Daar word ook gewag gemaak van wat “conceptual framing” genoem word, ook beskryf as “conceptual engineering” of konseptuele inperking, en hoedat Afrikaans se status deur die genoemde strategieë benadeel word.

Die konseptuele struktuur van die begrip transformasie word onder die loep geneem om aan te toon hoedat die woord *transformasie* gebruik word om Afrikaans moreel in onguns te bring omdat Afrikaans sogenaamd transformasie blokkeer.

’n Uiteensetting word gegee van die kompleksiteit van die begrip moraliteit. Teen die agtergrond van die verskillende moraliteitskemas word die billikheidskema met betrekkking tot Afrikaans ontleed. Besluitnemers oor die status van Afrikaans in die verlede, tans en in die toekoms word onderwerp aan enkele indringende vrae waaroor uitsluitsel gekry moes word – of in die toekoms gekry sal moet word.

## 1. INLEIDING

“Ons is gebind / aan die lot in die stink kloaak van hierdie Ryk, / en die vuil van hierdie tyd spoel oor ons almal.” (*Germanicus* 1961:74).

Dit is woorde deur keiser Tiberius (in die drama *Germanicus*, deur NP van Wyk Louw) gebruik, verwysend na die immorele tyd en omstandighede waarin hy vereensaamde slagoffer word op grond van sy eie immorele dade. Binne baie kontekste mag hierdie woorde waar wees ten opsigte van bepaalde tydruimtelike omstandighede. In die teenswoordige Suid-Afrika word baie ooreenkomstige verwyte gehoor ten opsigte van die toedrag van sake tans – maar soortgelyk ook verwyte met betrekking tot die vorige Suid-Afrikaanse bedeling. Op grond van bepaalde ideologiese beskouings was en is die lot van Afrikaans heg verweef met die morele vergrype van die verlede (Afrikaans as sogenaamde apartheidstaal) en die hede (Afrikaans as sogenaamde obstruksie vir transformasie). Verder aan word hierdie beskouings en uitsprake in meer besonderhede bespreek.

Die *Suid-Afrikaanse Grondwet* (1996) is geskryf om onder andere immoraliteite van die verlede te besweer deur bepaalde regstellende meganismes daarin te inkorporeer. Afrikaans het nie onaangeraak gebly nie!

Soos in enige gemeenskap was daar ook geïnstitusionaliseerde en nie-geïnstitusionaliseerde simbole wat ’n bepaalde bindingskrag ten opsigte van die gemeenskap en sekere sektore van die gemeenskap gehad het. Die belangrikste geïnstitusionaliseerde simbole is vervang, ander het gebly – en nog ander het gebly en is gestigmatiseer. Afrikaner[2] en Afrikaans is onder andere

2 Vergelyk Botha (2002) vir ’n bespreking van die begrippe Afrikaner, Afrikanerskap, Afrikanerdom en Afrikanerprototipe. Begripstatus word met klein hoofletters aangedui. Woordstatus word kursief aangedui.

3 Teen die agtergrond van die kompleksiteit van die begrip moraliteit impliseer *negatiewe moraliteit* iets anders as *immoraliteit*, ’n betekenisaspek wat nie in hierdie artikel beredeneer sal word nie.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a9

van dié simbole wat (afgeskaal) gebly het en gestigmatiseer is op grond van 'n negatiewe moraliteit[3] wat daaraan toegeskryf is – sowel van binne as buite die gemeenskap wat tradisioneel as die Afrikanergemeenskap (vanuit bepaalde gesigspunte) bekend gestaan het. Die betekenis en rol van die Afrikaner is sistematies afgeskaal (ook as gevolg van die Afrikanerdiaspora) – maar bowenal het die afskaling van Afrikaans as hoëfunksietaal drasties en dramaties plaasgevind (teen 'n ongekende tempo) en meestal op grond van eksplisiete of implisiete oordeelvellinge met betrekking tot die morele status daarvan.

Op grond van die beskikbare statistiek tot op datum (2016) noem Van der Walt en Steyn (2016:1036) dat Afrikaansskole wat slegs Afrikaans as onderrigmedium gebruik het, sedert 2010 van 2 521 afgeneem het tot 2 166. Hulle (*idem*.:1036) spreek die kommer uit dat "[a]s hierdie neiging voortduur, kan dit meebring dat Afrikaansmediumskole binne die volgende paar dekades mag verdwyn en die gevaar is dat Afrikaans as 'n gesproke taal in Suid-Afrika mag kwyn".

In 'n hoofstuk getitel "The rise and decline of Afrikaans as a public language and the possible demise of the Afrikaners" bespreek Giliomee (2019:304-325) die faktore en redes wat daartoe aanleiding gegee het dat Afrikaans as onderrigmedium by universiteite en skole afgeskaal is.

In hierdie artikel sal nie spesifiek uitgebrei word op Afrikaans as onderrigmedium nie. Dieperliggende semantiese en konseptuele veranderlikes word onder die soeklig geplaas.

Wat tot die afskaling (op alle vlakke) kon/kan bydra, het onder andere ook te doen (gehad) met besluitnemers se opvattings oor die status van Afrikaans binne bepaalde taalomgewings en oor die aard van (die Afrikaanse) taal. In 'n hoofstuk getitel "Afrikaans onder die ANC-bewind (sedert 1994)" bespreek Steyn (2014:440-473) omvattend hoedat besluitnemers op verskillende vlakke die vroeëre status van Afrikaans afgeskaal het. Op regeringsvlak het dit onder andere neergekom op die samevoeging van universiteite met verskillende taalagtergronde. Op skoolvlak het dit gebeur dat onderwysdepartemente in sekere gevalle skole se voertaalbeleid verander het – meestal met die (morele?) motivering dat leerlinge nie hulle onderrigtaalkeuse geweier kan word nie, selfs indien hulle in 'n minderheid is.

Binne die omgewing van die hoër onderwys het universiteitsrade as besluitnemers die rol en funksie van Afrikaans besleg. In sommige gevalle het dit ongesiens plaasgevind (soos in die geval van die Universiteit van Johannesburg), terwyl in ander gevalle (Universiteit van Stellenbosch) dit met stryd gepaard gegaan het. Hoedanig die hutswoorde *#Afrikaans must fall*, gepaard met betogings, bygedra het tot die Universiteit van Pretoria se besluit om Afrikaans uit te faseer en Engels die primêre taal binne die betrokke universiteitskonteks te maak, sal net bespiegel kan word.

'n Taamlik algemene opvatting onder die algemene publiek wil dit hê dat taal slegs 'n kommunikasiemedium is. Verder van die waarheid kan 'n mens kwalik wees.

Taal is óók 'n kommunikasiemedium, maar taal is baie meer as dit: taal ontwikkel en struktureer kognisie (begrip); taal bind kultuur, sosiale samesyn, identiteit en nog talle ander aspekte van 'n bepaalde taalgemeenskap saam (of verdeel dit somtyds); taal is geïntegreer in emosionele en wilsgedrag; taal onthul en taal verbloem; taal bring dade tot stand, maar 'n taaluitdrukking is self ook 'n daad; taal maak gebruik van simbole, maar dien ook self as simbool. So sou 'n mens kon voortgaan om nog baie funksies van die komplekse verskynsel "taal" te beskryf.

Reeds in die vorige eeu het die toonaangewende taalkundige Ronald Langacker[4] (1967:3) onder andere die volgende bewerings gemaak ten opsigte van die aard van taal:

---

4 Langacker was een van die grondleggers van wat vandag bekendstaan as kognitiewe linguistiek.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a9

- Taal is alomteenwoordig.
- Dit dring ons gedagtes binne, betrek ons verhoudings met ander – sluip selfs ons drome binne.
- Menslike kennis en kultuur is verhul in taal en word deur taal oorgedra.
- Gemeenskappe sonder taal is ondenkbaar.

Ten opsigte van die kompleksiteit van die begrip TAAL is hy van mening dat selfs professionele taalkundiges nie daarop kan aanspraak maak dat hulle taal ten volle verstaan nie.

Hy (*ibid*.:5) kom tot die gevolgtrekking: "Anyone who wishes to know and understand himself must come to understand in some measure the character of the linguistic system that plays such a fundamental role in his mental and social life."

Teen die voorgaande agtergrond word in hierdie artikel die ontmagtiging van Afrikaans as hoëfunksietaal in die verlede – en toenemend[5] – op grond van onder andere bepaalde moraliteitsbeskouings ontleed.

## 2. BETEKENISSE VAN DIE WOORD *AFRIKAANS*

Natuurlik is Afrikaans ook dit wat alles hier bo genoem is. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die woord *Afrikaans* binne verskillende kontekste heelwat verskillende betekenisonderskeidings oproep – soos dit ook die geval is met woorde vir die benoeming van ander tale en ander sake.

Verskillende gebruikskontekste bepaal of die betekenis van die woord veralgemeen word, gespesifiseer word, gemetaforiseer of gemetonimiseer word – normale taalkreatiewe prosesse. In sodanige gevalle staan die sentrale (prototipiese) betekenis van die woord in die sentrum en die ander gebruiksbetekenisse vorm 'n betekenisnetwerk daar rondom heen – ook genoem 'n radiale netwerk. Die konteks van gebruik bepaal die betekenisonderskeiding(s) wat geaktiveer word.

Die woord *Afrikaans* het nie 'n konkrete referent (saak) waarna dit in die reële wêreld verwys nie. As (ontologiese/fisiese) metafoor (AFRIKAANS IS 'N ENTITEIT[6]) kan dit beskryf word as 'n abstraksie wat dui op 'n versameling abstrakte grammatikale, betekenis- en ander strukture wat taalgebruikers in staat stel om sinvol betekenis te skep, oor te dra en te verstaan – 'n taal wat uit sewentiende-eeuse Nederlands (soos hoofsaaklik in die provinsie Holland gebruik) en onder invloed van ander tale in Suid-Afrika ontstaan en ontwikkel het. Dit sou as die sentrale (prototipiese) betekenis van die woord beskryf kon word. Die volgende gebruiksvoorbeelde dui op die entiteit-betekenisonderskeiding:

- "Afrikaans [ENTITEIT] in visier op transformasieberaad"
- "Verwarring het vandeesweek ontstaan oor die lot van Afrikaans [ENTITEIT] by die US"

Vergelyk Botha (2004:130-143) vir 'n volledige opgaaf en ontleding van voorbeelde.

Op 'n dieperliggende kognitiewe vlak word die taalgebruiker in staat gestel om 'n verskeidenheid *taal*metafore te skep wat gebaseer is op enkele *begrips*metafore (konseptuele metafore) en *begrip*submetafore.

---

[5] Vergelyk die hoofstuk "The rise and decline of Afrikaans as a public language and the possible demise of the Afrikaners" in Giliomee (2019).

[6] Naas begripstatus wat met klein hoofletters aangedui word, word die status van konseptuele metafore dienooreenkomstig aangedui.

Vergelyk onder andere hoedat die volgende taalmetafore (vergelyk Botha 2004:130-143) onderlê word deur die *begrips*metafoor AFRIKAANS IS ’N LEWENDE ENTITEIT, tot stand gekom teen die agtergrond van die prekonseptuele skematiese ervaring van ‘krag’/ ‘beweging’[7]:

- “Afrikaans mag nie die *slagoffer* van verkiesingspolitiek word nie …”
- “Nog ’n *begrafnisbrief* vir Afrikaans”
- “(D)at Afrikaans sonder sy gekleurde sprekers nie sal *oorleef* nie …”
- “(O)m Afrikaans die *doodsteek* te gee …”

Oorvereenvoudig kan dit soos volg voorgestel word:

| **Denke** | | **Taal** |
|---|---|---|
| Onbewuste betekenisprosessering: | | Taaluitdrukking van betekenis: |
| geskied binne kognitiewe onbewuste[8] | | bewustelike proses |
| Fase 1 | Fase 2 | Fase 3 |
| Skema:<br>'krag'/'beweging’[9] > | Begripsvorming:<br>AFRIKAANS IS ’N (LEWENDE) ENTITEIT > | Taaluitdrukkings:<br>“Nog ’n begrafnisbrief vir Afrikaans”;<br>“Afrikaans kry ’n skop in die tande”; ens. |

***Diagram 1:*** *Denke en taal*

## 3. AFRIKAANS AS SIMBOOL

Heg verweef met die betekenisverruiming of betekenisinperking van ’n woord – maar nie gekonvensionaliseer soos in die geval van die voorgenoemde betekenisonderskeidings nie – is die gebruiksfunksies van woord(e): esteties, informatief, faties – en vir hierdie bespreking, affektief en direktief.

Die affektiewe funksie van woorde (dikwels ook die assosiatiewe of emotiewe funksie genoem) dui daarop dat woorde se betekenisse “gelaai” word met inligting wat nie verwant is aan die konvensionele betekenisonderskeidings (woordeboekbetekenisse) van die betrokke woorde nie, maar wat bepaalde houdings van die gebruiker van die woorde weerspieël. In hierdie opsig hou dit direk verband met die direktiewe funksie van taal, naamlik beïnvloeding van die toekomstige gedrag van diegene tot wie die bepaalde taaluitdrukking(s) gerig word om hulle dienooreenkomstig die betrokke taalgebruiker se houdings, vooroordele, emosie, ensovoorts, te rig.

Die proses van affektiewe lading kan met ’n maansverduistering vergelyk word. In bepaalde gevalle – na gelang van die individu of groep se ervaringsraam (wat onder andere

7 Ons modelleer abstraksies op grond van ons liggaamlike ervaring van die werklikheid in terme van ’n verbeeldingstruktuur wat saamgestel is uit beeldskematiese strukture. Sodanige beeldskematiese strukture hou verband met die menslike liggaamlike ervaring van onder andere ruimte, krag, sensasie en basiesevlakobjekte, aldus MacLaury (1991:65). Beeldskemas is dus nog nie taal nie en gaan konseptualisering vooraf.

8 Volgens Lakoff (1997:90) is “[t]he cognitive unconscious … part of the mechanism of thought, by nature automatic and typically not subject to conscious control”.

9 Skematisering word met enkel-aanhalingstekens aangedui.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a9

ideologie, godsdiens, kultuur, emosie, vooroordeel en binne hierdie konteks Afrikaansverwante ervarings insluit) – kan die sentrale betekenis van die woord gedeeltelik of algeheel verduister word, waar in laasgenoemde geval net 'n skynsel van die sentrale betekenis nog sigbaar mag wees. Sodanige verduistering van die sentrale betekenis van die betrokke woord (eintlik die begrip) kan daartoe bydra dat die betrokke woord (begrip) uiteindelik die status van 'n simbool verwerf. Dit beteken dat hoe meer sentrale betekenisonderskeidings binne die woord se verwysingspektrum betrek word, hoe minder "gelaai" is dit met affektiewe betekenis. Daarteenoor reduseer meer affektiewe betekenis die omvang van die woord se sentrale betekenis, en binne bepaalde (veral ideologiese) kontekste verkry die woord uiteindelik simboolstatus. Die emosionele en morele begronding van 'n simbool (vanuit 'n bepaalde ideologiese raamwerk) maak 'n rasionele gesprek daaroor dan uiters moeilik. Die semantikus Geoffrey Leech (1974:52/53) beskryf dit so: "(T)he greatest dangers to intelligent communication come with cases where the affective meaning becomes a major part of, if not the whole of, the message."

In gevalle waar Afrikaans negatief bejeën word, kom die simboolwaarde daarvan onder andere tot stand – en word in stand gehou – deur die woord (begrip) te stigmatiseer deur onder meer na Afrikaans te verwys as *apartheidstaal*, *verdrukkerstaal*, *uitsluitingstaal* en nog vele andere.

Ek noem enkele uitsprake in hierdie verband, met kursivering van die betrokke etikette.

- In 2019 reageer die Gautengse LUR vir Onderwys onder andere soos volg oor sy verskuiwing na die onderwysportefeulje: "Dit was ook die apartheidsregering wat my broers en susters op 16 Junie 1976 vermoor het bloot omdat hulle 'n *apartheidstaal* op hulle wou afdwing."
(https://www.netwerk24.com/Stemme/MyStem/ek-haat-nie-afrikaans-skryf-panyaza-lesufi-20190607-2)
- In 'n artikel getitel "Wees eerlik oor wat op die spel is in taaldebat" maak Sonja Loots (2015) beswaar teen valse aannames, ongetoetste stellings en growwe vooroordele soos dat Afrikaans as *verdrukkerstaal* beskryf word.
(https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/sonja-loots-wees-eerlik-oor-wat-op-die-spel-is-in-taaldebat-20151128)
- In 'n artikel ("Waarheen met Afrikaans?") praat prof. Michael le Cordeur (2015) van die "*juk van apartheidstaal*", verwysend na Afrikaans.
(https://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/Waarheen-met-Afrikaans-20150616)
- Dr. Pieter Mulder (2014), in 'n artikel "Dink nuut oor plek vir Afrikaans", vat die dreigende klimaat waarin Afrikaans sy stryd om hoërfunksiebestaan moet voer, in die volgende punte saam:
  - Afrikaans is 'n "witmanstaal".
  - Die Afrikaanse debat is teen Engels.
  - Afrikaans is nie 'n inheemse taal nie.
  - Afrikaans moet as *verdrukkerstaal* gestraf word.
  - Afrikaans *sluit uit* en gee aanstoot.
  (https://www.netwerk24.com/Nuus/Dink-nuut-oor-plek-vir-Afrikaans-20140627)

Sedert 1976 – en steeds – sou dit dus nie vergesog wees nie om te beweer dat die aanslag vanuit bepaalde oorde teen Afrikaans – ook implisiet – onder andere (soms uitsluitlik) gerig word teen Afrikaans as simbool. Vanuit 'n bepaalde perspektief word 'n negatiewe simboolwaarde aan Afrikaans toegeken deur die abstraksie *Afrikaans* te personifieer ('n metafoor)


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a9

as ’n dader (doener), en in die lig van beskuldigings teen Afrikaans wel ’n immorele dader. Houdings, vooroordele en emosies word dan assosiatief deel van die affektiewe betekenis van die woord – in so ’n mate dat dit die sentrale betekenis van die woord heeltemal verbleek. Verder aan in hierdie betoog word die morele implikasies daarvan uitgespel.

Die aanslag teen Afrikaans lê egter ook op ’n dieperliggende vlak, naamlik die vlak van die kognitiewe onbewuste – die vlak waarop die konseptuele metafoor beslag kry.

Die voorgenoemde pejoratiewe benoemings (etiketterings) van Afrikaans kan teruggevoer word tot die onderliggende konseptuele metafoor (begripsmetafoor) AFRIKAANS IS APARTHEID, wat sowel *apartheidstaal*, *verdrukkerstaal*, *uitsluitingstaal* en andere ondervang, juis omdat genoemde etikette waardeur Afrikaans beskryf word, tipiese kenmerke van apartheidsbelewenisse was.

Die konseptuele struktuur van ’n metafoor kan soos volg verduidelik word.

Vanuit ’n brondomein (denkruimte[10]) word betekeniservarings van ’n konsep gekarteer op ’n doelwitdomein (denkruimte). Vanuit ’n komplekse denkruimte (die sogenaamde generiese ruimte[11]) vind daar egter selektiewe invoer plaas van inligting uit sowel objektiewe as subjektiewe ervaringswêrelde (dus ook vooroordele, identiteite ens.) van die metafoorkonseptualiseerders na sowel brondomein as doelwitdomein. Die betekenis van die metafoor is dan geleë in ’n nuwe denkruimte wat as die versmeltingsruimte (“conceptual blend”) bekend staan.

Vergelyk die onderstaande diagram ter illustrasie van die betrokke konseptualiseringsproses.




**Diagram 2:** *Konseptuele invoer: verstaan van die metafoor AFRIKAANS IS APARTHEID*

[10] ’n Denkruimte (“mental space”) word deur Lakoff (1987:281) beskryf as “a medium for conceptualization and thought. Thus any fixed ongoing state of affairs as we conceptualize it is represented by a mental space”.

[11] Oakley (1998:357) beskryf die generiese ruimte as “a distinct mental space operating at a low level of description which can provide the category, frame, role, identity, or image-schematic rationale for crossdomain mapping.”


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a9

Die konseptuele invoer vanuit die generiese ruimte geskied nie eweredig nie, na gelang van die konseptualiseerders se relatiewe domeinervarings, wat natuurlik ook emotiewe belewenisse met betrekking tot die onderskeie konsepte insluit. In die geval van die konseptuele metafoor AFRIKAANS IS APARTHEID, waar die invoerdomein APARTHEID is en die doelwitdomein AFRIKAANS, vind sodanige oneweredige konseptuele invoer plaas. Die konsep AFRIKAANS, wat 'n baie ryk betekenisstruktuur het (vergelyk wat in die voorgaande bespreking oor taal gesê is), word in die onderhawige metafoor gereduseer tot simbool. Die omvattende kennisraam van APARTHEID wat gedrenk is in baie mense se affektiewe ervarings en ander se veroordelings, se konseptuele invoer word dus veral gekleur met intense emotiewe belewenisse, met die sentrale betekenis (proposisionele inhoud) heeltemal verhul – vir diegene wat taaluitdrukkings gebruik wat onderliggend op die konseptuele metafoor AFRIKAANS IS APARTHEID gebaseer is. Hierdie belewenisse word gevolglik op die begrip AFRIKAANS gekarteer. Binne die versmeltingsruimte ("conceptual blend") kan Afrikaans dus nie anders as negatief verstaan word nie.

Die krag van die onderhawige metafoor lê daarin dat dit neurologies[12] vasgelê word, dus beslag kry binne neurologiese netwerke. Konstante herhaling van verskillende taalmetafore wat deur die betrokke konseptuele metafoor (AFRIKAANS IS APARTHEID) onderlê word, versterk die betrokke neurologiese metafoornetwerk in so 'n mate dat dit uiteindelik onnadenkend as "waarheid" aanvaar en beleef word, juis omdat die ervaring daarvan op die vlak van die kognitiewe onbewuste lê. Verder aan word meer gesê oor waarheid.

Vanuit 'n ander hoek beskou, stem hierdie (subtiele?) strategie ooreen met wat Lakoff (2004) "framing" noem. Leech (1974:48) noem dit "conceptual engineering". Ek beskryf dit as konseptuele inperking.

Lakoff (2004) beskryf in 'n publikasie getitel *Don't think of an elephant!* hoedat hy aan 'n bepaalde gehoor die volgende versoek gerig het: "Don't think of an elephant. Whatever you do, do *not* think of an elephant." Die versoek is natuurlik onuitvoerbaar omdat, soos hy (*idem:*3) dit stel: "Every word, like *elephant*, evokes a frame, which can be an image or other kinds of knowledge" en selfs "(w)hen we negate a frame, we evoke the frame." In die geval van taalmetafore wat beleweniseienskappe (kennisdomeine) van apartheid in verband bring met die etikettering van Afrikaans, en onderlê word deur die konseptuele metafoor AFRIKAANS IS APARTHEID, word die omvattende (kennis)raam van die woord *apartheid* by implikasie opgeroep en Afrikaans (as simbool – dus konseptueel ingeperk) daarby ingetrek en konseptueel versmelt.

Ter verdere verduideliking. Die woord *olifant* se referent is konkreet. Daarom is die betekeniseienskappe binne die begripsraam kontroleerbaar. Die woord *Afrikaans* roep egter 'n abstrakte en komplekse begripsraam op wat onkontroleerbaar is. Dit impliseer dat elke konseptualiseerder op grond van sy/haar script[13]-ervaring 'n bepaalde raam oproep by die hoor of gebruik van die woord *Afrikaans*. Diegene by wie die konseptuele metafoor AFRIKAANS IS APARTHEID neurologies vasgelê is, sal waarskynlik meestal hierdie simbooleienskap begripsmatig ervaar.

Die effek en krag[14] van sodanige etiketterings spreek vanself.

---

12 Lakoff (2009) beskryf die neurologiese kompleksiteit van die konseptuele metafoor in 'n artikel met die titel *The neural theory of metaphor*.

13 Dirven en Verspoor (1999:222) beskryf 'n script as "een geheel van voorstellingen die met een bepaalde scène samenhangen."

14 In Botha (2007) beskryf en verduidelik ek hoedat George Bush en Tony Blair in 2002 die konseptuele metafoor SADDAM HUSSEIN IS 'N TERRORIS geskep het (juis om 'n bepaalde begripsraam

Omgekeerd kan simboolstatus natuurlik vir ander ’n positiewe emosionele betekenisinhoud inhou. Giliomee (2004:329) se verwysing na DF Malan wat in 1925, ná die verheffing van Afrikaans tot die status van ampstaal, verklaar het dat Afrikaans die “simbool … van die volk, van sy bestaan (is)” bevestig ’n historiese simboolwaarde wat Afrikaans sedert daardie tyd gehad het. Die verband tussen simbool en emosie word ook onderskryf deur DF Malan se woorde ná die statusverhoging van Afrikaans tot amptelike taal, naamlik dat dit “’n voldoening aan die diepste gevoelens en hoogste aspirasies [beteken]”, soos aangehaal deur Giliomee (2004:329).

Vir wie is die betrokke simboolstatus reg? Vir wie is dit verkeerd? Vir wie is dit goed? Vir wie is dit sleg?

Die morele basis van sodanige simbole is dus uiteenlopend en kompleks. Rasionele argumente ter beslegting van die teenstrydige emosionele belewenisse van ’n bepaalde simbool is uiters moeilik. Oor sodanige emosionele aanslag sê Leech (1974:50): “We only have a certain feeling that we are being called upon to respond emotionally, a feeling that may be difficult to put into words, and which may be even more difficult to counteract by argument.”

Alhoewel die neurowetenskaplike Antonio Damasio (1994:xxii) die problematiek van rasionele versus emosionele ‘argumente’ erken (“emotions and feelings can cause havoc in the processes of reasoning under certain circumstances”), is hy van mening dat “emotions and feelings may not be intruders in the bastion of reason at all: it may be enmeshed in its networks: for worse *and* for better”. Hiermee wil Damasio beklemtoon dat emosie en rasionaliteit nie as afsonderlike komponente binne die menslike psige bestaan nie. Dit beteken egter ook dat rasionaliteit (óf irrasionaliteit) en emosie in ’n relatiewe verhouding tot mekaar staan (of met mekaar geïntegreer is), én dat dit van persoon tot persoon en van groep tot groep verskil – ook wat hulle (morele/immorele) belewenisse en strategieë betref.

## 4. AFRIKAANSONTMAGTIGING

Soos in die onlangse verlede bevind Afrikaans hom steeds in die sentrum van besluitneming wat hom gestroop laat van funksies wat voorheen as vanselfsprekend gegeld het. Afrikaans is/word ontmagtig – én die moedertaalsprekers van Afrikaans is/word ontmagtig.

Ontmagtiging dui hier op die doelbewuste (geïnstitusionaliseerde) afskaling van die kollektiewe en individuele gebruiksfunksies van Afrikaans binne verskillende taalomgewings – taalomgewings waarbinne Afrikaans voorheen dominante status gehad het, maar ook taalomgewings waarbinne Afrikaans gelyke status met Engels gehad het.

Sodanige ontmagtiging vind op twee vlakke plaas.

Eerstens word Afrikaans (as abstraksie) ingeperk met betrekking tot die hoër funksies van gebruik en ontwikkeling, dít wat Afrikaans onder andere akademiese taal, wetenskapstaal, regstaal, kanseltaal, tegnologietaal (vergelyk maar Microsoft se erkenning van Afrikaans binne Microsoft-programmatuur) en nog vele ander gemaak het. Om ’n metafoor te gebruik, sou ’n mens kon sê: ’n Lewende taal word sy suurstof ontneem.

In die tweede plek word moedertaalsprekers van Afrikaans as moedertaal-individue binne sodanige omgewings (die realiteitsvlak) daarvan weerhou om Afrikaans te ervaar en te gebruik. Soos reeds genoem, is Damasio van oordeel dat daar ’n intrinsieke integrerende verhouding tussen rasionaliteit en emosie bestaan. Moedertaalontmagtiging impliseer dus dat (van) die

op te roep by die vermelding van die woorde *Saddam Hussein*) om ’n oorlog teen Irak te regverdig – ’n metafoor wat later geblyk vals te gewees het.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a9

moedertaalspreker[15] se emosioneel-rasionele ontwikkeling binne gevestigde ontwikkelde en ontwikkelende emosioneel-kognitiewe strukture ingeperk word.

Enige doelbewuste besluit oor die status van ’n bepaalde taal sny dus diep in die wese van taal as abstraksie (veral ook wat sy voortgesette ontwikkeling betref), maar ook in die wese (en ontwikkeling) van menige individuele moedertaalspreker van daardie taal. Maar besluite oor taal is in die verlede geneem, word steeds geneem en sal in die toekoms ook geneem word.

Besluitnemers se dilemmas is veelvuldig:

- Besluit ons op grond daarvan dat Afrikaans (as abstraksie) se formele (hoër) gebruiksfunksies sodanig gekwyn het (met die veronderstelling dat Engels tog maar die verstektaal in Suid-Afrika is) dat ons die formele gebruik daarvan binne ’n bepaalde omgewing kan afskaal, uiteindelik totaal reduseer? Watter morele implikasies hou dit in?
- Besluit ons oor Afrikaans se status op grond van die negatiewe of positiewe simboolwaarde wat daaraan geheg word? Wat is die morele implikasies van so ’n besluit?
- Wie se ‘waarheid’ oor die ervaring van Afrikaans aanvaar ons as die basis van ons besluit, en met watter morele gevolge – of word die taalbepaling binne die *Suid-Afrikaanse Grondwet* as ‘dié waarheid’ aanvaar, met die stipulasie “redelikerwys doenlik” (met verwysing na onderrigmedium van keuse) as morele skuiwergat?

Werklikheidskwessies ten opsigte van Afrikaans waarmee besluitnemers ook moes/moet rekening hou, is van die sake wat reeds in die openbare domein gedebatteer is en word, sake wat morele implikasies inhou. Enkele sake word genoem.

Indien dit ’n natuurlike verdringing van Afrikaans deur Engels was, iets wat juis aangestig kan word deur doelbewuste ontmagtiging van Afrikaans, sou die moraliteit van ontmagtiging nie so duidelik in die kollig gestaan het nie. Dan sou die moraliteit van statistiese regverdiging beredeneer moes word. Hierdie bespreking word nie daaraan gewy nie.

As moralitieitskwessie het die saak egter ook ’n ander kant. Argumente ter regverdiging van Afrikaansontmagtiging hou in dat Afrikaans mense uitsluit; Afrikaans word dus as ’n obstruksie (blokkasie) beskou, ’n opvatting wat toenemend veld wen.

Aansluitend by bogenoemde argument word toenemend geredeneer dat Afrikaans in die pad van transformasie staan. Dit is dus ook nodig om binne hierdie konteks aandag aan die begrip TRANSFORMASIE te skenk. Dit word verder aan gedoen.

’n Verdere argument word gevoer (binne byvoorbeeld die tersiêre sfeer) dat moedertaalsprekers van Afrikatale Engels as onderrigtaal kognitief uitdagend vind, en dit dus net regverdig sal wees dat Afrikaans-moedertaalsprekers dieselfde uitdaging gebied word – dus ’n morele kwessie. Engels-moedertaalsprekers word dan geag neutraal te wees binne hierdie morele spanningsveld.

---

15 Om veralgemenende stellings ten opsigte van moedertaalsprekers as sodanig te maak, is natuurlik misleidend (veral ook wat leeromgewings betref) omdat dit nie rekenskap gee van die feit dat daar intelligensieverskille, opvoedingsverskille, kultuurverskille, motiveringsverskille en ander persoonlikheidsverskille bestaan wat elkeen se ervaring van ’n spesifieke taalsituasie verskillend maak nie. Dit behoort ook as ’n belangrike veranderlike beskou te word wanneer daar sonder meer taalbesluite op grond van statistiese data geneem word.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a9

Die moraliteitskwessie word verder gekompliseer indien die kunsmatige spanning wat tussen Afrikaans en Engels geskep word, opgeweeg word teen die werklike "amptelikheid" van die ander Afrikatale. Hierdie saak sal ook nie verder bespreek word nie.

Moraliteitskompromisse is natuurlik ook moontlik. Binne die hoër onderwys verteenwoordig tolking byvoorbeeld sodanige kompromis. Dit impliseer dat 'n bepaalde individu of groep die handeling as nie-reg en nie-goed, óf reg maar nie goed nie, óf goed maar nie reg nie, ervaar, maar ter wille van versoening of ordelike funksionering en gedeelde doelwitte die ervaring daarvan versag. Uiteraard sal emosie hier in gedrang kom, dikwels die krag wat die moraliteitspendulum in beweging hou.

'n Moraliteitskompromis wat uit 'n bepaalde oord (die kantoor van die Gautengse LUR vir Onderwys) as immoreel ervaar word, is die stigting van Akademia, 'n privaat verskaffer van hoër onderwys in Afrikaans, wat tot stand gekom het weens druk op voormalige Afrikaanse tersiêre instellings om in Engels te onderrig in plaas van Afrikaans.

Uit dieselfde oord, die kantoor van die Gautengse LUR vir Onderwys, is daar ook beswaar gemaak teen 'n onlangse uitspraak van die appèlhof dat die taalbeleid van Unisa, wat die afgelope vier jaar Afrikaans as onderrigtaal uitgesluit het, ongeldig is. Die versoek uit hierdie kantoor was dat die minister van hoër onderwys teen hierdie uitspraak moet appèl aanteken, want "as ons dit nie doen nie, sal ons alle tale ondermyn. Alle tale is gelyk en daar is geen super-taal nie". Nogal. (vergelyk https://www.netwerk24.com/Nuus/Onderwys/lesufi-vaar-uit-teen-appelhof-uitspraak-oor-unisa-taalbeleid-20200721).

Dit is nie moeilik om die vergeldingskema, waaroor later meer, hier in te lees nie.

## 5. MORALITEIT EN ONTMAGTIGING

Uit die voorgaande uiteensetting blyk dit dat die begripskonfigurasie MORALITEIT 'n paar dinge impliseer: die daad (om Afrikaans se status en gebruik af te skaal) word as reg óf verkeerd, goed óf sleg beoordeel; die nie-daad (om die *status quo* ten opsigte van Afrikaans en Engels te handhaaf) word as reg óf verkeerd, goed óf sleg beoordeel; die beoordeling vind plaas op grond van verskillende individue of groepe se agtergrondbeskouings, wat onder andere berus op unieke of gedeelde ervarings. Binne die kognitiewe taalkunde staan hierdie kennisnetwerk bekend as 'n konseptuele raam (begripsraam) – 'n aspek wat ook in 'n vorige afdeling aandag geniet het, wel binne 'n ander konteks – wat verskillende ervaringsdomeine met mekaar skakel wanneer 'n bepaalde begrip eksplisiet (by wyse van 'n bepaalde taaluitdrukking) of implisiet ervaar word. Die ervaringsdomeine mag feite, halwe waarhede, mites, kulturele waardes en norme – en nog meer – insluit. Dit sluit nou aan by die individu of groep se belewenis van relatiewe waarheid – wat reeds in die voorgaande betoog genoem is en nie hier in besonderhede bespreek kan word nie. Hier kan net genoem word dat wat waarheid (feitelikheid) betref, minstens drie vlakke van waarheid onderskei kan word, naamlik:

- universele waarheid, byvoorbeeld *Die aarde wentel om die son* – vir alle bekende plekke en tye waar, terwyl die ontkenning daarvan vir alle bekende plekke en tye vals is;
- objektiewe waarheid, byvoorbeeld *Die son skyn vandag* of *Die son skyn nie vandag nie* – waar of vals na gelang van die tyd- en plekomstandighede;
- etiese oordeel, dikwels as kategoriese waarheid aangebied ten spyte daarvan dat die waarheid daarvan moeilik objektief verifieerbaar is, byvoorbeeld *Afrikaans staan in die pad van transformasie*.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a9

Die grens tussen die waarheid en die leuen, synde abstrakte begrippe, is wasig. In die kognitiewe taalkunde word daar van “fuzzy boundaries” gepraat. Dit beteken dat kategorie-eienskappe van ’n bepaalde lid van ’n kategorie sodanig is dat dit maklik tot enigeen van twee kategorieë kan behoort. Daarom kan bepaalde bewerings/stellings kwasi-waarhede wees, ook half-waarhede, verskuilde waarhede, mitiese waarhede en ander. Dikwels lê die grens daarvan baie na aan die leuen – maar dit is nog nie ’n leuen nie. Van die metafore wat deur die konseptuele metafoor AFRIKAANS IS APARTHEID onderlê word, val binne hierdie kategorie – ook die onderhawige konseptuele metafoor self.

Die bespreking[16] geskied verder met inagneming van wat Lakoff en Johnson (1999:3) as die drie belangrikste onlangse ontdekkings van die kognitiewe wetenskap beskou, naamlik: “The mind is inherently embodied. Thought is mostly unconscious. Abstract concepts are largely metaphorical.”

Teen hierdie agtergrond word moraliteit primêr gesien as die bevordering van menslike welstand, veral dié van ander. Daarom is dit nie vreemd nie dat sogenaamde “folk-theories” – binne hierdie konteks die fenomenologiese vlak van waarheidservaring – ten opsigte waarvan menslike welstand beoordeel word, as die begronding van morele metafore geld. In ooreenstemming hiermee is een van die mees basiese begripsmetafore op grond waarvan moraliteit verstaan word, die sogenaamde “MORAL ACCOUNTING”-metafoor – waarvan die taalmetafoor “morele bankrotskap” onder andere getuig.

Die beliggaamde oorsprong van hierdie metafoor is nie moeilik agterhaalbaar nie. Daar is vroeër daarop gewys dat beeldskematiese strukture ’n verbeeldingstruktuur onderlê wat begripsvorming moontlik maak – voordat dit ’n taaluitdrukking word. Vergelyk byvoorbeeld hoedat die volgende uitdrukkings almal verstaan word in ooreenstemming met ’n ewewigsverhouding, geskoei op die menslike liggaamlike ervaring van balans: “in die reine bring”, “’n geskil besleg”, “skuld vereffen”, “opoffer vir”, “die orde herstel”, “’n daad of optrede vergeld”, “verantwoording doen van”, “verantwoordelik hou vir” en “ongeregtighede regstel”. Kognitief dieperliggend is die “MORAL ACCOUNTING”-begripsmetafoor op sodanige ‘ewewig’-beeldskema gebaseer.

Die bogenoemde uitdrukkings is by implikasie die manifestasie van ’n aantal basiese ervaringskemas op grond waarvan die metafoor MORELE BOEKHOUDING (DIE MORELE BOEKE BALANSEER) verstaan word. Dit is belangrik om hier te benadruk dat die begrip ‘metafoor’ hier nie na taal verwys nie – dit is ’n dieperliggende begripservaring wat deur verskillende taaluit-drukkings gemanifesteer word, soos wat dit byvoorbeeld in die voorafgaande paragraaf geïllustreer is.

Lakoff en Johnson (1999:293-298) onderskei onder andere die volgende (intermediêre) skemas wat die betrokke metafoor onderlê: ‘morele wisselwerking’, ‘retribusie/vergelding’, ‘restitusie/herstel’, ‘altruïsme’, ‘die-ander-wang-draai-ervaring’, ‘karma’ en ‘billikheid’. Dit is nie die bedoeling om die bepaalde skemas hier in besonderhede te bespreek nie. Wat egter wel op gewys moet word, is die feit dat morele gedrag, deur watter skema ook al talig gerealiseer in die betekenis van die metafoor DIE MORELE BOEKE BALANSEER, deur twee beginsels onderlê word (aldus die genoemde outeurs), naamlik:

- Morele optrede veronderstel die gee van iets met positiewe waarde, terwyl immorele optrede die gee van iets met ’n negatiewe waarde impliseer.

[16] Die argumente in die volgende uiteensetting is ook vervat in Botha (2020).

- Morele optrede vooronderstel dat morele skuld vereffen sal word, terwyl immorele optrede die ontduiking van morele skuld impliseer.

Die beginsels klink goed, maar moraliteit met betrekking tot die MORELE-BOEKE-BALANSEER-metafoor raak problematies in die geval van negatiewe optrede, soos wanneer retribusie of vergelding ter sprake is. Deur iemand byvoorbeeld te na te kom, word die lydende party onder die morele verpligting geplaas om dienooreenkomstig negatief teenoor die gewer van die negatiewe handeling op te tree om die "morele boeke te balanseer" – om die morele skuld te vereffen. Tree die lydende party nie sodanig op nie, word hy/sy voor die morele dilemma gestel dat hy/sy die morele skuld nie vereffen het nie. Dit kan natuurlik tot die rekursiwiteit van immoraliteit in die naam van moraliteit lei. Die kompleksiteit van sodanige morele problematiek is treffend in die drama *Germanicus* (deur NP van Wyk Louw) raak te lees. Germanicus word voor die morele keuse gestel om te kies: óf immorele optrede teenoor Tiberius, ter wille van 'n morele verpligting teenoor die volk, óf immorele optrede teenoor die volk (gevolglik moreel teenoor Tiberius) in die naam van moraliteit, om die immoraliteit van verraad te ontduik – in sy eie woorde: "Ek is getrou. Ek is aan trou gewoond" (*Germanicus*, 1961:9). Germanicus kan immoraliteit nie ontsnap nie. Hy kan die morele boeke nie laat klop nie.[17]

## 6. WAARHEID, MORALITEIT EN SUID-AFRIKA

Om die hedendaagse posisie van Afrikaans in perspektief te stel, is dit nodig om dit op te weeg teen die historiese en kontemporêre omstandighede in Suid-Afrika.

Binne die historiese en hedendaagse kompleksiteit van 'n diverse Suid-Afrikaanse samelewing is daar woorde wat binne hulle betekenisse 'n moraliteitsdimensie "ingebou" het. Vergelyk byvoorbeeld woorde soos *waarheid*, *menslikheid*, *regstelling*, *transformasie*, *mag*, *bemagtig*, *ontmagtig*, *rassisme*, *kolonialisme* en ander, woorde waarvan die moraliteitisdimensie in die geval van sommiges 'n noue historiese verbintenis met die gestigmatiseerde woord *apartheid* het. In sodanige gevalle het ons inderwaarheid nie met *woord*betekenis te doen nie, maar met *begrips*betekenis, gedagtig daaraan dat begripsbetekenis meer inhou as die konvensionele woordeboekbetekenis van 'n woord, soos vroeër vermeld. Vergelyk maar hoedat die woord *korrupsie* binne die Suid-Afrikaanse konteks verskillende begrippe aktiveer – én natuurlik bepaalde moraliteitskemas. Daar is byvoorbeeld al die opmerking gemaak dat die woord *korrupsie* Westerse opvattings verteenwoordig – maar nie genoem dat die begrip daarvan geweeg moet word teen 'n Westers georiënteerde grondwet nie.

Die jaar 1994 en daarna het vir baie Suid-Afrikaners bepaalde waarheidservaringe gebring. Verhale vertel tydens die verrigtinge van die Waarheid-en-versoeningskommissie het die waarheid baie gesigte gegee, veral wat 'menslikheid' betref. Soos reeds genoem, hou moraliteit ten nouste verband met die bevordering van menslike welstand, veral dié van ander, dus: menslikheid!

Talle veronderstelde waarheidsverkondigers se geloofwaardigheid het in gedrang gekom omdat 'n omkeer van die waarheid valsheid impliseer; maar dit het ook 'n agterdog gebring ten opsigte van wat in die toekoms as waarheid mag geld.

Op 'n ander vlak het nuwe besinning oor waarheid 'n wye spektrum emosionele ervaringe teweeggebring, en gepaard hiermee 'n profilering van wat as reg en verkeerd gegeld het – én

[17] In Botha (2020) word die moraliteitskompleksiteit waaraan Germanicus blootgestel word, in besonderhede bespreek.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a9

wat in die toekoms as reg en verkeerd behoort te geld. In die sentrum hiervan het die beleid van afsonderlikheid gestaan. As 'n moraliteitsopenbarende krag is dit gedra deur die gebruik van die uiters gestigmatiseerde woord *apartheid*, en bejeën as 'n manifestasie van die omvattender gestigmatiseerde begrip RASSISME. Die praktyk daarvan is oor 'n wye spektrum as immoreel ervaar, beskryf, bely en teengestaan.

Vir baie vorige ondersteuners van apartheid het die nuwe bedeling die intrinsieke morele spanning tussen wat as reg en goed voorgehou is in verhouding tot 'n inherente gevoel van wat verkeerd en sleg is, opgehef. By ander is die spanning tussen "reg, maar nie goed nie" (dus verkeerd) verbreek. Nog ander was verlig dat dit wat as verkeerd en sleg beskou is, uit die weg geruim is. Dit was nie ongewoon om dikwels te hoor dat mense 'n gevoel van morele bevryding ná 1994 beleef het nie. En dan was en is daar ook diegene wie se morele sintuig weinig aangeraak is.

Ná 1994 moes baie Suid-Afrikaners met 'n gekneusde waarheidservaring die morele kompas verstel. Die impak wat die beleid van afsonderlikheid op individue se totale menswees gehad het, kan nie geringgeskat word nie. Opwellings van onrus, geweld, insidente, verwyte, teregwysings en vermanings met rassistiese ondertone verraai 'n rasstempel ("racial imprint") waarvan baie – oor die hele spektrum – nog nie ontdaan is nie. Dit kan onder andere teruggevoer word na die feit dat die ontwikkeling van rassisme (in die vorm van afsonderlike ontwikkeling) een van die mees basiese ruimtelike ervaringskemas betrek, naamlik in die geval van die Suid-Afrikaanse samelewing die doelbewuste ideologiese objektivering van die 'proksimiteitskema'. Die skematiese ervaring van nabyheid en verwydering word al heel vroeg in die kind se ontwikkeling van taal gemanifesteer deur nabyheidswoorde en -uitdrukkings soos *hier* en *hierdie X* en afstandswoorde en -uitdrukkings soos *daar* en *daardie X*. Taylor (1995:134) wys tereg daarop dat die "degree of emotional involvement and the possibility of mutual influence are understood in terms of proximity". Die beleid van afsonderlikheid het in sy wese die gewaande morele regverdiging vir distansiëring gedra.

## 7. TRANSFORMASIE[18]

In 1996 word *Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* aangeneem. In die *Aanhef* word onder andere gestipuleer dat dit daarop gerig is om "(d)ie verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep". Die suiwerheid van die morele motiewe wat deur hierdie woorde gedra word, staan bo verdenking.

Om te kan "heel" en te kan "skep", moet meganismes egter in werking gestel word – en die gebruik van meganismes veronderstel dat iemand of iets as agent van die handeling met behulp van die betrokke meganismes (instrumente) moet optree. En watter beter woord is daar – wat deur sy inhoud die voorgenoemde veronderstellings dra – as *transformasie*? 'n Ontleding van die betekenisinhoud (betekeniskonfigurasie) van die woord *transformasie* onthul die opeenvolging van die volgende betekeniseienskappe wat in sowel die letterlike as metaforiese gebruik van die woord 'n betekenisgestalt vorm: 'n bron instigeer 'n handeling; die handeling veroorsaak verandering van 'n konkrete of abstrakte objek; 'n entiteit tree as agent van die verandering op; die agent het mag oor instrumente vir verandering; die bron voorsien die instrument van mag; die verandering volg 'n roete; die roete vir verandering geskied vanaf 'n

[18] Vergelyk Botha (2004) en Botha (2007) vir 'n omvattender bespreking van die begrip TRANSFORMASIE.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a9

vertrekpunt na 'n bestemming; die verandering kan oor 'n grens geskied – of dit kan 'n hele domein omvat; die verandering word binne 'n bepaalde tydsbestek voltrek; die verandering het 'n nuwe struktuur tot gevolg.

Die betekeniskonfigurasie van die woord *transformasie* kan getoets word teen die agtergrond van die oorgang van die amptelikheid van twee tale na die amptelikheid van elf tale.

Binne die Suid-Afrikaanse samelewing dien die Grondwet byvoorbeeld as die wesensbron ten opsigte van onder andere die amptelike tale (geïmpliseerde handelinge ten behoewe van verandering). Wetgewing bepaal dat twee amptelike tale vervang word met elf amptelike tale (agent van verandering). Verskillende regeringsinstansies en ander institusionele instansies tot op die vlak van skoolrade word bemagtig (instrumente). Die roete vir die omskakeling van 'n tweetaal-amptelikheid na 'n elftaal-amptelikheid geskied via verskillende gemagtigde instansies. Die tydsbestek vir die voltrekking van die verandering binne die Suid-Afrikaanse samelewing is vaag en in bepaalde kontekste nog onafgehandel. Die nuwe struktuur impliseer 'n elftaal-amptelikheid.

Die praktyk het die onhaalbaarheid en onpraktiese implikasies van hierdie transformasie duidelik uitgewys, met die gevolg dat 'n dualiteit ontstaan het tussen Engels aan die een kant en die ander tale (gesamentlik) aan die ander kant – met Engels dan die *de facto* amptelike taal.

Dit is nie vreemd dat die betekeniskompleksiteit van die woord *transformasie* – veral wat sy metaforiese gebruik betref – talle interpretasies tot gevolg gehad het nie. Mense se reële ervaring van die begipsinhoud daarvan het ook talle nuwe metaforiese betekenisinhoude daaraan toegevoeg, soos die volgende aangetekende begripsmetafore[19] (deur taalmetafore vergestalt) byvoorbeeld aandui: transformasie is 'N LEWENDE ORGANISME, … 'N BEWEGENDE ORGANISME, … 'N MILITÊRE HANDELING, … 'N BEPERKENDE ENTITEIT, … 'N BEWEGENDE ENTITEIT, … 'N TEENSTANDER, … 'N KRAG, … 'N ALLESOMVATTENDE HANDELING, … 'N OPOFFERENDE AKTIWITEIT, … 'N VOERTUIG, … 'N GEÏNSTIGEERDE HANDELING, … 'N ROETE, en nog talle ander.

Die betekeniskompleksitieit van die woord *transformasie* spruit onder andere uit die betrokke woord se superordinaatstatus binne 'n leksikale betekenisveld. 'n Superordinaat staan in 'n *óf…óf*-implikasieverhouding tot sy hiponieme.[20] In die onderhawige geval beteken dit *transformasie* as superordinaat impliseer (vanuit bepaalde beheersende punte) *óf regstelling*, óf (*swart*) *bemagtiging*, óf (*wit*) *ontmagtiging*, óf …, óf … ensovoorts, as hiponieme binne die kontemporêre Suid-Afrikaanse samelewing. Omgekeerd beteken dit dat talle hiponieme binne die bepaalde politieke en ideologiese werklikheid "gekies" kan word om op grond van 'n eensydige implikasieverhouding die begrip TRANSFORMASIE te impliseer en as die woord *transformasie* te benoem. Omdat die betekenis van die woord *transformasie* as superordinaat op 'n hoër en abstrakter (algemener) kognitiewe vlak as die betrokke woord se hiponiem-begrippe ervaar word, word die gebruik daarvan semanties "leeg": hoe meer sake die woord (kan) benoem, hoe minder "beteken" die woord. Daarom juis laat dit as benoeming 'n verskeidenheid hiponimiese begrippe toe, na gelang van watter begrip die spreker ook al mag kies om met die woord *transformasie* te benoem. Dit is dus nie vreemd dat *transformasie* vir verskillende mense verskillende dinge kan beteken nie.

---

19 Vergelyk Botha (2004) en Botha (2007).

20 Die woord *blom* is byvoorbeeld 'n superordinaat van die hiponieme *roos*, *angelier*, *dahlia* ensovoorts. Dit beteken *roos* impliseer *blom*, *angelier* impliseer *blom*, *dahlia* impliseer *blom*, ... ensovoorts. Omdat die implikasieverhouding egter eensydig is, beteken dit omgekeerd dat *blom* óf *roos*, óf *angelier*, óf *dahlia*, óf ... ensovoorts impliseer.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a9

Superordinaatgebruik is ’n baie algemene gesprekstrategie wat oor die ganse spektrum van taalgebruik voorkom. Dit stel die spreker in staat om vaag of algemeen te benoem na gelang van die kontekstuele omstandighede – maar as sambreelterm kan ’n spesifieke metaforiese gebruik daarvan binne bepaalde omstandighede kognitief dieper as die hiponiemvlak die prekonseptuele kragbeeldskema ‘kragblokkasie’ aktiveer in die metaforiese taaluitdrukking “Afrikaans staan in die pad van transformasie”. Dienooreenkomstig aktiveer die metaforiese uitdrukking “Afrikaans sluit uit” die (rudimentêre) prekonseptuele kragbeeldskema ‘teenkrag’. Herhaalde en voortdurende gebruik van metafore wat die bepaalde kragskemas aktiveer, bewerkstellig dat die betrokke skemas op die taalbewussynsvlak geobjektiveerde[21] “werklikhede” word. Indien Lakoff en Johnson (1999:3) se beskouing dat “(t)he mind is inherently embodied” – en dat abstrakte denke dienooreenkomstig gerig word – in ag geneem word, volg hieruit dat sodanige uitsprake as “liggaamlike betekenisbelewenisse” ervaar kan word. Taalstrategies is hierdie soort metafore van die kragtigste meganismes wat teen Afrikaans gebruik kan word – ook op grond van die morele gewig wat die begrip TRANSFORMASIE binne die Suid-Afrikaanse konteks dra.

Aansluitend hierby kan genoem word dat die “liggaamlike betekenisbelewenis” van die betrokke metafoor versterk word deur wat Sweetser (2003:16) gebare-metafore noem: “Examination of language and gesture side-by-side provides strong added support for the cognitive reality of mental space structures. Gesture maps Real Space ... onto mental spaces of expressed content.” Betogings voorheen (soms gewelddadig) teen die gebruik van Afrikaans binne bepaalde onderrigsfere – gepaard met die eksplisiete of implisiete taalhandeling(e) van ’n **eis** – het kollektief (ongenuanseerd as verruimde gebare-metafore) as die liggaamsmetafoor VERSET opgetree. Dit het onder andere tot stand gekom op grond van die prekonseptuele ervaringskema ‘teenkrag’, ’n subordinaat van die kragbeeldskema ‘krag’. In sodanige gevalle is die aanslag teen Afrikaans drieledig van aard: gedra deur ’n taalmetafoor, ’n liggaamsmetafoor en taalhandelinge! En taalhandelinge (soms gepaard met geweld-liggaamsmetafore) rig diegene tot wie dit gerig is – subtiel of kras – se toekomstige gedrag.[22]

Alhoewel die letterlike gebruik van die woord *transformasie* neutraal is ten opsigte van moraliteit, word by implikasie ’n aantal integrerende moralitetsbeginsels binne die Suid-Afrikaanse konteks tot die begripsinhoud daarvan toegevoeg deur onder andere die bogenoemde metaforiese uitbreidings – maar veral ook omdat die woord *transformasie* moet dien as sambreel vir moraliteitsimpliserende begrippe soos vervat in onder meer ‘regstellende aksie’, ‘swart bemagtiging’, ‘gelyke geleenthede’ en ander (soos reeds genoem) – wat die moraliteit van billikheid as gemeenskaplike onderbou behoort te hê. Daarom word die frase “verbind tot transformasie” beskou as ’n morele verbintenis. Om nie tot transformasie verbind te wees nie, sou dan immoreel wees. Maar transformasie deur wetgewing afgedwing verander natuurlik die aard van die moraliteitservaring by bepaalde individue en groepe.

Die kompleksiteit van die billikheidskema wat die begrip ‘transformasie’ onderlê, maak die uitlewing daarvan nie eenvoudig nie – en die toenemende wekroep dat Afrikaans in die pad staan van transformasie (transformasie dus blokkeer) verhef ’n onderliggende ervaringskema tot ’n geobjektiveerde inhoudlose realiteitservaring, dié soort propagandataal wat deur

21 Langacker (1990:7) gebruik die terme **geobjektiveerde** en **gesubjektiveerde konstruering** om aan te dui dat “an entity construed subjectively is implicit and hence non-salient … whereas the objectively-construed entity is salient by virtue of being placed *onstage* as the focus of attention.”

22 Dit was nie soseer die taalmetafoor *#fees must fall* (vanaf Oktober 2015) wat die relatiewe sukses (?) van betogings teen universiteitsfooie bewerkstellig het nie. Die resultaat van die betogings was eintlik die gevolg van die eksplisiete vergestalting van die liggaamsmetafoor VERSET.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a9

emosie rasionaliteit verswelg. Hierdeur word die begrip TRANSFORMASIE die middelpuntvliedende krag, met in die sentrum daarvan die simbool Afrikaans, met ’n menigte pejoratiewe verwysings daaraan vasgedruk – in so ’n mate dat menings, opvattings en vooroordele uiteindelik as objektiewe feite aanvaar word. Dermate kom inleidingsinne soos die volgende al hoe meer dikwels voor wanneer negatiewe simboolwaardes aan die woord *Afrikaans* gekoppel word: “Soos ons almal *weet*, het Afrikaans …” – en dan volg die aanklag. Die simbool Afrikaans, die abstraksie Afrikaans – en alle eksponente van Afrikaans – word dus in ’n permanente immorele defensiewe staat geplaas.

Sou ’n meer genuanseerde waarheid enigsins sodanige immoraliteitsbeskouing kon versag? In hierdie stadium van Afrikaansaftakeling kan dit moeilik voorsien word, tensy besinning en besluitneming op die billikheidskema gebaseer is.

## 8. DIE BILLIKHEIDSKEMA

Soos by implikasie genoem, betrek die begrip TRANSFORMASIE die moraliteitskema ‘billikheid’, soos uitgestippel in die *Handves van regte* binne *Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*. In subartikel 9(5) word gestipuleer dat “(d)iskriminasie ... onbillik (is), tensy daar vasgestel word dat die diskriminasie billik is”. Dit laat die weg oop vir “onbillike” praktyke in die naam van billikheid – want wie se oordeel bepaal billikheid? *Encarta World English Dictionary* (elektroniese kopie) beskryf *diskriminasie* byvoorbeeld onder andere as “UNFAIR treatment of one person or group” terwyl *Webster’s New World Dictionary & Thesaurus* (elektroniese kopie) se beskrywing daarvan die betekenisonderskeiding “onbillikheid” ook noem in die definisie “partiality, or bias, in the treatment of a person or group, which is UNFAIR …” (my uitheffing – WJB). Dit bring mee dat die uitdrukking “billike diskriminasie” eintlik ’n *contradictio in terminis* is: “’n billike onbillikheidshandeling”.

’n Verdere probleem wat verband hou met sodanige uitleef van die ‘billikheidskema’ het te doen met die feit dat dit gedra word deur die oordeelsadjektief *billik*. Die term ‘oordeelsadjektief’ impliseer dat algemene konsensus oor die eienskap wat die betrokke adjektief benoem, nie sonder meer bestaan nie. Wat die begrip BILLIK verder kompliseer, hou verband met die feit dat dit geïntegreer is in bepaalde sosiale modelle. Lakoff en Johnson (1999:296/297) wys byvoorbeeld op die verskillende billikheidsmodelle wat teen die agtergrond van die MORELE-BOEKE-BALANSEER-metafoor verstaan word, naamlik: ‘billikheid ten opsigte van gelyke verdeling’, ‘billikheid met betrekking tot geleenthede’; ‘billikheid ten opsigte van prosessuele verdeling’; ‘billikheid gegrond op regte’; ‘billikheid gegrond op behoeftes’; ‘billikheid gegrond op verdienste’; ‘billikheid bepaal deur kontraktuele ooreenkoms’; ‘billikheid ten opsigte van gelyke aanspreeklikheid’; ‘billikheid in ooreenstemming met die graad van verantwoordelikheid, opgeweeg teen die aard van ’n individu se vermoë’; en ‘billikheid ten opsigte van die gelyke verdeling van mag’. Hulle merk tereg op dat “(m)any of our moral disagreements arise from conflicts between two or more of these conceptions of fairness” … en “there is typically no overarching neutral conception of fairness that can resolve the conflict of values”. Die Nederlandse gemeenskap ondervang die billikheidsproblematiek met die beginsel van positiewe diskriminasie (“voorkeursbehandeling van gediscrimineerden”, volgens *Van Dale Groot Woordenboek der Nederlandse Taal*). Of dit minder problematies is, is debatteerbaar.

Al die moraliteitsimpliserende begrippe wat deur die inhoud van die begrip TRANSFORMASIE gedra word, kan nie hier bespreek word nie. Vir hierdie bespreking verdien kontensieuse aspekte met betrekking tot Afrikaans se status vermelding. Teen die agtergrond van die mora-


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a9

liteitskema 'billikheid' word die model van regte tans toegepas op die status van Afrikaans as amptelike en onderrigtaal. Daar is al by verskeie geleenthede die opmerking gemaak dat Afrikaans in die pad van transformasie staan (soos ook hier bo genoem) omdat dit leerlinge en studente se reg om in die taal van hulle keuse onderrig te ontvang, skaad. In sodanige kontekste is die behoud van Afrikaans as enkelmedium van onderrig dus by implikasie onbillik en immoreel. Om die morele boeke te balanseer, word daar dus vereis dat Afrikaans se status afgeskaal word. Hier beweeg die 'billikheidskema' gevaarlik na aan die 'vergeldingskema'. Vanuit 'n ander perspektief word dit bejeën as 'n negatiewe handeling ten opsigte van Afrikaans – veral as diegene wat onderrig in Afrikaans ontvang het, en dit so verkies het, uiteindelik onbillik van hierdie reg ontsê word.

Om Afrikaans se "immorele" status te perpetueer, word daar ook dikwels gewag gemaak van Afrikaans se sogenaamde "ongelukkige verlede", terwyl etikette soos *verdukkerstaal* (en ander pejoratiewe benaminge – per definisie immorele handelinge: die gee van iets met negatiewe waarde) ook talryk is. Die feit dat Afrikaans in 1976 deur die toenmalige regering aan leerlinge opgedwing is as medium van onderrig in bepaalde vakke – en dat dit as een van drie redes aangevoer word vir die Soweto-opstand (vergelyk Muller, 1979) – kan moeilik moreel geregverdig word.

'n Mens sou tereg ook kon vra: Hoe weeg Afrikaans se sogenaamde "ongelukkige verlede" op teen die Afrikaans se ongelukkige hede?

Aangesien hierdie sogenaamde immorele praktyke (in die naam van die abstraksie *Afrikaans*) uit 'n ryk geskiedenis van taalontwikkeling uitgesonder, uitgehef en lewend gehou word, beteken dit enersyds dat Afrikaans se morele status deurgaans verdedig moet word (morele optrede ter wille van Afrikaans: om die morele boeke te balanseer). In hierdie opsig word moraliteit en immoraliteit teenoor mekaar geweeg met argumente soos die volgende:

- Indien immorele status as 'n fenomenologiese waarheid vir enige taal sou kon geld, hoedanig is die immorele gewig wat aan Afrikaans toegesê word in vergelyking met dié van Europese tale wat kolonialisme in Afrika moes dra?
- Watter morele regverdiging is daar vir die stigmatiserende etikettering van die kode waarin 'n moedertaalspreker se eerste gedagtes gevorm is – die kode waarin hy/sy in die eerste plek kognitief bemagtig is?

Andersyds hou dit in dat Afrikaans stilswyend of luidkeels as "immoreel" aanvaar moet word (om die morele boeke te balanseer) ter vereffening van toegesegde "morele skuld". Indien dit nie gebeur nie, word dit dan as ontduiking van morele skuld geag. Vanuit 'n ander perspektief word dít dan weer as immoreel beskou – op grond van die eerste beginsel wat vroeër na aanleiding van Lakoff en Johnson (1999:298) genoem is met betrekking tot die basis van die betrokke metafoor: immorele optrede deur die gee van iets met 'n negatiewe waarde. Dit spreek vanself dat hier 'n nimmereindigende kettingreaksie kan ontstaan.

Suid-Afrika het vir 'n tyd lank in die gees van versoening gestaan.

Die begrip VERSOENING balanseer die morele boeke op grond van die skematiese ervaring 'morele wisselwerking': die morele boeke word gebalanseer omdat die gee van iets met positiewe waarde in ewewig gebring word met die ontvang van iets met positiewe waarde – en die ontvang van iets met positiewe waarde word in ewewig gebring met die gee van iets met positiewe waarde.

Binne 'n land met elf erkende amptelike tale sou die bevordering van veeltaligheid juis die manifestasie van hierdie skema binne die betrokke metafoor wees. Hierin lê ongelukkig

ook ’n klomp angels opgesluit, wat nie binne hierdie bestek in besonderhede beredeneer kan word nie.

Suid-Afrika het tot in ’n stadium ver gevorder op die pad van versoening – en die Suid-Afrikaanse gemeenskap is dit beny deur bepaalde konflikgeteisterde gemeenskappe wat nog nie tot by die MORELE-BOEKE-BALANSEER-metafoor gekom het nie, veral hulle wat nog nie die boeke kon balanseer ooreenkomstig die skema ‘morele wisselwerking’ nie. Dit kan onder andere toegeskryf word aan die feit dat ’n geglobaliseerde wêreld baie kulture met hulle eie opvattings van die waarheid naas mekaar en teenoor mekaar te staan gebring het. En bedreigings teen wat as waarheid bejeën word, gee meestal aanleiding tot die ontketening van kragte met ’n sterk moraliteitsbasis – en hoe meer fundamentalisties die waarheidservaring, hoe meer ongenuanseerd is die morele skema wat gepaardgaande optrede onderlê. Daarom is negatiewe gebeurtenisse soos die volgende meestal manifestasies van die ‘vergeldingskema’ in ’n poging om die morele boeke te laat klop: terreur van 11 September 2001; die oorlog in Irak; terreuraanvalle in Parys, Brussel en elders; en nog baie meer.

Oor wat as waarheid beskou word, sal daar nooit eenstemmigheid wees nie – ook nie in Suid-Afrika nie. En daarom het die oorgang na ’n nuwe bedeling hier te lande meestal ook nie in ooreenstemming met die uitlewing van ‘morele wisselwerking’ geskied nie. Vir baie is die morele boeke ook nog nie behoorlik gebalanseer nie – veral nie wat Afrikaans se status betref nie. Daarom sal die uitlewing van die ‘billikheidskema’ met groot omsigtigheid moet geskied, ook wat die ontmagtiging van Afrikaans betref – anders mag dit net wees dat die morele boeke (ook op ander terreine) nooit werklik gaan klop nie.

## 9. SLOTWOORD

Aan die begin van hierdie betoog is daarop gewys dat Afrikaans (soos ander tale) nie slegs ’n kommunikasiemedium is nie. Indien as uitgangspunt geneem word dat Afrikaans slegs kommunikasiemedium is, word die morele implikasies ten opsigte van besluite oor die toekoms van Afrikaans se hoër funksies omseil.

Daar is ook op gewys dat die betekenis van die woord *Afrikaans* nie eenduidig is nie – en dat ideologies gedrewe simboliese “betekenis” tot die konvensionele betekenisonderskeidings in die verlede toegevoeg is, op die oomblik toegevoeg word en in die toekoms toegevoeg sal word.

Verder is aangetoon hoedat Afrikaans in die spervuur was en is op grond van die metafoorstatus AFRIKAANS IS ’N LEWENDE ENTITEIT – en op grond daarvan is affektiewe konnotasies tot Afrikaans se betekenis toegevoeg. Daarom is Afrikaans om bepaalde redes (ideologies en andersins) negatief verknoop aan die transformerende kragte en magte van ’n veranderende Suid-Afrika.

Besluite oor die status van Afrikaans se hoër funksies wat reeds geneem is, of in die proses is om nog geneem te word, het in die verlede en sal in die toekoms verreikende gevolge vir Afrikaans (as táál en nie noodwendig as simbool nie) inhou. Dit is feitlik vanselfsprekend dat die aard van die besluite ook kritieke implikasies vir die hoërfunksie-ontwikkeling van die ander Afrikatale sal hê. Daarom is en was sodanige besluite vanuit morele oorwegings nie ’n maklike taak nie. Die aard van die kompleksiteit van hierdie dilemma kan weer eens aan die hand van die drama *Germanicus* geïllustreer word, juis omdat NP van Wyk Louw hom in sy dramas (en ook van sy gedigte) bemoei het met die aard van die daad (veral die daad wat taal is) en die morele implikasies daarvan. In dié drama word die intrinsieke spanning tussen die elemente van moraliteit en immoraliteit tot breekpunt gevoer wanneer dit wat reg is, nie

noodwendig goed is nie, en wat goed is, nie noodwendig reg is nie. Dit kulmineer in verskillende opvattings van mens-wees teen die agtergrond van diens aan en instandhouding van die Romeinse Ryk – in Piso se woorde uitgedruk as: "... 'liefde', 'vriendskap', 'menslikheid', dít is jul woorde – nooit meer 'eer' en 'plig' ..." (*Germanicus*, 1961:41).

Teen die agtergrond van die gehele voorgaande bespreking moes/moet daar dus, voordat ingrypende besluite oor Afrikaans se hoëfunksiestatus geneem is/word, eers antwoorde gevind word op onder andere die volgende vrae – ook ten opsigte van verdere ontmagtiging van Afrikaans:

- Is/word die besluit(e) ten opsigte van Afrikaans geneem op grond van wat ons weet reg of verkeerd, goed of sleg is, óf wat ons dínk reg of verkeerd, goed of sleg is, óf wat ons glo reg of verkeerd, goed of sleg is, óf wat ons voel reg of verkeerd, goed of sleg is – óf op grond van emosiebelaaide eise, ondersteun deur taalmetafore, konseptuele metafore, liggaamsmetafore en konfronterende taalhandelinge?
- Is/word besluite geneem op grond van simboolwaardes (meestal op grond van ideologiese eise) wat aan Afrikaans toegedig word – of staan Afrikaans se sentrale betekenis ('n abstraksie wat dui op 'n versameling abstrakte grammatikale, betekenis- en ander strukture wat taalgebruikers in staat stel om sinvol betekenis te skep, oor te dra en te verstaan) in die sentrum van besluitneming? In laasgenoemde geval (moes)/ moet daar rekening gehou word met die feit dat Afrikaans oor 'n gesofistikeerde grammatikabeskrywing beskik, 'n rykdom aan idiomatiese uitdrukkings het wat net in Afrikaans werklik seggingskrag het, 'n internasionaal gerespekteerde letterkunde het, oor 'n woordeboekskat beskik wat verskillende terreine van die wetenskap en tegnologie bestryk, oor uitnemende vakliteratuur beskik … en so kan daar voortgegaan word om die bestaansreg van Afrikaans as hoëfunksietaal te beskryf. Met die afskaling en ontmagtiging van Afrikaans sal (of is daar reeds?) al hierdie wesenselemente (of metafories gestel: hierdie sielselemente) van Afrikaans stagneer en uiteindelik kwyn – nie onmiddellik nie, maar gestadig. Op grond hiervan (moes) behoort hoëronderwysinrigtings hulle dan ook te vergewis (het) van die moontlikheid van 'n paradoksale bestaan: ontsluiting van kennis versus verarming van kennis.

Die belangrikste oorweging wat egter behoort te geld (moes geld), hou verband met die moraliteitskemas op grond waarvan besluite geneem word: morele wisselwerking, of watter skema ook al. Dan moet ook in gedagte gehou word dat moedertaalsprekers van Afrikaans se besluitneming moontlik deur ander moraliteitskemas gerig sal word as wat dit die geval mag wees ten opsigte van niemoedertaalsprekers as besluitnemers.

Of … speel morele oorwegings nog hoegenaamd 'n rol (in Suid-Afrika)?

## BIBLIOGRAFIE

Accent Software International. 1998. *Webster's New World Dictionary & Thesaurus* (Version 2), Macmillan Publishers: elektroniese uitgawe.

Botha, Willem J. 2002. Die Afrikanerprototipe. In Eep Francken & Ariane van Santen (reds.). *Pinguïns en pikkewyne*. Leiden, Nederland: SNL, pp. 77- 95.

Botha, Willem J. 2004. The semantics of transformation. 2004. CD-publikasie – *Identity and Creativity in Language Education*. Proceedings of the 21st World Congress of the World Federation of Modern Language Associations / Fédération Internationale des Professeurs de Langues Vivantes (FIPLV), 2 – 5 July 2003, RAU, Johannesburg, South Africa. ISBN 0-620-31884-8. Publisher: RAU.

Botha, Willem J. 2004. Betekeniservaring en betekenisgesag van die woordeboek. *Journal for Language Teaching / Tydskrif vir Taalonderrig*, 38(1):130-142.

Botha, Willem J. 2007. Linguistic mechanisms of power and force: two case studies. 2007. In Larissa Manerko (ed.). *Cognitive Linguistics: New Problems of Cognition*. Москва (Moskou): Рязань, pp. 14-20.

Botha, Willem J. 2020. Die daad onthul (im)moraliteit. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 60(2):366-379.

Damasio, Antonio. 2006. *Descartes' error*. *Emotion, Reason and the Human Brain*. London: Vintage Books.

Dirven, René & Marjolijn Verspoor (reds.). 1999. *Cognitieve Inleiding tot Taal en Taalwetenschap*. Leuven: Acco.

Geeraerts, Dirk (red.). 2001. *Van Dale Groot Woordenboek der Nederlandse taal* (version 1.1 Plus). Utrecht: elektroniese uitgawe.

Giliomee, Hermann. 2004. *Die Afrikaners*. *'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg.

Giliomee, Hermann. 2019. *The Rise and Demise of the Afrikaners*. Kaapstad: Tafelberg.

Lakoff, George. 1987. *Women, Fire and Dangerous Things: What Categories reveal About the Mind*. Chicago: University of Chicago Press.

Lakoff, George. 1997. How Unconscious Metaphorical Thought Shapes Dreams. In Dan J. Stein (ed.). *Cognitive Science and the Unconscious*. Washington: American Psychiatric Press.

Lakoff, George & Mark Johnson. 1999. *Philosophy in the Flesh*. *The Embodied Mind and Its Challenge to Western Thought*. New York: Basic Books.

Lakoff, George. 2004. *Don't think of an elephant!* Vermont: Chelsea Green Publishing.

Lakoff, George. 2009. *The neural theory of metaphor*. Elektroniese kopie: http://ssrn.com/abstract=1437794 (geraadpleeg: 30 Julie 2020).

Langacker, Ronald W. 1967. *Language and its Structure*. New York: Harcourt.

Leech, Geoffrey. 1974. *Semantics*. Harmondsworth: Penguin Books Ltd.

Louw, N.P. van Wyk. 1961. *Germanicus*. Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg: Nasionale Boekhandel.

MacLaury, R.E. 1991. Prototypes revisited. *Annual Reviews Anthropology,* 20:55-74.

Microsoft. 1999. *Encarta World English Dictionary*. Seattle: elektroniese uitgawe.

Muller, C.F.J. (red.). 1979. *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*. Logos Library System: elektroniese uitgawe.

Netwerk24. 2014. https://www.netwerk24.com/Nuus/Dink-nuut-oor-plek-vir-Afrikaans-20140627 (geraadpleeg 28 Augustus 2020).

Netwerk24. 2015. https://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/Waarheen-met-Afrikaans-20150616 (geraadpleeg 28 Augustus 2020).

Netwerk24. 2015. https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/sonja-loots-wees-eerlik-oor-wat-op-die-spel-is-in-taaldebat-20151128 (geraadpleeg 28 Augustus 2020).

Netwerk24. 2019. https://www.netwerk24.com/Stemme/MyStem/ek-haat-nie-afrikaans-skryf-panyaza-lesufi-20190607-2 (geraadpleeg 28 Augustus 2020).

Netwerk24. 2020. *https://www.netwerk24.com/Nuus/Onderwys/lesufi-vaar-uit-teen-appelhof-uitspraak-oor-unisa-taalbeleid-20200721* (geraadpleeg op 3 Augustus 2020).

Oakley, Todd V. 1998. Conceptual blending, narrative discourse, and rhetoric. *Cognitive linguistics* 9(4):321-360.

Steyn, J.C. 2014. '*Ons gaan 'n taal maak'*. *Afrikaans sedert die Patriot-jare*. Pretoria: Kraal Uitgewers.

Sweetser, Eve. 2003. *Levels of meaning in speech and gesture: Real space mapped onto epistemic and speech-interactional mental spaces*. Keynote lecture, 8th International cognitive linguistics conference: Cognitive Linguistics, Functionalism, Discourse Studies: Common ground and new directions. University of La Rioja, Spain: Logroño.

Taylor, John R. 1995. *Linguistic Categorization*. *Prototypes in Linguistic Theory*. Oxford: Clarendon Press.

Wet 108 van 1996, Republiek van Suid-Afrika. 1996. *Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*.

Van der Walt, Hannes & Hennie Steyn. 2016. Afrikaans as taal van onderrig en leer in skole en ander onderwysinstansies: "Ou" wyn in nuwe sakke. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(4-1):1034-1047.

# ’n Algemene model om handelsmerklojaliteit te meet

***A generalised model to measure brand loyalty***

**Christo Bisschoff**
NWU Besigheidskool
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: Christo.bisschoff@nwu.ac.za



Christo Bisschoff

**Christo Bisschoff** het sy loopbaan as landbou-ekonoom begin waarna hy as dosent in Ondernemingsbestuur by die Universiteit van Pretoria aansluit. Hy studeer deeltyds en behaal die grade MCom (1990) en DCom (1992) aan die Universiteit van Suid-Afrika. Sy spesialiteitsvelde is Bemarkings- en Landboubestuur. Christo fokus later op handelsmerkstrategie, bestuursetiek en doen verder steeds navorsing oor sy gunstelingonderwerp, landboubestuur. Sy navorsing behels vergelykende studies wat hy saam met sy internasionale medewerker-netwerk doen en hy het reeds verskeie artikels in geakkrediteerde joernale gepubliseer en ook internasionale konferensies toegespreek. Hy tree verder op as referent vir verskeie plaaslike en internasionale tydskrifte; hy het gedien op die tegniese paneel van die Bemarkingsassosiasie van Suid-Afrika en was ook die voorsitter van die Internasionale Besigheidskonferensie. Hier het hy as redakteur van die konferensiebundel gedien en is hy steeds op die akademiese paneel. Christo doseer Bemarkingsbestuur aan die Noordwes-Universiteit se NWU Besigheidskool op Potchefstroom.

**Christo Bisschoff** started his career as an agricultural economist whereafter he joined the University of Pretoria as a lecturer in Business Management. He studied part-time at the University of South Africa and obtained the degrees MCom (1990) and DCom (1992), with specialisation in Marketing and Agricultural Business Management. Christo focuses in his research on brand loyalty, business ethics and, in addition, still researches his favourite topic, namely agricultural business management. He collaborates with his international network and also focuses on comparative research. He has published a wide array of articles in accredited journals, delivered papers at international conferences and served as reviewer for a number of accredited journals. He was also on the technical panel of the Marketing Association of South Africa; he was chairman of the International Business Conference, where he was responsible for publishing the conference proceedings; he is still a member of the academic committee. Christo teaches Marketing Management at the North-West University’s NWU Business School in Potchefstroom.

**Datums:**
Ontvang: 2020-04-15 Goedgekeur: 2020-09-21 Gepubliseer: Desember 2020


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a10

**ABSTRACT**

***A generalised model to measure brand loyalty***

*The value of brand loyalty not only resides in the rebuy intentions of customers, but is also prevalent in the higher prices loyal customers pay; the brand is therefore less price sensitive. Price is no longer the dominant consumer decision-making criterion in South Africa and brands and brand loyalty now strongly influence the decision-making process. However, how to manage brand loyalty is more challenging, specifically because few organisations are knowledgeable about just how loyal their customers are towards their brands. In addition, specifically which of the antecedents contribute towards brand loyalty are seldom known because this is very seldom measured and qualified. This article analyses a variety of brand loyalty industries with the aim to determine if there are some of the brand loyalty antecedents that can be generalised across industries to measure brand loyalty. The study used a selection of eight brand loyalty studies across six industries, namely, soft drinks to children, agricultural buying, wholesale pharmaceuticals, chicken to consumers, pet food and fast-moving consumer goods. These studies all used the model to measure brand loyalty which was developed by Moolla in 2010 and later refined by Bisschoff and Moolla in 2015. The model finalised twelve brand loyalty antecedents which were measured in a questionnaire consisting of 50 questions. These antecedents are categorised in attitudinal antecedents (brand trust, relationship proneness, commitment, brand affect, brand relevance and culture), behavioural antecedents (repeat purchase, involvement, switching cost and brand performance) and then other antecedents (customer satisfaction and perceived value). This article aims to isolate some of these brand loyalty antecedents that can be used to measure customer behaviour across all the industries (thus generic antecedents in all the studies), and those antecedents which are only relevant to one specific industry. It does so by analysing the original data and also the results of these eight brand loyalty studies. The original eight studies all used the same questionnaire to collect data from the industry-stratified samples to measure the twelve brand loyalty antecedents of the specific industries. Respondents recorded their perceptions regarding the antecedents by answering 50 questions on a 5-point Likert-scale. A total of 2 035 responses were captured and analysed. The data pertaining to each brand loyalty construct was subjected to reliability testing, and the results show that all the antecedents have satisfactory Cronbach alpha coefficients ($\alpha \geq .68$); they are therefore deemed to be reliable antecedents to measure brand loyalty. The data was further scrutinised to ensure that no multicollinearity exists between the antecedents. This test used Slovin's tolerance level and the variance inflation factor (VIF) to analyse levels of multicollinearity; it was confidently concluded that multicollinearity did not pose any threat to the analysis. In addition, the importance of each antecedent was also determined by measuring the variance explained using exploratory factor analysis. As expected, there are some important common brand loyalty antecedents ($\sigma \geq 50\%$) that should be included in any measurement irrespective of the industry. They are brand affect, repeat purchase, and brand trust. The other nine antecedents are all regarded as industry-specific antecedents because they fail to show importance in all of the industries involved in this study. Although the results are valuable to managers, researchers and academia aiming to measure and manage brand loyalty, an obvious drawback is that, despite the model's success in a variety of industries, most of the data originated from South African based consumers in the various industries. Further research using confirmatory factor analysis or structural equation modelling to confirm these results could yield valuable insights with regard to the generalized model. Specifically, quantifying how well the generalized antecedents fit into the model could determine the practical usefulness of the model. Country-specific influences and*


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a10

*different consumer behavioural patterns may have played a role in the model construction, and although there is evidence to support this supposition, future users of the model should factor in the information when attempting to migrate the use of the model outside South Africa's borders.*

**KEYWORDS:** brand loyalty, antecedents, model, measurement, factor analysis, brand, management, trust, buying behaviour

**TREFWOORDE:** handelsmerklojaliteit, antesedente, model, maatstaf, bestuur, faktor ontleding, handelsmerk, vertroue, aankoopgedrag

**OPSOMMING**

Hierdie artikel evalueer empiries die geskiktheid van 'n teoretiese model, bestaande uit 12 finale antesedente van handelsmerklojaliteit, om handelsmerklojaliteit in agt bedrywe te meet. Die primêre doel is om vas te stel of die antesedente relevant en geldig is om in alle nywerhede van toepassing te wees; die model sal dan geskik wees vir gebruik. Tweedens het die studie ten doel om antesedente te identifiseer wat algemeen in alle industrieë voorkom, en ook om vas te stel of sommige van die antesedente bedryfspesifiek is. Die teoretiese model is geëvalueer in ses bedrywe en agt verskillende subindustrieë, wat wissel van vinnig bewegende verbruikersgoedere, landboubesighede, farmaseutiese produkte en selfs die troeteldierkosbedryf, om maar 'n paar te noem. Vraelyste is versamel en geanaliseer uit die industriegestratifiseerde steekproef. Die resultate het aangedui dat die 12 voorwaardes vir handelsmerklojaliteit almal betroubaar ($\alpha \geq 0.68$) en aanvaarbare maatstawwe vir handelsmerklojaliteit is. Soos verwag, is daar 'n aantal belangrike algemene voorkomste van handelsmerklojaliteit ($\sigma \geq 50\%$) wat by enige meting ingesluit moet word, ongeag die bedryf. Dit is handelsmerkinvloed, herhaalde aankope en handelsmerkvertroue. Die ander nege voorvalle word almal as bedryfspesifiek beskou, omdat dit nie belangrik is in al die bedrywe wat by hierdie studie betrokke was nie. Alhoewel die resultate waardevol is vir bestuurders, navorsers en die akademie wat daarop gemik is om handelsmerklojaliteit te meet en te bestuur, is 'n duidelike nadeel dat, ten spyte van die sukses van die model in 'n verskeidenheid bedrywe, die meeste van die inligting afkomstig is van Suid-Afrikaanse verbruikers in die verskillende industrieë. Landspesifieke invloede het moontlik 'n rol gespeel in die konstruksie van die model, en hoewel daar bewyse is om hierdie vermoede te ondersteun, moet toekomstige gebruikers van die model dit in ag neem by die gebruik van die model.

## INLEIDING

Handelsmerklojaliteit is geïntegreer in verbruikers se koopgedrag. Du Plooy (2012:6) definieer handelsmerklojaliteit funksioneel as "hoe getrou verbruikers teenoor 'n spesifieke handelsmerk is". Die Amerikaanse bemarkingsvereniging gebruik weer die volgende definisie: "Die situasie waarin 'n verbruiker oor die algemeen dieselfde produk of diens van oorsprong van die vervaardiger koop, en dit mettertyd herhaal word, eerder as om by verskeie verskaffers binne die kategorie te koop" (AMA 2019). Die waarde van handelsmerklojaliteit lê nie net in die hernude bedoelings van kliënte nie, maar ook omdat handelsmerklojale kliënte hoër pryse betaal en minder pryssensitief is (Steward 2010:1). Dit is pas deur die Nielsen-verslag (2019) bevestig dat prys nie meer die oorheersende maatstaf vir verbruikersbesluitneming in Suid-Afrika is nie; handelsmerke en handelsmerklojaliteit beïnvloed hedendaags ook die verbruiker se besluitnemingsproses ten sterkste. Bester en Bisschoff (2018), ter ondersteuning van Moolla (2010:32), verklaar dat handelsmerklojaliteit nie net herhalende aankope deur lojale kliënte

skep nie, maar ook die markaandeel vergroot namate lojale kliënte nuwe kliënte deur middel van mondelinge kommunikasie lok.

In die bemarkingsdissipline word dit algemeen aanvaar dat dit baie goedkoper is om ’n bestaande kliënt te behou as om ’n nuwe kliënt te werf (Bisschoff & Bester 2018), en dat lojaliteit gekoppel kan word aan die groei van die onderneming (Reichheld 2003:92). Die waarde van handelsmerklojaliteit as mededingende bemarkingsinstrument word ook algemeen aanvaar. Hoe om handelsmerklojaliteit te bestuur, is egter meer uitdagend, veral omdat min organisasies kennis dra van hoe lojaal hul kliënte teenoor hul handelsmerke is (Moolla 2010:8). Daarbenewens is dit selde bekend watter antesedente bydra tot handelsmerklojaliteit, omdat dit selde gemeet en gekwalifiseer word.

## LITERATUURSTUDIE OOR HANDELSMERKLOJALITEIT

### Historiese perspektief van handelsmerklojaliteit

Die konsep van lojaliteit het eers in die 1940’s verskyn. Lojaliteit is in die vroegste dae voorgestel as ’n eendimensionele konstruk, wat verband hou met die metingsperspektief wat deur die navorser gevolg word. Twee afsonderlike lojaliteitskonsepte het ontwikkel, naamlik “handelsmerkvoorkeur” (Guest 1944), waarna verwys word as gesindheidslojaliteit, en “aandeel van die mark” (Cunningham 1956:118), en later ook as gedragslojaliteit. Byna 30 jaar nadat lojaliteit die eerste keer in die akademiese literatuur verskyn het, het navorsers (soos Day 1969) voorgestel dat lojaliteit meer ingewikkeld kan wees en dat dit beide gesindheids- en gedragslojaliteit kan insluit. Hierdie tweedimensionele konsep is sedertdien gekombineer en word saamgestelde lojaliteit genoem (Jacoby 1971). Die saamgestelde definisie van lojaliteit het die basis geword vir baie lojaliteitsnavorsing wat sedertdien onderneem is (sien Jacoby & Kyner 1973; Bloemer & Kasper 1995:318; Bennett 2001). Die saamgestelde definisie van lojaliteit impliseer dat lojaliteit altyd gunstige houdings, bedoelings en herhalende aankope moet bevat (kyk Jacoby & Chestnut 1978:110). Sommige navorsers (sien Oliver 1999:34) stel voor dat lojaliteit ontwikkel en dat daar fases van lojaliteit is. In 1994 het Dick en Basu vervolgens die behoefte geïdentifiseer om die verskillende manifestasies van saamgestelde lojaliteit as aparte dimensies te definieer. Na aanleiding van Dick en Basu (1994:108) se konseptuele model, het multidimensionele sienings oor lojaliteit in die literatuur na vore gekom (sien Zeithaml *et al*. 1996:37; Bloemer *et al*. 1999; Narayandas 1999:114; Yu & Dean 2001:241). In ’n persoonlike sin is lojaliteit ’n gevoel of ’n houding van toegewyde gehegtheid en toegeneentheid.

Onlangs het navorsers meer gefokus op die impak van die voorkoms van handelsmerklojaliteit op die identifisering van kliëntehandelsmerke (Rather 2018:490), die handelsmerkervaring (Ong, Lee & Ramayah 2018:491) of die effek wat handelsmerkbewustheid op kliënte-lojaliteit het (Ami, Fivi & Muda 2018:681). Interessante nuwe konsepte in handelsmerklojaliteit, soos die konsep van self-handelsmerkverbinding (Van der Westhuizen 2018:179) kom nou na vore as antesedente. Tradisionele antesedente word egter nie agterweë gelaat nie, en tevredenheid, vertroue, handelsmerkbewustheid en handelsmerkervaring bly belangrike oorwegings by die bestuur van handelsmerklojaliteit (Bowden, Dagger & Ellion 2013:156; Van der Westhuizen 2018:178; Ong *et al*. 2018:510). Ter ondersteuning meld Dilham *et al*. (2018) (aangehaal in Ong *et al*. 2018:512) dat, in hul studie, assosiasies tussen handelsmerktevredenheid en verhoudingsverbintenis ’n beduidende invloed op handelsmerklojaliteit gehad het. Hierdie skrywers het ook handelsmerktevredenheid geïdentifiseer as die belangrikste bydraer tot die opbou van handelsmerklojaliteit. Die bevindinge van hierdie studie ondersteun


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a10

die tradisionele voorgangers van handelsmerklojaliteit soos handelsmerkervaring, handelsmerkprestasie en handelsmerkvertroue (Chaudhuri & Hoibrook 2001:142; Dick & Basu 1994:101).

**Antesedente van handelsmerklojaliteit**

Die literatuurstudie het oorspronklik 54 antesedente van handelsmerklojaliteit geïdentifiseer. Hierdie antesedente is verminder tot 26 op grond van hul gewildheid om in modelle wat handelsmerklojaliteit meet, ingesluit te word. Die proses van eliminasie behels die ondersoek van handelsmerklojaliteitstudies wat uitgevoer is om te bepaal watter antesedente die oorweldigende steun ontvang het. ’n Finale lys van 12 geïdentifiseerde antesedente is behou nadat die toepaslikheid daarvan in moderne metingstoepassings deur die literatuur bevestig is. Hierdie voorvalle, hul definisies en literatuurondersteuning verskyn in die onderstaande tabel.

**TABEL 1:** Beskrywing en bronne van antesedente

| | **Beskrywing** | **Navorsers** |
|---|---|---|
| **Kliënt-tevredenheid** | Die kliënttevredenheid berus op die produkprestasie gebaseer op die verwagte prestasie. ’n Diskrepansie tussen werklike en waargenome prestasie lei tot bevrediging (positiewe gaping), terwyl ontevredenheid sy oorsprong het in ’n negatiewe prestasiegaping. Elke produkevaluering lei die kliënt op en pas sy/haar verwagtinge van ’n spesifieke handelsmerk en produk aan. Voortgesette tevredenheid lei tot herhaalde aankope (of lojaliteit) van die handelsmerk of produk. Effektiewe klagtegedrag na aankoop versterk ook die klanttevredenheidsvlakke, wat op sy beurt weer lei tot hoër handelsmerklojaliteit. | Ami, Fivi & Iskandar (2018); Bowden et al. (2013); Delgado & Munuera-Aleman (2001); Dick & Basu (1994); Jacoby & Chestnut (1978); Musa (2005); Punniyamoothy & Raj (2007); Rather (2018). Schijins (2003); Zeithaml et al. 1996. |
| **Oorskakelingskostes** | Alhoewel daar baie markte is waar die oorskakeling van koste tussen verskillende handelsmerke, produkte en dienste weglaatbaar is, hou ander markte baie koste in vir kliënte wat daarop gemik is om hul handelsmerk of produk te verander. Hierdie koste bestaan uit drie soorte oorskakelingskoste: transaksiekoste, kunsmatige/kontraktuele koste en leerkoste. Omskakelingskoste kan ’n afskrikmiddel wees vir die oorskakeling van handelsmerke, en beide die finansiële implikasie van nie-finansiële koste (soos die tydkostes om nuwe sagteware te leer) speel ’n rol by kliënte wat getrou bly aan ’n handelsmerk of produk. | Bisschoff & Moolla (2015); Dick & Basu (1994); Kim, Morris & Swait (2008); Jacoby & Chestnut (1978); Ong et al. (2018); Sahin et al. (2013); Schijins (2003); Yasin & Amjad Shamim (2013). |
| **Handelsmerkvertroue** | Vertroue bestaan waar kliënte vertroue in ’n handelsmerk of produk ontwikkel. Positiewe vertroue het ’n positiewe invloed op handelsmerkverbintenis, wat noodsaaklik is om handelsmerklojaliteit te vestig. Verder dui hierdie sterk verband tussen handelsmerkvertroue en handelsmerklojaliteit aan dat ’n duidelike behoefte aan vertroue nodig is om ’n positiewe handelshouding te ontwikkel. Handelsnaamvertroue is dus noodsaaklik om ’n langtermynverhouding met kliënte, wat ’n emosionele verbintenis en langtermyn lojaliteit met ’n handelsmerk wil hê, te ontwikkel. | Ami et al. (2018); Bowden et al. (2013). Chaudhuri & Hoibrook (2001); Dick & Basu (1994); Jacoby & Chestnut (1978); Musa (2005); Punniyamoothy & Raj (2007); Schijins (2003). |

**TABEL 1:** Beskrywing en bronne van antesedente *(vervolg)*

| | Beskrywing | Navorsers |
|---|---|---|
| **Verhoudings-geneigdheid** | Verhouding-geneigdheid is 'n individuele kliëntkenmerk. Dit word gedefinieer as die koper se stabiele, bewuste neiging om 'n verhouding met 'n handelsmerk of produk te vorm. Sommige kliënte is meer geneig tot verhoudings as ander, en daarom word verhouding-geneigdheid beskou as 'n persoonlikheidseienskap van die verbruiker. Getrouheid in die verhouding is ook 'n bewuste neiging in teenstelling met gedrag wat verband hou met traagheid of gemak. | Chaudhuri & Hoibrook (2001); Dick & Basu (1994); Jacoby & Chestnut (1978). Kim et al. (2008); Schijins (2003); Van der Westhuizen (2018). |
| **Betrokkenheid** | Produkbetrokkenheid behels 'n deurlopende verbintenis van die verbruiker ten opsigte van gedagtes, gevoelens en gedragsreaksie op 'n produkkategorie. Betrokkenheid is 'n onwaarskynlike toestand van motivering, opwekking of belangstelling in 'n produk. Studies deur navorsers soos Jacoby en Chestnut (1978) en ander wat die verband tussen handelsmerklojaliteit en produkbetrokkenheid ondersoek het, het 'n definitiewe positiewe korrelasie gevind. Op dieselfde wyse het Dick en Basu (1994) in hul studie bevind dat betrokkenheid en houdingslojaliteit sterk gekorreleer is. Navorsing wat gedoen is, dui dus daarop dat 'n hoër vlak van betrokkenheid by 'n handelsmerk tot 'n hoër vlak van handelsmerklojaliteit lei. | Basson (2014). Dick & Basu (1994); Giddens (2001); Jacoby & Chestnut (1978); Kim et al. (2008); Moolla & Bisschoff (2015). Punniyamoothy & Raj (2007); Van der Westhuizen (2018). Yasin & Amjad Shamim (2013). |
| **Waargenome waarde** | Punniyamoorthy en Raj (2007:229) beskryf waargenome waarde as die verbruiker se algehele beoordeling van die nut van 'n produk op grond van persepsies van wat ontvang word en wat gegee word.<br>Die waargenome waarde bestaan uit verskeie komponente. Die vier mees algemene komponente is pryswaardigheidsfaktore, emosionele waardes, funksionele waardes en sosiale waardes. | Dick & Basu (1994); Giddens (2001); Jacoby & Chestnut (1978). Molinari et al. (2008); Musa (2005); Punniyamoothy & Raj (2007); Schijins (2003); Ong et al. (2018); Rather (2018); Van der Westhuizen (2018). |
| **Verbintenis** | Handelsmerkverbintenis vind plaas wanneer verbruikers hulself verpand of die handelsnaam koop. Kliëntverbintenis is 'n sentrale konstruksie in die ontwikkeling en instandhouding van bemarkingsverhoudinge en verbind verbruikers met die verskaffers. Verbintenis is 'n gesindheidskonstruksie wat die gevoel van kliënte oor die handhawing van 'n verhouding met 'n verskaffer voorstel en die handelsmerklojaliteitsproses as 'n positiewe houding teenoor 'n handelsmerk verduidelik. Hierdie houding beïnvloed die daarstelling van handelsmerklojaliteit positief. | Bowden et al. (2013); Chaudhuri & Hoibrook (2001); Dick & Basu (1994); Delgado & Munuera-Aleman (2001); Fournier (1998); Musa (2005); Fullerton (2005); Kim et al. (2008); Koenig (2002); Ong et al., (2018); Schijins (2003). |


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a10

**TABEL 1:** Beskrywing en bronne van antesedente *(vervolg)*

| | Beskrywing | Navorsers |
|---|---|---|
| **Herhalende aankope** | Konsekwente herhalende aankoopgedrag is basies handelsmerklojaliteit. By herhalende aankope word in wese verwys na die mate waartoe verbruikers dieselfde handelsmerk in enige gelyke periode weer aankoop. Die sterkte van gedragshandelsmerklojaliteit is dus ’n funksie van herhalende koop- en verbruiksgedrag. Die verbruiker ontwikkel ’n gewoonte of stelselmatig bevooroordeelde gedrag as gevolg van sy of haar gereeldheid van aankope. Sodra die gedragshandelsmerklojaliteit sterk ingebed is in die gedrag van die verbruiker, word dit moeilik om te verander. Hoe meer gevestig hierdie gewoonte is om ’n spesifieke handelsmerk te koop, hoe moeiliker word dit om te verander; hierdie herhaalde aankooppatroon sneeubal tot hoër vlakke van handelsmerklojaliteit. | Chaudhuri & Hoibrook (2001); Dick & Basu (1994); Fullerton (2005); Jacoby & Chestnut (1978); Kim et al. (2008); Musa (2005); Schijins (2003); Ong et al. 2018. Punniyamoothy & Raj (2007). |
| **Handelsmerk-invloed** | Handelsmerk-invloed is die potensiaal wat ’n handelsmerk het om positiewe emosionele reaksies aan te wend wanneer verbruikers die produk of handelsmerk gebruik. Hierdie invloed word gekenmerk deur onafhanklike positiewe en negatiewe dimensies. Mense streef daarna om die positiewe invloed te ervaar, en probeer om die negatiewe invloed te vermy. ’n Positiewe verhouding bestaan tussen ’n positiewe invloed wat binne ’n kleinhandelskonteks ervaar word, en die bereidwilligheid van die verbruiker om te koop. Hierdie positiewe invloed kan ook die gevolge van winkelbeeld op handelsmerklojaliteit bemiddel. | Ami et al. (2018); Chaudhuri en Hoibrook (2001); Dick & Basu (1994); Jacoby & Chestnut (1978); Moorman, Zaltman & Deshpande (1992); Musa (2005); Schijins (2003). |
| **Handelsmerk-relevansie** | Die toenemend betekenislose (of onbekende) handelsmerke wat die mark oorstroom, dwing verbruikers om handelsmerke te soek en handelsmerk-relevansie vas te stel. Fundamenteel staan ’n handelsmerk vir “iets wat in ’n wêreld saak maak”. Relevante handelsmerke is dus die sleutel tot die vestiging van handelsmerklojaliteit. Hierdie toename in handelsnaamvolumes beteken dat ’n handelsmerk en sy boodskappe akkuraat moet wees om meer betekenis te dra om effektiewe handelsmerk-relevansie te bepaal. Tradisionele herhalingstrategieë is onvoldoende, en relevante handelsmerke moet outentieke nuutheid of individuele onderskeid skep. | Ami et al. (2018); Chaudhuri & Hoibrook (2001); Dick en Basu (1994); Kim et al. (2008); Jacoby & Chestnut (1978); Musa (2005); Schijins (2003); Tucker (2005); Giddens (2001). |
| **Handelsmerk-prestasie** | Waargenome handelsmerkprestasie is die kliënt se evaluering van die prestasie van die handelsmerk, die produk of die diens na verbruik daarvan. Hierdie ervaring is nou gekoppel aan die bevrediging wat uit die prestasie-ervaring afgelei word. Handelsprestasie is die subjektiewe (waargenome) evaluering van die kernproduk (byvoorbeeld die produkkenmerke), wat beide die intrinsieke (effektiwiteit) en die ekstrinsieke (verpakkings) kenmerke bevat. | Chaudhuri & Hoibrook (2001); Dick & Basu (1994); Jacoby & Chestnut (1978); Musa (2005); Ong et al. (2018); Schijins (2003). |

**TABEL 1:** Beskrywing en bronne van antesedente *(vervolg)*

| | Beskrywing | Navorsers |
|---|---|---|
| **Kultuur** | Kultuur het 'n belangrike invloed op verbruikers se koopgedrag. Alhoewel jong verbruikers wat die mark betree, getrou bly aan familiehandelsmerke totdat ander faktore inspeel, speel die gesins- en kulturele invloede 'n integrale rol in koopgedrag en ook in handelsmerklojaliteit. Die gesin stel 'n sielkundige dimensie aan handelsmerklojaliteit deur familiebande en verseker indirek sekuriteit en vertroue in 'n produk of handelsmerk as gevolg van geslagte se gebruik. Nostalgie is ook 'n faktor wat die handelsmerklojaliteit van individue wat lojaal is aan klassieke handelsmerke, handhaaf. | Bowden et al. (2013); Basson, (2014); Chaudhuri en Hoibrook (2001); Kotler en Armstrong (2015); Moolla & Bisschoff (2015); Musa (2005); Punniyamoothy & Raj (2007); Schijins (2003); Yasin & Amjad Shamim (2013). |

## Houdings- en gedragsantesedente van handelsmerklojaliteit

Die seminale studie deur Jacoby (1971), wat later deur Jacoby en Chestnut (1978) en Aaker (1991; 1996) bevestig moes word, het aangedui dat gedrag (die stogastiese benadering) en houding (deterministiese benadering) twee van die belangrikste drywers van handelsmerklojaliteit is. Verder het hierdie navorsers bevind dat houding 'n invloed het op lojale gedrag van die handelsmerk en dat hulle beduidende positiewe en negatiewe verhoudings ($p \leq 0.05$; $p \leq 0.10$) tussen hierdie twee drywers geïdentifiseer het (Fisher, Völker & Sadler 2010:829; Bandyopadhyay & Martell 2007:37). In die praktyk beteken dit dat 'n positiewe houding lei tot 'n verhoogde handelsmerklojaliteit, terwyl negatiewe houdings teenoor 'n handelsmerk omgekeerde gevolge het vir handelsmerklojaliteit, soos verminderde herhaalde aankope van die handelsmerk (laer hoeveelhede; minder gereelde aankope). Dit het 'n belangrike praktiese waarde vir bemarkers en handelsmerkbestuurders. Sterk positiewe houdings teenoor 'n handelsmerk stel die bemarker in staat om premiepryse te hef, waardeur die handelsmerk meer winsgewend word (Myanmar 2018:114). Gedrag daarenteen is sterk gekoppel aan markaandeel, waardeur positiewe gedrag gereelde en ook groter hoeveelhede aankope tot gevolg het (Myanmar 2018:116). Ideaal gesproke kan positiewe handelsmerkhouding gedragslojaliteit verbeter, en handelsmerkbestuurders sal in staat wees om premiepryse in 'n toenemende markaandeel te vra; dit is hoe handelsmerklojaliteit bydra tot die vestiging van 'n top handelsmerk. Die voorkoms van handelsmerklojaliteit word in Tabel 2 in houdings- en gedragsantesedente geklassifiseer. (Twee antesedente in die model is nie houding of gedrag nie; dit word gelys as *Ander antesedente*).

## OMVANG VAN DIE STUDIE

Die studie fokus op die vergelyking van 'n aantal studies oor die meting van handelsmerklojaliteit wat op verskillende industrieë gedoen is, met behulp van die model vir handelsmerklojaliteit wat deur Moolla en Bisschoff (2012a; 2012b) ontwikkel is en deur Bisschoff en Moolla (2015:525) verfyn is. Hierdie studies vir die meting van handelsmerklojaliteit is gedoen in landbou, farmaseutiese produkte (generiese en oorspronklike medisyne), witvleisverbruik, drankies vir kinders en ander industrieë (Du Plooy 2012; Salim 2012; Basson 2014; Van den Heever 2014; Schmullian 2018; Bisschoff & Bester 2018). Hierdie studie het ten doel om vas te stel of daar gemeenskaplike kenmerke tussen die bedrywe is ten opsigte


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a10

**TABEL 2:** Klassifikasie van die antesedente

| Drywer | Antesedent |
|---|---|
| **Houding** | Handelsmerkvertroue<br>Handelsmerk-invloed<br>Kultuur-georiënteer<br>Verbintenis<br>Handelsmerk-relevansie<br>Verhouding-geneigdheid |
| **Gedrag** | Betrokkenheid<br>Herhaal-aankope<br>Oorskakelingskoste<br>Handelsmerkprestasie |
| **Ander** | Waargenome waardes<br>Kliënt-tevredenheid |

van die antesedente van handelsmerklojaliteit, en ook of sommige van die antesedente bedryfspesifiek is. Die resultate stel die navorsing in staat om die model verder te verfyn sodat organisasies die model meer akkuraat kan gebruik om hul handelsmerklojaliteit te meet. Deur spesifieke antesedente te meet, sal organisasies in staat wees om sukkelende areas van handelsmerklojaliteit te bepaal en hierdie antesedente spesifiek te bestuur om hul volledige voorsprong in die mark te behou en te verbeter.

## PROBLEEMSTELLING

Handelsmerklojaliteit, soos hier bo kortliks genoem, is 'n belangrike mededingende instrument om markaandeel te behou, te bekom en te bestuur. Sosiale media en vinnig bewegende inligting oor produkte en handelsmerke in moderne kommunikasiestelsels beïnvloed ook handelsmerklojaliteit by kliënte; dit gebeur nou vinniger as ooit tevore (Ami, Fivi & Muda 2018:687). Net so kan organisasies ook metings doen en vinniger navorsing doen. Betroubare data en geldige navorsing is egter van kritieke belang om handelsmerklojaliteit (van enige ander soort navorsing) te beoordeel om bestuur te bemagtig om regstellende ingrypings te begin. Dit beteken dat hulle 'n geldige modelmaatstaf vir handelsmerklojaliteit moet toepas. Daar bestaan wel baie modelle, maar dit is baie veralgemeen, en beperkte studies probeer om nywerhede met spesifieke handelsvoortreders te pas. Dit kan daartoe lei dat organisasies antesedente of 'n laer belang vir 'n spesifieke industrie meet en regstellende ingrypings kan inisieer; hulle kan uiteindelik die verkeerde kwaal behandel met 'n beperkte invloed op hul markaandeel of lojaliteitsprobleme.

Hierdie kernprobleem is dan om te bepaal watter antesedente van handelsmerklojaliteit relevant is vir watter bedrywe. Is daar ook generiese antesedente wat relevant bly in alle (of enige) nywerhede, of is sommige antesedente net relevant vir 'n spesifieke industrie? Hierdie studie het ten doel om hierdie probleem spesifiek aan te spreek.

## NAVORSINGSDOELSTELLINGS

Die primêre doel van hierdie studie is om die geskiktheid van die teoretiese handelsmerklojaliteitsmodel in verskillende industrieë te evalueer.

Die volgende sekondêre doelstellings bedien die primêre doel:

- Bepaal of al die voorafgaande faktore bepalend is vir handelsmerklojaliteit in verskillende industrieë;
- Bepaal of sommige van die voorafgaande faktore algemene bepalers van handelsmerklojaliteit in verskillende bedrywe is; en
- Bepaal of sommige van die antesedente bedryfspesifieke bepalers van handelsmerklojaliteit in verskillende bedrywe is.

## HIPOTESE STELLINGS

$H_0$: Handelsmerklojaliteit kan nie toegepas word om handelsmerklojaliteit in alle industrieë te meet nie.
$H_1$: Handelsmerklojaliteit kan handelsmerklojaliteit in alle industrieë meet.
$H_2$: Sommige voorgangers met handelsmerklojaliteit kom gereeld voor en dit kan gebruik word om handelsmerklojaliteit in alle industrieë te meet.
$H_3$: Sommige voorgangers van die handelsmerklojaliteit is industrie-spesifiek en kan nie gebruik word om handelsmerklojaliteit in alle industrieë te meet nie.

## NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die teoretiese model is ontwikkel uit ’n groot aantal seminale handelsmerklojaliteitsmodelle wat reeds in 1940 ontwikkel is. Die algemene voorkoms van handelsmerklojaliteit en hul onderskeie toepaslike meetkriteria is geïdentifiseer en geoperasionaliseer in ’n teoretiese model om handelsmerklojaliteit te meet (sien Tabel 2). Die finale teoretiese model bevat ’n vraelys van 12 voorwaardes vir handelsmerklojaliteit wat aan 50 kriteria gemeet word. (Die voorgevalle en meetkriteria spruit direk uit die literatuur soos aangedui in Tabel 2.) Hierdie vraelys, empiries gevalideer deur Moolla en Bisschoff (2012b), is gebruik om die persepsies van die respondente op ’n 5-punt Likert-skaal vas te lê (1 = heeltemal nie saamstem nie; 5 = heeltemal saamstem). Die data is geanaliseer met behulp van die Statistical Program for Social Sciences (SPSS, weergawes 23, 24 en 25). Die Cronbach alfa-koëffisiënt het die interne konsekwentheid en betroubaarheid van data bepaal, terwyl ondersoekende faktoranalise gebruik is om die meetkriteria vir elke antesedent vir elke industrie in hierdie studie te bevestig. Die afwyking wat uiteengesit is, dui op die relatiewe belang van die antesedent (Field 2017:810). Antesedente met marginale betroubaarheidskoëffisiënte ($\alpha \leq .70$) is met omsigtigheid geïnterpreteer, terwyl diegene met swak betroubaarheid ($\alpha \leq .57$) (Cortina 1993:99) weggelaat is.

## RESULTATE EN BESPREKING

As vertrekpunt is die data vir multikollineariteit getoets met behulp van die variansie-inflasiefaktor (VIF) en Slovin se toleransiedrempels in lineêre regressiemodellering (Minitab 2020). In hierdie verkennende studie behoort die VIF-ideaal onder 3 te wees, verkieslik onder 5 en beslis onder 10, terwyl die Slovin-toleransiedrempel ideaal sou wees as 0.2, of verkieslik meer as 0.4, om te bewys dat multikollineariteit nie ’n probleem is nie (Statisticshowto 2020). Tabel 4 toon die resultate op multikollineariteitstoetse.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a10

Die resultate toon dat daar geen multikollineariteit bestaan nie en dat al die antesedente binne die ideale VIP- en toleransiereeks is (VIP ≤ 3; Slovin se toleransie ≥ .2).

Die voorgevalle wat geïdentifiseer is en hul relatiewe belang in handelsmerklojaliteit vir elk van die bedrywe (uitgebeeld deur die afwyking wat in die tabel uiteengesit word) word in Tabel 4 aangetoon. Die willekeurige interpretasie van die uiteengesette persentasie-variansie dui daarop dat die afwyking ideaal moet wees as 60%, terwyl ’n afwyking van meer as 50% (hoër as 60%) as bevredigend beskou word; lae afwykings is meer as 30% (tot 50%), en afwykings onder 30% is ’n grensgeval ten opsigte van bevrediging (Field 2017:810-811). Antesedente met ’n lae betroubaarheid (α ≤ .57) is uitgesluit van die ontleding, alhoewel dit moontlik ’n bevredigende afwyking kan verklaar (Cortina 1993:99; Field 2017:823).

**TABEL 3:** Industrieë gemeet, responskoers en betroubaarheidskoëffisiënte

| **Industrie** | **Response (n)** | **Betroubaarheid (α)** |
|---|---|---|
| Drankies vir kinders | 603 | .765 |
| Landbou-provinsie 1 | 43 | .698 |
| Landbou-provinsie 2 | 121 | .681 |
| Groothandel farmaseutiese produkte (generies) | 203 | .797 |
| Groothandel farmaseutiese produkte (oorspronklik) | 203 | .866 |
| Witvleis (hoender) | 112 | .759 |
| Troeteldierkos (hoë-markhond) | 209 | .876 |
| Vinnig bewegende verbruikersgoedere | 541 | .702 |
| **Totaal** | **2 035** | |

**TABEL 4:** Multikollineariteit van antesedente

| **Drywers en antesedente** | **VIF** | **Slovin se toleransie** |
|---|---|---|
| **Houding** | | |
| Handelsmerk-invloed | 2.245 | .445 |
| Kultuur-georiënteerd | 1.179 | .706 |
| Verbintenis | 1.417 | .706 |
| Verhouding-geneigdheid | 1.323 | .756 |
| Handelsmerkvertroue | 2.028 | .493 |
| Handelsmerk-relevansie | 1.572 | .636 |
| **Gedrag** | | |
| Oorskakelingskoste | 1.111 | .900 |
| Herhaalde aankope | 1.494 | .669 |
| Betrokkenheid | 1.425 | .702 |
| Handelsmerk-prestasie | 1.797 | .557 |
| **Ander** | | |
| Kliënt-tevredenheid | 1.010 | .990 |
| Waargenome waarde | 1.010 | .990 |

** Nie gemeet; *** Onbevredigende betroubaarheidskoëffisiënt (α ≤ .57)


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a10

**TABEL 5:** Antesedente en hul belangrikheid vir industrie

| | Variansie verduidelik (%) | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Drywer en antesedent** | **Koel-drank** | **Med (Gener)** | **Med (Oorspr)** | **Landbou 1** | **Landbou 2** | **Honde-kos** | **Hoender** | **FMCG** |
| **Houding** | | | | | | | | |
| Handelsmerk-invloed | 63.2 | 60.2 | 53.4 | 59.0 | 65.8 | 70.9 | 66.5 | 73.0 |
| Kultuur-georiën-teerd | 47.2 | 44.1 | 46.1 | 49.6 | 49.7 | 37.4 | 60.6 | 57.1 |
| Verbintenis | *** | 40.8 | 48.9 | 54.7 | 59.4 | 66.1 | 71.9 | 58.9 |
| Verhoudingsge-neigdheid | 50.5 | 30.1 | 25.7 | 55.2 | 42.4 | 53.6 | 38.0 | 61.2 |
| Handelsmerk-vertroue | ** | 59.5 | 63.2 | 68.8 | 61.9 | 83.5 | 75.0 | 61.4 |
| Handelsmerk-relevansie | 47.7 | 50.7 | 45.7 | 64.0 | 57.3 | 66.7 | 73.1 | 62.3 |
| **Gedrag** | | | | | | | | |
| Oorskakelings-koste | 57.0 | 34.5 | 38.7 | 56.1 | 49.8 | 53.6 | 48.7 | 55.2 |
| Herhaalde aan-kope | 53.2 | 54.5 | 50.1 | 64.7 | 57.4 | 55.3 | 69.7 | 61.1 |
| Betrokkenheid | 56.3 | 38.9 | 43.3 | 62.8 | 47.9 | 56.6 | 56.6 | 54.6 |
| Handelsmerk-prestasie | 54.7 | 37.4 | 46.2 | 66.3 | *** | *** | 51.9 | 56.7 |
| **Ander** | | | | | | | | |
| Kliënt-tevreden-heid | 67.3 | 47.3 | 57.9 | 70.2 | 43.5 | *** | 59.6 | 47.2 |
| Waargenome waarde | 50.0 | 36.3 | 41.4 | 61.7 | 42.7 | 69.4 | 48.9 | 67.9 |

Tabel 4 toon dat twee houdingsvoorvereistes, handelsmerk-invloed en handelsmerkvertroue, en een gedragsantesedent, herhalende aankope, algemeen in die industrieë voorkom. Hierdie antesedente presteer voortdurend goed en verklaar 'n bevredigende afwyking ($\sigma \geq 50\%$) (Field 2017:810). Die konsekwentheid van al die ander antesedente in die verskillende industrieë presteer middelmatig tot swak as dit vergelyk word met die ander studies. Elkeen van hulle misluk in een of meer bedrywe en toon nie hoë vlakke van belang in die bedrywe nie. Hierdie antesedente kan dus nie veralgemeen word na ander bedrywe nie. Dit is egter belangrik vir die spesifieke bedrywe waar hulle hoër vlakke van belang toon. Daarom word dit beskou as die industrie-spesifieke antesedente van handelsmerklojaliteit. Nie een van die "ander drywers" was konstant in die ontleding van die nywerhede nie.

In die twee gevalle waar meer as een studie in dieselfde industrie (geneeskunde en landbou) gedoen is, bestaan daar 'n mate van konsekwentheid tussen die antesedente. Vir die groot-handelsmedisyne-industrie is die twee houdingsantesedente, handelsmerk-invloed en


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a10

handelsmerkvertroue, en die een gedragsantesedent, herhalende aankope, die algemeenste antesedent. Vir die landboubedryf is vier van die gesindheidsantesedente, toewyding, handelsmerk-relevansie, handelsmerk-invloed, en handelsmerkvertroue, en een gedragsantesedent, herhalende aankope, wat as algemene voorouers van handelsmerklojaliteit verskyn het.

## AANVAARDING/VERWERPING VAN HIPOTESES

***$H_0$: Handelsmerklojaliteit kan nie toegepas word om handelsmerklojaliteit in alle industrieë te meet nie.***

Die hipotese word verwerp. Die ontleding het duidelik getoon dat die model handelsmerklojaliteit in 'n aantal bedrywe meet

***$H_1$: Die handelsmerklojaliteitmodel kan handelsmerklojaliteit in alle industrieë meet.***

Die hipotese word gedeeltelik aanvaar. Die model kan handelsmerklojaliteit in alle industrieë meet, maar die antesedente het 'n groot verskil in belang tussen die verskillende bedrywe getoon. Daar is ook antesedente wat industrie-spesifieke eienskappe toon.

***$H_2$: Sommige antesedente met handelsmerklojaliteit kom gereeld voor en dit kan gebruik word om handelsmerklojaliteit in alle industrieë te meet.***

Die hipotese word aanvaar. Die antesedente, handelsmerk-invloed, herhaling van aankope, en handelsmerkvertroue is algemene antesedente omdat dit voortdurend goed presteer, wat 'n bevredigende afwyking ($\sigma \geq 50\%$) in alle bedrywe verklaar.

***$H_3$: Sommige antesedente van die handelsmerklojaliteit is industrie-spesifiek en kan nie gebruik word om handelsmerklojaliteit in alle industrieë te meet nie.***

Die hipotese word aanvaar. Die meerderheid van die antesedente is industrie-spesifiek. Landbou het nog twee antesedente (verbintenis en handelsmerk-relevansie) wat industrie-spesifieke eienskappe toon.

## OPSOMMING

Hierdie studie het ten doel gehad om te bepaal of die model om handelsmerklojaliteit te meet in alle industrieë geoperasionaliseer kan word. Gevolglik het dit 'n aantal uiteenlopende studies vergelyk wat die spesifieke model gebruik om handelsmerklojaliteit te meet onder 'n verskeidenheid verskillende kliënte en nywerhede. Vanuit die resultate is dit duidelik dat die model nie gereed is om geoperasionaliseer te word nie. Die bedrywe is net te uiteenlopend en die ontleding het aan die lig gebring dat antesedente wat in een industrie as belangrik beskou word, nie as belangrik in 'n ander industrie beskou word nie. Die model kon daarin slaag om drie algemene antesedente te identifiseer wat relevant is vir al die getoetste bedrywe. Die ander antesedente word nie as algemeen geag nie en het bedryfspesifieke eienskappe.

Dit is ook opmerklik dat kliënte en nywerhede deur landspesifieke faktore beïnvloed kan word. Dit is nie spesifiek in hierdie studie getoets nie, maar gebruikers van die model moet hierdie moontlikheid oorweeg wanneer hulle die model buite die Republiek van Suid-Afrika toepas.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a10

## BIBLIOGRAFIE


Aaker, D.A. 1991. *Managing brand equity.* New York, NY: Free Press.

Aaker, D.A. 1996. *Building strong brands*. New York, NY: Free Press.

American Marketing Association (AMA). 2019. *Defining brand loyalty*. https://www.ama.org/ [10 October 2019].

Ami, D., Favi, R.S. & Muda, I. 2018. The Internet marketing effect on the customer loyalty level with brand awareness as intervening variables. *International Journal of Civil Engineering and Technology*, 9(9):681-695, September.

Bandyopadhyay, S. & Martell, M. 2007. Does attitudinal loyalty influence behavioral loyalty? A theoretical and empirical study. *Journal of Retailing and Consumer Services*, 14(1):35-44, January.

Basson, S. 2014. *Measuring the effect of loyalty programmes on a leading pet food brand*. Potchefstroom: North-West University.

Bennett, R.B. 2001. *A study of brand loyalty in the business-to-business services sector*. Gold Coast: University of Queensland.

Bisschoff, C.A. & Bester, C. 2018. *The influence of brand loyalty and nutrition in soft drink consumption of South African children*. New Orleans, LA: Academy of Marketing Science.

Bisschoff, C.A. & Moolla, A.I. 2015. 'n Vereenvoudigde model om handelsmerklojaliteit te meet. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 55(4):525-534.

Bloemer, J. & Kasper, H.D.P. 1995. The complex relationship between consumer satisfaction and brand loyalty. *Journal of Economic Psychology*, 16:311-329.

Bloemer, J., de Ruyter, K. & Wetzels, M. 1999. Linking perceived service quality and service loyalty: a multidimensional perspective. *European Journal of Marketing,* 33(11/12):102-106.

Bowden, J.L., Dagger, T.S. & Elliott, G. 2013. Engaging customers for loyalty in the restaurant industry: the role of satisfaction, trust, and delight. *Journal of Foodservice Business Research*, 16(1):52-75.

Chaudhuri, A. & Holbrook, M.B. 2001. The chain of effects from brand trust and brand affect to brand performance: the role of brand loyalty. *Journal of Marketing*, 65(2):141-149.

Cortina, J.M. 1993. What is coefficient alpha? *Journal of Applied Psychology,* 78(1):98-104.

Cunningham, R.M. 1956. Brand loyalty – what, where, how much? *Harvard Business Review*, 34(1):116-128.

Day, G.S. 1969. A Two-dimensional Concept of Brand Loyalty. *Journal of Advertising Research*, 9(3):29-35.

Delgado, E. & Munuera-Aleman, J-L. 2001. Brand Trust in the Context of Consumer Loyalty. *European Journal of Marketing*, 35(11/12):1238-1258.

Dick, A.S. & Basu, K. 1994. Customer loyalty: toward an integrated conceptual framework. *Journal of the Academy of Marketing Science*, 22(2):99-113.

Du Plooy, H. 2012. *Measuring Brand Loyalty in the Pharmaceutical Industry of South Africa*. Potchefstroom: North-West University.

Field, A. 2017. *Discovering statistics using IBM SPSS.* (5th ed.). London: Sage.

Fisher, M., Völker, F. & Sadler, H. 2010. How important are brands? A cross-category, cross-country study. *Journal of Marketing Research*, 47(5):823-839.

Fullerton, G. 2005. The impact of brand commitment on loyalty to retail service brands. *Canadian journal of administrative sciences,* 22(2):97-110.

Giddens, H. 2002. Brand Loyalty. *Ag Decision Maker*, C5:54

Guest, L. 1944. A study of brand loyalty. *Journal of Applied Psychology,* 28(1):16-27.

Jacoby, J. 1971. A model of multi-brand loyalty. *Journal of Advertising Research*, 11(3):25-31.

Jacoby, J. & Chestnut, R. 1978. *Brand loyalty: Measurement and Management*. New York, NY: Wiley.

Jacoby, J. & Kyner, D.B. 1973. Brand loyalty vs repeat purchase behaviour. *Journal of Marketing Research,* 10:1-9.

Kim, J., Morris, J.D. & Swait, J. 2008. Antecedents of true brand loyalty. *Journal of advertising,* 37(2):99-117.

Kotler, P. & Armstrong, G. 2015. *Principles of Marketing*. (14th ed.). Upper Saddle River, NJ: Pearson.

Minitab. 2020. Enough is enough! Handling multicollinearity in regression analysis. http://www.blog.minitab.com [1 April 2020].

Molinari, L.K., Abratt, R. & Dion, P. 2008. Satisfaction, quality and value and effects on repurchase and positive word-of-mouth behavioural intentions in a B2B services context. *Journal of Services and Marketing,* 22(5):363-373.

Moolla, A.I. 2010. *A conceptual framework to measure brand loyalty*. Potchefstroom: North-West University.

Moolla, A.I. & Bisschoff, C.A. 2012a. Empirical evaluation of a model that measures the brand loyalty of fast-moving goods. *Journal of social sciences*, 32(3):341-355.

Moolla, A.I. & Bisschoff, C.A. 2012b. Validating a model to measure the brand loyalty of fast-moving consumer goods. *Journal of social sciences*, 31(2:101-115).

Moore, C.M., Fernie, J. & Burt, S. 2008. Brands without Boundaries. *European Journal of Marketing*, 34(8):919-937.

Moorman, C., Zaltman, G. & Deshpande, R. 1992. Relationships between providers and users of market research: the dynamics of trust within and between organizations. *Journal of marketing research,* 29(3):314-328.

Musa, R. 2005. *A proposed conceptual framework of satisfaction – attitudinal loyalty – behavioural loyalty chain: exploring the moderating effect of trust*. London: UWA.

Myanmar. 2018. *Factors affecting brand loyalty*. Yangon: Myanmar Imperial College.

Narayandas, D. 1999. Measuring and managing the benefits of customer retention. *Journal of Service Research*, 1(2):108-128.

Nielsen Report. 2019. *Total consumer report*. https://www.nielsen.com/us/en/insights/report/2019/total-consumer-report-2019/ [7 October 2019].

Oliver, R.L. 1999. Whence customer loyalty? *Journal of Marketing*, 63(5):33-44.

Ong, C.H., Lee, H.W. & Ramayah, T. 2018. Impact of brand experience of loyalty. *Journal of Hospitality Marketing and Management*, 27(5):487-513.

Punniyamoorthy, M. & Raj, P.M. 2007. An empirical model for brand loyalty measurement. *Journal of Targeting, Measurement and Analysis for Marketing*, 15(4):222-233.

Rather, R.A. 2018. Investigating the impact of customer brand identification on hospitality brand loyalty: a social identity perspective. *Journal of Hospitality Marketing and Management*, 27(5):487-513.

Reichheld, F.F. 2003. The one number you need to grow. *Harvard Business Review*, 73(6):88-99.

Sahin, A., Cemal, Z & Hakan K. 2011. The effects of brand experiences, trust and satisfaction on building brand loyalty: an empirical research on global brands. *Procedia Social and Behavioral Sciences*, 24:1288-1301.

Salim, S.F. 2012. *Evaluation of brand loyalty of bank clients in South Africa*. Potchefstroom: North-West University.

Schijins, J.M.C. 2003. Loyalty and satisfaction in physical and remote service encounters. *Bedrijfskunde*, 74(1):57-65.

Schmullian, M. 2018. *Measuring the brand loyalty of KwaZulu-Natal consumers towards their chicken brands*. Potchefstroom: North- West University.

Statisticshowto. 2020. Tolerance statistics. http://www.Statisticshowto.com [1 April 2020].

Steward, L. 2010. *Difference between brand and branding*. http://indiecreatives.com/index.php/2010/11/02/do-you-know-the-difference-between-brand-vs-branding [10 April 2019].

Van den Heever, Q. 2014. *An assessment of a business to business brand loyalty environment in the South African paint industry.* Potchefstroom: North-West University.

Van der Westhuizen, L.M. 2018. Brand loyalty: exploring self-brand connection and brand experience. *Journal of Product and Brand Management*, 27(2):172-184.

Yasin, M. & Amjad Shamim, M. 2013. Brand love: mediating role in purchase intentions and word of mouth. *Journal of Business and Management*, *7*(2):101-109.

Yu, Y. & Dean, A. 2001. The contribution of emotional satisfaction to consumer loyalty. *International Journal of Service Industry Management*, 12(3):234-50.

Zeithaml, V.A., Berry, L.L. & Parasuraman, P.A. 1996. The behavioural consequences of service quality. *Journal of Marketing,* 60(2):31-46.

# Putnam se gebrekkige modellering van sy brein-in-'n-houer-denkeksperiment

***Putnam's flawed modelling in his brain-in-a-vat thought experiment***

**Hennie Lötter**
Departement Filosofie
Universiteit van Johannesburg
Johannesburg
Suid-Afrika
E-pos: hpplotter@uj.ac.za



Hennie Lötter

**HPP (Hennie) Lötter** staan steeds in sy eerste beroep as dosent in Filosofie aan die Universiteit van Johannesburg, waar hy in 1985 by die voorgangerinstelling, die Randse Afrikaanse Universiteit, aangestel is. Hy leef steeds sy passie uit, naamlik om onderrig te gee, en navorsing te doen, in filosofie. Hy het vier boeke gepubliseer, met titels soos, *Justice for an Unjust Society* in 1989, *Injustice, Violence, and Peace: The Case of South Africa* in 1997, *When I needed a Neighbour were you there? Christians and the Challenge of Poverty* in 2008, en *Poverty, Ethics, and Justice* in 2011.

Hy het tot dusver 39 geakkrediteerde artikels gepubliseer, 7 boekhoofstukke, 3 artikels in nie-akkrediteerde tydskrifte en 9 artikels in nuusmedia, waaronder in *Beeld, The Star* en een in *Newsweek International*. Sy publikasies handel hoofsaaklik oor onderwerpe soos geregtigheid, armoede en wetenskap.

**HPP (Hennie) Lötter** still teaches philosophy at the University of Johannesburg, after orginally having been appointed at the then Randse Afrikaanse Universiteit in 1985. He still lives his passion, i.e. teaching and doing research in philosophy. To date he has published four books, entitled *Justice for an Unjust Society* in 1989, *Injustice, Violence, and Peace: The Case of South Africa* in 1997, *When I needed a Neighbour were you there? Christians and the Challenge of Poverty* in 2008, and *Poverty, Ethics, and Justice* in 2011.

In addition, he has thus far published 39 accredited articles, 7 book chapters, 3 articles in non-accredited journals, and 9 newspaper articles, in inter alia, *Beeld, The Star* and *Newsweek International*. His publications deal mainly with topics such as justice, poverty, and science.

**Datums:**
Ontvang: 2020-03-10 Goedgekeur: 2020-11-03 Gepubliseer: Desember 2020


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a11

**ABSTRACT**

***Putnam's flawed modelling in his brain-in-a-vat thought experiment***

*Could it be that the debate about Putnam's famous brain-in-a-vat (BIV) thought experiment has not yet reached an end? Is it possible that someone could still say something new about such a stunning philosophical essay that had a major impact across different philosophical fields? In a recent collection of fourteen essays, focussing exclusively on Putnam's BIV essay, Gila Sher raises a "new question" about Putnam's BIV thought experiment, endorsed by the editor (Sandberg 2016: 16), but without offering an answer. She asks: "Given that it is possible that BIVs exist, is it possible that under certain conditions they will have some genuine knowledge of the world, and if so, what kind of knowledge and under what conditions?" (Sher 2016: 208)*

*In this essay, I offer an answer to this question. I do so in the following way. I first explain the two main issues driving Putnam's brain-in-a-vat thought experiment. I set out the challenge of philosophical scepticism and then I explain what Putnam's theory of semantic externalism involves. His theory of semantic externalism informs the way that he intends to resolve the philosophical issue of scepticism. Putnam targets one premise of philosophical scepticism, i.e. that if we were brains in a vat, then we would not be able to distinguish between [i] our experiences of ourselves and our own situation in our world and [ii] what our situation would have been like if we were living as brains in vat. I next show how Putnam constructs the challenge that the BIV thought experiment offers. Putnam uses his theory of semantic externalism, coupled with a very specific design of the brain in a vat thought experiment, to argue that brains in a vat cannot make a meaningful, referential claim that they are brains in a vat, as their language does not refer to any objects in the real world, or the brain-in-a-vat world.*

*I demonstrate (i) how he makes a core assumption about the exclusive role of sensory observation in developing his BIV thought experiment and (ii) how I intend to challenge that assumption. Putnam assumes that the human mind has "no access to external things or properties apart from that provided by the senses" (Putnam 1981:16). This assumption is crucial for Putnam's definition of the lack of access that BIVs have to an extra-linguistic reality, as they possess no senses. However, note what Putnam does. He equates access to an extra-linguistic reality to getting to know "external things and properties" through our five senses. My claim is that Putnam works with a restricted, uncritical assumption about the sensory capacities of human brains. He assumes we have five senses that give us perceptions about phenomena, events, processes, and occurrences that come from outside ourselves, i.e. from outside our minds, brains, and bodies. He ignores perceptions and experiences that are generated within our bodies and brains, and registered and recorded by organs other than the traditional five sense organs. This omission is the cause of a flawed imaginary thought experiment that distorts it and disrupts the success of the conclusions he draws from his BIV thought experiment, or so I argue. I claim that equating extra-linguistic reality with "external things and properties" is mistaken. If I am correct, then Putnam cannot reasonably conclude that "there is no basis at all for regarding the brain in a vat as referring to external things" (Putnam 1981:14). If my claim is true, Putnam's argument against scepticism suffers a blow and the spectre of sceptical doubt comes alive again, i.e. whether we ourselves are brains in a vat – as it seems logically possible that we might be BIVs.*

*I next analyse the philosophical style of his BIV thought experiment to find a criterion embedded in this style for judging the appropriateness of his BIV thought experiment. I use literature on models and thought experiments to determine what the criteria for adequate, appropriate modelling are. Thereafter I examine the style of philosophy he uses, as the result of this examination of his philosophical style offers criteria for the evaluation of the BIV*



doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a11

*thought experiment. Then I show how he constructs his argument to prepare the ground for the introduction of the BIV thought experiment. The examination of the style and build-up of the BIV essay will enable me to pinpoint the flaw in his overall argument.*

*I demonstrate how the BIV essay is mainly constructed to address his claims about semantic externalism, and as a consequence of making that point, Putnam then applies it to the problem of scepticism. I show how Putnam modifies the brain-in-vat thought experiment to make it a stronger challenge in terms of scepticism. Putnam constructs a possible world for his brains in a vat (BIVs) to demonstrate that they cannot ever say that they are brains in a vat, as their language never acquires referential functions due to its lack of contact with an extra-linguistic reality. If they were to say: "We are brains in a vat", that proposition would be self-refuting (Putnam 1981:7-8).*

*Based on the results of the sections above, I pinpoint the shortcoming in his argument against scepticism. The shortcoming is his inadequate modelling of the brains in a vat. I then challenge the BIV thought experiment by demonstrating that BIVs have the capacity to outsmart the automatic machinery (his super-computer), given the qualities that humans possess and that Putnam should have properly embedded and activated in the BIV thought experiment. In particular, I demonstrate why BIVs can be thought to have a meaningful language, one sufficiently meaningful for Putnam to be able to have a phone conversation with them. Next, I demonstrate the possibility that their meaningful language has the potential to acquire reference. I illustrate how such acquisition of referential functions might plausibly occur. Once those possibilities have been shown, I argue that Putnam's modelling of the human brain is inadequate, as he has neglected to embed core features of human brain functioning in his modelling of the brains in a vat. I use knowledge of the functioning of human brains to support these arguments. I finally discuss the implications of my demonstration of the shortcomings of Putnam's construction of the BIV thought experiment. These implications point to the fact that humans, properly modelled, are much smarter than Putnam demonstrates through his BIV thought experiment. I claim that as humans, we might possess the requisite intellectual capacities to identify ourselves accurately as brains in a vat – and to express that knowledge in meaningful, referential language. In this way, humans are smart enough to reject one of the premises of the sceptical argument, i.e. that we cannot distinguish (i) our knowledge of ourselves, our specific situation and our current circumstances from (ii) the knowledge we would have had of ourselves, our specific situation, and our current circumstances, if we were brains-in-a-vat.*

**KEYWORDS:** Putnam, brain-in-a-vat, skepticism, thought-experiment, modelling, semantic externalism, reference

**TREFWOORDE:** Putnam, brein-in-'n-houer,[1] skeptisisme, denkeksperiment, modellering, semantiese eksternalisme, verwysing

1 In hierdie artikel word die term "houer" gebruik in teenstelling tot die Nederlandse "brein-in-'n-vat", wat ooreenstem met die Engelse "brain-in-a-vat". "Vat" in Afrikaans word geassosieer met 'n groot houer van hout, waarin onder meer wyn geberg word, terwyl dit hier gaan om "breine" wat in laboratoriums gewoonlik in (glas)houers geberg sal word.

## OPSOMMING

Hilary Putnam gebruik die “brein-in-’n-houer”-denkeksperiment om die voorwaardes van verwysing (referensie) deur middel van taal te ondersoek. Hy bou ’n moontlike wêreld vir sy brein-in-’n-houer (BIH) om te demonstreer dat sulke breine nooit self deur middel van taal sal kan aandui dat hulle breine-in-’n-houer is nie. Die rede hiervoor is dat die taal van so ’n brein nooit die vermoë om te verwys ontwikkel nie, omrede die taal van die brein-in-’n-houer nooit kontak maak met ’n buitetalige werklikheid nie. Putnam maak die teoretiese aanname dat die menslike verstand geen toegang het tot ’n buitetalige werklikheid nie, buiten die toegang wat ons sintuie verskaf. Ek redeneer dat Putnam foutiewelik die buitetalige werklikheid gelykstel aan dit waartoe ons tradisionele vyf sintuie ons toegang gee. As hierdie stelling korrek is, dan is Putnam se modellering van die menslike verstand/brein onakkuraat, aangesien hy nalaat om kerneienskappe van die funksionering van die menslike brein in te sluit in sy brein-in-’n-houer-denkeksperiment. Hierdie bevinding impliseer dat mense, korrek gemodelleer, baie sterker kwaliteite besit as wat Putnam in sy BIH-denkeksperiment ten toon stel.


## I

Kan dit wees dat die debat rondom Hilary Putnam se beroemde brein-in-’n-houer-denkeksperiment nog nie sy einde bereik het nie? Is dit moontlik dat iemand steeds iets nuuts kan sê oor so ’n briljante filosofie-artikel wat so ’n groot impak op verskillende velde in filosofie gehad het? In ’n onlangse versameling van veertien artikels wat eksklusief fokus op Putnam se BIH-artikel, vra Gila Sher ’n “nuwe vraag”, onderskryf deur die redakteur (sien Sandberg 2016:16), oor Putnam se brein-in-’n-houer-denkeksperiment, sonder om ’n antwoord te verskaf. Sy vra (Sher 2016:208, vrylik vertaal): “Gegee dat dit moontlik is dat ’n brein in ’n houer sou kon bestaan, is dit moontlik dat onder gegewe omstandighede dergelike breine egte kennis van hul wêreld kan verwerf, en indien wel, watter soort kennis en onder watter voorwaardes”?

In hierdie opstel antwoord ek haar vraag op die volgende manier: Ek verduidelik eerstens hoe Putnam die uitdaging uiteensit wat die BIH-denkeksperiment bied. Ek demonstreer watter kernaanname hy maak in die ontwikkeling van sy denkeksperiment en ek dui aan hoe ek beplan om daardie aanname uit te daag. Daarna ontleed ek tweedens die filosofiese styl van sy BIH-denkeksperiment om ’n maatstaf te vind, wat ingebed is in hierdie styl, wat ek kan gebruik om die gepastheid van sy eksperiment te beoordeel. Dan demonstreer ek derdens hoe Putnam se brein-in-’n-houer-artikel in hoofsaak opgestel is om sy teorie van semantiese eksternalisme te verdedig en dat hy dan eers as gevolg van daardie verdediging die denkeksperiment op skeptisisme toepas. Gebaseer op die uitkoms van die afdelings hier bo, kan ek vierdens die tekortkoming in sy argument teen skeptisisme presies blootlê.

Ek volg hierna ’n effense ander roete om die BIH-denkeksperiment te bevraagteken. Ek demonstreer vyfdens dat sodanige brein in ’n houer die vermoë het om die sogenaamde outomatiese masjinerie in Putnam se brein-in-’n-houer-denkeksperiment te uitoorlê. Dit is inderdaad moontlik, gegee die eienskappe wat mense het wat Putnam gepas in sy modellering van die BIH-denkeksperiment moes ingebed het – maar nie gedoen het nie. Meer spesifiek, ek demonstreer sesdens waarom die brein-in-’n-houer betekenisvolle taalgebruik kan ontwikkel, wat impliseer dat Putnam ’n telefoongesprek met so ’n brein sou kon voer. Hierna redeneer ek, in die sewende plek, dat dit moontlik is dat hulle betekenisvolle taal dan ook die potensiaal het om na die buitetalige werklikheid te kan verwys. Ek illustreer daarna hoe sodanige verwerwing van betekenis en verwysingsfunksies (referensiële funksies) op ’n geloofwaardige


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a11

wyse kan plaasvind. Met hierdie stap ondermyn ek Putnam se argument dat die breine in ’n houer se taal onvoldoende is om te kan sê, “Ek is ’n brein-in-’n-houer”.

As hierdie moontlikhede uitgewys is, redeneer ek laastens dat Putnam se modellering van die menslike brein onvoldoende is, omdat hy nagelaat het om kerneienskappe van menslike breinfunksionering in te bou in sy denkeksperiment van die brein-in-’n-houer. Ek sluit af met ’n bespreking van die implikasies van die tekortkominge wat ek uitwys in Putnam se modellering van die BIH-denkeksperiment. Hierdie implikasies toon aan dat wanneer menslike breine behoorlik en gepas gemodelleer word, hulle baie slimmer is en sterker kwaliteite besit as wat Putnam in sy denkeksperiment ten toon stel.

## II

Putnam se BIH-denkeksperiment is deels ’n poging om die filosofiese probleem van skeptisisme te beantwoord. Dit is ook deels sy manier om sy teorie oor die betekenis en verwysing van taal te demonstreer. Hy noem hierdie teorie semantiese eksternalisme. My bespreking van Putnam se modellering van die BIH-denkeksperiment sal baie duideliker wees as ek eers kortliks hierdie twee agtergronde van sy denkeksperiment uiteensit.[2]

Die algemene vorm van die probleem van skeptisisme in filosofie is soos volg. ’n Skeptikus betwyfel dat ons kennis van onsself, ons alledaagse situasie en ons normale omstandighede betroubaar is. Skeptici reken dat hierdie kennis van ons eerder vals is. Hulle beweer dus dat ons nie die proposisies behoort te aanvaar wat ons kennis oor ons alledaagse lewe uitdruk nie. My kennis van die feit dat ek nou hier voor my rekenaar sit en tik aan my artikel kan byvoorbeeld vals wees, ek weet dus nie hoe om die waarheid daarvan te bepaal nie.

Die toets om te bepaal of ons hierdie soort skeptisisme moet aanvaar, neem dikwels die volgende vorm aan. Die skeptikus beskryf ’n veronderstelde, verbeelde logies moontlike scenario waarin ons geesteslewe en ons kennis van ons omstandighede presies dieselfde is as wat dit in werklikheid deur die feite van ons alledaagse lewe weerspieël word. Ons kennis van ons geesteslewe en ons kennis van ons omstandighede in die verbeelde, veronderstelde scenario het egter ander oorsake as wat dit in ons werklike, feitelike lewe het. Die probleem is daarom dat ons op geen manier self kan onderskei of ons in die werklike wêreld leef, of in die verbeelde, veronderstelde scenariowêreld nie. As ons nie betroubaar kan onderskei tussen, en dus kennis kan verwerf van, die twee verskillende wêrelde wat dieselfde geesteslewe en kennis van ons omstandighede tot gevolg het nie, dan ken ons nie waarlik ons wêreld en ons eie geesteslewe nie.

In die geval van Putnam se brein-in-’n-houer, modelleer hy hierdie skeptiese probleem soos volg. Die breine in ’n houer het presies dieselfde sintuiglike waarnemings as ons en glo hulle sien presies dieselfde wêreld as wat ons sien. Hulle is oortuig hulle leef – soos ons – in dieselfde wêreld as die een waarin ons leef. Die redes waarom hulle so dink is nie gebaseer op sintuiglike indrukke wat van ons wêreld afkomstig is nie. Hulle oortuiging dat hul oor liggame beskik, kom ook nie van hul liggame af nie, aangesien hulle geen liggame het nie. Al hulle sintuiglike indrukke oor die wêreld buite hulself is toe te skryf aan ’n sogenaamde super-rekenaar (Putnam verwys ook dikwels daarna as “outomatiese masjinerie”). As hulle

[2] In hierdie uiteensetting van die twee agtergronde tot Putnam se denkeksperiment, steun ek veral op die volgende bronne: Hickey (2020), Pritchard (2020), Comesaña & Klein (2019), Lau & Deutsch (2019), McKinsey (2018), Luper (2011) en Brueckner (2011).


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a11

dus so verkeerd kan wees oor hul werklike situasie, dan mag ons ook heeltemal verkeerd wees oor al die kennis wat ons elke dag oor onsself en ons wêreld as vanselfsprekend aanvaar.

Putnam wil hierdie skeptiese gevolgtrekking weerlê deur aan te toon dat die breine-in-’n-houer nie betekenisvol kan praat oor hul toestand nie. ’n Mens kan die argument ten gunste van skeptisisme wat Putnam wil weerlê, soos volg formuleer:

1. As ek my menswees, alledaagse omstandighede en spesifieke situasie ken, dan sal ek weet dat ek nie ’n brein in ’n houer is nie.
2. Ek weet nie dat ek nie ’n brein in ’n houer is nie.
3. Dus, dan ken ek nie my menswees, alledaagse omstandighede en spesifieke situasie nie.

Putnam wil hierdie argument weerlê deur te wys dat stelling 2 onmoontlik is. Hy wil aantoon dat ons nie breine in ’n houer is nie, omdat sou ons breine in ’n houer wees, dan sou ons op geen manier self in taal die stelling kon maak dat ons breine in ’n houer is nie.

’n Alternatiewe manier om die argument te formuleer wat Putnam wil weerlê, is soos volg:

4. Ek is nou ’n brein-in-’n-houer, volgens Putnam se modellering, in sy moontlike brein-in-’n-houer-wêreld.
5. Vir my om nou ’n brein-in-’n-houer in Putnam se brein-in-’n-houer-wêreld te wees, is volledig in stryd met my eie oortuigings (kennis) rakende my eie spesifieke situasie, my alledaagse omstandighede en al my kennis oor myself.
6. En tog, my ervarings as ’n brein-in-’n-houer in Putnam se brein-in-’n-houer-wêreld is dieselfde as wat my oortuigings aandui my ervarings is rakende myself, my eie spesifieke situasie en my alledaagse omstandighede. My kennis van myself in my werklike wêreld is dus ononderskeibaar van my ervaring as ’n brein-in-’n-houer.

Putnam poog om hierdie argument ten gunste van skeptisisme te weerlê deur stelling (4) hier bo af te wys. Hy wil aantoon dat as ek nou ’n brein in ’n houer was, ek dit nie op enige sinvolle manier sou kon uitdruk nie. Die rede daarvoor is dat die taal tot die beskikking van breine in ’n houer nie oor dieselfde betekenis en verwysing beskik as wat ons taal in ons normale wêreld het nie. Om hierdie teenargument wat Putnam teen skeptisisme opstel te verstaan, moet ’n mens verstaan wat sy teorie met die naam “semantiese eksternalisme” behels.

Putnam se semantiese eksternalisme is ’n teorie oor hoe woorde (terme of begrippe) betekenis en verwysing verwerf. Volgens hierdie teorie verkry woorde betekenis en verwysing as daar ’n oorsaaklike verband is tussen ’n spesifieke woord en ’n voorwerp, persoon, gebeure, of proses in die wêreld. Proposisies, wat stellings maak oor stande van sake, ofte wel feite, verkry hul betekenis en verwysing op soortgelyke wyse deur middel van sulke woorde wat reeds betekenis en verwysing verwerf het.

Vir Putnam beteken dit dat die betekenis en verwysing van woorde (terme, begrippe) wat handel oor dinge, gebeure, mense, of prosesse bepaal word deur faktore buite ons menslike bewussyn. Byvoorbeeld, die woord “boom” het betekenis en verwys na iets buite my bewussyn omdat die woord gemunt is in direkte verhouding tot ’n werklike voorwerp wat bestaan buite ons bewussyn. Om hierdie rede gee my woord “boom” ’n voorstelling van ’n spesifieke voorwerp en verwys die woord dus ook na daardie spesifieke voorwerp.

In ’n neutedop, Putnam gebruik hierdie teorie, genoem semantiese eksternalisme, soos volg om die skeptiese uitdaging deur middel van sy brein-in-’n-houer-modellering die hoof te bied. As ’n brein in ’n houer die sin, “Ek is ’n brein in ’n houer” uitspreek, maak hierdie


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a11

stelling geen sin nie. Die woorde wat die brein in ’n houer gebruik, staan in geen oorsaaklike verhouding tot werklike breine of houers in ons wêreld nie. Die betekenis en verwysing van die brein in ’n houer se woorde staan in oorsaaklike verhouding tot die ervarings wat die super-rekenaar in die brein in ’n houer se bewussyn stimuleer. Beide die betekenis en verwysing van die brein in ’n houer se woorde “brein” en “houer” het dus geen oorsaaklike verband met breine en houers in ons wêreld nie. Hul oorsaaklike verband is met die elektriese impulse wat die super-rekenaar aan die breine in Putnam se houer verskaf. Hulle stelling dat hulle self breine in houers is, is daarom sonder betekenis en verwys dus ook nie na hulle werklike omstandighede en hulle spesifieke situasie nie.

Met hierdie agtergrond van Putnam se modellering van sy brein-in-’n-houer-denkeksperiment in gedagte, kan ons vervolgens in detail kyk om watter redes beide Putnam se argument teen skeptisisme en sy modellering van die brein in ’n houer te kort skiet.

Putnam benut sy weergawe van die beroemde BIH-denkeksperiment in sy ondersoek na “die voorwaardes van verwysing (referensie) en dus van denke” (Putnam 1981:16). Hy stel ’n moontlike wêreld op vir sy brein-in-’n-houer om te demonstreer dat so ’n “brein” nooit sou kon sê dat hy of sy ’n brein in ’n houer is nie. Die rede daarvoor is dat die “breine-in-’n-houer” se taal nooit verwysingsfunksies sal verkry nie, vanweë die feit dat hierdie taal nooit kontak met ’n buitetalige werklikheid het nie. As ’n brein in ’n houer sou sê, “Ek is ’n ‘brein-in-’n-houer’”, dan sou daardie stelling sigself weerlê (Putnam 1981:7-8). Putnam beskryf sy styl van redenering hier as a priori, in die sin dat hy aannames maak wat op ’n empiries gegronde teorie berus. Een van hierdie aannames is dat die menslike verstand “geen toegang het tot eksterne dinge of eienskappe nie, behalwe sodanige goed as wat deur die sintuie verskaf word” (Putnam 1981:16).[3]

Hierdie aanname is van kernbelang vir Putnam se beskrywing van die gebrek aan toegang wat die brein in ’n houer het tot ’n buitetalige werklikheid, aangesien die breine-in-’n-houer geen sintuie het nie. Let op wat Putnam hier doen. Hy stel toegang tot ’n buitetalige werklikheid daaraan gelyk om “uitwendige dinge en eienskappe” te leer ken deur ons vyf sintuie. Ek beweer dat Putnam hier met ’n beperkte, onkritiese aanname werk oor die sensoriese vermoëns van die menslike brein. Hy veronderstel dat ons vyf sintuie ons waarnemings bied oor verskynsels, gebeure, prosesse en handelinge wat van buite ons kom, dus van buite ons verstand, brein en liggaam. Hy ignoreer waarnemings wat gegenereer word binne ons liggame en ons brein, wat geregistreer word deur organe anders as die tradisionele vyf sintuiglike organe wat hier bo genoem is. Voorbeelde hiervan is ons vermoë om ons eie breinaktiwiteit te monitor en die impak van spesifieke hormone te verreken.

Hierdie weglating is die oorsaak van ’n gebrekkige denkeksperiment wat die modellering van die menslike brein skeeftrek en die sukses van die gevolgtrekkings wat hy maak, ontwrig. Dis die argument wat ek teen hom maak. Ek verdedig in hierdie artikel die stelling dat dit foutief is om die buitetalige werklikheid gelyk te stel aan “eksterne dinge en eienskappe”. Heelwat van ons eie breinaktiwiteit val buite ons taal en kan dus ook as deel van die buitetalige werklikheid beskou word. As ek reg is, dan kan Putnam nie redelikerwys die gevolgtrekking maak dat “daar hoegenaamd geen basis is om te reken dat die ‘brein-in-’n-houer’ se taal na eksterne dinge verwys nie” (Putnam 1981:14). Indien ek reg is dat die taal van die breine in ’n houer heel moontlik betekenis en verwysing kan verwerf, dan is dit ’n groot slag vir Putnam se argument teen skeptisisme. Hy kan dan nie meer redeneer dat breine in ’n houer nie oor die taalvermoë beskik om te sê “Ek is ’n brein in ’n houer” nie. Sy argument teen skeptisisme verval dus. In daardie geval verrys die spook van skeptiese twyfel weer. Ons mag dalk self

[3] Tensy anders vermeld, is alle gevalle van vertalings binne aanhalings deur myself gedoen.

"breine-in-'n-houer" wees, as ons nie betroubaar kan onderskei dat ons alledaagse ervaring van onsself en ons wêreld verskil van die ervaring om 'n brein in 'n houer in Putnam se verbeelde scenario te wees nie.

III

Putnam noem sy brein-in-'n-houer-denkeksperiment 'n "wetenskapsfiksie-moontlikheid". In hierdie afdeling ontleed ek die filosofiese styl van sy artikel om 'n maatstaf te vind vir die beoordeling van die gepastheid van sy BIH-modellering. Wat is die vereistes vir hierdie soort verbeeldingryke denkkonstruksies om oortuigend aangewend te word om ons begrip van die ondersoekte verskynsels te verdiep? In wat volg, maak ek gebruik van literatuur oor modelle en denkeksperimente om hierdie soort scenario-georiënteerde denke te definieer en kriteria te bepaal vir die suksesvolle gebruik daarvan.

Modelle en denkeksperimente word gebruik in beide die wetenskap en filosofie.[4] Hulle funksioneer as epistemiese instrumente, dus hulle help ons om meer te leer oor die wêreld wanneer ander metodes van kennisverwerwing te kort skiet. Wetenskaplikes en filosowe ontwerp modelle en denkeksperimente deur middel van hul verbeelding om 'n beter begrip te vorm van spesifieke verskynsels, gebeure en die data wat daaroor beskikbaar is. Deur sodanige verbeeldingryke denkkonstruksies kan hulle verskynsels en gebeure ondersoek, verhelder en verklaar waartoe hulle nie andersins gemaklik toegang kan kry nie, of nie geredelik met ander metodes of middele kan ondersoek nie. Putnam bied 'n ryk stel van verbeeldingryke denkkonstruksies in sy artikel, van die mier en Churchill, die ape wat sonder intensie 'n diskoers op 'n tikmasjien uithamer, die masjien wat 'n gewysigde Turing-toets doen, en uiteindelik sy hersiene weergawe van die brein-in-'n-houer-denkeksperiment.[5] Ek gebruik die woord "denkeksperiment" in die sin van "die postulering of projeksie van 'n situasie of van 'n volgorde van moontlike toekomstige gebeure".

In die ontwerp van sodanige denkkonstruksies neem wetenskaplikes en filosowe alle eienskappe en elemente weg wat nie ter sake is vir die dinge wat ondersoek word nie. Hulle vereenvoudig dus doelbewus die saak wat hulle ondersoek om lig te laat skyn op faktore wat 'n verklarende rol kan speel. Hulle kan dus voorgee dat sekere scenario's volgens hul verbeelding moontlik is sonder dat hulle enige iemand kul. Die verbeelde scenario's kan egter slegs oortuigend wees as die analogieë tussen [i] hul geïdealiseerde weergawe van verskynsels en gebeure en [ii] die gebeure en verskynsels soos ons dit reeds ken, voldoende is. As ondersoekers aan hierdie vereiste voldoen, kan die uitkoms van hul ondersoek getuienis word wat in aangepaste vorm gebruik kan word om nuwe kennis of argumente oor die verskynsels en gebeure te ontwikkel. Om meer empiriese data en kennis by te voeg by so 'n afgeskaalde denkkonstruksie, veral van daardie elemente wat vantevore verwyder is, sal die gewig van die getuienis versterk wat hulle bied.

Dis nie alle verbeeldingryke denkkonstruksies wat slaag om dieper begrip te bied van die verskynsels en gebeure wat ondersoek word nie. Huemer (2016:1048) se waarskuwing dat

---

4 In die volgende gedeelte oor verbeeldingryke scenario's (denkeksperimente) voeg ek idees saam vanuit die volgende bronne: Bailer-Jones (2002), Chin (2011), Clatterbuck (2013), Frigg & Hartmann (2018), Godfrey-Smith, (2009), Huemer (2016), Jebeile & Kennedy (2015), Knuuttila (2011), Machery (2011), Teller (2012), Toon (2012) en Williamson (2017).

5 Die brein-in-'n-houer-denkeksperiment is vroeër reeds deur ander filosowe gebruik in 'n meer vereenvoudigde vorm. Sien, byvoorbeeld, Harrison se vroeë weergawe (1966-67:179-181) en Nozick se gebruik van 'n effens anders uitgewerkte een (1981:167-171).


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a11

sommige verbeeldingryke denkkonstruksies enige getuienis kan verklaar, is duidelik iets wat vermy moet word. Hy vergelyk Putnam se BIH-denkeksperiment met sogenaamde "God teorieë", aangesien beide hierdie soort teorieë versoenbaar is met alle getuienis, omdat "God dit so gemaak het", of omdat die wetenskaplikes dit so geprogrammeer het (die sg. outomatiese masjinerie of super-rekenaar waarvan Putnam praat). Dus, as enige iets versoenbaar is met 'n verbeeldingryke denkkonstruksie, "afgesien daarvan of ons ervaringe samehangend is of nie, en of voorwerpe konsekwente wette volg of nie", dan verloor die verbeeldingryke denkkonstruksies heelwat van hulle gefokusde verklarende waarde *(ibid*.).

Watter soort oorwegings kan verhoed dat die ontwerp van 'n verbeeldingryke denkkonstruksie so 'n lot te beurt val, naamlik om gefokusde verklarende waarde te verloor? Die literatuur oor modelle suggereer die volgende twee kriteria (sien voetnoot 4). Die een maatstaf is dat die ondersoeker die kerneienskappe van die ondersoekte verskynsels en gebeure in die verbeeldingryke denkkonstruksie moet inbou. Die ooreenkomste tussen (a) die verskynsels en gebeure in die wêreld en (b) die verskynsels en gebeure in die verbeeldingryke denkkonstruksie moet voldoende wees om behoorlik rekenskap te gee van die spesifieke eienskappe waarop gefokus word. Ondersoekers moet die tersaaklike aspekte van die nietersaaklike aspekte skei, om die eienskappe en elemente uit te sluit wat geen beslissende rol in die verskynsels of gebeure speel nie.

Die tweede maatstaf vir denkkonstruksies (verbeeldingryke scenario's) volg uit pogings om te bepaal of die eerste maatstaf vervul is. Ondersoekers moet die uitkomste van die verbeeldingryke denkkonstruksies vergelyk met die beskikbare data oor die verskynsels en gebeure wat ondersoek word. Die kwaliteit van die gevolgtrekkings wat gemaak word na aanleiding van verbeeldingryke denkkonstruksies sal dus afhang van die graad waartoe die belangrike, betekenisvolle eienskappe van die verskynsels en gebeure voldoende raakgevat is. Ondersoekers moet ook hierdie betekenisvolle eienskappe kan sien as ten volle toepaslik op die manifestasie van die verskynsels en gebeure wat hulle ondersoek. Indien wel, sal die uitkomste van hierdie ondersoeke nuwe betekenis gee aan die kennis wat reeds beskikbaar is oor die verskynsels en gebeure wat ondersoek word. Die kennis en data wat in die verbeeldingryke denkkonstruksies benut word, moet geloofwaardig verbind kan word met die kennis en data wat reeds beskikbaar is, as 'n mens nuwe betekenis daaraan wil gee, of betroubare nuwe afleidings wil maak.

Hoe pas mens hierdie kriteria van verbeeldingryke denkkonstruksies toe op Putnam se brein-in-'n-houer-denkeksperiment? Ek stel voor dat mens eers noukeurig let op hoe Putnam sy artikel ontwerp om 'n stel oorwegings in te bou wat sy konstruksie van die BIH-denkeksperiment moontlik maak. As mens dit gedoen het, kan sy denkeksperiment getoets word deur te kyk of hy kennis en data ingebou het wat gepas korrespondeer met die eienskappe en kenmerke van die werklike gebeure en verskynsels wat hy beplan om te ondersoek. Daarmee saam moet sy gebruik van die BIH-denkeksperiment in die breër konteks van sy oorhoofse argument in sy artikel geplaas en beoordeel word om die funksies daarvan volledig te kan verstaan. Dus, hoe is die brein-in-'n-houer-denkeksperiment ingebed in die breër argument wat hy aanbied? Wat is die kernaannames wat hy maak in daardie argument? Watter rol en funksies vervul die denkeksperiment in sy oorhoofse argument oor die verwysing van beide (a) woorde en (b) woorde wat saamgeweef word tot 'n diskoers? Hierdie vrae gaan vervolgens beantwoord word.

Ek toon eerstens aan dat Putnam se brein-in-'n-houer-artikel in hoofsaak daarop gerig is om sy teorie oor semantiese eksternalisme te beredeneer. Ek wys hoedat hy in die proses van hierdie teorie te beredeneer, die uitkoms daarvan op skeptisisme toepas deur middel van die


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a11

BIH-denkeksperiment. In die betrokke artikel ontwikkel Putnam ’n argument om te demonstreer dat daar geen noodsaaklike of magiese verbinding is tussen taal en die wêreld nie. Woorde – en ’n stel woorde verweef tot ’n diskoers – kan alleen verwys as die taalgebruikers kontak het met ’n buitetalige werklikheid. Daarby moet die taalgebruikers die intensie hê om woorde te gebruik om te verwys na die “uitwendige objekte” wat die gebruikers teëkom in hul omgang met die wêreld.

Hy open die argument in die artikel met die mier wat ’n onbedoelde “tekening” van Winston Churchill maak (Putnam 1981:3). Hierdie “tekening” verwys nie na Churchill nie, aangesien die mier geen kontak met Churchill gehad het, of die bedoeling gehad het om Churchill te teken nie. Deur hierdie voorbeeld hoop Putnam om die idee te ondermyn dat daar ’n noodsaaklike, magiese verbinding is tussen beelde of woorde (“representasies” of voorstellings) en die wêreld. As daar geen “oorsaaklike ketting is van werklike bome na die geestesbeeld” daarvan nie, dan is daar geen verwysing moontlik nie. In die volgende deel van Putnam se argument gebruik hy die denkeksperiment van ape wat lukraak letters tik oor duisende jare, wat dan op een of ander manier ’n diskoers op papier tot gevolg het (Putnam 1981:4). Weereens dink Putnam dat hierdie diskoers ook na niks in die wêreld verwys nie, aangesien daar geen oorsaaklike ketting tussen die woorde en die wêreld bestaan nie, en daar is ook geen intensie om met behulp van woorde te verwys nie. (Putnam 1981:4, 5).

Putnam voeg vervolgens nog ’n denkeksperiment by, naamlik ’n mens wat gehipnotiseer is om Japannese woorde te gebruik. Putnam gebruik hierdie denkeksperiment om die punt te opper dat om woorde in die regte konteks te gebruik, of om in staat te wees om vrae oor ’n mens se denke te kan antwoord, voorvereistes is om daardie woorde te verstaan. Tog is begrip nie voldoende vir verwysing nie. Hoewel alles wat deur die persoon se verstand gaan, kwalitatief identies is met wat ’n Japannese spreker ervaar wanneer hy of sy oor bome dink, verwys die inhoud van die gehipnotiseerde persoon se verstand glad nie na bome nie. Putnam benut hierdie denkeksperiment om aan te toon dat “selfs ’n groot en komplekse sisteem” van voorstellings nie ’n “intrinsieke, ingeboude magiese verbinding het met dit wat die sisteem voorstel nie” (Putnam 1981:5). Niks het die voorstellings veroorsaak nie en die spreker het nie die regte disposisies (ingesteldhede) vir verwysing nie. Hierdeur ondermyn Putnam dus die idee dat woorde en beelde “intrinsiek dit voorstel waaroor hulle handel” (Putnam 1981:5). As daar geen oorsaaklike verband is tussen taal en die wêreld nie, dan kan daar geen behoorlike verwysing wees nie.

Putnam het tot sover die konteks geskets vir die bekendstelling van die brein-in-’n-houer-denkeksperiment deur sy teorie van semantiese eksternalisme te verduidelik. Hy open die afdeling oor die brein-in-’n-houer deur te verwys na die vorige, eenvoudiger weergawes van die brein-in-’n-houer wat gebruik is om die klassieke probleem van skeptisisme te belig (Putnam 1981:6). Hy bied sy hersiene weergawe van die brein-in-’n-houer aan as ’n “handige meganisme om vrae te vra oor die menslike verstand-wêreld-verhouding”. Sy BIH-denkeksperiment moet die volgende vraag kan beantwoord: (Putnam 1981:7): “Sou ons, as ons sodanige ‘breine-in-’n-houer’ was, dit kon sê of dink?”

Uit die staanspoor kan mens sien dat hierdie dubbeldoel-vraag twee goed kan beteken. As mens die fokus plaas op die deel “as *ons* sodanige ‘breine-in-’n-houer’ was”, dan vereis die vraag (i) dat mens jou verbeel dat ons in die brein-in-’n-houer- konteks is, (ii) dat ons dan beperk is tot die soort sensoriese inhoud wat Putnam spesifiseer die outomatiese masjinerie (super-rekenaar) aan die breine-in-’n-houer beskikbaar maak, en (iii) dat ons slegs die beperkte stel sensoriese vermoëns het wat Putnam aan die breine-in-’n-houer toeskryf.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a11

As mens die fokus, andersyds, plaas op ’n ander deel van Putnam se kernvraag, naamlik “*Sou ons*, as ons sodanige ‘breine-in-’n-houer’ was...”, dan kom ’n ander stel oorwegings in die spel. Hierdie manier van die vraag stel, is wat Sher identifiseer as die “nuwe vraag”, waarna ek in die inleiding verwys het. Nou moet ons vervolgens hierdie sleutelvraag antwoord, naamlik of Putnam se skets van mense in sy verbeeldingryke denkkonstruksie van breine-in-’n-houer reg laat geskied aan ons volledige stel menslike vermoëns, dus aan die volle kompleksiteit van ons menslike kognitiewe kapasiteite. As Putnam nie korrek is in sy uitbeelding van die kerndele van menslike sensoriese of kognitiewe kapasiteite nie, dan gee sy verbeeldingryke denkkonstruksie ’n beperkende en ondermynende (vernederende) beeld van mense wat ons moet verwerp. In wat volg, verdedig ek die volgende aanspraak, naamlik dat Putnam inderdaad ’n beperkende en vernederende beeld van mense skep in sy brein-in-’n-houer-denkeksperiment. Ek gee toe dat sy brein-in-’n-houer-eksperiment slaag in sy doel om semantiese eksternalisme oortuigend te illustreer, maar slegs omdat hy streng beperkings plaas op mense in hul epistemiese rol. Hierdie beperkings wat ’n onakkurate, onvolledige beeld gee van die besondere intellektuele aktiwiteite waartoe mense volgens studies van die menslike brein in staat is, is daarom onaanvaarbaar, vir redes wat ek vervolgens sal aanbied.

Putnam se antwoord op die dubbeldoel-vraag is dat die breine-in-’n-houer nie die vraag self kan beantwoord dat hulle inderdaad breine-in-’n-houer is nie. Sou hulle die woorde uiter, “Ons is breine in ’n houer”, sal hulle hul eie stelling daarin vervat, weerlê. Putnam glo dat hulle stelling dat hulle breine in ’n houer is, slegs ’n veronderstelling is waarvan die waarheid daarvan sy eie valsheid impliseer. Hoe kom hy by hierdie slotsom uit? Putnam sê dat ons – hy en sy lesers – die stelling kan maak dat ons nie breine-in-’n-houer is nie, maar die werklike breine-in-’n-houer kan self nie so ’n stelling maak nie. Sy verdediging is dat die breine-in-’n-houer nie na dieselfde dinge kan verwys as waarna ons kan verwys nie, met ander woorde hulle taal het geen vermoë tot betekenis en verwysing soos wat ons taal besit nie (Putnam 1981:8). Om hierdie stelling te verdedig, doen Putnam die volgende. Hy wysig eers die bekende Turing-toets van ’n “dialogiese toets vir bevoegdheid” tot een wat sy doel kan dien, naamlik ’n “Turing-toets vir verwysing” (Putnam 1981:9).

Hy ontwerp ’n variasie van die toets van Alan Turing wat kan bepaal of ’n rekenaar ’n bewussyn soos mense het. Turing het gespesifiseer dat as ons ’n volledige aanlyn gesprek met ’n versteekte rekenaar sou kon voer sonder dat ons ’n verskil kan agterkom met ’n soortgelyke gesprek met ’n mens, dan het ’n rekenaar ’n bewussyn soos ons. Putnam wysig hierdie toets na een wat hy noem ’n Turing-toets vir verwysing (Putnam 1981:8-12). In hierdie toets praat ’n mens met ’n rekenaar om vas te stel of die rekenaar verwysende taal korrek kan gebruik soos ons dit in die alledaagse omgang doen. Putnam reken dat indien so ’n rekenaar geen kontak met ’n buitetalige werklikheid het [of gehad het] nie, dit die illusie sou kon skep van taalgebruik met gedeelde verwysing wat werk soos ons s’n. Hierdie illusie is soortgelyk aan die illusie wat die mier se toevallige “tekening” van Churchill skep. Die rekenaar se taal verwys dus na niks in die wêreld nie, dis slegs “sintaktiese spel wat lyk asof dit intelligente diskoers is” (Putnam 1981:11). Die ontbrekende element wat die rekenaar se taalgebruik verwysend sou maak soos ons s’n, is beide [i] kontak met die buitetalige werklikheid en [ii] oorsaaklike verbindings tussen die rekenaar se woorde en die buitetalige werklikheid.

Putnam beklemtoon dat hierdie toets nie ’n “beslissende toets vir gedeelde verwysing” kan wees nie, omdat sommiges die toets kan slaag en steeds nie na enige iets verwys nie (Putnam 1981:10). Hierdie toets kan dus nie akkuraat bepaal of ’n taalgebruiker se woorde, of die gebruiker se volle taalsisteem, enige “bepaalde verwysings” bevat na dinge wat buitetalig van aard is nie. Die feit dat die taalgebruik van ’n rekenaar slegs ’n skyn-indruk skep dat dit


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a11

wel verwysend is, versterk sy punt dat geen taalgebruik eg en oortuigend verwysend kan word sonder kontak met 'n buitetalige werklikheid nie. Putnam beskou hierdie argumentatiewe skuif as 'n kernelement in sy geheelargument dat die taal van die breine-in-'n-houer glad geen vorme van verwysing bevat nie, en dat hulle dus nie kan sê of dink dat hulle "breine-in-'n-houer" is nie (Putnam 1981:10).

Putnam oordeel met behulp van hierdie toets dat 'n masjien wat "geen voorsiening" het om "insette vanaf sintuie te inkorporeer", of wat geen voorsienings het om "'n liggaam te beheer" nie, nie die nodige "nieverbale transaksies" kan doen wat die verwerwing van betekenis en verwysing vir taalgebruik benodig nie (Putnam 1981:10). Daarby lyk die inhoud van die masjien se gesprekke gewoon net na intelligente diskoers, maar dit is nie, want beide die taal se "ingangsreëls" en die taal se "uitgangsreëls" bestaan nie (Putnam 1981:11). Hierdie soort reëls is die verbindings tussen sensoriese insette en taal (ingangsreëls), sowel as tussen besluite en die handelinge in die wêreld waartoe hulle lei (uitgangsreëls).

Putnam het nou die punt bereik waar hy al die boublokke verskaf het vir sy argument dat die breine-in-'n-houer nie kan dink of sê dat hulle inderdaad breine in 'n houer is nie. Hoewel die breine-in-'n-houer verskil van die masjien in die Turing-toets vir verwysing, help daardie spesifieke verskille hulle nie om taal te verwerf wat betekenis het en kan verwys na dinge in die wêreld nie. Ook, hoewel die breine-in-'n-houer beide voorsiening vir sintuie en funksionerende breine het wat aan hulle intelligensie en bewussyn verskaf, verwys hulle woorde nie na enige iets in die wêreld nie.

Die primêre rede vir die gebrek aan verwysing is dat hulle "volle sisteem van sintuiglike data" geen groter of konkreter "verbinding met bome het as wat die mier se 'tekening' enige verband het met Winston Churchill" nie. Om hierdie rede, naamlik die afwesigheid van enige oorsaaklike ketting tussen die bome in die wêreld en die bome in hulle taal, is daar "geen basis om te dink dat die breine-in-'n-houer verwys na eksterne dinge" nie (14). Dus, Putnam se punt is gewoon dat die "kwalitatiewe ooreenkoms" tussen ons taal en die taal van die breine-in-'n-houer ons glad nie enige "basis gee om te reken dat die breine-in-'n-houer verwys na eksterne dinge nie" (Putnam 1981: 13-14). Dus, hulle kan nie op enige manier hulself beskryf as "breine in 'n houer" nie. Hy glo dus dat hy hiermee sy punt oor semantiese eksternalisme oortuigend beredeneer het. As die breine in 'n houer sou sê, "Ons is breine in 'n houer", dan is hulle stelling vals, omdat hulle taal nie na werklike breine en werklike houers in ons wêreld verwys nie. Hulle woorde verwys na die sintuiglike beelde wat die super-rekenaar se elektromagnetiese impulse aan hulle verskaf. Hiermee, so glo Putnam, het hy die een element van die skeptiese argument beslissend weerlê, naamlik dat ons nie weet of ons self breine in 'n houer is nie. Ons kan nie breine in 'n houer wees nie, volgens Putnam, want as ons breine in 'n houer was, kan ons daardie feit op geen betekenisvolle, verwysende manier in taal uitdruk nie.

## IV

Op watter punt word Putnam se BIH-denkeksperiment problematies? Ek wil dit soos volg aandui. In Putnam se BIH-denkeksperiment het die breine-in-'n-houer funksionerende breine soos ons, en 'n taal wat uit woorde en beelde bestaan, presies soos ons s'n. Om sy punt te maak dat breine-in-'n-houer nie 'n betekenisvolle, verwysende taal soos ons s'n het nie, moet Putnam verseker dat hulle brein-in-'n-houer-taal nooit enige kontak maak met 'n buitetalige werklikheid nie. Hy doen dit deur te spesifiseer dat breine-in-'n-houer hulle volle lewens in 'n houer deurgebring het en dat al hul ervaringe soortgelyk aan ons s'n gestimuleer is deur sogenaamde "outomatiese masjinerie" (een of ander super-rekenaar met tot dusver onvoor-


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a11

stelbare rekenaarkapasiteit). Dus, Putnam definieer hulle situasie in sy weergawe van die BIH-denkeksperiment sodanig dat geen eksterne werklikheid behalwe die outomatiese masjinerie ooit enige sintuiglike ervarings by die breine-in-'n-houer opwek nie. Putnam beklemtoon in 'n voetnoot dat ons onsself moet verbeel dat die breine-in-'n-houer "nooit uit die houer kom nie, en dus nooit in oorsaaklike verbinding met bome, ensovoorts kom nie" (Putnam 1981:16). Brueckner (2012) oordeel dat hierdie denkeksperiment van Putnam betekenisvol meer "skeptiese mag" het as die ouer weergawes van die BIH-denkeksperiment wat gegrond is op die plasing van 'n brein in 'n houer nadat dit reeds ons wêreld leer ken het.[6]

Putnam stel die uitdaging, wat hy deur middel van die BIH-denkeksperiment probeer verklaar, op 'n boeiende wyse. Hy vra: "Sou ons, as ons sodanige breine-in-'n-houer was, dit kon sê of dink?" (Putnam 1981:7). Putnam oordeel dat ons nie so 'n stelling sou kon maak as ons breine-in-'n-houer was nie, omrede ons taal nie kontak met 'n buitetalige werklikheid sou gehad het nie – en dus nie na enige iets sou verwys het nie. Ons stelling sou dus self-weerleggend gewees het. As die stelling "Ons is 'breine-in-'n-houer'" na enige iets sou kon verwys, sal die voorwaardes vir die waarheid van die stelling ons net toelaat om na die beelde te verwys wat die outomatiese masjinerie bied, wat aan die breine-in-'n-houer dieselfde, identiese sintuiglike ervarings en taal gee as wat diegene verwerf wat nie breine-in-'n-houer is nie.

Putnam gebruik sy semantiese eksternalisme, in medewerking met sy spesifisering van die BIH-denkeksperiment, om die skeptiese uitdaging te weerlê wat die BIH-denkeksperiment stel, soos vroeër verduidelik. Daar is iets voor die hand liggend aantreklik, en intuïtief geloofwaardig, aan Putnam se semantiese eksternalisme, naamlik die idee dat die verwysing van woorde en sinne bepaal word deur 'n oorsaaklike interaksie tussen 'n buitetalige werklikheid, wat deur ons sintuie blootgelê word, en ons taalsisteem. Sy gebruik van die analogie van die mier wat onbedoeld en onwetend 'n beeld van Winston Churchill skep, versterk sy punt dat menslike intensie, gekoppel aan oorsaaklike interaksie tussen menslike taal en die werklikheid, vereis word om betekenisvolle, verwysende taal tot stand te bring. Hierdie deel van sy argument is nie nou ter beoordeling nie, net hoe hy sy semantiese eksternalisme kombineer met die BIH-denkeksperiment om die uitdaging van skeptisisme te weerlê.

Baie lesers ervaar ongemak met Putnam se gebruik van die BIH-denkeksperiment. Iets is verkeerd, maar dis nie so maklik om presies te identifiseer wat waar verkeerd loop nie. Let op hoe Forbes hierdie tergende, hoewel vae besorgdheid, artikuleer dat iets verkeerd is met Putnam se BIH-denkeksperiment, dat iets nie so mooi werk nie, as hy sê dat baie mense die intuïsie deel dat "Putnam se bewys onoortuigend is, selfs in sy eie terme" (Forbes 1995:207). Müller (2001:299) maak die punt dat wanneer mens 'n nuwe filosofiestudent, of selfs 'n leek, bekend stel aan Putnam se veelbesproke argument, "...sy spontaan sal antwoord dat die argument onoortuigend teen die skeptikus se verweer klink". Dat iemand nie die stelling kan maak "ek is 'n brein 'n houer" nie, beteken nie dadelik en duidelik dat dit nie tog waar kan wees nie. Jackman (2001:461, voetnoot 14) formuleer ook so 'n hinderlike gevoel wanneer hy aandui dat die meeste mense se gevoel is "dat daar iets verkeerd is met die argument, selfs al kan hulle nie presies identifiseer wat daardie iets mag wees nie". Wat verkeerd is, so wil ek in die volgende afdelings redeneer, is hoe Putnam die BIH-denkeksperiment, in samewerking met sy semantiese eksternalisme, gebruik om die uitdaging van skeptisisme te weerlê. Ek verdedig die stelling dat die intuïtiewe aanvaarbaarheid van sy semantiese eksternalisme sy onvoldoende modellering versteek, sowel as sy gevolglike onpresiese gebruik van die BIH-

6 Sien, byvoorbeeld, Harrison se vroeë weergawe (1966-67:179-181) en Nozick se gebruik van 'n effens anders uitgewerkte een (1981:167-171).

denkeksperiment. Sy denkeksperiment kan nie volledig die take uitvoer waarvoor hy dit ontwerp het nie. Daarby wil hy foutiewelik "buitetalige werklikheid" gelykstel aan dit wat ons sintuie aan ons openbaar oor dinge (gebeure, verskynsels, prosesse) wat beide buite en binne ons brein en ons liggaam gebeur.

## V

Ek bied 'n tweeledige argument teen Putnam se poging om skeptisisme te weerlê met behulp van sy semantiese eksternalisme en sy BIH-denkeksperiment. Ek toon eerstens aan dat die taal van die breine in 'n houer wel betekenis en verwysing kan verwerf terwyl die breine in die houer is. Daarna wys ek dat die breine in die houer baie beter intellektuele vermoëns (kognitiewe kapasiteit) het as waarvoor Putnam hulle krediet gee. Juis hierdie vermoëns sal hulle in staat stel om uit te werk dat hulle breine in 'n houer is. Hierdie moontlikheid slaan 'n belangrike slag teen die skeptiese argument.

In die volgende afdelings wil ek die tekortkominge in Putnam se argument teen die uitdaging van skeptisisme blootlê, gebaseer op die maatstawwe en idees wat hier bo ontwikkel is. Ek bied argumente aan waarmee ek aantoon dat Putnam se gebruik van die BIH-denkeksperiment misluk in sy kernaspekte, op grond van verskillende redes. Hierdie redes is soos volg.

1. Putnam stel die volle omvang van die breine-in-'n-houer-denksperiment se sintuiglike ervaring en taal gelyk met ons s'n. Die breine-in-'n-houer se sintuiglike ervaring is "kwalitatief identies" aan ons s'n en hul woorde en beelde is ook soortgelyk (Putnam 1981:12). Hierdie skuif is 'n risiko vir Putnam se sentrale argument. Hoekom? Dis 'n risiko vanweë die feit dat (i) die gebruik van betekenisvolle taal 'n besliste moontlikheid word vir die breine-in-'n-houer en (ii) die moontlikheid bestaan dat die breine-in-'n-houer se taal verwysend kan word. Laat ek verduidelik.

2. Putnam het die identiteit tussen breine-in-'n-houer-taal en sintuiglike waarneming, aan die een kant, en ons taal en sintuiglike waarneming, aan die ander kant, nodig as hy die uitdaging wat hy in sy artikel stel, oortuigend wil beantwoord, naamlik, "Sou ons, as ons sodanige breine-in-'n-houer was, dit kon sê of dink?" (Putnam 1981:7). Hoewel hulle taal en sintuiglike waarneming identies aan ons s'n is, postuleer Putnam dat die enigste verskil tussen ons en die breine-in-'n-houer die bestaan van 'n buitetalige werklikheid is wat ons taal beide betekenisvol en verwysend maak en hulle s'n nie. Putnam kan dus aantoon – en verseker deur sy eie ontwerp – dat die taal van die breine-in-'n-houer geen verband het, of vroeër gehad het, met byvoorbeeld regte bome nie, en ook nooit sodanige verband sal kry nie. Is hierdie ontwerp van die BIH-denkeksperiment voldoende om te verseker dat die taal van die breine-in-'n-houer nie die logiese moontlikheid besit om beide betekenisvol en verwysend te word nie? Putnam verwerp die moontlikheid van 'n betekenisvolle, verwysende taal vir die breine-in-'n-houer, omdat hulle taal nie kan verwys na "uitwendige dinge" of 'n "buitetalige werklikheid," wat buite sintuiglike ervaring bestaan nie. Kom ons ondersoek of Putnam korrek is en of wat hierna volg, 'n stap-vir-stap-weerlegging van sy brein-in-'n-houer-denkeksperiment sou kon wees.

Die eerste argument wat ek teen Putnam se brein-in-'n-houer-denkeksperiment bied, is dat die breine in 'n houer wel 'n betekenisvolle, verwysende taal in die houer sou kon ontwikkel. Putnam sluit hierdie moontlikheid uit, aangesien die onmoontlikheid van hierdie taalontwikkeling 'n kerndeel van sy oorhoofse argument uitmaak. Ek wys eers spesifiek uit waarom mens sou kon dink dat die breine-in-'n-houer 'n betekenisvolle taal sou kon hê, een wat


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a11

betekenisvol genoeg sou kon wees dat Putnam 'n telefoongesprek met 'n brein-in-'n-houer sou kon voer.

3. Dus, kan 'n brein-in-'n-houer betekenisvol met ons praat, of nie? Sou hulle die Turing-toets vir dialogiese kompetensie slaag, of selfs Putnam se gewysigde Turing-toets vir verwysing? In hierdie afdeling gaan ek demonstreer dat hulle al hierdie goed sou kon doen. Putnam maak dit duidelik dat, deur middel van sy ontwerp, die brein-in-'n-houer-taal nie na enige iets in die wêreld verwys nie. Hy sê die volgende: "...daar is geen verband tussen die woord 'boom' soos gebruik deur hierdie breine en werklike bome nie" (Putnam 1981:12), omdat die sintuiglike data "geproduseer deur die outomatiese masjinerie nie bome voorstel (of enige iets uitwendigs) nie, selfs wanneer hulle presies gelyk is aan ons beelde van bome" (1981:13). As die breine-in-'n-houer se sintuiglike waarnemings en hul woorde inderdaad identies aan ons s'n is, soos Putnam spesifiseer, dan sal hulle 'n taal presies soos ons s'n hê om te gebruik om die betekenis aan te dui van die elektro-magnetiese impulse wat hul breine ontvang van die outomatiese masjinerie. Putnam erken hierdie punt, as hy die verskil tussen ons en hulle eksplisiet maak, naamlik, hulle taal verwys na die beelde wat die outomatiese masjinerie produseer en ons s'n verwys na 'n buitetalige werklikheid.

4. Kom ons plaas die oorsprong van hierdie impulse vir 'n oomblik eenkant ter wille van hierdie onderdeel van die argument, naamlik dat dit in ons geval van 'n veronderstelde eksterne wêreld kom en in hulle geval deur die outomatiese masjinerie verskaf word. Die sleutelpunt is dat hulle brein presies dieselfde impulse ontvang as ons s'n, en dat hulle hul taal op identiese wyses aan ons s'n sal gebruik om hulle wêreld te beskryf en te verklaar. Soos Huemer (2000:401) dit stel: "Ons het alle wetenskaplike regverdiging om te glo dat as 'n brein elektries gestimuleer word soos in die BIH-denkeksperiment, sy/haar hallusinasies subjektief ononderskeibaar sou wees van die waarnemings van 'n normale persoon". Soos Putnam self sê, "hulle kan enige woorde dink en sê wat ons kan dink en sê" (1981:8). Die enigste verskil tussen ons en hulle is dat Putnam daarop aanspraak maak dat hy weet daar is 'n wêreld daarbuite wat ons sintuiglike waarnemings eg maak, maar daar bestaan geen so 'n wêreld wat aanleiding gee tot hulle sintuiglike waarnemings nie.

5. Let op dat ons op hierdie punt geen beslissende getuienis het dat ons sintuiglike waarnemings kom vanaf 'n buitetalige werklikheid en nie van die sogenaamde "outomatiese masjinerie" (super-rekenaar) nie. Ons het dus niks anders as wat hulle het nie, nie eers ons oortuiging dat 'n wêreld bestaan buite ons sintuiglike waarnemings nie, aangesien die breine-in-'n-houer ook hiervan oortuig is. Om hierdie redes lyk dit geheel moontlik dat Putnam 'n telefoonoproep kan maak en 'n betekenisvolle gesprek met 'n brein-in-'n-houer sou kon voer. Die rede vir hierdie moontlikheid is dat hulle taal identies is aan ons s'n, en hul taal dieselfde betekenis het as wat ons taal het. Die breine-in-'n-houer slaag dus beide Turing-toetse. Miskien is Thomas Nagel se treffende opmerking gepas vir hulle situasie? Nagel sê dat, "ek kan 'n begrip gebruik wat misluk om te verwys, indien ek 'n aanduiding het van die voorwaardes waaronder dit sou kon verwys" (1986:72). Sou die breine-in-'n-houer nie presies sulke aanduidings hê nie, gebaseer op hulle sintuiglike waarnemings en gebruik van betekenisvolle woorde wat identies aan ons s'n is nie? Indien wel, dan sou Putnam inderdaad 'n telefoongesprek met een van sy breine-in-'n-houer kon voer deur middel van 'n betekenisvolle, hoewel nieverwysende taal.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a11

VI

6. ’n Mens kan soos volg die moontlikheid toets dat die brein-in-’n-houer-taal behoorlik funksioneer, betekenis dra en die vereiste kenmerke besit om verwysing te verwerf in gepaste omstandighede. Ek gaan vervolgens die moontlikheid demonstreer dat hulle betekenisvolle taal die potensiaal het om verwysing te verwerf. Die verwerwing van verwysingsfunksies sou heel moontlik soos volg kon gebeur. Stel jou voor ’n kind wat met ’n geweldige ligsensitiwiteit gebore is, wat die dokters onmiddellik na geboorte diagnoseer. Die kind word groot in donkertes en sien nooit enige deel van ons wêreld verlig nie. Tog leer die kind die wêreld ken deur middel van die sagte, dowwe lig van ’n televisiestel wat deur middel van ’n spesiale bril en oorfone na haar oorgedra word. Na tien jaar van so ’n lewe ontdek die dokters ’n wonderkuur en die kind word deel van ons wêreld vol lig. Die kind kan feitlik onmiddellik volledig in die wêreld van lig funksioneer met haar taal wat geheel en al gegrond is op die betekenisse wat sy ontwikkel het vanuit die elektromagnetiese impulse wat die televisiestel gegenereer en aan haar beskikbaar gemaak het. Sy sou ’n feitlik naatlose oorgang kon maak tot ons wêreld. Die sintuiglike beelde wat sy vroeër deur elektromagnetiese impulse van die televisiestel ontvang het, word nou vervang deur identiese impulse wat van die buitetalige sintuiglike werklikheid af kom wat ons nou met haar deel. In hierdie lig lyk dit moontlik dat die brein-in-’n-houer-taal – omtrent identies aan die kind se taal – verwysingsfunksies mag verwerf in spesifieke omstandighede soortgelyk aan hare.

7. Indien ons dus met die breine-in-’n-houer kon kommunikeer deur middel van ’n betekenisvolle taal, en dit ook logies moontlik is dat hulle taal verwysingsfunksies kon verwerf, hoe sou daardie verwerwing moontlik kon plaasvind? Is dit enigsins moontlik dat die breine-in-die-houer se taal verwysingsfunksies kon verwerf tydens die tyd wat hulle in die houer self is? Kom ons toets eers die intuïsie dat die taal van die breine-in-’n-houer verwysingsfunksies kan verwerf onder spesifieke omstandighede. As ek een van die breine-in-’n-houer neem en dit oorplant in ’n menslike skenkersliggaam, sal die brein goed funksioneer en vinnig aanpas in ons wêreld. As ’n briljante chirurg al die verbindings tussen brein en liggaam korrek verbind, sal die brein volledig kan funksioneer deur al die spiere en organe in werking te stel en ook deur terugvoer van hulle te ontvang. Daar mag wel tyd nodig wees vir die liggaam en brein om by mekaar aan te pas. As ek byvoorbeeld ’n boekwurm se brein oorplant in ’n Olimpiese atleet se liggaam, sou die gesofistikeerde hoëvlaksport-vaardighede wat ontwikkel is deur brein-liggaam-koördinasie sukkel om reg te funksioneer. Die rede sou wees dat die brein-in-’n-houer nie geoefen mag wees om spier- en liggaamsbewegings tot so ’n graad van kompleksiteit te koördineer nie.

8. Die ontwikkeling van ’n brein-in-’n-houer-taal, so identies aan ons s’n dat dit ten volle ons betekenisse kan uitdruk, maak die volgende logiese moontlikheid oop. Die brein-in-’n-houer-taal sal ten volle verwysingsfunksies kan verwerf deur middel van ’n oorplanting, indien die brein dan ten volle in kontak kom met sintuiglike waarnemings wat vanaf ons buitetalige werklikheid kom (so veronderstel ek nou ook vir die oomblik, soos wat Putnam doen). Die brein-in-’n-houer sal dan ook die liggaamlike middele besit om ondersoek in te stel hoe om uitvoering te gee aan die maniere wat die betekenisse van die begrippe van die taal vereis (sien Putnam 1981:18-21).

9. As hierdie logiese moontlikheid bestaan dat die brein-in-’n-houer-taal verwysend mag word, kan hierdie taal dan verwysend word in die houer? Kom ons ondersoek twee moont-

likhede van hoe die brein-in-'n-houer-taal verwysingsfunksies kan verwerf terwyl die breine-in-'n-houer in die houer leef, soos Putnam beskryf. Die eerste een is soos volg. Let op hoe eksplisiet Putnam is in sy spesifisering van die BIH-denkeksperiment oor die aard van die insette wat die outomatiese masjinerie aan die breine-in-'n-houer gee. Die insette kom van iets identies aan menslike sintuie, selfs wanneer hy in sy uitbeelding van die vroeëre weergawe van die BIH-denkeksperiment aandui dat die rekenaar die brein-in-'n-houer sal laat "sien" en "voel" asof dit werklik is hoe die brein-in-'n-houer se denkbeeldige hand opgelig word (Putnam 1981:6). Hierdie ervaring word meegebring deur die elektromagnetiese impulse van die sintuie van sig, gehoor en gevoel, soos deurgegee deur Putnam se "outomatiese masjinerie" (die sg. super-rekenaar). Wat Putnam nie oorweeg en voorsien het nie, is dat dit fisiologies moontlik is dat die breine-in-'n-houer indrukke van hul eie kan hê wat van buitetalige bronne af kom wanneer hulle verskillende aspekte van die normale werking van hul breine ervaar.

10. As die moontlikheid korrek is dat die taal van die breine-in-'n-houer beide betekenis en verwysingsfunksies kan verwerf, dan kan ek die argument opper dat Putnam se modellering van die menslike brein onvoldoende is. Die rede is dat hy nagelaat het om sleutelfunksies van die funksionering van die menslike brein in te bed in sy modellering daarvan in sy denkeksperiment. My argument ter ondersteuning van hierdie stelling is soos volg.

11. Putnam werk met 'n verskraalde, verarmde begrip van die menslike brein wat nie ruimte laat vir die brein se gewaarwording, bewussyn en persepsie van sy/haar eie funksionering nie. Die kern van my argument teen Putnam se brein-in-'n-houer- denkeksperiment is die klag dat sy uitbeelding van die menslike brein-in-'n-houer ernstig gebrekkig is. Soos Robert Nozick glo ek dat enige filosofiese ondersoek moet, onder andere, demonstreer waarom mense waardevol, kosbaar en die moeite werd is (Nozick 1981:1, 2). Putnam se uitbeelding van die vermoëns en kenmerke van die menslike brein is gebrekkig en onvoldoende, omdat hy spesifieke eienskappe ignoreer wat die breine-in-'n-houer baie slimmer en beter sou laat lyk as in sy uitbeelding. Die breine-in-'n-houer, gepas gekarakteriseer in 'n BIH- denkeksperiment, sou die vermoëns gehad het om uit te werk dat hulle breine-in-'n-houer is en hulle sou dit kon sê. Hoe sou dit moontlik wees?

12. Ek gaan vervolgens Putnam se BIH-denkeksperiment weerlê deur aan te toon dat die breine-in-'n-houer die outomatiese masjinerie sou kon uitoorlê, gegee die eienskappe waaroor mense beskik, wat Putnam gepas in sy brein-in-'n-houer-denkeksperiment moes ingebou het – maar nie gedoen het nie. Hoe kan ek die aanspraak regverdig dat die breine-in-'n-houer op 'n alternatiewe, meer gepaste wyse gekarakteriseer moes wees? Kyk eerstens na voorbeelde van die verskynsels waarvan Putnam se uitbeelding van die breine-in-'n-houer nie rekenskap kan gee nie. Byvoorbeeld, ons brein kan ten minste soms die verskillende dele van ons bewussyn naspeur en rekord hou daarvan, soos dele van ons emosies, denke, gedagtes, sensasies, en persepsies, sowel as van die impak wat hulle op ons bewussyn maak. Ons brein kan op een of meer van hulle fokus en bewus wees daarvan dat dit so doen. Verder kan ons brein bewus word van ons eie reaksies op inkomende stimuli van watter aard ook al wat van buite kom, of van gebeure wat binne ons brein plaasvind. Ons brein kan, byvoorbeeld, ons eie reaksie op 'n oorverdowende geluid herken, registreer, en verder daarop reageer, net soos wat die menslike brein kan doen met die manier waarop dit fokus op 'n taak, en op 'n gegewe moment konsentrasie verloor deur dagdromery.

Al hierdie bogenoemde ervaringe van die menslike brein wat ontstaan uit introspeksie en selfwaarneming sal dus meewerk om verwysingsfunksies aan die dele van die taal van die


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a11

breine-in-'n-houer te verskaf, wat hulle gebruik om oor hulle breinaktiwiteit te praat. Nou het hul taal 'n stel egte verwysings na faktore in die buitetalige werklikheid. Hulle taal se verwysings is nie meer slegs na die beelde wat die super-rekenaar aan hulle verskaf deur middel van elektromagnetiese impulse nie, soos Putnam beweer. Hierdie ervarings van die brein ontspring vanuit buitetalige werklikhede, met ander woorde hulle ontstaan vanuit bronne buite die taal van die breine-in-'n-houer. Hierdie ervarings is dus bykomend tot die sintuiglike waarnemings wat die outomatiese masjinerie aan hulle verskaf. Die breine-in-'n-houer kan gevolglik hierdie ervarings vertolk deur middel van hul taal, wat dan verwysingsfunksies verwerf volgens die standaarde wat Putnam self stel (sien ook Brueckner 1992:472-473). Met hierdie stel ervarings van 'n buitetalige werklikheid wat aan die BIH-taal egte verwysings gee, anders as slegs verwysings na die elektromagnetiese impulse wat die super-rekenaar bied, ondermyn ek 'n sleutelaspek van Putnam se argument dat die BIH-taal nooit egte verwysing vanuit die buitetalige werklikheid verkry nie.

Hierdie punt wys uit hoe gebrekkig Putnam se modellering van die breine-in-'n-houer in sy denkeksperiment is. Hy ignoreer belangrike vorme van die brein se bewussyn en gewaarwording van sy/haar eie funksies en dus laat hy na om hierdie wyses waarop die menslike brein funksioneer in sy denkeksperiment te verreken. Dus, hoe kan Putnam van ons verwag om die idee van 'n super-rekenaar buite ons wildste drome te aanvaar, maar hy bied terselfdertyd 'n outydse, onakkurate, en onvolledige beeld van onsself wat nie reg laat geskied aan die brein se vermoëns en sleutelfunksies nie?

As hierdie ervarings van aktiwiteite wat plaasvind in die breine in die houer en die gevolglike uitdrukking daarvan in taal behoorlik verreken word, dan sal sommige dele van die brein-in-'n-houer-taal betekenis en verwysingsfunksies verwerf op dieselfde wyse waarop ons gewone mense se taal betekenis en verwysingsfunksies het. Daar is dus nou oorsaaklike verhoudings tussen hul ervarings en hul taal. Hierdie stel ervarings, of indrukke, wat kom van die innerlike werkings van die breine wat in Putnam se houer is, vorm 'n groep indrukke en ervarings wat apart is van die sintuiglike waarnemings wat Putnam se outomatiese masjinerie verskaf (sien ook Warfield 1995). Putnam ignoreer hierdie bewuste ervarings, wat suggereer dat hy 'n implisiete opvatting van die menslike bewussyn het soortgelyk aan die opvatting van David Hume, naamlik dat die menslike bewussyn (of verstand) bloot 'n passiewe ontvanger is van 'n volgehoue bombardement van sintuiglike waarnemings wat hul oorsprong volledig buite onsself het. In sy modellering van die brein-in-'n-houer-denkeksperiment ignoreer Putnam dus sleutelfaktore van die menslike brein – en dus kerneienskappe van wat ons as mense karakteriseer – wat hom lei om die brein op onvoldoende en gebrekkige wyse te modelleer. Hierdie gebrekkige modellering het direkte gevolge vir een van die kwessies wat hy met behulp van die brein-in-'n-houer-denkeksperiment wil besleg, naamlik, die uitdaging van skeptisisme. Dit word nou moontlik dat ons beste menslike eienskappe ons kan bemagtig om die skeptiese argument te weerlê.

13. 'n Verdere moontlikheid vir die taal van die breine-in-'n-houer om verwysingsfunksies te verwerf, kom van 'n verdere bron van indrukke en ervarings wat die breine-in-'n-houer kan beleef, wat Putnam nie oorweeg het nie. As ons hedendaagse wetenskaplike getuienis ernstig opneem oor die verweefde en verstrengelde verhouding tussen die menslike liggaam en brein,[7]

[7] Sommige filosowe bevraagteken Putnam se modellering van die BIH-denkeksperiment op grond van die begrip van die menslike brein wat eietydse neurowetenskap bied. Cosmelli en Thompson (2010) verwerp Putnam se denkeksperiment as 'n "naïewe siening" wat "gewoon net nie werk nie" (p. 378). Volgens hulle kan sy denkeksperiment nie behoorlik rekenskap gee van die

dan moet ons vra: Wat is die sleutelinsette van die menslike liggaam wat sal wegval vir die breine-in-'n-houer? Byvoorbeeld, kom ons vra of die menslike brein kan bestaan sonder bloed en hormone. Kan menslike breine op enige manier op hul eie funksioneer sonder voldoende bloedtoevoer en interaksie met hormone vanuit die liggaam? Putnam se breine-in-'n-houer kry voedingstowwe, maar wat meer benodig die brein van 'n menslike liggaam? Bloedvloei wat hormone vervoer as tekens wat spesifieke aktiwiteite of emosies aandui? Hierdie vrae daag die gepastheid van Putnam se modellering van die breine-in-'n-houer in sy denkeksperiment verder uit – dit lyk asof hy belangrike sleutelelemente uitgelaat het wat direk ter sake is vir sy denkeksperiment. Hy ignoreer die veelvoudige noodsaaklike verbindinge tussen die menslike brein en die res van die menslike liggaam en daarom is sy modellering van die breine-in-'n-houer gebrekkig en onvoldoende. Om hierdie rede kan hy dus nie die uitdaging van skeptisisme behoorlik antwoord nie. Die ingewikkelde, verweefde netwerke van verbindings tussen brein en liggaam word onder meer uitgedruk in die veelvoudige funksionering van beide hormone en emosies, met die brein se hipotalamus wat die sleutelverbinding vorm tussen die liggaam se volle senustelsel (insluitende die brein) en die endokriene stelsel. Hierdie veelvoudige netwerke van verbindings demonstreer hoe verkeerd Putnam is as hy reken dat die brein gewoon net voedingstowwe benodig van 'n liggaam, wat gemaklik deur die meganismes van die houer oorgeneem kan word.

14. As my argumente en getuienis oor die werking van die menslike brein hier bo korrek is, dan sal die breine-in-'n-houer simptome ervaar as gevolg van die afwesigheid van gepaste verbindings met die menslike liggaam. Meer spesifiek, die gesimuleerde ervarings en indrukke wat die outomatiese masjinerie aan hulle verskaf dat hulle byvoorbeeld intense oefening doen, sal nie die verwagte reaksies in hul brein veroorsaak wat normaalweg deur hormonale afskeidings teweeg gebring word nie. Die regulering van hul hartklop en asemhaling, wat normaalweg gebeur in reaksie op veranderende vlakke van suurstof en koolsuurgas in hul bloed, sal nie plaasvind nie. Daarby sal hul brein geen endorfiene afskei gedurende intense oefening nie. Onthou dat Putnam eksplisiet sê dat die breine-in-'n-houer net beelde vanaf die outomatiese masjinerie verkry wat vanaf die vyf sintuie kom, maar sal dus geen indrukke of ervarings kry wat van hierdie vorme van kommunikasie tussen dele van die liggaam kom wat deur middel van bloedvloei en hormone oorgedra word nie.

15. Die breine-in-'n-houer sal dus sien dat mense moeg word en swaar asemhaal, maar hulle sal self nie uitputting beleef wat volg op hulle gesimuleerde sintuiglike indrukke nie. Daarby sal hulle, volgens Putnam se oorspronklike modellering, kennis besit van hoe menslike liggame funksioneer en daarom sal hulle die verskil kan raaksien tussen hulle kennis en hul eie ervaring, wat daarvan afwyk of dit weerspreek. Die breine-in-'n-houer se ervaring van hierdie afwykings en weersprekings is 'n verdere dimensie van kontak wat hulle met 'n buitetalige werklikheid maak, wat nog voorbeelde bied van indrukke en ervarings wat nie deur Putnam se outomatiese masjinerie verskaf word nie.

---

"funksionele en strukturele interafhanklikheid van brein en liggaam" nie, soos gesuggereer deur getuienis vanuit verskillende wetenskappe.

In 'n latere publikasie versterk Thompson en Cosmelli (2011) hulle kritiek op Putnam se BIH-denkeksperiment deur te redeneer dat "neurale faktore [interne faktore vir Putnam – HPP Lötter] nie verwyderbaar is van liggaamsfaktore nie [eksterne faktore vir Putnam – HPP Lötter]. Om hierdie rede oordeel hulle dat liggaam en brein "onskeibaar is in terme van verklarings" (p. 174).


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a11

16. As ’n mens hierdie ervarings en indrukke van die funksionering van die menslike brein ernstig opneem, dan impliseer dit dat die brein-in-’n-houer-taal inderdaad oorsaaklike interaksie met ’n buitetalige werklikheid kan hê. Volgens Putnam se teorie van semantiese eksternalisme kry taal verwysingsfunksies as daar hierdie soort oorsaaklike interaksie is met ’n buitetalige werklikheid. Dus, die taal van die breine-in-’n-houer verwys nou na dinge en gebeure in die buitetalige werklikheid, soos ons s’n. Hulle taal is dus nou “meer as net sintaktiese spel” wat alleen maar net “lyk na intelligente diskoers” (Putnam 1981:11).

VII

17. As die bogenoemde logiese moontlikhede vervul word dat die taal van die breine-in-’n-houer beide betekenisvol kan wees en verwysingsfunksies kan verwerf, dan misluk Putnam se poging om die BIH-denkeksperiment saam met sy semantiese eksternalisme te gebruik om die uitdaging van skeptisisme te weerlê. Hierdie mislukking is ten spyte van die feit dat sy brein-in-’n-houer-denkeksperiment heel goed werk om sy punt oor semantiese eksternalisme te maak. As dit dan logies moontlik is dat die breine-in-’n-houer kan uitwerk dat hulle inderdaad breine in ’n houer is en dit uitspreek in betekenisvolle taal met verwysingsfunksies, dan kan die uitdaging van skeptisisme op ’n nuwe manier beantwoord word.

Wat is die implikasies van my demonstrasie van die tekortkominge van Putnam se konstruksie van die BIH-denkeksperiment? Hierdie implikasies fokus aandag op die feit dat wanneer mense gepas en akkuraat gemodelleer word, hulle baie slimmer en meer bevoeg is as wat Putnam se denkeksperiment suggereer. Om op hierdie wyse te kyk na Putnam se BIH-denkeksperiment, bring na vore dat breine-in-’n-houer wat akkuraat gemodelleer is met ware menslike eienskappe, inderdaad belangrike dinge oor hulle wêreld kan uitwerk om die soort kullery/bedrog stop te sit, wat Putnam aanneem die outomatiese masjinerie teen hulle kan pleeg. Ek kan dus nou Sher se vraag antwoord wat ek in die inleiding geprofileer het: Ja, breine-in-’n-houer wat gepas en akkuraat gemodelleer is, sal kennis kan verwerf – met behulp van verwysende taalgebruik gegrond in oorsaaklike interaksie van woorde met ’n buitetalige werklikheid – wat die outomatiese masjinerie (die super-rekenaars) sal kan uitoorlê.

Dit beteken dat die kernvraag van skeptisisme nou bevredigend beantwoord kan word. Al is die sintuiglike ervarings oor onsself, ons alledaagse omstandighede en ons spesifieke situasie identies aan wat die breine in ’n houer ervaar, sal ons as breine in ’n houer op slim maniere kan uitwerk dat die oorsprong van hierdie ervarings verskillend is. As ons as breine in ’n houer dit kan doen, gee dit ons die versekering dat mense inderdaad intelligent genoeg is om egte, ware kennis oor hulself, hul algemene omstandighede en hul spesifieke situasie uit te werk. Daarmee is die skeptiese argument verslaan wat beweer dat ons nie sal kan onderskei tussen ons situasie in ons werklike wêreld en die situasie wat ons sou beleef het as ons wel breine in ’n houer was nie.

VIII

Ten slotte, die gebrek in Putnam se ontwerp van sy BIH-denkeksperiment is soos volg. Sy fokus en klem is om die krag van sy teorie van semantiese eksternalisme te demonstreer, soos gesien hier bo in die vele denkeksperimente wat hy in sy artikel aanbied. Hierdie fokus en klem trek sy aandag af van ’n gepaste, akkurate modellering van die breine-in-’n-houer in sy denkeksperiment, sodat hulle die tersaaklike menslike eienskappe korrek sou vertoon en sy modellering dus geloofwaardig sou wees.

Anders as Putnam het ek dus aangetoon dat as ons werklik breine-in-'n-houer is, kan ons dit deur middel van ons kognitiewe vermoëns uitwerk en 'n stelling daaroor maak deur middel van 'n taal wat beide betekenis en verwysende funksies in Putnam se houer kan verkry deur oorsaaklike interaksie met 'n buitetalige werklikheid. Dieselfde geleenthede en weë wat meer realisties gemodelleerde breine-in-'n-houer kon gebruik om bewus te word van hul status in Putnam se houer – soos hier bo beskryf – sal dus ook vir ons beskikbaar wees in ons wêreld om hierdie skeptiese uitdagings mee aan te pak. Dus, as ons Putnam se modellering van die BIH-denkeksperiment herinterpreteer om meer in lyn te wees met die sleutelaspekte van ons menslike brein, dan gaan nuwe weë en moontlikhede vir ons oop. Mense mag dus baie slimmer en meer bevoeg wees om die uitdagings van skeptisisme te weerlê as wat filosowe soos Putnam tot dusver gedink het.

## BIBLIOGRAFIE


Bailer-Jones, Daniela M. 2002. Models, Metaphors and Analogies. In Peter Machamer & Michael Silberstein. *The Blackwell Guide to the Philosophy of Science*. Oxford: Blackwell Publishers, pp. 108-127.

Brueckner Anthony. 2011. Skepticism And Semantic Externalism. In Bernecker, Sven & Duncan Pritchard (eds). 2011. *The Routledge Companion to Epistemology*. London & New York: Routledge, pp. 500-510.

Brueckner, Anthony. 1992. Conceiving One's Envatment While Denying Metaphysical Realism. *Australasian Journal of Philosophy*, 70(4):469-474.

Chin Chuanfei. 2011. Models as interpreters (with a case study from pain science). *Studies in History and Philosophy of Science*, 42 (2011):303-312.

Clatterbuck, Hayley. 2013. The epistemology of thought experiments: A non-eliminativist, non-platonic account. *European Journal of Philosophy of Science*, 3:309-329.

Comesaña, Juan & Peter Klein. 2019. Skepticism. *The Stanford Encyclopedia of Philosophy* (Winter 2019 Edition), Edward N. Zalta (ed.). URL = https://plato.stanford.edu/archives/win2019/entries/skepticism/ Toegang op 9 November 2020.

Cosmelli, Diego & Evan Thompson. 2010. Embodiment or Envatment? Reflections on the Bodily Basis of Consciousness. *Enaction: Towards a New Basis for Cognitive Science*. Cambridge, Massachusetts: The MIT Press, pp. 361-385.

Dell'Utri, Massimo. 1990. Choosing Conceptions of Realism: The Case of the Brains in a Vat. *Mind*, 99(393):79-90.

Forbes, Graeme. 1995. Realism and Skepticism: Brains in a Vat Revisited. *The Journal of Philosophy*, 92(4):205-222.

Frigg, Roman & Hartmann, Stephan. 2018. Models in Science. *The Stanford Encyclopedia of Philosophy*, Edward N. Zalta (ed.). URL = <https://plato.stanford.edu/archives/sum2018/entries/models-science/>.

Godfrey-Smith, Peter. 2009. Models and Fictions in Science. *Philosophical Studies*, 143:101-116.

Goldberg, Sanford C. (ed.). 2016. *The Brain in a Vat*. Cambridge: Cambridge University Press.

Hanna, Robert. 2011. *Minding the Body. Philosophical Topics*, 39(1):15-40.

Harrison, Jonathan. 1966-1967. A Philosopher's Nightmare or the Ghost Not Laid. *Proceedings of the Aristotelian Society*, 67:179-188.

Hickey, Lance P. 2020. *The Brain in a Vat Argument. The Internet Encyclopedia of Philosophy*, ISSN 2161-0002, https://iep.utm.edu/brainvat/. [Toegang op 9 November 2020].

Huemer, Michael. 2000. Direct Realism and the Brain-in-a-vat Argument. *Philosophy and Phenomenological Research*, 61(2):397-413.

Huemer, Michael. 2016. Serious Theories and Skeptical Theories: Why You Are Probably Not a Brain in a Vat. *Philosophical Studies*, 173:1031-1052.

Jackman, Henry. 2001. Semantic Pragmatism and 'A Priori' Knowledge (Or 'Yes We Could All Be Brains in a Vat'). *Canadian Journal of Philosophy*, 31(4):455-480.



doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a11

Jebeile, Julie & Ashley Graham Kennedy. 2015. Explaining with Models: The Role of Idealizations, *International Studies in the Philosophy of Science*, 29(4):383-392.

Knuuttila Tarja. 2011. Modelling and representing: An artefactual approach to model-based representation. *Studies in History and Philosophy of Science*, 42:262-271.

Lau, Joe & Max Deutsch. 2019. Externalism About Mental Content. *The Stanford Encyclopedia of Philosophy* (Fall 2019 Edition), Edward N. Zalta (ed.). URL = <https://plato.stanford.edu/archives/fall2019/entries/content-externalism/. [Toegang op 9 November 2020].

Luper, Steven. 2011. Cartesian Skepticism. In Bernecker, Sven & Duncan Pritchard (eds). 2011. *The Routledge Companion to Epistemology*. London & New York: Routledge, pp. 414-424.

Machery, Edouard. 2011. Thought Experiments And Philosophical Knowledge. *Metaphilosophy*, 42(3):191-214.

McKinsey, Michael. 2018. Skepticism and Content Externalism. *The Stanford Encyclopedia of Philosophy* (Summer 2018 Edition), Edward N. Zalta (ed.). URL = <https://plato.stanford.edu/archives/sum2018/entries/skepticism-content-externalism/. [Toegang op 9 November 2020].

Müller, Olaf. 2001. Does Putnam's Argument Beg the Question against the Skeptic? Bad News for Radical Skepticism. *Erkenntnis*, 54(3):299-320.

Nagel, Thomas. 1986. *The View From Nowhere*. New York: Oxford University Press.

Nozick, Robert. 1981. *Philosophical Explanations*. Cambridge, Massachusetts: The Belknap Press of Harvard University Press.

Oxford English Dictionary (OED). 2019. https://0-www-oed-com.ujlink.uj.ac.za. [Toegang op Maandag 20 Mei 2019].

Pritchard, Duncan. 2020. Contemporary Skepticism. *The Internet Encyclopedia of Philosophy*, ISSN 2161-0002, https://iep.utm.edu/skepcont/. [Toegang op 9 November 2020].

Putnam, Hilary. 1981. *Reason, Truth and History*. Cambridge: Cambridge University Press.

Sher, Gila. 2016. The Model-Theoretic-Argument: From Skepticism to New Understanding. In Goldberg, Sanford C. (ed.). 2016. *The Brain in a Vat*. Cambridge: Cambridge University Press.

Stjernberg, Frederik. 1993. A Note from Your Local Vat Operator. *Analysis* 53(3):182-183.

Teller, Paul. 2012. Modeling, Truth, and Philosophy". *Metaphilosophy*, 43(3):257-274.

Thompson, Evan & Diego Cosmelli. 2011. Brain in a Vat or Body in a World? Brainbound versus Enactive Views of Experience. *Philosophical Topics*, 39(l):163-180.

Toon, Adam. 2012. *Models as Make-Believe: Imagination, Fiction and Scientific Representation*. New York. Palgrave MacMillan.

Warfield, Ted. A. 1995. Knowing the World and Knowing Our Minds. *Philosophy and Phenomenological Research*, 55(3):525-545.

Williamson, Timothy. 2017. Model-Building in Philosophy. In Russell Blackford & Damien Broderick (eds). Philosophy's Future: *The Problem of Philosophical Progress*. Oxford: Wiley, pp. 159-172.

# Die waarde van akademiese arbeid

***The value of academic labour***

**Ewert PJ Kleynhans**
Skool vir Ekonomiese Wetenskappe
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: epjkleynhans@gmail.com



Ewert Kleynhans

**Ewert Kleynhans** is professor in Ekonomie aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, en sy navorsing fokus op die mededingendheid van firmas en nywerhede. Hy is as ’n gevestigde navorser deur die Nasionale Navorsingstigting (NRF) gegradeer. Hy verwerf ’n onderwysdiploma aan die Normaalkollege Pretoria (1980), waarna hy 16 jaar lank skoolhou. Hy behaal die Verdere Diploma in Wiskunde en Natuurwetenskappe aan die Onderwyskollege vir Verdere Onderwys met lof (1989), en ’n BA-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) in 1991. Einde 1993 verwerf hy ’n honneursgraad in Ekonomie en in 1994 sy meestersgraad aan die Randse Afrikaanse Universiteit – beide *cum laude*. In 1996 word hy lektor by die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. In 2003 verwerf hy sy doktorsgraad (PhD) in Ekonomie aan die Potchefstroomse Universiteit en word bevorder tot senior lektor, medeprofessor by die Noordwes-Universiteit (NWU) gedurende 2007, en volprofessor in 2017. In 2012 behaal hy ook ’n meestersgraad in Filosofie (MPhil) aan die NWU. Hy het reeds meer as 50 artikels in geakkrediteerde vakjoernale gepubliseer en by talle plaaslike en internasionale konferensies opgetree. Hy dien vyf jaar op die Akademieraad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, en is tans voorsitter van die Potchefstroomse Werksgemeenskap.

**Ewert Kleynhans** is professor in Economics at the North-West University, Potchefstroom, and his research focuses on the competitiveness of firms and industries. He is rated as an established researcher by the National Research foundation (NRF). He obtained a teacher’s diploma at the Normaalkollege Pretoria (1980) and became a school teacher for 16 years. He acquired a Further Diploma in Mathematics and Natural Sciences from the College of Education for Further Training, cum laude 1989, and his BA degree at the University of South Africa (UNISA) in 1991. In 1993, he obtained an honours degree in Economics and in 1994 his masters degree, both *cum laude,* from the Rand Afrikaans University. He was appointed as a lecturer at the Potchefstroom University for Christian Higher Education in 1996. After obtaining his doctorate (PhD) in Economics at the Potchefstroom University in 2003, he was promoted to senior lecturer at the North-West University (NWU), associate professor (2007) and full professor (2017). In 2012, he also obtained a masters degree in Philosophy (MPhil) at the NWU. He has already published more than 50 articles in accredited journals and read papers at conferences locally and internationally. He served five years as a board member of the South African Academy of Science and Arts, and is currently chairman in Potchefstroom.

**Datums:**
Ontvang: 2020-07-16 Goedgekeur: 2020-09-20 Gepubliseer: Desember 2020


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a12

## ABSTRACT

***The value of academic labour***

*The South African Academy of Science and Arts recently commemorated its 110th year of existence and it is an appropriate time to reflect on the value of academic labour. Academic labour is an important aspect of human culture. Through academic labour, mankind's purest dreams and ideals are realised. Literacy, study, learning and research contribute to the highest and refined levels of civilisation that Western society can offer. It makes the world a better place, with humanity, prosperity, alleviation of poverty and human dignity. Through academic work, mankind has already reached unparalleled levels of development. This article examines the value of academic activities and the motivation of academia.*

*The rewards of academic labour range from the utilitarian, solving problems and to gain useful knowledge, to the spiritual. The psychological remuneration of academic effort is also positive. Academia has the privilege each day serving a higher calling. This is a wonderful motivation, but also a very important responsibility. This article concludes emphasising that academic standards should never be compromised. The author is an economist and sees the world from that perspective. That is the reason why the title highlights value.*

*This article emphasises that academia constitutes a valuable product and that knowledge has intrinsic value of its own, more valuable than gold and coral. People desire to learn more, and much is still hidden and wonderful and is essential for one's happiness. Knowledge and skills are useful, but universities should also promote basic research without a specific practical objective, just for the sake of enjoyment.*

*A university is also a knowledge factory that generates new knowledge. Its objective is to discover new things. As it is an enterprise it should be managed in a financially sustainable fashion. Universities contribute to the National Development Plan. Their products and services lead to new technological, social, commercial and other innovations that benefit the whole society, but it should be better financed and marketed.*

*Various studies in Britain found that university training and knowledge acquired lead to lower unemployment, higher skills, a more productive, innovative, flexible and entrepreneurial workforce, and also increase the productivity of co-workers. This leads to higher economic growth, more tax income to the state, a smaller burden on public finances, better health, more informed civic participation and less crime. Several studies elsewhere, such as in America and New Zealand, concur.*

*Australian studies highlighted that universities enhance a country's prosperity, build human and social capital, and drive technological progress and economies. It builds society through community service, helps building a "knowledge economy" and promotes future economic prosperity through international exchange.*

*Research reveals a direct relationship between education and productivity, competitiveness, profits and growing income and job creation. During the past decades, people's wellbeing has improved continually. Human development, income, production, life expectancy, adult literacy, and the number of children at school rose gradually. There is a direct link between economic development and education and research. People all over the world are developing and their living standards are improving.*

*The main objective of the search for knowledge is to obtain wisdom. To know the correct steps beforehand is valuable and better than to act on intuition, feelings or beliefs. Most of academia have enquiring minds, are curious about the world and have the wonderful opportunity to search for knowledge, insight and wisdom. It provides a sense of security and psychological peace. It builds high self-esteem and motivates one to learn and use that knowledge.*



doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a12

*Socrates said that wonder is the beginning of wisdom. Academic effort leads to the discovery of wonder, complexity and beauty, which leads to curiosity about the world and a deeper meaning of it all. What makes the research investigation such an enjoyable experience is the wonder it reveals and the fascination about the discoveries it brings about. Science enables a researcher to enjoy the amassing discoveries that academic effort reveals. There is also an immense satisfaction when things come together and begin to make sense. There is that feeling of pure joy when something new is discovered, which leads to more wonder and more research.*

*Academic effort and particularly research should, in the first instance, be conducted purely for the enjoyment it brings. Enjoyment enables people to become more innovative and leads to more discoveries. Academic freedom that allows academia to conduct research that interests them leads to better products. The authorities' current policies in guiding research by means of targeted financing do, however, restrict academic freedom.*

*Research should generate knowledge that is generic in the sense that it can apply to many areas and could stand the test of time. It is never known where knowledge would be needed. To name a few examples: The ancient Greeks developed Euclidean geometry, which is still taught to high school and engineering students. Boole developed Boolean algebra in 1847 long before it was used to design digital electronics and computers. Carothers accepted an appointment on condition to focus only on academic research without practical value, but still discovered nylon. Feynman developed the mathematics behind a wobbling pizza and later used it in developing quantum electrodynamics, eventually winning the Nobel Prize.*

*Science should still be thorough even if research is enjoyable. High academic and research principles should never be compromised. The aim is to discover the truth. Academic labour should follow strict logical order. Science must be derived and described logically and in a mathematically deductive way or derive reliable knowledge inductively, but methodically. The application of mathematics to science is the most powerful instrument in understanding the world. Even where mathematics is not directly applied, the scientific method should be.*

*Academia strives towards lofty ideals in their labour. They laugh, sing, make poetry and dream, study plants, trees, animals and society, confront challenges, make new discoveries, develop technology and place humans on the moon and aim for Mars. Through it all, academic labour and literacy are utilised to fulfil man's cultural assignment to make the world a better place. The academy is truly a very special calling.*

**KEYWORDS:** academic, university, research, study, teaching, schools, literacy, technology, knowledge, mathematics, wonder, calling, wisdom

**TREFWOORDE:** akademie, universiteit, navorsing, studie, onderrig, skole, geletterdheid, tegnologie, kennis, wiskunde, verwondering; roeping, wysheid

**OPSOMMING**

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het sopas sy 110de bestaansjaar herdenk en dit is die aangewese tyd om te reflekteer op die waarde van akademiese arbeid. Die artikel ondersoek die hoë waarde van akademiese arbeid en die motiewe van akademici. Akademici ervaar geleerdheid, onderrig en navorsing as iets verhewe. Dis nie slegs hul dagtaak nie, maar dien as 'n besondere roeping. Vervolgens word die universiteit as 'n onderneming beskou waarna gelet word op die praktiese waarde van die akademie en die mate wat dit met die ontwikkeling van die mensdom, veral op ekonomiese gebied, saamhang. Dit doen ook 'n beroep op akademici om meer algemene, basiese en generiese navorsing, sonder noodwendig

’n besondere doel, te onderneem. Nuttelose navorsing, sonder ’n spesifieke praktiese doel, word as van die waardevolste voorgehou. Die artikel sluit af deur te beklemtoon dat navorsing eerstens ter wille van die intrinsieke waarde, genot en bevrediging wat dit bring moet plaasvind, maar daar word beklemtoon dat hoë akademiese standaarde steeds te alle tye moet geld.

## 1. INLEIDING

Akademiese arbeid is ’n belangrike aspek van die menslike kultuurkleed. Deur akademiese arbeid word die mensdom se suiwerste drome en ideale verwesenlik. Geletterdheid, studie, leer en navorsing dra by tot die hoogste en verfynde vlak van beskawing wat die Westerse samelewing die wêreld kan bied. Dit maak van die wêreld ’n beter plek, met medemenslikheid, welvaart, verlaging van armoede en verhoging van menswaardigheid. Deur akademiese arbeid het die mensdom reeds ’n ongeëwenaarde vlak van ontwikkeling bereik wat dit nie net aangenamer maak om te lewe nie, maar ook vir alle mense ruimte te bied. Hierdie artikel ondersoek die waarde van akademiese aktiwiteite van nader.

Waar die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gedurende 2019 hul 110de bestaansjaar herdenk het, is dit gepas om ’n keer terug te sit en te besin oor die waarde en motivering van akademiese arbeid.

Eerstens word besin oor die redes vir dosente se betrokkenheid in die akademie en daar word benadruk dat akademiese arbeid ’n baie waardevolle produk lewer en dat kennis waarde in eie reg besit. Hierdie artikel fokus hoofsaaklik op die akademiese bydrae van navorsing deur akademici aan universiteite, aangesien onderrig en gemeenskapsdiens uit navorsing voortvloei. Deur hul arbeid word die wêreld al beter vir die ganse mensdom. Akademiese navorsing beskik oor waardevolle instrumente wat almal bevoordeel. Kennis en vaardighede is besonder bruikbaar. Uiteindelik pleit die skrywer ook dat universiteite meer navorsing onderneem sonder ’n spesifieke praktiese doel, net ter wille van die genot daarvan, omdat mens nooit weet wanneer sodanige kennis nodig sal wees nie en dat kennis ’n eie intrinsieke waarde het.

Die skrywer van hierdie artikel is ’n ekonoom, wat die wêreld vanuit daardie perspektief beskou. Dit is dan ook die rede waarom “waarde” in die titel van hierdie artikel beklemtoon word. Indien al die eise, spanning en onsekerhede in ag geneem word, is dit moeilik om te verduidelik waarom akademici met soveel toewyding hul in akademiese arbeid verdiep en steeds die wetenskap as ’n besondere loopbaan verkies (Bancewicz 2015:38) – veral in vandag se onsekere wêreld van pandemies, samesmeltings, regstellende aksie en die eis dat klasgeld afgeskaf moet word (“#Fees-must-Fall”), tesame met die owerheid se voorskrifte oor die befondsing van navorsing wat akademiese vryheid aan bande lê.

Blaauw en Loots haal dikwels Sayre se wet spottenderwys aan, wat lui dat “The politics of the university are so intense because the stakes are so low” (Sayre & Kaufman 1960). Bancewicz (2015:40) reken akademici is moontlik almal bietjie van loitjie getik om sulke lang ure te werk. Akademici word nie behoorlik na waarde geskat, en regverdig vergoed of behandel nie. Hulle werk wel by ’n universiteit om hul brood en botter, maar dit is nie die hoofrede waarom akademici by universiteite is nie. Indien geld die belangrikste faktor was, sou hulle almal reeds in die privaat sektor werksaam gewees het, veral diegene met skaars vaardighede soos ekonome, chemici en ingenieurs. Die sielkundige vergoeding van akademiese inspanning is aan die ander kant egter die moeite werd. Dit strek vanaf die utilitaristiese tot by die oplos van probleme, van die verwerwing van kennis tot by die geestelike (Bancewicz 2015:39).


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a12

## 2. ’N BESONDERE ROEPING

Die akademie is ’n besondere roeping. Die wondere van die skepping is ongelooflik en akademici het elke dag die voorreg om deur navorsing meer daarvan te ontdek. Dit vervul mens met ontsag en akademici besef gou dat hul daagliks met iets veel groter as hulself besig is. Die meeste akademici werk met ywer in antwoord op God se kultuuropdrag en is daarom altyd besig met Gods diens. In die lig hiervan, is die bydrae wat die akademie maak en die gehalte wat hul lewer, bykans heilig, indien nie heeltemal nie (Nubong 2016). Dit is ’n wonderlike motivering, maar ook ’n groot verantwoordelikheid. Daar is wel diegene wat nie in God glo nie, maar die ywer waarmee hulle die akademie dien, verskil weinig van die van gelowiges.

Hier kan op die belangrikheid van die transendente determinasie gewys word, gelei deur die immanente met ’n fokus op ’n Hoër Wese, soos prof. Venter (1976) in sy intreerede 40 jaar gelede gedoen het. Die leser sou maklik beïndruk kon word met ’n totaal onverstaanbare artikel, want die skrywer het immers ook ’n meestersgraad in die Filosofie, maar daar word verkies om die argument op ’n vlak te hou wat vir almal verstaanbaar is. Vir ’n meer filosofiese benadering, sien gerus Van Niekerk (2019) se uitstekende artikel.

Die alwyse Skepper het geweet dat om alles van die wetenskap gelyktydig te ontdek, oorweldigend sou wees. Daarom openbaar Hy telkens net ’n klein gedeelte van die werklikheid aan die mens. Isaac Newton het vertel dat hy in die wetenskap voel soos ’n kindjie wat op die strand speel en af en toe ’n pragtige skulpie ontdek (Hawking 2007). Die grondlegger van moderne wetenskapbeoefening, Sir Frances Bacon, het die Skepper as ’n liefdevolle vader gesien wat “paaseiers” vir navorsers weggesteek het om te ontdek (Dolnick 2012). Wetenskaplike vooruitgang vind dan ook stadig en met klein treetjies vorentoe plaas.

In 1909 verklaar Lord Arthur Balfour dat die belangrikste aktiwiteit en doel van ’n universiteit is om nuwe kennis te ontgin – om mense op te lei, om hul talente nie net te gebruik om kennis in te win nie, maar om nuwe dinge te ontdek en om beheer te verkry oor die omstandighede waarin die mens leef (Lankester 1916:5; Kerr 2001).

## 3. DIE UNIVERSITEIT AS ’N ONDERNEMING

Die moderne universiteit is vandag ’n kennisfabriek (Da Wan, Sirat & Razak 2015). Sy primêre doel is om deur navorsing nuwe wysheid te genereer (Venter 2006). In daardie opsig is ’n universiteit verplig om net soos enige ander onderneming finansieel volhoubaar te wees. Net soos ander ondernemings moet hul inkomste hul uitgawes oorskry en kostes so ver as moontlik beperk. Indien ’n universiteit aanhoudend verliese ly, kan dit net soos ander ondernemings bankrot speel en uiteindelik die bedryf laat vaar (Mankiw 2014).

’n Voormalige dekaan van die Universiteit van die Witwatersrand (WITS), Duncan Reekie, het uitgebreide navorsing oor die universiteit as onderneming gedoen. Universiteite moet noodwendig hul kostes beperk en ten minste hul inkomste ewenaar. Dit geld vir alle instellings, selfs sonder winsmotief (Da Wan *et al.* 2015). Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) se bates en beleggings oorskry byvoorbeeld R52 miljoen – en dit sluit pryse, soos die Hertzogprys vir letterkunde en die MT Steyn-prys vir wetenskap, beide R50 000 en die Het Jan Marais-prys van ’n halfmiljoen rand, wat jaarliks toegeken word, uit. Indien ’n finansiële behoefte ontstaan, kan sulke bates dan wel in finansiële bates omskep word, soos wat die SA Akademie aan die begin van hierdie eeu gedoen het met die verkoop van hul gebou.

Akademici moet besef dat hulle ’n besonder waardevolle kommoditeit lewer. Deur akademiese arbeid het hulle ’n besondere bydrae om te maak. Te midde van al hul kundigheid en vaardighede lewer akademici ’n produk waarvoor daar ’n groot markvraag bestaan (Jaffe 1989; Dyason & Kleynhans 2017). Navorsingsuitsette en die implementering van kundigheid behoort egter baie beter bemark te word.

Beter besoldiging van dosente is noodsaaklik om ’n professionele beroepsbeeld te reflekteer. In 1916 skryf Lankester dat ’n groot deel van Duitsland se wetenskaplike sukses toegeskryf kan word aan uitstekende opleiding, maar ook aantreklike vergoeding van akademici (Hager 2006). Hy benadruk dat doelmatige investering nodig is om die masjinerie aan die werk te sit, wat navorsingsbefondsing, maar ook gelykwaardige vergoeding insluit (Lankester 1916:7 & 9). Die skrywer is van mening dat akademici trots behoort te wees op hul titels, soos professor of doktor, en dit baie beter benut. Hulle behoort professioneel geklee te wees en duur motorvoertuie te bestuur – alles om ’n beter beeld te skep.

Universiteite Suid-Afrika (USAf 2018) beweer dat universiteite sowel openbare as private goedere, beide direk en indirek, produseer wat tot die Nasionale Ontwikkelingsplan bydra en beter befonds behoort te word. Dit genereer nuwe kennis en lewer navorsing wat lei tot nuwe tegnologiese, sosiale, kommersiële en ander innovasies wat die hele land bevoordeel.

Die Britse regeringsdepartement vir besigheid, innovasie en vaardighede (BIS 2013) het deur verskeie studies bevind dat universiteitsopleiding daartoe lei dat mense se vaardighede verhoog en werkloosheid afneem. Hulle is meer produktief, innoverend en ondernemend en verhoog ook die produktiwiteit van medewerkers. Vir die owerheid as geheel beteken dit ’n beter en meer aanpasbare arbeidsmag, ekonomiese groei, beter gesondheid, meer ingeligte burgerdeelname, minder misdaad, ’n kleiner las op openbare finansies en meer belasting. Verskeie ander studies, soos in Amerika, stem met hierdie bevindings saam (Cunningham 2006; Hill, Hoffman & Rex 2005).

Studies in Australië beklemtoon ook dat universiteite ’n land se welvaart verhoog, hul menslike en sosiale kapitaal verbeter, tegnologiese vooruitgang bring en ekonomiese groei dryf deur navorsing, ontdekking en ontwikkeling. Dit bou die samelewing deur gemeenskapsdiens, bou die ekonomie en bevorder toekomstige ekonomiese welvaart, veral deur internasionale handel (Deloitte 2015). Hierdie bevindinge word ook deur Zuccollo en Schilling (2010) in hul studies oor Nieu-Seeland bevestig.

Die produk wat akademici lewer is besonder spesiaal en bruikbaar en is ’n kommoditeit met besondere verkoopswaarde (Brusoni *et al.* 2014). Die universiteit as kennisfabriek behoort hul produkte beter te verpak en te adverteer. Die publiek moet grade en navorsingsuitsette as kosbaar en glansryk beskou. Die akademie behoort dit alles as deel van ’n strategiese pakket te verpak om die waarde van die akademiese produk te verhoog en mededingende voordeel te verkry.

## 4. UNIVERSITEITE IS NIE BEROEPSKOLE NIE

Nelson Mandela (1994:20) beweer dat onderwys die grootste voertuig tot persoonlike ontwikkeling is. Deur onderwys kan die dogter van ’n bywoner ’n dokter, die seun van ’n mynwerker die bestuurder van daardie myn en die kind van ’n plaaswerker die president van ’n groot nasie word. Dit is nie wat mens in die lewe ontvang het, wat jou van ’n ander onderskei nie, maar wat jy daarvan maak. Daar moet egter besef word dat universiteite nie beroepskole is nie (Bancewicz 2015:27).


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a12

Universiteite behoort daarom uit klein groepies kundige intelligentsia te bestaan. Studente vra dikwels watter werk hulle met 'n bepaalde graad sal kan doen. Beroepsopleiding is egter die taak van kolleges. Daar kry studente praktiese en professionele opleiding en word hulle toegerus vir die bedryf. Kolleges in Suid-Afrika behoort daarom groot en goed befonds te wees. Mense benadruk hier graag die behoefte aan ambagsmanne, soos ketelmakers en elektrisiëns, maar kolleges lei ook bankamptenare, ekonometriese analiste en rekenmeesters op. Navorsing oor gegradueerdes in die bankwese het aangetoon dat baie van hulle werkloos is (Oluwajodu *et al.* 2015). Hul kennis beantwoord nie aan die behoefte van die arbeidsmark nie, want dit is nie hul doel nie (Mohr 2015).

As instellings wat kennis genereer, moet universiteite bestaan uit die intelligentste en hoogste opgeleide mense wat hul besig hou met komplekse verstandelike arbeid en die vorming en ontwikkeling van kennis en wysheid rig en lei. Baie meer kolleges word vir die land bepleit wat tegniese en professionele opleiding aan die massas kan verskaf en mense sal toerus met vaardighede wat onmiddellik vir die ratte van die land se ekonomie van waarde sal wees. Slegs 'n paar klein universiteite behoort te bestaan en hulself hoofsaaklik besig hou met hul hoofdoel, naamlik die skep en ontwikkeling van nuwe kennis.

## 5. DIE PRAKTIESE WAARDE VAN AKADEMIESE ARBEID

Die bemeestering van kennis dien ook tot die voordeel en vooruitgang van die mensdom (Georghiou 2015). Die vrugte van akademiese arbeid is ook van praktiese waarde. In Suid-Afrika is byna 'n derde van die bevolking werkloos, en dit neem nie eens ontmoedigde werkers, of die impak van die Koronavirus, in ag nie. Meer as die helfte van die land se mense leef in absolute armoede (Stats SA 2020a & b). Dit impliseer dat hulle almal van honger sou sterf indien ander nie help nie. Hulle leef in ellende, behoeftig en moedeloos, met 'n baie lae selfbeeld en geen hoop vir die toekoms nie. Dis juis hier waar akademiese insette 'n belangrike rol speel in die opheffing van ons mense en die opbou van hierdie pragtige land.

Wat ekonomiese ontwikkeling betref, kan daar byvoorbeeld aangetoon word dat daar die afgelope dekades wel suksesse bereik is. Daar bestaan 'n duidelike verband tussen opvoeding en produktiwiteit, mededingendheid, wins, groeiende inkome en werkskepping (Van Zyl 2020; Kleynhans 2016). Die Menslike Ontwikkelingsindeks toon aan dat Afrikalande byvoorbeeld die afgelope vyf dekades 'n dramatiese toename in hul ontwikkeling beleef het. Die indeks is saamgestel uit inkome, gesondheid en geletterdheid en toon 'n aanhoudend stygende tendens (Kleynhans & Naudé 1999:28). Dieselfde geld vir die onderskeie lande afsonderlik. Regoor die wêreld is mense besig om te ontwikkel en lewenstandaarde neem gaandeweg toe; en dit sluit die heel armstes in (Ernst & Young 2012:24; UNDP 2010:27).

Die ekonomiese groeikoers van Afrikalande het oor die afgelope vier dekades die res van die wêreld oortref (IMF 2011). Ekonomiese groei verteenwoordig 'n verhoging in produksie, inkome en lewenstandaarde. Volgens die Verenigde Nasies is die aantal mense wat in armoede leef, wêreldwyd, aan die afneem (UNDP 2017:13 &14). Die armoedekoers het van ongeveer 45% gedurende 1980 gedaal tot minder as tien persent teen 2018 (IMF 2017).

Sedert die 1970's het die lewensverwagting van mense en ook hul algehele gesondheid verbeter (UNDP 2010:33). Nie net het voedingsvlakke verhoog nie, maar die vlakke van wanvoeding het gedurende die afgelope drie dekades ook konstant afgeneem (Wêreldbank 2017:10). Mense leef ook langer. Die aantal mense wat jaarliks sterf weens HIV, Malaria en Tuberkulose, is konstant besig om te daal. So byvoorbeeld het 140 uit elke 100 000 mense 20 jaar gelede jaarliks aan malaria gesterf; vandag is dit minder as 90 (WHO 2015:103 & UNDP

2017:51). Hierdie syfers toon dat, namate die vlak van beskawing toeneem, mense se lewenskwaliteit en lewenstandaarde ooreenstemmend voortdurend verbeter.

Saam met al hierdie verbeteringe in die lewensomstandighede het wêreldwye vlakke van geletterdheid en onderwys ook dramaties toegeneem (Wêreldbank 2018). Dit is waar dat korrelasie nie sinoniem is aan kousaliteit is nie, maar dit is opmerklik dat die vlak van ongeletterdheid vanaf 'n wêreldwye gemiddeld van byna 40% gedaal het tot 'n vlak laer as 20% (OWID 2018). Die keersy, naamlik geletterdheid en onderwys gaan daarmee saam. Die vlakke van geletterdheid het vanaf 12% in 1820 tot 83% in 2010 gestyg, en neem steeds toe. In Afrika suid van die Sahara alleen, het die persentasie van die bevolking met onderwysopleiding vanaf minder as 5% tot oor die 70% toegeneem (OWID 2018).

Besoldiging dien wel ook as eksogene motivering. Vlakke van besoldiging korreleer met vlakke van geletterdheid. Persone met doktorsgrade se besoldiging is byvoorbeeld meer as dubbeld dié van persone wat slegs 'n naskoolse diploma het. Waar die gemiddelde salaris van persone met slegs matriek skaars R100 000 is, is die gemiddeld van diegene met PhD's R880 000 per jaar (Web Surveys 2013). Voeg daarby bonusse en ander vergoeding en laasgenoemde verdien gemiddeld meer as 'n miljoen rand per jaar. Akademiese arbeid is duidelik betalend. Sommige akademici soek natuurlik ook deurbrake in kennis en wetenskap om beroemd te word en hul loopbane te bevorder. Akademici doen navorsing omdat hul uitsette vir die mensdom 'n beter wêreld skep. Sodoende is akademici dienaars van hul medemens. Lankester (1916:1) benadruk dit dat die toepassing van kennis tot verhewe dinge lei en dit tevredenheid besorg.

## 6. DIE INTRINSIEKE WAARDE VAN KENNIS

Kennis het egter in die eerste plek intrinsieke waarde (Olsson 2011). Die vrug op akademiese arbeid is nie net prakties en finansieel nie. Kennis is waardevol in eie reg. Dit is besonder aangenaam om iets nuuts te leer, of vir 'n navorser om iets nuuts te ontdek. Die titel van die Nobelpryswenner, Richard Feynman, se boek is juis "The pleasure of finding things out". Die vermeerdering van kennis is aangenaam en soet vir die een wat dit besit. Dit verruim die gees en vergemaklik oorlewing.

Sir Ray Lankester beweer dat die plesier wat mens ervaar wanneer nuwe ontdekkings in die verskillende takke van die wetenskap gemaak word, ongetwyfeld groot is. Die ontdekking van prosesse en eienskappe van die natuurlike wêreld, waarvan tot dusver niks vermoed was nie, skep besondere tevredenheid. Dit verskaf aan die navorser 'n ongekende sin van waarde en regverdig struikelblokke en ontbering, met 'n gevoel van tevredenheid (Lankester 1916:1).

Balfour verklaar in 1909 ook dat die doel van universiteite is om die kruin van die beskawing te veredel en so die welstand van die mensdom te verhoog, maar meer nog, dit stimuleer die verbeelding van almal wat in hierdie heelal waarin ons lot geanker is, belangstel. Bo enige iets anders sou die navorser wil bekend staan as een wat bydra tot die somtotaal van kennis en waarheid (Lankester 1916:6).

Sir Frances Bacon verklaar kennis is mag (Henry 2018), maar kennis is ook van waarde in eie reg. Gedurende die eerste eeu AD benadruk Cicero reeds hierdie feit. Newman (1915:85) en Reekie (1996:135) verwys na Cicero wat beweer het dat mens altyd begeer om meer te leer, omdat dit wat steeds verborge of wonderbaarlik is, noodsaaklik vir lewensgeluk is. Om nie te weet nie, of onseker te wees, bring onsekerheid en stres, maar vir 'n akademikus en navorser bring dit ook opwinding, want dit bied geleentheid om na antwoorde en begrip te soek.

Meeste akademici het 'n ondersoekende gees. Hulle is nuuskierig oor die wêreld. Die skepping is 'n buitengewone plek, interessant en verstommend. Akademici het die geleentheid om te soek na kennis en wysheid; geïnspireerd om meer te leer. Dit verskaf die rasionaal tot navorsing en om die wonderlikste professie denkbaar te beoefen. Die intrinsieke waarde van kennis lei tot 'n goed funksionerende en regverdige samelewing. Dit verskaf 'n gevoel van sekuriteit en psigologiese vrede om wat nodig is, te ken. Net soos gesondheid is kennis wel nuttig, maar om kennis te besit, is ook besonders in eie reg. Dit verskaf 'n gevoel van eie waarde en motiveer mens om nog meer te wil leer en kennis toe te pas. Dit kan lei tot wysheid en fasiliteer innovasie (UNESCO 2005).

Owerhede streef wêreldwyd daarna om 'n kennisgemeenskap te bou (Van den Berg & Keizer 2015; Powell & Snellman 2004; Blankley & Booyens 2010). Die Verenigde Nasies streef daarna ter wille van hoër welsyn (UNESCO 2005). Die wêreld is besig om vanaf die industriële era oor te beweeg na 'n kennis-era waar kennis die belangrikste produksiefaktor is (Kleynhans & Naudé 2006). Navorsing toon aan dat sommige ondernemings beter as ander identiese ondernemings vaar indien hulle meer intellektuele kapitaal besit (Chen, Cheng & Hwang 2005). Kennis voorsien aan ondernemings 'n mededingende voordeel wat tot hoër winste lei en meer werk skep (Teece 1998:76). Ontasbare bates is die vernaamste basis van mededingende differensiasie en die skepping van welvaart. Intellektuele kapitaal stel ondernemings in staat om hulself behoorlik te posisioneer en opbrengste te verhoog.

Sonder om in te gaan op die epistemologie, kan daar beweer word dat kennis waardevol is (Pritchard 2009). Kennis verteenwoordig feite, maar ook interne netwerke en verbindings tussen feite, sowel as die ingewikkelde dinamika daaragter, en dit is nodig om die wêreld te verklaar en te verstaan. Kennis verteenwoordig ook besondere vaardighede en insig onderliggend aan wetenskaplike verskynsels en tegnologiese vooruitgang. Die vernaamste doel van kennis is wysheid (Bruggeman-Kruyff, Voorsluis & Zijlstra 1978; Venter 1978). Saam met die versameling van kennis, is die doel om begrip, insig en uiteindelik ook wysheid te bekom. Dit is tot voordeel van die gemeenskap, psigies, geestelik en ekonomies. Dit is beter om volgens bevestigde kennis en waarheid te handel, as om intuïsie, geloof of gevoel te volg (Roush 2010). Slim mense maak wel soms dom foute, maar wysheid stel mens in staat om vooraf te kan voorspel wat die beste in die toekoms sal wees. Die intrinsieke waarde van kennis benadruk die waarde van basiese navorsing en ook navorsing sonder 'n praktiese doel en afgestem op die genot daarvan, omdat 'n mens nooit weet wanneer bepaalde kennis dalk benodig mag word nie.

## 7. VERWONDERING IS DIE BEGIN VAN WYSHEID

Die antieke filosoof Sokrates beweer dat wysheid by verwondering begin (Plato 1986). Die orde van die skepping en die natuurwette laat wetenskaplikes in verwondering (Venter 1978). Dit is die oorsprong van navorsing, want die akademikus verwonder hom of haar oor 'n saak en dit lei dan tot diepere ondersoek. Voeg mens byvoorbeeld soutsuur by ammoniak, maak dit wit wolke. Sulke eksperimente lyk soos 'n kombinasie tussen speel en toor en die wetenskaplike staan verstom en vra, maar waarom gebeur dit en hoe kan dit aangewend word? Hepburn (1980) beskou verwondering as 'n begeerte na kennis. Akademiese arbeid lei tot die ontdekking van verwondering, kompleksiteit, skoonheid en die onverklaarbare, wat weer lei tot verdere nuuskierigheid en 'n diepere waarde daaragter (Bancewicz 2015:34 & 189).

Ook in die geesteswetenskappe bestaan daar verwondering. So byvoorbeeld verwonder 'n mens hom oor die feit dat ten spyte daarvan dat markdeelnemers almal hul eie belange


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a12

nastreef, hulle nietemin die hele samelewing se behoeftes terselfdertyd vervul. As mens mooi daaroor nadink, bly dit 'n misterie. Hoe kan produkte ewewigspryse op die mark bereik? Daagliks vind miljoene transaksies in die mark plaas en tog is die prys van produkte, byvoorbeeld broodsmeer, by die meeste winkels naastenby dieselfde. Hoe is dit moontlik? Of die ekonoom staan verstom oor die akkuraatheid van ekonometriese vooruitskattings.

Die betrokke outeur was byvoorbeeld verwonderd oor hoe internasionale mededingendheid vanuit die plaaslike fabrieksvloer moontlik is. Hoe werk die plaaslike interaksie tussen markvraag, produksiefaktore, ondernemings se struktuur, strategie en onderlinge mededingendheid, verwante en ondersteunende besighede en die invloed van hul geografiese ligging, en waar pas handelsliberalisering en vervaardiging in? Is dit waar dat omgewingswetgewing industriële mededingendheid benadeel? Hoe doeltreffend is die owerheid se streeksontwikkelingsbeleid? Hoe vind konvergensie van ekonomiese aktiwiteite, werkskepping en groei byvoorbeeld plaas tussen onderskeie distrikte van 'n provinsie? So bestaan daar nog talle vraagstukke in alle vakgebiede.

Verwondering lei vir akademici tot navorsing. Navorsers aan die Noordwes-Universiteit se TRADE-navorsingseenheid, onder prof. Wilma Viviers, het byvoorbeeld besin oor die manier waaop produsente produkte waarin mededingende voordeel besit, volhoubaar tot die land se voordeel kan aanwend. Hulle het 'n dinamiese ondersteuningsmodel (DSM) ontwikkel wat nie net vasstel waarin 'n gebied goed is nie, maar ook bepaal waar daar tans realistiese uitvoermoontlikhede bestaan.

So lei een idee waaroor mense wonder tot 'n ander (Bancewicz 2015:54). Talle goudmyne in Suid-Afrika is byvoorbeeld nie meer ekonomies ontginbaar nie (Kleynhans 2012). Is daar ander bedrywe wat hulle posisies kan inneem ten einde te verseker dat die ekonomie steeds sal kan voortleef en mense werk het? Wat van die krisis in die staalbedryf en globale waardekettings? Die probleme by ESKOM en die besoedeling van mynwater, skaliegas, kernkrag, die invloed van tegnologie, nywerheidsontwikkelingslesse uit Indië en soewereine oliefondse in Noorweë en Nigerië, die Wal-Mart/Massmart-samesmelting, doeltreffendheid van die Afrika-unie, die filosofiese begronding, en ekonomiese vryheid – elke nuwe idee verander geleidelik tot 'n nuwe navorsingsprojek en publikasies spruit daaruit.

Wat navorsing so genotvol maak, is die wonder wat dit openbaar (Bancewicz 2015:162). Einstein (1931) het beweer dat 'n persoon wat nie in verwondering en ontsag oor die wêreld en die natuur kan stilstaan nie, so goed soos 'n dooie is. Van die belangrikste dryfvere van die wetenskap is betowering, wonder, weetgierigheid, en die genot om uitdagings die hoof te bied, die voorreg om ontdekkings te maak en sin te gee, en moontlik ook ambisie (Venter 2006; 1978). Dit mag ook lei tot wysheid en die vermoë om te verklaar, te verstaan en te voorspel (Mohr 2015). Carson (1990) beweer dat wetenskaplike ondersoek navorsers laat besef dat hulle besig is met iets veel dieper, groter, langdurend en beduidend (Moltmann 2003).

Om iets onverwags te ontdek, maak akademiese inspanning die moeite werd. Dit vervul mens met 'n gevoel van agting en respek. Dit verplig navorsers dikwels om bestaande paradigmas en denkraamwerke te verander en weer na nuwe waarhede te soek. Adam Smith het geglo dat verwondering sou verdwyn soos wat kennis vermeerder, maar soos wat navorsing groei, lei dit deurgaans tot die besef van interessante toepassing, geleenthede en verwondering oor nuwe aspekte wat dit ontbloot. Navorsers is in 'n nimmereindigende sirkel waar nuwe ontdekkings hul weer laat wonder oor ander aspekte wat nagevors moet word (Boden 1985; Bancewicz 2015:168 & 170). Diepere begrip lei tot verdere ontwerp van nuwe navorsing en verwondering is eindeloos. Die see van kennis is so diep dat die mensdom dit nooit ten volle sal begryp nie. Verdere ondersoek laat die mens besef hoe min hy weet. Hoe dieper die navorser


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a12

’n onderwerp bestudeer, hoe groter word die misterie en hoe meer word die akademikus geïnspireer. Uiteindelik word akademiese arbeid diens aan God terwyl die navorser in verwondering staan oor die skepping (Wiseman 2012; Hardin 2001:253).

Verwondering motiveer nuuskierigheid en die navorsing wat daaruit spruit, is doelgerig. Dit verskaf die brandstof wat die inspanning wat met sulke akademiese arbeid gepaardgaan, aanspoor en regverdig. Dit skep erns in ’n belangrike saak en veroorsaak intellektuele verdieping en veredel kreatiwiteit wat tot groot waarde vir die mensdom is.

## 8. DIE WAARDE VAN BASIESE EN DOELLOSE NAVORSING

Die waardevolste navorsing is egter navorsing wat geheel en al plaasvind vir die genot daarvan. Navorsing behoort in die eerste plek gedoen te word vir die bevrediging van die navorser se nuuskierigheid en die plesier om sy intellektuele honger na intrinsieke kennis en wysheid te bevredig. Waar ’n taak eerstens vir die genot verrig word, is die uitset dikwels van die grootste waarde, so ook met navorsing. Dink maar net aan al die tyd en moeite wat mense dikwels aan hul stokperdjies spandeer. Dit word uit vrye wil met groot ywer verrig en dit lewer ’n produk van meerdere kwaliteit. Dit lei tot kreatiwiteit wat weer tot verdere ondersoek, ander vindingryke ondersoeke, aanpassings en selfs tot onverwagte toepassings mag lei.

Basiese wetenskapsbeoefening en ondersoek wat nie gefokus is daarop om net ’n spesifieke doel of nut te vervul nie, lei dikwels later tot groot waarde. Intelligentsia by universiteite behoort ’n bron kennis daar te stel vir die benutting deur ander wanneer dit benodig word. Kennis van ’n generiese aard het baie toepassingsmoontlikhede en is van meer waarde as ’n ondersoek wat net ’n korttermynprobleem vinnig moet oplos en daarna vergete raak. Mens weet nooit wanneer en waar bepaalde kennis benodig gaan word nie.

Die wetenskaplike metode lê die grondslag vir die beste kritiese denke. Geld wat, byvoorbeeld, aangewend word in kliniese proewe, mag moontlik ’n paar honderd pasiënte se simptome genees, maar basiese navorsing het die potensiaal om genesing te vind vir tientalle siektes en miljoene lewens red, omdat dit moontlik die gemeenskaplike meganismes waarvolgens talle bakterieë en virusse werk, kan ontrafel (Levitin 2016:252).

Daar bestaan talle voorbeelde waar kennis op die lang termyn van groot waarde is. Die antieke Grieke het reeds ontdek dat wette van die natuur die wiskundige denke van God is. Euklides het dan ook byvoorbeeld teen 285 v.C. meetkundestellings opgeteken – dieselfde Euklidiese meetkunde wat ons kinders vandag nog op hoërskool leer en ingenieurs daagliks in hul ontwerpe gebruik.

Die Franse parlementêre hoofregter, Pierre de Fermat, het gedurende die sewentiende eeu saans wiskunde bloot as ’n stokperdjie beoefen en tog was hy ’n belangrike grondlegger van die wiskunde met talle toepassingsmoontlikhede (Strogatz 2019:100).

Charles Boole (1847) ontwikkel Boleense algebra in 1847 sonder die wete dat dit in die derde millennium in die ontwikkeling van digitale elektronika en die ontwerp van rekenaars gebruik sou word. Toe Einstein vierdimensionele meetkunde vir sy relatiwiteitsteorie benodig het, het hy gevind dat Riemann dit reeds tien jaar tevore om suiwer akademiese doeleindes ontwikkel het (Strogatz 2019:289). Net so min as wat ’n graad 1-kindjie wat vermenigvuldiging, of ’n eerstejaarstudent wat statistiek aanleer, nie weet waar hy of sy dit eendag gaan gebruik nie; en tog is dit later van waarde.

As jong akademikus het Richard Feynman aan sy hoof gemeld dat hy bekommerd is oor die kwaliteit van sy navorsing en die onderwerpe. Hy is egter meegedeel om net na te vors wat hom fassineer en wat hy geniet. Terwyl hy eendag in ’n restourantjie daaroor sit en nadink,


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a12

sien hy hoe ’n kok pizza-deeg deur die lug slinger. Hy het begin wonder watter wiskundige kromme die deeg volg terwyl dit so deur die lug wankel, en hy ontwerp toe die wiskunde van wankelings. Dit is presies daardie wiskunde wat hy jare later gebruik het om die teorie van kwantumelektrodinamika te ontwikkel en wat uiteindelik aan hom die Nobelprys besorg het (Feynman 2018:160-161).

Talle akademici sien neer op navorsing vir besighede en die industrie, aangesien suiwer kennis slegs by ’n universiteit werklik onpartydig en sonder kommersiële belange beoefen kan word (Hager 2006:77). Wallace Carothers aanvaar gedurende 1928 ’n navorsingspos in die privaat sektor by die DuPont-maatskappy, op voorwaarde dat hy hom kon toelê op suiwer wetenskap wat slegs van akademiese waarde sal wees (Hermes 2005:150). Carothers het slegs suiwer akademiese kennis bewonder en geen belangstelling in praktiese toepassings gehad nie (Smith & Hounshell 1985:436). Tog ontdek hy neopreen en nylon. Net betyds vir die Tweede Wêreldoorlog, want Japan het toe sopas die uitvoer van sy vir valskerms afgesny en isolasiemateriaal vir radarkabels was ook benodig. Voeg daarmee saam al die gebruiksware wat vandag vanuit nylon spruit, soos toue, bekers, borde, bande en sykouse, om maar net ’n paar te noem.

Navorsing wat suiwer vir die genot daarvan gedoen word, stel kennis daar wat enige tyd van waarde mag wees, al is dit nie onmiddellik die geval nie. Dit lei tot navorsingsuitsette van beter en langdurige waarde. Navorsing wat in ons land normaalweg net befondsing kry, indien dit duidelik van onmiddellike waarde vir Suid-Afrika en sy mense is, is gevolglik kortsigtig en van mindere waarde. Dermate kan die stel van ’n deeglik geformuleerde probleemstelling en hipotese vooraf bevraagteken word. Daar kan selfs gevra word of dit nie navorsing verskraal of lei tot eensydigheid nie (Venter 1975; 1978). In hierdie opsig mag nuwe tegnieke, soos data-eksplorasie (“data mining”) moontlik van waarde wees (Ayres 2007), waar die data eerstens ondersoek word vir onderliggende patrone, sonder ’n vooropgestelde oogmerk.

Navorsing behoort aangemoedig te word. Richard Feynman (2005) beweer dat daar ’n aansienlike hoeveelheid intellektuele tirannie in die naam van die wetenskap bestaan. Dikwels is daar ’n tipe akademiese Darwinisme. Daar is duidelike tekens van “akademiese tirannie” wat voorskrifte van die Suid-Afrikaanse owerheid en die Departement van Hoër Onderwys betref, rakende waarop navorsing gefokus moet word, sodat befondsing by universiteite meestal slegs bewillig word, indien dit binne die staat se navorsingsfokus val. Slegs dit wat die staat, NRF, vakhoof, direkteur of dekaan belangrik ag, mag deur personeel nagevors word (Venter 2006). Die oorlewing van die sterkste verplig navorsers om na terreine weg van hul belangstelling te beweeg en daar word slegs voorkeur aan spesifieke tipes navorsing verleen (Jones 2019). Selfs die afwys van sogenaamde roofjoernale word deur sommiges gesien as maniere om mededingers te verdryf.

Meer basiese navorsing en navorsing sonder ’n spesifieke korttermyndoel of bruikbaarheid behoort onderneem te word (Boultan & Lucas 2008). Meer akademiese vryheid waar akademici navorsing mag doen na gelang van hul wense, sal uiteindelik tot almal se voordeel wees. Dit impliseer egter glad nie dat kwaliteit ingeboet mag word nie. Alle navorsing moet steeds te alle tye voldoen aan die beginsels van die hoogste akademiese standaarde (Nubong 2016).

## 9. STEEDS HOOGSTE STANDAARDE

Alhoewel akademici navorsing in die eerste plek behoort te beoefen vir die skoonheid en genot daarvan, moet die hoogste standaarde steeds nagestreef word (CHE 2013). Die ontwikkeling van kritiese denke deur die eeue het tot ’n wetenskaplike omwenteling gelei (Levitin 2016:181).

Werk moet altyd van logika getuig. Een feit moet deduktief na die volgende lei en alle stellings moet deeglik begrond word, of induktiewe afleidings gemaak word.

Akademiese arbeid vereis ’n delikate balans tussen kuns en wetenskap. Dit beteken nie dat mens enige iets moet glo of swak navorsing aanvaarbaar is nie, en dit is foutief om afleidings op grond van onvoldoende bewyse te maak (Clifford 1999; Bancewicz 2015:44). Die Nobelpryswenner vir Fisika, Richard Feynman (2005), stel dit dat “Wetenskap die geloof in die onkunde van kundiges is”. Akademiese arbeid moet altyd deeglik wees (Clifford 1999). Die doel is om die waarheid te ontdek (Bancewicz 2015:49) en daarom behoort navorsers altyd die geldigheid van bewyse en data te bevestig. Daar bestaan ook ander sienings van kennis en waarheid. Sien byvoorbeeld die skitterende artikel van Van Lill (2019).

Wetenskaplike feite kan eers aanvaar word indien talle navorsers van verskillende instellings en projekte se resultate ooreenstem. Wetenskaplike kennis vorder met baie klein treetjies en eers as ’n kritieke massa resultate op dieselfde kennis dui, kan dit na behoorlike verifikasie aanvaar word. Vooruitgang vloei voort wanneer versigtige waarneming en ’n aanhoudende soeke na die waarheid by intelligente denke gevoeg word. Geen teorie of natuurwette kan absolute waarheid verteenwoordig nie, maar navorsing bring akademici telkens al nader aan die waarheid (Popper 1959). Ideaal gesproke is kritiese meta-analise van tyd tot tyd nodig (Levitin 2016:183).

Die meeste vakgebiede op universiteit, soos Chemie, Fisika, Sterrekunde en Ekonomie, maar ook die tale en Sosiologie, is kognitiewe wetenskappe. Dit maak die aanname dat mense rasioneel is, dat die wêreld navorsing waardig is, en dat daar ’n stel wette bestaan wat ontdek en tot voordeel van die mensdom ontgin kan word. Wetenskaplike wette kan logies en wiskundig afgelei en beskryf word (Bancewicz 2015:44). Die skepping is logies en dit maak dit moontlik om wetenskaplike wette te formuleer wat tot voordeel van die mensdom aangewend kan word (Bronowski 1966). Die wêreldorde is rede-gedrewe en daarom kan nuwe kennis deur empiriese waarneming en verwerking geproduseer word (Wootton 2016).

Enige akademiese aktiwiteite behoort ’n streng logiese orde te volg (CHE 2013:42). Daar bestaan by talle ’n gebrek aan logiese kapasiteit; selfs studente met grade in Fisika en Ekonomie. Logika behoort reeds as ’n vak op skool aangeleer te word. Wiskunde is die eksakte vergestalting van menslike denke. Waar van pas, behoort wiskunde en statistiese metodes benut te word om te verseker dat die navorsingsresultate deeglik en met sekerheid as waarheid aanvaar kan word. Wiskunde is nie bloot ’n droë stuk gereedskap nie, dit is ook lewendige denke, onafskeidbaar verbonde aan die menslike kultuur (Kline 1996:17). Wiskundige en logiese denke lei tot nuwe insigte en stimuleer verdere nuuskierigheid (Eastaway 2005).

Die toepassing van wiskunde op die wetenskap is die magtigste instrument om die wêreld mee te verstaan. Sedert groot denkers van weleer, soos Descartes, Leibnitz en Newton, begin het om die wiskundige manier van dink toe te pas op natuurlike verskynsels, is verstommende realiteite reeds ontdek (Kline 1996). Wiskundige denke beklee die menslike verstand met ’n vermoë tot denke van ’n hoër orde (Kline 1996:51). Denke lei tot eksperimente en waarneming wat weer tot verdere denke en kennis lei.

Dit is moontlik om die fisiese omgewing te verstaan deur wiskundige denke en die menslike brein te benut, omdat dit nie net verstaanbaar is nie, maar ook moontlik om kennis wat so verwerf is, te gebruik om moderne tegnologie te ontwikkel en daardeur ’n beter lewensruimte vir almal te skep. Sommige vind wiskundige denke en logika moeilik, en sê selfs dat dit hul hoofbrekens besorg. Selfs Newton het soms so gevoel (Strogatz, 2019:229). Talle navorsers sien dit egter as ’n uitdaging omdat hulle die waarde daarvan besef. Intellektuele gestoei word


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a12

ook as ’n baie spesiale soort verwondering beskou en namate meer ontdek word, lei diepere begrip tot hoër vlakke van verwondering (Bancewicz 2015:180).

Selfs in vakgebiede waar wiskunde nie van pas is nie, behoort die manier waarop die wetenskaplike metode toegepas word en afleidings gemaak word, die wiskundige paradigma na te volg.

## 10. SAMEVATTING

Universiteite het ’n lang geskiedenis wat reeds by die Griekse filosowe begin. Besondere tradisies en ingesteldheid het veral gedurende die Middeleeue gestalte gevind. In die verlede was dit ’n besondere geleentheid om tot ’n universiteit toegelaat te word. Dit het met groot seremonie en eer gepaardgegaan. Die tradisies leef steeds voort by die meeste universiteite.

In hierdie artikel is die waarde van akademiese arbeid ondersoek en aangetoon dat studie en navorsing unieke uitsette lewer. Aanvanklik is benadruk dat die akademie ’n verhewe roeping dien. Dit word eerstens beliggaam in die respek vir akademiese wysheid, maar ook ’n besef dat navorsers besig is met iets ver bo hulself verhewe.

Geletterdheid maak die wêreld ’n beter plek en die resultate van navorsing is van besondere nut. Daar is aangetoon dat akademiese arbeid wat navorsing, onderrig en selfstudie insluit, van groot waarde is en waardevolle produkte en gevolge oplewer, wat ook beter bemark moet word. Daar is aangetoon hoe dit, byvoorbeeld, tot ekonomiese onwikkeling gedurende die afgelope dekades gelei het. Wêreldwyd het die vlakke van armoede en ongelykheid verbeter, asook die mensdom se gesondheid en voedingstatus; en baie belangrik – daarmee saam het geletterdheidskoerse en jare op skool ook toegeneem. Akademiese arbeid is hoofsaaklik die produk van die menslike psige, maar selfs die mees abstrakte is van besondere waarde.

Die artikel lewer ook ’n spesiale pleidooi om navorsing in die eerste plek te onderneem vir die genot daarvan en nie om ander te beïndruk of vir ’n spesifieke doel nie. Navorsingsresultate behoort generies te wees, wat die toets van die tyd kan deurstaan (Boulton & Lucas 2008). Dit behoort van nut te wees vir ’n wye reeks probleme en uitdagings, waarvan baie nog nie eens bekend is nie. Veral nuttelose navorsing, of liewer basiese navorsing of navorsing sonder ’n spesifieke praktiese doel, is dikwels in die toekoms van groot waarde. Mens kan nie voorsien watter kennis juis iewers in die toekoms nodig gaan wees nie; maar indien daar ’n bron van kennis is, mag dit later benodig word. Voorbeelde rakende Euklidiese meetkunde, die wiskunde van wankelings (“wabbles”), Booleense algebra, relatiwiteitsteorie en die ontwikkeling van nylon is as illustrasies voorgehou.

Die Griekse filosoof Socrates het beweer dat wysheid by verwondering begin. Akademici doen navorsing omdat hulle met ontsag vervul is oor die wonders van die skepping en die resultate wat navorsing oplewer. Verwondering is die begin van wysheid en dit is dan ook die begin van navorsing. Hulle is altyd besig met ondersoek en naspeur omdat hulle honger na meer kennis. Nuuskierigheid behoort altyd as grootste motivering te dien. Kennis besit intrinsieke waarde, wat meer werd is as goud en korale. Studies oor die ekonomie lewer byvoorbeeld groot materiële welvaart, maar die psigologiese beloning van navorsing bring die meeste en mees ewigdurende waarde voort.

Die artikel benadruk laastens egter dat hoë akademiese standaarde altyd gehandhaaf moet word. Behoorlik gefundeerde metodes en logiese denke behoort die grondslag te vorm, soortgelyk aan wiskundige denke, waar die eerste motivering die soeke na die waarheid, kennis, insig en wysheid is.

In hul arbeid streef akademici na verhewe ideale. Hulle lag, sing, dig en droom, bestudeer plante, bome, diere en die samelewing, pluis uitdagings uit, maak nuwe ontdekkings, ontwikkel tegnologie en plaas mense op die maan en mik na Mars. Deur dit alles, word akademiese arbeid en geletterdheid benut om die mens se kultuuropdrag, om van die wêreld 'n beter plek te maak, te volvoer. Die akademie is voorwaar 'n baie besondere roeping.

## ERKENNING

Die skrywer erken die steun van die Wêreldhandelsorganisasie (WTO) en die Nasionale Navorsingstigting (NRF). Die bevindinge en menings uitgespreek, gevolgtrekkings, is dié van die skrywer en moet nie noodwendig aan die ondersteunende instellings toegeskryf word nie.

## BIBLIOGRAFIE

Ayres, I. 2007. *Super crunchers*. London: John Murry.

Bancewicz, R.M. 2015. *God in the lab. How science enhances faith*. Oxford: Monarch Books.

Blankley, W.O. & Booyens, I. 2010. Building a knowledge economy in South Africa. *South African Journal of Science*, 106(11-12):1-6.

BIS. 2013. The benefits of higher education participation for individuals and society: key findings and reports: 'the quadrants'. London, Great Britain Government: Department for Business, Innovation and Skills.

Boden, M.A. 1985. Wonder and understanding. *Zygon*®, 20(4):391-400.

Boole, G. 1847. *Mathematical analysis of logic*. Cambridge: McMillan.

Boulton, G. & Lucas, C. 2008. What are universities for? League of European Research Universities. *LERU*, 1-17.

Bronowski, J. 1966. *The common sense of science*. Harmonsworth: Penguin.

Bruggeman-Kruyff, A., Voorsluis, R. & Zijlstra, O.K. reds. 1978. *De taak van de universiteit*. Assen: Van Gorcum.

Brusoni, M., Damian, R., Sauri, J.G., Jackson, S., Kömürcügil, H., Malmedy, M., Matveeva, O., Motova, G., Pisarz, S., Pol, P., Rostlund, A., Soboleva, E., Tavares, O. & Zobel, L. 2014. The concept of excellence in higher education. Brussels: European Association for Quality Assurance in Higher Education, *Occasional Papers,* 20.

Carson, R. 1990. *The sense of wonder*. Berkeley, CA: Nature Company.

CHE. 2013. The aims of higher education. Kagisano, no. 9, Pretoria: South African Council on Higher Education.

Chen, M., Cheng, S. & Hwang, Y. 2005. An empirical investigation of the relationship between intellectual capital and a firm's market value and financial performance. *Journal of Intellectual Capital*, 6(2):159-176.

Clifford, W.K. 1999. *The ethics of belief and other essays.* (Great Books in Philosophy). New York: Prometheus.

Cunningham, A. 2006. *The broader societal benefits of higher education*. Washington, DC: Solutions for our Future.

Da Wan, C., Sirat, M., & Razak, D.A. 2015. The idea of a university: Rethinking the Malaysian context. *Humanities*, 4(3):266-282.

Deloitte. 2015. *The importance of universities to Australia's prosperity*. Canberra: Universities Australia.

Dolnick, E. 2012. *Clockwork Universe: Isaac Newton, the Royal Society, and the Birth of the Modern World*. New York: Harper Perennial.

Dyason, D. & Kleynhans, E.P.J. 2017. A university in a small city: Discovering which sectors benefit. *Acta Commerci,* 513, 17(1):1-13.

Eastaway, R. 2005. *Why do buses come in threes*? London: Robson Books.

Einstein, A. 1931. *Living philosophies*. London: Ams Press.

Ernst & Young. 2012. *Africa attractiveness survey: Africa: Building bridges*. London: EY.

Feynman. R.P. 2005. *The pleasure of finding things out*. New York: Basic Books.

Feynman, R.P. 2018. *Surely You're Joking, Mr. Feynman*! Manhattan: W.W. Norton.

Georghiou, L. 2015. Value of research. Policy paper by the Research, Innovation, and Science Policy Experts. Brussels: European Commission.

Hager, T. 2006. *Demon under the microscope*. New York: Three Rivers.

Hardin, J. 2001. What is the perspective from bioscience? *Perspectives on Science and Christian Faith,* 53(4):248-537.

Hawking, S. ed. 2007. *God created the integers: The mathematical breakthroughs that changed history*. London: Running Press.

Henry, J. 2018. *Knowledge is power*. London: Icon Books.

Hermes, M.E. 2005. *Enough for one lifetime: Wallace Carothers, inventor of nylon*. Washington: Chemical Heritage Foundation.

Hepburn, R.W. 1980. Wonder. In: *Aristotelian Society Supplementary Volume,* 54(1):1-24.

Hill, K., Hoffman, D. & Rex, T.R. 2005. *The value of higher education: Individual and societal benefits*. L. William Seidman research Institute, Productivity and Prosperity Project (P3), Tempe: Arizona State University.

IMF. 2017. Regional economic outlook. Sub-Saharan Africa: Restarting the growth engine. Washington, D.C.: International Monetary Fund.

IMF. 2011. Regional economic outlook. Sub-Saharan Africa: Slowing growth, rising risks. Washington, D.C.: International Monetary Fund.

Jaffe, A.B. 1989. Real effects of academic research. *American Economic Review*, 79(5):957-970.

Jones, S. 2019. *No need for geniuses*. London: Abacus.

Kerr, C. 2001. *The uses of the university*, 5th ed. Cambridge: Harvard University Press.

Kleynhans, E.P.J. 2012. Die effek van dalende goudmynproduksievlakke op indiensname in die Dr. Kenneth Kaunda-Distriksmunisipaliteit. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 52(4):678-704.

Kleynhans E.P.J. 2016. Determinates of industrial competitiveness and the role of spillovers. *Journal of Applied Business Research*, 32(2):527-540.

Kleynhans, E.P.J. & Naudé, W.A. 1999. *Economic development decisions & policy – A South African manual*. Potchefstroom: Potchefstroom University for CHE.

Kleynhans, E.P.J. & Naudé, W.A. 2006. Suid-Afrikaanse nywerheidsontwikkeling te midde van globalisasie en moderne tegnologie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 46(3):367-380.

Kline, M. 1996. *Mathematics in Western culture*. New York, N.Y. Oxford University Press.

Levitin, D. 2016. *Field guide to lies and statistics*. New York: Penguin.

Lankester, R. 1916. *Science from an easy chair*. London: Methuen.

Mankiw, N.G. 2014. *Principles of economics*. Hampshire: Cengage Learning.

Mandela, M. 1994. *Long walk to freedom*. Boston: Little, Brown.

Moltmann, J. 2003. *Science and wisdom*. London: SCM.

Mohr, P. 2015. *Economics for South African students*. Pretoria: Van Schaiks.

Newman, J.H. 1915. *On the scope and nature of university education*. London: Everyman, Dent.

Nubong, G.F. 2016. *The pursuit of academic excellence*. Cape Town: Campus Voice Publishers.

Olsson, E.J. 2011. Value of Knowledge. *Philosophy Compass*: 874-883.

Oluwajodu, F., Blaauw, P.F., Greyling, L. & Kleynhans, E.P.J. 2015. Graduate Unemployment in South Africa's Banking Sector. *South African Journal of Human Resource Management,* 13(1):1-9.

Our World in Data (OWID). 2018. World is changing. Homepage. https://ourworldindata.org/ Accessed 24 Nov. 2020.

Popper, K. 1959. *The Logic of Scientific Discovery*. London: Hutchinson.

Pritchard, D. 2009. The value of knowledge. *Harvard Review of Philosophy*, 16(1):86-103.

Plato. 1986. *The dialogues of Plato*. Translated by Segal, E. New York: Bantam.

Powell, W.W. & Snellman, K. 2004. The knowledge economy. *Annual Review of Sociology*, 30:199-220.

Reekie, W.D. 1996. The university as a firm: Oxymoron or a Pour Parler se Tirer D'affaire? *South African Journal of Economics,* 64(3):139–150. https://doi.org/10.1111/j.1813-6982.1996.tb01125.x.

Roush, S. 2010. The value of knowledge and the pursuit of survival. *Metaphilosophy*, 41(3):255-278.

Smith, J.K. & Hounshell, D.A. 1985. Wallace H. Carothers and fundamental research at Du Pont. *Science*, 229(4712):436-442.

Statistiek Suid-Afrika (Stats SA). 2020a. Amptelike webwerf. Pretoria: Stats SA. http://www.statssa.gov.za/.

Stats SA. 2020b. Quarterly Labour Force Survey, Quarter 3. Statistical release P0211.

Strogatz, S. 2019. *Infinite Powers: How Calculus Reveals the Secrets of the Universe*. Boston, Massachusetts: Houghton Mifflin Harcourt.

Sayre, W. & Kaufman, H. 1960. *Governing New York City: politics in the metropolis*. New York: Russell Sage Foundation.

Teece, D.J. 1998. Capturing value from knowledge assets: The new economy, markets for know-how, and intangible assets. *California Management Review*, 40(3):55-79.

UNDP. 2017. *Global trends. Challenges and opportunities in the implementation of the sustainable development goals*. New York: United Nations Development Programme and United Nations Research Institute for Social Development.

UNDP. 2013. *Human Development Report 2013: Millennium Development Goals: A compact among nations to end human poverty*. New York: Oxford.

UNDP. 2010. Human development report 2010: the real wealth of nations: pathways to human development. 20th Anniversary Edition. New York: United Nations Development Programme.

UNESCO. 2005. *Towards knowledge societies*. Paris: United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation.

USAf. 2018. Universities funding in South Africa; A fact sheet. Pretoria: Universities South Africa.

Van den Berg, C & Keizer, M. 2015. The value of knowledge strategic agenda for higher education and research 2015-2025. Amsterdam: Ministry of Education, Culture and Science.

Van Lill, J.B. 2019. Die verwerwing van kennis oor die komplekse menslike leefwêreld. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 59(3):318-344.

Van Niekerk, A.A. 2019. Die intellektueel as opvoeder. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 59(3):305-317.

Van Zyl, G. 2020. The impact of new production technology on employee productivity in the South African workplace, *Journal of Economic and Financial Sciences,* 13(1):1-8, a507. https://doi.org/10.4102/ jef. v13i1.507.

Venter, J.J. 2006. A creative humane university – Coping with the business model. *Koers-Bulletin for Christian Scholarship*, 71(2-4):357-396.

Venter, J.J. 1978. De taak van de universiteit, In Th. Bruggeman-Kruyff, A. *et al*., reds. *De taak van de universiteit*. Assen: Van Gorcum, pp. 5-50.

Venter, J.J. 1975. Yesterday and today: The task of the university. *Koers-Bulletin for Christian Scholarship/ Bulletin vir Christelike Wetenskap*, 40(4/6):402-420.

Venter, W.J. 1976. *Metodologiese verkenning in Ekonomie*. Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks H: Inougurele Redes Nr. 6. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Web Surveys. 2013. IT salary survey 2013. South Africa. http://v2.itweb.co.za/index.php?option=com_content&view=article&id=65848# Accessed 24 Nov. 2020.

WHO. 2015. Health in 2015: *From MDGs, Millennium Goals to SDGs, Sustainable Development Goals*. Geneva: World Health Organization.

Wiseman, J. 2012. Science as an instrument of worship. *BioLogos,* 5 Mar. https://biologos.org/blogs/archive/science-as-an-instrument-of-worship-part-1 Accessed 24 Nov. 2020.

Wootton. D. 2016. *The invention of science: A new history of the scientific revolution*. London: Penguin.

World Bank. 2018. World development indicators 2018. Washington: World Bank.

World Bank. 2017. Atlas of Sustainable Development Goals 2017, from World Development Indicators. Washington: World Bank.

Zuccollo, J. & Schilling, C. 2010. The economic value of university investment. Report to Universities New Zealand. Wellington: NZIER.

# Redakteursnota

Die Byderhand-Pionierprojek, soos ’n mens al uit die naam kan vermoed, is ’n heel besonderse onderneming. Gesetel in Worcester, in die Breëriviervallei in die Wes-Kaap, behels die projek multimodale literatuurinstallasies, wat ook toeganklik is vir siggestremdes. Aan die een kant is dit as ’n voobeeld van toegepaste elektroniese literatuurstudie die neerslag van gevorderde akademiese navorsing; maar aan die ander kant het samewerkingsverhoudings met verskeie partye daartoe bygedra dat die praktiese uitvoering daarvan met groot sorg en kundigheid geskied het. Dit is, met ander woorde, soos die outeurs dit eksplisiet stel, ’n voorbeeld van ’n deelnemende projek “as praktiese toepassing van navorsing en gemeenskapsbetrokkenheid”. Die totstandkoming van ’n multisensoriese tuin in Worcester en die skep van digitale literatuur, soos verhale en gedigte, word in die drie artikels in hierdie afdeling uiteengesit. Franci Greyling, Suna Verhoef en Gustav Tempelhoff skets die totstandkoming, konseptualisering en uiteindelike volvoering van die projek. In die daaropvolgende artikels fokus Bernard Odendaal en Fransi Greyling op die plasing van gedigte en verhale in die tuin. Vermeldingswaardig is die deurgaanse fokus op die kernbydrae van siggestremdes, as volwaardige vennote in die totstandkoming en beplanning van alle aspekte van die projek.

Beskou vanuit ’n ander hoek, kan hierdie projek saamgelees word met die fokus op die kwesbaarheid van kinders in die konteks van Suid-Afrikaanse huishoudings en families. Dit illustreer, sy dit dan nie binne gesinsverband nie, hoe verbeeldingryke samewerking tussen universiteite, skole en die breër gemeenskap een tipe gestremdheid kan verlig.

**Ina Wolfaardt-Gräbe**
Redakteur: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*
November 2020


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a13

# Die Byderhand-Pionierprojek: 'n Gevallestudie van die deelnemende dinamika in die skep en toeganklikmaking van lokatiewe literatuur vir persone met siggestremdheid

***The Byderhand Pioneer Project: A case study of the participatory dynamics in creating and accessibilising locative literature for persons with visual impairment***

**Franci Greyling**
Skryfkuns, Skool vir Tale
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: franci.greyling@nwu.ac.za

**Suna Verhoef**
Navorsingsgenoot,
Eenheid vir Tale en Literatuur in die SA Konteks
Noordwes-Universiteit
Suid-Afrika
E-pos: sunaverf@gmail.com

**Gustaf Tempelhoff**
Vryskutmultimedia-ontwerper en -konsultant
Nagraadse navorser
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: mrgustaft@gmail.com



Franci Greyling



Suna Verhoef



Gustaf Tempelhoff

**Franci Greyling** is professor in Skryfkuns in die Skool vir Tale aan die Noordwes-Universiteit. Sedert 2007 is sy gemoeid met die konseptualisering en uitvoering van interdissiplinêre kreatiewe en navorsingsprojekte in die Fakulteit Geesteswetenskappe, soos *Oor die einders van die blads*y (2009-2011) en *Weerspieëling en weerklank: Gesprekke oor tipografie, topografie en tipologie* (2012-2014). Dié praktykgebaseerde navorsingsprojekte betrek onder andere medewerkers uit dissiplines soos Skryfkuns, Grafiese

**Franci Greyling** is Professor of Creative Writing in the School of Language at the North-West University. Since 2007, she has been involved in conceptualising and carrying out interdisciplinary creative and research projects in the Faculty of Humanities, such as *Oor die einders van die blads*y ("Transgressions and boundaries of the page") in 2009-2011, and *Weerspieëling en weerklank: Gesprekke oor tipografie, topografie en tipologie* ("Reflective conversations: typography, topography and typology") in

**Datums:**
Ontvang: 2020-04-12 Goedgekeur: 2020-08-16 Gepubliseer: Desember 2020


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a14

| | |
|---|---|
| Ontwerp, Letterkunde en Kunsgeskiedenis, asook skrywers, kunstenaars, ontwerpers, programmeerders en die algemene publiek. Die Byderhandprojek (sedert 2015), onder leiding van die Vakgroep Skryfkuns, behels die verkenning van plekspesifieke digitale literatuur. Franci is veral geïnteresseerd in die skeppende moontlikhede en dinamiese wisselwerking binne hierdie oorkoepelende ruimtes, multimodaliteit en alternatiewe publikasiemoontlikhede. | 2012-2014. These practice-based research projects involve collaborators from disciplines such as Creative Writing, Graphic Design, Literature and History of Art, as well as writers, artists, designers, programmers and the general public. The Byderhand project (since 2015), led by the subject group of Creative Writing, involves the exploration of site-specific digital literature. Franci is particularly interested in the creative possibilities and dynamic interactions within these overarching spaces, multimodality and alternative publication possibilities. |
| **Suna Verhoef** is ’n navorsingsgenoot in die Navorsingseenheid Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks aan die Noordwes-Universiteit. Nadat sy in 1995 ’n BA in Duits en Engels, en in 1996 ’n onderwysdiploma verwerf, begin sy spesialiseer in inklusiewe onderwys. Na ’n diploma in Buitengewone Onderwys: Gehoorgestremdheid, volg ’n honneurs in Alternatiewe en Aanvullende Kommunikasie, ’n MPhil in Toegepaste Etiek, met ’n fokus op gehoorgestremdheid en tegnologie, en ’n doktorsgraad wat fokus op inklusiewe onderwys, terwyl sy voltyds taal onderrig. Sedert 2015 is sy taalonderwyser aan die Pionierskool vir siggestremdes en is sy betrokke by gemeenskaps- en navorsingsprojekte. Sy skryf materiaal vir kursusse aan die Universiteit van Kaapstad sowel as die Universiteit van Pretoria, wat fokus op die onderrig van siggestremde leerders. Sy is sedert 2017 deel van die span. | **Suna Verhoef** is a research fellow with the Research Unit Language and Literature in the South African Context at the North-West University. After obtaining a BA degree in German and English in 1995, and a teaching diploma in 1996, she began to specialise in inclusive education. After a diploma in Extraordinary Education: Hearing Disability, she also obtained an honours degree in Alternative and Complementary Communication, an MPhil degree in Applied Ethics, focusing on hearing impairment and technology, and a doctorate focusing on inclusive education, all this while being a full-time language teacher. Since 2015, she has been a language teacher at the Pioneer School for the visually impaired and has been involved in community and research projects. She writes material for courses at the University of Cape Town as well as the University of Pretoria that focus on the teaching of visually impaired learners. Sy has been part of the Byderhand Pioneer project team since 2017. |
| **Gustaf Tempelhoff** is ’n vryskutmultimedia-ontwerper en -konsultant wat fokus op koppelvlakontwerp, gebruikerservaring en toeganklikheid. In 2014 het hy ’n graad in Grafiese Ontwerp aan die Noordwes-Universiteit verwerf. Hierna het hy as vryskutontwerper verskeie projekte onderneem en onder andere 3D- en visuele-effekteproduksie vir internasionale films soos *Avengers* en *Tomb Raider* gedoen. Sy eksperimentele mediawerk, wat uit film en klank bestaan, het ook deel gevorm van kunsuitstallings in die Barnard Galery in Kaapstad, die Manik Bumi Gemeenskapsentrum in Bali, Indonesië, en die Gerard Sekoto Galery in Johannesburg. In 2019 het hy ’n meestersgraad in Grafiese Ontwerp aan die NWU voltooi met ’n fokus oor toeganklike koppelvlakontwerp vir plekspesifieke digitale literatuur in samewerking met siggestremde gebruikers. Hy is sedert die begin van die Byderhandprojek (2015) deel van die span. | **Gustaf Tempelhoff** is a freelance multimedia designer and consultant focusing on interface design, user experience and accessibility. In 2014 he obtained a degree in Graphic Design at the North-West University. Subsequently, he has undertaken various projects as a freelance designer and did 3D and visual effects production for international films such as *Avengers* and *Tomb Raider*. His experimental media work, consisting of film and sound, also formed part of art exhibitions in the Barnard Gallery in Cape Town, the Manik Bumi Community Centre in Bali, Indonesia, and the Gerard Sekoto Gallery in Johannesburg. In 2019, he completed a master’s degree in Graphic Design at the NWU with a focus on accessible interface design for site-specific digital literature in collaboration with visually impaired users. He has been part of the Byderhand team since the inception of the Byderhand project (2015). |

**ABSTRACT**

***The Byderhand Pioneer Project: A case study of the participatory dynamics in creating and accessibilising locative literature for persons with visual impairment***

*Through the discussion of the Byderhand Pioneer Project as a case study, the article provides an overview of the practical implementation of participatory and interdisciplinary creative projects in the digital humanities. The end-product of the Byderhand Pioneer Project comprises three locative-literature installations accessible to persons with visual impairment, located in Worcester in the Western Cape. The project is a participatory practice based research project between researchers from the Creative Writing subject group at the North-West University and, among others, participants who are visually impaired. The project, which was undertaken on invitation by the school, may be regarded as an example of applied electronic literature studies (Ensslin 2019). It is unique in that the multimodal literary installations are accessible to persons with visual impairment, and also because persons with visual impairment played an integral role in the establishment of the project. This retrospective article, written from the perspectives of three researchers from different disciplines, presents an outline of the Byderhand Pioneer Project, focusing on the participatory dynamics required for creating and accessibilising digital locative literature. The article covers the contextualisation of the participatory approach; the establishment of project framework; the participatory dynamics that enabled the creation of a multisensory garden, as well as the creation of the digital literature and of the digital tools accessibilising such content; and, lastly, a reflection and conclusion regarding the project approach.*

*The project was consciously grounded in a participatory worldview and research paradigm, which guided the execution of the project practice and the related research. Important points of departure included the concept of projects as basic units in digital humanities (Burdick* et al. *2012), the participatory inquiry paradigm (Heron & Reason 1997), the practice based research approach, and participatory design. The principle of "nothing about us without us", which denotes that persons with disabilities must be integrally involved when projects or initiatives affect them directly (Rowland 2004), was accepted as the basis for the project. In the narrative on technology for the disabled, the project and approach would follow the idea of using everyday technology to ensure or improve accessibility, and to counter stigmatisation, as a human right (Mathiesen 2017; Perry 2015).*

*Through exploratory discussions, meetings and site visits, relationships were built, and partners, collaborators and participants were identified; project possibilities were considered and expanded; and a project goal, objective and sub-projects were conceptualised and formulated. The aim of the overarching project for the researchers from the North-West University was to extend the accessibility of the existing Byderhand locative literature platform to enhance its accessibility to users and writers with visual impairment.*

*For the school, the overarching collaborative aim was the creation of a multisensory garden on the school grounds. This involved the expertise, skills and input of various role players, which contributed to the organic development of the garden as a central purpose. Various partnerships were formed with an eye to the practical implementation of the garden project; specialist knowledge input from occupational and speech therapists, from orientation and mobility specialists, as well as music teachers, were obtained, and learners from the school were involved throughout.*

*The cooperation in the production of the three multimodal literature installations can be understood as contributory participation (Rettberg 2011). The installations concern the Garden Verses, the Pioneer Stories and the Karoo Gardens Verses. The Garden Verses – a collection*

*of multimodal poems and children's verses – are linked with the auditory offering in the multisensory garden. The collection was further expanded with the Pioneer Stories – stories and narrations about experiences at the school and in its surroundings, written by learners and former learners of the school. The Karoo Gardens Verses installation comprises a collection of poems for the proposed braille route in die Karoo Desert National Botanical Gardens. The Garden Verses and Karoo Gardens collections each contains 10 poems made available in different languages and presented through different media, and the Pioneer Stories collection consists of 27 contributions by participating authors with visual impairment.*

*In line with the participatory nature of the project, a user-centred (Abras* et al. *2004) and co-design approach was applied in designing a multimodal and multilevel interface through which the literature is disseminated. Persons with visual impairment were integral to the development of the accessible design solutions. These design solutions involve the combination of braille, QR codes and an accessible user interface that makes provision for sighted, low vision and blind users. The various texts and media were published on the database and installed in the school's multisensory garden and on the larger school grounds and were made available in a nearby coffee shop. The locative literature installations contribute to an enriched school environment, and the reception of the project has been predominantly positive. The evaluation phase involved various forms of observation, post-project reflection and the utilisation of various knowledge modalities.*

*The success of the project can be attributed to the collaborative relationships between and contributions of a large variety of partners and individuals. The following aspects were identified as pivotal for the project's success: the context and purpose of the project; the use of existing networks and the establishment of new networks; interdisciplinary collaboration; versatility in approaches; the way in which local partners and participants provided links and acted as cultural guides; voluntary participation; inclusivity and accessibility as project guidelines; sustained dialogue and reflection; and the personality traits of the core team. Participation in the project raised the researchers' awareness of the needs of people with vision impairment, and of the need for greater inclusivity and accessibility of cultural products, especially as the latter need may find fulfilment through digital interface design and presentation of literature.*

**KEYWORDS:** locative literature, digital literature, site specific literature, participatory approach, participating dynamics, practice based research, collaboration, visual impairment, multisensory garden, interface design, accessibility, co-design, applied electronic literature studies

**TREFWOORDE:** lokatiewe literatuur, digitale literatuur, plekspesifieke literatuur, deelnemende benadering, deelnemende dinamika, praktykgebaseerde navorsing, samewerking, siggestremdheid, multisensoriese tuin, koppelvlakontwerp, toeganklikheid, mede-ontwerp, toegepaste digitale-literatuurstudies

## OPSOMMING

Die artikel bied, deur 'n bespreking van die Byderhand-Pionierprojek as gevallestudie, 'n blik op die praktiese implementering van deelnemende en skeppende interdissiplinêre projekte in die Digitale Humaniora. Die Byderhand-Pionierprojek, wat lokatiewe literatuurinstallasies in Worcester in die Wes-Kaap behels, is uniek in dié opsig dat die multimodale literatuurinstallasies vir persone met siggestremdheid toeganklik is en dat persone met siggestremdheid 'n integrale

rol in die totstandkoming van die projek gespeel het. Die artikel fokus op die kontekstualisering van die gevergde deelnemende benadering; op die projekkonseptualisering en -raamwerk; op die deelnemende dinamika wat die totstandkoming van die multisensoriese tuin, die skep van die digitale literatuur daarby betrokke, en die toeganklikmaking van sodanige inhoud moontlik gemaak het (koppelvlakontwerp); en op nabetragting oor en gevolgtrekkings aangaande die projekbenadering. Deelname aan die projek het die projekspan bewus gemaak van die behoeftes van persone met siggestremdheid en van die noodsaak van groter inklusiwiteit en toeganklikheid van kultuurprodukte – in die besonder soos dit ten opsigte van koppelvlakontwerp en digitale aanbieding van literatuur tot uitdrukking kom.

**INLEIDING**

Die Byderhand-Pionierprojek[1] is ’n lokatiewe literatuurprojek in Worcester in die Breëriviervallei in die Wes-Kaap. Hierdie projek, wat uit multimodale literatuurinstallasies bestaan en wat as ’n voorbeeld van toegepaste elektroniese literatuurstudie beskou kan word (Ensslin 2019), is uniek in dié opsig dat die installasies ook vir persone met siggestremdheid toeganklik is en dat persone met siggestremdheid ’n integrale rol in die totstandkoming van die projek gespeel het. Die interdissiplinêre projek het ’n verskeidenheid aspekte en die sluiting van diverse vennootskappe en samewerkingsverhoudinge behels, sodat sulke samewerkingsverbande op verskeie wyses tot die veelvlakkige en dinamiese ontplooiing van die projek bygedra het.

Tans dra bepaalde ontwikkelings op die breë terrein van die wetenskapsbeoefening by om die aandag te vestig op die moontlikhede van deelnemende projekte as praktiese toepassing van navorsing en gemeenskapsbetrokkenheid, waaronder: ’n toenemende bewustheid van die sosiale verantwoordelikheid van universiteite en van die belangrikheid van deelnemende navorsingsvennootskappe tussen universiteite en gemeenskappe (Jacquez *et al.* 2012:176-177; Beacon North East 2011:2); die noodsaak van interdissiplinêre samewerking vir die oplossing van komplekse eietydse probleme (Busch *et al.* 2019:3); ’n behoefte aan benaderings wat ruimte laat vir alternatiewe vorme van kennisbronne; die ontwikkeling van ’n veelvoud vorme van datagenerering, -voorstelling en -verspreiding (Burdick *et al.* 2012:II); en die toenemende vestiging van projekgedrewe navorsing as basiese eenhede in Digitale Humaniora (Burdick *et al.* 2012:124).

Deelnemende projekte waarby gemeenskapsvennote en universiteite betrek word, kan verskeie winste oplewer. Hierdie projekte kan lei tot wedersyds voordelige, ondersteunende vennootskappe wat dit moontlik maak om kennis, kundigheid en ervarings ten opsigte van ’n spesifieke onderwerp of vraagstuk vanuit verskeie benaderings te versoen en te deel; navorsingsdata oor die projek*benadering* en -*proses*, sowel as oor die -*onderwerp* verskaf; en positiewe sosiale verandering help bewerkstellig (Beacon North East 2011:3; 7; Busch *et al.* 2019:1-3). Sodanige projekte is egter dikwels kompleks van aard, onder meer omdat dit diverse aspekte behels, verskeie gemeenskapsvennote betrek, unieke etiese uitdagings inhou en vanweë die verloop van tyd aan veranderings onderhewig is (Beacon North East 2011:3-7; Wilson *et al.* 2016).

Daar bestaan ’n uitgesproke behoefte daaraan dat die verskeidenheid deelnemende benaderings, beginsels en metodes wat navorsers in sodanige ontmoetingsruimtes of tydens

[1] Etieknommers NWU-00591-17S8 en WKOD-20170814-3851


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a14

brugleggings tussen navorsing en praktyk gebruik, gedokumenteer en beskryf moet word (vgl. Busch *et al.* 2019:4; Jacquez *et al.* 2013:185-186; Ensslin 2019). Een van die aspekte waarop navorsers in sulke samewerkingsverbande bedag moet wees, is die dinamiese aard van die samewerkingsverhoudinge en van die ontwikkeling van projekte (Beacon North East 2011:7). Die Byderhand-Pionierprojek – wat ten beste as van *deelnemende ontwerp* bestempel kan word (vgl. Jacquez *et al.* 2019:6) – bied só ’n blik op die praktiese implementering van deelnemende en skeppende interdissiplinêre projekte in die Digitale Humaniora.[2]

Hierdie retrospektiewe artikel, geskryf vanuit die versoende beskouingshoeke van drie navorsers uit verskillende vakgebiede, bied ’n uiteensetting van die genoemde Byderhand-Pionierprojek, met die fokus op die deelnemende dinamika wat geverg is in die skep en toeganklikmaking van digitale lokatiewe literatuur. Die artikel word soos volg gestruktureer: 1) die kontekstualisering van die gevergde deelnemende benadering; 2) die konseptualisering en daarstelling van die projekraamwerk; 3) ’n bespreking van die deelnemende dinamika wat die totstandkoming van die multisensoriese tuin in Worcester, die skep van die digitale literatuur daarby betrokke, en die toeganklikmaking van sodanige inhoud moontlik gemaak het (koppelvlakontwerp); en 4) nabetragting oor en gevolgtrekkings aangaande die projekbenadering.

## KONTEKSTUALISERING VAN EN UITEENSETTING VAN DIE DEELNEMENDE BENADERING TOT DIE BYDERHAND-PIONIERPROJEK

### Kontekstualisering

Die Byderhandprojek is ’n voortgesette, praktykgebaseerde navorsingsprojek onder leiding van die Vakgroep Skryfkuns aan die Noordwes-Universiteit. Met hierdie projek word die skeppende moontlikhede van lokatiewe literatuur en die wisselwerking tussen dié nuwe vorm van literatuuraanbod, die deelnemers daaraan (skrywers en lesers) en die tegnologie en plek daarby betrokke, ondersoek (Greyling 2017; Greyling, Du Plessis & Tempelhoff 2017). Lokatiewe literatuur, ’n genre in elektroniese literatuur, is ’n vorm van plekgebonde literatuur waarby die tekste elektronies op spesifieke plekke beskikbaar gestel, en aldaar gelees en ervaar word.[3] Die kreatiewe produksie van elektroniese (of digitale) literatuur word – deur die eksperimentering in die skep van nuwe vorme eie aan die digitale omgewing – as Digitale Humaniora-praktyk beskou (Rettberg 2016). In lokatiewe literatuur as ontwikkelende literatuuraanbod verken skrywers hoe lokatiewe tegnologieë (soos die globale posisioneringstelsel, radiofrekwensie-identifikasie, en QR-kodes) ons in staat kan stel om narratiewe en poëtiese ervarings oor die wêreld rondom ons te plaas (Rettberg 2019:184). Die gelaagdheid van fisiese plek en die digitale inhoud daarbinne geplaas, skep hibriede ruimtes en maak die onthulling van nuwe of onbekende aspekte van fisiese plekke moontlik (Frizzera 2015:30).

2 Ook Digitale Geesteswetenskappe genoem; Engels: Digital Humanities. Digitale Humaniora is ’n vangnetbegrip vir die beskrywing van navorsing, projekte, publieke kommunikasie en onderrig by die kruising van digitale tegnologie en geesteswetenskaplike navorsing.

3 Die verskeidenheid terme waarmee dié literatuurvorm beskryf word, is aanduidend van die eksperimentele en ontwikkelende karakter daarvan. Van dié terme sluit in: plekspesifieke digitale literatuur, plekgebonde-, mobiele- en alomliggende literatuur/narratiewe (Greyling 2018:209). Die term lokatiewe narratiewe of lokatiewe literatuurprojekte word toenemend gebruik om die genre te beskryf (vgl. Rettberg 2019:183).


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a14

Hierdie kombinasie van en wisselwerking tussen die konkrete plek, die multimodale literatuuraanbod, die bemiddelende tegnologie en die beliggaamde, ingeplaaste ervaring van die leser-deelnemer bied moontlikhede vir nuwe estetiese uitdrukking, interpretasie en ervaring (Raley 2008:139; Frizzera 2015:30; Greyling 2017:151).

Sedert die ontstaan van die Byderhandprojek in 2015 het medewerkers en deelnemers op verskeie wyses bygedra tot die ontwikkeling van die Byderhandplatform en die formaat van die literatuuraanbod, en is diverse subprojekte in verskeie kontekste onderneem. Bondig gestel, bevat die Byderhandinstallasies gedigte en verhale wat op uitnodiging vir die betrokke projek geskryf of beskikbaar gestel word. Dié tekste word aangevul met weergawes en verwerkings daarvan in ander media en modusse, byvoorbeeld as vertalings, voorlesings (klank), musikale verwerkings (klank) en tipografiese animasies (videobeelde). Hierdie multimodale inhoud word op die geskepte databasis (Byderhandplatform) gepubliseer. In die projek word van gedrukte QR-kodes gebruik gemaak om die literatuur by die spesifieke plek van installasie beskikbaar te stel; daar kan die gebruiker die kode met ’n mobiele toestel (selfoon of tablet) skandeer en sodoende deur ’n doelgemaakte koppelvlak toegang tot die digitale inhoud verkry. Die modulêre aard van die inhoud, die koppelvlakontwerp en die verspreidingswyse maak dit moontlik om enige kombinasie van media vir ’n betrokke teks te gebruik, dit op enige plek (met internettoegang) beskikbaar te stel, en om vir die gebruiker, via die aanpasbare koppelvlakontwerp, ’n keuse tussen verskillende weergawes van ’n teks te bied.

Die Byderhand-Pionierprojek as subprojek het ontstaan na aanleiding van ’n navraag van ’n onderwyser by ’n skool vir siggestremdes, naamlik of dit moontlik sou wees om digitale weergawes van tuinverse – soortgelyk aan die installasies wat reeds in die Noordwes-Universiteit se Botaniese Tuin in Potchefstroom en die Digterstuin by die Breytenbachsentrum in Wellington beskikbaar is – in ’n beplande multisensoriese tuin op die skoolterrein te inkorporeer. As gevolg van die (dikwels) eksperimentele aard en die plekspesifiekheid van lokatiewe literatuur, is projekte in hierdie verband oor die algemeen nie verplaasbaar na ander plekke nie en moet dit derhalwe vir spesifieke kontekste, gebruikers en plekke gekonseptualiseer word (Rettberg 2019:189). In die geval van die Byderhand-Pionierprojek, waaroor hier gerapporteer word, het dit geïmpliseer dat ’n lokatiewe literatuurprojek onderneem word wat spesifiek toeganklik moes wees vir persone met siggestremdheid. Met geen kennis van die bestaan, plaaslik of internasionaal, van soortgelyke toeganklike lokatiewe literatuurprojekte nie, het dit beteken dat die Byderhandspan self met praktiese ontwerp-oplossings vorendag moes kom.

Om enige projek daar te stel, impliseer ’n prosesgedrewe benadering en verskeie vlakke van samewerking en deelname. ’n Deelnemende projek impliseer verder dat insette deur medewerkers die projek op verskeie wyses kan help vorm. Burdick *et al.* (2012:IV) wys, in hulle bespreking van “projekte as basiese eenhede” in Digitale Humaniora, op dusdanig verwikkelde dinamika in projekte binne ’n navorsingskonteks. Hulle (Burdick *et al.* 2012:IV) vermeld die rol van ontwerp, bestuur, onderhandelinge en samewerking in projekte; die feit dat projekte projekterend en spekulatief is; dat dit dikwels in spanverband aangepak word en medewerkers met komplementêre vaardighede, navorsingsbelangstellings en -vrae betrek; en dat projekte derhalwe toekomsgerig is, dus interaktiewe prosesse en verskeie dimensies van koördinasie, eksperimentering en produksie behels. Dit is belangrik om in ag te neem dat navorsingsaktiwiteite in ’n Digitale Humaniora-projek nie afsonderlik van die implementering van die resultate daarvan plaasvind nie, maar dat ondersoek en implementering in samehang met mekaar ontvou. Verder behoort die betrokkenheid, deelname en bydraes van die medenavorsers en die gemeenskap aangetoon en erken te word (Burdick *et al.* 2012:X; XV).

Die omvang en skaal van 'n suksesvolle Digitale Humaniora-projek moet by wyse van 'n deurdagte projekontwerp gerig word, een waarin navorsingsvrae, -ambisies, en geantisipeerde -uitsette, sowel as beskikbare logistiekmiddele, personeel en finansiële hulpbronne gekombineer word. Dit impliseer 'n balans tussen 'n pragmatiese visie en entrepreneuriese denke (Burdick *et al.* 2012:VII).

Aansluitend by die voorafgaande word daar in die geval van kreatiewe projekte en binne die konteks van praktykgebaseerde of praktykgeleide navorsing – in die *tussensone van praktyk* (Schon 2001:6), dus – veronderstel dat die skeppende proses self, die ingeplaaste skeppingshandeling, die refleksie van die kunstenaar-navorser daaroor én die aard van die ontwikkelende kunswerk 'n deurlopende en bepalende invloed op die eindproduk sal uitoefen.[4] Binne die digitale omgewing bied die eksponensiële ontwikkeling van tegnologie daarbenewens eindelose moontlikhede, wat daartoe kan bydra dat kunswerke dikwels nie 'n finaal vasgelegde vorm het nie. Trouens, Rettberg (2019:7) merk op dat digitale literatuurskeppings, as gevolg van die dinamiese aard daarvan, as "projekte", eerder as "werke" in die konvensionele literêre sin van die woord, verstaan moet word.

Wanneer navorsingprojekte in samewerking met 'n gemeenskap onderneem word, word lede van die gemeenskap op verskeie wyses betrek (Busch *et al.* 2019). Die samewerkingskonteks bring eiesoortige uitdagings mee. Die verskillende – en selfs uiteenlopende – doelstellings en verwagtinge van die vennote (universiteit en gemeenskap) en die individue wat betrokke is, kan inisiatiewe demp en projekte aansienlik kompliseer (Beacon North East 2011:6). In enige projek word die ontwikkeling en formaat daarvan deur die onderlinge verhoudinge en wisselwerking tussen deelnemers beïnvloed; hierbenewens het praktiese aspekte soos beskikbare fondse, hulpbronne en tyd, en geografiese afstande 'n bepalende invloed op die uitkoms (Beacon North East 2011:7). Etiese uitdagings (byvoorbeeld ten opsigte van die vervaging van rolle, magsverhoudinge, en die hantering van kwesbare gemeenskappe en individue), asook die onvoorspelbaarheid van uitkomste binne dié dinamiese omgewing, kompliseer die befondsingsaansoeke vir en die uitvoering van projekte (Wilson *et al.* 2016; Jacquez *et al.* 2013; Burdick *et al.* 2012:VII). Só, byvoorbeeld, kan die verwagting dat gemeenskapsprojekte volhoubaar moet wees, teenstrydig wees met die eksperimentele en kortstondige bestaansaard van sommige digitale en skeppende projekte.

## 'n Deelnemingsparadigma as benadering tot gemeenskapsprojekte

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar in alle navorsingsprojekte en -situasies veranderlikes voorkom wat dit op die een of ander wyse mag beïnvloed. Dié besef sluit aan by sienings ten grondslag van Bruno Latour se akteur-netwerk-teorie (ANT), waarvolgens alles in die sosiale en natuurlike wêreld in voortdurende netwerke van verhoudings bestaan (Law 2008:141), en menslike of nie-menslike akteurs voortdurend, en op talle wyses, die stand van sake in 'n netwerk kan verander (Felski 2015:163). Dié dinamiese omgewing wat projekte op verskeie wyses kan beïnvloed, stel besondere eise aan die projekspan en -medewerkers. Deur 'n voorgenome projek egter bewustelik binne 'n bepaalde wêreldbeskouing en

[4] Praktykgebaseerde/praktykgeleide navorsing word gekenmerk deur prosesgedrewenheid en die proses kan beskou word as 'n eksperimentele reis wat deur die ondersoek gelei word; die navorsing ontvou *in en deur* die proses van skepping en uitvoering, en die ervaring en insigte word in die kunspraktyk en -produkte beliggaam (Borgdorff 2011:46-47).


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a14

navorsingparadigma te begrond, kan bydra tot die formulering van 'n konseptuele raamwerk en 'n navorsingbenadering wat rigtinggewend is vir die uitvoering van die projekpraktyk en die verbandhoudende navorsing. Die deelnemingsparadigma (Heron & Reason 1997), wat klem plaas op samewerkende kennisversameling, word aanbeveel as 'n geskikte navorsingsparadigma vir deelnemende gemeenskapsprojekte (Beacon North East 2011:2; Heron & Reason 2001), asook vir multipraktisyns- en praktykgeleide navorsingsprojekte (Marley & Swanepoel 2014:19).

Heron en Reason (1997:275) grondves hulle argument vir 'n deelnemende wêreldbeskouing op 'n aantal uitgangspunte: 'n subjektiewe-objektiewe ontologie; 'n uitgebreide epistemologie van vier kennismodaliteite; 'n metodologie wat gebaseer is op samewerkende verhoudings tussen medenavorsers; en – veral van belang vir die projek onder bespreking – op 'n aksiologie wat die primêre waarde van praktiese kennis vir menslike gedying bevestig. Eerstehandse ervaring en die deel en ontdekking van kennis vorm die grondslae van dié benadering, waarby deelnemer-navorsers interaktief in die wêreld optree met betrekking tot die vier interverwante kennismodaliteite (ervarings-, aanbiedings-, voorstellings- en praktiese kennis), en medenavorsers gesamentlik betrokke is by die herhalende, sikliese verloop van hulle deelname-aktiwiteite om hulle samevallende interaksie tussen die kennismodaliteite te verryk/verdiep (Heron & Reason 1997:280-283). Dit impliseer daarom dat daar, in die ontwerp van 'n deelnemende projek, ruimte geskep moet word vir die integrasie van die verskillende kennismodaliteite en vir die dinamiese wisselwerking tussen deelnemers en vorme van kennis. Die vier kennismodaliteite – ervarings-, aanbiedings-, voorstellings- en praktiese kennis – kan soos volg verstaan word (Heron & Reason 2008:367): 1) *Ervaringskennis* behels die direkte, van-aangesig-tot-aangesig-ontmoeting met 'n persoon, plek of voorwerp; dit is kennis wat deur empatie en resonansie bemiddel word, en is byna onmoontlik om in woorde uit te druk. 2) *Aanbiedingskennis* spruit uit ervaringskennis voort en bied die eerste vorm van uitdrukking daarvan, byvoorbeeld deur middel van verhale, tekeninge, beeldhouwerk, beweging en dans. 3) *Voorstellingkennis* kan verstaan word as eksplisiete kennis: om van iets "te weet", en kennis daaromtrent uit te druk in die vorm van idees en teorieë. 4) *Praktiese kennis* behels die ervaring en vermoë om te weet hoe om iets te doen en word uitgedruk in terme van vaardighede. Heron en Reason (2008:367) vat die kongruensiewaarde van die vier kennismodaliteite soos volg saam:

> In co-operative inquiry we say that knowing will be more valid if these four ways of knowing are congruent with each other: if our knowing is grounded in our experience, expressed through our stories and images, understood through theories which make sense to us, and expressed in worthwhile action in our lives.

Medewerkende ondersoek, as 'n strategie binne die deelnemingsparadigma, is 'n vorm van deelnemende en samewerkingsnavorsing en 'n sistematiese benadering om kennis deur siklusse van refleksie en aksie op te bou. Die vier navorsingsprojekfases – identifisering, deelwording, indompeling en evaluering – is deel van die dinamiese proses waardeur 'n projek gestalte kry en waardeur kennis en insig verwerf word (Heron & Reason 2006:145-146). In fase 1 – *identifisering* van 'n ondersoekprojek – kom 'n groep medenavorsers saam, besluit oor die fokus van die ondersoek en ontwikkel 'n stel ondersoekvrae of -stellings. Tydens fase 2 – projek-*deelwording* – word die medenavorsers medesubjekte, raak hulle betrokke by die handelinge waarop besluit is, neem hul eie en ander se ervarings waar en besluit oor die volgende fases van aksie. In fase 3 – die *indompelingsfase* – raak die medenavorsers/subjekte ten volle ingedompel en betrokke by hulle handeling en ervaring. In die *evaluering* wat fase

4 kenmerk, deel die navorsers hulle (ervarings-, aanbiedings-, voorstellings- en praktiese) kennis met mekaar, heroorweeg hulle aanvanklike idees en kan hulle, as resultaat, dié idees ontwikkel of herformuleer, of dit verwerp en nuwe vrae stel. Dié vier fases speel hulle in verskeie groter en kleiner siklusse van refleksie, beplanning en aksie uit.

Deelnemende navorsing geskied binne 'n raamwerk waar die beginsels van toewyding ("commitment") en betrokkenheid ("engagement") ondersteun word. Hierdie beginsels word hoog aangeskryf in die veld van gestremdheidstudie (Shakespeare 1996).[5] Persone met gestremdhede is in die verlede meestal uitgesluit van die proses rondom die skep van kultuur en derhalwe die uitdrukking van hul unieke ervarings. Die Byderhand-Pionierprojek, wat juis op die uitdrukking en toeganklikmaking van unieke belewenisse van gestremde persone fokus, verskuif die persoon met gestremdheid vanaf die buitenste sirkel van kulturele skepping tot in die hart daarvan (Oliver 1992).

Wat die Byderhand-Pionierprojek betref, kan die deelnemende benadering verder afgebaken word tot dié van *deelnemende ontwerp*. Dit gaan in hierdie projek immers oor die ontwerp van 'n oorkoepelende projekraamwerk sowel as van verskeie subprojekte en projekfasette waarbinne die medewerkers, binne die beperkinge van die konteks, kreatiewe moontlikhede moet ontgin, innoverend moet dink en konkrete en skeppende resultate moet behaal. Deelnemende ontwerp hou verband met die konsep van *ontwerpdenke* (Busch *et al.* 2019:6). Laasgenoemde is 'n konsep wat na 'n kreatiewe probleemoplossingsbenadering of -proses, of na die hulpmiddele daarby betrokke kan verwys; dit kan in verskillende velde, wat strek vanaf dié van die kuns en die letterkunde tot by dié van die wetenskappe, die ingenieurswese en die sakestudie, gebruik word. Brown en Wyatt (2010) se beskrywing van ontwerpdenke en die verbandhoudende proses stem ooreen met beginsels van Heron en Reason se deelnemingsparadigma en vind weerklank in die benadering met en die werkswyse in die Byderhand-Pionierprojek. Ontwerpdenke is, volgens Brown en Wyatt (2010:33), daarop toegespits om produkte en dienste te skep wat mensgesentreerd is, terwyl die proses op sigself ook diep menslik geaard is.

> Design thinking relies on our ability to be intuitive, to recognize patterns, to construct ideas that have emotional meaning as well as being functional, and to express ourselves in media other than words or symbols. (Brown & Wyatt 2010:33)

Die uitvoering van projekte betrek inklusiewe spanne en is eksperimenteel, deelnemend en interdissiplinêr geaard; die medewerkers toon empatie met mense en vir dissiplines buite die eie sleutelkonseptualisasiewyses (Brown & Wyatt 2010:34). Die ontwerpdenkeproses kan in terme van drie oorvleuelende ruimtes voorgestel word (Brown & Wyatt 2010:33), naamlik die van *inspirasie* (probleem of geleentheid), *denkbeeldvorming* (ideegenerering, -ontwikkeling en -toetsing) en *implementering* (prototipering, verfyning, kommunikasie ter bekendstelling). In terme van die konteks van inspirasievorming, raak ontwerpdenkers ingebed in die lewens van die mense vir wie hulle die projek ontwerp, en maak derhalwe staat op plaaslike vennote en kulturele gidse om aan die prosesse van ideegenerering en -implementering deel te neem (Brown & Wyatt 2010:33; Busch *et al.* 2019:6).

---

5 Die deelnemingsparadigma in gestremdheidstudie word as voorloper tot die bemagtigende navorsingsparadigma beskou (Barnes 2003). Die bemagtigende navorsingsparadigma is geskoei op radikale beginsels waarvolgens deelnemers nie net in al die fases van die navorsingsproses betrek word nie, maar beheer neem daarvan (Oliver 1992). 'n Hoë vlak van kundigheid en ervaring is nodig om die bemagtigende navorsingsparadigma suksesvol te bestuur.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a14

Vorige ervaring van multipraktisyns- en praktykgebaseerde navorsingsprojekte waarby diverse navorsers, kunstenaars, voor- en nagraadse studente en die breër gemeenskap op verskeie wyses by die projekte betrokke was,[6] het die waarde bevestig van 'n deelnemende benadering en van die integrerende benutting van verskillende kennismodaliteite. Dié ervaring het verder getoon hoe belangrik dit is om 'n onderliggende konseptuele raamwerk en projekdoelstellings te formuleer, maar om terselfdertyd 'n balans te probeer vind tussen die doelstellings en die dinamiese ontwikkeling van 'n projek soos dit sig in die praktyk ontvou. Terwyl die oorkoepelende projekdoelwitstelling en die identifisering van kleiner doelstellings en uitkomste rigtinggewend is vir die uitvoering van 'n projek, is dit juis deur die betrokkenheid van verskeie rolspelers, die benutting van diverse kennis en vaardighede, en die dinamiese medewerking van en wisselwerking tussen medewerkers en deelnemers dat die potensiaal van 'n projek verwerklik kan word, die aanvanklike verwagtinge oorskry kan word, verrassende ontdekkings gemaak en nuwe insigte verwerf kan word.

Die oorkoepelende navorsingsprojekfases (in terme soos deur Heron & Reason 2006:145-146 uiteengesit) van die Byderhand-Pionierprojek, en hoe dit algaande ontvou het, kan ruweg aangedui word as: identifisering en deelwording (Januarie tot Julie 2017), indompeling (praktiese uitvoering – Augustus 2017 tot Augustus 2018) en evaluering (wat insluit: post-projekrefleksie en verskeie vorme van kennisverspreiding – September 2018 tot Desember 2020). Die projek was egter ook deurspek met voortdurende, herhalende en oorvleuelende siklusse van gesprekvoering, refleksie en aksie waarby 'n groot verskeidenheid medewerkers en deelnemers betrokke was.

## DIE KONSEPTUALISERING EN RAAMWERKVASSTELLING VAN DIE BYDERHAND-PIONIERPROJEK

Die dorp Worcester is onder andere die tuiste van die Instituut vir Dowes, die Skool vir Dowes, die Innovation for the Blind (voorheen Instituut vir die Blindes) asook die skool vir leerders met siggestremdheid.[7] Met 'n groot gemeenskap van persone met siggestremdheid en vanweë die aanwesigheid van verskeie verwante ondersteuningsdienste en fasiliteite in die dorp, het dit 'n ideale ligging gebied om 'n projek soos hierdie te onderneem.[8] Aan die hand van verskeie verkennende gesprekke en van besoeke aan die dorp en omgewing (identifiserings- en deelwordingsfases – Heron & Reason 2006), is die besondere konteks leer ken, verhoudinge opgebou en projekmoontlikhede oorweeg. In dié fase het die eerstehandse kennismaking met leerders en ander persone met siggestremdheid, asook die wyses waarop hulle tegnologie gebruik, die Byderhandspan onder die indruk gebring van die unieke uitdagings en moontlik-

6 Kyk onder andere Greyling & Marley (2009); Greyling (2009); Marley & Greyling (2011); Greyling (2017).

7 Die skool vir siggestremdes maak voorsiening vir die behoeftes van blinde, swaksiende, doofblinde en meervoudiggestremde leerders deur middel van opvoeding, opleiding, ontwikkeling en sorg. Die beoogde projek sou veral fokus op leerders in die akademiese baan van die hoërskoolafdeling.

8 Die groot geografiese afstand tussen die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus en Worcester het bepaalde praktiese en koste-implikasies ingehou. Dit was daarom nodig om kundige en belangstellende medewerkers deel te maak van die projek, en navorsingsbesoeke, wat met tussenposes deur die loop van die projek afgelê is, so produktief as moontlik te benut. Tussen Januarie 2017 en Maart 2020 het die Byderhandspan 10 besoeke aan Worcester afgelê waarvan die meeste weeklange werksbesoeke was. Die spanlid wat aan die skool verbonde is, het in dié tydperk drie besoeke aan Potchefstroom gebring.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a14

hede om 'n lokatiewe literatuurprojek in hierdie konteks te onderneem. Eweneens het die skool (by name die inisieerder van die multisensoriese tuinprojek) vertroud geraak met vorige Byderhandprojekte en die moontlike toepassings binne die nuwe konteks. In die deelwordingsfase het die Byderhandspan voorts kennis gemaak met die werksaamhede van die Tegnologiesentrum en die Pionierdrukkery in die dorp, asook met individue in dié instansies wat as medewerkers 'n groot rol in die projekuitvoering sou speel.

Met verdrag het die aanvanklike gedagte om slegs enkele gedigte as deel van die multisensoriese tuin te installeer, gegroei tot 'n omvattende projek met verskillende subprojekte waarby verskeie vennote, medewerkers en deelnemers betrokke sou kon wees.[9] Hierdie projek sou nie slegs by die beoogde multisensoriesetuinprojek inskakel nie, maar ook verdere toepassingsmoontlikhede deur bykomende installasies kon verken.[10] Die oogmerk van die oorkoepelende projek was om die toeganklikheid van die bestaande Byderhandplatform uit te brei sodat dit in 'n groter mate vir benutting deur siggestremde gebruikers en skrywers voorsiening kan maak.

Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat die projek, deur plekspesifieke digitale literatuur meer toeganklik te maak vir lesers met siggestremdheid, kan bydra tot 'n verrykte en verdiepte ervaring van plek en van literatuur deur sulke deelnemers. Verder sou die geleentheid om self plekspesifieke tekste vir 'n pleksentriese sisteem te skryf en met ander te deel, kon bydra tot skrywers met siggestremdheid se ervaring van plek, en tot hulle ontdekking van nuwe moontlikhede van kreatiewe uitdrukking, asook tot kulturele en demokratiese bemagtiging met betrekking tot die plaaslike omgewing. Voorts kan die tekste vir ander mense (hetsy siende of siggestremd) insig bied in die plekervaring van sodanige skrywers en bydra tot 'n verrykte/verdiepte ervaring van die spesifieke plek/ruimte en die literatuur wat na aanleiding daarvan geskep is (BHA-DP-20170921).

Verder was dit van meet af aan 'n uitgesproke veronderstelling dat die konteks, behoeftes, praktiese oorwegings en belange van die skool en die leerders (asook dié van die groter gemeenskap van siggestremdes in Worcester) deurentyd voorop sou staan in al dergelike oorwegings, asook dat die wisselwerking tussen al die deelnemers in die projek die karakter en uitkomste van die projek sou help bepaal. Hierdie onderliggende beginsels het deel gevorm van die etiese beginsels wat deeglik oorweeg en geformuleer is. Die beginsel van "nothing about us without us", waarmee gestel word dat persone met gestremdheid integraal betrokke moet wees wanneer projekte of inisiatiewe hulle direk raak (Rowland 2004:9-10), is as grondslag aanvaar. In terme van die narratief oor tegnologie vir die gestremde sou die projek en benadering inskakel by die gedagte om alledaagse tegnologie te gebruik om toeganklikheid te verseker of te verbeter, en om stigmatisering teen te werk as 'n menslike reg (Mathiesen

9 Die volgende terme word gebruik om 'n onderskeid tussen die rolle te maak: *vennote*: instansies wat gelykwaardig betrokke is (byvoorbeeld die Universiteit en die skool); *medewerker / medenavorser / medeontwerper / medeondersoeker*: 'n persoon wat besluitnemingsbevoegdheid het ten opsigte van navorsing, projekbeplanning en -uitvoering, ensovoorts; *deelnemer*: 'n persoon wat aan 'n projekaspek deelneem, byvoorbeeld kreatiewe werk bydra (skrywer, voordragkunstenaar), of 'n leser/ervaarder van die installasie. Rolverwisseling en -vervaging is egter algemeen in deelnemende projekte (vergelyk Beacon North East 2011; Busch *et al.* 2019:11).

10 'n Projekdoel, doelwitte, subprojekte (uitkomste) en die projekbenadering is gekonseptualiseer en geformuleer. Hierdie fase het ook die formulering van die projekbenadering, die toewysing van rolle en die bepaling van navorsingsfokusse, asook die oorweging van etiese beginsels behels, terwyl praktiese aspekte soos projek-, befondsings- en etiekklaringsaansoeke ook aan die beurt gekom het.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a14

2017:2; Perry 2015). Die beginsels van universele ontwerp (Carr *et al.* 2013:2) wat reeds met die ontwikkeling van die Byderhandplatform in ag geneem is, sou met die uitbreiding en aanpassing van die digitale platform en die koppelvlakontwerp verder verfyn word.

Drie subprojekte is in die Byderhand-Pionierskoolprojek in die vooruitsig gestel, met verrekening van veranderlikes soos konteks, genre, formaat en teikenleser. Die eerste fase van die projek (Tuinverse en Pionierstories) is as ’n gesamentlike onderneming van die institusionele vennote in die projek gekonseptualiseer (spesifiek die Universiteit/Byderhandspan en die skool vir siggestremdes); en ’n tweede fase (Karootuinverse) in vennootskap tussen die Universiteit/Byderhandspan en die Karoo Woestyn Nasionale Botaniese Tuin (Karootuin).[11] Die tekste sou op die Byderhandplatform gepubliseer word en op die betrokke plekke digitaal beskikbaar gestel word. In die projekbeplanning is voorsiening gemaak vir diverse wyses waarop leerders, skrywers en kunstenaars met siggestremdheid betrokke sou kon raak in die konseptualisering, produksie en instandhouding van die multisensoriese tuin by die skool, van die lokatiewe literatuur aldaar geïnstalleer en van die koppelvlak wat dit bemiddel. Die drie subprojekte wat in die vooruitsig gestel is, is:

1. Tuinverse, geïntegreer met die multisensoriese tuin by die skool. Gedigte en kinderverse van genooide digters, aangevul deur kreatiewe skryfwerk deur leerders van die skool. Die primêre teikengebruikers is leerders en personeel van die skool.
2. Pionierstories, beskikbaar by die skool en te Blindiana Barista (die koffiewinkel van Innovation for the Blind – voorheen bekend as die Instituut vir Blindes). Prosatekste deur leerders van die skool en ander skrywers uit die gemeenskap. Die fokus van hierdie projek is die deelname van die siggestremde gemeenskap as skrywers. Die teikenlesers is leerders, besoekers aan die sentrum en lede van die gemeenskap.
3. Karootuinverse, as integrale deel van die brailleroete-ervaring in die Karoo Woestyn Nasionale Botaniese Tuin. Gedigte van genooide digters uit die omgewing. Die teikenlesers is besoekers met siggestremdheid, asook ander besoekers aan die Botaniese Tuin.

Die praktiese aspekte om ’n ondersoekgroep saam te stel – inisiasie, groepstigting, kontraktering, opstel van ’n navorsingsplan, rolverdeling, bepaling van grondreëls, verslaglewering, ensovoorts (Reason & Heron 1999) – is, binne die oorkoepelende konseptuele raamwerk en ooreengekome navorsingsbenadering, deur die praktyk bepaal. Benewens die primêre vennote (die Byderhandspan/Universiteit; die skool vir siggestremdes, en die Karoo Woestyn Nasionale Botaniese Tuin) is ook voorsien dat uitkringende geledere en medewerkers tydens die ontwikkeling en uitvoering van die projek betrek sou word. Genoemde geledere en medewerkers sluit in belanghebbers, sekondêre vennote, genooide skrywers en kunstenaars, personeel en leerders van die skool, navorsers uit ander dissiplines en fakulteite, skryfkuns- en ander studente, besoekers aan en gebruikers van die literatuurinstallasies.

In die projekbeplanning is voorsiening daarvoor gemaak dat die navorsing vanuit verskillende terreine en perspektiewe onderneem sou word, en dat navorsers verskillende benaderings, belangstellings, teoretiese raamwerke, navorsingsvrae en metodes sou gebruik.

11 In terme van die konsep van ’n “multimodale ensemble vir plekspesifieke digitale literatuur”, soos voorgestel in ’n artikel deur Greyling (2017), beteken dit dat die partye betrokke was by die formulering van projekdoelstellings (konseptuele raamwerk); by die konseptualisering, ontwerp, produksie en verspreiding van die lokatiewe literatuur; en by die oorweging van navorsingsfokusse en -moontlikhede.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a14

Verder is voorsien dat die navorsingsmoontlikhede en -data wat deur die loop van die projek ingesamel kon word, omvangryk sou wees en dat dit daarom nie moontlik is om dit vooraf af te baken nie; asook dat die gekombineerde ingesamelde data tot die digte beskrywing van die situasie kon bydra. Die diverse uitkomste, kenmerkend van interdissiplinêre en praktykgebaseerde navorsing, sou in verskillende kontekste en plekke bekend gemaak word en daarom ook by die vereistes en behoeftes van die betrokke omgewings moet aanpas.

## DIE DEELNEMENDE DINAMIKA VAN DIE PROJEK

Lokatiewe literatuur kom in wese daarop neer dat die projekspan *ervaringsmoontlikhede* vir die leser-deelnemer bied (Greyling 2017; Greyling *et al.* 2017). Soos aangedui in Greyling (2017) se konsep van 'n multimodale ensemble vir plekspesifieke digitale literatuur, word hierdie ervaringsmoontlikhede teweeggebring deur die onderskeie komponente van plekspesifieke digitale literatuur daar te stel en te verbind deur kommunikatiewe praktyke en tegniese prosesse.

Met betrekking tot die praktiese uitvoering van die projek (wat as die indompelingsfase beskou kan word – vgl. Reason 1999:207), kan drie aspekte onderskei word, naamlik die totstandkoming van die multisensoriese tuin, die inhoudskepping en die koppelvlakontwerp (sien figuur 1 hieronder). In terme van die genoemde multimodale ensemble, hou dít verband met die komponente *plek*, *literatuur* en *ervaringskoppelvlak.* Die verantwoordelikheid vir dié aspekte is deur verskillende spanlede geneem. Elkeen van die fokusse het 'n verskeidenheid medewerkers ingesluit en 'n kenmerkende deelnemende dinamiek vertoon. Plaaslike vennote – spesifiek die medeprojekleier wat aan die genoemde skool verbonde is, en individue wat siggestremd is of wat dienste aan siggestremdes verskaf – het op verskeie wyses as skakels en kulturele gidse (Brown & Wyatt 2010:33) opgetree. Die ontwerp en ontwikkeling van die tuin, die literatuur en die koppelvlak het oorvleuelend plaasgevind en mekaar wedersyds




***Figuur 1:*** *Grafiese voorstelling van die aspekte van die projek met aanduiding van vennote en medewerkers*


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a14

beïnvloed. Soos die bespreking van die deelnemende dinamika in die onderskeie aspekte van die projek illustreer, het die gekonseptualiseerde subprojekte in die praktyk en deur die onderlinge wisselwerking vorm aangeneem.

**Rondom die ontstaan van die multisensoriese skooltuin**

’n Multisensoriese tuin bied ’n veilige ruimte waarbinne verrykende ervarings gebied en gefasiliteer kan word en is by uitstek geskik vir die positiewe ontwikkeling van leerders met spesiale onderwysbehoeftes (Hussein 2011). ’n Multisensoriese tuin verskil van ander tuine deurdat dit baie spesifiek ontwerp is om maksimaal deur die menslike sintuiglike vermoëns ontgin te word en dus te dien as konkrete verwerkliking van die opvoedkundige beginsel dat onderwysers van siggestremdes soveel van die sintuigverskeidenheid as moontlik moet betrek in onderrig (Allman & Lewis 2014). Die skep van nuwe, verbeterde fisiese ruimtes het ’n positiewe effek op skole en leerders (Burger & Fataar 2018:322). Tuine word ook deur die eeue heen gesien as belangrike simboliese vergestaltings van versorging, sorg, rus en inspirasie (Harrison 2008:7).

Teen hierdie agtergrond is ’n multisensoriese tuin beplan vir ’n skool met leerders met siggestremdheid. ’n Bestaande verwaarloosde kruietuin op die skoolterrein sou vir dié doel ’n gedaanteverwisseling ondergaan. Die skep van die multisensoriese tuin het, as oorkoepelende samewerkende projek, die kundighede, vaardighede en insette van verskeie rolspelers betrek – iets wat bygedra het tot die organiese ontwikkeling van die tuin as sentrale doel.

’n Behoeftebepaling by die leerders as primêre gebruikers van die tuin was die eerste stap. Ná ’n verkennende uitstappie van leerders na die Kirstenbosch Nasionale Botaniese Tuin se geurtuin en braille-woudroete, na die “blindvriendelike” speelpark in Bellville en ’n Byderhand Tuinverse-installasie by die Breytenbachsentrum in Wellington, is voorstelle van leerders verkry om te help met die konseptualisering van die voorgenome projek (Verhoef 2017).[12]

Die eerste vennootskap wat gesluit is, was met ’n hoofstroomskool in die noordelike voorstede van Kaapstad, 88 km vanaf Worcester, as deel van ’n inskrywing deur beide skole vir die ATKV (Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging) se Handevatprojek. Die projektiteldeel “handevat” verwys na die kernbeginsel van die projek, naamlik dat dit nie ’n liefdadigheids-projek is nie, maar ’n ontwikkelingsprojek, waarby die breër samelewing óók baat moet vind en wat gesámentlik, op die basis van ’n vennootskap van gelykes, aangepak word (Verhoef 2018). Aanvanklik het die beplanningsvergaderings slegs onderwyspersoneel van die twee vennootskole ingesluit; op ’n later stadium het ’n groter kring vennote deel van die projek geword. ’n Essensiële aspek van die proses was die inwin van spesialiskennis by arbeids- en spraakterapeute, sowel as by oriëntering- en mobiliteitspesialiste en musiekonderwysers aan die skool vir siggestremdes. Daar is besluit dat die tuin in drie hoofafdelings verdeel sou word, met die fokus op olfaktoriese (reuk-), haptiese (tas-) en ouditiewe (gehoor-) aspekte. Ander sintuie wat ook betrek is, sluit die vestibulêre (balans), proprioseptiewe (balans en posisie), homeostatiese (liggaamstemperatuur) en visuele (sig) in.

[12] Tydens die uitstappie het leerders hulle voorkeure duidelik aangetoon: hulle het baie gehou van die geure in die kruietuin by Kirstenbosch, die verskillende teksture van die paadjies in Kirstenbosch en die blindvriendelike park, en hulle was gaande oor Daniel Hugo se stem in die lokatiewe literatuur-installasie by die Breytenbachsentrum. Hierdie kenmerke was volgens hulle ononderhandelbaar as nodige elemente wat in hulle multisensoriese tuin teenwoordig moes wees.

In die volgende maande is verskeie werknaweke gehou, waarby leerders en personeel van beide skole ewe veel betrokke was. Daar is met pikke, grawe en sae in die tuin gewerk om die ou plante uit te haal, die blombeddings voor te berei vir nuwe plante en die nuwe paadjies uit te lê. Musiek- en tegnologie-onderwysers het ook saamgewerk aan ’n projek waarin leerders buitelug-musiekinstrumente van metaal, hout en herwinbare materiaal gemaak het. Dit het gedien as uitbreiding van die ouditiewe aspek van die tuin (Verhoef 2018). Die onderskeie skole en plaaslike diensverskaffers was verantwoordelik vir die heruitleg van die beddings en die installering van staalrelings daarrondom.

Die Byderhandprojekspan is genader oor die moontlikheid om, in samewerking met die skool, ’n Tuinverseprojek – soortgelyk aan die een wat leerders by die Breytenbachsentrum ervaar het – in die multisensoriese tuin aan te bring, en wat by die ouditiewe aanbod wat vir die tuin beoog is, kon aansluit. Die Handevat- en Byderhandprojekte het mekaar op verskeie wyses beïnvloed en die trefkrag van die oorkoepelende tuinprojek versterk. Die sinergie het idees en kreatiwiteit gestimuleer. ’n Voorbeeld hiervan was hoe die gedagte wat ontstaan het om paadjies van afwisselende tekstuur in die multisensoriese tuin te skep – na aanleiding van die uitstappie van die leerders met siggestremdheid na Kirstenbosch Botaniese Tuin waar hulle aangedui het hulle hou baie daarvan – spesifieke inhoud kon kry met die aanhoor van sekere van die kinderverse van die Byderhandprojek. Geïnspireer deur die inhoud, is daar besluit om die paadjie in die tuin se teksture af te wissel met oppervlaktes van kunsgras, boombas, klippe en sand. Die kindervers “Klippepad” is byvoorbeeld by die paadjie van skalieklip geïnstalleer.

’n Verdere vennootskap wat ’n betekenisvolle invloed op die ontwikkeling van die tuinprojek gehad het, was die vennootskap met die Karoo Woestyn Nasionale Botaniese Tuin (Karootuin) in Worcester. Die kurator aldaar het inheemse plante – geselekteer met die fokus op wat dit bied in terme van reuk- en taservarings, en wat geskik sou wees vir die omgewing se uiterste klimaat – geborg, verskaf en in die multisensoriese tuin by die skool laat plant. Die gedagte was dat die skool dan met verdrag weer die Karootuin help met die opgradering van hulle brailleroete. Die span van die Karootuin is genooi om amptelik deel van die Handevatprojekspan te word, wat aansluit by die doel van die projek om ook die plaaslike gemeenskap te betrek. Met die insluiting van die kundigheid van die Karootuin se bestuur, is die projek se aanbodkwaliteit en volhoubaarheid verhoog.

Weer het die projekte verder uitgekring toe lede van die Byderhandspan tydens een van hul navorsingsbesoeke die kurator en ’n tuinboukundige van die Karootuin ontmoet het en daar besluit is om die Byderhandprojek ook ’n staanplek in die Karootuin te gee. Die Pionierdrukkery is genader om botaniese inligting op braille-bordjies in die multisensoriese tuin aan te bring en te help met die ontwikkeling van brailletoepassings in die Byderhandprojek. Die dinamiese ontwikkeling van die projek het bykomende moontlikhede laat onstaan en toe Afrikaans.com – as deel van hulle *Afrikaans gee jou vlerke*-muurprojek – die skool met bystandmoontlikhede nader, was dit ’n gulde geleentheid om die tuin verder te verfraai deur die muur wat aan die tuin grens, te beskilder met musiekverwante idiome, om sodoende aan te sluit by die ouditiewe aanbod in die tuin wat ook vergestalting vind in die buitelug-musiekinstrumente wat daar aangebring is (Steenkamp & Arendse 2018; Duvenage 2018; Mothemela 2018).

Al die projekte was samelopend en daarom is daar gesamentlik op ’n datum vir die opening van die multisensoriese tuin sowel as die bekendstelling van die drie Byderhandprojekte besluit. Die oorhoofse projek by die skool vir siggestremdes is uiteindelik die “Hand-aan-hand”-projek genoem: ’n doelbewuste toespeling op die ander twee meelopende projekte, Handevat en Byderhand.

## Die eksperimentele aard van die multimodale literatuuraanbod in die Byderhand-Pionierprojek

Elke lokatiewe literatuurprojek is uniek – nie slegs weens die besondere kombinasie van plek, literatuur en tegnologie nie, maar veral danksy die perspektief, vaardighede en aanslag van die projekspan én die bydraes deur medewerkers en deelnemers. Soos reeds genoem, het die ontdekkende eksperimentering met lokatiewe literatuur in die eerste fases van die Byderhandprojek (Byderhand 2015 – kyk Greyling 2017) tot die ontwikkeling van bepaalde formate en praktiese toepassings gelei. Die span kon derhalwe in die aanpak van die Byderhand-Pionierprojek voortbou op dié eerstehandse ervaring, en die toepassingsmoontlikhede van ’n gevestigde Byderhandplatform met sy koppelvlakke en formate in die nuwe konteks ondersoek. Die Byderhandspan het ook met verdrag die stappe in die produksie van ’n installasie as geheel, sowel as dié van die individuele werke, geïdentifiseer. Ná die aanvanklike konseptualisering van ’n spesifieke projek/installasie, behels die produksie die volgende: die identifikasie van en uitnodiging aan skrywers om bydraes te lewer;[13] die skryf van plekspesifiek toepaslike gedigte of verhale; terugvoer daaromtrent en redigering daarvan; vertaling daarvan (waar van toepassing); verwerkings daarvan in ander media (soos digitale animasie en musikale verwerkings); voorlesing- en ander klankopnames; die skep van ’n projekdatabasis; die digitale publikasie van die tekste (en verwerkings daarvan); die ontwerp van digitale en konkrete koppelvlakke om dit by wyse van installasie toeganklik te maak; en die installasie-implementering en -bekendstelling. Uit die voorafgaande kan afgelei word dat elke individuele werk as ’t ware ’n produksie van sy eie impliseer, een wat ’n unieke kombinasie van media en medewerkers behels. Die samewerking met betrekking tot die produksie kan verstaan word as *bydraende deelname* (Rettberg 2011:198), aangesien die deelnemers nie noodwendig weet hoe hulle bydrae in die oorkoepelende projek inpas nie, maar bewus stappe neem om hulle bydraes beskikbaar te stel.

Met betrekking tot die tuinverse-installasies te Worcester het Bernard Odendaal (Byderhandspanlid) as die skakelpersoon opgetree en gevestigde digters wat ’n verbintenis met die skool of die omgewing daaromheen het, genooi om bydraes te lewer wat onderskeidelik in die multisensoriese tuin of as deel van die voorgenome braillewandelpad in die Karootuin benut kan word. Van die digters wat deelgeneem het, is blind (William Rowland, Jacques Coetzee en Hans du Plessis). Vertalings van die tuinverse (onder andere in Engels, Duits, Portugees en isiXhosa) is deur die skrywers self of deur vertalers gedoen. Verder is kinderverse uit die bestaande Tuinverse-installasie in die Noordwes-Universiteit Botaniese Tuin beskikbaar gestel, sodat die skool kon kies watter van dié versies in die multisensoriese tuin geïnstalleer sou kon word.[14]

[13] Om die verband met die plek te versterk, word skrywers met ’n verbintenis met die spesifieke plek of omgewing by die Byderhandprojekte betrek.

[14] In die konseptualisering van die Tuinverseprojek is voorsien dat die gedigte deur die genooide digters aangevul kan word met kreatiewe skryfwerk van die leerders. ’n Werkwinkel in die skryf van poësie is deur Bernard Odendaal by die skool aangebied en leerders het die geleentheid gekry om hulle eie tuinverse te skryf. Na afloop van die werkwinkel is gevind dat leerders oor ander onderwerpe effektief kon dig, maar nie oor die tuin nie. Agterna is besef dat die rede eintlik baie eenvoudig was: daar is van die leerders verwag om te dig oor ’n tuin wat nog nie bestaan het nie. ’n Wengedig is deur die skool aangewys wat deur die musiekonderwyser van die hoofstroomskool getoonset is en tydens die projekbekendstelling opgevoer is.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a14

Met betrekking tot die Pionierstories het sekere van die onderwysers by die skool die leiding geneem, en leerders en oudleerders (almal persone met siggestremdheid) genooi om stories en herinnerings oor hulle ervarings by die skool en in die omgewing daarvan te skryf. Die skool (onderwysers) het die toepaslike bydraes – stories, vertellings en gedigte – geselekteer en geredigeer. Nadat die bydraes van die oudleerders ontvang is, het die Byderhandprojekspan besef dat die meerderheid daarvan met kultuuraktiwiteite verband hou (soos dié rondom die skoolkoor, die musiekdepartement en letterkundeskepping en -belewing); 'n behoefte aan 'n groter verskeidenheid stories, wat meer verteenwoordigend van leerders se plekervarings kan wees, is aangevoel en bykomende oudleerders en persone uit die blinde gemeenskap is genader om deel te neem. Die span het ook besluit om, ter wille van groter inklusiwiteit en toeganklikheid, deelnemers die geleentheid te bied om hulle stories te *vertel* eerder as te *skryf*. Hierdie besluit het dit moontlik gemaak om bydraes in te sluit van persone met siggestremdheid wat nie oor die nodige toerusting of vaardigheid beskik nie of wat sekere vaardighede verleer het, om hulle stories – hetsy met behulp van digitale toestelle of met 'n Perkins-brailleerder – te kan *skryf*. In hierdie gevalle is die klankopnames van die vertellings deur die Byderhandprojekassistent getranskribeer om dit ook in teksformaat beskikbaar te stel.[15]

Die meewerking en deelname ten opsigte van die produksie is deur die eise van die praktyk, die beskikbare hulpbronne en die vaardigheid en veelsydigheid van die deelnemers bepaal. Die oorkoepelende produksie is deur die Byderhandspan (Universiteit) onderneem, met ondersteuning van die skool se kant af. Die klankopnames en tegniese versorging is behartig deur die Byderhandspan, Boomroc Studio by die Pionierdrukkery en die Artema-ateljee by die Noordwes-Universiteit. Enkele skrywers (insluitende gesiggestremde deelnemers) het hulle eie klankopnames gedoen en aan die Byderhandspan beskikbaar gestel.

In die geval van die Tuinverse in die multisensoriese tuin en die Karootuin, het die digters self hulle gedigte voorgelees; of, soos in die geval van sommige vertalings, deur voorlesers wat die taal magtig is. Die voorlesers van die Pionierstories sluit in die skrywers self, leerders en personeel van die skool vir siggestremdes, Skryfkunsstudente en personeel van die Noordwes-Universiteit, en lede van die Byderhandspan. Hierdie deelname het bepaalde uitdagings gestel en 'n groot verskeidenheid kombinasies van skrywer en leser tot gevolg gehad wat klaarblyklik vir die bepaalde medewerkers 'n verruiming van insig in ander leefwêrelde meegebring het. 'n Oudleerder, Juanita Horn, se verhaal oor haar koshuiservaring in die meisieskoshuis in die tagtigerjare van die vorige eeu, is byvoorbeeld deur 'n huidige leerder van die skool, Precious Cakwebe, voorgelees. Ten einde Cakwebe in staat te stel om die voorlesing te kan doen, is die verhaal wat die skrywer in digitale formaat ingestuur het, gebrailleer.

Die inklusiewe en uitnodigende aard van die projek het meegebring dat 'n deelnemer op verskeie wyses by die projek betrokke kon wees, asook eie samewerkende projekte in die kleine onderneem het. Arné von Mollendorf, die blinde klankingenieur wat die klankopnames by Boomroc Studio behartig het, het byvoorbeeld ook 'n vertelling tot die Pionierstorieversameling bygedra. In die geval van die Karootuinverse, het van die digters – soos byvoorbeeld Diana Ferrus – op hul beurt self medekunstenaars betrek in die skep en uitvoering van musikale verwerkings, waarna die klankopnames aan die projekspan beskikbaar gestel is. Nuwe

[15] Die meerderheid van die Pionierstories in die versameling is bygedra deur oudleerders. Die ouderdomme van die deelnemers wissel tussen 15 en 75 jaar en die bydraes verteenwoordig 'n tydperk van meer as 50 jaar van die skool se bestaan.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a14

ontwikkelingsmoontlikhede het tydens die produksie van die projek ontstaan na aanleiding van die inhoud van die tekste en die vaardighede van deelnemers. Quinten Pendle (oudleerder) en Ying-Shan Tseng (leerder) se verhale, waarin musiek 'n groot rol speel, word byvoorbeeld aangevul met hulle orrel- en klavierspel. Die Tuinverse-installasies sluit verder musikale verwerkings en tipografiese animasies deur verskeie kunstenaars in; die meeste van die verwerkings in die multisensoriese tuin is oorgeneem uit reeds bestaande Tuinverse-installasies.[16]

Die verskeidenheid tekste en media is deur die Byderhandspan op die projekdatabasis gepubliseer. Dié databasis moes deur die koppelvlak toeganklik gemaak word.

**Uitdagings en oplossings rondom digitale koppelvlakontwerp vir die Byderhand-Pionierprojek**

Om die Byderhandplatform en lokatiewe literatuur toeganklik te maak vir gebruikers[17] met siggestremdheid, was dit nodig om aan twee ontwerpprobleme aandag te gee, naamlik die ontwerp van 'n toeganklike koppelvlak en die ontwerp van 'n praktiese oplossing waardeur gebruikers (by die spesifieke plek) toegang tot die koppelvlak kan kry. Die finale ontwerp, wat in samewerking met personeel van die Tegnologiesentrum en die Pionierdrukkery ontwikkel is, behels 'n multimodale koppelvlak wat 'n kombinasie van tasbare, ouditiewe en grafiese koppelvlakke bevat.

'n Koppelvlak kan as 'n ontmoetingspunt tussen twee rolspelers (mens en rekenaar) binne 'n sisteem beskryf word (Laurel & Mountford 1990:xii). Vanuit die mens-rekenaar-interaksieveld word die koppelvlak beskou as die komponent wat interaksie met die rekenaar deur middel van sintuiglike prosesse laat geskied (Galitz 2007:8). Suksesvolle mens-rekenaar-interaksie vereis dat ontwerpers die gebruiker se behoeftes, verwagtinge asook kognitiewe en fisiese vermoëns in ag moet neem by die ontwerp van 'n koppelvlak. Voorts, so wys Sutcliffe (1988:8) uit, is 'n goeie koppelvlakontwerp kenmerkend nie opvallend nie, maar eerder subtiel in sy aanwending en staan dit naatloos geïntegreer binne die sisteem waarin dit funksioneer. Die proses van interaksie- en koppelvlakontwerp is volgens Preece *et al.* (2015:15) in vier sikliese fases te verdeel, naamlik die lysting van doelwitte, en die ontwerphandeling, -prototipering en -evaluasie. Hierdie fases is herhalend van aard en vind onderling verweefd plaas, naamlik om deurentyd verbeteringe aan te bring op grond van die nuwe kennis wat opgedoen word tydens die proses.

In die hoofstroomdenke oor koppelvlakontwerp word 'n grafiese ontwerpbenadering gevolg, waarvolgens komplekse take deur middel van vereenvoudigde ikone of illustrasies uitgebeeld word. Binne die konteks van die Byderhand-Pionierprojek sou 'n visuele benadering egter nie voldoen het aan 'n siggestremde gebruiker se behoeftes nie. Die bogestelde probleem word verder gekompliseer deurdat interaksie met mobiele digitale toestelle hoofsaaklik by wyse van raakskerms plaasvind. In aansluiting by die deelnemende aard van die Byderhand-Pionierprojek het die projekspan besluit om 'n gebruikergesentreerde ontwerpbenadering toe te pas. Hiervolgens word gebruikers op verskeie maniere betrek by die ontwerpproses om

16 Erkenning word op die projekwebtuiste (byderhand.net) aan die onderskeie medewerkers en deelnemers gegee.

17 Die term "gebruiker" word in die praktyk van koppelvlak- en gebruikerservaringontwerp ingespan om te verwys na die spesifieke groep mense op wie die ontwerp en eindproduk vir benutting gemik word.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a14

sodoende ontwerpe te kan skep wat direk verband hou met die insette en voorkeure van die gebruiker (Abras *et al.* 2004:1). Aangesien die Byderhandspan geen kennis gedra het van hoe om ontwerp-oplossings vir siggestremde gebruikers te skep nie, was dit noodsaaklik om siggestremde persone in te sluit by die projek se ontwikkeling om te verseker dat ontwerp-oplossings geskep word wat toepaslik toeganklik is.

Met die ontwerp van die koppelvlak is veral staatgemaak op die kennis van Philip Crouse en Aydienne Britz, wat as tegnologie-instrukteurs by die Tegnologiesentrum van Innovation for the Blind betrokke is.[18] Crouse en Britz, wat beide siggestremd is, is spesialiste in die veld van toeganklikheidsagteware wat op iOS-, Android-, Macintosh- en Windowsplatforms beskikbaar is. Hierdie medewerking het verskeie besoeke, gesprekke en siklusse van ontwerp, prototipering en evaluasie genoodsaak. Tydens verkennende gesprekke het die projekspan geleer hoe swaksiende persone met mobiele toestelle werk en kon geïdentifiseer word watter oplossings moontlik toepaslik vir dié projekinstallasies was. Hierdie meedeel van ervaringskennis was van kardinale belang vir die sukses van ’n toeganklike koppelvlak; nuwe kennis het sodoende die ontwerpproses gelei.

Dit het ook met verdrag duidelik geword dat persone met verskillende siggestremdhede nie dieselfde behoeftes met betrekking tot interaksie-ontwerp het nie. Gevolglik is besluit om die beoogde gebruikers te klassifiseer op grond van hulle visuele vermoëns en daaruit voortspruitende behoeftes, naamlik as, onderskeidelik, siende, swaksiende en blinde gebruikers. In terme van ’n universele ontwerpfilosofie-standpunt was ons doelwit om die koppelvlak bruikbaar te maak vir die grootste moontlike verskeidenheid gebruikers (Carr *et al.* 2013:2). Terselfdertyd is aanvaar dat die koppelvlak nie voorsiening vir alle gebruikers se behoeftes kan maak nie. Die projekspan het dit goedgedink om voorsiening te maak vir ’n meervoudige koppelvlak wat toeganklikheid en inklusiwiteit sou bevorder. Hierdie meervlakkige koppelingsmoontlikhede kan soos volg saamgevat word: die grafiese koppelvlak vir siende gebruikers; die verstelbare grafiese koppelvlak vir swaksiende gebruikers; en die ouditiewe koppelvlak vir blinde gebruikers. Die Byderhand-Pionierprojek se koppelvlak is in terme hiervan deur die multimodale ontwerper in die span ontwikkel; daarna, met die hulp van Crouse, Britz en leerders wat deel van toetssessies was, noukeurig verfyn om te verseker dat die koppelvlak logies en bruikbaar saamgestel is.

Die tasbare koppelvlak is ontwerp in samewerking met Elzaan Hendriksz van die Pionierdrukkery in Worcester.[19] Hierdie deel van die koppelvlak huisves die QR-kode, oftewel Quick Response-kode, wat nodig is om toegang tot die digitale aspek van die projek te verkry. Om die blinde gebruiker in staat te stel om die visuele QR-kode te vind, het ons die moontlikheid ondersoek om elk van die kodes binne ’n brailleraampie te plaas. Die multimodale ontwerper van die Byderhandspan en Hendriks het, as mede-ontwerpers, begin deur prototipes van papier te maak. Hierdie proses het geverg dat gebruik gemaak moes word van beide ink- en brailledrukkers. Nadat die prototipes op die proef gestel is, is begin om die finale uitleg te ontwerp. Die oriëntasie is in portretformaat uitgelê en elke QR-kode (binne ’n brailleraampie) is regs bo-aan die installasie-itemplate geplaas sodat dit ooreenkom met die posisionering van

[18] Innovation for the Blind het sedert die uitvoering van die projek groot herstrukturering ondergaan. Die tegnologiesentrum is sedert 2019 onder nuwe bestuur en staan bekend as die Hein Wagner Akademie.

[19] Pionierdrukkery is ’n lektuurproduksie-eenheid wat leer-, lees- en onderrigmateriaal in braille-, klank- en grootskrifformaat aan blinde en siggestremde persone in Suid-Afrika en buurlande verskaf.

die kameralens op die meeste slimfone. Die itemplaat-ontwerp bevat ook die titel van die betrokke teks en die skrywer daarvan se naam (in beide grootskrif en braille). Benewens die itemplaat-ontwerp van die individuele bydraes, is ’n instruksiebord ontwerp met grootskrif en braille wat verduidelik hoe om die QR-kodes te skandeer. Die bewoording is deur Philip Crouse voorgestel en verder saam met leerders getoets om te bepaal of die instruksies begryplik en bruikbaar is. Voordat die finale ontwerpe laat druk is, is Shani Little, ’n blinde brailleproefleser van die Pionierdrukkery, gevra om te verseker die braille-weergawe is korrek.

Ná eksperimentering met verskeie materiaalsoorte vir die plate is gevind dat aluminium en viniel die beste oplossing vir die projek se doeleindes bied. Die verskillende installasies van die projek het verskillende oplossings geverg in die aanbieding van die tasbare koppelvlak. Daar is, met die hulp van die skoolhoof Paul Greyling, staanders vir die aluminiumplate in die multisensoriese tuin ontwikkel. Om hierdie staanders meer toeganklik te maak vir swaksiende gebruikers, is die staanders met hoëkontras-kleure geverf – kleure wat ooreenstem met dié van die projekidentiteit. Om die Pionierstories beskikbaar te stel op bepaalde plekke teen die mure van die skool, is die aluminiumplate met perspeksbordjies gekombineer. Vir die aluminiumplate wat in Blindiana Barista beskikbaar gestel sou word, het Hennie Greyling (van Phenco CC) bordjies uit laaghout vervaardig, aangesien soiets ook by die versieringstyl van die koffiewinkel sou aansluit. Voorts is die kelners van die koffiewinkel betrek om hulle in staat te stel om aan klante te verduidelik hoe die projek en die toegang tot die inligting op die bordjies werk.

## NABETRAGTING OOR EN GEVOLGTREKKINGS AANGAANDE DIE BENADERING IN DIE BYDERHAND-PIONIERPROJEK

In alle lokatiewe literatuurprojekte speel die *plek* ’n rol in die ontwikkeling van ’n installasie en die ervaring daarvan. Soos uit die voorafgaande bespreking blyk, het die konteks, die ontwikkelende plek (die multisensoriese skooltuin) en die literatuurprojek mekaar wisselwerkend beïnvloed. Die projekspan moes egter ook besluit wáár ’n spesifieke gedig of storie in die ruimte geplaas moet word; hierin het die skool die leiding geneem, naamlik met betrekking tot die plasing van die tuinverse-itemplate in die multisensoriese tuin asook van die Pionierstorie-itemplate elders op die skoolterrein. Juanita Horn se verhaal oor haar ervarings in die koshuis, is byvoorbeeld by die ingang van die meisieskoshuis geplaas. William Rowland se ikoniese gedig oor blindheid in Afrikaans, “Die huis waar ek woon”, is as sleutelgedig vir die projek by die ingang van die tuin aangebring.

Die tuinprojek is in Augustus 2018 tydens ’n feesgeleentheid seremonieel geopen deur dr. William Rowland, naas deelnemende digter ook die voormalige uitvoerende hoof van die Suid-Afrikaanse Raad vir Blindes en voormalige president van die Wêreldraad vir Blindes. Die multisensoriese tuin bied aan die gebruikers ’n groot verskeidenheid ervaringsmoontlikhede deur die kombinasie van ’n verskeidenheid inheemse plante, paadjies met verskillende oppervlaktes, buitelug-musiekinstrumente, tematies verwante muurskilderye, inligting in braille en grootskrif, en die lokatiewe literatuurprojek (Byderhand-Pionierprojek). Die Tuinverseversameling in die multisensoriese tuin bevat 10 gedigte deur 6 digters. Die oorspronklik Afrikaanse gedigte word aangevul met weergawes in verskeie tale (Engels, Duits, isiXhosa, Portugees, Setswana) en aangebied by wyse van verskillende media (soos musiekverwerkings en tipografiese animasies). Die Pionierstorieversameling op die skoolterrein en in Blindiana Barista bestaan uit 27 verhale, vertellings en gedigte deur 23 skrywers (leerders,


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a14

oudleerders en personeel van die skool). Die literatuur word toeganklik gemaak deur ’n multimodale koppelvlak, bestaande uit ouditiewe, visuele en tasbare koppelvlakke.[20]

In ’n onderhoud op die openingsdag het dr. Rowland groot lof vir die vindingrykheid en vernuwende aard van die Byderhand-Pionierprojek gehad: “Sover ek weet, is dit ’n wêreld-eerste. Die verbintenis van poësie met ’n tuin, plante en bome, die storievertelprojek, die tegnologie wat toegepas word in die projek [...] Ek is nie bewus van ’n soortgelyke projek nie.” (BHA-O-20180831).

Soos uit dr. Rowland se terugvoer, asook dié van ander medewerkers, deelnemers en besoekers blyk, is en word die projek oorwegend gunstig en met waardering ontvang. Benewens die eerstehandse waarneming van gebruikers, het die evalueringsfase verskeie vorme van post-projekrefleksie en die benutting van verskeie kennismodaliteite behels. Persone met siggestremdheid was tydens die uitvoering van sowel as in die nabetragting oor die projek deurgaans deel van die besinning. Hierdie nabetragtings- en evaluasie-aktiwiteite sluit in: opvolgbesoeke aan die skool en waarneming van die gebruik van die lokatiewe literatuur-installasies; semi-gestruktureerde onderhoude met medewerkers en deelnemers; refleksie-gesprekke met betrokkenes; ’n colloquium waartydens medenavorsers en deelnemers (insluitende deelnemers met siggestremdheid) besinnings oor verskeie aspekte van die projek verwoord het; en voortgesette disseminasie van die projek en sy resultate, onder meer in die vorm van ’n onlangs voltooide MA-skripsie in Grafiese Ontwerp, gelewerde kongresreferate, werkwinkelaanbiedings en die skryf van navorsingsartikels (soos die onderhawige een). Die projekuitkomste is verder in diverse formate en media aan die algemene publiek bekendgemaak, onder andere deur middel van ’n projekwebtuiste en -blog, koerantberigte en tydskrifartikels, radio-onderhoude en ’n kort projekvideo.

Volgens Reason en Heron (1999) kan deelnemende ondersoek gesien word as ’n ordelike proses: om deur siklusse van nadenke en handeling te beweeg, en waartydens die ervaring opgedoen in een siklus in die volgende siklus van toepassing gemaak word. Dit gaan egter terselfdertyd oor intuïtiewe ontdekking, toeval en sinchronisiteit – en om balans tussen chaos en orde te vind. “It is sometimes about throwing all caution to the winds in a wild experiment. The best inquiry groups find a balance between chaos and order” – aldus Reason en Heron (1999). Sinchronisiteit het inderdaad ’n groot rol in die Byderhand-Pionierprojek gespeel. Dit was ’n gelukkige sameloop van omstandighede wat meegebring het dat die Byderhandprojek genooi is om by die multisensoriese tuinprojek betrokke te raak, dat spanlede en medewerkers met die nodige vaardighede geïnteresseerd en beskikbaar was om by die projek betrokke te raak, asook dat voldoende befondsing vir die projek verkry kon word. Chaos was daar soms inderdaad, maar die verskillende aspekte van die projek het merkwaardig tot ’n afgeronde eenheid verweef.

Dié samewerkingsprojek tussen Byderhand/Universiteit en die skool vir siggestremde leerders het verskeie winste opgelewer. Die toevoeging van die multisensoriese tuin op die skoolterrein dra byvoorbeeld by tot ’n verrykte leef- en leeromgewing vir die leerders, maar ook vir die personeel en inwoners uit die omgewing. Die digitale literatuur en die toeganklikmaking daarvan deur innoverende koppelvlakontwerp, bied aan die leerders en ander gebruikers nuwe ervaringsmoontlikhede, en wat moontlik identifiseringsmoontlikhede kan

[20] Die Karootuinverse wat geskep is vir die voorgenome braillewandelroete in die Karoo Woestyn Nasionale Botaniese Tuin is op dieselfde dag as die seremoniële opening van die multisensoriesetuin-installasie tydens ’n geleentheid by die Botaniese Tuin bekendgestel. Die installasie sal in die tuin aangebring word sodra die beplande braillewandelpad aldaar voltooi is.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a14

bied, kreatiwiteit kan stimuleer en tot hegter plekverbondenheid kan lei. Vir die skrywers, medekunstenaars en ander deelnemers het deelname aan die projek nuwe moontlikhede van kreatiewe uitdrukking gebied en bygedra tot 'n gevoel van selfwaarde en kulturele bemagtiging. Die Tuinverse- en Pionierstories-versamelings kan insig bied in die plek- en leefervaring van die skrywers en die algemene publiek se siening van persone met siggestremdheid ten goede verander. Die innoverende ontwerp-oplossings vir die koppelvlak, as 'n vorm van bemagtigingstegnologie-skepping, bied verskeie verdere praktiese toepassingsmoontlikhede. Voorts kan die verskeidenheid versamelde data insig bied ten opsigte van die projekbenadering, -proses en -inhoud en die digte/gelaagde beskrywing van wat alles 'n projek soos hierdie moontlik maak. In die geheel beskou – en in aansluiting by die oorkoepelende Byderhandprojek – kan die Byderhand-Pionierprojek dien as 'n denkruimte vir die besinning oor verskeie temas en vraagstukke, insluitende: modusse van samewerking; mediatoeganklikheid; sintuiglikheid en die estetiese ervaring; toegepaste elektroniese literatuurstudie; (nuwe vorme van) kreatiewe uitdrukking; en die verhouding tussen mens, plek, literatuur en tegnologie.

Die sukses van die projek kan toegeskryf word aan die samewerking en deelname van 'n groot verskeidenheid vennote en individue in diverse samewerkingsverhoudings. Die volgende aspekte is geïdentifiseer as bepalend vir die sukses van hierdie samewerkende projek:

1. Die konteks en oogmerk van die projek. Die projek het ontstaan na aanleiding van 'n uitnodiging deur die skool vir siggestremde leerders – 'n uitnodiging gebaseer op die leerders se entoesiastiese belewing elders van elemente wat uiteindelik die multisensoriesetuin-ontwikkeling by hulle skool sou kenmerk. Die gedagte om 'n lokatiewe literatuurinstallasie by 'n multisensoriese tuin te inkorporeer en toeganklik te maak vir persone met siggestremdheid – met ander woorde die verrykende ervarings wat dit vir 'n tradisioneel gemarginaliseerde gemeenskap kan bied – het die vennote, medewerkers en deelnemers en ander belanghebbers se belangstelling geprikkel en dit die moeite werd gemaak om die projek aan te pak.
2. Die aansluiting by en ondersteuning van bestaande strukture. Die Byderhand-Pionierprojek het op verskeie wyses by bestaande strukture, organisasies en inisiatiewe ingeskakel – instellings wat die projek geanker het, ondersteuning verskaf het, wedersydse voordelige vennootskappe moontlik gemaak het, asook tot die status van die projek bygedra het. Hierdie strukture sluit die volgende in: die Noordwes-Universiteit en sy strukture (die Navorsingseenheid vir Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks, die Vakgroep Skryfkuns, die Byderhandprojek); die skool vir siggestremdes in Worcester en strukture van die Wes-Kaap Onderwysdepartement; die ATKV-Handevatprojek wat samewerking tussen skole aanmoedig en stukrag verleen het aan die tuinprojek; die ondersteuningsdienste vir die blindes (Pionierdrukkery, Innovation for the Blind, Tegnologiesentrum); die Karoo Woestyn Nasionale Botaniese Tuin; en ander instansies, soos Afrikaans.com.
3. Die gebruik van bestaande netwerke en die vestiging van nuwe netwerke**.** Die verskillende vennote en medewerkers het van bestaande netwerke gebruik gemaak en as skakels tussen die projek en die betrokke instansies of individue opgetree. Dié persoonlike kontak het waardevolle hulpbronne toeganklik gemaak, deelname aangemoedig en die ontwikkeling en uitvoering van die projek vergemaklik. Die uitnodiging van die digters vir die tuinversinstallasies is byvoorbeeld onderneem deur Bernard Odendaal, wat as literator en digter 'n opmerklike rol in die Afrikaanse poësiesisteem speel; die uitnodiging van die skrywers van die Pionierstories is gedoen deur die personeel van die skool, wat geweet het watter oudleerlinge moontlik in die

projek sou belangstel; netwerke in die plaaslike gemeenskap was waardevol vir die uitvoering van praktiese aspekte van die projek.

4. Interdissiplinêre samewerking en belangstelling, en veelsydigheid. Die kernspan van die projek het bestaan uit individue vanuit verskillende vakdissiplines en met diverse kennisagtergronde, vaardighede, navorsingsbelangstellings en -vrae – ’n stand van sake wat ’n natuurlike rolverdeling moontlik gemaak het en wedersyds aanvullend was. Hierbenewens is die individuele lede van die kernspan veelsydig gekwalifiseerd en beskik hulle oor kennis van en vaardighede in meer as een kundigheidsveld, wat tot voordeel van die interdissiplinêre samewerking was, en wat silo-denke beperk het. Dit is verder opvallend dat ander vennote en medewerkers ook in verskillende velde geïnteresseerd is (byvoorbeeld in tegnologie en onderrig, plantkunde en digkuns) en daarin belanggestel het om nuwe kundigheidskombinasies en -toepassingsmoontlikhede te ondersoek**.** Die besondere konteks van die projek, die verskeidenheid perspektiewe en bydraes van die medewerkers en deelnemers, en die kreatiewe uitdagings wat volgehoue innoverende en probleemoplossende denke vereis het, het die uitvoering van die projek ’n ontdekkingsreis vir vele gemaak en bygedra tot die momentum daarvan.
5. Plaaslike vennote en deelnemers as skakels en kulturele gidse. Vóór die aanvang van die projek het die Byderhandspan weinig kennis oor siggestremdheid en die leefwêreld van persone met siggestremdheid gehad. Leerders van die skool, persone met siggestremdheid, personeel van die skool, instansies wat dienste vir blindes verskaf asook ander plaaslike vennote, medewerkers en deelnemers het die span met verdrag en op diverse wyses aan dié wêreld bekend gestel. Die ontwerp-oplossings is saam met siggestremde persone ontwikkel.
6. Vrywillige deelname, inklusiwiteit en toeganklikheid**.** ’n Groot aantal medewerkers en deelnemers was entoesiasties oor die projek en het op verskeie wyses hulle kundigheid en tyd beskikbaar gestel, wat ’n positiewe uitwerking op die projekdinamiek gehad het. Inklusiwiteit veronderstel in hierdie verband ’n veelvlakkige praktyk wat daarop fokus om persone wat tradisioneel buitestaanders in ’n samelewing is, ten volle in te sluit by wat onderneem word. Die Byderhand-Pionierprojek het persone met siggestremdheid deurgaans as volwaardige medewerkers en deelnemers by alle aspekte van die projek ingesluit. Die beginsels van toeganklikheid en insluitendheid was ook onderliggend met betrekking tot die multimodale inhoud, die uitbreiding van die taalverskeidenheid (insluitende Suid-Afrikaans gebaretaal), die ontwikkeling van die multimodale koppelvlak, en die ondersoek na bykomende publikasie- en verspreidingsmoontlikhede.
7. Volgehoue dialoog en refleksie. Herhaaldelike en wedersydse navorsingsbesoeke, tydens alle fases van die projek, was onontbeerlik vir die sukses van die projek. Volgehoue gesprekvoering en besinning het deel gevorm van die kennissiklus, sodoende rolverwisseling vergemaklik, koördinasie verseker en koersverandering moontlik gemaak. Die projek is in Afrikaans – die omgangstaal van die vennote, medewerkers en die meeste deelnemers – uitgevoer, wat bygedra het tot gemaklike en effektiewe kommunikasie.
8. Persoonlikheidseienskappe van die kernspan. In ’n komplekse dinamiese projek – waarby uiteenlopende medewerkers en deelnemers betrokke was, wat oor ’n lang tyd ontwikkel het en waarin diverse uitdagings hanteer moes word – was die volgende persoonlikheidseienskappe deurslaggewend vir die suksesvolle uitvoering daarvan:

denksoepelheid en aanpasbaarheid; die vermoë om goeie verhoudings met ’n verskeidenheid mense te handhaaf; ’n pragmatiese en probleemoplossende benadering; humorsin; innoverende en skeppende denke; waagmoed en volharding**.**

Die sikliese en dinamiese aard van die projek en die medewerking wat dit geverg het, word deur die volgende voorbeeld van voortgesette verkenning, uitkringende deelname en innovasie geïllustreer: Ná die bekendstelling van die projek is die moontlikheid om Suid-Afrikaanse gebaretaal deel van die aanbod in die Tuinverse-installasie te maak, ondersoek. Dié gedagte het aanleiding gegee tot ’n kleiner samewerkingsvennootskap met die skool vir dowes te Worcester, wat twee van die kinderverse in die tuininstallasie in Suid-Afrikaanse gebaretaal (soos deur ’n moedertaalspreker daarvan vertolk) in hulle eie produksie-eenheid verfilm het. Dié video’s is deel gemaak van die Tuinverse-installasie in die multisensoriese tuin sodat dowe besoekers die versies in hulle moedertaal kan ervaar. Sodoende is ’n bykomende dimensie tot die lokatiewe literatuurprojek gevoeg wat verdere ondersoek- en uitbreidingsmoontlikhede bied.

Ten slotte: Dit was vir die projekspan ’n besondere, verrykende ervaring om deel te wees van die projek; om sodoende ook bewus te word van die behoeftes van persone met siggestremdheid en van die noodsaak van groter inklusiwiteit en toeganklikheid met betrekking tot kultuurprodukte – in die besonder soos dit ten opsigte van koppelvlakontwerp en digitale aanbieding van literatuur tot uitdrukking kom.

## BIBLIOGRAFIE

### Primêre bronne:

BHA-DP-20170921. 2017. Projekbeskrywing en navorsingsvoorstel.

BHA-O-20180831. 2018. Onderhoud met William Rowland tydens die bekendstelling van die Byderhand-Pionierprojek, Worcester, 31 Augustus.

### Sekondêre bronne:

Abras, C., Maloney-Krichmar, D. & Preece, J. 2004. User-centered design. In Bainbridge (ed.). *Encyclopedia of Human-Computer Interaction*. Thousand Oaks: Sage Publications, pp. 445-456.

Allman, C., & Lewis, S. 2014. *ECC essentials: Teaching the Expanded Core Curriculum to students with visual impairments*. New York: AFB Press.

Barnes, C. 2003. What a difference a decade makes: Reflections on doing ‘emancipatory’ disability research. *Disability & Society*, 18(1):3-17.

Beacon North East. 2011. *Co-inquiry toolkit. Community-university participatory research partnerships: co-inquiry and related approaches*. Newcastle: Beacon North East.

Borgdorff, H. 2011. The production of knowledge in artistic research. In Biggs & Karlsson (eds). *The Routledge Companion to Research in the Arts*. London & New York: Routledge.

Brown, T. & Wyatt, J. 2010. Design thinking for social innovation. *Stanford Social Innovation Review*, 8(1):31-35.

Burdick, A., Drucker, J., Lunefeld, P., Presner, T. & Schnapp, J. 2012. A short guide to the digital humanities. *Digital Humanities.* Cambridge, Massachusetts: MIT Press.

Burger, J. & Fataar, A. 2018. Skoolhoofde se leierskapspraktyke wat betrekking het op die skep van “fisiese ruimtes” om gesonde leeromgewings by hul skole te vestig. *Litnet Akademies*, 15(2):321-349.

Busch, M.D., Jean-Baptiste, E., Person, P.F. & Vaughn, L.M. 2019. Activating social change together: A qualitative synthesis of collaborative change research, evaluation and design literature. *Gateways: International Journal of Community Research and Engagement*, 12(2):1-26.

Carr, K., Weir, P.L., Azar, D. & Azar, N.R. 2013. Universal design: a step toward successful aging. *Journal of aging research,* 2013: Article ID 324624:1-8.

Duvenage, E. 2018. Tuin van hande en stories. Netwerk 24 (Aktueel) – *Die Burger* By-lae – 29 September. https://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/tuin-van-hande-en-stories-20180928 [5 November 2018].

Ensslin, A. 2019. “These waves...”: Writing new bodies for applied E-Literature studies. Keynote lecture at ELO2019, University College Cork, July 17. https://youtu.be/nobZYl3NwRY [10 Januarie 2020].

Felski, R. 2015. *The limits of critique.* Chicago & London: The University of Chicago Press.

Frizzera, L. 2015. Mobile media as new forms of spatialization. *Interdisciplinary Science Reviews*, 40(1):29-43.

Galitz, W.O. 2007. *The essential guide to user interface design: An introduction to GUI design principles and techniques*. New Jersey: John Wiley & Sons.

Greyling, F. 2017. Plekspesifieke digitale literatuur: samespel en wisselwerking in nuwe kontekste. *LitNet Akademies*, 14(2):147-189.

Greyling, F., Du Plessis, H.G.W. &. Tempelhoff, G. 2017. Verweefde netwerk van ’n plekspesifieke dwaalverhaal. *Stilet,* 29(2):1-25.

Greyling, S.F. & Marley, I. 2009. Op die spoor van kreatiewe kreature: ’n interdissiplinêre ondersoek na die kreatiewe proses: Projekbeskrywing. *Literator,* 30 (1) April 2009.

Harrison, R.P. 2008. *Gardens: An Essay on the Human Condition*. Chicago: Chicago Press.

Heron, J. & Reason, P. 1997. A participatory inquiry paradigm. *Qualitative Inquiry*, 3:274-294.

Heron, J. & Reason, P. 2006. The Practice of Co-operative Inquiry: Research ‘with’ rather than on people. In Reason & Bradbury (eds). *Handbook of Action Research*. London: Sage, pp. 144-154.

Heron, J. & Reason, P. 2008. Extending epistemology within a co-operative inquiry. In Reason & Bradbury (eds). *Handbook of Action Research*. London: Sage Publications, pp. 366-380.

Hussein, H. 2011. The influence of sensory gardens on the behaviour of children with special educational needs. *Asian Journal of Environment-Behaviour Studies*, 2(4):80.

Jacquez, F., Vaughn, L.M. & Wagner, E. 2013. Youth as partners, participants of passive recipients: A review of children and adolescents in community-based participatory research (CBPR). *American Journal of Community Psychology*, 51:176-189.

Laurel, B. & Mountford, S.J. 1990. *The art of human-computer interface design*. Boston: Addison-Wesley Longman.

Law, J. 2009. Actor-network theory and material semiotics. In Turner (ed). *The New Blackwell Companion to Social Theory*. Oxford: Blackwell, pp. 141-158.

Marley, I. & Greyling, F. 2011.The Tracking creative creatures-project: Negotiating space for interdisciplinary practice-led research at the North-West University. In Farber (ed). *On Making: Integrating Approaches to Practice-led Research in Art and Design*. Research Centre, Visual Identities in Art and Design, Faculty of Art Design and Architecture, University of Johannesburg, pp. 169-182.

Marley, I. & Swanepoel, R. 2014. Die deelnemingsparadigma as ’n addisionele paradigma in multipraktisyns en praktykgeleide navorsingsprojekte. *South African Journal of Art History*, 29(4):1-24.

Mathiesen, K. 2017. Human Rights for the Digital Age. *Journal of Mass Media Ethics*, 29(1):2-18.

Mothemela, P. 2018. Siggestremdes ontdek prag van tuin, Netwerk 24, *Worcester Standard* – 17 September; www.netwerk24.com/ZA/Worcester-Standard/Nuus/siggestremdes-ontdek-prag-van-tuin-20180912-2 [20 Februarie 2020].

Oliver, M. 1992. Changing the social relations of research production. *Disability, Handicap and Society,* 7(2):101-114.

Preece, J., Rogers, Y. & Sharp, H. 2015. *Interaction design: beyond human-computer interaction*. Chichester, West Sussex: John Wiley & Sons.

Perry, D.M. 2015. The future of assistive technology is surprisingly simple. http://america.aljazeera.com/opinions/2015/8/the-future-of-assistive-tech-is-surprisingly-simple.html [2 Junie 2017].

Raley, R. 2008. On locative narrative. *Genre*, XLI:125-149.

Reason, P. 1999. Integrating action and reflection through co-operative Inquiry. Management Learning. Special Issue: *The Action Dimension in Management: Diverse Approaches to Research, Teaching and Development*, 30(2):207-227.

Reason, P. & Heron, J. 1999. A short guide to co-operative inquiry. *South Pacific Centre for Human Inquiry*. http://www.human-inquiry.com/cishortg.htm [18 Junie 2019].

Rettberg, S. 2011. All together now: Hypertext, collective narratives, and online collective knowledge communities. In Page & Thomas (eds). *New narratives: Stories and storytelling in the digital age.* Lincoln, NE: University of Nebraska Press, pp.187-204.

Rettberg, S. 2016. Electronic Literature as Digital Humanities. In Schreibman, Siemens & Unsworth (eds). *A New Companion to Digital Humanities.* Hobokin, NY: John Wiley & Sons.

Rettberg, S. 2019. *Electronic Literature*. Cambridge: Polity Press.

Rowland, W. 2004. *Nothing about us without us: Inside the Disability Rights Movement in South Africa.* Pretoria: Unisa Press.

Shakespeare, T. 1996. Rules of Engagement: Doing disability research. *Disability & Society*, 11(1):115-121.

Shneiderman, B. & Plaisant, C. 2005. *Designing the user interface: strategies for effective human-computer interaction.* London: Pearson Education.

Schon, D. 2001. The crisis of professional knowledge and the pursuit of an epistemology of practice. In Raven & Stephenson (eds). *Competence in the learning society.* New York: Peter Lang, pp. 185-207.

Steenkamp, A. & Arendse, R. 2018. Hulle vóél Afrikaans. *Netwerk 24 – Kuier*, 14 September. https://www.netwerk24.com/Kuier/hulle-voel-afrikaans-20180914 [15 Januarie 2020].

Sutcliffe, A. 1988. *Human-computer interface design.* Basingstoke: Macmillan Education.

Verhoef, S. 2017. Blinde leerders: aantreklikhede in die kol! *Worcester Standard*, 2 Februarie.

Verhoef, S. 2018. Tuin gaan help met biblioteek. https://www.netwerk24.com/ZA/Worcester-Standard/Nuus/tuin-gaan-help-met-biblioteek-20180228-2 [10 Februarie 2020].

Wilson, E., Kenny, A. & Dickson-Swift, V. 2016. Ethical challenges of community based participatory research: exploring researchers' experience. *International Journal of Social Research Methodology*, 21(1):7-24.

# Manifestasies van sintuiglikheid in enkele gedigte ingesluit by twee digitale Byderhand-installasies te Worcester

***Manifestations of sensory perception in some poems included in two digital Byderhand installations at Worcester, South Africa***

**Bernard Odendaal**
Vakgroep Skryfkuns
Fakulteit Geesteswetenskappe
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: Bernard.Odendaal@nwu.ac.za



Bernard Odendaal

**Bernard Odendaal** is sedert 2012 professor in Skryfkuns en die direkteur van die ATKV-Skryfskool aan die Noordwes-Universiteit. As liedteksskrywer en -vertaler het hy meegewerk aan vyf CD's. Sy debuutdigbundel, *Onbedoelde land*, het in 2007 by Tafelberg-uitgewers verskyn. Tussen 2012 en 2015 het hy gereeld rubriekbydraes vir die Bloemfonteinse stadskoerant *Bloemnuus* en die streeksdagblad *Volksblad* geskryf. 'n Keur hieruit is gebundel in *Woorde hul storie sien ken*, wat in 2016 by Naledi die lig gesien het. As vakkundige lewer hy digby vyftig referate by nasionale en internasionale kongresse, is hy die skrywer van meer as tweehonderd-en-vyftig resensies oor letterkundewerke en die outeur of mede-outeur van meer as vyftig vaktydskrifartikels en vakkundige boekbydraes. Onder laasgenoemde tel 'n oorsig oor ontwikkelings in die Afrikaanse digkuns tussen 1955 en 2012, wat in die jongste uitgawe (2016) van *Perpektief en profiel.'n Afrikaanse literatuurgekiedenis* opgeneem is. Hy is sedert 2012 die houer van 'n C2-kategoriegradering van die Nasionale Navorsingstigting (NRF). In 2015 is hy aangewys as een van ses wenners van die ATKV-SA Akademieprys vir gepubliseerde vakartikels in geakkrediteerde tydskrifte.

**Bernard Odendaal** was appointed professor in Creative Writing and director of the ATKV School for Creative Writing at the North-West University in 2012. As author or translator of song texts he has contributed to five Afrikaans CD productions. His debut as a poet (*Onbedoelde land*) was published by Tafelberg Publishers in 2007. Between 2012 and 2015 he regularly contributed to columns in the Bloemfontein weekly *Bloemnuus* as well as the daily newspaper *Volksblad*. A selection from these were published in book form by Naledi (*Woorde hul storie sien ken*, 2016). As a literary scholar, he has presented approximately fifty papers at national and international conferences, has written more than two hunderd and fifty reviews of literary publications and has authored or co-authored more than fifty peer-reviewed journal or book publications. An overview of developments in Afrikaans poetry between 1955 and 2012, was published in the 2016 edition of *Perpektief en profiel.'n Afrikaanse literatuurgekiedenis* (Perspective and Profile. An Afrikaans Literary History). He holds a C2 Category grading from the National Research Foundation. In 2015, he was awarded one of six ATKV-SA Academy Prizes for Afrikaans journal articles published in peer reviewed accredited journals.

**Datums:**
Ontvang: 2020-04-12 Goedgekeur: 2020-08-16 Gepubliseer: Desember 2020

## ABSTRACT

***Manifestations of sensory perception in some poems included in two digital Byderhand installations at Worcester, South Africa***

*In the Western tradition, sight and hearing have come to enjoy cultural primacy as external sensory capabilities (Wilfong 2015; Rowland 1976a), including for appreciating artefacts of art. The accelerated growth of a culture of science during the recent two centuries, has added to this privileged status of especially visual perception as a means of comprehending phenomena (Classen 2007).*

*It comes as no surprise, therefore, that imagery based on visual perception tends also to dominate in poetry; in fact, poetry is currently often deemed to be a primarily visual artistic manifestation (Agamben 1999; Longenbach 2008; Silverman 2011). The majority of the poems written or made available for the "Byderhand" (in English: At Hand) Project of two digital installations in, respectively, the multi-sensory garden of the Pioneer School for the Visually Impaired and the Karoo Desert National Botanical Gardens, both at Worcester in South Africa, attests to the said primacy afforded sight and hearing as external senses.*

*Cultural determinations of sensory perception are, furthermore, often expressed in the stereotyping and "thereotyping" of cognition (cf. Rowland 1984), specifically – and usually in negative ways – concerning cognition by the visually impaired. Research has, however, revealed that persons who have to make do without sight, often tend to develop remarkable dexterity in utilising the other external sensory abilities (hearing, touch, smell, taste), while lending varying primacy to these in accordance with situational changes (Rowland 1984).*

*Tactile perception plays an important role in such persons' exploration of objects and spaces, and movement of the body and the limbs tends to characterise their perceptual engagement (Rowland 1984). "Analogies in sense perception" (Keller 1908), or synesthetic compoundings of sensory experience (Kalla & Van Schalkwyk 2009), constitute another strategy employed by the visually impaired in transcending the limitations they have to deal with.*

*More recently, in accordance with a "sensory turn" in scholarship (Pink 2013:261), scientific research has been the source of growing acknowledgement that additional capacities for perception, other than the so-called extero-receptors mentioned above, are available to human beings (Rowland 1976a; Geurts 2003). Attention has increasingly been paid to intero-receptors, such as the vestibulary system (sense of balance), the interior kinaesthetic organs (like the joints and the muscles, in sensing movement) and proprioception (the sensing of position). These findings agree with views (cf. Rowland 1976a; Müller 1994) that human perception and cognition are based on our bodily experienced, or sensorially integrated, interaction with phenomena, and with the (changing) relations among the phenomena in the spaces around us. Such perceptions, and the concepts based upon them, find expression in the language symbols or image schemata (Danesi 1990) we create and employ in naming them.*

*The manner in which the highly symbolising character of modern-day language signification caused us to experience the development of a gap and accompanying tension between sign and signified, has been explored and deliberated upon from various theoretical frameworks.*

*In particular, the post-Freudian psycho-analytical views of Jacques Lacan on the human transition from the Imaginary Order to the Symbolic Order (cf. Gräbe 2013) have proven to be of relevance in analysing the manifestation of sense perception in four of the poems included in the said Byderhand installations: "The return" by Diana Ferrus, "Karoo dance" by Pieter Hugo, "The house where I live" by William Rowland (who was blinded at the age of four) and "Semi-desert" by Jacques Coetzee (who was born blind).*



doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a15

*In addition to a wealth of (varying) sensory manifestations, and the implications thereof for meaningful interaction with phenomena and place, what has transpired as a shared motif in the four poems discussed, is the expression – again: in a variety of ways – of a longing for authentic sensory (re-)experience (and, consequently, renewed comprehension) of natural phenomena. In all four poems, this desire is expressed in terms of a reaching at, or an (imagined) bodily advance towards, the surrounding Karoo landscape and the objects present in it.*

*Following the discussion of the poems, it also becomes clear that such interaction concerns the rendered experiences of both the visually impaired and those not characterised by such an impairment. One may conclude that, apparently, a universal human need is voiced in this regard, constituting an effort at countering the effects of "intellectuality and materialistic abstraction" in modern society, namely by means of "immediate, aesthetic experiencing of [...] all the things that have been reasoned away" (Van Wyk Louw 1959). In her study on* Culture and the Senses, *Geurts (2003) warns that, in considering the cultural determination of our sensorial perception, we should take heed not to underestimate the possibilities and uniqueness of embodied experiences, including those of the impaired.*

*The positioning of the Byderhand installations at Worcester,* within *the spaces and* next to *the objects the poets are writing about in their poems (that is: the* emplacement *of the verbal artworks), represents an endeavour to stimulate an aesthetic experience by means of a variety of sensory perceptions. It is the wish of the Byderhand project leaders, who could only make the said poem installations a reality in cooperation with local role players, that reading the poems, or listening to recorded readings of them, will inspire visitors to the installations to undertake their own, unique and embodied experiences of those surroundings and of the phenomena therein. This wish would appear to be shared by the persons whose poems are quoted and discussed in this article.*

**KEYWORDS:** Byderhand Project, site-specific digital poetry, sensing, extero-receptors, intero-receptors, cultural determination, visual impairment, Worcester, psycho-analysis, Jacques Lacan, embodied perception, emplacement

**TREFWOORDE:** Byderhandprojek, plekspesifieke digitale poësie, sintuiglikheid, ekstero-reseptore, intero-reseptore, kulturele bepaaldheid, siggestremdheid, Worcester, psigo-analise, Jacques Lacan, beliggaamde persepsie, ingeplaastheid

## OPSOMMING

In die Westerse tradisie word veral sig, maar ook gehoor, as 'n "hoër" sintuiglike vermoë geag. Hiertoe dra die versnelde opkoms van 'n wetenskapskultuur oor veral die afgelope twee eeue by. Beelding gebaseer op veral visuele waarneming oorheers ook in die digkuns, soos waarneembaar is in die meeste gedigte opgeneem in twee Byderhandprojek- digitale installasies by die Pionierskool en in die Karoo Woestyn Nasionale Botaniese Tuin te Worcester.

Die tassintuig speel 'n belangrike rol in siggestremdes se verkenning van voorwerpe en ruimtes. Betasting verg beweging, sodat siggestremdes se waarnemingswyse deur beweging gekenmerk word. Analogisering van sintuiglike waarnemings (sinestesie) is nog 'n strategie wat dikwels deur hulle benut word. Meer onlangse navorsing beklemtoon dat daar, naas die uiterlike sintuie, ook intero-reseptore (vir waarneming van, byvoorbeeld, balans en beweging) is wat die mens se persepsie bepaal. Sodoende word beliggaamde belewing moontlik. Laasgenoemde dien as teenvoeter vir die kultureel en talig gemedieerde omgang met verskynsels wat, in Lacaniaanse terme, so kenmerkend die Simboliese Ordening daarvan oorheers.

Vier gedigte uit die Byderhandprojek-versameling te Worcester wat in hierdie artikel bespreek word demonstreer, op verskeie wyses, bogenoemde aspekte van sintuiglikheid. Die ingeplaastheid van estetiese belewing wat hierdie geïnstalleerde tekste bemiddel, korreleer voorts met die begeerte na liggaamlike toenadering tot die Karoo-natuurverskynsels wat in die gedigte uitgedruk word.

## 1. HOOR EN SIEN SPEEL BAAS – OOK IN DIE POËSIE

Navorsing wys, so voer byvoorbeeld Wilfong (2015:4) aan, dat wat in die Westerse tradisie as behorende tot die skone kunste beskou word, hoofsaaklik skeppings gemik op waarneming met die oog en/of die oor is. Visuele en/of ouditiewe persepsie staan derhalwe voorop in kunswaarderingswyses: van die voordrag- en toneelkuns tot die verhaal- en liedkuns; van die beeldhoukuns en argitektoniese skeppings tot werke geskep vir film, televisie, rekenaar- en selfoonskerms – noem eintlik maar op.

Parfuumvervaardiging of wynmakery word byvoorbeeld nie tot die skone kunste gereken nie; ook nie die gastronomie nie, al praat ons in Afrikaans van kook*kuns*. Selfs blommerangskikkings word, byvoorbeeld in kompetisieverband, eerder beoordeel volgens hoe hulle lyk en nie volgens watter geure hulle verbrei nie – aldus Wilfong (2015:5).

Sig en gehoor is kultureel bevoordeelde uitwendige sintuiglike vermoëns. Volgens iemand soos die blind geworde Afrikaanse digter William Rowland (1976a:30) is dit veral waar van eersgenoemde waarnemingswyse. In kontras hiermee word reuk, smaak en die tassintuig beskou as die mindere of laere uiterlike waarnemingsvermoëns waaroor die mens beskik. Soos Vasseleu (1998) aandui, word gereken dat sulke "more proximal senses" (Oliver 2001:66) slegs subjektiewe gevoelsbelewenisse oplewer, wat nie as grondslag kan dien vir die verwerwing van (objektiewe) kennis nie.

Selfs waar gereken kan word dat iets soos die tassintuig 'n belangrike bemiddelingsrol behoort te speel – in die waardering van die beeldhoukuns en die argitektuur, byvoorbeeld – word wat jy *sien*, vooropgestel. Nie om dowe neute nie het Rowland (1984:11) aangetoon dat "[r]esearch into tactile aesthetics" 'n verwaarloosde terrein van wetenskaplike ondersoek bly.[1] Die tassintuig neem hoogstens die plek in van 'n "middelsintuig", of as die boonste van die laere sintuie, soos Herring (1949) reeds uitgewys het. "Moenie aanraak nie," lui die waarskuwings in die museums van beeldende kunste byvoorbeeld. Of ketting- of touversperrings dui die verlangde afstand aan wat gehandhaaf moet word.

In sommige eietydse museums sal siggestremdes of kinders wel toegelaat word om sommige beeldhouwerke aan te raak of selfs hulle arms daaromheen te slaan, maar dan op wyses wat laat blyk dat sulke sintuiglike waarnemings as van kinderlike of ietwat primitiewe aard geag word. Aanraking van sulke kunswerke word as 't ware gedoog omdat dit dalk, ten minste by kinders, "ontwikkeling" na die fynere, hoëre waarderingswyse wat deur sig bemiddel word, sal bevorder – "suggesting that touch is something to grow out of" (Wilfong 2015:8).

Die dilemma, vanuit museumkundige en kunsbewaringsoogpunte gesien, is dat die "laere" sintuiglike vermoëns nabyheid, oftewel nie-afstandelikheid veronderstel. Betasting en beruiking, om nie van waardeskatting deur middel van die smaaksintuig te praat nie, kan kunsobjekte skaad – indien nie onmiddellik nie, wel op die duur. Nie goeie raad as jy in stand wil hou en wil bewaar nie! Hiervolgens hét kuns nut, maar nie 'n verbruiknut nie.

1 Rowland (1976b:309-310) het in 'n vroeëre artikel van hom uitgewei oor die "tactile vocabulary" wat benut word met betrekking tot die waardering van die visuele kunste.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a15

Constance Classen (2007) voer aan dat die aanraakverbod ’n betreklik onlangse ontwikkeling in kunswaardering en die museumkunde verteenwoordig. Dis iets wat rondom die wending van die agtiende na die negentiende eeu sy verskyning gemaak het. Sy wys daarop dat sodanige museumgedragvereistes verband hou met die versnelde opkoms van die wetenskapskultuur. In ooreenstemming met die beskouings waardeur laasgenoemde gerig word, bekom die mens geldige, beproefde inligting

> by means of microscopes and measuring devices and not by sniffing or tasting the material under study. Indeed, the non-visual senses would be given little role to play in modern scientific inquiry. By the end of the nineteenth-century, in fact, the use of the proximity senses of smell, taste and touch, had been generally relegated to the realm of the nursery and the “savage”. Civilized adults were deemed to comprehend the world primarily through sight and secondarily through hearing. (Classen 2007:907)

Dit bevoordeel ook nie die status van die “lae” sintuie dat die huidige kommunikasietegnologie-ontwikkelings juis op inligtingsoordrag by wyse van visuele en ouditiewe aanbod, dikwels in kombinasie met mekaar, afgestem is nie.

’n Mens moet dus nie te verbaas staan as hedendaagse digkunsbeskouers – daar be*skou* ons al klaar weer! – hierdie kunsvorm steeds meer dikwels bestempel as hoofsaaklik ’n visuele vergestalting nie (Agamben 1999:33; Longenbach 2008; Silverman 2011:1). Die ontwikkeling en die verfyning van die boekdrukkuns sit dááragter; poësie is algaande sterker as ’n tekssoort beskou wat gesien (gelees), eerder as gehoor (voorgedra) word (Louw 1986:230-232, 237-239; Odendaal 2012, 2013).

Die konvensie wil klaarblyklik hê dat hoor en sien die soort waarnemings oplewer wat dalk, om die bekende spreekwoord om te dop, nié vergaan nie. Iets moet gehoor en/of gesien word om betroubare, boekstawenswaardige *kennis* te kan oplewer. ’n Mens sien hierdie ingesteldheid ook weerspieël in die skryfkuns – in die waarnemingsoorte wat meestal daarin vertolk staan, byvoorbeeld by wyse van beeldspraak. Trouens, die term *beeld*spraak laat waarskynlik reeds iets blyk van die steeds oorheersende voorkeur vir wat sigbaar is.

## 2. MANIFESTASIES VAN SINTUIGLIKHEID IN TWEE GEDIGTE GESKRYF DEUR SIENDE DIGTERS VIR INSTALLASIES WAT OOK ONTVANGS DEUR SIGGESTREMDES BEMIDDEL

Van die voorrang wat sien en hoor as sintuiglike waarnemingwyses in die Westerse tradisie geniet, is heelparty van die gedigte wat die Byderhand-projekspan[2] in 2017 en 2018 ontvang het vir twee digitale projekinstallasies te Worcester, opvallende voorbeelde. In beide installasies word die lees en/of die beluistering van die aangevraagde en gekose gedigte deur middel van

2 Die Byderhandprojek is gemik op die skep en digitale installering van plekspesifieke literatuur. Gepaardgaande hiermee, word navorsing en rapportering oor die aard van en prosesse rondom die skepping en installering van die tekste betrokke (gedigte, vertellings, herinneringtekste) beoog. Dit is ’n voortgaande en veelfasettige projek, waarvan die genoemde twee installasies te Worcester die jongste fases verteenwoordig. Prof. Franci Greyling van die vakgroep Skryfkuns aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus tree op as projekorganiseerder, met die skrywer van hierdie artikel as sub-organiseerder en mnr. Gustaf Tempelhoff, verbonde aan dieselfde universiteitskampus as bogenoemde persone, as multimedia-ontwerper en tegnologie-assistent. In die inisiëring en uitvoering van die projekinstallasie by die Pionierskool vir Siggestremdes het dr. Suna Verhoef, ’n onderwyser by dié skool, ’n bykomende organiseerder- en navorserrol vertolk.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a15

QR-kodes en draagbare media-instrumente soos slimfone moontlik gemaak. Die eerste is aangebring in die multisensoriese tuin van die Pionierskool vir Siggestremdes in Worcester; die tweede word beoog vir installering langs die Brailleroete in die Karoo Woestyn Nasionale Botaniese Tuin, wat net buite dié dorp geleë is.

Diana Ferrus se "Die terugkeer", wat langs die Botaniese Tuin se Brailleroete aangebring sal word op 'n plek wat nog nie vasgestel is nie, is deurspek met indrukke wat deur middel van veral die oë maar ook die ore[3] as sintuie verkry word. Aanduidings van sintuiglike of liggaamlike waarnemings en sensasies wat nie suiwer visueel of ouditief van aard is nie, is betreklik yl gesaai in haar vers. Ek lig sodanige uitsonderings vir kort bespreking uit deur die toepaslike teksdele in skuinsdruk te plaas:

**Die terugkeer**

Toe kom jy met die sandpaadjie op
struikel oor 'n klip
en val in 'n doringgedoente vas –
die kaktus se naam het jy vergeet

Die berghellings het oor die vallei gehang,
die doringboom, die blosende aalwyn
het rooi geglinster in daardie son –
die een wat jy ken
*Die droë lug het jou longe gevul*
en die blou uitspansel het jou soos vanouds bekoor –
nêrens in die wêreld was daar so 'n hemelkleur nie

"Hoe kon jy?"
het die dassie op die klip geskree
"Waarom nou?" het die swaeltjie verwyt
Maar toe die skemer sy kombers oor die dorp kom lê
het jy *saggies ingekruip*
en jouself toegemaak
met *die sagtheid van die wete*
dat jy terug is,
nooit vergeet het van hierdie plek,
die een tussen die berge geleë
waar groen en vaal mekaar rojaal onthaal –
die kaktus die wingerd vooruitloop

Jou verraad was nie beplan nie
"Daar was iets groter daar ver,
selfs blinker as die skitterendste ster"
Dit was die lied vir jou gesing,
dit is jou verweer in hierdie geding

---

3 Ferrus, aan wie die "Vryheid van die dorp Worcester" toegeken is in Februarie 2020, se pragvoordrag van hierdie heimatgedig beklemtoon die klankrykdom van haar digterlike belydenis. Haar voordrag is toeganklik te http://www.byderhand.net/bhkt/5.html.

Nou wag jy vir die winter-blink,
die wit sneeutoppe wat van ver af wink –
wingerdblare in die niet verdwyn,
*koue ryp wat* op graspolle *skyn*

en jy dink aan ’n ander skyn
wat wel blink maar soos mis verdwyn
wanneer waarheid op die leuen afpyl
en die slang geruisloos soos ’n dief wegseil

Daar is geen ander plek
wat soveel verlange wek
as die Worcestervallei
wat onder die hange van blou berge gedy.

“Die droë lug het jou longe gevul” beskryf ’n sensasie wat, so kom dit voor, deur die neus en/of mond bemiddel word. Dit is organe wat met beide die reuk- en smaaksintuie te verbind is (luidens, om maar net een bron uit talle moontlikhede te noem, die webtuiste van Lumen Learning s.j.).

“[D]roë” benoem egter nie ’n reuk of smaak wat konvensioneel tot sodanige sensasies gereken word nie. ’n Mens sou eerder dink dit verwys na iets wat waargeneem word met die tassintuig, of wat dui op ’n sensasie van ’n vog-tekort in die mond of longe (’n belewenis wat nie met een van die uiterlike sintuie waarneembaar is nie). Hacker (2013:284) wys op navorsing wat toon dat sensasies van vogtigheid of droogheid meestal persepsies is, eerder as dat dit waarnemings verteenwoordig wat primêr sintuiglik van aard is. Die droogheid van die lug in haar longe wat die “jy” in Ferrus se outobiografiese gedig waarneem, is derhalwe waarskynlik eerder gedeeltelik aanduidend van die dorre omgewing van die “Worcestervallei” waarbinne sy haar, in haar herinnerings, bevind.

“[S]aggies ingekruip” sinspeel wel in die eerste plek op ’n ouditiewe waarneming (die “jy” wat weinig geluid voortgebring het by die inkruipslag). “Saggies” word egter onvermydelik ook verbind met die tekstuur van die “kombers”-beeld wat in die vorige versreël benut word, en waarin die betrokke persoon, soos blyk in die opvolgende versreël, sigself sou “toegemaak” het. Die homonimiese meerduidigheid wat in “sag” skuil, stel die grondslag daar waarop die tassintuig ter sprake kom, en wys as sodanig vooruit na die sagtheid-metaforiek vir iets so abstrak soos “wete”, wat net daarna vermeld word.

Ewe verstrengeld is die gewaarwordingsoorte wat in die uitdrukking “koue ryp wat [...] skyn” saamgetrek is. Kouebewustheid is verwant aan die persepsie van droogheid en is dus nie ’n “direkte” waarneming nie, aangesien dit berus op ’n gemis, naamlik aan hitte, of op ’n konnotasie met iets soos die witheid van sneeu (Firth 1965:209–210). Laasgenoemde lyk na die rede waarom Ferrus hier die woord “koue” gekies het. Dit is geïnspireer deur die sigsintuiglike waarneming van die ligskynsel wat van die wit ryp af kaats. Die oog speel ook hier baas.

In die uitnodiging om bydraes wat aan digters gestuur is – meestal persone wat korter of langer tydperke woonagtig is of was in Worcester of die omgewing waarbinne dit geleë is – het die projekorganiseerders min voorskrifte verskaf wat betref die inhoud, aard of vorm van die gedigte.[4] Daar is byvoorbeeld geensins uitgespel dat siggestremdes as teikenontvangers (as

4 In die briefkontrak wat mettertyd, dit wil sê nadat byvoorbeeld die gedigbydraes al deur die projekspan ontvang was, met die skrywers (en ander kunstenaars) betrokke by die twee Worcester-installasies gesluit is, is wel meer besonderhede verskaf oor die tematiese aspekte gedek deur die


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a15

selfoon-lesers of -beluisteraars) van die gedigte geïdentifiseer is nie. Die uitgenooides sou wel iets in dier voege kon aflei uit die aanduidings van waar die gedigte aangewend sou word. Al verdere stipulasie was dat iets van die (Karoo-) tuingegewe, of van die Karoo se fauna en flora, of van die Breede- en Hexriviervalleilandskappe wat Worcester omring, weergegee behoort te word. Van laasgenoemde is Ferrus se gedig ’n deurleefde vergestalting – en kan dit, as woordteks óf voordragopname, bemiddelend funksioneer van ’n oortuigend ruimtelik-ingeplaaste estetiese belewing.

Die gedig wat ontvang is van Pieter Hugo, eweneens geskep vir benutting op die genoemde Brailleroete, getuig van ’n meer opvallende inagneming van die gegewens én die suggesties in die uitnodiging by die skryf van sy bydrae. Die verskillende uitwendige sintuiglike vermoëns, en die kwessie van afstandelikheid, al dan nie, by die verskillende waarnemingswyses, word selfs deur hom getematiseer. Dié sintuiglikheid-motief word dan gepaar met ’n kontrastering tussen, enersyds, die menslike gevormdheid of landboukundige verboudheid van die Kaapse Wynland-omgewing en, andersyds, die te ontdekte natuurlikheid of oorspronklikheid van die “Karoovaaltes”.

**Karoodans**

My oë
bederf met die kitsmooi
van wingerde, bome
en vrugbare valleie

Skryf die Karoovaaltes
sommerso
in die verbyry
as onaansienlik af

Maar toe ek stop
en veld-in stap,
plat op my maag gaan lê,

Ontwaak my ore,
neus, vingers,
my hele lyf

En die Karoo
dans dans dans my oor eindelose vlaktes[.]

Waar die oogsintuig hom eers verlei het om ’n estetiese voorkeur te hê vir die skoonheid van die Wynland, het die letterlik toenaderende belewing van die Karooveld met die ander sintuie ’n intieme, ekstatiese vereenselwiging daarmee tot gevolg, soos die dans-metafoor in die slot suggereer.

ontvangde bydraes, asook aangaande die aard van die installasies en die bedoelde ontvangers van die tekste. Vergelyk die volgende twee aanhalings uit hierdie kontrak: “*Tuinverse* as deel van die multisensoriese tuin by die Pionierskool. Gedigte en kinderverse van genooide digters, aangevul deur kreatiewe skryfwerk deur leerders van die Pionierskool. Die primêre teikengebruikers is leerders en personeel van die skool”; en: “*Tuinverse* as deel van die Brailleroete in die Karoo Woestyn Nasionale Botaniese Tuin. Gedigte van genooide digters uit die omgewing. Die teikenlesers is siggestremde besoekers asook ander besoekers aan die Botaniese Tuin.”

Die dans-metafoor wat Hugo benut,[5] herinner aan wat Rowland (1984:95) aangaande die noodsaak van liggaamlike beweeglikheid, van beweging van die liggaam en die ledemate, in blindes se verkenning van objekte en ruimtes geskryf het:

> Touch, given contact, provides a grosser type of information. This means that while the sighted person lives in perceptual comfort, the blind person has to engage in perceptual toil to attain an awareness of the environment. The effort is expressed in movement, both of the body and of the hands[.]

Jy gaan die wese van die "Karoovaaltes" se natuur mis as jy op die afstandelike, statiese sigsintuig staatmaak; iets van dié aard word geïmpliseer in die laaste drie strofes van Hugo se gedig. Jy moet "stop / en veld-in stap"; jy moet (ook) ander sintuiglike vermoëns buiten dié van sig – eintlik: jou "hele lyf" – laat ontwaak, soos 'n blinde sou, om, al dansend, die Karoo waarlik te leer ken.

So 'n opvatting laat 'n mens dink aan die volgende uitlating van die blind en doof gebore Helen Keller (1908:49):

> Nature accommodates itself to every man's necessity. If the eye is maimed, so that it does not see the beauteous face of the day, the touch becomes more poignant and discriminating. Nature proceeds through practice to strenghthen and augment the remaining senses. For this reason the blind often hear with greater ease and distinctness than other people. The sense of smell often becomes almost a new faculty to penetrate the tangle and vagueness of things.

Rowland (1984:31) vermeld egter bevindings uit Carroll (1961) se invloedryke studie, getiteld *Blindness: What It Is, What It Does, and How to Live with It*, wat toon dat dié soort bewering nie heeltemal strook met empiriese getuienis nie. Data toon naamlik eerder dat blindes, wat sensoriese waarneming in die algemeen betref, onderpresteer in vergelyking met persone wat geen gebrek ervaar in die funksionering van hulle uitwendige sintuie nie. Wat wel waar is, is dat sommige siggestremdes groter bedrewenheid as persone sonder enige sintuiglike gestremdheid openbaar wat betref die benutting van die uiterlike sintuiglike vermoëns ánders as die visuele: "Where blind people show heightened efficiency, it is because of their greater concentration, or the result of training and experience" (Rowland 1984:31-32).

Hugo se siening dat die "hele lyf" betrokke moet wees by die Karoobelewing, sluit aan by 'n groeiende wetenskaplike besef van en waardering vir ánder wyses van waarneming – liewer: gewaarwording – as net deur middel van die bekende vyftal uiterlike sintuie (oftewel ekstero-reseptore). Dié "sensory turn" in vakkundige ondersoekgebruike (Pink 2013:261) het tot gevolg dat aandag toenemend uitgaan na ook sekere inwendige gewaarwordingswyses (Rowland 1976a:45-46; Geurts 2003:162),[6] wat intero-reseptore genoem word. Hulle is

5 Soos, in 'n mate, die werkwoorde wat handelinge deur die "jy" uitdruk in die eerste strofe van Ferrus se hierbo bespreekte gedig: "kom […] op" en "val […] vas".

6 Ter nuansering van die aangehaalde opvatting van Helen Keller aangaande hoe sigverlies die optimalisering van die ander uiterlike sintuiglike vermoëns by blindes in die hand werk, moet genoem word dat sy (Keller 1908:57) ook soos volg oor die verwikkeldhede van sintuiglike waarneming opgemerk het: "There are tactual vibrations which do not belong to skin-touch. They penetrate the skin, the nerves, the bones, like pain, heat, and cold. The beat of a drum smites me through from the chest to the shoulder-blades. The din of the train, the bridge, and grinding machinery retains its 'oldman-of-the-sea' grip upon me long after its cause has been left behind. If vibration and motion combine in my touch for any length of time, the earth seems to run away


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a15

- die vestibulêre sisteem, oftewel die ewewigsorgaan (die halfkring-kanale agter die oor, gevoelig vir balans en die skedelposisie);
- die kinestetiese vermoë, naamlik die vermoë om beweging te ervaar (via die gewrigte en spiere, in reaksie op die ledemaatposisies); en
- propriosepsie, oftewel die posisiesin, die oorkoepelende gewaarwording van liggaamsposisie en -beweging.

Trouens, Geurts (2003:161) wonder of die menslike sensoriese ervaring nie as selfs nóg komplekser beskou kan word nie. Sy stel die vraag of ons nie ook bereid moet wees om vermoëns soos feromoonontvanklikheid en biosonêre belewing (eggo-peiling, soortgelyk aan die wyse waarop vlermuise en sekere seediere hul pad vind) aangaande menslike gewaarwording in ag te neem nie.[7]

By die lees van Geurts se argumentvoering dink ’n mens aan wat al gesê is oor die estetiese ervaring as ’n “mode of intelligence” of ’n “mode of human response and interpretation” (aldus Peter Abbs 1989:17). Die argument is dat die menslike verstand in sy vermoë tot deduksie of logiese afleiding konseptueel te werk gaan, dit wil sê ontledend (ontrafelend tot die *lede* waaruit dit saamgestel is), abstraherend en kategoriserend. Volgens Abbs werk die verstand in sy vermoë tot estesie daarenteen eerder perseptueel: allereers sintuiglik, maar terselfdertyd ook gevoelsmatig of intuïtief; daarby onmiddellik integrerend of sintetiserend.

Die etimologie van die woord *estesie* ondersteun dié beskouings in verband met die estetiese enigsins. Volgens, byvoorbeeld, die *Oxford English Dictionary* is “aesthetic” afgelei van ’n Griekse woord wat “through the senses” beteken, en kan dit soos volg gedefinieer word: “[O]f or pertaining to *aestheta*, things perceptible by the senses, things material (as opposed to things thinkable or immaterial), also ‘perceptive, sharp in the senses’”. Hieruit lei Abbs (1989:17) dan af dat die estetiese die mees basiese wyse van menslike respons, asook die mees primordiale modus van menslike intelligensie is.

Beskouinge soos die van Abbs kan saamgelees word met bevindings aangaande menslike kognisie. Daar is naamlik, volgens Müller (1994:34; ook Violi 1990:322 en Hauser 1986:144 vermeld sulke bevindings), agtergekom dat die mens se manier van verstaan op sy/haar “liggaamlik-deurleefde interaksie met dinge” gebaseer is. In die eerste plek ervaar ons dinge in terme van ruimtelike en/of ontologiese oriënterings. Dinge is bo/onder, voor/agter, binne/buite ons, ensovoorts. Hulle word egter terselfdertyd beleef as verkerend in (beweeglike) verhouding tot mekaar (Rowland 1976a:62-64). Trouens, die integrale aard van die verskeidenheid van die mens se sintuiglike vermoëns moet beklemtoon word (Rowland 1984:89-90):

> While a number of senses can contribute to the perception of an object, this does not change the essential oneness of the object or render our knowledge of it ambiguous. The precise quality of the experience must, however, depend on the type of information we receive.

In die bewussyn word sulke onmiddellike ervarings en interaksies met dinge en ruimtes vasgelê in beeldskemata of “primordiale ikoniese skemas, dinamiese aksie-diagramme of matryse”

---

while I stand still. When I step off the train, the platform whirls round, and I find it difficult to walk steadily. Every atom of my body is a vibroscope.”

7 Rowland (1984:311) vermeld, met soortgelyke strekking as die getuienis deur Keller wat in die vorige voetnota aangehaal is, ook “various types of pain and fisceral sensations” wanneer hy dit het oor die verskeidenheid van sensoriese gewaarwordings.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a15

(Müller 1994:47), wat dikwels direk analogies is aan die oorspronklike ervarings.[8] Daarom dat Danesi (1990:223) skryf dat die deurlopendheid van byvoorbeeld visuele en ander sensoriese metafore[9] in aldagtaal "argues loudly in favour of the contention that thinking takes place in the realm of the senses". Sonder sodanige sensoriese, voor-refleksiewe kennis sal "taalgebruik al die kenmerke van 'n sinvolle handeling verloor" (Müller 1994:34).[10]

Beide Ferrus en Hugo se hierbo aangehaalde gedigte bevat sprekende voorbeelde hiervan. Slegs enkeles word hier uitgewys.

As predikatiewe byvoeglike naamwoord laat "onaansienlik" (oftewel: nie aangenaam om na te kyk nie), soos dit voorkom in die tweede strofe van Hugo se "Karoodans", die leser 'n ruimtelike teenoor mekaar plasing van die "ek" as visuele waarnemer en die waargenome voorwerp ("die Karoovaaltes") veronderstel. Die vlietende aard van die waarneming word, as konkrete voorstelling van dusdanige kinestesie, met die bywoordelike frase van wyse "sommerso / in die *verbyry*" (my kursivering, soos ook verder aan – BO) aangedui. Let ook op hoe die geringskatting wat die "ek" kennelik in hierdie stadium nog aangaande die Karoolandskap koester, propriosepties vergestalt staan in "[s]kryf [...] *af*", die gesegde van die hoofsin wat in die gedig se openingsreël begin, naamlik met "My oë".

Dié beeldskemata (van beweging en posisionering) berei, op ironies-kontrasterende wyse, die tot stilstand koming en letterlik vernederende vereenselwiging ("plat om my maag gaan lê") voor wat as voorwaarde geld vir die nuwe, deur agting gedrewe dinamiek wat in die drie slotstrofes verwoord word.

'n Rykdom aan beeldskemata wat ervarings en interaksie met die dinge binne die grootse ruimte van die "Worcestervallei" vertolk, kom in Ferrus se "Die terugkeer" voor. Let maar net op hoe tekstiel-beelde in die uitdrukkings "uit*span*sel" en "die skemer sy *kombers* oor die dorp kom lê" benut word om sowel die uitgestrektheid- as die geborgenheid-belewing van die subjek aangaande die hemelruim bokant hierdie heimatwêreld van haar te suggereer. Of hoe die digter die geykte, haas verskuil geraakte kinestetiese beelding wat in die volgende frases benut word, by wyse van konkreetmakende inbedding en onverwagse aanwending verlewendig: "die kaktus die wingerd *vooruitloop*"; "wanneer waarheid op die leuen *afpyl*" (laasgenoemde pleks van die cliché dat die waarheid die leuen "agterhaal").

## 3. VERGESTALTINGS VAN SINTUIGLIKE ANALOGIE EN VAN DIE BEPERKINGS VAN BEELDSPRAAK IN WILLIAM ROWLAND SE "DIE HUIS WAAR EK WOON"

Die identifisering van siggestremdes as teikenontvangers van die opdraggedigte in die genoemde twee Byderhand-installasies te Worcester bring vraagstukke rondom die stereo-

8 Soos Rowland (1976a:46) dit stel: "[E]xperiences similar to ordinary perception are […] produced in the absence of material objects."

9 Al sou sulke inligting, ook aangaande ruimtelike oriëntasies, oorgedra wees van een sintuiglike modaliteit na die sfeer van 'n ander een (Rowland 1976a:65). Sprekend in verband met hierdie siening aangaande die sintuiglike basis van ons begripvorming, is die feit dat die woordstam *hand* (of die Latynse ekwivalent *man[us]*) omvangryk in die woorde- en idiomeskat van die Engelse taal teenwoordig is, soos onder meer Helen Keller (1908:33–34) uitgewys het. "Think how man has regarded the world in terms of the hand," nooi sy daarby die leser uit.

10 Selfs "those things we find beautiful," skryf Maxwell (2016:2) in navolging van evolusionêre psigoloë, "originate not in what renders life delightful or even endurable, but in what makes life *possible*" (sy kursivering).


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a15

tipering en "thereotyping" van kognisie ter sprake (kyk Rowland 1984:25 en verder),[11] spesifiek aangaande kognisie by blindes. Een sodanige stereotipering sou kon wees dat die blinde, vanweë die feit dat hy/sy nie oor die sigvermoë beskik nie, nie begrippe kan vorm wat konvensioneel op visuele waarnemings gebaseer is nie – en derhalwe noodwendig, wat konsepsievorming betref, moet afsteek by siende persone (Rowland 1984:14).[12]

Rowland (1984:90-91) nuanseer sodanige stereotipering deur daarop te wys dat die aard van konsepvorming gegrond is op die bepaalde voorrang wat sintuiglike vermoëns geniet. Soos reeds vermeld, domineer die sigsintuig gewoonlik waar dit om begripvorming by siende persone gaan. Dit is hoofsaaklik te wyte aan die feit dat sig as sintuiglike vermoë die kenmerke van trefwydte en omvattendheid besit. Die ander sintuie speel derhalwe by siende persone meestal slegs 'n aanvullende of sekondêre rol in die inligtingbydrae tot die indrukgehele wat gevorm word. In gevalle waar 'n siende moet staatmaak op byvoorbeeld die tas- of gehoorsintuig om inligting in te win, is sodanige inligting dikwels rudimentêr en lewer dit onbevredigende resultate.

In teenstelling hiermee blyk dit dat waarneming deur siggestremde persone eerder gekenmerk word deur *wisselende* sintuigdominansie, naamlik in ooreenstemming met situasieveranderings. Gewoonlik oorheers die tas- of gehoorsintuig die persepsie van die siggestremde, met die ander waarnemingsvermoëns waaroor die siggestremde beskik dan in die aanvullende rolle – hoewel nie van dieselfde rudimentêre aard as by siende persone nie.

'n Gevolgtrekking wat derhalwe as 'n meer wesenlike teenvoeter vir die stereo- en tereotipering rondom kognisie by siggestremdes dien, is die een wat voorkom in Rowland (1976a:94) se MA-verhandeling, getiteld *Space and Blindness. A Philosophical Study*:

> Whether my possession of a particular spatial concept is manifested by behaviour in a visual or a tactile situation, or in any other type of perceptual situation, is, logically speaking, a matter of propensity or circumstances and not of neurophysiological function. Owing to the multifariousness of our performances in spatial situations there is, in the final analyses, no question of primacy.

In haar beskrywing van haar lewe as dowe én blinde (*The World I Live In*, 1908) het Helen Keller ook nog aansluiting gevind by die denkwyse dat sig en gehoor die hoër sintuie is. Sy sou byvoorbeeld praat van haar "seeing hand" (titel van die openingsopstel), en hoe sulke taktiele "views" haar gees en verbeelding gestimuleer het (kyk Geurts 2003:161). In haar outobiografiese vertelling wend Keller dus, soos die titel van die sesde essay in haar boek uitspel ("Analogies in sense perception"), sintuiglike analogieë aan om te beklemtoon hoe sy baie meer sóós haar lesers is as wat sy van hulle verskil. Sy (Keller 1908:130) skryf byvoorbeeld: "I understand how scarlet can differ from crimson because I know that the smell of an orange is not the smell of a grapefruit."

---

11 "Thereotyping" is 'n term geskep om te verwys na die invloed van teorievorming op waarneming en begripvorming, byvoorbeeld met betrekking tot blindes en blindheid. *Tereotipering* sou as Afrikaanse ekwivalent daarvan kon geld.

12 Elders in sy fenomenologies gegronde doktorale studie oor *Being-Blind-in-the-World* wys Rowland (1984) op bepaalde uitings van dergelike vooroordele. Hy (Rowland 1984:26-27) vermeld byvoorbeeld hoe die Freudiaanse teoretisering oor die rol van die sigsintuig in seksuele prikkeling by die ontwikkelende kind, aanleiding gegee het tot opvattings dat die waarneming van blindes, of selfs net die gedagte aan blindheid, kastrasievrese sou wek by siende persone. 'n Ander manifestasie is mities-argetipiese oorlewerings wat blindheid met bewussynverlies verbind (Rowland 1984:44-49).


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a15

Dit is boeiend, en roerend, om ná William Rowland se "Die huis waar ek woon", die titelgedig van sy digbundel wat in 1974 verskyn het, te lees met sodanige sintuiglike-analogiebeelding – "sintuiglike belewenis sinesteties weergegee", aldus Kalla en Van Schalkwyk (2009:390) – in gedagte.

Hy is op vierjarige ouderdom in 'n skietongeluk verblind. Elf jaar lank, vanaf 1948 tot 1958 (Wikipedia 2019), was hy 'n leerling aan die Pionierskool vir Siggestremdes (destyds bekend as die Skool vir Blindes) in Worcester. Hierdie gedig van hom beklee 'n kernplek in die Byderhandinstallasie by dié skool, naamlik by die ingang na die multisensoriese tuin soos dit in 2017 en 2018 aldaar herontwerp is.

**Die huis waar ek woon**

my huis het tien vensters twee deure
wat honger hande na die wêreld reik
en binne woon daar twee verbanne geeste wat saam
die dag en die nag tot 'n bitter heuning meng
en as broers die gekraakte spieël bepeins

die een wat die nagwaak waarneem
is 'n heilige wat gevaarlike ure opeet
want snags is die tuin om my huis 'n geriffelde bladsy
waar woorde onheilspellend ritsel
en vreemde ideologieë bekoor
soos gebreekte blomme wat die naglug
met hul doodsgeur poeier

maar bedags – ja bedags is dit anders
as die môreklanke soos skoenlappers geel klokkies wegvlieg
dan is die voëls dartelende sirkels
wat sing omdat die son hulle hart stukkend kap
– al is die struike se gesigte natgehuil

ek moet onthou:
    elke dag is 'n ronde blou klippie
    wat 'n seuntjie soos 'n juweel in sy sak vertroetel

o, ek wens ek kon die blare se musiek volledig betas
of die donderende see met my tong besoek
of die blou lug in my handpalm hou

maar ek is 'n paradysvoël
in 'n koperkou sonder sleutel
ek speel op my silwerfluit
maar net my note sal die sagte reëndruppels sien[.]

In die gedig word klaarblyklik 'n gemoed-tweespalt uitgebeeld. Binne die huis waarin die "ek" hom bevind, woon daar naamlik "twee verbanne geeste" (versreël 3 van die openingstrofe). Dit behels 'n spanning tussen neerslagtigheid en onheil aan die een kant (gesuggereer deur die nagtoneelbeskrywings en -beelde in strofe 2) en, aan die ander kant, genieting en blymoedigheid (opgeroep deur die dag-gegewens van strofe 3). Dié spanning neem 'n opmerklike taalverskynselgedaante aan in die oksimoron "bitter heuning", wat opduik in die vierde versreël van die openingstrofe.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a15

Opvallend is voorts dat die verskeidenheid uitwendige sintuie almal ’n rol speel in die gewaarwording van dié tweespalt. Die uitsondering is die sigsintuig, wat slegs analogies – by wyse van sinestetiese beeldspraak, dit wil sê deur middel van sekere van die ander sintuiglike beleweniswyses, naamlik die tas- en hoorvermoëns – geaktiveer word.[13] Dít word reeds in die openingsreël van die gedig kenbaar gemaak. Kenmerke wat die binne- en buitekante van geboue met mekaar verbind, en wat konvensioneel juis sig bevorder, naamlik vensters en deure, word analoog gemaak aan die tassintuig[14] (die “tien vensters” van die tien vingers) en die gehoorsintuig (die “twee deure” van die twee ore). Onmiddellik daarna word egter van beide vermoëns gepraat as “honger hande [wat] na die wêreld reik”.

Weer word sowel taktiele as ouditiewe waarnemings benut om, in strofe 2, iets wat eintlik ’n sig-ervaring weergee uit te druk. Ons hoor dat die nag buite soos ’n “*geriffelde* bladsy” is (’n beeld waarskynlik ontleen aan die brailleskrif-drukkuns, luidens Kalla en Van Schalkwyk 2009:390), “waar woorde onheilspellend *ritsel*”. In strofe 3 vlieg die “oggendklanke soos *skoenlappers geel* klokkies” weg, en die voëls is “dartelende *sirkels*” – verskynsels wat sig as waarnemingswyse veronderstel. Let ook op die eienskappe van die dag waarmee die seuntjie maar net per hand in sy broeksak kan speel (vierde strofe): Dit is “rond” en “blou”.

In die tweede laaste strofe word, naas die smaaksintuig in die middelreël van daardie strofe, die tassintuig op die voorgrond geplaas (as ’n wens!); sodanig dat die “ek” die “blare se musiek volledig [sou wou] *betas*” of “die blou lug” in sy “*handpalm* [sou wou] *hou*”. Hier moet selfs die gehoorsintuig tweede viool by die tassintuig speel – soos ook by die smaaksintuig; vergelyk: “die donderende see met my *tong* besoek”.

In die slotstrofe staan die gehoorsintuig egter weer op die voorgrond, naamlik as inwinner van beeldmateriaal om verskynsels voor te stel wat eintlik (ook) visueel waarneembaar moet wees. Dit is slegs die “note” van sy “silwerfluit”-spel wat die ingehokte “paradysvoël” kan laat “sien” wat buite bestaan, byvoorbeeld “sagte reëndruppels”.

Dit lyk of die paradysvoël in sy hok, naas beeld van die gestremde blinde, ook simbolies kan wees van die digter gekluister in sy gedig. Dit laat die leser wonder of die gedig, soos blyk uit Kalla en Van Schalkwyk (2009:390) se bondige bespreking daarvan, nie dalk in sy geheel ’n metafiksionele besinning behels nie. Bevat die gedig nie eintlik, veral aan die einde daarvan, ’n belydenis oor die onmag (die beperkings) van die poësie en van digterskap met betrekking tot die vergestalting van outentieke sensoriese belewenisse nie? Dít dan soos markant beleef deur ’n digter by wie die sigvermoë, met die genoemde kenmerke van trefwydte en omvattendheid, (tans) ontbreek:

> o, ek wens ek kon die blare se musiek volledig betas
> of die donderende see met my tong besoek
> of die blou lug in my handpalm hou
>
> maar ek is ’n paradysvoël
> in ’n koperkou sonder sleutel
> ek speel op my silwerfluit
> maar net my note sal die sagte reëndruppels sien[.]

---

13 “Sensory transposition” is die term wat Rowland (1976a:80-81), in navolging van Révész (1950), gebruik om hierdie verskynsel te benoem.

14 In sy MA-verhandeling skryf Rowland (1976a:80-83) oor hoe ’n “abstract idea” aangaande ’n voorwerp se “haptic form” by wyse van die tassintuig gevorm word. Dit dien dan as bemiddeling om ’n “visual figure” daarvan tot stand te bring in die bewussyn van siggestremdes soos hy wat wel voorheen kon sien.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a15

Rowland verwoord hiermee iets van die gaping én spanning tussen teken en betekende, tussen simbole en dit wat met hulle ver-teenwoordig wil word, soos deur Jan Alleman ervaar, en soos al ondersoek en beredeneer is vanuit verskeie teoretiese raamwerke. ’n Mens dink in laasgenoemde verband aan byvoorbeeld die Peirciaanse semiotiek (kyk Du Plooy 2013), die dekonstruktivisme (kyk Van der Merwe en Viljoen 1998:121-122, asook Hambidge 2013) en die postfreudiaanse psigoanalise van Jacques Lacan (kyk Van der Merwe en Viljoen 1998:175-176, asook Gräbe 2013). Die spreker in hierdie slotstrofes van Rowland se gedig het byvoorbeeld net die “musiek” van wind of reën tot sy beskikking om iets aangaande die verwyderde blare te “betas”. In die “note” van sy “silwerfluit” (die digkuns) skuil die gemis daaraan om iets soos die reën te kan “sien”. En in die uitgesproke “wens” om, op sinestesties beeldende wyse, iets outentiek van die onbetreebare (want “donderende”) see en die ongrypbare “blou lug” te ervaar, staan die (immer herhaalde) uitgesteldheid van betekening verwoord – oftewel: iets van die *différance*-funksie van talige betekening soos deur Derrida (1976) beskryf (kyk Hambidge 2013).

’n Mens kan nie “Die huis waar ek woon” sonder kwalifisering as ’n sprekende vergestalting van die Lacaniaanse beskouings[15] oor die menslike subjek se ontwikkeling vanaf die (moeder-gedomineerde) Imaginêre Orde na die (vader-beheerste) Simboliese Orde beskou nie. Die spesifiek geslagtelike inkleding van die betrokke teorie deur Lacan ontbreek byvoorbeeld in Rowland se gedig. Tog is die spore van ’n aantal motiewe uit Lacan se argumentvoering in “Die huis waar ek woon” na te speur: in die eerste plek dié oor hoe die suigeling, kort ná skeiding van die moederlike liggaam, in die sogenaamde spieëlstadium van die Imaginêre Orde beland, en daartydens (verbeelde) kompensasie vir die gemis aan heelheid in die moederskoot vind by wyse van identifikasie met die eie spieëlbeeld; voorts oor hoe daar in die kinderstadium van ontwikkeling inisiasie plaasvind tot die erkenning van die gemis aan die oorspronklike heelheid, spesifiek soos sodanige leemte in die hoofsaaklik simboliserende aard van taal uitgedruk word, sodat elke woord as ’t ware die afwesigheid van waarvoor dit staan, aandui.

In Rowland se gedig word die motief van hunkering na heelheid uit die staanspoor ten tonele gevoer, naamlik deur die benutting van die beeld van hoe “my huis” (dit wil sê die subjek) met sy “honger hande na die wêreld reik”. Die geboukenmerke waardeur sodanige sinnebeeldige uitreiking bemiddel moet word, naamlik die “tien vensters twee deure” wat in die aanvangsreël vermeld word, kan gesien word as die “metaforiese parallel van ’n ongebroke eenheid tussen binne en buite” wat in terme van die Lacaniaanse beskouings geld (Gräbe 2013).

Onmiddellik hierop word die motief van die tweedeling van die subjek egter ingevoer. Die teenwoordigheid van “twee verbanne geeste”, wat tesame ’n ironiese “bitter heuning” van bestaan “meng”, word ter sprake gebring. Selfs die Lacaniaanse spieëlmotief duik op, hoewel dit in Rowland se gedig ’n “gekraakte” een is, wat deur die selwe-paar “as broers [...] bepeins” moet word. Die onmoontlikheid daarvan om die heelheid op die duur te handhaaf, word sodoende voorafskaduwend versinnebeeld.

Die subjek-deel wat in die tweede strofe die “nagwaak” waarneem – ’n onderneming wat met kwalifiseerders soos “gevaarlik”, “onheilspellend”, “vreemde”, “gebreekte” en “doodsgeur” getipeer word – bemoei hom juis met taal en talig bemiddelde sake: “’n geriffelde bladsy” (wat die blinde se gebruik van brailleskrif sinjaleer), “woorde” en “ideologieë”. Dié self-deel word voorts “’n heilige” genoem; is dus ’n afgesonderde.

15 Die samevatting van Lacan se beskouings deur Gräbe (2013), waarin sy oorwegend staatmaak op die uiteensetting van die semiotiese imlikasies daarvan deur Silverman (1983), word hier benut. Lacan se belangrikste skryfwerk is, in vertaalde vorm, gebundel in *Écrits: A selection* (1989).


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a15

In die ander "ek", die een wat "bedags" in die sintuiglik verruklike, daarom herhaaldelik sinesteties ervaarde teenwoordigheid van die dinge (wil) verkeer, leef die hunkering na heelheid, na die vergoeding vir die gemis daaraan by wyse van identifikasie met die dinge, egter voort. Doelbewus so (soos geïmpliseer met die deur my gekursiveerde woorde – BO):

> ek *moet onthou*:
> elke dag is 'n ronde blou klippie
> wat 'n seuntjie soos 'n juweel in sy sak vertroetel[.]

In die twee slotstrofes, al hierbo bespreek as waarskynlik bevattende 'n metapoëtikale bekentenis, moet die gewaarwording van leemte en gemis (Laciaanse terme) egter erken word. Daar word ingesien hoe "die inperkende en beperkende woord" (Gräbe 2013) net maar te kort moet skiet;[16] hoe dit, soos die traliewerk van 'n hok, selfs afsperrend funksioneer in hierdie verband:

> [...] ek is 'n paradysvoël
> in 'n koperkou sonder sleutel[.]

Die subjek het, met sy toetrede tot taalaanwending (in die geval van Rowland: ook tot die skep van digkuns[17]), onderworpe geraak aan die Simboliese Orde. Hierdeur sal voortaan sowel sy identiteit as sy begeertes bepaal word. Of, soos Gräbe (2013) vir Silverman (1983:172) in hierdie verband aanhaal: "[The subject] will from this point forward participate in the discourse of the Other, and regard itself from the space of the Other."

Du Plooy (2013) verwys na die gevolgtrekkings waartoe die Duitse filosoof Ernst Cassirer, wie se invloedryke, driedelige *Philosophie der symbolischen Formen* tussen 1923 en 1929 verskyn het, aangaande talige semiose geraak. Sy skryf Cassirer meen

> dat taal nie slegs benoem nie, maar aktief meewerk tot konseptualisering en artikulasie van die werklikheid en dat taal hierdie vermoë deel met 'n verskeidenheid ander menslike sisteme, soos mites, religie, kuns, geskiedenis en wetenskap, wat almal nie slegs die werklikheid naboots nie maar daaraan gestalte gee.

## 4. VERSUGTING NA DIE DEURBREKING VAN TALIGE EN KULTURELE GEMEDIEERDHEID EN BEPAALDHEID VAN SINTUIGLIKE WAARNEMING EN BEGRIPVORMING IN JACQUES COETZEE SE "HALFWOESTYN"

Naas sienings oor die *talige gemedieerdheid* van menslike ervarings én van ons vermoë om ons ervarings te kommunikeer, moet ook bevindings in verband met die *kulturele bepaaldheid*, oftewel maatskaplikheid, van ons sintuiglike waarnemings in gedagte gehou word.

Laasgenoemde word beklemtoon deur Geurts in haar boek *Culture and the Senses*. Daarin dui sy (Geurts 2003:161) aan dat gestremdheidnavorsing oor die afgelope dekades die sogenaamde "antropologie van die sintuie", oftewel die sensoriekstudie ("sensory studies" in Engels), bevorder het.

---

16 Van der Merwe en Viljoen (1998:175) maak gewag van die "beeldskrif" van metafoor en metonimie waarvan die mens, luidens Lacan (kyk Gräbe 2013), afhanklik geword het om "kennis" te kan "neem" (dit wil sê te kan opdoen én oordra) aangaande die verskynsels. In semiotiekterme kan 'n mens van die gekodifiseerdheid van signifikasie praat in hierdie verband (kyk Du Plooy 2013).

17 Soos voorheen vermeld, is "Die huis waar ek woon" die titelgedig van Rowland se in 1974 gepubliseerde digbundel. Dit is terselfdertyd die openingsgedig daarvan.

Howes (1991:xi) word deur haar aangehaal ter samevatting van toonaangewende sienings oor die uiteindelike effek van sodanige kulturele en/of maatskaplike gemedieerdheid van sintuiglikheid: “We learn social divisions, distinctions of gender, class and race through our senses.”

Ook Rowland (1976a:95–96) het die wyse verwoord waarop perseptuele waarnemings (hy gebruik die sigvermoë as voorbeeld) in die mens se bewussyn by wyse van konseptueel gevormde kennis bemiddel word:

> In the first place to see something is to have the capacity to say it is there. In the second instance seeing involves the acquired abilities to identify, recognize, name, describe, and so on.[18]

In sy proefskrif wei Rowland (1984:92–93) uit oor hoe dié dilemma manifesteer in die ervarings van die blinde persoon, wie se sintuiglike waarneming dikwels slegs deels van aard kan wees. Die gevaar daarvan om in volgehoue sensoriese “poverty” te moet bestaan, moet dan oorkom word deur verryking van die sintuiglike inligting deur middel van verbeelding. Met die oog hierop put die blinde nie net uit die eie ervaringskat nie, maar vul wat hy/sy gehoor, aangeraak of andersins waargeneem het aan “by drawing upon descriptions given by sighted people”.

Die eweneens blindgewórde Walliese digter Giles L. Turnbull (s.j.) laat hom, in ’n essay getiteld “Poetry and Blindness”, soortgelyk uit oor die gemedieerdheid, die nie-oorspronklikheid, van die dinge waarvan hy kennis kan neem:

> The biggest concern I have now that I am a blind poet is that the things I become aware of are generally things that somebody else has already seen – maybe a friend has spotted something they think I’d like to be told about, or maybe it is something that a local or national newspaper has decided merits attention.

In die gedig wat hy op uitnodiging van die Byderhandspan vir die beoogde Brailleroete-installasie in die Karoo Woestyn Nasionale Botaniese Tuin geskryf het, druk Jacques Coetzee, ’n blindgeborene, sy begeerte uit na oorstyging van sodanige sosiale, opvoedkundige en talige gemedieerdheid, en derhalwe “tweedehandsheid”, van sy belewing en begripvorming. Hy was twaalf jaar lank ’n leerling aan die Pionierskool op Worcester, die dorp waar sy vader, soos uit die gedig blyk, as stadsingenieur werksaam was.

**Halfwoestyn**

Alles wat ek weet van woestyne
en van halfwoestyne
is anekdoties, tweedehands,
al het my aardrykskundeboek
gesê dis halfwoestyn waar ons bly.

Ek het altyd geweet
dat die water van my tuisdorp suiwer was
danksy die onsigbare werk
van die stadsingenieur, my pa.

[18] Die kennisontwaking van die “blinde-dowe-(aanvanklik)stomme” Helen Keller op grond van die bemoeienisse van haar instrukteur en lewenslange metgesel Anne Sullivan, is ’n uitstaande voorbeeld van hoe die werklikheid grootliks “woord vir woord”, dit wil sê op talig gemedieerde wyse, “te verower” is (Cloete 2013:188).

"Woestyn" was 'n abstraksie:
'n sagte tekstuur op 'n braille-reliëfkaart;
'n knoppiesland vir 'n klein prins om te deurreis
op soek na die waters waar daar rus is.

Later sou ek leer luister
na stiltes binne-in stiltes –
die plekke waar gesprek
misluk, doodloop: soos die stilte oor hulle
wat in bosse slaap, wat daar vergeet is;
soos die stilte oor almal
wat vreemd en anders liefgehad het,
of net te veel liefde geken het
vir wat ons gedink het goed was.

Vandag dink ek aan een
wat 'n deur hard agter hom toegemaak het
om die woorde te kan skreeu wat niemand hoor nie,
tot diep, diep die nag in.
Ek dink aan die vrou wat my gewys het
waar die hartseer lê, daar rondom die woorde
van 'n ou, ou liedjie.

Dorp van my kindertyd, ek sien jou
vandag, hier, vir die eerste keer.
Sê vir my waar, waar is die water
vir die reis oor die woestyn van die hart?
Vloei daar regtig 'n rivier onder jou klippers?
Ken jy die name van jou eie oases?
Wou jy hê ons moes van jou 'n tuin maak,
of moet ons juis leer tent maak buite jou grense,
sonder 'n kaart, sonder 'n knoppiesroete –
al dieper die woestyn in, elke dag?

In die eerste strofe word erken dat "[a]lles wat ek weet van woestyne / en halfwoestyne" by wyse van "anekdote" (mondelinge oorlewering, byvoorbeeld deur ouers en onderwysers) en leeswerk (waaronder voorgeskrewe werke) bekom is. Daar word waarskynlik gesinspeel op die opvoeding wat die subjek by sy ouerhuis en aan die Pionierskool ontvang het. Die talige gemedieerdheid van sodanige kennis staan uit.

Weer word wete, in die voltooidedeelwoordvorm "geweet" uitgedruk, vooropgestel in die tweede strofe. Dit word, met beklemtonende effek, in die openingsreël geplaas. Hierdie keer word die denkbeeldigheid van kennis (wat aangaande die woestyn opgedoen is) duidelik uitgelig, naamlik deur die woord "abstraksie" in te span, maar ook deur "woestyn" relativerend tussen aanhalingstekens te plaas. Bowendien staan die kennis aangaande die "woestyn" verbind met die stadsingenieur-vader se "onsigbare werk" om water aan die inwoners van die subjek se "tuisdorp" te kan verskaf. Sodanige werk behels die wyse waarop die vader sy professionele kundigheid inspan om die lewenswerklike, beperkende impak van die halfwoestynomgewing op die dorp en op sy inwoners uit die weg te ruim. Die halfwoestyn se impak is as 't ware ewe onsigbaar (sintuiglik ontoeganklik) gemaak as die ondergrondse netwerk van toevoerpype waardeur die "suiwer" water aan huishoudings en instellings beskikbaar gestel is.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a15

Kennis wat op hierdie wyse deur die subjek opgedoen is, is dus wesenlik gelyksoortig aan die gemedieerde, kultureel bepaalde kennis wat hy via die gespesialiseerde opvoedingstelsel (vir siggestremdes) waaraan hy blootgestel is, bekom kon word. Dít word beklemtoon deur die begrip "abstraksie" beeldmatig voor te stel as "die sagte tekstuur" van brailleskrif op 'n "reliëfkaart". Op ironiegelade wyse word "abstraksie" beeldmatig voorgestel as iets wat tassintuiglik waargeneem word, en wel omdat dit wat handtastelik waargeneem en sodoende geïnterpreteer word, slegs talig simboliserend kan *heenwys* na die werklikheid wat ter sprake gebring is: "woestyn" (wat ook die halfwoestynomgewing van die Breede- en Hexriviervalleie insluit waarbinne die subjek hom bevind het). Die "braille-reliëfkaart" is maar 'n sprokiesagtige "knoppiesland" wat dien as 'n prikkelvlak vir die verbeelding.[19] Met behulp daarvan moes die subjek steeds poog om sy versugting na betekenisvervulling te bevredig; moes hy verlang na "die waters waar daar rus is", waarvan in Psalm 23 gewag gemaak word.

Luidens die derde strofe is dit eers toe hy die talige mediasie (en derhalwe die maatskaplike en kulturele bepaaldheid of bevooroordeeldheid) van sy kennisname leer verbystreef het – toe gevorder is na "stiltes binne-in stiltes", na die "plekke waar gesprek / misluk, doodloop" – dat meer oorspronklike, oftewel *subjek*tiewe, begripvorming moontlik geword het. Dit betref byvoorbeeld meelewing met haweloses, en met nie-heteroseksuele en ander polities-maatskaplik gemarginaliseerdes; dit wil sê met "almal / wat [...] / net te veel liefde geken het / vir wat ons gedink het goed was".

Anderkant en rondom woorde, los van wat talig gesuggereer word, so besef hy "vandag" (vierde strofe), is die wesenlike – of liewer: individueel oorspronklike – betekenisimplikasies eers te vind. Laasgenoemde het hy besef deur die optrede van "een" (die subjek self?) wat, in verset teen wat as 't ware aan hom opgedring was, "'n deur hard agter hom toegemaak het", om daar onverhoord te moes "skreeu [...] diep, diep die nag in". Voorts was daar 'n "vrou" wat hom "gewys het" dat die "hartseer" wat byvoorbeeld 'n (cliché-geraakte) "ou, ou liedjie" wil kommunikeer,[20] slegs buite die liedteks te verneem is.

Die verwysing na "die vrou" aktiveer, anders as wat in Rowland se "Die huis waar ek woon" die geval is, iets van die geslagtelike inkleding wat Lacan gee aan die ervaarde spanning tussen teken en betekende binne die sogenaamde Simboliese Orde. Dit waaraan die vroulike figuur die subjek in Coetzee se gedig bekendgestel het, bevind sig buite die beperkings van die teks. Haar bemiddeling werk openbarend (sy het hom die hartseer "ge*wys*") en nie verhullend, oftewel verplasend, soos die "onsigbare" en onsigbaar makende professionele aktiwiteite van die vaderfiguur nie.

Langs daardie ervaringontwikkelingsweg kon die subjek uiteindelik daartoe vorder om die "[d]orp van my kindertyd" met meer onmiddellikheid ("vandag, hier") en sterker oorspronklikheid (asof "vir die eerste keer") waar te neem (slotstrofe). Die feit dat die dorp in die slotstrofe die eerste keer aangespreek word deur die subjek, dra hier tot die indruk van onmiddellikheid, tot die suggestie van ongemedieerdheid, by.

---

19 Gesuggereer deur die "klein prins"-toespeling op die bekende fantasiereisverhaal *Le Petit Prince,* geskryf deur die Franse aristokraat en vlieënier Antione De Saint-Exupery. Dit is geskryf terwyl De Saint-Exupéry hom, vanweë die Duitse beleg van Frankryk gedurende die Tweede Wêreldoorlog, as uitgewekene in die buiteland bevind het. Dit druk, onder andere, die verlossende werking van kinderlike verbeelding te midde van die bedroewende werklikhede van die volwassenheid uit (Wikipedia 2020).

20 Coetzee is 'n gepubliseerde digter in Engels. Hy het in mede-outeurskap met sy vrou, Barbara Fairhead, 'n digbundel (2017) die lig laat sien. Hy is voorts 'n sanger en leidende liedskepper van die orkes Red Earth & Rust (PEN South Africa 2017).


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a15

Die werkwoord “sien” wat vir die perseptuele handeling benut word verklap, in die lig van die feit dat dit om die waarneming van ’n blinde gaan, egter dat dit slegs op analogies-metaforiese, op wesenlik verbeelde of begeerde wyse geskied. Laasgenoemde afleiding word verder gemotiveer deur die feit dat die aanspreking van die dorp as apostrofies van aard gesien kan word;[21] voorts uit die feit dat, vanaf die derde versreël in die strofe, die aanspreking in die vorm van retoriese vraagstelling geskied (waardeur te veronderstel is dat daadwerklike beantwoording nie verwag word nie).

Trouens: Moet die benoeming “[d]orp van my kindertyd” nie ook metafories verstaan word nie? Word “my dorp” nie ook as sinnebeeld van die Self ingespan nie?

So ’n interpretasie strook dan logieserwys met die uitdrukking “water / vir die reis oor die woestyn van die *hart*”, soos dit in die onmiddellik daaropvolgende vraagsin voorkom. Die behoefte wat by die subjek bestaan, betref hiervolgens nie slegs die plek waarin hy gebore en getoë is nie. Hy verlang om ook persepsies en konsepsies aangaande strominge (“Vloei daar regtig ’n rivier onder jou klippers?”) en bronne (“Ken jy die name van jou eie oases?”) in sy eie psige anders as op “tweedehands[e]” wyse te vorm.

Soos Worcester, én die Karoo Woestyn Nasionale Botaniese Tuin as verteenwoordigend van die fauna en flora van die Karoo, is die talig-opvoedkundig gevormde Self, mét die gekonvensionaliseerde persepsies en konsepsies wat hy voorheen gehandhaaf het, as ’n maatskaplike en kulturele maaksel te sien – as iets soos “’n tuin”. Uit hierdie besef spruit die slotkwessies wat in die gedig te berde gebring word: Moet daar nie eerder gestreef word om buite “die grense” van sodanige bepaaldhede en beperkinge te tree nie? Is dit nie wensliker om “sonder ’n kaart, sonder ’n knoppiesroete”, dit wil sê by wyse van eie ontdekkings die woestyn in, die “dieper”, oorspronklike sin van die bestaan te ontdek nie? Is die heelheid van Self en Ander, in die Lacaniaanse sin van die woord, nie eers sodoende alhier te ervaar nie?[22]

Die tent-in-die-woestyn-gegewe wat in die gedigslot ter sprake kom ondersteun, op figuurlike vlak, laasgenoemde afgeleide betekenisimplikasies. Simbolies word ’n tent (-in-die-woestyn), ook in religieuse verband,[23] onder meer met ’n nomadiese bestaanswyse, ’n vrye onderweg-wees geassosieer, maar ook met byvoorbeeld liefdevolle en lewegewende geborgenheid[24] te midde van woesteny en verlatenheid (Orr 1915; Cirlot 2002; Dream Dictionary s.j.).

## 5. ’N GEDEELDE WENS: OM ONMIDDELLIK BY DIE DINGE TE (WIL) WEES

Wat, naas die manifestasieverskeidenheid van sintuiglikheid en die betekenisimplikasies dáárvan, opvallend ooreenkom in die vier bespreekte gedigte, is die uiting van ’n versugting na outentieke sensoriese (her-)belewing (en gevolglike begripvorming). Sodanige versugting word in elkeen van hulle uitgedruk, sy dit as ’n uitreiking na of as ’n (verbeeld) liggaamlike toenadering tot die omringende landskap en die verskynsels daarin.

---

21 Coetzee is jare lank reeds woonagtig in Kaapstad.

22 Die implikasies hiervan herinner aan die selfvolbrenging deur uiteindelike selftransendering wat Cloete (2013:190) in die strewes van ’n Helen Keller bemerk, soos saamgevat in ’n stelling wat hy uit die elfde hoofstuk van haar outobiografiese *The Story of my Life* (1903) aanhaal: “I lived myself into all things.”

23 Die tent-in-die-woestyn-motief doen byvoorbeeld Ou-Testamenties aan. Uit die *Afrikaanse Bybelkorkondansie* (CUM 1996) blyk dat verreweg die meerderheid Bybelse gebruiksgevalle van die woord “tent”, naamlik op slegs vyf na, in die Ou Testament voorkom.

24 Soos, op metaforiese wyse, ook aangedui deur die “skemer” se toedekkende “kombers” in Diana Ferrus se hierbo bespreekte gedig.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a15

Laasgenoemde betref die vertolkte belewings van sowel siggestremdes as nie-siggestremdes. ’n Mens sou kon aflei dat ’n universele menslike behoefte uitgespreek word, naamlik om, soos NP van Wyk Louw (1959:42–43) dit in ’n essay gestel het, die “[g]elykmaak en rangordening” van intellektualiteit en van materialistiese abstraksie te besweer by wyse van “onmiddellike, estetiese ervaring van [...] al die dinge wat weggeredeneer was”. Geurts (2003:162) waarsku juis in haar reeds vermelde studie oor *Culture and the Senses* dat gewaak moet word daarteen om, by verrekening van die kulturele bepaaldheid van ons sintuiglikheid, nie die moontlikhede én uniekheid van beliggaamde belewings, ook dié van gestremde persone, te onderspeel nie.

Die plasing van die Byderhandinstallasies te Worcester, bínne die ruimtes en bý die dinge waaroor die digters dit in hulle gedigte het, die ingeplaastheid van die woordkunswerke wat elektronies daar toeganklik gemaak is of gaan word, verteenwoordig ’n strewe om ’n estetiese belewing deur middel van die verskeidenheid van sintuiglike waarnemings en gewaarwordings aan te wakker. Die gedeelde wens van sowel die persone wie se gedigte hierbo aangehaal en bespreek is, as die Byderhandprojekleiers wat die gediginstallerings in samewerking met plaaslike rolspelers te Worcester kon of nog gaan bewerkstellig, is dat ’n besoek aan die genoemde installasies die lesers en beluisteraars van die gedigte aldaar sal prikkel om self unieke, beliggaamde belewings van daardie omgewing(s) en die verskynsels daarbinne te onderneem.

## BIBLIOGRAFIE


Abbs, P. 1989. Tactful approach to life. *The Times Higher Education Supplement*, 17 January:17.

Agamben, G. 1999 (1996). *The End of the Poem. Studies in Poetics* (uit die oorspronklike Italiaans vertaal deur D. Heller-Roazen). Stanford, Kalifornië: Stanford University Press.

Carroll, T.J. 1961. *Blindness: What It Is, What It Does, and How to Live with It.* Boston: Little, Brown & Company.

Cirlot, J.E. 2002 (2de uitgawe; 1ste uitgawe 1971). *A Dictionary of Symbols*. Mineola, New York: Dover Publications, Inc.

Classen, C. 2007. Museum Manners: The Sensory Life of the Early Museum. *Journal of Social History*, 40(4):895-914.

Cloete, T.T. 2013. *Die ander een is ek*. Plettenbergbaai: Pooka.

Coetzee, J. & Fairhead, B. 2017. *The Love Sheet. Poems.* Kaapstad: Modjaji Books.

CUM. 1996. *Afrikaanse Bybelkonkordansie (Nuwe Vertaling)*. Vereeniging: Christelike Uitgewers-maatskappy.

Danesi, M. 1990. Thinking is Seeing: Visual Metaphors and the Nature of Abstract Thought. *Semiotica*, 80(3&4):221-237.

De Saint-Exupéry, A. 1943. *Le Petit Prince/The Little Prince.* Verenigde State van Amerika: Reynal & Hitchkock.

Derrida, J. 1976. *Of Grammatology.* Baltimore: Johns Hopkins University Press.

Dream Dictionary. S.j. Tent Dream Meaning. What Does a Tent Mean in your Dream? https://www.auntyflo.com/dream-dictionary/tent (11 April 2020 geraadpleeg).

Du Plooy, H. 2013. Semiotiek. *Literêre terme en teorieë.* http://www.literaryterminology.com/index.php/lemmas/25-s/222-semiotiek (8 April 2020 geraadpleeg).

Firth, R. 1965. Sense-Data and Percept Theory. In: Schwartz, R.J. (red.). 1965:204-270.

Foster, R., Y. T’Sjoen & T. Vaessens (reds.). 2009. *Over grenzen. Een vergelijkende studie van Nederlandse, Vlaamse en Afrikaanse poëzie / Oor grense. ’n Vergelykende studie van Nederlandse, Vlaamse en Afrikaanse poësie*. Leuven & Den Haag: Uitgeverij Acco.

Geurts, K.L. 2003 (e-boekweergawe). *Culture and the Senses. Bodily Ways of Knowing in an African Community*. Berkeley, Los Angeles & London: University of California Press.



doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a15

Gräbe, I. 2013. Post-Freudiaanse psigoanalise en literatuur. *Literêre terme en teorieë*. http://www.literaryterminology.com/index.php/lemmas/33-p/178-post-freudiaanse-psigoanalise-en-literatuur (8 April 2020 geraadpleeg).

Hacker, P.M.S. 2013. *The Intellectual Powers. A Study of Human Nature*. Chichester, West Sussex, Groot Brittanje: John Wiley & Sons Ltd.

Hambidge, J. 2013. Dekonstruksie. *Literêre terme en teorieë*. http://www.literaryterminology.com/index.php/lemmas/11-d/282-dekonstruksie (8 April 2020 geraadpleeg).

Hauser, G.A. 1986. *Introduction to Rhetorical Theory*. New York: Harper & Row Publishers.

Herring, F.W. 1949. Touch. The neglected sense. *Journal of Aesthetics and Art Criticism*, 7(3):199-215. https://philpapers.org/rec/HERTTN (15 Januarie 2020 geraadpleeg).

Howes, D. 1991. *The Varieties of Sensory Experience. A Sourcebook in the Anthropology of the Senses*. Toronto: University of Toronto Press.

Kalla, B. & P. Van Schalkwyk. 2009. "Danksy die dinge." Die huis en die Self in enkele naoorlogse Nederlandstalige en Afrikaans gedigte. Foster, R., Y. T'Sjoen & T. Vaessens (reds.). 2009:373-404.

Keller, Helen. 1903. *The Sory of my Life*. New York: Doubleday, Page & Co.

Keller, H. 1908. *The World I Live In*. London, New York & Toronto: Hodder & Stoughton.

Lacan, J. 1989. Écrits*: A Selection* (vert. deur A. Sheridan). London: Tavostock/Routledge.

Longenbach, J. 2008. *The Art of the Poetic Line.* Saint Paul, Minnesota: Graywolf Press.

Louw, N.P. van Wyk. 1959. Gelykmaak en rangordening. *Lojale verset. Kritiese gedagtes oor ons Afrikaanse kultuurstrewe en ons literêre beweging*. Kaapstad, Bloemfontein & Port Elizabeth: Nasionale Pers, Beperk, pp. 36-44.

Louw, N.P. van Wyk. 1986. *Versamelde prosa I*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Bpk.

Lumen Learning. S.j. Boundless Biology, Taste and Smell. https://courses.lumenlearning.com/boundless-biology/chapter/taste-and-smell/ (2 April 2020 geraadpleeg).

Maxwell, G. 2016. *On Poetry*. London: Oberon Books.

Müller, H.C.T. 1994. Edeler bloeiwyse: taalgebruik as natuurlike artefaktualiteit. *Stilet*, 6(2):29-54.

Odendaal, B.J. 2012. Vrye vers vs. Tradisionele vorme: Die ontdekking van die wit. Scheepers, R. & L. Kleyn (samests.). 2012:182-187.

Odendaal, B.J. 2013. Raak- en verskilpunte tussen gedigte en liedtekste. *Literator*, 34(2): Art. #422, 10 bladsye. http://dx.doi. org/10.4102/lit.v34i2.422 (17 Januarie 2020 geraadpleeg).

Oliver, K. 2001. The Look of Love. *Hypatia*, 16(3):56-78

Orr, J. 1915. Tent. *International Standard Bible Encyclopedia*. https://www.biblestudytools.com/dictionary/tent/ (11 April 2020 geraadpleeg).

(*The*) *Oxford English Dictionary.* 1989 (2nd edition). Volume 1. Oxford: Oxford University Press.

PEN South Africa. 2017. The Love Sheet by Jacques Coetzee and Barbara Fairhead. https://pensouthafrica.co.za/the-love-sheet-by-jacques-coetzee-and-barbara-fairhead/ (10 April 2020 geraadpleeg).

Pink, S. 2013. Engaging the Senses in Ethnographic Practice. *The Senses and Society* 8(3):261-267. DOI: 10.2752/174589313X13712175020433

Révész, G. 1950. *Psychology and the Art of the Blind*. London, New York & Toronto: Longmans, Green & Co.

Rowland, W. 1974. *Die huis waar ek woon*. *Gedigte deur [...].* Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Rowland, W. 1976a. Space and Blindness. A Philosophical Study. MA-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.

Rowland, W. 1976b. The Sense of Touch and Beyond: Some Thoughts on Art Appreciation by the Blind. *The New Outlook for the Blind*, 70(7):309–310. New York: American Foundation for the Blind.

Rowland, W. 1984. Being-Blind-in-the-World. A Phenomenological Analysis of Blindness and a Formulation of New Objectives in Rehabilitation. PhD-proefskrif, Universiteit van Kaapstad.

Scheepers, R. & L. Kleyn (samests.). 2012. *Die Afrikaanse skryfgids*. Johannesburg: Penguin Books.

Schwartz, R.J. (red.). 1965. *Perceiving, Sensing and Knowing. A Book of Readings from Twentieth-Century Sources in the Philosophy of Perception*. Berkeley & Los Angeles, Verenigde State van Amerika & Londen, Verenigde Koninkryk: University of California Press.

Silverman, K. 1983. *The Subject of Semiotics.* New York: Oxford University Press.

Silverman, W.J. 2011. Seeing While Blind: Disability, Theories of Vision, and Milton's Poetry. Doktorale dissertasie, Florida State University, Verenigde State van Amerika. https://diginole.lib.fsu.edu/islandora/object/fsu:176219/datastream/PDF/view (15 Januarie 2020 geraadpleeg).

Turnbull, G.L. s.j. Poetry and Blindness. *Corncrake Magazine*, eerste uitgawe (ongedateerd). https://corncrakemagazine.com/article/poetry-and-blindness/ (27 Januarie 2020 geraadpleeg).

Van der Merwe, C.N. & H. Viljoen. 1998. *Alkant Olifant. 'n Inleiding tot die literatuurwetenskap*. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers.

Vasseleu, C. 1998. *Textures of Light: Vision and Touch in Irigaray, Levinas and Merleau-Ponty*. London: Routledge.

Violi, P. 1990. Body, Experience and Meaningful Things. *Semiotica*, 80(3&4):321-336.

Wikipedia. Die vrye ensiklopedie. 2019 (mees onlangse bywerking). William Rowland. https://af.wikipedia.org/wiki/William_Rowland (27 Februarie 2020 geraadpleeg).

Wikipedia. The Free Encyclopedia. 2020. The Little Prince. https://en.wikipedia.org/wiki/The_Little_Prince (11 April 2020 geraadpleeg).

Wilfong, T.G. 2015. A Multi-Sensory Approach to the Poetry of Elizabeth Bishop. Doktorale-dissertasie, Indiana University of Pennsylvania, Verenigde State van Amerika.

# "Wie is dan blind?" Beliggaamde ruimte in lokatiewe narratiewe deur persone met siggestremdheid

***"So, who is blind?" Embodied space in locative narratives by people with visual impairment***

**Franci Greyling**
Skryfkuns, Skool vir Tale
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: franci.greyling@nwu.ac.za



Franci Greyling

**Franci Greyling** is professor in Skryfkuns in die Skool vir Tale aan die Noordwes-Universiteit. Sedert 2007 is sy gemoeid met die konseptualisering en uitvoering van interdissiplinêre kreatiewe en navorsingsprojekte in die Fakulteit Geesteswetenskappe, soos *Oor die einders van die blads*y (2009-2011) en *Weerspieëling en weerklank: Gesprekke oor tipografie, topografie en tipologie* (2012-2014). Dié praktykgebaseerde navorsingsprojekte betrek onder andere medewerkers uit dissiplines soos Skryfkuns, Grafiese Ontwerp, Letterkunde en Kunsgeskiedenis, asook skrywers, kunstenaars, ontwerpers, programmeerders en die algemene publiek. Die Byderhandprojek (sedert 2015), onder leiding van die Vakgroep Skryfkuns, behels die verkenning van plekspesifieke digitale literatuur. Franci is veral geïnteresseerd in die skeppende moontlikhede en dinamiese wisselwerking binne hierdie oorkoepelende ruimtes, multimodaliteit en alternatiewe publikasiemoontlikhede.

**Franci Greyling** is Professor of Creative Writing in the School of Language at the North-West University. Since 2007, she has been involved in conceptualising and carrying out interdisciplinary creative and research projects in the Faculty of Humanities, such as *Oor die einders van die blads*y ("Transgressions and boundaries of the page") in 2009-2011, and *Weerspieëling en weerklank: Gesprekke oor tipografie, topografie en tipologie* ("Reflective conversations: typography, topography and typology") in 2012-2014. These practice-based research projects involve collaborators from disciplines such as Creative Writing, Graphic Design, Literature and History of Art, as well as writers, artists, designers, programmers and the general public. The Byderhand project (since 2015), led by the subject group of Creative Writing, involves the exploration of site-specific digital literature. Franci is particularly interested in the creative possibilities and dynamic interactions within these overarching spaces, multimodality and alternative publication possibilities.

**Datums:**
Ontvang: 2020-04-12 Goedgekeur: 2020-08-10 Gepubliseer: Desember 2020


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a16

**ABSTRACT**

***"So, who is blind?" Embodied space in locative narratives by people with visual impairment***

*Mobile media are increasingly providing new ways to tell untold stories and to connect them to places where readers, through their physical presence and participation, can experience the stories and the place in concrete terms, thus developing appreciation for the hidden and forgotten historical, cultural and personal narratives of a place, of periods, and of people (Farman 2015; Rettberg 2019; Page 2014; Barber 2016). This article explores the embodied space in a locative literature project undertaken in collaboration with people with visual impairment. The Pioneer Story Collection installed on the school grounds of a school for visually impaired learners consists of stories, narratives and poems by learners and former learners of the school in question. The accessibilising of the contributions entailed, among other things, that the selected contributions were read and recorded, and that a digital interface which caters for sighted, visually impaired and blind users was developed. The Pioneer Stories were distributed by means of QR codes, which, combined with information in braille and large print, were posted at the identified locations.*

*This article explores how the Pioneer Stories as locative narratives could potentially provide insight into these writers' specific experience of place, and how the stories could contribute towards readers' deepened experience of the place, and to the visibility of stories, bodies, and communities. To understand the Pioneer Stories within this context, a framework is composed in which the concepts of embodied space and emplacement are discussed with reference to the multisensory nature of observation (Hersch & Johnson 2008); emplaced writing (Smith 2012); narratives of personal experience (Page 2014; Plummer 2001; Labov 1979); the ecosomatic approach toward disability (Cella 2019); and the experience of the embodied and emplaced reader-participant (Farman 2015; Greyling 2018). Four stories from the collection are analysed and discussed on the basis of this framework.*

*The Pioneer Story Project draws attention to the importance of awareness of a spectrum of sensory experiences, the intertwined and relational process of placemaking, and the central role and agency of the embedded writer in placemaking. With regard to the notion of giving a voice to marginalised communities and the making visible of bodies, stories, places and communities, it is evident from the stories that the writers and narrators in the Pioneer Story Collection took agency of their stories and narratives, thereby utilising various ways in which they themselves, as well as the place, the people, the community and identities could be made visible in and through their stories and poems. This is achieved in the texts by, among other things, the choice and application of a narrative strategy, the narrative structure, the content, the reproduction of experiences and events and the use of style and language. What is striking, especially with regard to the narratives, is the construction of narrative identity, the key role which the community plays/played in the narrators' lives, and the collective and relational process of place attachment. In addition, one is made aware of the expressed or implied need for the narrators to be fully accepted as belonging to the larger community of fellow humans.*

*By means of the experience of the locative narrative at a particular place, the emplaced reader-participant can become aware of the narrators' embodied and emplaced experiences, and can thus imagine the places, people and community for themselves, on the basis of perspectives offered by the narrator. The experience can contribute to the reader-participant's awareness of the embodiment and perception of (other) persons with visual impairments, and can also lead to a greater awareness and intensification of their own sensory experience and bodily emplacement. Generally speaking, the project can promote empathy and understanding in various ways. Locative literary projects can indeed contribute towards widening and*



doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a16

*enriching the world of writers as well as reader-participants, by means of contemporary mobile technologies. The ideal would be to develop a digital platform and application that would enable communities to undertake and publish their own locative literature projects,* in *the places that matter to* them.

**KEYWORDS:** locative narratives, locative literature, mobile stories, visual impairment, embodied space, embodiment, emplacement, emplaced writing, life narratives, personal narratives, narrative identity, multi-sensory observation, narratives, community, placemaking, ecosomatic approach

**TREFWOORDE:** lokatiewe narratiewe, lokatiewe literatuur, mobiele stories, siggestremdheid, beliggaamde ruimte, beliggaming, ingeplaastheid, ingeplaaste skryfaksie, lewenstories, lewensverhale, persoonlike narratiewe, narratiewe identiteit, multisensoriese waarneming, gemeenskap, plekskepping, ekosomatiese benadering

**OPSOMMING**

Die artikel behels ’n ondersoek na die beliggaamde ruimte in lokatiewe narratiewe deur persone met siggestremdheid. Die Pionierstorieversameling wat op die skoolterrein van ’n skool vir leerders met siggestremdheid geïnstalleer is, bestaan uit verhale, vertellings en gedigte deur leerders en oudleerders van die betrokke skool. In hierdie artikel word ondersoek hoe die Pionierstories as lokatiewe narratiewe moontlik insig sou kon bied in die plekervaring van die skrywers, asook sou kon bydra tot lesers se verdiepte ervaring van die plek en tot die sigbaarmaking (bewuswording) van stories, liggame en gemeenskappe. Om die Pionierstories binne dié konteks te verstaan, word ’n raamwerk saamgestel waarin die konsepte van beliggaamde ruimte en ingeplaastheid bespreek word, soos dit verband hou met die multisensoriese aard van waarneming, die ingeplaaste skryfaksie, met narratiewe van persoonlike ervaring en die ekosomatiese benadering tot gestremdheid; asook met die beliggaamde ervaring van die ingeplaaste leser-deelnemer. Vier verhale uit die versameling word aan die hand van sodanige raamwerk bespreek. Die geïntegreerde uitbeelding van die konkrete én abstrakte aspekte van plek in die Pionierstories, demonstreer die verweefde dimensies wat die ervaring van plek bepaal, die sentrale rol en agentskapfunksies van die ingeplaaste skrywer in plekskepping, asook die konkreetheid van die ervaring deur die leser-deelnemer in die betrokke lokatiewe installasie soos dit tot die verhoogde sigbaarheid van die stories, liggame en die gemeenskap bydra.

&&&&&&&&&&&&&&&&

*Ons ry Worcester in met my pa se donkerblou 1950 Chrysler Imperial. Ek is ses en word vir die eerste keer skool toe geneem.*

*My pa hou stil en vra ’n voetganger vir aanwysings na die Skool vir Blindes. Toe ons verder ry, moes ek my verwarring opklaar.*

*“Pa, hoekom gaan ons dan na ’n skool vir blindes? Wie is dan blind?”*

*Sien, ek het gedink, as mens klein is, sien jy min en soos jy groter word, sien mens meer tot jy uiteindelik volwasse is, een van die voordele van volwassenheid. Jy kry nie meer pak nie, jy kan wyn drink en jy kan sien!*

(Christo de Klerk, “Geheuekratte” – Pionierstories)

## INLEIDING

In ’n onlangse artikel beklemtoon Jason Farman, ’n toonaangewende navorser oor beliggaamde ruimte en mobiele media, die noodsaak daarvan om stories, liggame en gemeenskappe sigbaarder te maak. Hy (Farman 2015:101-102) argumenteer dat storievertelling belangrik is vir die skep van ruimte omdat die betekenis van plekke kenmerkend deur die stories wat daarmee verbind is, gekommunikeer word. Vir die gemeenskap in ’n sekere plek is die modusse van ruimtelike vertelling van kardinale belang vir hoe die gemeenskap in die wêreld voorgestel word. Die sigbaarmaking van mense se stories is ’n wesenlike komponent vir meelewing; dit kan daartoe bydra dat lede van gemarginaliseerde gemeenskappe, wie se stemme dikwels stilgemaak is, gehoor word; ook daartoe dat gemeenskappe hulle identiteit in plekke wat nóú met hulle erfenis verweef is, kan verwesenlik. Verhale en sosiale geregtigheid gaan hand aan hand en mobiele media bied op toenemende wyse maniere om onvertelde verhale te vertel (Farman 2015:101-102).

Soortgelyke beginsels as wat Farman voorstaan, was onderliggend aan die konseptualisering van die Byderhand-Pionierprojek – ’n lokatiewe literatuurprojek wat vir, en in samewerking met, persone met siggestremdheid onderneem is.[1] Lokatiewe literatuur[2] is ’n vorm van plekgebonde literatuur waarby tekste deur middel van digitale media elektronies met plekke (hetsy spesifiek of meer algemeen van aard) verbind word, sodat dit aldaar eerstehands en konkreet deur die leser-deelnemers ervaar kan word. In dié ontwikkelende elektroniese literatuurgenre word verken hoe lokatiewe tegnologieë (soos die globale posisioneringstelsel, radiofrekwensie-identifikasie, en QR-kodes) ons toelaat om narratiewe en poëtiese ervarings as ’t ware bo-oor die wêreld rondom ons te plaas (Rettberg 2019:184). Een van die vele toepassingsmoontlikhede van lokatiewe literatuur is projekte waarin alledaagse stories van mense, hul ervarings en stemme, in die openbare domein geplaas word (Page 2014:315; Løvlie 2009). Die potensiële uitwerking wat navorsers ten opsigte van lokatiewe literatuur in hierdie konteks uitlig, sluit aan by die gedagte dat digitale media tot die verhoogde “sigbaarheid”[3] of bewusmaking van stories, mense en gemeenskappe kan bydra, en sodoende ook sosiale geregtigheid kan bevorder. Lokatiewe literatuurprojekte kan groep- en streeksidentiteite rondom landskappe uitdruk; bydra tot kulturele en demokratiese bemagtiging met betrekking tot die eie plaaslike omgewing; stem gee aan dikwels gemarginaliseerde tekstuele gemeenskappe; en ’n vorm van agentskap vir skrywersgemeenskappe wees (Løvlie 2009; Farman 2015:102; Van Juyn 2017:236). Die plasing van stories bo-oor die fisiese ruimte, en die fisiese teenwoordigheid en deelname van die leser-deelnemer, kan die gelaagdheid van menslike ervaring openbaar, nuwe ervarings bied, en die abstrakte ruimte na ’n konkrete plek verander (Ruston 2014:318). Verder kan die samesnoering van veelvuldige stemme, stories en plekvoorstellings tot digte en meerdimensionele uitbeeldings van plek lei, rigiede begrippe aangaande plek transformeer, en selfs tot die sin van plek bydra (Van Juyn 2017:236;241; De

1 Die Byderhand-Pionierprojek (Etieknommers NWU-00591-17S8 en WKOD-20170814-3851) is ’n deelnemende gemeenskap- en navorsingsprojek as onderdeel van die voortgesette Byderhandprojek van die Noordwes-Universiteit, in hierdie fase onderneem in samewerking met ’n skool vir siggestremdes te Worcester (Greyling, Verhoef & Tempelhoff 2020).

2 Ook bekend as plekgebaseerde narratiewe, plekspesifieke digitale literatuur, plekgebonde literatuur, mobiele narratiewe, ens.

3 Die konteks van die Pionierstorieprojek vestig die aandag op die hoë voorkoms van metafore wat met sig verband hou. Sodanige metafore en vaste idiomatiese uitdrukkings (bv. ‘totsiens’) word deur ’n taalgemeenskap gedeel ongeag hulle onderskeie sintuiglike vermoëns.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a16

Souza & Silva 2014:45). Leser-deelnemers kan, deur hul fisiese teenwoordigheid en deelname in die literêre kommunikasiesituasie, waardering ontwikkel vir die verborge en vergete historiese, kulturele en persoonlike narratiewe met betrekking tot ’n plek, tydperke van die bestaan daarvan en die mense daarin (Barber 2016:6).

Die Pionierstories, as teksprodukte van die Byderhand-Pionierprojek, het ontstaan uit die behoefte om leerders en ander persone met siggestremdheid elk ’n stem in die digitale ruimte te bied en op dié wyse te bemagtig, om sodoende ook ’n groter bewustheid aangaande die leefwêreld en behoeftes van die gemeenskap van siggestremdes te skep (BHA-DP-20170921). Die projekspan het van die veronderstelling uitgegaan dat, deur skrywers met siggestremdheid in staat te stel om self plekspesifieke tekste in ’n pleksentriese sisteem te skryf en aldaar met ander te deel, ’n bydrae gelewer kan word tot sodanige skrywers se ervaring van plek; hulle terselfdertyd aan nuwe moontlikhede van kreatiewe uitdrukking bekend te stel; en sodoende by te dra tot die skrywers se kulturele en demokratiese bemagtiging met betrekking tot die plaaslike omgewing. Verder was die projekspan van mening dat hierdie tekste ook vir ander mense (hetsy siende of siggestremd) insig sou kon bied rakende die plekervaring van die skrywers en sodoende sou kon bydra tot ’n verrykte en verdiepte ervaring van die verhouding tussen plek en literatuur (BHA-DP-20170921; Greyling, Verhoef & Tempelhoff 2020).

In die projek is leerders, oudleerders en personeel van die skool uitgenooi om verhale en vertellings by te dra wat, as deel van die lokatiewe literatuurinstallasie, by die skool asook by ’n koffiewinkel by die Innovation for the Blind in die dorp aangebring sou kon word. Die teikenlesers van die verhale is die leerders van die skool vir siggestremdes, besoekers aan die skool en die algemene publiek (Greyling, Verhoef & Tempelhoff 2020). ’n Verskeidenheid bydraes, in die vorm van verhale, vertellings en gedigte, is ontvang. Die meerderheid van die bydraes is vanuit ’n terugskouende eerstepersoonsperspektief aangebied. Soos kenmerkend die geval is met gemeenskapsnarratiewe, sou dié bydraes, as ’n uitingsvorm van ruimtelike narratiewe, ’n blik kon bied op die ervaring van individue sowel as dié van die gemeenskap wie se stories en identiteit op een of ander wyse met die plek verweef is. Die onderskeidende kenmerk van lokatiewe literatuur is dat die leser-deelnemer fisies in ’n spesifieke plek geplaas word, en dat die konkrete en plekspesifieke ervaring van die literatuur ’n bepalende invloed op die leser se ervaring van die werk het (Greyling 2018:209).

Die onderhawige artikel behels ’n ondersoek na die Pionierstories as lokatiewe narratiewe en hoe die stories moontlik insig kan bied in die plekervaring van die skrywers, asook hoe dit tot lesers se verdiepte ervaring van die plek, en die sigbaarmaking van stories, liggame en gemeenskappe, kan bydra. Om die funksies van die Pionierstories binne sodanige konteks te kan verstaan, word die konsepte van beliggaamde ruimte en ingeplaastheid as vertrekpunte gebruik. Vanweë die verkennende aard van die ondersoek en die beperkte omvang van die artikel, word die konsepte nie in diepte behandel nie, maar slegs oorsigtelik bekendgestel as deel van die raamwerk vir die bespreking van enkele van die Pionierstories.

## BELIGGAAMDE RUIMTE, INGEPLAASTHEID EN LEWENSTORIES – ’N TEORETIESE RAAMWERK

Sover dit menslike ervarings betref, is liggaam, plek, stories en gemeenskap onlosmaaklik en dinamies verweef. Die mens bevind hom of haar as ervarend bewegende liggaam in die sentrum van sy/haar perseptuele ruimte, en daarom ook in die sentrum van plek (Relph 1976:50). Ons lewe in ruimtes, raak geheg aan bepaalde ruimtes en plekke, assosieer laasgenoemde met spesifieke gebeure van ons persoonlike geskiedenis, en verbind vreugdevolle of hartseer


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a16

emosies aan spesifieke plekke (Viljoen, Lewis & Van der Merwe 2004:7).[4] Dergelike ervaring van en verhouding met plek word uitgedruk in terme van sin van plek, plekidentiteit, plekgebondenheid en plekgehegtheid. Plekgehegtheid kan verstaan word as 'n multidimensionele konsep wat die persoon (individu en kulturele groep), psigologiese prosesse en plekdimensies insluit (Schannell & Gillford 2010:2). Cathrine Degnen (2016:1646) beklemtoon hierdie verweefde en interaktiewe proses en aard van plekverbondenheid:

> (P)lace attachment is forged and experienced in dynamic interaction with other entities and other processes [...]; place attachment is also a collective, relational and embodied process, caught up and experienced via social memory practices and via embodied, sensorial registers.

In dié relasionele en beliggaamde proses gebruik ons taal en stories om ons waarnemings en ervaring, ons sin van self, en ons interaksie met ander, te verwoord. Ons sin van plek en gemeenskap is gewortel in vertelling (Johnstone 1990:5).

Die skepping van plek deur ruimtelike oriëntasie, beweging en taal kan aan die hand van die konsep van *beliggaamde ruimte* verstaan word.[5] Beliggaamde ruimte is die plek ("location") waar menslike ervaring en bewussyn 'n stoflike (materiële) en ruimtelike vorm aanneem (Low & Lawrence-Zúňinga 2003:2); dit is daarom as 't ware die plek waar die ervaring sigbaar gemaak word. Setha Low en Denise Lawrence-Zúňinga (2003:2) wys daarop dat die *liggaam* dikwels in die veld van ruimtelike analise verwaarloos word. Volgens die skrywers kan dié nalating waarskynlik toegeskryf word aan die dualisme van die subjektiewe en objektiewe liggaam, en aan die onderskeid wat getref word tussen die materiële en verteenwoordigende aspekte van liggaamsruimte. Die konsep van *beliggaamde ruimte* integreer hierdie uiteenlopende begrippe, en onderstreep die belangrikheid van die liggaam as 'n holistiese entiteit: "as a physical and biological entity, as lived experience, and as center of agency, a location for speaking and acting on the world" (Low & Lawrence-Zúňinga 2003:2). Die wisselwerking tussen ruimtelike oriëntasie, ervaring en taal word verhelder deur Miles Richardson (1982, 1984 – soos saamgevat deur Low & Lawrence-Zúňinga 2003:5) se verstaan van beliggaamde ruimte. Hiervolgens behels beliggaamde ruimte om in-die-wêreld-te-wees; dit is 'n eksistensiële en fenomenologiese realiteit van plek: die reuk, gevoel, kleur en ander sensoriese dimensies daarvan. Daar word verder geredeneer dat sodanige liggaamlike ervaring en gewaarwording, deur die skep van simbole en objekte, materieel of tasbaar word. Daar word verduidelik dat die wisselwerkende dinamika tussen liggaamlike ervaring en persepsie, simbole en objekte die volgende inhou: Ons transformeer ervaring na 'n simbool en herskep ervaring in 'n objek

4 'n Onderskeid kan getref word tussen *plek* as die konkrete plek in die fiktiewe of werklike werklikheid en *ruimte* as die abstrakte belewenis van daardie ruimte, spesifiek in die weergawe of representasie van die belewenis van plek in tekste of woorde. Plek het dimensies, is ouditief, visueel en taktiel met tekstuur en temperatuur, daar is afstand en verhoudinge, ens. Die ruimtelike belewenis is persoonlik gemaak, dit dra die afdruk van die belewende spreker of fokalisator. Aspekte van ruimtelike belewenis word verder aan in die artikel uitvoerig toegelig. In die bespreking word die woorde plek en ruimte noodwendig as gewone woorde, en nie as terme nie, gebruik. Waar bronne aangehaal word, word die betrokke outeur se gebruik van die woorde ruimte en tyd gerespekteer.

5 Die gebruik van die term *beliggaming* word ook in gestremdheidstudies met 'n fenomenologiese benadering verbind, soos Abby Wilkerson (2015:67) verduidelik: "Although embodiment sometimes serves as a synonym for corporeality – the state of living in/through/as a body – disability studies scholars have tended to use the term in relation to phenomenology, the philosophical study of conscious experience from an individual person's subjective perspective."


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a16

(soos 'n kunswerk, 'n gebaar, of 'n woord). Hierdie objekte word dan gebruik om 'n ervaring op te roep, "[thus] molding experience into symbols and then melding symbols back into experience" (Richardson 1982, 1984, aangehaal deur Low & Lawrence-Zúňinga 2003:5). Waar ons ervaring van ander mense vervlietend is, stel ons vermoë om artefakte te maak ons in staat om ons ervaring vas te lê, en om sodoende die materiële items te gebruik om ons ervaring te herroep, weer saam te stel en te kommunikeer (Richardson 2003:75).

Waarneming en die gewaarwording van die wêreld is fundamenteel multisensories van aard en behels die verhouding van die hele liggaam met die omgewing en die verskynsels daarbinne as ervarend en bewegend, en as integrerend van verskeie sensoriese modaliteite (Casey 1996:18; Hersch & Johnson 2008:53). In die verlede het die klem op die vyf sintuie (sig, gehoor, reuk, tas en smaak) dikwels meegebring dat die holistiese en sinestetiese ervaring inherent aan die subjektiewe ingeplaastheid in die omgewing, onopgemerk verbygegaan het. Sintuiglike en liggaamlike waarneming behels egter die samekoms van 'n verskeidenheid sensoriese en neurologiese sisteme, asook diverse kognitiewe en affektiewe prosesse.[6] Sintuiglike waarneming kan naamlik verdeel word in die gewaarwordinge van buite die liggaam (die eksteroseptiewe sisteem of die tradisionele sintuie), en gewaarwordinge deur middel van die interne organe (interoseptiewe sisteem), asook die bewuswording van veranderinge in die liggaamsposisie (proprioseptiewe sisteem) en van beweging en verandering in liggaamsposisie (vestibulêre sisteem; Hersch & Johnson 2008:52).

Met betrekking tot die tradisionele beskouing van sintuie word 'n onderskeid getref tussen die sogenaamde afstandsintuie (sig, gehoor en reuk) en die kontaksintuie (tas en smaak); in beginsel is die afstandsintuie in staat om 'n oorsig oor die toneel te bied, terwyl die kontaksintuie slegs inligting van die deel van die toneel kry waarmee kontak gemaak kan word (Hersch & Johnson 2008:52; Hill 2000:101). Die proprioseptiewe en vestibulêre sisteme het veral met die bewustheid van die postuur, van beweging en die ervaring van die liggaam in plek te make, byvoorbeeld om die liggaam se posisie in die ruimte waar te neem of om te weet op watter soort oppervlak mens loop. Interosepsie behels die gewaarwording van interne orgaanfunksies soos hartklop, asemhaling, die gevoel van honger en dors, sowel as die outonome senusisteemaktiwiteit (Price & Hooven 2018:2). Alhoewel die meeste van hierdie persepsies onbewustelik belewe word, is dit onderliggend aan ons emosionele ervaring (Price & Hooven 2018:4). Interosepsie speel 'n belangrike rol in oorlewing en ondersteun gereguleerde reaksies op gewaarwordinge wat verband hou met liggaamlike integriteit (byvoorbeeld gewaarwordinge van honger, temperatuur en pyn), sowel as emosieverwante gewaarwordinge gerig op sosiale integrasie (byvoorbeeld positiewe emosie, toegeneentheid en intimiteit) en op fisieke oorlewing (byvoorbeeld vrees en woede of aggressie; Price & Hooven 2018:4). Die geïntegreerde aard van sensoriese ervaring is duidelik wanneer byvoorbeeld in ag geneem word dat die indruk van aanraking onder andere gevorm word deur beweging, druk, velstrekking, vibrasie en temperatuur waardeur die sensors in die vel, spiere, tendons en gewrigte betrek word (Price & Hooven 2018:135). Waarneming en gewaarwording is altyd deel van 'n groter konteks, waarin die spesifieke situasie en die waarnemer se emosionele, affektiewe en kognitiewe gesteldheid die ervaring op verskeie wyses beïnvloed. Herinneringe en assosiasies is integraal aan dié ervaring. Die spasie wat deur die liggaam in beslag geneem word en die waarneming en ervaring van die ruimte, word kleiner en groter in verhouding met 'n mens se emosies en

6 Sensoriese studiesbenaderings beklemtoon die dinamiese, relasionele (intersensoriese – of multimodale, multimediale) en dikwels botsende aard van ons alledaagse betrokkenheid by die sensuele wêreld (Howes 2006:115).


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a16

gemoedstoestand, die gevoel van self, sosiale verhoudinge en kulturele ontvanklikheid (Low & Lawrence-Zúňinga 2003:2).

Die inplasing en aktiewe bewustheid van die liggaamlike ervaring in ’n plek en die herskepping van dié ervaring in die vorm van ’n artefak, impliseer ’n *ingeplaaste skeppingshandeling*. Die konsep van ’n ingeplaaste skryf-en leeshandeling binne die ekopoëtiese skryfpraktyk is deur Susan Smith (2012) aan die hand van Lawrence Buell (2005:53) se plekdimensies ontwikkel. Ingeplaaste skryf veronderstel volgens Smith (2012:209) in die eerste instansie die “materiële, fisiese geplaastheid van die skrywer in ’n spesifieke plek; tweedens suggereer dit die verband en persoonlike kontak van die skrywer met plek waardeur die skrywer in tweegesprek met plek tree”; derdens impliseer dit ’n “taalbewuste skryfaksie waardeur taal as sosiale waarnemings- en konstruksie-instrumente ingespan word en sodoende die sosiale dimensie van taal aktiveer” (Smith 2012:902). Smith (2012:902) beskryf ingeplaaste skryf as ’n “aktiewe bewuswees van die self en van die plek wat op daardie oomblik fisies deur die digter se liggaam in beslag geneem word en hoe die liggaam binne die plek pas”. Hierdie bewuste plek waarin die liggaam pas, sou benewens die fisiese plek, ook abstrakter of figuurlike dimensies van plek kon insluit, soos herinneringe of verbeelde plekke (byvoorbeeld verhaalwêrelde en drome; Buell 2005:73). Met William Rowland se ikoniese gedig oor blindheid in Afrikaans, “Die huis waar ek woon” (1975), in gedagte, sou “blindheid” as sodanig ook moontlik as ’n “plek” verstaan kan word.

Die uitnodiging aan deelnemers om stories te skryf wat met hul ervarings van die skool, die dorp en die omgewing verband hou, het noodwendig ook die herbesoek van die verlede behels. Die terugkeer na ’n plek en streek van oorsprong, behels hoofsaaklik ’n terugkeer na herinneringe daarvan (Viljoen *et al.* 2004:7). In die geheue is die ruimte vanselfsprekend figuurlik, en nie letterlik of fisies nie (Viljoen *et al.* 2004:7). Aangesien mense nie buite die gebied van ruimte en tyd, lewe, ervaar of onthou nie; word die geleefde geografiese plek deur die geheue *herskep*, eerder as wat dit *voorgestel* word (Viljoen *et al.* 2004:7). Deur die vertel- en skryfproses het die Pionierstorie-skrywers hulleself na die verlede en ’n bepaalde plek verplaas, bepaalde gebeurtenisse herroep, en aspekte van dié ervaring in die vorm van outobiografiese vertellings verwoord. Hierdie vertellinge, wat aangebied word vanuit ’n agternaperspektief (oor tydperke wat van enkele maande tot etlike dekades strek), impliseer nie slegs die herskepping van plek en ervarings nie, maar ook van identiteit. Die proses waardeur oor plek geskryf word, is immers deel van die proses van identiteitskepping van beide die plek en van die self (Smith 2012:891). Met die terugkeer na die verlede, herevalueer ek myself, die plek, tyd, omstandighede, en die interaksie met ander, en verbind dit met die hede – die hier-en-nou van my bestaan – en maak, deur stories, sin van die ervaringe. Bruce Jackson (2007:8) beskryf dié wisselwerking treffend wanneer hy verduidelik:

> We organize the events in our lives in the form of narratives. Our stories are not just file cabinets or movies of ordinary life; they are also the devices with which we explain and justify ourselves to ourselves and to others. Through story we make the facts of our lives accessible and bearable. Every story we tell, specifically or by implication, includes a theory about what happened and what matters.

Lewensverhale, of persoonlike narratiewe,[7] is volgens Ruth Page (2014:313) onderskeibaar van fiktiewe narratiewe omdat daar aangeneem word dat die verteller ’n outentieke (ofskoon

[7] Ken Plummer (2001:396) wys op die groot verskeidenheid bronne en vorme van eietydse lewenstories: “Life stories today come though many sources – biographies, autobiographies,


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a16

selektiewe) weergawe van die werklike gebeure uitbeeld. Verder plaas die onderwerp van die lewensverhaal die verteller se subjektiwiteit op die voorgrond en fokus op persoonlike ervaring. Lewenstories is ’n manier waarop die individu die betekenis van die self uitdruk, kommunikeer en onderhandel. Die vertelling van lewenstories is daarom ’n bevoorregte modus van uitdrukking vir die konstruksie van die verteller se identiteit (Page 2014:313). Soos Plummer (2001:395) dit stel:

> These stories – or personal narratives – connect the inner world to the outer world, speak to the subjective and the objective, and establish the boundaries of identities (of who one is and who one is not).

’n Persoon se geïnternaliseerde en ontwikkelende lewensverhaal, waarin die gerekonstrueerde verlede en verbeelde toekoms geïntegreer word om ’n gevoel van eenheid en doel te verskaf, word met die begrip *narratiewe identiteit* saamgevat (McAdams & McLean 2013:233). Lewensverhale kan fluktueer, en aanpassings hou dikwels verband met ’n geïdealiseerde self-representasie, wat deur die spesifieke eise van die gegewe konteks gevorm word. Die identiteite wat deur storievertelling vergestalt (“enacted”) word, is daarom nie deursigtige weerspieëlings van die werklikheid nie, maar eerder selektiewe, vloeiende opvoerings (“performances”) (Page 2014:315). Skrywers en vertellers maak ook dikwels van kreatiewe transformasies van persoonlike ervaring gebruik, byvoorbeeld deur persoonlike ervaring as fiksie aan te bied; omgekeerd kan fiksie as outobiografie aangebied word (Johnstone 1990:132; Plummer 2001:401). Die enkelvoudig outobiografiese identiteit – die werklike naam van die skrywer, waardeur outeur, verteller en protagonis verbind word – dra daartoe by dat ’n werk as outobiografie gelees word (aldus Genette 1988; kyk Schwalm 2014).

Net soos wat mense nie buite die gebied van ruimte en tyd kan lewe of ervaar nie (Viljoen *et al.* 2004:7), moet verhale ook, om enigsins sin te maak, vir die toehoorder in tyd en ruimte gesitueer word; die luisteraar of leser moet weet wie die karakters is en waarmee hulle besig is (Johnstone 1990:90). Stories neem hulle gehore uit die hier-en-nou na ’n ander wêreld, en storievertellers moet dit duidelik maak hóé hierdie ander wêreld is (Johnstone 1990:90). In die Pionierstories verplaas die vertellers, deur die uitbeelding van verskeie insidente en ervarings, die gehoor na bepaalde plekke en tydperke, en bind dit deur die vertelling tot ’n samehangende eenheid. Die ingeplaastheid van die verteller en die totstandkoming van die storiewêreld en die gepaardgaande gemeenskap en identiteit, kan aan die hand van William Labov (1979) se teorie van die narratiewe van persoonlike ervaring verstaan word. In narratiewe van persoonlike ervaring tree die verteller as die verwysingspunt of deiktiese sentrum op, en oriënteer die luisteraar (of leser) ten opsigte van persoon, plek, tyd en situasie. Die verteller verwys onder andere na die persoon (“my” en “sy”, “ons” en “hulle”), plek (“hier” en “daar”) en liggaamlike oriëntasie (“bo” en “onder”). Hierbenewens oriënteer die verteller die gehoor ook ten opsigte van die verskillende tydsvlakke in die vertelling, naamlik die hede vanwaar die storie vertel word, en die verlede waarin die verhaalgebeure afspeel. Die tyd, ruimte en

---

letters, journals, short interviews, photos, video diaries, home web pages and the like. They exist in many forms: long and short, past and present, specific and general, fuzzy and focused, surface and deep, ordinary and extraordinary stories. And they are denoted by a plethora of terms: self stories, life stories, life histories, auto/biographies, personal documents, life documents, life narratives, oral histories, ‘documents of life’.” Page (2014:314) wys verder daarop dat, in die digitale era, die vorme, formate en konvensies van lewenstories op verskeie wyses beïnvloed is deur die evolusie van Web 2.0-platforms, die deelnemende kultuur en die multimodale instaatstellingsmoontlikhede van die internet.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a16

karakters van die storie word sodoende aan die gehoor bekend gestel. Die opeenvolging van gebeure, die *verwikkelde handeling,* lei tot die *resultaat* van die vertelling. Die *coda* – wat dikwels in die vorm van ’n evaluering of samevatting aangebied word – bring die verteller en toehoorder terug na die werklikheid. ’n Vertelling van persoonlike ervaring is in wese ’n vertelling van die rapporteerbaarste gebeurtenis (“most reportable event”; Labov 1979). Die *uittreksel* of *abstrak,* wat die vertelling kan voorafgaan, en wat in die geval van ’n kortverhaal die titel kan wees, is ’n aanduiding van dié rapporteerbaarste gebeurtenis en dien as lokmiddel om die belangstelling van die toehoorder te prikkel. *Evaluering,* wat deurgaans in ’n vertelling plaasvind, kom neer op taalhandelinge waarmee die rapporteerbaarste gebeurtenis beklemtoon word, byvoorbeeld deur woordkeuse of herhaling, en wat bydra tot die samehang en eenheid van die vertelling.[8] Die tematiese elemente van ’n vertelling en van lewenstorie-konstrukte deur die vertellers (McAdams & McLean 2013:234) wat uit vertellings afgelei kan word, kom tot stand deur die gebruik van bogenoemde vertelelemente.[9]

Die hierbo uiteengesette teoretiese raamwerk, wat steun op gedagtes oor beliggaamde ruimte, die multisensoriese aard van waarneming, die ingeplaaste skryfaksie en aard van narratiewe van persoonlike ervaring, kan, soos gesê, insig bied in die wyse waarop skrywers en vertellers plek ervaar. Terwyl elke individu se waarneming en ervaring uniek is, vestig die Pionierstorieprojek die aandag op die belangrikheid van die bewustheid van ’n spektrum van sintuiglike ervarings en die verweefde en relasionele proses van plekskepping. In aansluiting hierby, vestig die Pionierstories aandag op die vooropgestelde aannames ten opsigte van persone met gestremdheid. In dié verband bied Matthew Cella (2013, 2017) se ekosomatiese benadering tot gestremdheid ’n uitgebreide en meer inklusiewe begrip van die verhouding tussen beliggaming en ingeplaastheid. Die ekosomatiese benadering plaas die onlosmaaklikheid van ekologiese konteks (plek) en somatiese ervaring (liggaam) op die voorgrond. As metafoor skep dit bewussyn dat ons liggame en die plekke waar ons leef, aaneengeskakeld met mekaar bestaan (Cella 2017:286). ’n Ekosomatiese benadering tot literêre narratiewe belig die momente in tekste waar die verskillende wyses waarop beliggaming en ingeplaastheid oorvleuel, onthul word (Cella 2017:286). In die Pionierstorieprojek skryf en vertel die skrywers en vertellers hulle stories vanuit die ervaringswêreld van swaksiende individue. Dit is egter belangrik om nie oorvereenvoudigde afleidings oor die betrokke teks en die ervarings van persone met siggestremdheid te maak nie. Alhoewel die Pionierstorieversameling die werk is van mense met siggestremdheid, word die tekste nie as *outo/somatografie* bespreek nie.[10] Dit is verder belangrik om, soos wat Hanna Macherson (2017:254) beklemtoon, in ag te neem dat, ofskoon blindheid sommige spesifieke beliggaamde effekte kan hê, daar geen suiwer blinde sensoriese ervaring of ’n enkelvoudige identiteit bestaan nie. Elke blinde persoon se ervaring is uniek en

8 Taal, as sosiale waarneming- en konstruksie-instrument (Smith 2012:209), kan heelwat laat blyk oor die betrokke skrywer of verteller se waarneming en taalgebruik, terwyl dit terselfdertyd ’n weerspieëling van die gedeelde betekenisskepping binne ’n taalgemeenskap is. Die bewustheid van die konteks van die Pionierstories en die skrywers beklemtoon die groot mate waarin woorde, vaste uitdrukkings en metafore wat sig beklemtoon, in taal voorkom (vergelyk Hill 2000:102).

9 Sodanige lewenstorie-konstrukte is onder andere agentskap, gemeenskap (“communion”), verlossing, kontaminasie, betekenisskepping, verkennende narratiewe verwerking, en samehangende positiewe besluit (McAdams & McLean 2013:234).

10 *Outo/somatografie* is ’n vorm van memoir wat die liggaamservaring van persone met gestremdheid, andersoortige liggame of ongewone somatiese ervarings uitbeeld (Couser 2009:164; Geurts 2015:162). Hellen Keller se outobiografiese vertelling, *The world I live in* (2008) kan as auto/somatografie verstaan word (Geurts 2015:160).

blinde beliggaming kom na vore deur die subjek se verweefdheid met ander voorwerpe, liggame en vertellings:

> We must therefore be wary of relying on blind and visually-impaired testimony about sensory experience as somehow authentic. For blind embodiment and speech emerges through interweavings with other objects, bodies and narratives. (Macherson 2017:254)

Aansluitend by die voorafgaande, moet gemeld word dat die skrywers en vertellers wat aan die projek deelgeneem het, oorwegend professionele mense is en waarvan die meeste ook leierskapsrolle in die blinde-gemeenskap vervul. Die skrywers sluit toeganklikheidspesialiste, onderwysers, tegnologiekundigheid-opleiers, skrywers, klankingenieurs, musikante en klavierstemmers in. Die skrywers is veelvuldig-geletterd (met braille- en digitalegeletterdheid-vaardighede) en is deel van sosiale netwerke, deur middel waarvan hulle byvoorbeeld uitgenooi is om aan die projek deel te neem. In vergelyking met die meerderheid siggestremde persone in Suid-Afrika, bevind die Pionierstorieskrywers hulle in ’n relatief bevoorregte posisie; hulle ervaring kan daarom ook nie veralgemeen word as verteenwoordigend van dié van die breër gemeenskap van siggestremdes nie.[11]

## “BY MY SKOOL ...”. ENKELE PIONIERSTORIES VAN NADER BESKOU

> *By my skool is elk van die geboue eintlik ’n baken – elkeen van hulle omgewe met soveel herinneringe dat dit onmoontlik is om net een plek uit te sonder.*
> (Quinten Pendle, “Musiek – die taal van herinnering”, Pionierstories)

Die deelnemers aan die Pionierstoriesprojek is uitgenooi om stories by te dra wat op die skoolterrein aangebring kan word. Dit kan daarom veronderstel word dat die spesifieke plek, die opvoedkundige konteks, en die gedagte dat die lesers ook *leerders* van die betrokke skool sou insluit, die inhoud van die stories asook die wyse waarop dit vertel word, sou beïnvloed.

In die versameling as geheel is daar egter ook sterk aanduidings dat vertellers minstens drie groepe toehoorders in gedagte gehad het. In die eerste plek vertel die skrywer/verteller die storie vir hom- of haarself as terugblik en bestekopname van die eie wording, dit wil sê as deel van die konstruksie van narratiewe identiteit (soos as kenmerkend van sulke vertellings aangedui deur Page 2014: 313, McAdams & McLean 2013:233 en Plummer 2001:395). ’n Tweede groep toehoorders is die gemeenskap wat die skoolruimte – en by implikasie ook die leefwêreld – van die blinde deel. Hierdie groep kan huidige leerders wees, asook oudleerders en personeel wat op een of ander wyse met die ervarings van die verteller sou kon vereenselwig. Die derde groep toehoorders is die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap, wat bewus gemaak word van die ervaring van ’n siggestremde persoon, maar bowenal van ’n algemeen gedeelde ervaringswêreld, ongeag die verskille in liggaamlike vermoëns en sintuiglike waarneming.

In terme van die aard van die projek as geheel, is die *ideale leser* egter die leser-deelnemer wat hom of haar fisies op die plek bevind waar die bepaalde storie aangebring is.

---

11 In ooreenstemming met die deelnemende benadering van die projek en ’n gesamentlike konstituering van kennis, is gedagtes in die artikel in gesprek met van die Pionierstorieskrywers ontwikkel. Blinde skrywers in die projek het weergawes van die artikel gelees en hulle terugvoer is met die afronding van die artikel in ag geneem. Die skrywers wie se verhale in die artikel bespreek word, het almal toestemming daartoe verleen.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a16

Lokatiewe literatuur – soos Page (2014:315) ten opsigte van mobiele voorbeelde van lewensgeskiedenis aantoon – is gebaseer op die dinamiese gebruik van fisiese ruimtes en plekke, tesame met die multisensoriese, kinestetiese interaksies van die gehoor, om die verteller se gerapporteerde persoonlike ervarings tot lewe te bring. Die publikasiekonteks van die Pionierstories behels daarom, benewens die beliggaamde en ingeplaaste ervaring van die skrywers, ook die beliggaamde en ingeplaaste ervaring van die leser-deelnemers. Dit is die gekombineerde ervaring om konkreet (liggaamlik) op die spesifieke plek te wees en om die verhaal of vertelling op die gebeureplek te lees (luister/ervaar), wat meebring dat die leser-deelnemer dié verskillende aspekte konkreet-materieel verbind en dat samehang bewerkstellig word. Hierdie konkrete ervaring kan ’n bykomende dimensie tot die konsep van narratiewe empatie verleen. *Narratiewe empatie* – wat deel vorm van die gevoel en perspektiefvorming wat, deur die lees, kyk, hoor of verbeelding van ’n ander se situasie meegebring word – speel ’n rol in die skep sowel as die ontvangs van sulke werk (Keen 2013). Volgens Horn (2013:286) spruit narratiewe empatie voort uit die verwikkelde samespel tussen die formele kenmerke van ’n werk, die persoonlike faktore van die leser (kyker/toehoorder) en die beskikbare inligting oor die skrywer (kunstenaar/verteller/skepper).[12] Die enkelvoudig outobiografiese identiteit wat (à la Genette) uit die meerderheid van die Pionierstories afgelei kan word, dra waarskynlik by tot die leser se begrip van die gesitueerdheid van die skrywer-verteller-karakter, en tot die verdigting van ’n empatiese ervaring.

In die geval van die Pionierstories is die praktiese aspekte en uitvoering van die projek deur die projekspan onderneem. Die beskikbaarstelling van die bydraes het onder andere behels dat die geselekteerde bydraes voorgelees en opgeneem is; hierdie verskillende weergawes van die bydraes (teksformaat en klankformaat) is op die digitale projekplatform gepubliseer. Die Pionierstories is versprei deur middel van installasie-itemplate – met die betrokke QR-kode en inligting in braille en grootdruk – wat op die geïdentifiseerde plekke aangebring is.[13] Deur die QR-kodes met mobiele toestelle (soos selfone) te skandeer, kry leser-deelnemers via ’n toeganklike digitale koppelvlak toegang tot die inhoud op die platform.[14] Die multimodale koppelvlak, wat toeganklik is vir blinde, swaksiende en siende gebruikers, bied aan die leser-deelnemer keuses oor die formaat van die inhoud. ’n Leser-deelnemer kan

12 Volgens Horn (2013:286) is narratiewe empatie die resultaat van ’n ingewikkelde wisselwerking tussen formele kwaliteite van die teks (insluitend, maar nie beperk nie tot plot, perspektief, narratiewe stem, karakterisering, konflik en resolusie); persoonlike faktore van die leser (insluitend, maar nie beperk nie tot die leser se ras, etnisiteit, geslag, seksualiteit, nasionale en streeksoorsprong, godsdienstige oortuigings, politieke oriëntasie, vorige ervaring en taalvaardighede); en outeursinligting wat die skepping en oordrag van die narratief kenmerk, veral waar dit die skrywer se identiteit en die beweerde “waarheid” of “fiksie” van die narratief betref.

13 Die installasie-itemplate wat op die onderskeie plekke aangebring is – en veral die gebruik van brailleskrif daarop – maak op ’n konkrete wyse die stories en gemeenskap sigbaar. Persoonlike waarneming toon dat siende persone die brailleskrif interessant vind en wonder hoe blinde persone dit gelees kry (empatiewekking); reaksie van blinde gebruikers dui daarop dat hulle die aanwysings in braille hoog op prys stel en dat dit op die erkenning van hulle leefwêreld en identiteit dui. Hierdie materiële aspek van die projek kan verder ondersoek word.

14 Die digitale koppelvlak kombineer die grafiese koppelvlak vir siende gebruikers, die verstelbare grafiese koppelvlak vir swaksiende gebruikers, en die ouditiewe koppelvlak vir blinde gebruikers (kyk Greyling, Verhoef en Tempelhoff 2020 vir ’n vollediger uiteensetting). Die digitale koppelvlak maak ook daarvoor voorsiening dat inligting oor die skrywer saam met die verhaal verskyn. Die skrywers en voorlesers se inligting verskyn ook op die webblad. Kyk: www.byderhand.net/pionier.html.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a16

byvoorbeeld kies om 'n betrokke teks op die skerm te lees, daarna te luister, of na die voorlesing te luister terwyl die teks op die skerm gevolg word.

Wat die bepaalde plek/ligging waar die Pionierstorie-itemplate aangebring is, betref, was die verwysing van die skrywer/verteller na 'n spesifieke plek (soos 'n stel trappe of die skoolsaal) rigtinggewend. In ander gevalle is die verhale aangebring waar dit die beste sou pas. Praktiese oorwegings het ook 'n rol gespeel; stories oor die koshuislewe is byvoorbeeld aan die buitekant van die koshuise aangebring sodat dit vir alle leerders toeganklik is.[15] Deur die keuse van 'n plek waar 'n spesifieke storie se itemplaat geplaas is, is assosiasiemoontlikhede geskep; sodoende was die projekspan aktief betrokke by plekskepping.[16]

Die Pionierstorieversameling bestaan uit 27 verhale, vertellings en gedigte deur 23 skrywers. Vier van die geskrewe verhale word vervolgens van nader beskou.

**"Geheuekratte" deur Christo de Klerk**

In Christo de Klerk se verhaal, "Geheuekratte", maak hy as 't ware self die kratte van sy geheue deur die broksgewyse vertelling oop (soortgelyk aan waaroor Jackson 2007:8 skryf).

In die eerste krat, "Aankoms", vertel hy hoe hy as sesjarige die eerste keer na die skool gekom het (sien die aanhaling benut as die artikel se inleiding). Terwyl 'n eerste skooldag gewoonlik 'n belangrike mylpaal vir enige persoon is, deel die leerders van dié spesifieke skool die gegewe dat hulle een of ander vorm van siggestremdheid het. In die meeste gevalle kom die leerders van elders as Worcester, wat ook meebring dat hulle in 'n skoolkoshuis moet tuisgaan. Hierdie verandering en aanpassing kan 'n traumatiese ervaring vir 'n jong kind wees. Dit is ironies dat die verteller eers die dag toe sy ouers hom in die sorg van die koshuismoeder gelaat het, besef het dat hy blind is. Wanneer hulle by die koshuis aankom, neem die matrone die verteller na die speelkamer, waar hy 'n ander seuntjie, Bennie, ontmoet om 'n lewenslange vriendskap tussen hulle twee te smee. Die verteller noem dat hy en Bennie so lekker gespeel het, dat dit selfs ietwat van 'n steurnis was toe sy ouers hom kom groet het.

In die Pionierstorieversameling is die belangrike rol van die portuurgroep opvallend. Oor die algemeen bly die ouers in hierdie verhale op die agtergrond, uitsluitlik net in vermeldings van kontak met en verlange na die ouers en familie. Die verteller verwys dan ook na die eensaamheid wat hy dié eerste nag in die koshuis beleef het:

> Dit was eers toe ek diep in die stil nag alleen wakker word dat ek eensaam en alleen gevoel het en na my ouers verlang het en jammer was dat ek hulle weg gewens het.

Wanneer die verteller die volgende dag ontdek dat hy en Bennie nie in dieselfde jaargroepklas is nie, sit hy pouse in 'n sandbak en huil, waar 'n dogtertjie wat in sy klas was, hom troos en

15 'n Kort video wat toeganklik is by die volgende webskakel, illustreer hoe die installasie werk: https://youtu.be/1PuoBm9UuIw

16 Dit is vanselfsprekend dat die wyse waarop, en gemak waarmee, die leser-deelnemers die itemplate van die onderskeie verhale op die terrein kan opspoor en toegang tot die inhoud kan verkry, grootliks bepaal word deur die mate van sig waaroor leser-deelnemers beskik asook hulle vertroudheid met die terrein en met die betrokke tegnologie. Met die bekendstellingsgeleentheid van die Byderhand-Pionierprojek is braillekaarte beskikbaar gestel waarop die liggings van die onderskeie Pionierstories aangedui is en wat blinde leser-deelnemers in staat gestel het om die itemplate op die terrein te lokaliseer en die verhale aldaar te beluister. Waarneming van die gebruik van die installasie deur leerders, dui daarop dat leerders dit geniet om die verhale op die terrein te ervaar, maar dit ook baie geniet in 'n klaslokaal waar hulle gemakliker kan sit en onverstoord kan luister.

belowe om sy maatjie te wees as hy sal ophou huil. Dié emosionele ervaringe van die eerste twee dae in die nuwe skool, en wat op verskeie wyses beliggaam word (vergelyk Price & Hooven 2018:4 oor die verband tussen die interioseptiewe sisteem en emosies soos vrees en woede), word saamgetrek in die "Tussenin"-gedeelte van die vertelling. In dié verhaalgreep dink die verteller na oor die gedeelde ervarings, en hoe hy en Bennie jare nadat hulle die skool verlaat het, "halfvergete dinge weer uit die geheuekratte gehaal en afgestof" het en verbaas was "oor hoe hulle in die nuwe lig soms heel anders lyk". In hierdie geval het die vertel en oorvertel van die rapporteerbare (Page 2014:313) – die eenmalige traumatiese ervaring van die eerste aankoms, sowel as die herhalende ervarings van eensaamheid en vrees – waarskynlik bygedra tot die emosionele en kognitiewe verwerking van die ervarings, asook tot die transformasie daarvan na 'n simbool wat dien om die herinneringe op te roep ('n verskynsel waaroor byvoorbeeld Richardson, luidens Low & Lawrence-Zúñinga 2003:5, skryf).

In die gedig, "nokturne", wat by die vertelling ingesluit is, is die metafore van lig en donker, stilte en klank, opvallend. Die emosionele ervaring van die eensame kind word versterk deur die metafoor van die "sarsies honde wat ver vrees blaf" en die stilte wat stukkend geskiet word.

**nokturne**
ek onthou hoe ek as kind gehuil-bid het
dat die voëls die oggendlig moes bring
dat ek bevry mag word uit die nag se swart grot
met sy eensame stilte wat eentonig in my ore sing
en sarsies honde wat ver vrees blaf
en die stilte stukkend skiet
my hoopvol pleitende
is jy wakker
kom ons gesels oor speelgoed
is jy ook bang
    maar ek het groot geword
en die nag het groot geword
is jy wakker
kom ons gesels
is jy ook bang ...

In die gedeelte "Tweede aankoms" vertel die skrywer hoe hy, ná byna 18 jaar verloop het, na die skool terugkeer as rekenaarspesialis en onderwyser, en hoe dit hom opgeval het dat "die administrasiegebou van binne nog presies dieselfde ruik soos destyds al die jare gelede" (sic). Wanneer hy later die skoolgebou deur die seunspoort instap, draf hy teen die trap op:

> My voete het outomaties ses keer twee-twee getree vir die twaalf trappe, om die gelykte en toe weer ses keer twee-twee en nog een vir die dertiende; outomaties, ek het nie eens daaraan gedink nie. (sic)

Dié twee sintuiglike gewaarwordinge het hom "amper laat voel dat ek nooit weg was nie". Soos die verteller die ervaring beskryf, kan dit verstaan word as 'n tydruimtelike roetine ("time-space routine" – O'Neil 2001:4), 'n stel van kinestetiese gedrag wat oor 'n lang tydperk op 'n plek plaasgevind het, en sodoende 'n gewoonte gevorm het. Deur die onbewuste kennis wat in die liggaam en in die geheue geregistreer is, word 'n diepgaande begrip van die identiteit van plekke ontwikkel en ons emosionele verbintenisse daarmee versterk (luidens O'Neil

2001:4, in aansluiting by David Seamon [1980] se konsepte van liggaam-subjek, tyd-ruimtelike roetines en plekballet).

In die coda van die verhaal, "En nou" getiteld, noem die verteller dat hy baie terugdink aan die skool en soms oor die skool droom. Hy spreek ook sy dank uit teenoor Bennie en die meisie in die sandbak, naamlik vir die "onvergeetlike bydraes" wat hulle gemaak het en wat soveel gehelp het om hom weerbaar te maak teen die aanslae van die lewe.

Die itemplaat met die QR-kode wat toegang gee tot dié verhaal, is teen 'n pilaar in die skool se voorportaal aangebring. Die voorleser is Bernard Odendaal. Die besoeker/leser sou dus na die verhaal kon luister en die verpakte herinneringe van Christo de Klerk saam met hom oopmaak – en moontlik iets verstaan van die ervaringe van kinders van hierdie skool wat ver van hulle ouers by nuwe omstandighede moet aanpas, en die belangrike rol wat ander speel in die wording en weerbaarmaking van 'n persoon. Die leser-deelnemer kan ook moontlik die ooreenkoms opmerk tussen die konkrete uitstalrakke in die voorportaal en die metaforiese geheuekratte waarna die verhaaltitel verwys. Die verwysing na die sintuiglike ervarings (soos die reuk van die administrasiegebou, die outomatiese klimhandeling, en die naggeluide) kan moontlik bydra tot die leser-deelnemer se sintuiglike gewaarwordinge en assosiasies.

Die geïnstalleerde verhaal is toeganklik by wyse van die volgende webskakel: http://www.byderhand.net/bhps/9.html.

**"Ek ontdek die land van die blindes" deur Madelene van der Berg**

"Ek ontdek die land van die blindes" is 'n humoristiese vertelling deur Madelene van der Berg wat as 15-jarige by die skool ingeskryf het. Komende van 'n klein plattelandse skool, was dit vir haar 'n geleentheid om, as swaksiende (beperkte sig), haar skoolloopbaan by 'n gespesialiseerde skool te voltooi.

Opvallend in die vertelling is die verwysing na sig en visuele waarneming, postuur en beweging, die kenmerkend sterk liggaamlike bewustheid van die adolessent, en die kontrastering van wêrelde en ervarings. Die vertelling is aanduidend van die liminale identiteit van die verteller wat haarself in twee verskillende sosiale kontekste bevind, naamlik soos vergestalt in die oorgang na die nuwe skoolomgewing (oorgangsliminaliteit), maar ook in die liminale ervaring van 'n swaksiende wat haar in die ruimte tussen siendheid en blindheid bevind (ewigdurende liminaliteit; kyk Ybema, Beech & Ellis 2011:21).

As deel van haar oorweging of sy na die nuwe skool wil gaan, druk die verteller die vraagstuk van haar liminale identiteit onder andere deur die gebruik van liggaamlik gebaseerde metafore en vergelykings uit: Sal sy, wat in haar kleindorpse skool soos 'n "seer vinger" uitstaan omdat sy altyd met haar "neus teenaan die swartbord moet sit", haar skoolloopbaan voltooi as "blinde mol in die land van die siendes", of sal sy "Eenoog in die land van die Blindes" gaan wees? Met die besluit geneem om wel na die spesialisasieskool te gaan, nader sy die nuwe skooljaar met gemengde gevoelens. Sy stel haarself voor hoe die nuwe plek en omstandighede daar sal uitsien, wat die leefwêreld van die blindes behels, en watter gevolge dit vir haar kan inhou:

> In my verbeelding het ek my 'n groot, ronde plek voorgestel. Daar kan tog nie hoeke wees waarin blindes kan vasloop nie! En, o toggie, wat gaan ek maak as almal aan my wil kom voel om uit te vind hoe ek lyk? Hiérdie gedagte het veral baie gepla, en ek was skielik oorbewus van my puisies en lang, maer bene.

By die skool aangekom, was die verteller "verstom om te ontdek dat die koshuis geen ronde kamers het nie", dat alles so normaal gelyk het en dat dit selfs mooier en meer huislik was as


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a16

die koshuis waaraan sy gewoond was. Wanneer ’n koshuismaat aanbied om vir haar die skoolterrein te gaan wys, vind sy ook die skoolterrein, met die weelde van grasperke aldaar, soveel anders as die klipperige skoolgrond van haar tuisdorp. In die stappery stamp sy kort-kort per ongeluk teen die nuwe vriendin, wat haar verskoning dat sy haar so aan alles verwonder en nie kyk waar sy loop nie, laggend aanvaar. Terug in haar kamer, wys sy haar foto-album vir die vriendin, wat belangstellend uitvra oor die mense op die foto’s. Die verteller hou baie van die meisie wat sy so pas leer ken het, maar dit pla haar wel dat dié se kamer teen ’n betonmuur vaskyk, terwyl haar eie kamer ’n lieflike uitsig het:

> “Pla dit jou nie dat jou kamer geen uitsig het nie?” verneem ek.
> “Nee, glad nie, want ek kan mos nie sien nie.”
> Ek gaap haar met ’n oop mond aan. “Onmoontlik! Jy het dan so pas na my foto’s gekyk en my die hele terrein gaan wys?”
> Wilna lag heerlik. “Ag, jy wou dan so graag jou foto’s vir iemand wys.
> Wel, toe kyk ek maar met my glasoë daarna.”
> Dit was my eerste kennismaking met blinde humor.

Hierdie “blinde humor” word ook elders in die vertelling gedemonstreer, soos waar die verteller vertel hoe sy van haar skugterheid ontslae geraak het en, soos die ander kinders, by wyse van allerlei vreemde bewegings gedans het. Die vertelling word afgesluit met die soort evaluering en coda wat aanduidend is van ’n samehangende, positiewe resolusie (soos deur McAdams & McNeal 2015:234 beskryf):

> So het dit dan gebeur dat ek met my flou “bulpies” deel van die land van die blindes geword het. Dit was die beste drie jaar van my skoolloopbaan en gou het ek geleer om te lag oor my eie blinde blapse.
> Ook het ek besef dat dit wel ongerieflik en duur is om sleg te sien, maar beslis nog nie die einde van die wêreld nie!

Die verhaal, wat vir klankopname voorgelees is deur Suna Verhoef, ’n onderwyser verbonde aan die skool, is voor die meisieskoshuis aangebring. Hier sou adolessente, wat hulle dalk soos die verteller in die liminale ruimte van ’n swaksiende tiener bevind, met haar ervaringe kan vereenselwig en moontlik ook, vanweë die humoristiese aanbieding, ’n katarsis daaraangaande kon beleef. Vir die buitestander kan die vertelling die eie vooropgestelde idees oor die leefwêreld van die blinde, openbaar, en demonstreer hoe humor as hanteringsmeganisme en aanbiedingswyse balans van verskeie aard kan bewerkstellig. Die leser-deelnemer sou ook terselfdertyd oor sy of haar eie waarneming en ervaring van die omringende skoolterrein en -geboue kon nadink.

Die geïnstalleerde verhaal is by wyse van die volgende webskakel toeganklik: http://www.byderhand.net/bhps/20.html.

**“Musiek – die taal van herinneringe” deur Quinten Pendle**

> By my skool is elk van die geboue eintlik ’n baken – elkeen van hulle omgewe met (sic) soveel herinneringe dat dit onmoontlik is om net een plek uit te sonder. Maar in die Biesenbachsaal het ek van die mooiste oomblikke in my lewe beleef.

Só begin Quinten Pendle die vertelling waarin hy sy herinneringe aan musiekervaringe by dié skoolsaal met mekaar verweef. In die verhaaloriëntering word die ingeplaastheid en die plekgehegtheid van die verteller beklemtoon deur die gebruik van die besitlike voornaamwoord

(my) en met die aanduiding dat die vertelling oor positiewe herinneringe ("mooiste oomblikke") handel.

Narratologies kenmerkend in die vertelling is die verwysing na die sintuiglike ervaring (veral hoor- en tas/aanraking-ervarings), en na die atmosfeer van die plek of situasie, die sosiale verhoudings en die gepaardgaande gevoelsmatige ervarings. Die eerste vertelde insident handel oor die verteller se ervaring as graad 5-leerder tydens die inoefening van die jaarlikse Kersspel. Die spookstories wat die kinders daartydens vir mekaar vertel, illustreer hoe die betrokke konteks en die sintuiglike ervaring die verbeelding kan prikkel, asook hoe plek en plekervarings deur die belewers daarvan in samehang met ander belewers geskep word. "Stories van persoonlike ervaring is stories van sosiale ervaring" – (Johnstone 1990:129). Die resultaat van die gekombineerde ervaring is 'n liggaamlike ervaring (vergelyk: "jou armhare wat so half en half orent staan"), sowel as 'n kognitiewe bewuswording van vervreemding (vergelyk: "'n totaal ander Biesenbachsaal as Maandae met die saalbyeenkoms"). Pendle vertel:

> Onder leiding van 'n baie streng juffrou Diedericks moes ons dikwels tot laat in die saal oefen. As 'n mens laataand in die saal is, ervaar jy die reuke wat so eie aan die saal is, intens, en jy hoor hoe die stilte eintlik in jou ore raas. Dan kon jou verbeelding maklik met jou op loop sit.
>
> En as een van die houtpanele of stoele, of enigiets anders in die saal skielik begin kraak het, soos wat party houtgoeters mos maar saans die manier het om te doen, het dit natuurlik die regte atmosfeer verskaf as jy en jou maats mekaar met jul spookstories op hol gejaag het. Jou armhare het so half en half orent gestaan, en dit was meteens 'n totaal ander Biesenbachsaal as Maandae met die saalbyeenkoms.

Waar die Kersspel tradisioneel afgesluit is met "Stille Nag", is dié lied in die jaar vóór die verteller hoërskool toe moes gaan, vervang met "Met middernag". Dié lied was vir die verteller, toe hy dit die eerste keer gehoor het, "die mooiste lied op aarde", en die geleentheid om dit as lid van die senior koor by die Kersspeluitvoering te sing, was vir hom 'n meevoerende ervaring wat verwoord word met metafore soos "indrink", "omring", "binnedring" en "absorbeer".

> Ek onthou goed hoedat ek meteens ophou sing het, my asem opgehou het en die oomblik, die hier en die nou, net ingedrink het, hoedat die musiek my omring het, hoe dit my binnegedring het, my hele wese geabsorbeer het.

Die ervaring word beskryf as 'n allesomvattende gewaarwording waartydens die grense tussen liggaam en plek, tussen die menslike en goddelike, opgehef word, en wat ná die verloop van talle jare steeds in die herinneringe uitstaan. Hierdie ervaring sou getipeer kon word as een van immanente transendensie, waartydens die absolute (God) en mense direk verbind is en "waar die absolute in en deur wêreldse realiteit ervaar word" (Stoker 2012, aangehaal deur Verhoef & Van der Merwe 2015). Die verteller noem verder dat hy bevoorreg was om tydens hulle matriekgroep se laaste saalbyeenkoms, die skool op orrel te kon begelei – 'n geleentheid waarvan hy "jare lank gedroom het" en baie hard voor geoefen het.

Die laaste vertelde insident handel oor 'n saalbyeenkoms wat die verteller as oudleerder bygewoon het en wat, soos gebruiklik, met die sing van die skoollied afgesluit is:

> Trotser as ooit, het ek daardie oggend uit volle bors saamgesing, maar so halfpad deur die eerste vers het die oomblik my oorweldig en het my gemoed volgeskiet. Carin (wat toe nog nie my vrou was nie) het dit seker maar gesien en my hand net 'n sagte drukkie gegee.

Die vertelling word afgesluit met die aanhaling van ’n strofe uit die skoollied.

Benewens die vertolking van persoonlike en beliggaamde ervarings, wat ook met die wordingsfases van die kind en adolessent verband hou, en die verwysings na die skoolgemeenskap (maats, vriende, onderwysers), is dié vertelling ’n demonstrasie van die tradisies, simbole, rituele, waardes van die skool en die betrokke gemeenskap – byvoorbeeld die saalbyeenkomste, die Kersspeluitvoering, die sing van tradisionele liedere en die deelname aan sosiale geleenthede soos skooldanse (skoolsokkies) – oftewel dit wat deur Hofstede (1997:7-9) as kulturele lae bestempel is. Die waarderende wyse waarop die verteller oor sy skool en skoolervarings skryf, dui op ’n gekoesterde gevoel van geborgenheid en gemeenskaplikheid (vergelyk McAdams & McLean 2011:234 hieroor) en is aanduidend van plekgehegtheid.

Dié vertelling, waarvan die itemplaat in die portaal van die skoolouditorium aangebring is, is vir klankopname voorgelees deur Pieter Botes (’n onderwyser verbonde aan dieselfde skool) en word aan die begin en die einde van die opname gekombineer met ’n orreluitvoering van die skoollied (gespeel en verskaf deur Pendle). Hierdie musiek word, soos eerstehands deur die projekleiers waargeneem, oombliklik deur oudleerders herken en dra vir diegene by tot ’n multimodale en ingeplaaste leeservaring.

Die geïnstalleerde verhaal is toeganklik by http://www.byderhand.net/bhps/15.html.

### “Grenskunde” deur Jacques Coetzee

Anders as die geborgenheid in die skoolomgewing wat uit Pendle se vertelling blyk, bied Jacques Coetzee se twee bydraes – naamlik ’n memoir, “Grenskunde”, en ’n gedig, “Die trappe” – ’n blik op die innerlike van iemand wat homself as randfiguur beleef, en vasgevang en ontuis in sy eie liggaam, sy omstandighede en in die skoolomgewing voel.

In die vertelling kyk die verteller, met ’n ironiese blik en vanuit die perspektief van ’n volwassene, terug op sy jonger self. Die vertelling word dan ook vanuit dié agternaperspektief, en met besondere vaardigheid deur die skrywer, gekonstrueer. Soos in die geval van Christo de Klerk se hierbo bespreekte verhaal, is daar in Coetzee se bydraes sterk aanduidings van ’n bewustheid van die skrywer se eie konstruksie van herinneringe, soos ook deur die skryfhandeling (in ooreenstemming met Plummer 2001:398 se konsep van refleksiewe en rekursiewe lewensverhale).

In die raamvertelling, vanuit eerstepersoonsperspektief aangebied, word ’n toehoorder of aangesprokene (“jy”) voorgestel; dusdanige vertelstrategie dien ook as ’n meganisme waarmee die verteller self as toehoorder gekonstrueer word, en sodoende ’n ironiese afstandname van die jonger *ek* bewerkstellig word. Die vervlegting van motiewe aangaande die letterkunde, die ervaring van blindheid en die ontwikkeling van ’n eie skrywerstem, is sprekend in hierdie verband.

> Deesdae gebeur dit dikwels dat ek met slimmer, jonger weergawes van myself begin gesels. Partykeer praat ek hulle aan; ander kere probeer ek hulle moed inpraat. Partykeer vra ek hulle om my te herinner aan wat ek al vergeet het.
>
> Vandag is dit so ’n vyftienjarige knaap wat by my spook. As jy hom so uitluister, weet jy nie of jy wil lag of huil nie. Hy is indrukwekkend boekgeleerd: hy’t aanhalings vir elke ding, elke situasie. Hy is ook onbeholpe, en hopeloos ontuis in sy eie lyf. Hy is te rebels om te leer rook saam met die ander seuns, en te skaam om te dans met die meisies.

Die vyftienjarige bevind hom in verskeie liminale ruimtes: fisies in die skoolbiblioteek, of bo-aan ’n stel trappe naby ’n stoorkamer, sosiaal afgesluit van sy portuurgroep; en figuurlik

in die liminale ruimte van die lees van letterkunde, waardeur hy homself uit die "klein skoolwêreld" tot in die "wye wêreld daar buite" kan verplaas.

> Maar as jy hom soek, is hy minstens nie moeilik om op te spoor nie. Hy sit maar altyd iewers en lees – in die skoolbiblioteek, met die klank van storiebande rondom hom; bo-op die vyftien trappe naby 'n ou stoorkamer op die skoolterrein. Hy kan nie onthou wat hulle daarin stoor nie, en hy gee ook nie om nie. Hy weet dat daar geen gereedskap daarin is wat hom kan help nie. Hy weet hy moet homself uit hierdie klein skoolwêreld uitlees, tot in die wye wêreld daar buite.

In die stories waarin hy reeds van kleintyd af verslaaf geraak het, is die helde almal "op soek na 'n land wat hulle nog nooit gesien het nie"; 'n verwysing wat 'n letterlike én figuurlike betekenisimplikasie kry. Ook sy onvermoë om vriende te maak en sy soeke na en smagting na 'n uitkoms, word in ruimtelike metafore uitgedruk. Sy gesprekke met die ander skoolkinders loop leeg, omdat hy "te besig is om te luister vir iets wat oor die ver horison na hom toe sal aankom"; en hy leer in ander mense se stemme sing: in dié van "sangers wat ver in die wêreld woon".

Wanneer hy self begin gedigte skryf, maak hy seker dat daar kleure in is, want "hy skryf altemit vir siende mense". Die verwysing na sy digterskap en die gebruik van kleurmetafore in die poging om vir siende mense te skryf, is ironies getint. Wanneer hy dan soms vir siende mense sy gedigte voorlees, is hulle meer geïnteresseerd in hoe dit voel om blind te wees as in sy skryfwerk. Hy wil egter oor enigiets behalwe blindheid gesels en dink "hy moes eintlik iemand anders gewees het. Hy gaan homself nie sommer hier kan uitlees of uitskryf nie".

In die laaste sin van bostaande aanhaling kan die "hier" geïnterpreteer word as die klein skoolwêreld waarin hy hom bevind het, maar ook die *plek* van blind-wees.

Die seun kom egter agter dat daar mense is wat hom kan help: sy ouers, wat vir hom brailleboeke vol gedigte koop; sy susters, wat boeke, idees en musiek van die universiteit af huis toe bring; en onderwysers, "wat stories bring oor die wêreld buite die skoolmure" – die mense wat as "grenskundiges" die "paaie ken na ander wêrelde toe." Terwyl hy droom van, en uitreik na, die groter wêreld anderkant die grense van die skool, steek hy met verdrag ook die grense oor na die kleiner skoolruimte, na sy portuurmaats toe, en na homself. Wanneer hy 'n meisie ontmoet, begin hy belangstel in dinge wat op die skoolgrond gebeur, leer hy die name van plekke ken, en vind hy uit hoe om van sy klaskamer af na hare te stap (wat herinner aan wat Low & Lawrence-Zúňinga 2003:2 skryf oor die verband tussen die ervaring van ruimte, gemoedstoestand en sosiale verhoudings). Met verdrag maak hy vriende en wanneer hy sy klasmaats hoor sing en hoor "die pyn wat in hulle is, kom nie van buite af nie, maar van binne; van baie naby af", begin hy dit oorweeg om eerder in sy eie stem as in dié van 'n ander te leer sing.

Nadat hy matriek geskryf het, kyk die verteller nie terug nie, want "[h]y het dit reggekry: hy't homself in die wye wêreld ingelees." Tussen al die aktiwiteite wat hy dan onderneem, skryf hy al hoe minder, maar hy gee nie om nie, want hy bevind hom in die "wye wêreld" en "[h]y is oor die grens".

In die verloop van die jare begin hy egter wel soms terugkyk en kry hy meer begrip vir die mense wat sy lewenspad gekruis het. Hy skryf ook weer gedigte: nie meer noodwendig vir siende mense nie, maar ook om homself en wat dit beteken om blind te wees beter te kan leer verstaan. Opvallend is die besef van die waarde daarvan om by die eie ervaring te begin, om nader aan die "eie lyf te luister":


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a16

> Deesdae skryf ek weer gedigte, en ek probeer maar altyd begin by my eie ervaring. Daar is nie meer kleure in nie, maar daar is wel baie stemme, en daar is baie liefde en dood en alles tussenin. Ek skrik nie meer as die mense vra hoe dit nou voel om ’n blinde man of ’n blinde digter te wees nie. Ek sê maar ek wil ook weet. Dis dié dat ek so aanhou skryf. Dis dié dat ek so oefen om nader aan my eie lyf te luister.

Die QR-kodes wat toegang gee tot Coetzee se kortverhaal én die vermelde gedig van hom, is aan die bokant van die stel trappe waar die skrywer as skoolseun gesit het, aangebring. Die leser-deelnemer kan deur die fisiese geplaastheid eerstehands iets van die liminale ervaring van die jong skoolseun meemaak.

Die geïnstalleerde vertelling van Coetzee, voorgelees deur Phil van Schalkwyk, is toeganklik by http://www.byderhand.net/bhps/6.html.

## SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

*“Dit is asof hulle energie, hulle stemme ook nou hier is.”*

(Suna Verhoef)

In die artikel is ondersoek ingestel na die Pionierstories as lokatiewe narratiewe en na die moontlike insig wat die betrokke projek sou kon bied in die plekervaring van die skrywers; ook na hoe die stories sou kon bydra tot lesers daarvan se verdiepte ervaring van die plek, en tot die sigbaarmaking van stories, liggame en gemeenskappe.

Om die Pionierstories binne sodanige konteks te verstaan, is die konsepte van beliggaamde ruimte en ingeplaastheid as vertrekpunt geneem en is dit bespreek met inagneming van die multi-sensoriese aard van waarneming, die ingeplaaste skryfaksie, die narratiewe aard van die vertolkte persoonlike ervarings, die ekosomatiese benadering tot gestremdheid en die beliggaamdheid en ingeplaastheid van die leser-deelnemer. Vier van die verhale uit die versameling is onder die loep geneem vir die bespreking.

Die teksanalises bevestig Cella (2013, met verwysing na Entrikin 1991) se siening dat ’n storieverteller déúr vertelling die verskillende dimensies van ’n plek tot ’n verteenwoordigende geheel saamvoeg, en dat literêre vertelling derhalwe ’n manier bied om die ingewikkelde proses van inplasing te organiseer en te bemiddel, en insig kan bied in die menslike poging van plekskepping sowel as hoe dit deur die oorvleuelende sosiale, historiese, en ekologiese kontekste waarin dit onderneem word, beïnvloed word.

Met betrekking tot die gedagte aan stemgewing vir gemarginaliseerde gemeenskappe en die sigbaarmaking van liggame, stories, plekke en gemeenskappe, is dit duidelik dat die skrywers en vertellers in die Pionierstorieversameling agente geword het en, op verskeie wyses, deur hulleself, die plek, die mense, die gemeenskap en identiteite uitbeeld en “sigbaar” maak. Dit word in die tekste onder andere bewerkstellig deur die aanwending van ’n gekose vertelstrategie, verhaalstruktuur, inhoud, weergawe van gewaarwordinge en gebeure, en styl- en taalgebruik. Die geïntegreerde uitbeelding van konkrete en abstrakte aspekte van plek en ruimte in die Pionierstories, demonstreer die verweefdheid van die dimensies van plek en die sentrale rol wat die ingeplaaste skrywer in die totstandkoming hiervan speel. Wat veral in die vertellings opval, is die kernrol wat die gemeenskap (vriende, medeleerders, onderwysers, koorleiers, afrigters, koshuispersoneel, ensovoorts) in die vertellers se lewens speel/gespeel het, en die kollektiewe en relasionele proses van plekverbintenis (soos aangevoer deur Degnen 2016:1646). Aansluitend hierby, is daar die uitgesproke of geïmpliseerde behoefte van die vertellers om volwaardig aanvaar te word as behorende tot die groter gemeenskap van medemense. Verder is dit duidelik dat die waarde van kultuuraktiwiteite (soos deelname aan

of die geniet van musiekuitvoerings, teateropvoerings en letterkunde) ter verruiming van die siggestremde se leefwêreld en ter bekendstelling aan alternatiewe perspektiewe, nie onderskat kan word nie.

Lesers kan, soos waarnemings van die lees en/of beluistering van die Pionierstories getuig, die ervarings van die verteller meemaak en iets van die uitgebeelde wêreld leer ken. Dit is egter veral deur die ervaring van die lokatiewe narratiewe op die betrokke plek dat die ingeplaaste leser-deelnemer bewus kan raak van die vertellers se beliggaamde en ingeplaaste ervarings, en sodoende, vanuit die verteller se perspektief, die plekke, mense en gemeenskap vir sigself kan voorstel. Farman (2015:110) se waarneming oor die gesitueerdheid van die leser-deelnemer deur mobiele media en mobiele storieprojekte, is op ’n besondere wyse op die Pionierstoriesprojek van toepassing:

> Mobile media and mobile story projects orient our bodies in space. They engage us in a sensory experience of being situated among the stories of a space, among the communities that tell those stories, and as being included or excluded from these narratives. Upon being oriented in space in these ways, we simultaneously respond by orienting ourselves toward these spaces and narratives. Embodiment in these mobile stories is thus produced also through a ‘twofold orientation’: *through the practices of inscription and experiences of being inscribed.* (Oorspronklike kursivering.)

In die Pionierstorieprojek behels die tweeledige oriëntasie waarna Farman verwys, veral ook die leser-deelnemer se bewuswording van die beliggaming en waarneming van (ander) persone met siggestremdhede. Hierdie gewaarwording kan vir die leser-deelnemer lei tot ’n groter bewustheid en die intensivering (Middelton 2010:577) van die eie sintuiglike ervaring en liggaamlike ingeplaastheid. Om verskeie van die Pionierstories, wat verspreid op die skoolterrein geïnstalleer is, te kan ervaar, impliseer verder dat die leser-deelnemer moet rondstap en tyd op die terrein spandeer. Hierdie ervaring bied aan leser-deelnemers die geleentheid om die skool- en koshuisomgewing en die betrokke gemeenskap van nader te leer ken. Voorts onthul die versameling verhale uiteenlopende beskouings en ervarings deur die skrywers/vertellers uit verskillende tydperke, wat bydra tot die gelaagdheid van plekervaring. Die veeltal stories (en stories-binne-stories), en die leser-deelnemer se beliggaamde en ingeplaaste ervaring daarrondom, kan ’n verrykte ervaring van plek tot gevolg hê en bied materiaal ter prikkeling van die leser-deelnemer se eie stories oor die plek – en dra sodoende verder by tot die sin van plek.

In die geheel beskou, kan die projek op verskeie wyses empatie en begrip bevorder.

Die reaksie van lesers-deelnemers wat waargeneem en die terugvoer wat ontvang is, dui die uitwerking van die Pionierstories as lokatiewe narratiefaanbod aan. Die verhale inspireer onder andere huidige én oudleerders om herinneringe op te diep, opnuut die omgewing waar te neem en hulle eie stories daarrondom te vertel. Buitestaanders dui aan dat hulle deur die verhale ’n eerstehandse blik kry op die ervaringe van mense met siggestremdheid. Vir ’n onderwyser van die skool het die stories die gevoel gelaat dat “ander mense” hier was en die plek lewendiger gemaak het: “Dit is asof hulle energie, hulle stemme ook nou hier is.”

Dít laat blyk dat lokatiewe literatuurprojekte ’n bydrae kan lewer om, deur middel van eietydse mobiele tegnologieë, die wêreld van skrywers sowel as leser-deelnemers te verruim en te verryk.

## CODA

Om die Pionierstories vir die breër publiek toeganklik te maak, is die versameling ook in ’n plaaslike koffiewinkel beskikbaar gestel. Die betrokke koffiewinkel is deel van die sogenaamde

"Innovation for the Blind",[17] en ontvang blinde klante, die breër gemeenskap, asook besoekersgroepe van elders. In hierdie geval is die itemplate op draagbare houtbordjies gemonteer sodat kliënte gerieflik toegang tot die inhoud kan kry. Deur die versameling hier en op dié wyse beskikbaar te stel, word die projek, die stories en die skoolgemeenskap nog meer sigbaar. Alhoewel die geografiese afstand vanaf die skoolterrein die konkreet ingeplaaste ervaring van die leser-deelnemer beïnvloed, kan die versameling steeds, binne die konteks van die bepaalde koffiewinkel as lokatiewe narratiewe beskou word, onder andere omdat dit in dieselfde dorpsomgewing as die skool geleë is en die "Innovation for the Blind" as 'n diensorganisasie vir die plaaslike en breër gemeenskap van siggestremdes optree.

'n Verdere ontwikkeling in die Pionierstoriesprojek is die beskikbaarstelling van 'n braillepublikasie (2020). Die publikasie bevat, benewens die QR-kodes van die Pionierstories, 'n voorwoord waarin die projek gekontekstualiseer word. Sodoende word die ervaring van die skool vir mense op enige plek toeganklik gemaak (vergelyk Coetzee 2020). Hierdie verspreidingsmetode is egter tot nadeel van die resepsie van die plekspesifieke karakter van die lokatiewe literatuur. Die ideaal sou wees om 'n digitale platform en toepassing te ontwikkel wat gemeenskappe in staat stel om hulle eie lokatiewe literatuurprojekte, ín die plekke wat vir húlle saakmaak, te onderneem en te publiseer.

## BIBLIOGRAFIE


Barber, J.F. 2016. Digital storytelling: New opportunities for humanities scholarship and pedagogy. *Cogent Arts & Humanities*, 3:1181037.

BHA-DP-20170921. Projekbeskrywing en etiekaansoek.

Buell, L. 2005. *The future of environmental criticism: Environmental crisis and literary imagination*. Malden, MA: Blackwell Publishing.

Casey, E.S. 1996. How to get from space to place in a fairly short stretch of time: Phenomenological Prolegomena. In Feld & Basso (eds). *Senses of place*. Santa Fe, New Mexico: School of American Research Press.

Cella, M.J.C. 2013. The ecosomatic paradigm in literature: Merging disability studies and ecocriticism. *ISLE: Interdisciplinary Studies in Literature and- Environment,* 20(3):574-596.

Cella, M.J.C. 2017. Retrofitting rurality: Embodiment and emplacement in disability narratives. *Journal of Rural Studies*, 51:284-294.

Coetzee, J. 2020. Persoonlike e-pos korrespondensie, 3 April.

Couser, G.T. 2009. *Signifying bodies: Disability in contemporary life writing.* Michigan, University of Michigan Press.

Degnen, C. 2016. Socialising place attachment: place, social memory and embodied affordances. *Ageing & Society*, 36:1645-1667.

De Souza e Silva, A. & Frith, J. 2014. Re-narrating the city through the presentation of location. In Farman, J. (ed.). *The mobile story: Narrative practices with locative technology*. New York & London: Routledge, pp. 34-49.

Entrikin, J. N. 1991. *The Betweenness of place: Towards a geography of modernity.* Baltimore: Johns Hopkins UP.

Farman, J. 2015. Stories, spaces, and bodies: The production of embodied space through mobile media storytelling, *Communication Research and Practice*, 1:2.

Geurts, K.L. 2015. Senses. In Adams, Reiss & Serlin (eds). *Keywords for disability studies*. New York & London: New York University Press, pp. 161-163.

Greyling, F., Verhoef, S., & Tempelhoff, G. 2020. Die Byderhand-Pionierprojek: Die deelnemende dinamika in die skep en toeganklikmaking van lokatiewe literatuur vir siggestremdes in Worcester. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 60(4-2):1336-1362.


[17] Voorheen bekend as "Instituut vir die Blindes" en "Kaleidoskoop".


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a16

Greyling, F. 2018. “Ek loop hier in die labirint”: Digitale kinderverse in ’n botaniese tuin: performatiwiteit en relasionaliteit. *Stilet* 30(1-2):207-227.

Hersch, M.A. & Johnson, M.A. 2008. *Assistive technology for vision-impaired and blind people*. London: Springer-Verlag.

Hill, M.H. 1985 – 2000 ed. Bound to the environment: Towards a phenomenology of sightlessness. In Seamon & Mugerauer (eds). *Dwelling, place and environment: Towards a phenomenology of person and world.* Malabar, Florida: Krieger Publishing Company, pp. 99-111.

Hofstede, G. 1997. *Cultures and Organizations: Software of the mind.* New York: McGraw-Hill.

Horn, P.E, 2013. Narrative empathy for “the other” in American literature, 1845–1945. Dissertation Doctor of Philosophy, Chapel Hill: University of North Carolina.

Howes, D. 2006. Charting the sensorial revolution. *Senses & Society*, 1(1):113-128.

Jackson, B. 2007. *The story is true: The art and meaning of telling stories*. Philadelphia: Temple University Press.

Johnstone, B. 1990. *Stories, community, and place: Narratives from Middle America.* Bloomington & Indianapolis: Indiana University Press.

Keen, S. 2013. Narrative empathy. In Hühn, Pier, Schmid & Schönert (eds). *The living handbook of narratology.* Hamburg: Hamburg University. http://www.lhn.uni-hamburg.de/article/narrative-empathy [15 February 2020]

Labov, W. 1997. Some further steps in narrative analysis. *Journal of Narrative & Life History*, 7(1-4):395-415.

Løvlie, A.S. 2009. Poetic augmented reality: Place-bound literature in locative media. In Lugnayr, Franssila, Sotamaa, Näränen & Vanhala (eds). 2009. Proceedings of the 13th International MindTrek conference: Everyday life in the ubiquitous era. New York, NY: ACM Digital Library.

Low, S.M. & Lawrence-Zúňinga, D. 2003. Locating culture. In Low & Lawrence-Zúňinga (eds). *The anthropology of space and place: Locating culture*. Malden: Blackwell Publishing, pp. 1-47.

Macpherson, H. 2017. Walkers with visual-impairments in the British countryside: Picturesque legacies, collective enjoyments and well-being benefits. *Journal of Rural Studies,* 51:251-258

McAdams, D.P. & McLean, K.C. 2013. Narrative identity. *Current Directions in Psychological Science*, 2013(22):233-238.

Middleton, J. 2010. Sense and the city: exploring the embodied geographies of urban walking, *Social and Cultural Geography*, 11(6):575-596.

O’Neill, M.E. 2001. Corporeal experience: A haptic way of knowing. *Journal of Architectural Education*, 55(1):3-12.

Page, R. 2014. Life history. In Ryan, Emerson & Robertson (eds). *The Johns Hobkins guide to digital media*. Baltimore: Johns Hobkins University Press, pp. 313-316.

Plummer, K. 2001. The call of life stories in ethnographic research. In Atkinson, Coffey, Delamont, Lofland & Lofland (eds). *Handbook of ethnography*. London: Sage, pp. 395-406.

Price, C.J. & Hooven, C. 2018. Interoceptive awareness skills for emotion regulation: Theory and approach of mindful awareness in body-oriented therapy (MABT). *Frontiers in Psychol*ogy 9:798.

Relph, E. 2000. Geographical experiences and being-in-the world: The phenomenological origins of geography. In Seamon & Mugerauer (eds). *Dwelling, place and environment: Towards a phenomenology of person and world.* Malabar, Florida: Krieger Publishing Company, pp. 1-31.

Rettberg, S. 2019. *Electronic literature.* Cambridge: Polity Press.

Richardson, M. 2003. Being-in-the-market versus being-in-the-plaza: Material culture and the construction of social reality in Spanish America. In Low & Lawrence-Zúňinga (eds). *The anthropology of space and place: locating culture*. Malden: Blackwell Publishing, pp. 74-91.

Ruston, S. 2014. Location-based narrative. In Ryan, Emerson & Robertson (eds). *The Johns Hobkins guide to digital media*. Baltimore: Johns Hobkins University Press, pp. 318-321.

Scannell, L. & Gifford, R. 2010. Defining place attachment: A tripartite organizing framework. *Journal of Environmental Psychology,* 30(2010):1-10.

Schwalm, H. 2014. Autobiography. In Hühn, Pier, Schmid & Schönert (eds). *The living handbook of narratology*. Hamburg: Hamburg University. http://www.lhn.uni-hamburg.de/article/autobiography [12 March 2020].


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a16

Seamon, D. 2015. Body-subject, time-space routines, and place-ballets. In Buttimer, A. & Seamon, D. *The human experience of space and place.* London: Taylor & Francis, pp. 148-165.

Smith, S. 2012. Plek en ingeplaaste skryf. 'n Teoretiese ondersoek na ingeplaaste skryf as ekopoëtiese skryfpraktyk. *LitNet Akademies*, 9(3):887-928.

Van Luyn, A. 2017. Sharing place-based stories using digital tools: Locative literature and regional writing communities. In Gair & Van Luyn (eds). *Sharing qualitive research: Showing lived experiences and community narratives*. London & New York: Routledge, pp. 235-252.

Verhoef, A.H. & Van der Merwe, W. 2015. Paul Ricoeur se begrip van transendensie met betrekking tot tyd en narratief. *LitNet Akademies*,12(2).

Viljoen, H., Lewis, M. & Van der Merwe, C. 2004. Introduction. In Viljoen & Van der Merwe (eds). *Storyscapes: South African perspectives on literature, space and identity*. New York: Peter Lang, pp. 1-22.

Wilkerson, A. 2015. Embodiment. In Adams, Reiss & Serlin (eds). *Keywords for disability studies*. New York & London: New York University Press, pp. 67-70.

Ybema, S., Beech, N. & Ellis, N. 2011. Transitional and perpetual liminality: An identity practice perspective. *Anthropology Southern Africa,* 34(1-2):21-29.


doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a16

# Erratum

In die Septembernommer van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 60(3):764-782 is per abuis 'n foutiewe foto van **MA Tsegaye** by die outeursbesonderhede van die volgende artikel geplaas:

**MA Tsegaye** en **RJ Botha**
Die bemagtiging van sekondêreskool-hoofde in Ethiopië om hulle in staat te stel om hul onderrigleierskapsrolle doeltreffend te verrig / *Empowering secondary-school principals in Ethipia to perform their instructional leadership roles more effectively*

Die korrekte foto's vir die bogenoemde outeurs is die volgende:


MA Tsegaye


Nico Botha

# Keurders: Desember 2019 – November 2020

Mnr Reece Alberts, Sentrum vir Omgewingsbestuur, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Dr Alana Bailey, Taalregte en Kultuurgeskiedenis, Afriforum, Pretoria
Prof G N Barrie, Regsfakulteit, Universiteit van Johannesburg
Prof PF (Derick) Blaauw, Skool vir Ekonomiese Studies, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Prof WS (Willem) Boshoff, Ou Testament, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
Dr Martjie Bosman, Afrikaanse letterkunde en uitgewer, onafhanklik
Prof Ilse Botha, Departement Rekeningkunde, Universiteit van Johannesburg
Prof PJ (Phil) Botha, Semitiese Tale, Universiteit van Pretoria
Prof RJ (Nico) Botha, Onderwysleierskap en -bestuur, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
Prof Adri Breed, Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Dr NA (Nico) Broer, Driestar Christian University, Gouda, Nederland
Dr CW (Chris) Broodryk, Skool van die Kunste: Drama, Uiversiteit van Pretoria
Prof WAM (Wannie) Carstens, Afrikaanse Taalkunde, Taalgeskiedenis en Taalpolitiek, Noordwes-Uiversiteit, Potchefstroom
Prof GS (Fanie) Cloete, Openbare Bestuur en Regeerkunde, Universiteit Stellenbosch
Prof Johann Cook, Bybelse Hebreeus, Departement Antieke Studie, Universiteit Stellenbosch
Dr JA (Jesse) de Beer, Departement Ekonomie, Universiteit van Namibië, Windhoek, Namibië
Prof J (Johan) de Villiers, Geskiedenis, emeritus.
Dr Karen de Wet, Afrikaans, Departement Tale, Kultuurstudie en Toegepaste Linguistiek, Universiteit van Johannesburg
Prof WA (Wim) Dreyer, Historiese en Sistematiese Teologie, Universiteit van Pretoria
Dr André du Plessis, Onderwysbestuur en Beleidstudies, Universiteit van Pretoria
Prof Heilna du Plooy, Navorsingseenheid Tale en Literatuur, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Prof Amanda du Preez, Visuele en Beelde Kultuurstudies; Digitale Kultuur en Media, Universiteit van Pretoria
Prof Jan du Rand, Navorsingseenheid Reformatoriese Teologie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Prof ER (Erna) du Toit, Opvoedkunde, Sol Plaatje Universiteit, Kimberley
Prof Petrusa du Toit, Fakulteit Opvoedkunde, Cape Peninsula University of Technology (CPUT)
Dr Anton Ehlers, Geskiedenis, Universiteit Stellenbosch
Prof Gideon Els, Rekeningkunde- en Ekonomie-onderrig, Finansiële Bestuur, Finansiële Geskiedenis, Etiek, Universiteit van Johannesburg
Prof AE (Ilse) Feinauer, Afrikaanse sintaksis, Vertaling, Leksikografie, Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch
Mnr Reinhard Fourie, Engels, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
Prof D (Deon) Geldenhuys, Politieke Wetenskap, Universiteit van Johannesburg
Prof S (Sulina) Green, Maatskaplike werk, Universiteit Stellenbosch
Prof Gerald Groenewald, Geskiedenis, Universiteit van Johannesburg
Prof J L (Leon) Hattingh, Suid-Afrikaanse Geskiedenis, emeritus
Prof Temple Hauptfleisch, Drama, Universiteit Stellenbosch
Prof Johan Heyns, Regte, Universiteit van Pretoria
Prof Michael (MF) Heyns, Filosofie, AROS en Skool vir Filosofie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

Prof Dirk Human, Ou Testament, Universiteit van Pretoria
Prof Ronél Johl, Linguistiek, Universiteit van Johannesburg
Dr Chris Jones, Eenheid vir Morele Leierskap, Universiteit Stellenbosch
Prof PJ Jordaan, Grieks, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Dr Fanie Joubert, Ekonomie, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
Prof Marisa Keuris, Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
Dr Johanita Kirsten, Afrikaanse Taalkunde, Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Prof Dirk Kotze, Politieke Wetenskap, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
Prof EF (Ernst) Kotzé, Afrikaanse Taalkunde en Toegepaste Linguistiek, Nelson Mandela Universiteit, Port Elizabeth
Prof GR (Gideon) Kotzé, Fokusarea, Antieke Tale, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Dr JA (Lida) Krüger, Engels, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
Dr DP (Pearl) Larey, Opvoedkundige Leierskap en Organisasie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
Dr Jenni Lauwrens, Visuele Studies, Skool vir die Kunste, Universiteit van Pretoria
Dr MP (Liana) le Roux, Maatskaplike werk en Kriminologie, Universiteit van Pretoria
Prof Bénédicte Lemmelijn, Ou Testament, KU Leuven, België
Dr Erika Lemmer, Afrikaans, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
Me. Andrea Lombard, Geografie, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
Prof Antoinette Lombard, Departement Maatskaplike Werk en Kriminolgie, Universiteit van Pretoria
Dr Amanda Lourens, Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch
Prof WL (Winfried) Lüdemann, Musiek, Universiteit Stellenbosch
Prof NJ (Nico) Luwes, Drama en Teaterkuns, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
Prof J J (Koos) Malan, Publiekreg, Universiteit van Pretoria
Dr H (Heinrich) Matthee, Konflikstudies, Haagse Universiteit vir Toegepaste Wetenskappe, Nederland
Dr Marthie Momberg, Sistematiese Teologie en Etiek, Universiteit Stellenbosch
Prof Naomi Morgan, Frans, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
Prof JA Naudé, Hebreeuse Taalkunde en Bybelvertaling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
Prof Bernard Odendaal, Skool vir Kreatiewe Skryfkuns, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Dr. Danie O'Kennedy, Navorsingsgenoot, Ou Testament, Universiteit Stellenbosch
Prof Erna Oliver, Kerkgeskiedenis, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
Prof G (Bert) Olivier, Filosofie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
Prof Annél Otto, Afrikaanse Taalkunde, Nelson Mandela Universiteit, Port Elizabeth
Prof Marné Pienaar, Afrikaans, Universiteit van Johannesburg
Prof Nicolette Roman, SARChI Chair in Human Capabilities, Social cohesion and the Family, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville
Prof CS (Rinie) Schenck, Maatskaplike Werk, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville
Prof G J Schutte, Geskiedenis, Vrye Universiteit van Amsterdam, Nederland
Prof Louis Serfontein, Regte, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg
Dr Dan Sleigh, VOC-geskiedenis; Kaap 1602-1795, Onafhanklik
Prof. SD (Fanie) Snyman, Navorsingsgenoot, Ou Testament, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein

Prof Johan Snyman, Filosofie, Universiteit van Johannesburg
Prof IJJ (Sakkie) Spangenberg, Ou Testament, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
Prof Francois Steyn, Kriminologie, Universiteit van Pretoria
Prof JC Steyn, Afrikaanse Taalkunde, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
Prof DFM (Danie) Strauss, Filosofie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein / Navorsingsgenoot, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Prof JW (Johan) Strydom, Sakebestuur, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
Prof DF (Francois) Tolmie, Departement Ou- en Nuwe- Testamentiese Studies, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
Dr Paul Triegaardt, Onderwysbestuur, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
Prof Albert Troskie, Musikoloog, Nelson Mandela Universiteit, Port Elizabeth
Prof Cilliers van den Berg, Duits, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
Prof Jacques van der Elst, Nederlandse letterkunde, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Prof Chris van der Merwe, Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Kaapstad, Kaapstad
Prof Christo van der Merwe, Antieke Studie, Universiteit Stellenbosch
Prof Johan van der Merwe, Sistematiese en Historiese Teologie, Universiteit van Pretoria
Dr G (Gerhard) van der Schyff, Publiekreg en Regeerkunde, Tilburg Universiteit, Nederland
Prof Hannes van der Walt, Opvoedkundestudies, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Prof IJ Kobus van der Walt, Natuurwetenskaplike filosofie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Dr Neil van Heerden, Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
Dr Anthea van Jaarsveld, Afrikaanse letterkunde, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
Prof Angelique van Niekerk, Afrikaanse Taalkunde, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
Prof Herrie van Rooy, Ou Testament, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Dr M (Marlié) van Rooyen, Departement Linguistiek en Taalpraktyk, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
Prof Phil van Schalkwyk, Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Prof Chris van Wyk, Onderwysbestuur, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Prof G (Hardus) van Zyl, Skool van Ekonomie, Universiteit van Johannesburg
Prof HC (Hermie) van Zyl, Departement Ou- en Nuwe- Testamentiese Studies, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
Prof AJ (Albert) Venter, Politiek en Internasionale Politiek, Universiteit van Johannesburg
Prof Anné Verhoef, Filosofie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Dr JC (Cobus) Vermeulen, Ekonomie, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
Prof Wilhelm Verwoerd, Studies in Historiese Trauma, Universiteit Stellenbosch
Prof Hein Viljoen, Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Prof Louise Viljoen, Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap, Universiteit Stellenbosch
Prof Santisa Viljoen, Skool vir Musiek, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Prof Hein Willemse, Afrikaans, Universiteit van Pretoria
Prof Ina Wolfaardt-Gräbe, Algemene Literatuurwetenskap, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
Prof CC (Charl) Wolhuter, Vergelykende en Internasionale Opvoedkunde, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

# Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, kuns en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, sal nie vir publikasie oorweeg word nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, sal gratis aan die outeur verskaf word. Indien meer eksemplare verlang word, kan dit van die Akademiekantoor bestel word teen die heersende prys.

Die volgende voorskrifte geld vir voorgelegde manuskripte:

- Indien **slegs per pos**, moet manuskripte in triplikaat aan die redaksie voorgelê word. Stuur **verkieslik 'n elektroniese kopie** aan publikasies@akademie.co.za – in welke geval dit nie nodig is om drie afskrifte per pos te stuur nie. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word met Arial 12-punt skrifgrootte en 'n 25 mm linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n erkende taalversorger geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans geskryf wees en beperk wees tot **6 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort curriculum vitae in Afrikaans en Engels (100-200 woorde) en foto van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Dit moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600-1000** woorde in Engels. Die opsomming word begin met die **vertaling van die titel**.
- Outeurs moet 'n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels aanbied net na die opsomming.
- **Illustrasies** of **tekeninge** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.
- Opskrifte in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* lyk soos volg:

**1. HOOFOPSKRIFTE** verskyn in hoofletters en is vetgedruk. Daar is 'n spasie tussen die hoofopskrif en die teks.
**1.1 Opskrifte** is in kleinletters en vetgedruk; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.
*1.1.1 Subopskrifte* is kursief; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.
Opskrifte mag genommer word indien verkies. Daar is geen punte na opskrifte nie.

**Opskrifte** by tabelle lyk soos volg:
**TABEL 2:** Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep
**Onderskrifte** by figure lyk soos volg:
***Figuur 3:*** *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: die waardestruktuur.*
**Plaas asseblief tabelle en figure in die korrekte posisie binne die teks.**

- **Aanhalings** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale is nie. Aanhalings wat langer as **drie** reëls is, word geïndenteer en het nie aanhalingstekens nie. Enige invoegsel binne 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die Tydskrif vir voorbeelde.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Korreksies:** Ekstra korreksies moet deur die skrywer betaal word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

**Voorbeelde:**
**Boek:** Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.
**Tydskrifartikel:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.
**Hoofstuk in 'n boek:** Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652–1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.
**Internetbron:**
Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). http://www.edu.learning.html [14 Oktober 2004].
**OF IN AFRIKAANS:**
Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, http://www.akademie.co.za [14 Oktober 2004].
Indien die bron Afrikaans is, is al die bibliografiese inligting in Afrikaans, of andersom in Engels.
**Bronverwysings in die teks:**
Volgens Swan (1996:45) …
OF: …(Swan 1996:45) …
OF: …(Swan 1996:45). (aan die einde van 'n sin)

**Bladgeld:** Die Tydskrif hef R300 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen vir bladgeld. Die Tydskrif is 'n goedgekeurde publikasie wat betref subsidie aan universiteite en navorsingsuitsette.
**Kopiereg:** Outeur(s) behou kopiereg van 'n artikel wat in die Tydskrif gepubliseer word.
**Verantwoordelikheid vir handskrifte, illustrasies en diskette:**
Hoewel die Redaksie uiteraard alle sorg betrag by die hantering van manuskripte, foto's en tekeninge vir illustrasies, ensovoorts, kan onder geen omstandighede verantwoordelikheid aanvaar word vir enige verlies of skade wat in dié verband mag plaasvind nie. Indien outeurs materiaal wil terughê, moet hulle tesame met die toesending van materiaal die Redaksie hiervan verwittig.

# Guidelines to authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the following subject fields: theology, languages, art and culture, social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions that have been published elsewhere will not be considered. Two complimentary copies of the edition that contains an author's contribution, will be mailed to each author free of charge. More copies may be ordered from the publications office at the set price.

The following regulations apply for submitted manuscripts:

- If contributions are sent only by **post**, please submit three copies. We prefer that contributions are submitted via e-mail to publikasies@akademie.co.za in which instance it is not necessary to send three copies by postage. Manuscripts must be typed in double spacing Arial 12 with a 25 mm left margin. Manuscripts must be **edited and submitted in accordance with the technical specifications of the journal**.
- Authors must submit written proof that the manuscript has been edited by a knowledgeable language practitioner.
- Contributions must be submitted in Afrikaans (or Dutch) and are limited to **6 000** words.
- Please submit an abridged curriculum vitae in Afrikaans and English (100-200 words) and a photograph (JPEG) of each author.
- Manuscripts must contain a summary of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1000** words. The English abstract should start with a **translation of the title**.
- A list of approximately **10-20 key terms** in Afrikaans and English must be given after the summary.
- **Illustrations** or **drawings** must have suitable captions placed below the graphic, and should be in a size appropriate to the format of the journal.
- Guidelines for headings:

**1. MAIN HEADINGS** are in capital letters and bold. Leave a space between the heading and the text.
**1.1 Headings** are in lower case and bold. Leave a space between the heading and the text.
*1.1.1 Sub-headings* are in italics. Leave a space between the heading and the text.
Headings may be numbered if preferred. Do not put full stops after headings.

**Table headings:**
**TABLE 2:** Economic development according to demographic groups
**Captions** of figures:
***Figure 3:*** *Systemic interdependence.*
**Please insert the illustration in the correct position within the text.**

- **Quotations** are not in italics – even when in another language. Quotations that exceed **three** lines should be indented and do not get quotation marks. Any insert to a quotation is between square brackets. See examples in the printed journal.
- **Abbreviations** must be avoided if at all possible.
- **Corrections** after final copy has been approved will be charged as author's corrections.
- **Bibliographic references** are based on the abbreviated Harvard method, with some variation for certain subjects.

**Examples:**
**Book:** Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.
**Article from journal or magazine:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.
**Chapter in a book:** Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652–1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.
**Internet source:**
Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). http://www.edu.learning.html [14 October 2004].
**OR IN AFRIKAANS:**
Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, http://www.akademie.co.za [14 October 2004].
If the source is Afrikaans, all bibliographic detail is in Afrikaans, or vice versa in English.

**References in the text:**
According to Swan (1996:45) …
OR: ... (Swan 1996:45) ...
OR: …(Swan 1996:45). (at the end of a sentence)

**Page fees:** There is a charge of R300 per printed page (+VAT) towards the printing costs. It is the responsibility of the author to arrange for payment of these fees by his/her university/institution. The journal is an approved publication with regard to government subsidy for universities and research institutes.
**Copyright:** Copyright for articles published in the Journal rests with the author(s).
**Responsibility for manuscripts, illustrations and disks:**
Although the editor and publications office will always take care in the handling of manuscripts, pictures and graphic material, we cannot take responsibility for any lost material – please keep back-ups. If an author would like to have material returned, please inform the editorial office on submission of the article.

Tydskrif vir

# Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

## Doel van die SA Akademie

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sfere te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidissiplinêre organisasie.

## Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook die lewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidissiplinêre organisasie wat die belange van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

## Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daaroor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.

This title is now indexed in Scopus
refine your research
SCOPUS

*Sedert Maart 2009 geïndekseer in die Social Sciences Citation Index*

VOORBLADFOTO:
Engelenburghuis: Gister en vandag